

LitNet Akademies

'n Joernaal vir die Geesteswetenskappe

Jaargang 7, nommer 2 – Augustus 2010



Hoofredakteur:

Etienne van Heerden (PhD LLB), Hofmeyr Professor, Skool vir Tale en Letterkundes, Universiteit van Kaapstad

Redakteur:

Francis Galloway (DLitt)

Redaksionele bestuurder:

Naomi Bruwer (MA), Senior Inhoudsbestuurder by www.litnet.co.za

Produksiebestuurder:

Margaret Rossouw (MPhil)

Taaladviseur:

Nicky Grieshaber (MA)

Tegniese span:

Naomi Bruwer (MA), Senior Inhoudsbestuurder by www.litnet.co.za
Margaret Rossouw (MPhil)

Uitgewer: LitNet

LitNet Akademies is 'n geakkrediteerde akademiese aanlynjoernaal.

Besoek: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cat=201&limit=10&page=0&sort=D&cause_id=1270&cmd=cause_dir_news

E-pos: akademies@litnet.co.za

Telefoonnommer: 021 886 5169

ISSN 1995-5928

Ondersteun deur:



PSG GROUP LIMITED

Inhoudsopgawe

Tussen mans: 'n Perspektief op homososiale begeerte in Karel Schoeman se 'n Ander land

Marius Crous - Skool vir Tale en Letterkunde, Nelson Mandela
Metropolitaanse Universiteit 1

'n Lang blik op Westerse moderniteit

Johann Rossouw - Departement Politiek, Monash-universiteit, Melbourne,
Australië 14

Die politiek van broederskap: Jacques Derrida, Jean-Luc Nancy en Jane Alexander se *The Butcher Boys*

Jaco Barnard-Naudé - Departement Privaatreg, Universiteit van Kaapstad 23

Identifisering met die held en die emosionele betrokkenheid van kykers by rolprentdramas

Francois Human - Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria 48

'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing

Theodorus du Plessis - Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die
Vrystaat 65

'n Voorlopige verkenning van postapartheid Afrikaanse protesmusiek

Burgert A. Senekal en Cilliers van den Berg - Departement Afrikaans en
Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat 98

Onderweg na goeie wetenskap. Ewekniebeoordeling: betroubare weegskaal of vyfde wiel aan die wa?

Fanie de Beer - Departement Filosofie, Unisa
Braam Roux - Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria 129

Afrikanerskap en taal by 'n paar Afrikaanse skrywers en ander intellektuele in die 1890's

Jaap Steyn - Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
Universiteit van die Vrystaat 165

Die uniekheid van die menslike denke

Danie Strauss - Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die
Vrystaat 193

'n Behoeftes-analise as eerste fase in die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus vir Afrikaans-tweedetaalonderrig op universiteitsvlak

Elbie Adendorff - Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van
Stellenbosch 220

Eros en lewe in die 21ste eeu

Bert Olivier - Departement Joernalistiek, Media en Filosofie, Nelson Mandela
Metropolitaanse Universiteit 241

**Selfkennis, verstandigheid en inkarnasie: 'n interpretasie van Martin
Versfeld se *Oor gode en afgode***

Ernst Wolff - Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria 257

Tussen mans: 'n Perspektief op homososiale begeerte in Karel Schoeman se *'n Ander land*

Marius Crous
Skool vir Tale en Letterkunde,
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

Opsomming

Hierdie artikel is 'n poging om 'n ander perspektief te gee op Karel Schoeman se bekroonde roman *'n Ander land* (1984). Die roman word gelees aan die hand van die teoretiese raamwerk wat gebaseer is op Eve Sedgwick se werk. In hierdie artikel word ook gepoog om aan te dui in watter mate Schoeman (wie se tekste nie openlik gepreokkupeerd is met seksualiteit nie) man-man homososiale interaksies uitbeeld tussen die subjek van die roman, Versluis, en die ander manlike karakters in die roman. In navolging van Sedgwick en Judith Butler word ook aangedui in watter mate die subjek sekere geslagsrolle vertolk, asook identiteite aanneem tydens sy interaksie met andere.

Abstract

In this article the author attempts to provide an alternative perspective on Schoeman's prize-winning novel 'n Ander land (1984) and to read it within a theoretical framework based on the work of Sedgwick. The article examines to what extent Schoeman (whose texts are not overtly preoccupied with sexuality) depicts male-male homosocial interactions between the subject of the novel, Versluis, and the other male characters in the novel. Following Sedgwick and Judith Butler the aim is also to examine to what extent the subject interprets certain gender roles and assumes identities while interacting with others.

1. Inleiding

In haar bespreking van Schoeman se roman *Hierdie lewe* skryf Viljoen (2002:200) dat “dit 'n algemene opvatting is dat seksualiteit onderspeel word in die Schoeman-oeuvre”, maar noem terselfdertyd dat dit “een van die belangrikste identiteitsmerkers in sy romans [is]”. Duvenage (2002:321) praat van Schoeman se “introspektiewe, aseksuele, afsydige en daadlose hoofkarakters” (my kursivering), terwyl Jooste (1999:545) verwys na die onbegrip wat daar by Schoeman bestaan vir “[d]ie romantiese liefde tussen man en vrou”. Op haar beurt wys Roos (1998:67) op die “vervlietende verhoudings” wat in Schoeman se

werk aangetref word en wat “selde fisiek van aard is”, maar noem ook dat hy in sy roman *Afskeid en vertrek* “met ’n nuwe direktheid die tema van homoseksualisme (sic) voorstel” (1998:100).

Dit is in die konteks van hierdie onderbeklemtoonde seksualiteit dat ek voorbeelde van homososiale begeerte tussen manlike karakters in Schoeman se roman *’n Ander land* bespreek. Aspekte wat belig word, sluit in die verhouding tussen Versluis en die Schefflers, Versluis se verskuilde begeertes vir Gustav en die interaksie tussen Versluis en Gelmers.

2. Wat is homososiale begeerte?

In *Between men* dui Sedgwick (1985) aan wat sy onder *homosocial desire* in die onderskeie tekste wat sy bespreek, verstaan. Volgens haar kan hierdie konsep soos volg verklaar word: binne veral die sosiale wetenskappe word *homosocial* dikwels gebruik om te verwys na sosiale verhoudings tussen persone van dieselfde geslag, en as neologisme is dit gevorm na aanleiding van *homoseksueel* om die twee van mekaar te onderskei. Homososiale gedrag word dikwels gebruik om na “male bonding” te verwys, wat volgens haar gewoonlik geassosieer word met homofobie en ’n vrees vir homoseksualiteit (1985:1). Sy verkies ook eerder om van “desire” as “love” te praat (1985:2), want sodoende wil sy ’n erotiese dimensie verleen aan die literêre diskoers wat sy ontleed. Sy gebruik begeerte as synde “analogous to the psychoanalytic use of libido” (1985:2) en nie soseer om na ’n bepaalde affektiewe staat of emosie te verwys nie, maar eerder vir die “affective or social force” wat voortspruit uit hierdie homososiale interaksie tussen mans in ’n literêre teks.

Een van die terreine waarop die homososiale hom tipies sal manifesteer is wat Sedgwick (1985:21), na aanleiding van Girard, in haar ondersoek betrek, die kwessie van geslagsassimetrie en erotiese driehoeksrelasies. Oor laasgenoemde skryf sy:

Girard finds many examples in which the choice of the beloved is determined in the first place, not by the qualities of the beloved but by the beloved’s already being the choice of the person who has been chosen as a rival. In fact, Girard seems to see the bond between rivals in an erotic triangle as being even stronger, more heavily determinant of actions and choices, than anything in the bond between either of the lovers and the beloved.

Beide Sedgwick en Girard kies dus die driehoek as ’n grafiese voorstelling van die erotiese kompetisie wat mag ontstaan wanneer twee mans in dieselfde vrou belangstel, en soos Greven (2009) aandui, is die aanwesigheid van ’n vrou juis die aandrywingskrag wat aan mans die geleentheid bied om hulle begeertes uit te speel, hetsy teenoor mekaar of teenoor die vrou. Hierdie begeertes vind neerslag in onderlinge vriendskappe of wedywering om die aandag van die vrou in die driehoeksverhouding. Die homososiale verhouding tussen mans hang ook ten nouste saam met die magsrelasies in die spesifieke samelewing waarin dit manifesteer, en dikwels vorm hierdie man-man-gesentreerdheid die ruggraat van ’n patriargale stelsel, wat volgens Sedgwick (1985:25) berus op “an inherent and potentially active structural congruence”.² In enige mangedomineerde samelewing is daar ’n unieke verwantskap tussen manlike homososiale (insluitend

homoseksuele) begeerte en die strukture wat patriargale mag in stand hou. Mans hou die patriargie in stand, want dit beveilig hulle posisie.

In dié verband skryf Snyder (2007:254) dat die patriargale stelsel gebaseer is op homososiale verbintenisse wat manlike mag en oorheersing in stand hou ten koste van vroue en openlik gay mans. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat 'n homososiale verbintenis tussen twee mans ook homoërotiese ondertone het – vergelyk in dié verband Denisoff (1994:51-71) se radikale (her-) lesing van Ondaatje se gedigte oor Billy the Kid. Ook Hogan (1997:57) is van mening dat vererotiseerde manlike verhoudings, en nie soseer seksuele relasies *per se* tussen mans nie, aan die orde van die dag is wanneer homososiale gedrag ondersoek word. So lees Hebert (2003) byvoorbeeld die klassieke verhaal van Lancelot en toon aan dat die noue band tussen Lancelot en Merlin, asook tussen Lancelot en Percival, moontlik gemaak word deur die aanwesigheid van 'n vrou en die begeerte tussen die mans. Lancelot se vrees dat hy gereduseer gaan word tot “'n niks” dryf hom nader aan die ander mans in sy lewe en laat hom meedoen aan die instandhouding van die patriargale waardes.

Wat 'n ondersoek na homososiale begeerte dus veronderstel, is nie soseer werklike homoseksuele seksuele relasie tussen twee mansfigure nie, maar eerder 'n mangesentreerde regulering van die sosiokulturele orde (Sedgwick 1985:26):

The virility of the homosexual orientation of male desire seemed as self-evident to the ancient Spartans, and perhaps to Whitman, as its effeminacy seems in contemporary popular culture. The importance of women (not merely of “the feminine”, but of actual women as well) in the etiology and the continuing experience of male homosexuality seems to be historically volatile (across time, across class) to a similar degree. Its changes are inextricable from the changing shapes of the institutions by which gender and class inequality are structured.

3. Homososiale gedrag en performatiwiteit

In aansluiting by Butler (1990:33) word van die veronderstelling uitgegaan dat gender 'n performatiwiteit is. In plaas daarvan om te dink aan die liggaam as 'n passiewe medium wat geklassifiseer kan word as “manlik”, “vroulik”, “heteroseksueel” of “homoseksueel”, moet daar eerder in terme van “a process of doing” gedink word. Butler (1990:140) impliseer hiermee dat daar geen vaste identiteit is nie en dat selfs 'n gender-identiteit geopenbaar word as “regulatory fiction(s)”. Of soos Magni en Reddy (2007:230) aandui:

Genders are produced and bodies become sexed within a heterosexist discourse invested with the idea of natural or essential sex. Gender unity, according to Butler, arises from the effect of a regulatory practice that seeks to render gender identity uniform through compulsory heterosexuality.

Een manier om hierdie regulerende funksie van heteroseksualiteit te ondermyn, is om te fokus op die ondermyning van heteronormatiewe opvattinge in die teks. Wanneer die homososiale diskoers in die teks belig word, dien dit ook as 'n ondermyning van 'n oënskynlik heteroseksuele raamwerk en kan dit selfs dien as 'n voorbeeld van teen die grein van die teks te lees.

Heteroseksualiteit word ook nie meer deur Butler en die meeste gender kritici as die norm beskou nie. Een van die strategieë wat Butler (1990:138) voorstel, is 'n parodiërende herhaling van gendernorme. Met parodie in gedagte word die binêre opposisie oorsprong/nabootsing bevraagteken en word mens gelaat met 'n eindelose reeks moontlikhede vir performatiwiteit. So word *drag* byvoorbeeld beskou as 'n parodie van heteroseksuele norme, terwyl 'n ooglopende mangesentreerde tipe diskoers reeds spore van sy eie parodiëring bevat. Die subjek verkry ook sy mag om die bepaalde genderstereotipes na te boots en te ondermyn van "precisely the power it opposes" (Butler 1997:17).

4. 'n Ander land – inleiding

Die hoofkarakter in *'n Ander land* is Versluis, 'n Nederlander wat aan toring ly en na die Vrystaat reis om daar te herstel. In die negentiende-eeuse Bloemfontein ontmoet hy lede uit feitlik elke taalgroep in die stad en kry hy selfs te doen met Gelmers, 'n Nederlander uit die boerestand wat ook na Bloemfontein gekom het om aan te sterk. Die karakter van Versluis word deur Coetzee (2002:140) beskryf as "a very limited observer, locked into the world-view of a man of his time and place and intellectual background, stiff, reserved, incurious, and moreover preoccupied with not admitting to himself that his own death is approaching". Alhoewel Versluis as 'n buitelandersfiguur uitgebeeld word, vind daar tog interaksie tussen hom en die ander karakters plaas, en vir die doel van hierdie bespreking fokus ek op figure soos Gustav, August en Gelmers.

Die subjek wat in die teks geproduseer word, is 'n oënskynlik onbetrokke man wat, soos Grobbelaar en Roos (1993) tereg aandui, ooreenkomste toon met die negentiende-eeuse *dandy*. In 'n bespreking van die dekadentisme wys Grobbelaar (1994:3) daarop dat daar "n perversering van tradisionele waardes" by die dekadentiste aanwesig is en dat een van die subjekposisies wat in hierdie spektrum van perversies ingeneem word, dié van voyeur is. Veral wanneer Versluis vir Gustav by die dam waarneem, neem hy die posisie van voyeur aan, en selfs al wil hy met "afgewende blik" (96) verby die toneel stap, is dit sy onderdrukte homoërotiese begeertes wat hom dwing om waar te neem.

4.1 Gustav, die begeerde erotiese objek

Die eerste interaksie tussen Versluis en die jong Gustav vind plaas kort na Versluis se aankoms in Bloemfontein, wanneer mevrou Schröder vir Gustav "met skeerwater en handdoek" (15) stuur om vir Versluis te gaan skeer. Die "swygende jong vreemdeling" verrig die taak en uit die beskrywing blyk dit dat Versluis amper soos 'n lam ter slagting uitgelewer is aan hom:

[S]tadig, versigtig en 'n bietjie onhandig, met sy tong tussen sy tande vasgebyt in konsentrasie, die punt net sigbaar tussen sy lippe; en weer eens is hy bewus van die man se gebrek aan belangstelling in wat hy doen [...] sy fisieke aanwesigheid met sy jeug en sy krag, die gespierde wit arms onder die opgestroopte moue, die dik nek en die lae voorhoof waaroor die hare so versigtig in 'n golwende kuif afgekam is. (15-6)

Hierdie beskrywing is eroties gelade en beklemtoon die viriliteit en die gespierdheid van die kneg se liggaam. Die ontblote arms, die tongpunt tussen die lippe en die golwende kuif produseer 'n erotiese tekensisteem en kenteken vir Gustav as die objek van erotiese begeerte vir Versluis. Hiermee saam is daar ook

nog die skerp gemaakte lem wat teen sy nek afbeweeg wat die falliese geladenheid van die passasie net verder rugsteun. Die skeeraksie kan selfs as 'n vorm van erotiese voorspel bestempel word, want die inspanning van die oomblik laat Versluis soveel sweet dat hy gedwing word om sy "ou naghemp" (16) voor Gustav uit te trek. Versluis is egter bewus van sy eie naaktheid en laat die hemp op sy skoot val.

Versluis is tevrede dat die kneg hom met die aantrek van sy skoon klere help, maar hy sou graag sy vuil liggaam wou reinig. Hy bestempel dit egter as 'n té "intieme handeling [wat] hy nie van die ander man [kan] vra nie" (16). Die homososialiteit van dié insident is ooglopend vanuit Versluis se perspektief, maar dit illustreer ook hoe heteroseksuele norme die oorhand kry en vir hom stipuleer deur watter norme man-man-interaksie gekenmerk word. Vir Gustav is dit slegs 'n plig wat hy uitvoer, maar dit word deur die sieklike, vereensaamde Europeër ervaar as synde 'n vorm van homososiale aandaggewing met moontlike erotiese ondertone. Dit is egter mevrou Schröder wat die hele toneel ondermyn deur Versluis se aandag daarop te vestig dat Gustav haastig is om na die dans te gaan (16), waar hy met die meisies van die dorp gaan dans en sodoende nie langer deel sal uitmaak van hierdie intieme sfeer in Versluis se hotelkamer nie.

Die aantrekkingskrag van Gustav se vererotiseerde liggaam is daarin geleë dat hy net sy dagtaak uitvoer, maar dat die skrywende subjek hom as erotiese objek posisioneer. Die standverskil tussen Versluis en Gustav maak die intieme nabyheid tussen hulle moontlik; iets wat onwaarskynlik sou wees tussen Versluis en sy eweknie. Dit is makliker om 'n "kneg" as objek van begeerte te objektiveer en is 'n kneg se liggaamlikheid juis vanweë sy posisie as iemand wat nie ook as gespreksgenoot beskou kan word nie, des te meer op die voorgrond (McClintock 1995:75-131). Sedgwick (1985:67-83) ontleed die patroniserende verhouding tussen die karakter Yorick in Sterne se *A sentimental journey* en sy Franse kneg, LaFleur, en wys daarop dat die meester (as subjek) 'n groter aantal keuses tussen rolle het in teenstelling met die dienende kneg. Die kneg (nes in die geval van Gustav) verteenwoordig die karakter "[who] has the assignment of sexual knowing and acting-out in relation to a more refined, inhibited, or inexperienced master" (1985:71).

'n Verdere beduidende toneel in Schoeman se roman is die een waar Versluis op sy wandeltog gaan en mettertyd aanland in die "woonbuurt van die Swartmense" (97). Tydens die wandeltog kom hy op 'n klomp swemmende seuns in die dorpsdam af (96). Alhoewel Versluis aanvanklik onbetrokke by die gebeure wil bly en hy "steunend op sy wandelstok" (96) teen die steilte uitbeur, fokus hy wel op Gustav: "(hy) herken [...] vir Gustav van die hotel met die breë wit liggaam, sy swaar, soliede heupe en dye, waar hy wydsbeen aan die rand van die water staan, hande in die sye, en glimlaggend op die ander neerkyk [...] voldaan in die krag van die gespierde liggaam wat hy onbesorg ten toon stel" (96-7). Deur hierdie beskrywing word die "homoerotic potential" (Denisoff 1994: 52) van die teks geaktiveer, veral omdat Gustav se aantreklikheid beklemtoon word.

Die kontras tussen die sieklike liggaam van die ouer subjek en die viriliteit van die jong gespierde kneg word hier pertinent beklemtoon. Die voyeuristiese subjek is verteenwoordiger van die sogenaamde manlike blik ("the male gaze"), en soos Edelman (1994:51) dit omskryf, impliseer dit dat die liggaam van die kneg en ondergeskikte as ander wat beskou word, feitlik uitgestal word, sonder dat die subjek self waargeneem of ontbloot word. Wat die fokalisering van Versluis besonder eroties gelade maak, is die feit dat daar op die liggaam en die dye gefokus word. Ook die beskrywing van die wydsbeenhouding laat die blik van die fokalisator afbeweeg in die rigting van die geslag en die sterk heupe. Hier

openbaar Versluis sy erotiese verdringing van sy begeerte na die sterk liggaam van die man uit die werkersklas.

Volgens Pronger (1990:128-35) is die gefassineerdheid met die gespierde liggaam 'n vererotisering van manlikheid en word dit geassosieer met die allure wat die atletiese liggaam binne die homoërotiek inhou. Die begeerte na manlike liggame, en spesifiek gespierde manlike liggame, illustreer 'n sterk aangetrokkenheid tot die fisieke sy van manlikheid. Hy wys ook op die assosiasie wat gemaak word tussen die bultende spier en die ereksie, maar ook op die feit dat spierkrag dikwels aan 'n soort estetisme gekoppel word: "The beauty of muscles lie in their adherence to high aesthetic, perhaps universal, principles of symmetry, balance, proportion, the play of tension, and so on" (Pronger 1990:156).

Wanneer Gustav later in die teks in die huwelik tree, word hy soos volg deur Versluis waargeneem (263): "golwende hare met pommade oor die lae voorhoof neergeplak en snorretjie opgedraai, die lakense baadjie wat hy aanhet te klein vir hom, sodat dit styf oor sy skouers trek en te veel van sy mansjette vertoon". Die erotiese objek van Versluis se begeerte word nou byna karikatuuragtig voorgestel, maar steeds is daar die bewustheid van die gespierdheid van die liggaam van die begeerde kneg. Vanuit Versluis se perspektief word die huwelik beskryf as "'n vreugdelose geleentheid", waarskynlik omdat Gustav nou sy toetrede maak tot die wêreld van heteroseksualiteit en buite sy bereik is. Versluis is ewe krities teenoor die Helmonds se huwelik, veral omdat hy juf. Pronk se teenwoordigheid in die huis en haar uitbundigheid irriterend vind.

Na die sterwenswaak by Gelmers is Versluis self ook ongesteld en dis opmerklik dat hy tydens sy hallusinasies weer dink aan die huwelik tussen Gustav en sy bruid (300) wat 'n begrafnis (sy eie dalk?) voorafgaan. Die leser kry die indruk dat Gustav 'n belangrike rol as erotiese objek in die lewe van Versluis gespeel het en dat die huwelik hom hiervan beroof het, want selfs in sy sterwensure dink hy nog aan Gustav. Die subjek Versluis volg die normatiewe genderrol wat van hom as alleenlopende man verwag word na, maar wanneer hy in aanraking kom met die objek van sy erotiese begeerte, parodieer hy die rol en neem die normatiewe posisie wat van vroue verwag word in, en is hy onderdanig en onderwerp hy hom aan die sterker manlike objek. Mevrouw Van der Vliet is ingeskryf in die subjekposisie van die onderdanige vrou wat in haar huis bly en haar bediendes beveel en juf. Pronk gaan dit ook ná haar huwelik met Helmond inneem. Dit blyk reeds uit die aand van die biljartspel toe sy moes tuis bly (157) terwyl haar man alleen uitgaan.

4.2 Versluis en August

Die driehoeksrelasie tussen Versluis, August Scheffler en Adèle Scheffler is grotendeels 'n intellektuele uitruil van idees oor onder meer die Duitse literatuur, en Versluis daag dikwels by die pastorie op vir gesprekvoering, iets wat onkenmerkend van hom is. Reeds tydens die ontmoeting met August is dit sy "helderheid van blik" (21) en sy "skielike belangstelling" in Versluis se gesondheid, en veral sy navraag oor Versluis se eensaamheid en afgesonderheid, wat 'n indruk op laasgenoemde maak. Dit is ook die wedersydse belangstelling in die klassieke (22) wat lei tot gesprekvoering en latere debattering tussen die twee karakters. Dit is trouens ook die intellektuele bedrywighede van die Duitse leeskring wat daartoe lei dat die verhouding tussen Versluis en August groei (71) en mettertyd ook uitbrei na die ontmoeting met Adèle Scheffler, wat aanvanklik vir Versluis met afgryse vervul, want sy is "gebreklik" (85) en hy vind dit onbetaamlik dat sy "haar op hierdie wyse voor 'n vreemdeling ten toon stel".

Deurgaans in die roman word Versluis geassosieer met 'n afkeer aan die abjekte³ en gevolglik is sy vir hom ook iets weersinwekkend en afstootlik. Selfs mevrou. Van der Vliet praat van haar as die “kruppel suster”. Versluis se belangstelling in die onvolmaakte, die afwykende en die abjekte is kenmerkend van die dekadent se perspektief op sake.

Binne die driehoekrelasie vorm Adèle deel van die homososiale vriendskap tussen Versluis en August, want anders as haar skoonsuster kan sy op hulle intellektuele vlak kommunikeer. Haar skoonsuster word uitgesluit uit die man-man homososiale interaksie tussen Versluis en August, maar sy is hul intellektuele eweknie. Greven se verwysing na die vrou as aandrywingskrag vir die homososiale interaksie tussen twee mans is hier ter sake, want Adèle verteenwoordig daardie aandrywingskrag, veral omdat sy die twee mans intellektueel stimuleer en haar nie steur aan die norme van die eng Bloemfonteinse milieu nie. Anders as die twee mans is sy egter gestrem en vasgekeer binne die ruimte van die Lutherse pastorie en aangewese op geselskap met haar skoonsuster, maar anders as Mathilde is Adèle nie verteenwoordigend van 'n ideologie wat haar reduceer tot huisvrou en moeder en as iemand wat wag vir die man se tuiskoms nie. Vergelyk – ter wille van die kontras tussen die twee vroue - die uitbeelding van mevrou Scheffler in dié verband:

Mevrou Scheffler bly daar staan asof sy nie verwag het dat hy die uitnodiging sal aanneem nie en onklaar gevang is deur die aanvaarding: hy lees op haar gesig die snelle oorweging van die kosvoorraad, die vinnige berekenings in verband met brood en koffie ... (273)

Die vriendskap tussen die twee mansfigure kom tot uitdrukking in die natuur en 'n sentrale toneel in dié verband is die uitnodiging aan Versluis om saam uit te ry na Brandkop (208). In teenstelling met die vererotiseerde beskrywing van Gustav se liggaam gee Versluis sy eerste indrukke van August soos volg weer:

Hy is 'n predikant, dink Versluis weer, bewus van sy opvallende diensbaarheid, sy byna te gretige vriendelikheid, dog hy is nog onervare. 'n Jong man met 'n smal, wakker gesig en hare wat sleg gesny is en slordig met punte om sy kop uitstaan; sy pak is nie net stowwerig nie, maar ook effens verslete, sy skoene lomp en die indruk wat hy maak waar hy in die middel van die kamer bly staan, is een van onsekerheid. (20)

August word deurentyd gekarakteriseer as synde lomp en onbeholpe, soos blyk uit sy gesprek met mevrou Van der Vliet voor hulle vertrek na Brandkop (208). Hy laat val ook beide sy hoed en sweep, albei tekens van sy outoriteit, wanneer hy vir Versluis help om in te klim. Uit die gesprek tussen die twee blyk dit dat August Bloemfontein “beklemmend” vind, en dit verklaar hoekom hy die besoek aan die swart gemeentelede verwelkom. Dit blyk ook spoedig dat August behoefte het aan geselskap, spesifiek manlike intellektuele geselskap, en dit verklaar hoekom hy vir Versluis saamgenooi het. Soos te verwagte maak die intimiteit en die blootlegging van sy gevoelens Versluis ongemaklik en is sy reaksie veelseggend binne die konteks van hierdie ondersoek:

Nooit in sy lewe was hy so alleen met 'n ander mens soos hierdie op dié eensame pad nie, dink hy verwonderd. Sy lewe was beskut, sy alleenheid ten alle tye beveilig en versigtig beskerm deur die dienste van andere, en by die besef van wat nou gebeur, voel hy 'n onverwagte duieling, 'n opwindende byna, asof deure een na die ander voor hom oopgaan en eindelose vergesigte in die opeenvolgende vertrekke voor hom oopvou, deur 'n reeks lang gange, en uit oor die wye land waardeur hulle ry. (212)

Nie net is hierdie oomblik van samesyn vir pastoor Scheffler bevrydend nie, maar selfs Versluis beleef 'n ekstatische oomblik van oopstelling aan iemand anders en aan 'n bevryding van die self – hy maak gebruik van die beeld van vele deure wat voor hom oopgaan om dit te sinjaleer. Ook wanneer hy op die veranda op die Fichardts se plaas gaan sit, moet hy teenoor homself erken dat hy vir die eerste keer sedert sy aankoms in Afrika “so 'n vrede gevoel het” (215).

Die intieme kameraderie tussen die twee mans neem mettertyd toe en Versluis sit self sy hand op August se skouer (218) sodat hy op die jonger man se liggaam kan steun. 'n Mens kry die indruk dat August se seunsagtige opgewondenheid oor die omgewing 'n indruk maak op die stroewe Versluis en hy is selfs bereid om buite sy gewone veilige ruimte te beweeg. Versluis kom tot die besef dat daar nog nooit tussen hom en iemand anders “so 'n intimiteit” ontstaan het soos wat hier in die oop ruimte weg van die stad gebeur nie (223). Versluis kyk ook nou met ander oë na die jong man langs hom:

[...] die vasberade profiel en die slordige hare, en op dieselfde oomblik draai Scheffler sy kop en kyk hom aan met daardie intense blik van sy helderblou oë, fronsend van erns en van inspanning, met sy laaste, onbeantwoorde vraag nog tussen hulle. (223)

Oomblikke van durende onvervuldheid is tipies van Schoeman se werk en daar kan ook geargumenteer word dat hierdie onvervuldheid juis gewortel is in 'n onerkende of onderdrukte seksualiteit. Die oomblikke van intimiteit is ook dikwels gelokaliseer buite die normale gang van sake, of in 'n ruimte waarin die norme van beleefde diskoers tydelik opgehef word. Dit is dus geensins vreemd dat hierdie intieme oomblik tussen Versluis en August ook in die oop ruimte weg van die stad gebeur nie. So speel die intieme homoseksuele toneel tussen Adriaan en die Duitser in Schoeman se roman *Afskeid en vertrek* (1990) in 'n “groot en onpersoonlik[e]” hotelkamer af (1990:236) en vind daar baie min kommunikasie tussen hulle plaas. Die homososiale interaksie tussen Johan en Ruud in Schoeman se *Op 'n eiland* (1971) sou ook ondersoek kon word, want op die afgeleë Griekse eiland is daar “momente van vlugtige liggaamlike kontak” (Kannemeyer 2005:421), en soos Kannemeyer tereg aandui, is daar in hierdie vroeë roman van Schoeman “'n uiters sensitiewe aanvoeling vir die onvolkomendheid van menslike verhoudings en die onvermydelike alleenheid waartoe die mens gedoem is”.

Uit die gesprek tussen die twee blyk dit ook dat August sy vryheid ter wille van sy verpligtinge moes inboet (227). As seun van 'n sendeling moes hy die tradisie heel waarskynlik voortsit, alhoewel hy homself nie as 'n goeie predikant beskou nie. Getrou ook aan die heteronormatiewe tradisie van die sendeling het hy getrou en het nou ook 'n verpligting teenoor sy vrou en kind – en teenoor sy kreupel suster wat hy versorg. Die homososialiteit van die twee mans se uitreik na mekaar word egter versteur wanneer August uit pligsbesef 'n beroep doen op Versluis om hom oor Gelmers te ontferm (228).

4.3 Versluis en Gelmers

Deurgaans in 'n *Ander land* word die kontraste tussen die twee Nederlanders, Versluis en Gelmers, beklemtoon en beweeg laasgenoemde byna as 'n marginale figuur op die periferie van Versluis se interaksie met die inwoners van Bloemfontein. Daar is 'n sterk klasverskil tussen die twee en Versluis sien voortdurend neer op Gelmers se kleredrag – soos gebruiklik die geval is by hom. Aan die einde van die roman word Versluis deur 'n sameloop van omstandighede Gelmers se verpleër en uiteindelik ook sy sterwensbegeleier (289 e.v.). In hierdie

sleuteltoneel word Versluis se opvattinge oor die liggaam en die abjekte tot die uiterste beproef en kom 'n verdere voorbeeld van homososialiteit in die roman aan die bod.

Fumeaux (2005:34-48) ondersoek die homoërotiek van manlike verpleging in Dickens se werk en wys onder meer daarop dat 'n praktyk soos verpleging en die aanraking van die liggaam van een man deur 'n ander man se hande beskou kan word as 'n vorm van sosiale transgressie: dit laat man-man-kontak toe, maar slegs binne die streng normatiewe konteks van mediese versorging. Sy meen ook dat latente vorme van begeerte so onder die dekmantel van versorging tot uiting kan kom.

Waar die siekekamer aanvanklik vir Versluis 'n abjekte ruimte van “sweet, urine en siekte” (290) was, word dit mettertyd 'n ruimte waar die grens tussen hom en die verguisde Gelmers deurbreek word. Die simboliese skerm wat tussen sy bed en die bed van die sieke opgerig is, bied egter geen beskerming aan Versluis nie, want Gelmers steek sy hand na hom uit (292) en hy is onseker of hy daaraan moet vat. Binne die ruimte van die siekekamer sou dit dus nie onvanpas wees as hy wel die ander man se hand “beetneem” nie, want dit sou gesanksioneer word deur die konteks waarbinne dit plaasvind. Die intiemste oomblik tussen die twee mans in die siekekamer vind egter plaas wanneer Gelmers hom vasgryp in sy sterwensangs en sy “arm on Versluis se skouers” slaan (297) om homself te probeer oplig. Die nabyheid van die ander man se liggaam maak Versluis opnuut bewus van die “reuk van siekte en sweet en bloed, die geur van dood” (297). Die homoërotisering van versorging en verpleging is hier duidelik ter sake en in die sterwensoomblik van Gelmers word Versluis feitlik 'n Christus-figuur:⁴

Gelmers se kop is op sy skouer, sy hare teen sy wang, sy mond en die droë geroggel klink weer in die jong man se keel; sy liggaam trek saam en hy lig sy kop op asof hy iets soek, sy gelaatstrekke vertrek deur die skielike angs, maar dan verslap hy weer en sy kop val agteroor asof die nek geknak is, sy mond oop, met bloederige skuim op die lippe. (297)

Die passasie suggereer dat Gelmers Versluis in sy sterwensoomblik fisiek wou benader (daar is selfs die suggestie van 'n soen), maar dat die dood vir Versluis die verleentheid van so 'n intieme binnedringing van sy persoonlike ruimte spaar.

Hierdie sterwenstoneel is 'n voorspooksel van Versluis se eie komende einde. Die toneel is in die eerste instansie 'n vermensliking van Versluis en dan 'n seksualisering. In aansluiting by Denisoff (1994:70) kan die liggaam van die sterwende man ook gelees word as 'n falliese objek wat sy finale orgasme belewe voor die dood en die “bloederige skuim op die lippe” kan die semen suggereer. Versluis se enigste intieme uitreik na 'n ander persoon vind dus plaas met die sterwende Gelmers, en wanneer hy in die oomblik van selferkenning in die spieël kyk (297), is daar bloed aan sy hemp en sit die afgestorwe objek steeds “teen sy bors aangedruk”.⁵ Versluis se voyeuristiese begeerte na ander mans word sodoende heeltemal opgehef en die grens wat geheers het tussen voyeuristiese subjek en begeerde objek word sodoende opgehef.

5. Samevatting

Uit hierdie bespreking van die interaksie tussen die subjek Versluis en Gustav, August en Gelmers onderskeidelik blyk dit dat elk van die onderskeie interaksies

'n bepaalde aspek van homososiale begeerte signifieer. In die geval van Gustav is daar die onderdrukte erotiese begeerte na die manlike liggaam en die viriliteit waarmee die liggaam van die wit werkersklasman geassosieer word. In die geval van August word daar veral uitgereik na die intellektuele gespreksgenoot en bereik die intimiteit tussen die twee 'n hoogtepunt in die afgesonderde ruimte van die platteland waar die enigste "toeskouers" die swart lidmate/Ander op die sendingstasie is. Die uitbeelding van homososiale begeerte bereik egter 'n hoogtepunt aan die einde van die teks in die intieme ruimte van die sterwenskamer. Dit is in die aanwesigheid van die naderende dood dat die liminaliteit tussen man en man tydelik opgehef word. Schoeman onderbektoon die homoërotiek in die teks, en dit word aan die leser oorgelaat om die elemente uit te lig.

Norme speel 'n belangrike rol in die teks, want die momente van homososiale intimiteit word gewoonlik daardeur ondermyn: Gustav se begeerte om na 'n dans te gaan, August wat verwys na sy plig as leraar en vader – en 'n beroep doen op Versluis om te help met die versorging van die siek landgenoot. Die afsondering van die sieke agter 'n skerm is die norm en gevolglik sal die uitreik van die sieke na die verpleër en die sterf teen die bors van 'n ander man dienooreenkomstig vertolk word. Die homososiale intimiteit is weer eens afhanklik van 'n bepaalde ruimtelike ervaring en geskied buite die sosiale ordening – in hierdie geval agter 'n skerm. Die afwesigheid van die pastoor en die onvermoë van die vroue in die huis om by Gelmers te waak, skep natuurlik die moontlikheid van "male bonding" tussen Versluis en Gelmers, terwyl hulle steeds die heteronormatiewe stipulasies van die patriargale samelewing eerbiedig. Versluis is 'n buitengewoon normbewuste persoonlikheid wie se hele interaksie met die milieu van Bloemfontein bepaal word deur sy idees oor wat fatsoenlik is.

Die subjek se aangetrokkenheid tot die manlike objekte kan ook in bepaalde binêre opposisies beskryf word: subjek teenoor viriele werkersklasobjek; subjek teenoor intellektuele middelklasobjek; subjek teenoor objek uit boerestand. Elk van hierdie manlike objekte word dus binne die homososiale diskoers van die teks ingeskryf in posisies wat in direkte kontras staan met die subjek self en elkeen verteenwoordig 'n ander faset wat aantreklik is vir die subjek. In die geval van Gelmers was daar nooit die aantrekkingskrag soos teenoor Gustav nie. Die homososiale en homoseksuele word by Versluis gewek in die konteks van sy interaksie met mans wat bepaalde genderrolle vertolk, byvoorbeeld die viriele sterk kneg of die intellektuele gespreksgenoot. Die man wat hy verafsku en wat nienormgebonde optree, word op die ou einde die objek van sy intiemste homososiale belewenis.

Butler se performatiwiteit deur herhaling kom ter sprake wanneer Versluis, die uitgevatte intellektuele snob, 'n parodie van homself word wanneer hy byvoorbeeld vir Gustav afloer waar hy besig is om saam met die ander jong seuns te swem. Ook tydens sy interaksie met die sterwende Gelmers word Versluis opnuut 'n parodie van homself, want hy word nou gekonfronteer met die abjekte waarin hy 'n weersin het. Die subjek oorstyg ook hier die normatiewe beperkinge van klasse-onderskeid en man-man-interaksie. Butler (1993:12) meen dat performatiwiteit nie 'n "singular act" is nie, maar altyd 'n herhaling is van 'n norm of stel norme. In Versluis se geval speel hy die rol van die normgebonde intellektuele snob, maar deur uiting te gee aan sy onderdrukte drange word hy 'n parodie van daardie rol.

Bibliografie

- Barber, Stephen en David Clark (reds.). 2002. *Regarding Sedgwick: Essays on queer culture and critical theory*. New York: Routledge.
- Burger, Willie en Helize van Vuuren (reds.). 2002. *Sluiswagter by die dam van stemme. Beskouings oor die werk van Karel Schoeman*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Butler, Judith. 1990. *Gender trouble, feminism and the subversion of identity*. New York: Routledge.
- . 1993. *Bodies that matter*. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- . 1997. *The psychic life of power*. Stanford: Stanford University Press.
- . 2002. Capacity. In Barber en Clark (reds.) 2002.
- Coetzee, J.M. 2002. 'n *Ander land*. In Burger en Van Vuuren (reds.) 2002.
- Denisoff, Dennis. 1994. Homosocial desire and the artificial man in Michael Ondaatje's *The collected works of Billy the Kid. Essays on Canadian writing*.
- Duvenage, Pieter. 2002. Die skone, kaal skouers en geseling: 'n Voorlopige lesing van *Verkenning*. In Burger en Van Vuuren (reds.) 2002.
- Edelman, Lee. 1994. *Homographesis*. New York: Routledge.
- Fumeaux, Holly. 2005. It is impossible to be gentler: The homoerotics of male nursing in Dickens's fiction. *Critical survey*, 17(2):34-48.
- Graham, Lucy. 2006. Textual transvestism: The female voices of J.M. Coetzee. In Poyner (red.) 2006.
- Greven, David. 2009. Misfortune and men's eyes: Voyeurism, sorrow and the homosocial in three early Brian de Palma films. *Genders* 49 (ongenommerde bladsye).
- Grobbelaar, Mardelene en Henriette Roos. 1993. 'n Interpretasie van Karel Schoeman se roman 'n *Ander land* binne die raamwerk van die laat negentiende-eeuse estetistiese en dekadente literêre tradisie. *Literator* 14(1):1-12.
- Grobbelaar, Mardelene. 1994. *Hennie Aucamp as dekadent*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hebert, Maria. 2002/3. Between men: Homosocial desire in Walker Percy's *Lancelot*. *Mississippi Quarterly*, 56(1):125-45.
- Hogan, Michael. 1997. Man to man: Homosocial desire in Reynold Price's short fiction. *South Atlantic Review*, 62(2):56-73.
- Jooste, G.A. 1999. Karel Schoeman. In Van Coller (red.) 1999.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Band 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Magni, Sonia en Vasu Reddy. 2007. Performative queer identities: Masculinities and public bathroom usage. *Sexualities*, 10(2):229-42.

McClintock, Anne. 1995. *Imperial leather: Race, gender and sexuality in the colonial conquest*. New York, Londen: Routledge.

Poyner, Jane. (red.). 2006. *J.M. Coetzee and the idea of the public intellectual*. Athens: Ohio University Press.

Pronger, Brian. 1990. *The arena of masculinity. Sports, homosexuality and the meaning of sex*. New York: St Martin's Press.

Renders, Luc. 2002. 'n Ander land of: Karel Schoeman in de voetsporen van Dante. In Burger en Van Vuuren (reds.) 2002.

Roos, Henriette. 1998. Perspektiewe op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In Van Coller (red.) 1998.

Schoeman, Karel. 1984. *'n Ander land*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 1990. *Afskeid en vertrek*. Kaapstad: Human en Rousseau.

Sedgwick, Eve Kosofsky. 1985. *Between men: English literature and male homosocial desire*. New York: Columbia University Press.

Snyder, Michael. 2007. Crisis of masculinity: Homosocial desire and homosexual panic in the critical Cold War narratives of Mailer and Coover. *Critique*, 48(3):250-277.

Van Coller, H.P. (red). 1998. *Perspektief en profiel Deel 1*. Pretoria: Van Schaik.

—. 1999. *Perspektief en profiel Deel 2*. Pretoria: Van Schaik.

Van Rensburg, Dewald. 2009. "Ons ly almal aan ons afsondering": Versluis se houding jeens die ander manlike karakters in *'n Ander land*. Ongepubliseerde werkstuk. Port Elizabeth: NMMU.

Viljoen, Louise. 2002. "Die ongeagte meisiekind, die ongetroude dogter, die oujongnootante": Identiteitskonstruksie in *Hierdie lewe*. In Burger en Van Vuuren (reds.) 2002.

Vrettos, Athena. 1995. *Somatic fictions. Imagining illness in Victorian culture*. Stanford: Stanford University Press.

Eindnotas

¹ Ek is dank verskuldig aan Dewald van Rensburg (2009) wat hierdie ondersoek geïnspireer het. Ek is ewe veel dank verskuldig aan die anonieme keurder wat heelwat sinvolle opmerkings ter verbetering van die artikel gemaak het. Bladsynommers verwys na die 1984-uitgawe.

² Vergelyk Judith Butler (2002) se aanpassing van die model om ook die kompleksiteit van genderrelasies in ag te neem.

³ Vergelyk Renders (2002:164) vir 'n bespreking van Versluis se afkeer aan die abjekte.

⁴ Vrettos (1995:100) wys daarop dat in die geval van sterwenstonele (in romans) die versorger van die sterwende uitgebeeld word as 'n Christusfiguur wat dieselfde eienskappe as hy openbaar: "sympathy, passivity, emotion, overidentification". Die versorger, wat dikwels 'n vrou is, word 'n model van selfloosheid.

⁵ In navolging van Graham (2006: 217-35) se ondersoek na tekstuele transvestisme in die werk van J.M. Coetzee sou 'n mens 'n soortgelyke ondersoek kon doen na die werk van Schoeman, aangesien hy dikwels ook van vrouekarakters gebruik maak as vertellers en hoofkarakters, wat soms as verpleërs of versorgers optree, byvoorbeeld Esther in *Veldslag* (1965), Martha in *Om te sterwe* (1976), Gisela in *Afrika: 'n roman* (1977) en natuurlik die hoofkarakter in *Hierdie lewe* (1993).

'n Lang blik op Westerse moderniteit

Johann Rossouw

Departement Politiek, Monash-universiteit, Melbourne, Australië

Opsomming

As deel van 'n omvattende ondersoek oor die werk van Bernard Stiegler en uitgevoerde Europese moderniteit word in hierdie artikel 'n weergawe van die Westerse moderniteit aangebied waarvolgens die tegnologiese, teologies-filosofiese en sosio-institusionele oorspronge en kenmerke daarvan herlei word na die drie honderd jaar tussen 1150 en 1450. Nadat 'n rowwe driedelige periodisering van die Westerse moderniteit verskaf word, word in groter besonderhede stilgestaan by enkele van die tegnologiese oorspronge van moontlik die sentrale kenmerk daarvan, te wete neutrale, lineêre tydruimte. Hierdie oorspronge sluit die sogenaamde boek-voorwerp (*bookish object*), die meganiese uurwerk en geld in. Laastens word ook kortliks aandag gegee aan die belangrikste teologies-filosofiese drumpel van die Westerse moderniteit, naamlik die nominalisme.

Abstract

A long view of Western modernity

As part of a broader research project on the work of Bernard Stiegler and exported European modernity this article presents an account of Western modernity according to which its technological, theologico-philosophical and socio-institutional origins and characteristics are traced back to the three hundred years between 1150 and 1450. After a rough periodisation in three parts of Western modernity is given, some of the technological origins of perhaps its central characteristic, namely neutral, linear time-space, are considered. These technological origins include the so-called bookish object, the mechanical clock and money. Finally the most important theologico-philosophical threshold of Western modernity, nominalism, is also briefly considered.

1. Inleiding

Die navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, vorm deel van 'n omvattende ondersoek na die werk van Bernard Stiegler (1954–) en wat ek uitgevoerde Europese moderniteit noem. Die uiteindelijke oogmerk van hierdie ondersoek is om in gesprek te

tree met Stiegler se onlangs ontwikkelde begrip van die “*otium* van die volk” (Rossouw 2009) vanuit die perspektief van lande wat in hulle moderne vorm gekonstitueer is deur die uitvoer van Europese moderniteit – soos die VSA, Suid-Afrika en Australië – en waardeur Europese moderniteit tot Westerse moderniteit omvorm is.

Ten einde hierdie oogmerk te verwesenlik, moet ’n weergawe van die oorspronge en kenmerke van Westerse moderniteit gegee word. Hierdie artikel is ’n aanbieding van die voorlopige navorsingsbevindings van sommige aspekte van so ’n weergawe.

2. Vertrekpunte

Voor die aanbieding van hierdie bevindings is ’n aantal opmerkings oor my vertrekpunte gepas.

Eerstens, gegewe die ryk verskeidenheid weergawes van die komplekse verskynsel van Westerse moderniteit moet dit wat hier aangebied word, beskou word as maar ’n klein bydrae tot hierdie gebied. Dit is allermens daarop gemik om allesomvattend te wees.

Tweedens, terwyl ’n dominante stroming van Westerse moderniteit geïdentifiseer kan word, kan alternatiewe strominge ook geïdentifiseer word. Ofskoon laasgenoemde strominge nie dominant in Westerse moderniteit was nie, was hulle altyd teenwoordig. Hulle bied nie slegs posisies waarvandaan die dominante stroming betwis kan word nie, maar ook goeie moontlikhede vir ’n nuwe era waarin die wêreldhegemonie van die dominante stroming oënskynlik verby is, soos die betreklike agteruitgang van die Amerikaans-geleide Weste en die opgang van die Chinees-geleide Ooste mag aandui.

Derdens, as die wêreldhegemonie van die dominante stroming van Westerse moderniteit op ’n einde skyn te wees, wil dit nie sê dat hierdie stroming nie langer ’n invloed uitoefen nie. Trouens, in soverre opkomende nie-Westerse lande vandag in sekere opsigte die dominante stroming naboots en aanpas – byvoorbeeld die stroming se buitengewone voorkeur vir ’n ekonomie van skaarste wat lei tot ’n voortslepende, verdiepende ekologiese krisis – bly die dominante stroming ’n krag om mee rekening te hou. Sy voortgaande houvas op Westerse politieke en ekonomiese elites sowel as die meeste van hulle sekulêre teenstanders speel geen geringe rol in die politieke uitsigloosheid en somberheid in soveel van hierdie lande nie.

Vierdens, indien daar na ’n alternatief vir die dominante stroming gesoek word, kan dit nie gedoen word sonder, onder meer, ’n rekonstruksie van sommige aspekte van die Westerse tradisie nie, wat nie gelykgestel moet word aan die restourasie van een of ander verlore, premoderne paradys nie. Met ander woorde, daar kan nie na ’n geïntegreerde premoderne wêreld teruggekeer word nie, maar ek glo wel dat uit die premoderne wêreld geput kan word in ’n poging om ’n geïntegreerde altermoderniteit te bou. Sodanige aanleuning by die premoderne wêreld mag help om die ergste patologieë van die dominante stroming voortvloeiend uit die disintegrasie van die premoderne wêreld, wat sy hoogtepunt in die dertiende eeu in die werk van Thomas van Aquinas bereik, te bowe te kom.

My skepsis jeens ’n terugkeer na ’n premoderne wêreld is nie gebaseer op ’n implisiete aanvaarding van een van die sleutelkenmerke van die dominante stroming nie, te wete ’n lineêre opvatting van tyd en die geskiedenis, maar op die aanname dat ’n ander sleutelkenmerk van Westerse moderniteit vandag oënskynlik deur die meeste noemenswaardige rolspelers binne en buite die Weste gedeel word, naamlik dat die wêreld anders gemaak kan word as in die vorm waarin ons dit ontmoet. Diegene in die

eietydse wêreld wat in dié verband die premoderne opvatting aanhang, te wete dat die wêreld nie anders gemaak kan word as die vorm waarin ons dit ontmoet nie, is dikwels aan die kant van die onregverdige status quo of van antimoderne reaksionêre.

My geesdrif oor ontlening aan die premoderne wêreld en ander strominge van Westerse moderniteit vir 'n toekomstige altermoderniteit is gegrond op 'n lang blik op tyd as die deurlopende eggo van alle vorige handelinge waarin niks wat begin, ooit eindig nie en die verlede ook die hede is – maar die hede nie slegs die verlede nie. Op hierdie grond is die soort altermoderniteit wat ek onderskryf, een waarin die wêreld wat nog gemaak moet word, die wêreld is wat in lyn gebring word met die natuurlike synsorde waar alles in interafhanklike oorfloed bestaan. Maar so 'n wêreld sal ook afhang van meer verligte handeling as wat die dominante stroming van Westerse moderniteit oor die algemeen gekenmerk het – verligte handeling wat ook onbevange denkers vereis wat bereid is om verby hulle gekoesterde opvattinge oor die aard van die syn en die orde van die dinge te dink.

Laastens, in 'n poging om 'n weergawe van die oorsprong en karaktertrekke van Westerse moderniteit te gee, poog ek om so getrou as moontlik aan 'n interafhanklike werklikheidsbeskouing te bly waar die klem nie soseer op lineêre oorsaaklikheid val nie as op sameloop, sowel in die sin van verskillende verskynsels wat mekaar medekonstitueer as in die sin van verskillende verskynsels wat saamvloei. Gegewe die oneindig verweefde web van die verskynsels wat Westerse moderniteit medekonstitueer het, is 'n omvattende, oorsaaklike weergawe daarvan onwaarskynlik, terwyl 'n sameloopsweergawe kan help om groter insig daarin te gee.

3. Sameloopsweergawe

In hierdie sameloopsweergawe van Westerse moderniteit word drie kategorieë verskynsels in ag geneem, naamlik tegnologies, teologies-filosofies en sosio-institusioneel. Die tegnologiese verskynsels wat Westerse moderniteit vanaf 1150 en daarna medekonstitueer het, is minstens die boek-voorwerp (oftewel *bookish object*, soos Ivan Illich 1993 dit noem), die meganiese uurwerk, geld, die magnetiese naaldegemonteerde kompas, en innovasie in kartografie en navigasie. Die teologies-filosofiese verskynsels is minstens die oorgang vanaf religieus bemiddelde, hiërargiese, herhalende tyd na neutrale, lineêre tydruimte; die oorgang van skolastisisme na nominalisme en die verbodskeling van skolastisisme se sintese van God, die mens en die natuur; en die opkoms van 'n ekonomiese ontologie wat uiteindelik die basis sou vorm van moderne verskynsels so gevarieerd soos kapitalisme, liberalisme en Marxisme. Die sosio-institusionele verskynsel waarop hierdie weergawe meestal fokus, is ewe sentraal vir Westerse moderniteit as wat die kerk vir Westerse premoderniteit was, naamlik die staat-mark, wat dikwels, en verkeerdlik, as twee instellings verstaan word, te wete die staat en die mark. Ander instellings wat binne die reikwydte van die staat-mark val, maar waarop nie so sterk in hierdie weergawe klem gelê word nie, is die universiteit, die skool,² die bank en die instellings van wet en orde.

Met betrekking tot bostaande lys verskynsels kan 'n paar waarnemings gemaak word. Eerstens verskyn hulle almal tussen 1150 en 1450. Tweedens wil dit voorkom asof die teologies-filosofiese en die sosio-institusionele verskynsels in 'n mate na die tegnologiese verskynsels opkom, veral wat betref die boek-voorwerp, geld en die meganiese uurwerk. Derdens het al hierdie verskynsels aanvanklik verskyn in die Europese premoderniteit, 'n epog waarvan die komende einde aangedui word deur twee gebeure wat rondom 1450 plaasvind: Gutenberg se uitvinding van los letters (*movable type*) en die snelle opkoms van die gedrukte boek; en die groeiende oortuiging van die pousdom “dat die vernaamste waarborg van sy onafhanklikheid binne die nuwe Italiaanse en Europese stelsel van moderne state slegs kon setel in die vorming en administrering van 'n eie

moderne staat” (Prodi 2006:199, my vertaling uit die Frans), oftewel die periode waarin die kerk sigself op die staat begin skoei het. Vanuit die plasing van al hierdie verskynsels in ongeveer die laaste drie eeue van die Europese premoderniteit behoort dit ooglopend te wees dat in plaas daarvan om te kies vir ’n streng skeiding tussen die premoderne en die moderne, en vir ’n geskiedsopvatting wat die ontwrigting, die breuk en die onderbreking beklemtoon, dit raadsaam is om te kies vir ’n langer oorgang tussen die premoderne en die moderne, en kontinuïteite te benadruk sonder om breuke te ontken.

Met die uitsondering van neutrale, lineêre tydruimte, wat hier onder in beperkte besonderhede behandel sal word, sal hier nie volledig ingegaan word op die verbande tussen die oorspronge en kenmerke van Westerse moderniteit nie, want die vernaamste oogmerk met hierdie artikel is om slegs in breë trekke ’n lang blik op Westerse moderniteit te bied. Nietemin, ter wille van die periodisering van Westerse moderniteit wat aanstons hier onder gegee sal word, kan hierdie kenmerke soos volg gelys word: die motief van skaarste wat so ’n prominente rol in die opkoms en lot van die staat-mark speel; ontmiddeling,³ oftewel die vervanging van ’n maatskaplike orde bemiddel met ’n buitekant (byvoorbeeld God) deur ’n maatskaplike orde wat sigself sowel proklameer met verwysing na ’n binnekant (byvoorbeeld die staat); immanentisering, oftewel ’n maatskaplike orde wat sy legitimiteit eerder binne as buite sigself vind en ’n aantal teologiese motiewe herbewerk binne ’n sekulêre orde wat self deur en deur teologies is; kwantifisering, wat sentraal vir die moderne wetenskap en ekonomie is; die individuele subjek in sy verskillende moderne gedaantes, insluitend rasioneel, kennend, krities, ekspressief, ensovoorts; en maatskaplike, metafisiese en epistemologiese differensiasie van terreine wat voorheen baie meer geïntegreerd was, byvoorbeeld die religieuse en die politieke, of die verskillende wetenskappe.

Weer eens begin al hierdie kenmerke met wisselende prominensie tussen 1150 en 1450 na vore tree, waarna hulle op groot skaal geïntensiveer en bewustelik omhels word, aanvanklik in Europa, maar ná die Industriële Revolusie tussen 1800 en 1850 ook wyer in wat uiteindelik die Weste genoem sou word. As daar een verskynsel is wat die sameloop van al bovermelde oorspronge en kenmerke beliggaam, en wat intiem verweef is met die opkoms en agteruitgang van die dominante stroming van Westerse moderniteit, is dit neutrale, lineêre tydruimte. Trouens, die vier honderd jaar waartydens die dominante stroming sy kruin bereik het – omstreeks 1450 tot 1850 – is ook die tydperk waarin neutrale, lineêre tydruimte die Europese verbeelding oorheers het.

Dit is nie sonder ironie nie dat die mees verreikende gebeurtenis wat deur neutrale, lineêre tydruimte bemoontlik is, naamlik die Industriële Revolusie, ook die gebeurtenis is wat die begin van die einde van neutrale, lineêre tydruimte aandui. In sy uitstaande oorsig oor die sameloop van tegnologieë soos die rolprent, die foto, die telefoon, die polshorlosie, kuns, wetenskap en filosofie ná die Industriële Revolusie toon Stephen Kern (2003) aan hoe die neutrale, lineêre tydruimte wat Descartes, Newton en Kant in hulle werk vooronderstel het, begin uitrafel het, sodat denkers soos Freud, Nietzsche en Einstein ernstige twyfel en onsekerheid oor Westerse moderniteit kon saai. Hierdie twyfel en onsekerheid het natuurlik sedertdien bly verdiep en die denkers wat steeds prominent is, soos Husserl, Heidegger, Derrida, Deleuze en Foucault, beroemd gemaak.

4. Periodisering

Vir eers, alvorens van nader gekyk word na neutrale, lineêre tydruimte, wil ek teen die agtergrond van die buitelyne van Westerse moderniteit hier bo aangebied, ’n rowwe periodisering daarvan gee. Hierdie periodes is, eerstens, tussen 1150 en 1450, onintensionele modernisering; tweedens, tussen 1450 en 1850, intensionele modernisering; en, derdens, vanaf 1850 tot op hede, distensionele moderniteit.⁴

Die eerste periode word onintensioneel genoem omdat al die oorsprongsverskynsels en -kenmerke van Westerse moderniteit in hierdie drie honderd jaar verskyn, maar hulle volle implikasies was nog nie duidelik nie, en baie dikwels is hulle destyds beskou in verhouding tot wat nou as Europese premoderniteit bekendstaan.

Die tweede periode word intensioneel genoem omdat al die oorsprongsverskynsels en -kenmerke van die dominante stroming van Europese moderniteit groot ontwikkelings ondergaan en deur die Europese elites in die naam van die toekoms omhels word. Elke Europese filosoof en wetenskaplike van naam wat met die dominante stroming verbind kan word, verwerp in die ergste gevalle die premoderne tradisie volledig, of gebruik dit ten beste om die nuwe wêreld van intensionele modernisering te legitimeer. Hierdie lys sluit Machiavelli, Descartes, Hobbes, Locke, Newton, Rousseau en Kant in, maar dit is geensins volledig nie.

Die derde periode word distensioneel genoem omdat Europese moderniteit vanaf ongeveer 1850 distensioneel in albei sinne van die woord word: dit sit ruimtelik uit in die prosesse van, onder meer, imperialisme en kolonialisme, maar dit ly ook aan 'n soort inwendige ongemak meegebring deur immerversnellende industrialisering en hewige selfbevraagtekening deur modernistiese kunstenaars en filosowe. Hierdie lys sluit onder andere Marx, Nietzsche, Freud, Husserl, Heidegger, Joyce, Kafka, Picasso, Derrida, Deleuze, Lyotard en Foucault in.

5. Opkoms van neutrale, lineêre tydruimte

5.1 Die boek-voorwerp

Soos vroeër aangedui, wil ek nou kortliks stilstaan by die opkoms van neutrale, lineêre tydruimte in die vorm van 'n kursoriese skets. Hopelik sal hierdie skets nie slegs lig werp op hoe neutrale, lineêre tydruimte ontstaan het nie, maar ook op die verwantskappe daarvan met die ander kenmerke van Westerse moderniteit.

Die opkoms van neutrale, lineêre tydruimte in die eerste periode van Europese moderniteit, onintensionele modernisering, kan gedeeltelik herlei word na die tegnologieë van die boek, die uurwerk en geld.

Laat ons eerstens by die boek stilstaan. Ofskoon die begin van die era van die boek normaalweg gedateer word na Gutenberg se uitvinding van los letters omstreeks 1450, toon Ivan Illich aan dat 'n aantal verreikende tegniese innovasies in boekproduksie na 1150 plaasgevind het. Dit sluit in die herontdekking, invoer of uitvinding van kursiewe handskrif, 'n meer elastiese soort papier, die alfabetiese rangskikking van sleutelwoorde, onderwerpindeksering, bladuitleg vir stilswyende skandering van die teks deur die leser, ligter draagbare boeke, biblioteekinventarisse en konkordansies (Illich 1993:93-4; 102-5).

Vanaf laat in die twaalfde eeu het dié innovasies 'n omvattende omwenteling met betrekking tot kennis meegebring. Kennis was nie langer slegs ter wille van God nie, maar word uiteindelik 'n doel op sigself. Studente moes skielik baie meer kennis as voorheen inneem, wat 'n groeiende bewustheid meegebring het van die beperkte tyd waarbinne die kennis verwerf moes word. Kennis word nou vir die eerste maal benader as verruimde (*spatialised*) tekste, ontliggaamde voorwerpe van studie en stilles, en dit was bloot 'n kwessie van tyd voor die ganse werklikheid gesien is as 'n klassifiseerbare, analiseerbare boek wat met die gepaste metodes bestudeer moet word.

Die verspreiding van boekkultuur (*bookish culture*, soos Illich dit noem), met sy analitiese neiging deur Latyns-Europa en Engeland in die dertiende eeu, waarin die kerk, kloosters en universiteite 'n sentrale rol gespeel het, het moontlik die weg gebaan vir die grootskaalse toe-eiening van die uur as die sentrale eenheid van tydhouding.

5.2 Die uurwerk

Tot die uitvinding van die meganiese uurwerk iewers tussen 1270 en 1330, vermoedelik in die hedendaagse Noord-Italië (Dorhn-van Rossum 1996:134), was Christelike aanbidding wat in 'n daaglikse liturgie deur die loop van die jaar gereguleer is, die basis van premoderne tydhouding. Tyd is plaaslik aangedui deur die klokke van kerke en kloosters, met die dag as die basiese tydseenheid (Dorhn-van Rossum 1996:35-6).

Maar met die verspreiding van meganiese uurwerke deur Europa vanaf die veertiende eeu het die uur die dag as basiese tydseenheid vervang en uiteindelik het alle politieke lokaliteite – lande, streke, stede en dorpe – dieselfde standaardtyd aanvaar. Die plaaslike dorps- of stadshorlosie het 'n sentrale element van politieke, administratiewe en ekonomiese lewe geword (Dorhn-van Rossum 1996:201), sodat die Europese verspreiding van lineêre tyd die voorwaarde geword het van gestandaardiseerde politieke lokaliteite, wat op sy beurt die integrasie van hierdie lokaliteite in die groter politieke eenhede van die opkomende staat-markte in Europa vanaf die vyftiende eeu aangehelp het.

5.3 Geld

Die beroemde Middeleeuse geskiedkundige Georges Duby voer aan dat 'n gemonetariseerde ekonomie wat onder meer op verhoogde landbouproduksie gebaseer was, vanaf omstreeks 1180 in sommige suidelike Europese stede op dreef gekom het (Duby 1974:263). Vanaf die dertiende eeu neem geldproduksie in Latyns-Europa en Engeland op groot skaal toe, maar dit lei op sy beurt tot groter onstabiliteit in die alledaagse lewe. Hierdie onstabiliteit is veroorsaak deur faktore soos geldeenheiddevaluasies deur monarge; geldtekorte; en tekorte van voedsel en ander basiese produkte (Kaye 1998:15-36). Volgens die historikus van die Middeleeue, Joel Kaye, het hierdie onstabiliteit die gewone burgers nie slegs baie meer bewus gemaak van onstabiliteit in die alledaagse lewe nie, maar hulle ook gedwing om wisselings in geldwaarde te voorsien en te voorspel. Gevolglik is 'n kulturele bewussyn wat in staat is om te kwantifiseer en in 'n lineêre toekoms te projekteer, in die leidende Europese stede van die tyd gekultiveer. Dit was veral die geval in die leidende universiteitsentra van Parys en Oxford, waar die kritieke teologies-filosofiese drumpel na moderniteit oorgesteek is met die oorgang vanaf skolastisisme na nominalisme.

Die mate waarin neutrale, lineêre tydruimte religieusbemiddelde, hiërargiese, herhalende tyd begin desentreer het, blyk uit 'n veelseggende dokument uit 1268, die Pouslike Bul *Quia plerumque*, wat op 28 Junie van daardie jaar uitgereik is. Hierdie dokument het die voorwaardes uitgespel wat nagekom moes word alvorens 'n bedelklooster (*mendicant monastery*) opgerig kon word, naamlik of die gemeenskap wat deur die klooster se prediking bereik sou word, groot genoeg was om dit ekonomies te onderhou. Dorhn-van Rossum (1996:166-7) vat die bepalinge en implikasies van die Bul saam as hy skryf:

[T]he distance between the convents of the various preaching orders was to be no less than five hundred meters (three hundred "cannae" [rods]). Regardless of local custom, a rod was to be calculated at eight handbreadths ("palmae"). This was the first time a universally valid index of urbanization combining a minimum size and economic productivity had been formulated.

Kaye (1998) het aangetoon dat al die leidende denkers van die skolastisisme en die nominalisme in die dertiende en veertiende eeu in Parys en Oxford intensief blootgestel is aan die wisselvallighede van die destydse monetêre ekonomie, veral aangesien die meeste van hulle ook in die administrasie van hulle universiteite gedien het. Dit behoort dan ook geen verrassing te wees nie dat albei die twee grootste denkers van die skolastisisme, Albertus die Grote (1193/1206–1280) en Thomas van Aquinas (ca. 1225–1274), sowel as die meeste van hulle nominalistiese opvolgers, substansiële besinnings oor geld geskryf het.

Maar waar Aquinas geld nog beskou het as sonder enige werklikheid in sigself en bloot 'n middel om werklike behoeftes in God se voorordineerde synshiërgie met mekaar te bemiddel, is 'n kritieke drumpel naby die einde van die dertiende eeu oorgesteek toe die nominalis, Petrus Johannes Olivi (1248–1298) die eeue oue verbod op rente oorkom het. Olivi, wat die grootste gedeelte van sy lewe in florerende handelstede in die hedendaagse Italië en Suid-Frankryk deurgebring het (Kaye 1998:120), het aangevoer dat dit regverdig is dat 'n geldskietser rente betaal word deur 'n handelaar wat by hom leen, aangesien die handelaar 'n waarskynlike toekomstige wins wat met die geleende geld gemaak gaan word, aanvaar het. Volgens Olivi is hierdie waarskynlikheid werklik. Dít het dit moontlik gemaak om voortaan werklikheid aan geld op sigself toe te ken, soos dit in die 1360's tot ongekende hoogtes gevoer is deur die nominalis, Nikolaas Oresmus (1323–1382) met sy monumentale ontleding van geld, *De moneta* (Kaye 1998:149-51).

6. Nominalisme

Dit is nie 'n algehele verrassing nie dat geld in die hart van die grootste politieke botsing tussen die skolastici en die nominaliste was, naamlik die Armoededispuut van 1324 tot 1328 tussen die skolastiese pous Johannes XXII en die nominalistiese Franciskane, met inbegrip van die grootste nominalistiese denker, Willem van Ockham (1280/1285–1348). Terwyl die Franciskane daarop aanspraak gemaak het dat hulle deur 'n armoedegelofte af te lê, vir Christus, wat sy aardse koninkryk en dominie opgesê het, nageboots het, het die Pous geantwoord dat Christus nie sy aardse koninkryk kon opsê nie, aangesien dit deur God voorbestem is. Die antwoord van die Franciskane hierop was dat God se almag dit vir hom moontlik gemaak het om sy eie voorbestemmende mag teen te gaan (Gillespie 1995:14).

Deur hierdie skuif te maak, het die nominaliste die skolastiek se siening ondermyn dat God die mens en natuur geskep het volgens redelike wette wat hy self in sy liefde gekies het om te gehoorsaam, waardeur die skolastiek God se almag en wil onderbeklemtoon het ten gunste van sy liefde en redelikheid. Met hierdie siening het die skolastiek die basis voorsien vir die integrasie van God, die mens en die natuur in 'n harmonieuse, redelike geheel.

Maar toe die nominaliste onder leiding van Willem van Ockham gekies het om God se wil en almag bo sy rede en liefde te beklemtoon, het hulle 'n onvoorstelbare reeks gebeure ontketen wat die filosofiese basis vir Europese en later Westerse moderniteit sou verskaf, asook vir die verskillende pogings om 'n soliede, nuwe konstruksie op die basis van 'n almagtige, wilsmatige God (Deïsme, Protestantisme), die mens (verskillende vertakings van die humanisme en die subjek), of die natuur (kwantitatiewe wetenskap) te bou.

Vir Ockham leer slegs geloof ons dat God almagtig is en bestaan of gebeur alles slegs as gevolg van God se wil (Gillespie 1995:16). Ockham betoog by implikasie vir 'n God wat onverskillig jeens die mensdom en sy lot is – God is geen mens se skuldenaar nie, voorbestem wie hy wil, en sy liefde vir die mensdom is slegs 'n pad terug na God se

selfliefde, wat God se liefde uiteindelik is (Gillespie 1995:16). Met ander woorde, Ockham werk met die opvatting van 'n onbemiddelde God wat slegs na homself verwys, en so word Ockham 'n voorloper van die moderne verlies aan bemiddeling. Deur te betoog vir God se radikaal unieke syn, vernietig Ockham sowel die universele as die betreklikheid of “gemeenskaplikheid” tussen die syndes, sowel as tussen die syndes en God.

Aangesien Ockham se God “onbemiddeld” is in die sin dat hy nie langer op bemiddelende wyse via die voorordineerde universele skep nie, maar onmiddellik volgens sy blote wil, word dit moontlik om radikale epistemiese twyfel te saai, want dit is heeltemal moontlik dat niks wat ek waarneem, werklik bestaan as God dit nie so wil nie, of selfs dat God wil dat ek glo in die illusie van iets wat bestaan, selfs al bestaan dit nie (Gillespie 1995:19). Ockham probeer hierdie epistemiese twyfel oorkom deur hom te beroep op ons intuïtiewe kennis van individuele feite waardeur ons God, wat intuïtief ken, naboots – regstreekse, onbemiddelde intuïsie word die grond van kennis. Aangesien mense die universele en veralgemenings benodig het om te ken, word alle kennis “an impression of contingent relationships or similarities between individual existences” (Gillespie 1995:19).

Ockham het ook die institusionele bemiddeling tussen mens en God vernietig deur aan te voer dat elke mens as individu in 'n regstreekse verhouding met God staan, dat daar geen bevooroordeelde vertolking van openbaring is nie, aangesien ons elkeen toegang tot openbaring het, en dat pouslike of kerklike (*clerical*) gesag nie in geloofsake gewig dra nie (Gillespie 1995:23). Ons kan ook kennis neem van Ockham se bydrae tot die opkoms van onbemiddelde, moderne tyd deur sy bewering dat God die verlede kan verander aangesien hy nie ondergeskik aan tyd is nie.

7. Samevatting

Om saam te vat: Tegnologiese innovasies in boekproduksie, tydhouding en geld het bygedra tot die opkoms van neutrale, lineêre tydruimte. Terselfdertyd, deur gedeeltelik te steun op analitiese boekkultuur en dié se benadering tot kennis, sowel as op 'n nuwe sin van onstabielheid en 'n groeiende bewustheid van kwantitatiewe projeksies, het nominalisme na vore gekom. Dit het die eenheid van God, die mens en die natuur vernietig en die deur geopen vir bekende moderne motiewe soos kwantitatiewe wetenskap as 'n poging om tot 'n vergelyk te kom met die kontingente natuur wat deur 'n onkenbare, wilsmatige God geskep is (Descartes); vir die moderne staat-mark wat sy legitimiteit baseer op sy beweerde vermoë om tydelike, territoriale en ekonomiese skaarste te oorkom deur gewelddadige, territoriale uitbreiding en die belofte van oneindige ekonomiese groei; en vir die individuele subjek in regstreekse, onbemiddelde verhouding met die staat-mark.

Bibliografie

1. Boeke

Dorhn-van Rossum, Gerhard. 1996 (1992). *History of the hour. Clocks and modern temporal orders*. Uit die Duits vertaal deur Thomas Dunlap. Chicago: The University of Chicago Press.

Duby, Georges. 1974 (1973). *The early growth of the European economy: Warriors and peasants from the seventh to the twelfth century*. Uit die Frans vertaal deur Howard Clarke. Ithaca, New York: Cornell University Press, 1974.

Gillespie, Michael Allen. 1995. *Nihilism before Nietzsche*. Chicago: The University of Chicago Press.

Illich, Ivan. 1993. *In the vineyard of the text. A commentary to Hugh's Didascalicon*. Chicago: The University of Chicago Press.

Kaye, Joel. 1998. *Economy and nature in the fourteenth century. Money, market exchange, and the emergence of scientific thought*. Cambridge: Cambridge University Press.

Kern, Stephen. 2003. *The culture of time and space. 1880–1918*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

Prodi, Paolo. 2006. *Christianisme et monde moderne. Cinquante ans de recherches*. Parys: Gallimard, Seuil.

2. Vaktydskrifartikels

Rossouw, Johann. 2009. Religie en Bernard Stiegler se "otium van die volk". *Litnet Akademies*, 6(1), Maart 2009. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=64123&cat_id=201. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)

Eindnotas

¹ Ek bedank graag die twee anonieme keurders van hierdie artikel vir hulle opbouende kritiese voorstelle, wat ek grootliks aanvaar het.

² Met die gedeeltelike uitsondering van religieuse universiteite en skole wat meesal Katoliek is.

³ Hierdie nuutskepping slaan op sowel die moderne strategie om premoderne vorme van bemiddeling te ondermyn, as op die daarmee gepaardgaande gelykstelling van tyd met onmiddellikheid en ruimte met die verlies aan 'n middelpunt.

⁴ Ofskoon dit taalkundig meer gebruiklik is om van *onbedoelde* as *onintensionele* en van *bedoelde* as *intensionele* te praat, sou so 'n termkeuse ongelukkig nie in harmonie wees met die term *distensionele* soos ek dit vir spesifieke redes, soos in die teks hier bo uiteengesit, gekies het nie.

Die politiek van broederskap: Jacques Derrida, Jean-Luc Nancy en Jane Alexander se *The Butcher Boys*

Jaco Barnard-Naudé
Departement Privaatreg, Universiteit van Kaapstad

Opsomming

Hierdie bydrae argumenteer dat Jane Alexander se bekende beeldhouwerk, *The Butcher Boys* (1985), nie eenvoudig negatieweestetiese kommentaar lewer op die modernistiese verstaan van broederskap wat die ideologiese vergrype van apartheid onderlê het nie – die werk hoop ook op en lui dalk selfs broederskap in as 'n postapartheid-broederskap. Met *postapartheid-broederskap* wil die outeur aandui dat 'n poststrukturele konsep van broederskap hier ter sake is, 'n broederskap wat in 'n sekere sin voor én na dekonstruksie ontstaan. Die argument oor *The Butcher Boys* as 'n dubbele representasie word gevoer deur 'n debat tussen Jacques Derrida en sy voormalige student Jean-Luc Nancy oor die geskiedenis van broederskap in die politieke filosofie (en die toekoms daarvan in 'n postmoderne politieke sfeer) op die werkte projekteer. Die bydrae sluit af met 'n verwysing na 'n verdere werk van Alexander – *Self-Defence and Stability Unit* (1995) – om die poststrukturele politieke konsep van broederskap te verhelder deur spesifiek na die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis te verwys.

Abstract

This contribution argues that Jane Alexander's well-known sculpture, The Butcher Boys, does not simply constitute a negative aesthetic statement regarding the modernist notion of fraternity which supported the extreme excesses of apartheid – the work also hopes for and perhaps aesthetically inaugurates ~~fraternity~~ as a post-apartheid fraternity. The author's use of the term post-apartheid fraternity aims to indicate that a post-structural notion of fraternity is at stake here, a fraternity that is in a sense "after" deconstruction. The argument regarding Alexander's work as a double representation is made with reference to a debate between Jacques Derrida and his former student Jean-Luc Nancy regarding the history of fraternity in political philosophy and its future in a post-modern political sphere. The contribution concludes with a reference to another work of Alexander's entitled Self-Defence and Stability Unit (1995), to further illuminate the post-structural political concept of fraternity by making specific reference to South Africa's political history.



Jane Alexander, *The Butcher Boys* (1985). Foto deur Mark Lewis.



Jane Alexander, *The Butcher Boys* (1985) (detail). Foto's deur Eileen Costa.

vryheid. gelykheid. broederskap.
jy sal 'n gedig moet skrywe soos 'n spieël
van donker vliegklanke net oorkant
die grens. Kyk anderpad: jy sterwe,
maar wat as die dood uit sou bly? (Breytenbach 1993:8)

"But hasn't Apartheid always been the archival record of the unnameable?"
(Derrida 2007:377)

1. Inleiding

Met die leser se vergunning: drie permanente inwoners van die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery, Kaapstad - *The Butcher Boys*. Hulle moeder – indien mens sou verkies om hierdie benaming te gebruik – is die Kaapstadse kunstenaar Jane Alexander. *The Butcher Boys* is geskep in 1985 – 'n tyd van algemene onstabiliteit en 'n noodtoestand in Suid-Afrika. Party sal sê die Butcher Boys is lankal dood, ander dat hulle nooit werklik geleef het nie. Nietemin, hierdie drie figure kom sit gereeld in een van die uitstalruimtes van die galery op 'n eenvoudige houtbankie. Hulle betrag, vanuit drie verskillende rigtings, die daaglikse handel en wandel van besoekers, kurators en ander amptenare van die postapartheid-kunserfenis. Die Butcher Boys word uitgebeeld as waarnemers of getuies, dog hulle is, as 'n beeldhouwerk, veronderstel om waargeneem te word. Hierdie ironie bied die eerste leidraad ter interpretasie van die betekenis en esteties-politieke boodskap van hierdie werk.

Laat ons begin by die waarnemers. Party van hulle is toeriste – kunsliefhebbers wat van die uithoeke van die aarde kom om *The Butcher Boys* in “lewende lywe” te ontmoet. Een van hierdie besoekers beskryf haar eerste ontmoeting so: “[T]he Boys hit you in the chest when you are standing right there in front of them, forbidden to touch” (Pretorius s.j.). (Die vraag is, sóú mens hulle aanraak as jy kon?) *The Butcher Boys* se ongewone voorkoms – om dit sagkens te stel – het aan hulle 'n besondere reputasie besorg en gevolglik bestaan daar beduidend baie leesstof aangaande hul “betekeniswaarde”, aangaande dit wat hulle veronderstel is om vir die waarnemer te verteenwoordig. In sy boek *The waiting country* beskryf Nicol (1996:21) *The Butcher Boys* as “[m]alificents”, en Bedford (2008:125) beskryf hulle as “emblematics” van die visuele kuns wat in Suid-Afrika geskep is tussen die begin tagtigerjare en die begin negentigs – 'n periode waartydens visuele kuns ten nouste betrokke was by die politieke vryheidstryd. Vir Pepper (2003:75) affekteer *The Butcher Boys* die toeskouer op 'n atavistiese wyse: mens haat dit om na hierdie monsteragtige figure te kyk en tog kan jy jou oë nie van hulle af hou nie. Mosley (2007:98–9) beklemtoon die negatiewe dimensie van hierdie atavistiese ervaring:

[T]his assemblage of once-human creatures elicits a visceral sensation of fear and repulsion on the part of observers. They were men, but have transformed into demons. They are us, but they are most decidedly *not* us or at least not us anymore [...]. Alexander's piece stands as a testament to darker days, a time in which boys became butchers – and, by extension, a time in which people were butchered – and because of this it serves an important role in the context of South Africa's transition to democracy.

'n Toekomstige bydrae sou kon handel oor die betekenis en implikasies van die woord *demokrasie* in Mosley se beskrywing hier bo. So 'n bydrae sou vrae kon stel soos: Is Suid-Afrika vandag 'n demokrasie? Watter soort demokrasie heers in Suid-Afrika? Wat is die politiek van hierdie demokrasie? Hierdie bydrae beantwoord sodanige vrae slegs op indirekte, tentatiewe wyse. Wat egter waarskynlik reeds duidelik is, is dat Jane Alexander se *The Butcher Boys* algemeen beskou en gelees word as die kunstenaar se artistieke stelling oor die brutaliteit van apartheid. *The Butcher Boys* word grotendeels gelees as getuies van die eksistensiële skade wat apartheid aan beide slagoffer en pleger aangerig het. Dit word gesien as 'n oproep tot besinning in 'n samelewing wat siek was van jare lange outoritarisme (Pepper 2003:75). Duiker (2004:8) skryf:

These ghouls with repulsive faces and oppressive bodies were creatures which could only have been inspired by something as vile and inhuman as apartheid.

The Butcher Boys personified to me the grotesqueness of apartheid and the absence of dialogue we were trapped in.

Al is dit so dat die werk tot stand gekom het binne die onmiddellike konteks van apartheid se donkerste dae, is *The Butcher Boys* nie bloot of uitsluitlik 'n artistieke stelling oor die brutaliteit van spesifiek apartheid nie. Volgens minstens een kommentator, Ivor Powell, staan *The Butcher Boys* in die teken van iets meer universeel. Vir Powell (1995:15) is *The Butcher Boys* beelde van menslike brutaliteit as sodanig: “[T]hey are the loci of malevolent and dehumanizing forces.” Soos Duiker, verbind Powell hierdie beelding van brutaliteit met die verlies aan dialoog en sinvolle kommunikasie. So gesien, dra die stom monde van die Butcher Boys op 'n unieke wyse George Steiner (1998) se stelling oor dat stilte die enigste paslike artistieke reaksie op die Joodse volksmoord is. Die werk bewys egter dat artistieke stilte nie beteken dat geen kuns meer te make is na die rampe van die moderne tyd nie, maar dat die tema van stilte 'n belangrike rol kan en mag vervul in die artistieke ruimte wat kommentaar (wil) lewer op die groot verliese van ons tyd. Dit is moontlik dat *The Butcher Boys* in 'n baie spesifieke sin Adorno (1981:34) se beroemde stelling kommunikeer dat alle poëtika na Auschwitz onmoontlik of barbaars is – 'n stelling wat hoegenaamd nie 'n oproep tot stilte is nie.¹ Hoe dit ook al sy, *The Butcher Boys* verteenwoordig duidelik 'n stil poëtiese herinnering aan wat Rose (1997:76) so akkuraat beskryf as die rampe van die modernisme. Die stilte van *The Butcher Boys* beklemtoon dat die grootste gruwels van die modernisme buite woorde lê.

Hierdie bydrae word egter ingegee deur 'n dimensie van *The Butcher Boys* waarna tot dusver slegs by implikasie verwys is, dog dit is die dimensie wat elke enkele aspek van die interpretasies en assosiasies hier bo onderlê. Dit is die aspek wat die Butcher Boysaan mekaar bind én wat hulle ook bind aan hul politieke simboliek, aan die manier waarop hulle geïnterpreteer word. Die aspek waarna ek verwys, is ooreenkoms, want, soos mens duidelik kan sien, die Butcher Boys is ongetwyfeld bloedbroers. Of is hulle nie?

2. Broederskap, vriendskap, politiek

In sy studie van die verhouding tussen vriendskap, broederskap en politiek, *Politics of friendship*, argumenteer Derrida dat die figuur van die vriend, sedert die geboorte van Westerse politieke filosofie, spontaan blyk ooreen te stem met die kenmerke van die broer. Derrida se filosofiese teken hier is Aristoteles, in wie se werk die vriend-as-broer byna outomaties behoort aan 'n familiële, fraternalistiese en dus androsentriese konfigurasie van die politiek (Derrida en Collins 1997:viii). Vir Aristoteles (2004:246) is die vriend 'n broer, 'n ander self, iemand met 'n gedeelde enersheid of substansie, en gevolglik is die politieke sfeer vir hom 'n sfeer wat bestaan tussen vriende-as-broers. Ons het dus hier te make met 'n oorgang vanaf die sfeer van die private, die familie of die gesin – die sfeer van die broer – na die politieke sfeer van die vriend. Die eienskappe van die broer word as't ware oorgeplant op die konsep van die vriend.

Die moderne republikeinse motto “vryheid, gelykheid, broederskap” ontstaan uit Aristoteles se idee van broederlike vriendskap as die basis van burgerskap. Die motto inkorporeer *broederskap* as 'n politieke term waarmee die oorspronklik Aristoteliaanse idee van die vriend as 'n ander self vanaf die private sfeer na die politieke sfeer oorgedra word (Lynch 2002:105). Die risiko wat egter met hierdie oordrag gepaard gaan, is dat politieke sensitiwiteit vir die idee van substantiewe

verskil verlore kan gaan: as die vriend 'n ander self is, dan is die een wat anders is – wat verskil – 'n potensiële politieke gevaar vir hierdie self. Gevolglik dra die republikeinse motto inherent die gevaar van uitsluiting en konflik, asook die politieke gevare van identiteitspolitiek en nasionalisme. Die ironie is dat hierdie gevare verbonde aan die republikeinse motto juis spruit uit 'n idealisering van die broer-as-vriend.

Deeglik bewus van die Aristoteliaanse idee van politiek as broederlike vriendskap, argumenteer Arendt in haar essay oor Lessing(1968:23-31) dat broederskap van vriendskap geskei behoort te word en dat laasgenoemde – vriendskap onderskei van broederskap – die ware politieke band behoort te wees. Volgens Arendt bevestig vriendskap die idee dat die wêreld op sigself nie menslik is nie, maar dat dit slegs deur menslike gesprek, diskoers of kommunikasie menslik gemaak word. Vriendskap is die voorwaarde vir hierdie diskoers, en die politieke deug wat vriendskap onderlê, is respek: “Respect is a kind of friendship without intimacy and without closeness; it is a regard for the person from the distance the space of the world puts between us” (Arendt 1998:243). Vir Arendt is vriendskap nie intiem persoonlik (soos broederskap) nie, maar eerder polities. Dit is 'n band gemotiveer deur die gereedheid om die wêreld met ander te deel – dit sien pluraliteit dus as noodsaaklik vir die totstandkoming en behoud van die wêreld.

Broederskap, daarenteen, gaan gepaard met die verlies aan pluraliteit; 'n verlies aan wat Arendt die tussenruimte noem. Broederskap is vir Arendt 'n kenmerk van die toestand van wêreldloosheid, van 'n verlies aan pluraliteit en diskoers. Dit is 'n band wat bestaan in die private sfeer, dit is per definisie uitsluitend en behoort nie beskou te word as die hoogste vorm van menslike (saam)bestaan nie.

Derrida neem Arendt se argument 'n stap verder wanneer hy aandui dat verskil en die enigheid van die ander op indirekte wyse juis in die politieke sfeer van universaliteit en enersheid erken kan word:

Having come as a third party but always from the singularity of the other, does not the law command me to recognize the transcendent alterity of the other who can never be anything but heterogeneous and singular, hence resistant to the very generality of the law? (Derrida en Collins 1997:277)

Soos Lewis (2000:62) egter aantoon, posisioneer broederskap moderne liberalisme as die basis van politieke vriendskap. Die nasie-staat word die politieke vorm waarin hierdie broeder-vriendskap gegiet word. Binne die nasie-staat neem gelykheid grotendeels 'n oorwegend formele dimensie aan. Vryheid word die vryheid van hulle wat gelyk is, omdat hulle ooreenstem of behoort tot 'n gedeelde substansie, hetsy nasie, kultuur of stand. MacCannell (1991:9) gaan so ver as om die modernisme as sodanig te tipeer as die heerskappy van broederskap. Met verwysing na Sigmund Freud se *Totem and taboo* en Jacques Lacan se psigoanalise argumenteer MacCannell (1991:12) dat die ego van die broer die bevoordeelde politieke ego van die modernisme is. Sy argumenteer dat die Verligting die patriargale huishouding onderhewig gemaak het aan 'n politieke staat waarin 'n nuwe, niepatriargale, egalitiese norm – broederskap – oorheers. Tog bring die opkoms van broederskap nie die einde van die tirannie van die Oedipale model nie. Broederskap behou die Oedipale vorm – reg en bevel – maar dit skakel die Oedipale inhoud uit, byvoorbeeld om die narsissistiese begeertes te reguleer tot voordeel van beskawing en kommunale voordele. MacCannell (1991:13) voer aan dat die einde van die patriargie 'n nuwe soort verborge superego (en 'n nuwe reg) die wêreld ingebring het. Die einde van die patriargie (die opkoms van die moderne samelewing) is veronderstel om die beginsel van selfbeskikking – die einde van die patriargale superego – aan die lig te bring,

maar MacCannell (1991:17) argumenteer dat dit slegs die herkenbare ouerlike funksie van die superego is wat weggedoen word, terwyl die ego van die broer die posisie van die superego begin beklee as 'n soort pseudo-Oedipus: "Collectively, modern society is a fraternity – the 'universal' brotherhood of man" (1991:18). Tog is hierdie "moderne samelewing" nie by magte om die "suster-funksie" te akkommodeer nie en, soos MacCannell (1991:18) aandui, hierdie onvermoë negeer enige aanspraak op 'n beskawing gebaseer op geregtigheid, gelykheid en vryheid. Derrida se *Politics of friendship* maak erns met hierdie herhaaldelike verbroedering van vriendskap in die moderne politieke filosofie. In hierdie sin is die werk 'n voortsetting van Arendt se poging om vriendskap van broederskap te skei.

Gevolgtrek rig *Politics of friendship* die volgende uitnodiging: "dream of a friendship which goes beyond this proximity of the congeneric double" (Derrida en Collins 1997:viii). Die vraag wat Derrida se studie onderlê, is die volgende: Wat is die politiek van 'n anderkant, van 'n alteriteit, van 'n postfraternalistiese beginsel? En Derrida vra uitdruklik of hierdie anderkant sigself behoorlik "politiek" sou kon noem, aangesien dit juis demokrasie as 'n politieke orde is wat selde bepaal word in die afwesigheid van 'n beginsel van broederskap. Soos Caygill (2005:351) aandui, broederskap word histories verbind met die totstandkoming van, respektiewelik, die nasie of volk, die klas, die religieuse gemeente of die ras en uiteindelik ook die demokrasie. Derrida se uitnodiging problematiseer én radikaliseer dus Arendt (1998:7) se definisie van politiek of dan die publieke sfeer van demokrasie en vriendskap as 'n ruimte van radikale pluraliteit. Wat Derrida probeer aandui, is dat hierdie pluraliteit as fondament van die publieke binne die hedendaags oorheersing van liberale demokrasie altyd op die een of ander manier die radikaliteit daarvan inboet en sigself reduseer tot voorwaardes van minimum eendersheid. Soos Žižek (2008:50) die saak opsommend stel: ons verdra die Ander slegs in soverre die Ander nie regtig anders is nie, in soverre ons die Buurman kan tuismaak of ver-broeder. Om Van der Walt (2005:10) se terminologie te gebruik: die moderne opvatting van broederskap as die basis van vriendskap in die politieke sfeer kom uiteindelik altyd neer op 'n privatisering van die politieke.

Die vraag betreffende broederskap as fondament van vriendskap en die fraternalistiese siening van vriendskap as fondasie van politiek in die vorm van demokrasie is die onderwerp van wat Derrida elders in sy werk 'n "broederlike gekibbel" (Derrida, Brault en Naas 2005:56) noem. Hierdie broederlike twis bestaan in die vorm van 'n fassinerende filosofiese interaksie tussen Derrida en sy vriend en voormalige student, Jean-Luc Nancy – 'n ander denker van radikale demokrasie in die poststrukturele idioom. In *Rogues: Two essays on reason* som Derrida hierdiebroederlike geskil as volg op: "Must this word, fraternity, be said? 'Must it be said?' to which Nancy would have apparently answered, already long ago, 'Yes, it must be said' – and I, for a long time now, 'No'" (Derrida, Brault en Naas 2005:56).

3. Vriendskap, *aimance*, broederskap en *The Butcher Boys*

In wat volg, wil ek aandui hoe Alexander se *The Butcher Boys* negatiewe kommentaar lewer op die politieke konsep van vriendskap-as-broederskap. In die lig van die polemie tussen Derrida en Nancy oor broederskap wil ek ook terselfdertyd aandui hoe *The Butcher Boys* gelees kan word as 'n werk van transformasie² – as 'n werk wat (ook) 'n bevraagtekening van die tradisie van (en nuwe denke rondom) broederskap as politieke beginsel aanmoedig. *The Butcher*

Boys is dus vatbaar vir 'n interpretasie waarvolgens dit beide die moderne, uitsluitende idee van broederskap inkorporeer en terselfdertyd ook die oop, transformatiewe of nuwe broederskap wat Nancy as deel van sy konsep van vryheid sien. Anders gestel, *The Butcher Boys* is nie bloot of slegs 'n werk van kritiek nie, dit is ook 'n werk van nuutskepping, of dan van kritiek as nuutskepping.

Die motivering vir hierdie oorheersend “politieke” interpretasie van *The Butcher Boys* as kunswerkword ingegee deur onder meer Jacques Ranci re se siening dat die politieke fundamenteel esteties is: “Politics is aesthetic in that it makes visible what had been excluded from a perceptual field [...]. It inscribes one perceptual world within another” (Ranci re en Rockhill 2004). Hierdie siening hou onder meer in dat die estetiese nie net belangrike kommentaar lewer op die politieke nie, maar ook (juis deur, en as kritiek) in gesprek tree met die politieke en dus bydra tot die (trans)formasie daarvan. Soos Geary (2004:40) dit stel: “Aesthetics provides a publicly orientated discourse of political possibility.”

Alexander se *The Butcher Boys* dra (as 'n estetiese ondervinding) ongetwyfeld 'n politieke boodskap oor aangaande die brutale estetika van apartheid. Dit bevat dus 'n (estetiese) waarskuwing vir die politieke om uit die verlede te leer. Maar daar is ook in Alexander se beelde 'n meer positiewe boodskap aangaande die aard en toekoms (estetika) van broederskap/vriendskap in die ware postapartheid politieke sfeer. Die werk hoop dus op 'n nuwe estetika van die politieke. Hierdie boodskap kan uit die werk afgelei word wanneer ons die debat tussen Derrida en Nancy op *The Butcher Boys* projekteer in die konteks van heersende interpretasies van Alexander se werk as geheel.

Soos reeds aangetoon, is dit Derrida se *Politics of friendship* wat sentraal staan in die broederlike argument tussen hom en Nancy oor broederskap. In *Politics of friendship* het Derrida aangedui dat die bevraagtekening van 'n begrip van vriendskap (gefundeer in broederskap) eerstens bestaan in 'n problematisering van die Aristoteliaanse siening dat vriendskap bestaan in die aktiwiteit van liefh e eerder as in die passiwiteit van om liefgeh e te word (Derrida en Collins 1997:8). Dit wat op die spel is wanneer die sentraliteit van broederskap in die politiek van vriendskap bevraagteken word, is, volgens Derrida, die konsep *aimance*. *Aimance* is 'n tussenstem. Dit staan tussen die aksie van liefh e en die passiwiteit van om liefgeh e te word (Derrida en Collins 1997:7). Teen die Aristoteliaanse tradisie in meen Derrida dat die betekenis en belang van *aimance* sonder twyfel ontstaan by die bevraagtekening van die daad en beleving van liefh e, eerder as die staat of toestand van om liefgeh e te word (Derrida en Collins 1997:8). Dit is die daad van liefh e (teenoor die toestand van om liefgeh e te word) wat prioriteit geniet in die geskiedenis van die verhouding tussen vriendskap en demokrasie.

Indien mens dus die huidige teorie  van demokrasie en praktyke wat as demokraties voordoene, wil kritiseer, moet erns gemaak word met die motiverings wat die aktiewe keuse om lief te h e – met ander woorde om die vriend as vriend te ag – onderl e. Die soewereiniteit van die subjek en die kritiek van daardie soewereiniteit is ook hier ter sprake. Soos Jameson (1981:111) (met verwysing na Marx) aandui, gaan die kritiek van hierdie soewereiniteit gepaard met die kritiek van individualisme – die idee van die stabiele, selfteenwoordige, rasonele, selfsugtige, outonome subjek. 'n Bevraagtekening van die daad en oordeel om lief te h e, betrek ongetwyfeld 'n bevraagtekening van die subjek se vermo e om daardie oordeel onafhanklik (soewerein) en ooreenkomstig die individualistiese beginsel te fel. Derrida gaan in sy werk so ver as om te argumenteer dat besluitneming in die algemeen nie 'n onafhanklike, outonome berekening is nie – die werklike besluit (teenoor die berekening) sluit 'n niesoewereine oomblik in

waarin die Ek gesuspendeer huiwer onder die hartklop van die Ander en in 'n spesifieke sin dus oorgelewer is aan die genade van die Ander (Derrida 1997:68-9). Volgens Weber (2007:326) is hierdie suspensie vanaf³ die hartklop van die Ander 'n kritiese ruimte wat nie betrek kan word deur 'n subjek wat gedefinieer word as soewereine selfteenwoordigheid nie, en vir Derrida (1997:69-70) is hierdie die ruimte van *aimance*.⁴

Thomson (2005:85) dui aan dat die konsep *aimance* in Derrida as't ware elke moontlike vriendskap voorafgaan en om hierdie rede die moontlikheidsvoorwaarde van elke vriendskap is. Thomson argumenteer dat Derrida *aimance* effektief assosieer met 'n oproep om 'n politiek anderkant vriendskap gemodelleer op die basis van broederskap. In hierdie opsig stem Derrida se projek ooreen met dié van Arendt, hoewel Derrida se uitgangspunt nie steun op die sterk skeiding tussen die private en die publieke soos die geval is by Arendt nie. Derrida aanvaar die verbroedering van die politieke idee van vriendskap as 'n historiese feit en dekonstrueer vanuit hierdie oogpunt die konsep van vriendskap. Soos Thomson aandui, Derrida se dekonstruksie van vriendskap word onderlê deur die idee dat vriendskap konstitutief verdeel word tussen *aimance* en broederskap. Om Thomson aan te haal:

Friendship, as election by decision, is made possible by the multiplicity of possible friends among whom I choose, with whom I am already in a relationship of neither active nor passive affection, but *aimance*; but I betray this multiplicity of possible friends by preferring my friends, even by calling them friends. The necessity of this betrayal and exclusion is what Derrida calls the logic of fraternization, and which he claims dictates the relationship between friendship and brotherhood. (Thomson 2005:16)

Indien erns gemaak word met die konsep van *aimance*, polemiseer dit dus die eenvoudige, maar nietemin noodsaaklike, afleiding van politiek en reg van etiek. Indien die etiese verhouding met die Ander bestaan as 'n niegeweldplegende verhouding, en indien dit so is dat elke ander geheel en al Ander is, dan kan ons slegs met sielsmart erken dat ons te alle tye meer of minder oneties is. Soos Derrida dit stel: "I can respond only to the one (or to the One), that is, to the other, by sacrificing the other to that one. I am responsible to any one (that is to say to any other) only by failing in my responsibility to all the others" (Derrida en Wills 1995:70). Hierdie komplikasie is noodsaaklik ten einde 'n beter of minder onaanvaarbare menslike toestand te weeg te bring, of dan ten einde die moontlikheid van 'n radikale pluraliteit van die publieke/politieke te versterk (Derrida 1997:15). Derrida stel *aimance* voor ten einde die werk van die politieke - as die totstandbring van die meeste moontlike vriendskap - te radikaliseer (1997:199).⁵ Soos Thomson skryf: "If the friend-enemy choice were to be taken as the definition of politics, we could describe *aimance* as the politicization of the decision, and brotherhood [...] as its inexorable and inevitable depoliticization" (2005:167).

Clark (2007:294) meen dat vriendskap vir Derrida, juis om bogenoemde rede, spesifiek gaan oor die onderneming om geregtigheid aan die Ander te laat geskied, sonder die verwagting op die Ander se vriendskap in ruil vir sodanige belofte. Rekening moet egter gehou word met die feit dat Derrida daarop aandring dat broederskap nie ontkom kan word nie. Die oomblik as ek een Ander kies as vriend, verbroeder ek daardie Ander en word my vriendskap onverantwoordelik. *Aimance* is die herinnering aan die uiteindelijke onverantwoordelikheid van hierdie keuse en aan die onmoontlike aard van geregtigheid.

In vorige werk is aan die hand gedoen dat apartheid as politieke bestel onderlê was deur die mees perverse begrip van die politieke as broederlike vriendskap (Barnard 2008). Die Afrikaner Broederbond was sekerlik die beste voorbeeld van hierdie soort uitsluitende politiek as broederlike vriendskap – slegs wit, Afrikaanse, Protestantse mans kon aansluit. Elke staatspresident van apartheid het daaraan behoort (Butler 1998:70). 'n Eksplisiete skakel het dus tussen hierdie organisasie van broeders en die politieke bestel van apartheid bestaan.⁶ Om Derrida se terme te gebruik: hierdie organisasie en apartheid as die manifestasie van die politieke ideologie van hierdie organisasie was 'n afstootlike heerskappy van broers (Derrida, Brault en Naas 2005:50), lynreg in stryd met die beginsel wat die hart van politieke lewe konstitueer. Die Broederbond was 'n private organisasie van vriende-as-broers wat hierdie broederskap na die politieke sfeer oorgedra het met katastrofiese gevolge. Die Broederbond is dus by uitstek 'n voorbeeld van Arendt se waarskuwings aangaande die samesmelting van broederskap en vriendskap. In sy essay oor apartheid wys Derrida (2007:377) daarop dat die apartheidsregering ironies genoeg die struktuur gehad het van 'n Westerse liberale demokrasie. Apartheid was formeel 'n demokrasie wat berus het op uitsers onverantwoordelike uitsluiting en verbroedering. Formele onafhanklikheid en burgerskap vir 72 persent van die bevolking in tuislande is gebruik om hierdie "demokrasie" te legitimeer. Die kritiek van apartheid-broederskap is dus terselfdertyd die kritiek van die onverantwoordelikheid van demokrasie. Elke demokrasie maak elke dag die broederlike keuse, maar sommige maak die broederlike keuse op meer onverantwoordelike wyse as ander. Met ander woorde, elke demokrasie berus, op die een of ander wyse, op broederskap en die een of ander vorm van apartheid.

Arendt se insig oor totalitêre staatsbestel en haar definisie van politiek as pluraliteit is (weer eens) hier relevant. Totalitarisme probeer om 'n totale einde te bring aan politieke lewe, omdat dit probeer om 'n totale einde te maak aan dit wat die politieke lewe konstitueer: pluraliteit. Totalitarisme vervorm en omvorm alle mense in hul pluraliteit na die eenvormige, domineerbare Een Man (Arendt 1985:466). Indien 'n mens Thomson se stelling hier bo ter harte neem, sou mens kon sê dat apartheid – as 'n enkele permutasie van 'n totalitêr-otoritêre staatsbestel – onverpoos gewerk het om 'n depolitisering van die besluit aangaande die vriend teweeg te bring. Apartheid was 'n stelsel wat enersheid en die ooreenkoms tussen broers voorveronderstel het vir politieke vriendskap. Hierdie enersheid en ooreenkoms was die voorwaardes vir politieke erkenning en ampsbekleding. Dit was gevolglik 'n sisteem wat *aimance* ten sterkste geïgnoreer en misken het.

Derrida se ondersoek na die politiek van vriendskap toon dat die politieke geskiedenis die vriendkeuse baseer op broederskap, terwyl dit die moontlikheidsvoorwaarde vir alle vriendskap – *aimance* – onderdruk. Dit is dus nie toevallig dat *The Butcher Boys* – as 'n estetiese protesstelling oor apartheid - uitgebeeld word as broers nie. Wat hierdie dimensie van *The Butcher Boys* betref, bied dit 'n herinnering aan die onverantwoordelike broederskap waarop apartheid – as regsorde en politieke orde – gefundeer was. *The Butcher Boys* is 'n intense representasie van die diktatorskap van broers. Hul dierlike, niemenslike, fisieke kenmerke vestig die visuele aandag op wat mens 'n on-menslike broederskap sou kon noem, want in die finale instansie was die seuns van apartheid verantwoordelik vir niks minder as 'n misdaad *teen* die mensdom nie. Soos Powell dit stel: "In their woundedness and their bestiality, [*The Butcher Boys*] are personifications of the appallingly spiralling violence, the anarchy, the necklace killings, the civil war, the police brutality, the child detentions, the burnings and lootings of South Africa in the 1980s" (1995:16-17).

Maar, soos Derrida aandui (2007:381), daar is 'n vreemde kontradiksie geleë in die feit dat die Verenigde Nasies apartheid (as regeringstruktuur en -beleid) reeds in 1973 as 'n misdaad teen die mensdom verklaar het, maar dat lidlande steeds voortgegaan het om dit te ondersteun. Die teenstrydigheid is egter nie toevallig nie. Derrida (2007:382) gaan so ver as om in 1985 aan die hand te doen dat die politieke, ekonomiese en strategiese ewilbrium van die hele Europa (vanuit 'n hulpbronne-oogpunt) sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog afhanklik was van die stabiliteit van Suid-Afrika. Derrida se essay oor apartheid lees soos 'n aanklag – en 'n oproep tot verantwoordelikheid – teen die hele Weste, soveel as wat dit lees as 'n aanklag teen nasionalistiese ideologie en wit rassisme in Suid-Afrika. Soos Derrida later in *Specters of Marx* (1994:xv) sou opmerk:

One name for another, a part for the whole: the historic violence of Apartheid can always be treated as a metonymy [...] one can always decipher through its singularity so many other kinds of violence going on in the world [...] what is happening there translates what takes place here, always here [...] closest to home.

Om hierdie rede is die woord *apartheid* vir Derrida die argiefstuk van wat hy die “onnoembare” noem.

Wat *The Butcher Boys* betref, beteken bogenoemde insigte dat hulle representasie verder gevoer kan word. Mens sou aan die hand kon doen dat die geskiedenis van die rampe van die modernisme voor die deur van 'n moorddadige broederskap gelê sou kon word. Dit is die geskiedenis van hierdie slagterbroers. Om hierdie rede is dit nouliks verrassend dat Derrida se verrekening van die geskiedenis van broederskap as 'n juridies-politiese beginsel hom gelei het na die gevolgtrekking dat die oomblik wanneer daar broers is, daar geen groter gevaar is vir die demokrasie à *venir* of die aankomende demokrasie nie. Die oomblik wanneer die broers die reg dikteer en wanneer 'n politieke diktatuur van broers opgedring word, is ook daardie oomblik wanneer die ruimte van werklike of radikale demokrasie begin kwyn (Derrida, Brault en Naas 2005:50).

4. Jean-Luc Nancy oor broederskap

Hoewel Derrida en Nancy tot dieselfde politieke en filosofiese tradisie (die Franse poststrukuralisme) behoort, verskil hulle radikaal oor die vraag of ons vandag nog na broederskap in politieke teorie behoort te verwys. Kan broederskap ontkom aan die rampspoedige gevolge wat die implementering daarvan in die kontemporêre politieke arena tot gevolg gehad het? In die vorige deel het ons gesien dat Derrida se antwoord op hierdie vraag 'n ferm “nee” is. Daardie “nee” berus op 'n begrip van broederskap gedefinieer as eendersheid, ooreenstemming en uitsluiting.

Nancy se gebruik van die begrip *broederskap* kom voor in sy boek *The experience of freedom*, waarin hy argumenteer dat broederskap ooreenkomstig sy posisie aangaande vryheid nie die verhouding is van hulle wat 'n gemeenskaplike familie verenig nie, maar eerder die verhouding is van diegene wie se *parent* of gemeenskaplike substansie verdwyn het (1988:72).

Hierdie definisie van *broederskap* vind sy oorsprong in Freud (2005) se mite van die patriarg wat deur sy seuns vermoor word. Die ontstaan van die reg word direk verbind met hierdie vadermoord – dit is die konstituerende geweld van die

reg. Die seuns verwerf die reg om reg te maak deur die moord op die patriarg. Die broers deel die verantwoordelikheid vir sy dood. Maar hulle deel ook die vader se verminkte liggaam. Die aanwesige afwesigheid van die vader verleen aan hulle die gedeelde verantwoordelikheid vir die (funderende geweld van) reg. Dit is dus die verdwyning van die patriarg wat aan die seuns (broers) hul vryheid en gelykheid besorg (Nancy 1988:72).

Nancy definieer *broederskap* dan soos volg: “Fraternity is equality in the sharing of the incommensurable” (1988:72) – broederskap is gelykheid in die deling in of deelsaamheid aan die onvergelykbare, aan die onderling onmeetbare.

Ten einde beter te begryp wat Nancy met hierdie definisie van *broederskap* bedoel, is dit nodig dat ons kyk na sy definisie van die aanverwante konsepte *vryheid* en *gelykheid*. Wat vryheid betref, argumenteer Nancy (1988:70) dat vryheid die logika van gedeelde syn of ontologiese deling is. Dit is die deling in die ontologiese toestand van saamheid (die singulariteit van elke bestaan). Vryheid is mede-deelsaamheid. Slegs die konsep van ontologiese mede-deelsaamheid kan die ruimte oopmaak vir vryheid as dit wat ruimte ver-ruim ten einde elke singulariteit se deelname aan die ewige deelsaamheid van singulariteite moontlik te maak (1988:71). Vryheid is, om hierdie rede, onmiddellik ook gelyk aan gelykheid. Vir Nancy bestaan gelykheid geensins in terme van vergelykbaarheid of eendersheid met verwysing na 'n gedeelde maatstaf nie. Gelykheid is die gelykheid van singulariteite in die onvergelykbaarheid wat vryheid is. Daar is geen maatstaf vir vryheid nie – vryheid is om myself teen niks te meet nie (1988:71). Om myself teen niks te meet nie is, volgens Nancy, om myself absoluut te meet. Nancy wys op die eksessiewe/oorskrydende/uitsonderlike aard van hierdie vryheid, maar dui terselfdertyd aan dat hierdie oorskryding-as-maatstaf deur die gemeenskap gedeel word. Hierdie uitsonderlikheid is die essensie van gelykheid en verhouding.

Dit bring ons terug by broederskap. Broederskap is dan die gelykheid in die deelsaamheid aan onvergelykbaarheid. Dit is die *mede-* van *mede-deelsaamheid*. Broederskap beteken vir Nancy dat gelykheid nie in eendersheid of ooreenkoms bestaan nie, maar juis as 'n gelykheid in uitsonderlikheid. Vir Nancy is elke singulariteit in gelyke mate uitsonderlik en dus in gelyke mate geregtig op die deelname in die uitsonderlikheid wat vryheid is. Elders in *The experience of freedom* formuleer Nancy broederskap as die deelname in die verdwene algemene substansie. Hy beskou hierdie deelname as iets moederlik, iets wat juis nie substantief is nie, maar oneindige mede-deelsaamheid is (1988:168).

Wat die moeder of die moederlike aanbetref, argumenteer Nancy en Lacoue-Labarthe in 'n werk wat die verhouding tussen die psigoanalise en die politieke in heroënskou wil neem (Lacoue-Labarthe en Nancy 1997:1) dat die subjek ontstaan deur sy verbondenheid aan die vader én deur die gelyktydige afstanddoening deur die moeder (Fraser 1984:141). Laasgenoemde word egter deur die simboliese orde onderdruk of verhul. Die moord op die vader is ook die vernietiging van die Lacaniaanse reg-van-die-vader (*nom du père*) en dus 'n tydelike verwerping van die simboliese orde van die vader. Die vadermoord stel dus die moeder nie net bloot as die figuur wat agter die politieke reg-van-die-vader staan nie, maar ook as die bron van traumatiese afstanddoening. Die vader is uiteindelik bloot “the unnameable, unrepresentable truth of the Mother” (Lacoue-Labarthe en Nancy 1997:29). Lacoue-Labarthe en Nancy beskou die moeder in psigoanalise as die figuur wat die konsep van gestabiliseerde identiteit en subjektiwiteit omverwerp. Dit is waarom Nancy die deelsaamheid van broederskap as “moederlik” beskryf – dit verteenwoordig 'n sekere tydelike

terugkeer na / blootstelling aan die presimboliese wat 'n deelname in die skeiding-deur-afstanddoening genoem sou kon word (om hierdie rede praat Nancy dan ook van 'n broederskap in en van afstanddoening (1988:168)). Hierdie dimensie van die moederlike reg voor Reg is in die poststrukturele tradisie veral teenwoordig by Julia Kristeva. Soos Kelly Oliver dit in 'n bespreking van Kristeva se *Powers of horror* (1982) stel:

The maternal body not only embodies a separation that is material but also harbors a regulation that is prior to the mirror stage. The maternal body regulates the availability of the breast, among other things. This maternal regulation operates as a law before the Law. The maternal law prefigures and sets up the paternal Law, which, within traditional psychoanalytic theory, forces the child into language and sociality. (Oliver 1997:2)

Onmiddellik na die vadermoord, en voor die instelling van die nuwe simboliese orde deur die reg van die broers, is die deelsaamheid van die broers (weens die gebeurlike ontbloting aan die moeder se afstanddoening) dus by uitstek moederlik. Nancy kom tot die slotsom dat broederskap bestaan in die gelykheid in die deelsaamheid aan onvergelykbaarheid (1988:168), wat hier gelees moet word as 'n deelname in die ver-deling/skeiding van die moeder en wat in die simboliese orde van die moderne reg oorbly as die (mens)waardigheid van die subjek.

In die lig daarvan dat Nancy *vryheid* definieer met verwysing na die onvergelykbare as sodanig, sou mens 'n formulering van broederskap as die gelykheid in die deelsaamheid van vryheid kon verdedig. Die presimboliese of ekstrasimboliese alteriteit van die subjek word dus in die simboliese orde geïnkorporeer en word die oorsprong van vryheid en gelykheid.

Nancy se konsepsualisering in hierdie verband is nou verbonde aan dit wat Maurice Blanchot oor vriendskap skryf:

Friendship, this relation without dependence [...] passes by way of the recognition of the common strangeness [...] speaking to us, they reserve, even on the most familiar terms, an infinite distance, the fundamental separation on the basis of which what separates becomes relation. (Blanchot en Rottenberg 1997:291)

Alvorens Derrida se dispuut met Nancy verder bekyk word, en ten einde die filosofiese belang daarvan beter te begryp, is dit tersaaklik om in hierdie stadium eers ondersoek in te stel na die verhouding tussen Nancy se idee van broederskap en die idee van broederskap soos dit aangetref word in die werk van Emmanuel Levinas. Hierdie ekskursie is geregverdig vanweë die feit dat Levinas se werk oor alteriteit die filosofiese landskap ná die Tweede Wêreldoorlog ingrypend verander het. Levinas se werk het uiteraard 'n invloed op beide Derrida en Nancy (as latere gespreksgenote) uitgeoefen, maar hierdie invloed het op verskillende wyses en in verskillende rigtings plaasgevind.

Levinas se posisie betreffende broederskap word uiteengesit in sy essay *The rights of man and the rights of the other* (1993:116). In hierdie essay formuleer Levinas broederskap as die voorafgaande bemoeienis van een met die ander (1993:125). Levinas beskou broederskap as die imperatief van verantwoordelikheid van een-vir-die-ander. Met verwysing na hierdie broederskap gesetel in 'n oorspronklike verantwoordelikheid teenoor die Ander, argumenteer Levinas dat menseregte oorspronklik konkreet in die bewuste manifesteer as die regte van die Ander en as die verpligtinge van 'n Ek. Levinas bevind dat hierdie verantwoordelikheid teenoor die Ander 'n investering in ons eie vryheid is. Hy

noem dit 'n “vryheid in broederskap” (1993:125). Onderliggend hieraan is die oorspronklik Kantiaanse siening van die reg as die arena van eksterne vryheid (Kant en Gregor 1999:353).

Hoewel daar duidelike verskille bestaan tussen Nancy en Levinas se konsep van broederskap, en hoewel daar in Levinas meer van 'n positiewe of daadwerklike opdrag met betrekking tot verantwoordelikheid bestaan, is Nancy in sy formulering van broederskap beïnvloed deur Levinas se problematisering van die subjek. Levinas lees oorspronklik die idee van verskil, verantwoordelikheid en asimmetriese wederkerigheid in die konsep van broederskap (Caygill 2005:351). Levinas sou saamstem dat broederskap nie *noodwendig* of *oorspronklik* gekonstitueer word as 'n verhouding van eendersheid en simmetriese wederkerigheid nie. In Levinas is broederskap die naam van die oorspronklike verantwoordelikheid teenoor die Ander. Nancy beklemtoon egter die oorspronklike, moederlike ver-deling (wat ook die vir-deling is) waaruit verantwoordelikheid voortvloei: broederskap is die gelyke deelsaamheid in die afwesige gemeenskaplike substansie en die naam van onskatbaarheid; mens sou ook kon aanvoer dat broederskap die naam is van verskil. Soos Watkin (2007:51) opmerk, die grootste verskil tussen Levinasiaanse alteriteit en Nanciaanse alteriteit is geleë in Nancy se beklemtoning van die onverminderbare pluraliteit van gelyktydige bestaan.

5. Die strydpunt tussen Nancy en Derrida

Dit is met bostaande definisie en gebruik van *broederskap* dat Derrida erns maak in een van sy laaste publikasies, die reeds genoemde *Rogues: Two essays on reason* (Derrida, Brault en Naas 2005). Kortweg gestel beskou Derrida bogenoemde gebruik van *broederskap* as 'n misbruik van die konsep. Hy vra waarom Nancy so gesteld is op die behoud van die woord *broederskap* ten einde gelykheid in die deelsaamheid in onskatbaarheid te benoem, terwyl hy terselfdertyd daarop aandring dat broederskap verstaan moet word sonder enige sentimentele konnotasies en nie as 'n bloedverwantskaplike verhouding nie. Derrida beklemtoon dat broederskap vir Nancy nie 'n verhouding is van diegene wat deur dieselfde familie aan mekaar verbonde is nie (Derrida, Brault en Naas 2005:58). In hierdie opsig wyk Derrida dus implisiet ook af van Levinas se siening aangaande broederskap as die oorspronklike naam vir verantwoordelikheid van een teenoor 'n Ander.⁷ Vir Derrida is die verantwoordelikheid teenoor die Ander nie iets wat in en deur broederskap uitgedruk kan word nie.

Morin (2006) argumenteer dat Derrida teen Nancy se “nuutskrywing” of herinterpretasie van broederskap gekant is omdat Derrida vasgevang bly in die eerste fase van die dekonstruksie van broederskap. Dit is die fase van deurhaling, waartydens gefokus word op die onakkuraatheid van 'n konsep. Die deurhaling dui op die onakkuraatheid by die gebruik van die woord as metafisiese konsep (Derrida en Spivak 1997:xiv). Die probleem met deurhaling is egter juis dat die gedekonstrueerde woord of konsep wat deurgehaal word, steeds neergeskryf word en dus altyd die risiko dra dat die gedekonstrueerde konsep weer 'n metafisiese funksie kan aanneem (Morin 2006). Derrida meen dat hierdie risiko slegs deur die geduldige, eindelose werk van dekonstruksie – of *différance* - ondermyn kan word.

Nancy se denke, daarenteen, is veel nader aan die tweede fase van dekonstruksie, waarin 'n radikale filosofiese deurbraak (of nuutskrywing) die

deurhaling onnodig maak en dus oorkom (Morin 2006). Derrida bevind dat Nancy broederskap van alle herkenbare attribute stroop, dog hy wil die woord *broederskap* behou om 'n niebloedverwantskaplike verhouding te benoem. Derrida bly skepties oor hierdie “broederskap sonder broederskap” waarna hy reeds in die vroeër werk, *Politics of friendship*, verwys het. Daarin spreek Derrida hom as volg uit oor broederskap: “In keeping this word [...] one never renounces that which one claims to renounce” (Derrida 1997:237). In *Rogues* word hierdie bemoeienis as volg verwoord:

I am simply concerned that when it comes to politics and democracy this fraternalism might follow at least the temptation of a genealogical descent back to autochthony, to the nation, if not actually to nature, in any case, to birth, to *naissance*. (Derrida, Brault en Naas 2005:61)

Daar is dus vir Derrida altyd 'n onverminderbare risiko geleë in die behoud van die woord *broederskap* in politieke filosofie.

Mens sou hierdie siening soos volg in Derrida se idioom kon stel: Broederskap, selfs al is dit 'n broederskap sonder broederskap, loop immer die risiko dat dit die rug sal keer op die demokrasie à *venir*. Die demokrasie à *venir* is 'n konsep waarvoor Derrida die volgende opmerk in 'n onderhoud oor politiek en vriendskap:

What I call *democracy to come*, which is not the future of democracy, is what this work is striving toward. So what political action is possible? For me the place of the political is the place of *negotiation* between, let's say, the open set of present or presentable data [...] and this “democracy to come”, which always remains inaccessible, not just as a regulating ideal but also because it is structured like a promise and like a relation to alterity, because it never possesses the identifiable form of the presence or of the presence to self. (Derrida 2002:179-80)

Uit hierdie aanhaling kan mens aflei dat Derrida huidige hegemonistiese begrippe van demokrasie assosieer met self-teenwoordigheid of stabiele subjektiwiteit. Broederskap is vir hom 'n instrument van hierdie subjektivering en identiteitspolitiek. Dit funksioneer as 'n uitsluitende politieke konsep wat die miskenning van vele Ander tot gevolg het. Die demokrasie à *venir* is egter 'n altyd uitgestelde, afwesige en dog dringende/dwingende konsep wat nie in die teenwoordigheid van die voorkeur vir die stabiliteit en vastigheid van broederskap bedink kan word nie. Die demokrasie à *venir* staan in die teken van die toekoms of *arrivant* – die onverwagse aankoms van die vreemdeling of onbekende. Om die kwessie weer eens kortweg in Derrida se woorde te stel: “Even if he is an orphan, a brother is a son and therefore a man” (Derrida en Irizarry 2005:22).

Nancy antwoord Derrida kortliks in sy boek *Being singular plural* (2000), waarin hy aandui dat alhoewel hy met Derrida se kritiek van broederskap in *Politics of friendship* saamstem, hy sy posisie aangaande die vraag of broederskap konstitutief generies of aangebore is, keer op keer wysig (2000:198). Hier moet mens in gedagte hou dat Nancy sy idee van broederskap bedink in die konteks van 'n hersiening van die ontologie as geheel. Hierdie hersiening geskied ooreenkomstig die beginsel van die bestaan singulier pluraal – of pluraal singulier – van die gemeenskap of die oorsprong – die oorspronklike verdeling van die oorsprong of dan die gemeenskap as die gedeelde afwesigheid van die kommunale.⁸ Oor hierdie herooring van die ontologie spreek Motha (2002:336) hom as volg uit:

I am a singular being among a multiplicity of other singular beings. I and each of the others are originarily singular, but it is a singularity that is at once plural: the

Latin *singuli* means “one by one” (a word that exists only as a plural). “The alterity of the other is its being-origin”. These being-origins are multiplicitous. The “other” is not the “essential stranger who is simply opposed to what is proper” as in many constructivist accounts. The other of being-origins is “one of the two”. Each one is the other origin of us all because we cannot “be alone being alone”. I am, we are, singular plural. In this way the “being-with” is never secondary to an origin. The origin itself is a coexistence of origins. This is essentially what is expressed in the phrase “being singular plural”.

Nancy (2000:25) meen dus dat hoewel broederskap in die liberale moderne politieke teorie gebruik word om ’n generiese identiteit op te roep en ’n gelykheid in te stel, is dit, ontologies gesproke, juis hierdie “common origin of the common” wat ontbreek. Die mensdom is “broers” slegs vanweë die gemeenskaplike deelsaamheid ván en ín hierdie afwesigheid. Die blootstelling aan en afstanddoening van die moeder by die moord van die vader bring nuwe politieke moontlikhede en verhoudinge.

6. *The Butcher Boys* as representasie van Nancy se idee van broederskap

Soos reeds aangedui, lewer Alexander se *The Butcher Boys* sterk kommentaar op die bloedvergieting wat onderlê word deur die verpolitiserings van broederskap as ’n uitsluitende, ongeregtige konsep. In hierdie opsig verteenwoordig die werk Derrida se kommer oor die gevare verbonde aan die verpolitiserings en die totaliserende werking van die metafisiese konsep van broederskap.

Die vraag ontstaan egter of mens *The Butcher Boys* terselfdertyd of gelyktydig ook sou kon beskou as ’n werk wat verwys na Nancy se idee van broederskap; dit wil sê, die vraag ontstaan of *The Butcher Boys* (ook) oor sekere kenmerke/eienskappe beskik waaruit ons ’n ander, getransformeerde broederskap sou kon aflei – ’n broederskap van afstanddoening en gedeelde afwesigheid selfs?

Om hierdie vraag voorlopig te beantwoord, is dit belangrik om te let op sekere gedeelde *afwesighede* in die drie figure van *The Butcher Boys*. Eerstens is al drie die Butcher Boysstom – al drie het geslote, verwronge monde. Hierdie eienskap dui op ’n gedeelde afwesigheid van gedeelde, simmetriese taalverwisseling – ’n afwesigheid wat versterk word deur die feit dat al drie die figure se hande geen ekspressiewe gebare maak nie. Aan die een kant kan mens dus argumenteer dat daar tussen die Butcher Boys ’n tasbare afwesigheid van diskoers is, dat hulle ’n voorbeeld is van die stilte waarvan Derrida sê: “This silence calls out unconditionally; it keeps watch on that which is not, on that which is not yet, and on the chance of still remembering some faithful day ...” (Derrida 2007:386). Hier is dit belangrik om te let op die ironiese werking van Arendt se stelling dat ’n afwesigheid van diskoers ’n aanduiding is dat vriendskap afwesig is, maar nie noodwendig aanduidend is van die afwesigheid van broederskap nie (Arendt 1983:24). Vir Arendt sou die Butcher Boys dus steeds broers wees, maar nie vriende nie, omdat daar ’n tasbare stilte aan hulle verbonde is. Vir Arendt gaan die broederskap wat van vriendskap onderskei moet word, gepaard met ’n verlies aan wat sy “worldliness” noem. Alexander se uitbeelding van die Butcher Boysas broers kan gelees word as ’n uitbeelding van die verlies aan wêreldsheid wat gepaard gaan met hierdie ver-broedering. Derrida se negatiewe filosofiese houding aangaande broederskap moet dus teen die agtergrond van Arendt se

insig gelees word: vir Derrida beteken die posisionering van broederskap - as basis van vriendskap – 'n verlies aan radikale pluraliteit in die publieke sfeer, en gevolglik impliseer dit 'n wegbeweeg van die demokrasie à *venir*.

Maar op paradoksale wyse resoneer hierdie stilte ook met Nancy se idee dat broederskap in gedeelde afwesigheid bestaan. Vir Nancy sou die afwesigheid van diskoers – die dissonansie - dus ook op broederskap dui, maar hier 'n broederskap wat nie die vyand is van vriendskap nie, aangesien dit 'n broederskap is wat in die teken staan van die onvoltooidheid van die gemeenskap as 'n kommunikasie ('n *être-en-commune*), uitlewering of blootstelling wat nooit tot 'n einde kom nie (Nancy 1991:11). Indien mens die Butcher Boys dus verder waarneem deur op gedeelde afwesigheid te fokus, kom 'n verdere afwesigheid betreffende kommunikasie aan die lig: die beelde kyk vir ewig weg van mekaar, drie windrigtings die niet in – daar is vir ewig geen oogkontak tussen hierdie figure nie. Verder is daar geen ander fisieke/liggaamlike kontak nie, slegs 'n intieme afstand. Die Butcher Boys word vir ewig verenig in hul skeiding van mekaar op die eenvoudige bankie waarop hulle verenig word. Hulle is afgesonder van mekaar en tog is hulle saam: afsonderlik in gesamentlikheid en gesamentlik in hul afsondering, uitgelewer aan mekaar, gelyk in hulle mede-deelsaamheid en verantwoordelikheid as broers.

Die stil driemanskap op die bankie kan dus aan die een kant beskou word as 'n gemeenskap (in die tradisionele sin van daardie woord) van drie broers. Tog ontbreek daar paradoksaal aan die ander kant sekere van die sentrale kenmerke van 'n gemeenskap in die tradisionele sin van daardie woord. Die leser sal byvoorbeeld ook opmerk dat die Butcher Boysoor geen merkbare genitalieë beskik nie. Die manier waarop die kunstenaar hierdie besonderheid uitlaat of verhul, noop die waarnemer om haarself na die domein van die raaisel of geheim te keer. Is hierdie drie figure gekastreerdes, of is die geslagsdele eenvoudig verhul? Indien die genitalieë eenvoudig bedek is, is dit dieselfde geslagsdele wat bedek is, of is daar verskillende genitalieë onder die bedekkings? (Oorweeg byvoorbeeld hier die tipies vroulike sitposisie wat die kunstenaar die beeld op die vooraansig aan die linkerkant laat inneem.) Is die broer(s) dus ook suster(s)? Hierdie onsekerheid betreffende die geslag en die geslagtelike verteenwoordig 'n bevraagtekening van die falliese orde en versterk die idee dat die werk (ook) ooreenkomstig Nancy en Kristeva se idee van die moederlike broederskap gelees kan word.

Vanuit hierdie oogpunt word dit uiteindelik onmoontlik om vas te stel of die Butcher Boys werklik "broers" is in die tradisionele sin van daardie woord (met ander woorde, dit word uiteindelik onmoontlik om te sê of die Butcher Boys vriende-as-broers is). Volgens Arnold beskik Alexander se werk deurlopend oor die vermoë om ons verwagtinge oor representasie omver te werp: "[T]hey are disquieting presences," merk sy op (1995:1). Arnold wys dus daarop dat Alexander se werke nooit by nadere beskouing is wat hulle by eerste beskouing blyk te wees nie.

Gildenhard (2009:29) meen dat die dekonstruktiewe veelvlakkigheid van Alexander se werk daarop neerkom dat dit stabiele identiteit eerder ondermyn as bevestig. Powell maak die stelling dat Alexander die Renaissance-agtige beelde van *The Butcher Boys* dermate vervorm het dat die werk as geheel juis identiteit problematiseer as bevestig (in hierdie sin is dit 'n werk wat aangeraak word deur die traumatiese afstanddoening van die moeder): "[T]hey are neither one thing nor the other; they exist primarily as an unresolved confrontation" (1995:16). Die wonderbaarlike eienskap van *The Butcher Boys* is dus juis dat dit 'n dubbele stelling maak oor broederskap: dit waarsku, staan skepties en kritiseer; en

terselfdertyd dui dit op die moontlikhede en voordele van 'n transformatiewe verstaan van broederskap.

Miki argumenteer dat *The Butcher Boys* emblematis is van Alexander se werk omdat dit 'n veelvlakkige boodskap oordra waarin bekende voorwerpe en tonele omskep word in uiters onbekende (vreemde) entiteite. Miki wys ook op die feit dat Alexander se werk dekonstruktief is, omdat dit binêre teenoorgesteldes bevraagteken: "Alexander's interest centres on reality that cannot be discussed in binary terms; her sight is focused on a zone in which various disparate elements are linked together" (2002:21). In hierdie sin is *The Butcher Boys* 'n liminale kunswerk, en tussen dekonstruksie en liminaliteit bestaan daar, soos Liszka aandui, 'n besondere affiniteit (1983:233). Volgens Liszka beteken bostaande egter nie dat liminaliteit of 'n liminale posisie 'n apolitiese posisie van neutraliteit is nie. Dekonstruksie as liminaliteit lê eerder klem op die interne kontradiksies in en die spanning tussen die teenoorgestelde pole van klassieke binêre opposisies. Dit wys hoe die hiërargieë binne hierdie opposisies arbitrêr is en hoe die pole van die opposisies konstitutief in mekaar verstrengel is (Liszka 1983:247).

Toegepas op *The Butcher Boys* ondermyn hierdie insig 'n begrip van broederskap gebaseer op teenwoordige, gedeelde, gemeenskaplike substansie, te wete eendersheid of herkenbaarheid. Tog is dit so dat die Butcher Boys identiese kenmerke het (byvoorbeeld die mensagtige anatomie, die horings, die eenderse oë). Maar hierdie aanwesighede wat saambestaan met die gedeelde afwesighede wat hier bo uitgewys is, bevestig eerder die punt dat ons hier te make het met 'n dekonstruktiewe werk wat die identiteitspolitiek en nasionalismes van ons tyd kritiseer en op die brutale, onmenslike gevolge daarvan dui. As ons die debat tussen Derrida en Nancy op die werk projekteer, kan ons argumenteer dat die werk hierdie kritiek nie net op een vlak, op een wyse, of in een register uitspreek nie. Die kritiek is veelvlakkig: dit kritiseer broederskap soos wat dit tradisioneel verstaan word, maar dit wys ook daarop dat iets nuut met broederskap gedoen kan word, iets wat transformatief is vir die politiek.

Morin argumenteer dat die debat oor broederskap tussen Derrida en Nancy gelees moet word in die konteks van wat sy 'n "common project with different strategies" noem (2006). Morin meen dat beide Derrida en Nancy die konsep *gemeenskap* of *gemeenskaplikheid* wil herbedink ooreenkomstig 'n strategie van deurhaling: dit is nodig om *gemeenskap* of *broederskap* te skryf én om dit terselfdertyd deur te haal. Waar Derrida se werk *broederskap* of *gemeenskap* deurhaal, verkies Nancy om dit nuut te (be)skryf ooreenkomstig sy dekonstruksie van die ontologie.

Alexander se *The Butcher Boys* is 'n visuele uitbeelding van die debat tussen Derrida en Nancy. Dit reflekteer Derrida se beswaar teen die voortgesette ontplooiing van broederskap, affiliasie of genealogie in politiek (dit is 'n deurhaling van die tradisionele begrip van broederskap), maar dit beeld ook 'n verstaan van broederskap uit wat ontstaan in 'n afwysing van 'n definisie van broederskap gebaseer op gedeelde aanwesige substansie. *The Butcher Boys* inkorporeer gelyktydig 'n deurhaling van die tradisionele idee van broederskap – 'n broederskapdus - en 'n deurgedekonstrueerde broederskap à la Nancy. In hierdie opsig het ons te make met 'n artistieke bewustheid dat grensoorskryding per definisie grensbevestigend moet wees. As sodanig is dit 'n werk van spanning en tussenstand as (politieke) opstand.

7. Gevolgtrekking: *Self-Defence of Stability Unit*?

Die interpretasie van *The Butcher Boys* as 'n liminale kunswerk word ondersteun deur die feit dat die werk gedurende 'n politieke tussentyd tot stand gekom het. Soos vroeër genoem is die werk in 1985 geskep en het dit beroemdheid verwerf in die tydperk tussen 1986 en 1995, die tussentyd van oorgang vanaf die einde van apartheid na die begin van demokrasie in Suid-Afrika. Hierdie liminale tyd waarin *The Butcher Boys* geskep is, maak van die werk sowel 'n stelling aangaande die brutaliteit van apartheid en totalitarisme (politieke broederskap in die tradisionele sin) as wat dit 'n waarskuwing oor demokrasie en die republikeinse motto rig. *The Butcher Boys* betreur 'n eienskap van demokrasie wat wydverspreid geword het in hedendaagse liberale diskoers, naamlik demokrasie se klaarblykbare onvermoë om 'n selfrefleksiewe, selfkritiese verhouding teenoor sigself in te neem en met sigself te onderhou.

Miskien is dit nodig om hier te verwys na 'n artikel op die internet waarin 'n kunskritikus sy indrukke van *The Butcher Boys* as volg uitspreek:

What I thought of was Zimbabwe's President Robert Mugabe who "won" [democratic] re-election over a week ago largely by unleashing his own Butcher Boys, The National Youth Service Brigade. These young thugs were taught to beat, torture, and kill his opponents. They burned down the huts around villagers who didn't turn up at compulsory pro-Mugabe rallies. They carved political slogans into the living flesh of suspected opponents. (Aangehaal in Cogswell 2002)

Dit is miskien ook nodig om te wys op die wydverspreide definisie van Suid-Afrikaanse politiek vandag in terme van wat sommige reeds beskou as die heerskappy van onverantwoordelike vriende-as-broers. *The Butcher Boys* as kommentaar op die vergrype van die politieke is 'n werk wat vandag so relevant is soos toe dit 25 jaar gelede gemaak is. Dit is dus nie eenvoudig 'n geslote historiese stelling oor 'n tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis nie. Dit is ook nie eenvoudig 'n stelling oor huidige ongeregtigheid wat onder die vaandel van die demokrasie gepleeg word nie. Dit kan ook beskou word as 'n stelling oor die toekoms, omdat die beelde kenmerke oordra van 'n politieke sfeer wat nie gefundeer is in 'n moorddadige broederskap nie, maar eerder bestaan in 'n nuwe en oop verantwoordelikheid wat, nietemin, in broederskap gevind kan word. Hierdie broederskap/broederlikheid sou geformuleer kon word as die mededeelname in deelsaamheid, dit wil sê die gelykheid in die deelname aan onskatbaarheid.



Jane Alexander, *Self-Defence and Stability Unit* (1994). Foto deur Desmond Steward.

In 1994 – die jaar van die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika – voltooi Alexander 'n tweeledige tablo getiteld *Self-Defence and Stability Unit*. Hierdie titel verwys na die apartheid-era as 'n konflik tussen vryheidsvegters ("self-defence") en sekuriteitsmagte ("stability unit"). Powell redeneer dat hierdie werk 'n tipe voorbereiding of aanloop in die evolusie van *The Butcher Boys* is, of moontlik eerder 'n terugkeer daarvan is (1995:17). Die tablo bestaan uit twee naakfigure, een swart, die ander wit. Die swart figuur se gesig is vermom met 'n balaklawa. Hierdie mondering was 'n kenmerk van vryheidsvegters in die townships van die 1980's in Suid-Afrika. Die wit figuur dra 'n wit seilsak oor die hoof met gate daarin vir die oë en mond. Hierdie masker is afgelei van 'n masker wat die sekuriteitsmagte gebruik het om hulself te vermom terwyl hulle brutale aanvalle in die townships uitgevoer het (Powell 1995:17). Die twee figure is op soortgelyke stoele geposisioneer; die postuur van beide dra 'n gevoel oor van gespanne afwagting op die uitslag van 'n verhoor, aanklag of besluit.

Hierdie werk is dus 'n aangrypende kommentaar op die gevoel van tasbare afwagting of ingehouendheid wat so kenmerkend was van die jaar waarin die eerste demokratiese verkiesings plaasgevind het. Die werk kan egter ook (soos *The Butcher Boys*) beskou word as synde'n boeiende ambivalensie aangaande broederskap te bevat. Dit wil voorkom dat die artistieke suggestie hier dui op 'n eenvoudige opposisie tussen twee lede van twee radikaal verskillende broederbendes. Die figure is verteenwoordigers van die twee aparte groepe van die gewelddadige konflik wat Suid-Afrika gedurende apartheid so diep geskend het. Alexander se *Self-Defence and Stability Unit* is ook 'n merkwaardige visualisering van die volgende woorde van Derrida: "One of the many reasons why I am wary of the brother [...] is that there is no worse war than that between enemy brothers" (Derrida, Brault en Naas 2005:50). *Self-Defence and Stability Unit* dui intens op die oorlog tussen broers. Hier het ons 'n nuwe uitbeelding van die argetipiese broers, Polinesius en Eteokles, die seuns van Oedipus en Jokasta. Die verskil is dat hierdie twee broers, hierdie twee kante of magte, mekaar nie vernietig het nie, maar in die naam van geregtigheid gevra / opdrag gegee is om te versoen (sou ons hier kon sê om te "verbroeder"?), in die belang van ter wille van 'n postapartheid-Suid-Afrika. Wanneer die lede van verskillende broederbendes gevra word om in die belang van geregtigheid te versoen, is dit,

uit die aard van die saak, 'n kwessie van *aimance*, 'n kwessie van die verpolitiserings van die keuse/besluit rondom die vriend. Dit is 'n opening van die Een aan die Ander.

Daar is allesbehalwe 'n toespeling in Alexander se werk dat 'n maklike versoening of stabiele gemeenskap tussen hierdie broers moontlik is. Tog is hierdie figure beide gemasker en uitgelewer / ont-bloot aan mekaar, saam en geskei. Soos in *The Butcher Boys* is daar 'n sekere appèl in hierdie werk geleë – 'n oproep om die ander kant van broederskap te bedink, broederskap as die Ander se kant, 'n broederskap waarin die respektiewe narsissisme van *Self-Defence* en van *Stability Unit* transformeer in 'n broederskap van deelsaamheid. Alexander se *The Butcher Boys*, soos toegelig deur Derrida en Nancy se dekonstruksie van broederskap as politieke beginsel, roep ons op om, in die naam van die *arrivant* van demokrasie, in die naam van 'n postapartheid-broederskap, te bevestig dat dit inderdaad steeds moontlik is om onself oop te maak vir 'n sekere demokrasie wat nie langer 'n belediging sal wees vir die vriendskap wat bedink wil word buite die homobroederlike en fallogosentriese skema nie (Derrida 1997:306).

Bibliografie

- Adorno, T., Shierry W. Nichol森 en Samuel Weber (verts.). 1981. *Prisms*. Cambridge: MIT Press.
- Arendt, Hannah. 1985. *The origins of totalitarianism*. New York: Harcourt.
- Arendt, H. en Margaret Canovan. 1998. *The human condition*. Chicago: University of Chicago Press.
- Arendt, Hannah. 1995. *Men in dark times*. San Diego: Harvest Books.
- Arnold, Marion. Introduction. In Powell 1995.
- Badiou, Alain. 2001. *Ethics: An essay on the understanding of evil*. Londen: Verso Books.
- Barnard, Alfred J. 2008. Beyond the brother: Radical freedom. *Acta Juridica*, pp. 273-97.
- Bedford, Emma. 2008. Translation and the media: Media and the arts. In Villa-Vicenzio en Du Toit (reds.) 2006.
- Bennington, Geoffrey. 2008. *Deconstruction is not what you think ... and other short pieces and interviews*. Londen: Bennington Books.
- Blanchot, M. en Elizabeth Rottenberg (vert.). 1997. *Friendship*. Stanford: Stanford University Press.
- Breytenbach, Breyten. 1993. *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*. Groenkloof: Hond/Intaka.
- Butler, Anthony. 1998. *Democracy and Apartheid*. Londen: MacMillian Press.

Caygill, Howard. 2005. Bearing witness to the infinite: Nancy and Levinas. *Journal for Cultural Research*, 9(4):351-7.

Caputo, John. D. 1997. *The prayers and tears of Jacques Derrida: Religion without religion*. Bloomington: Indiana University Press.

Clark, David. 2007. Bereft: Derrida's memory and the spirit of friendship. *South Atlantic Quarterly*, 106(2):291-324.

Cogswell, Kelly. 2002. Butcher boys and Zimbabwe. *theGully.com*
http://www.thegully.com/essays/africa/020320_zimbabwe_mugabe.html (2 Desember 2009 geraadpleeg).

Cornell, Drucilla. 1993. *Transformations: Recollective imagination and sexual difference*. New York: Routledge.

Critchley, Simon. 2009. *Ethics – politics – subjectivity: Essays on Derrida, Levinas and contemporary French thought*. Londen: Verso.

DaimlerChrysler, A.G. (red.). 2002. *Jane Alexander*. Ostfildern-Ruit: Hatje Cantz.

Derrida, J. en David Wills (vert.). 1995. *The gift of death*. Chicago: The University of Chicago Press.

Derrida, J. en George Collins (vert.). 1997. *Politics of friendship*. Londen: Verso Books.

Derrida, J. en Gayatri C. Spivak (vert.). 1976. *Of grammatology*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Derrida, J. en Elizabeth Rottenberg (red., vert.). 2002. *Negotiations: Interventions and interviews 1971-2001*. Stanford: Stanford University Press.

Derrida, J. en Christine Irizarry (vert.). 2005. *On touching – Jean-Luc Nancy*. Stanford: Stanford University Press.

Derrida, J. Pascal-Anne Brault en Michael Naas (verts.). 2005. *Rogues: Two essays on reason*. Stanford: Stanford University Press.

Duiker, Sello. 2004. The streets and the gods of truth. *Rhodes Journalism Review*, 24:8-9.

Fenves, Peter. D. 1999. Politics of friendship – once again. *Eighteenth Century Studies*, 32(2):133-55.

Fraser, Nancy. 1984. The French Derrideans: politicizing deconstruction or deconstructing the political? *New German Critique*, 32:127-54.

Freud, S. en Shaun Whiteside (vert.). 2005. *On murder, mourning and melancholia*. Londen: Penguin.

Geary, Adam. 2004. "Tell all the truth but tell it slant": a poetics of truth and reconciliation. In Hanafin, Geary en Brooker 2004.

- Gildenard, Ingo. 2009. Ontological fluidity. In Subirós 2009.
- Giliomee, Hermann. 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Londen: C. Hurst & Co (Publishers) Ltd.
- Habermas, J. en Frederick Lawrence. 1987. *The philosophical discourse of modernity*. Massachusetts: Massachusetts Institute of Technology Press.
- Hanafin, P., Adam Geary en Joseph Brooker. 2004. *Law and Literature*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Grodin, M. en Michael Kreiswirth (reds.). 1997. *The Johns Hopkins guide to literary theory and criticism*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Jameson, Fredric. 2009. *The cultural turn: Selected writings on the postmodern, 1983-1998*. Londen: Verso Books.
- Kant, I. en Mary Gregor (red.). 1996. *The metaphysics of morals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Knecht, A. The Afrikaner Broederbond: From "Devil of Apartheid" to an actor of change in the transformation process of South Africa? In Pretorius 2008.
- Kristeva, J. en Leon Roudiez (vert.). 1984. *Powers of horror; an essay on abjection*. New York: Columbia University Press.
- Lacoue-Labarthe, P. en Jean-Luc Nancy. 1997. *Retreating the political*. New York: Routledge.
- Levinas, E. en Michael B. Smith (vert.). 1993. *Outside the subject*. Stanford: Stanford University Press.
- Lewis, Pericles. 2000. *Modernism, nationalism and the novel*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Liszka, James J. 1983. Derrida: Philosophy of the liminal. *Man and World*, 16:233-50.
- Lynch, Sandra. 2002. Aristotle and Derrida on friendship. *Contretemps*, 3:98-108.
- MacCannell, Juliet F. 1991. *The regime of the brother – after the patriarchy*. New York: Routledge.
- Martin, Elaine. 2006. Re-reading Adorno: the "after-Auschwitz" aporia. *Forum*, 2:1-13.
- Miki, Akiko. 2002. Making invisible relationships visible. In DaimlerChrysler 2002.
- Morin, Marie-Eve. 2006. Putting community under erasure: Derrida and Nancy on the Plurality of Singularities. *Culture Machine* 8. <http://www.culturemachine.net/> (2 Desember 2009 geraadpleeg).
- Mosley, Erin. 2007. "Visualizing" Apartheid: Contemporary art and collective memory during South Africa's transition to democracy. *Antipoda*, 5:98-120.

- Motha, Stewart. 2002. The sovereign event in a nation's law. *Law and Critique*, 13:311-38.
- Nancy, J-L., B. McDonald B. (vert.) en Fennes, P. (voorwoord). 1988. *The experience of freedom*. Stanford: Stanford University Press.
- Nancy, J-L., R.D. Richardson en A.E. O'Byrne (vert.). 2000. *Being singular plural*. Stanford: Stanford University Press.
- Nicol, Michael. 1996. *The waiting country: A South African witness*. Londen: Gollancz.
- Oliver, Kelly. 1997. Julia Kristeva. In Grodin en Kreiswirth (reds.) 1997.
- Powell, Ivor. 1995. *Jane Alexander; sculpture and photomontage*. Kaapstad: Creda.
- Peffer, John. 2003. Animal bodies/Absent bodies. *Third Text*, 1:71-83.
- Pretorius, J. 2008. *African politics: Beyond the third wave of democratisation*. Kaapstad: Juta.
- Pretorius, T. s.j. Tanya Pretorius' bookmarks: traditional artists: Butcher Boys by Jane Alexander.
<http://www.tanyapretorius.co.za/content/art/artists/jane%20alexander.htm> (2 Desember 2009 geraadpleeg).
- Rancière, J. en Gabriel Rockhill (vert.). 2004. The politics of aesthetics: The distribution of the sensible. Londen: Continuum Books.
- Rose, Gillian. 1997. *Mourning becomes the law*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Smith, Nico. 2009. *Die Afrikaner Broederbond – belewing van die binnekant*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Steiner, George. 1998. *Language and silence: Essays on language, literature and the inhuman*. New Haven: Yale University Press.
- Subirós, Pep. 2009. *Jane Alexander. On being human*. Durham: Institute of Advanced Study.
- Thomassen, Lasse. 2006. *The Derrida-Habermas reader*. Chicago: University of Chicago Press.
- Thomson, Alex. 2005. *Deconstruction and democracy*. Londen: Continuum.
- Van der Walt, Johan W.G. 2005. *Law and sacrifice: Towards a post-apartheid theory of law*. Johannesburg: Wits University Press.
- Villa-Vicenzio, C. en F. du Toit (reds.). 2006. *Truth and reconciliation in South Africa: 10 Years On*. Kaapstad: David Philip.

Weber, Elisabeth. 2007. Suspended from the other's heartbeat. *South Atlantic Quarterly*, 106(2):325-44.

Watkin, Christopher. 2007. A different alterity: Jean-Luc Nancy's "singular plural". *Parapgraph*, 30(2):50-64.

Wills, David. 2005. Full dorsal: Derrida's politics of friendship. *Postmodern Culture*, 15(3). <http://pmc.iath.virginia.edu/text-only/issue.505/15.3wills.txt> (2 Desember 2005 geraadpleeg).

Žižek, Slavoj. 2008. *Violence: six sideways glances*. Londen: Profile Books.

Eindnotas

¹ Martin (2006) beskryf Adorno se stelling as 'n "after Auschwitz aporia". Die aporia van Adorno se stelling is geleë in die feit dat dit tegelyk noodsaaklik en onmoontlik is om die Shoah-verwante misdade te representeer. Soos Martin (2006:2) opmerk: "Adorno's pronouncements were never meant as silence-inducing taboos, but rather as concrete theoretical reflections upon the moral status of art in the aftermath of the Shoah and as warnings of the moral peril involved in the artistic rendering of mass extermination."

² Ek gebruik die woord *transformasie* in die radikale sin, soos volg gedefinieer deur Drucilla Cornell (2000:2): "[transformation] means that a system can so alter itself that it not only no longer confirms its identity, but disconfirms it and, indeed, through its very iterability, generates new meanings which can be further pursued and enhanced by the sociosymbolic practice of the political contestant within its milieu."

³ Weber (2007:326) dui aan dat die frase *suspendu au battement du coeur de l'autre* in die Engels verkeerd vertaal is as *suspended over the other's heartbeat*. Ten einde Derrida se kritiek teen die idee van hiërargiese dominasie van die Een oor die Ander gestand te doen, behoort die frase *suspendu à* eerder vertaal te word as *suspended from*, of dan *gesuspendeer vanaf*.

⁴ Die formulering van die etiese verhouding in terme van asimmetriese resiprositeit of ooreenkomstig *différance* word veral in Habermasiaanse kringe aan sterk kritiek onderwerp. Sien byvoorbeeld Habermas (1987:161-210) en Thomassen (2006). Vir kritiek buite die Habermasiaanse skool sien Rose (1997). Vir kritiek van binne die poststrukturealisme sien Badiou (2001) en ook Bennington (2008:43-54). Hoewel die argumente wat in hierdie bydrae gelewer word, 'n sterk dekonstruktivistiese posisie inneem, behoort dit (juis ooreenkomstig die dekonstruksie) gelees te word teen die agtergrond van – en gerelativeer deur – die bogenoemde debat.

⁵ Verskeie teoretici gaan akkoord met hierdie interpretasie. Sien byvoorbeeld Fennes (1999:142), waarin aangedui word dat *Politics of friendship* geskryf is in die naam van die komende of permanent uitgestelde demokrasie. Sien ook Critchley (2009:254) en Wills 2005.

⁶ Dit is so dat broederlike twis binne hierdie organisasie voortdurend aan die orde van die dag was, en dit is ook waar dat die Broederbond aan die einde van apartheid selfs van mening was dat die transformasieproses aangehelp is deur die optrede van sy lede (sien Knecht 2008). Hierdie bydrae gaan nie in op die

besonderhede van bogenoemde kwessies nie. Die doel hier is eenvoudig om aan te toon dat apartheid en die Broederbond nou aan mekaar verbonde was en dat beide gesien kan word as instansies van die broederlike vriendskap wat Derrida problematiseer. Sien in hierdie verband ook Giliomee (2003:420) en Smith (2009).

⁷ Hierdie “afwyking” van Derrida het te make met die verskillende wyses waarop Levinas en Derrida die etiese verhouding interpreteer. Vir ’n nuttige bespreking van hierdie kwessie sien Caputo (1997:20-26).

⁸ “Philosophy needs to recommence, to restart itself from itself against itself, against political philosophy and philosophical politics. In order to do this, philosophy needs to think in principle about how we are “us” among us, that is, how the consistency of our Being is in being-in-common, and how this consists precisely in the ‘in’ or in the ‘between’ of its spacing” (Nancy 2000:25-6).

Identifisering met die held en die emosionele betrokkenheid van kykers by rolprentdramas

Francois Human
Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Opsomming: Identifisering met die held¹ en die emosionele betrokkenheid van kykers by rolprentdramas²

Sukses of mislukking om identifisering te skep, speel 'n beslissende rol in die emosionele betrokkenheid van rolprentdrama-kykers. Die outeur van hierdie artikel het 270 riglyne en tegnieke vir die skep van effektiewe identifikasie met karakters uit bestaande bronne geïdentifiseer. Hierdie riglyne en tegnieke is breedweg in vyf kategorieë ingedeel, naamlik: behoeftes, motiverings en doelwitte; persoonlikheidseienskappe; fisiese eienskappe; omstandighede; en handeling. Hierdie riglyne en tegnieke word doelbewus en effektief aangewend in draaiboek wat kommersieel suksesvol is, maar ontbreek of word oneffektief aangewend in die meeste draaiboek wat kommersieel onsuksesvol is. In hierdie artikel word die vyf kategorieë identifiseringstegnieke bespreek en toegelig met voorbeelde uit rolprentdramas. Die artikel word afgesluit met 'n vergelyking tussen die benutting van identifiseringstegnieke, of die gebrek daaraan, in die eerste bedrywe van onderskeidelik die Hollywood-produksie *The Karate Kid* en die Suid-Afrikaanse produksie *Brutal Glory*.

Abstract: Identification with the hero and the emotional involvement of viewers with motion picture dramas

*Success or failure in achieving identification with characters plays a decisive role in the emotional involvement of motion picture drama viewers. The author of this article identified 270 specific guidelines and techniques for creating effective identification with characters from existing sources. These guidelines and techniques are broadly divided into five categories: needs, motivations and goals; personality traits; physical traits; circumstances; and behaviour. These guidelines and techniques are deliberately and effectively applied in screenplays that are commercially successful, but are lacking or ineffectively utilised in most commercially unsuccessful screenplays. In this article the five categories of identification techniques are discussed and illustrated with examples from motion picture dramas. The article concludes with a comparison between the utilisation, or lack of utilisation, of identification techniques in the first acts of the Hollywood production *The Karate Kid* and the South African production *Brutal Glory* respectively.*

Identifisering met die held¹ en die emosionele betrokkenheid van kykers by rolprentdramas²

1. Inleiding

Die hoofkarakters, veral die held, is die voertuie waardeur kykers die intense emosies beleef wat met 'n suksesvolle rolprentdrama gepaard gaan. Om kykers in hierdie voertuie in te lok, moet die draaiboekskrywer hulle oorreed om met bepaalde karakters te identifiseer.

Die belang van identifisering is reeds deur Aristoteles uitgelig toe hy aangevoer het dat die drama gebeurde behels wat meegevoel en vrees wek by die gehoor, en dat die intrige meegevoel moet skep (Moxon 1963:19, 21).

Sedert die 19de eeu, toe Duitse teoretici die term *Einfühlung* (empatie) geskep het, is identifisering 'n bekende konsep binne die letterkunde. 'n Dosent in draaiboekskryf by Colombia Universiteit, F.T. Patterson, wys reeds in 1920 op die belangrikheid daarvan dat kykers met die rolprentheld moet identifiseer. Volgens hom is kykers aan die begin neutraal teenoor rolprentkarakters. Hulle weet niks van die karakters nie en gee niks vir hulle om nie. Die draaiboekskrywer moet hierdie neutraliteit afbreek en kykers betrek by die drama wat voor hulle ontvou (Patterson 1920:10).

Identifisering word eers vanaf die vroeë 1980's in meer besonderhede bespreek in handboeke oor draaiboekskryf. Die tegnieke om kykers emosioneel by die karakter te betrek, is sedertdien vanuit beide teoretiese en praktiserende hoeke bestudeer en gedokumenteer. Geen omvattende studie oor, of riglyne vir, die skep van identifisering met rolprentkarakters bestaan egter nie. Handboeke en akademiese publikasies wat wel daarna verwys, gee hoogstens enkele riglyne. In hulle kontroleyste vra byvoorbeeld Hauge (1988:21–31), Human (1988:266–70), Katahn (1990:48–54), Miller (1998:46) en Trottier (1998:84–93) almal slegs enkele vrae in dié verband.

Alhoewel al hierdie outeurs slegs enkele riglyne/tegnieke vir die skep van identifisering lys, is hulle eenparig in hulle beklemtoning van die noodsaak van effektiewe identifisering van die kykers met veral die hoofkarakter. Hauge (1988:162) stel dit onomwonde dat vyf elemente noodsaaklik is vir die sukses van 'n speelprent by die loket: 'n duidelike held, identifisering met die held, 'n doelwit vir die held, hindernisse, en dat die held dapperheid aan die dag moet lê om sy doel te bereik (in hierdie volgorde).

2. Die aard van identifisering

“It signifies an identification of oneself with an observed person or object which is so close that one seems to participate in the posture, motion and sensations that one observes” (Abrams 2005:78-9).

Volgens Neill (1996:175-6) beroep feitlik almal hulle op identifisering en empatie om kykers se emosionele betrokkenheid by rolprentdramas te verduidelik. Hy maak die interessante stelling dat identifisering die *ontkenning van verskille*

tussen jouself en ander is. Mense beleef emosies as hulle hoor van buitengewone dinge wat met mense gebeur wat hulle ken. As dieselfde dinge met vreemdelinge gebeur, sal die persoon weinig emosie beleef.

In draaiboeke beteken identifisering dat die kyker “... experiences emotion through that character. In other words, the audience puts itself inside the character emotionally to experience the story: if the character is in danger, the audience feels frightened; if the character suffers loss, the audience feels sad” (Hauge 1988:41-2).

Identifisering is inherent deel van hoër lewensvorme. Mense, diere, voëls en visse identifiseer vanaf 'n baie jong ouderdom met die uiterlike voorkoms van die spesie waaraan hulle tydens 'n kritieke tydperk na geboorte blootgestel is (Santrock 2000:339-40). Hierdie kritieke tydperk staan bekend as *imprinting* en die jongeling sal homself beskou as behorende tot die spesie waaraan hy in hierdie tydperk blootgestel word. Na hierdie kritieke tydperk ontwikkel die mens of dier 'n vrees vir vreemdelinge en vreemde voorwerpe. Verwant hieraan is die feit dat onbekende persone en groepe meestal deur volwassenes en kinders beoordeel word op grond van die stereotiepe opvattinge wat van sy groep bestaan (Weiten 2004:649–51).

Volgens Louw en Edwards (1998:685–7) is aantreklikheid en fisiese voorkoms soos liggaamsbou en kleredrag twee van die belangrikste bepalers van aangetrokkenheid (en dus identifisering). Mense wat fisies aantreklik is, trek ook voordeel uit die stralekrans-effek, naamlik dat positiewe eienskappe aan hulle toegeskryf word. Daarteenoor ervaar kinders onaantreklike mense as aggressief.

Gerrig en Prentice (1996:390–91) verskaf 'n interessante aanvullende verduideliking vir die grondslag van identifisering. Hulle maak die stelling dat die vaardighede wat individue deur gesprekke bekom, dieselfde is as wat deur rolprentdramas vereis word. Gesprekke behels sprekers en aangesprokenes (*addressees*). Daarnaas identifiseer hulle ook kantdeelnemers (*side-participants*) en toehoorders (*overhearers*). Kantdeelnemers is persone wat nie direk by die gesprek betrokke is nie, maar van wie die spreker bewus is en wat verwag om ingelig te wees oor wat die gesprek behels. Toehoorders luister na die gesprek, maar is deur die ontwerp daarvan uitgesluit. In gesprekke met meer as twee deelnemers is mense gewoond om inligting te ontvang sonder dat hulle formeel die aangesprokene is. Volgens hulle vereis gespreksvoering kognitiewe prosesse wat mense in staat stel om glad as kantdeelnemers te funksioneer en is mense baie vaardig in die genereer van reaksies wat gepas is vir inligting wat hulle as kantdeelnemers ontvang (1996:391–2).

Gerrig en Prentice (1996:392) redeneer verder dat die kognitiewe vaardigheid van kantdeelnemers aangewend word tydens lees en die kyk van rolprentdramas. Outeurs hanteer kykers as kantdeelnemers en ontwerp die kommunikasie op so 'n wyse dat hulle akkuraat ingelig is. Outeurs kan ook toehoorders van hulle kykers te maak. Hulle kan byvoorbeeld die kommunikasie so ontwerp dat die volle betekenis daarvan eers na vore kom soos die storie ontvou.

Die konsep van kykers as kantdeelnemer verklaar volgens Gerrig en Prentice (1996:392–3) waarom individue tydens 'n rolprentdrama sal vergeet dat hulle nie werklik kan deelneem nie. Die kognitiewe prosesse wat kantdeelnemers onderlê, maak dit normaal om 'n waarskuwing te wil skree of applous te wil gee. Dit laat die vraag ontstaan wát kykers as kantdeelnemers laat besluit aan watter karakter se kant hulle binne die verhaalgebeure is, met ander woorde, vir wie hulle 'n waarskuwing of aanmoediging wil skree.

3. Riglyne en tegnieke om kykers met rolprentkarakters te laat identifiseer

Uit die 85 bronne oor draaiboekskryf en rolprentkommunikasie wat die outeur van hierdie artikel bestudeer het, is altesaam 1 500 riglyne/tegnieke oor die skep van effektiewe karakters opgeteken. Hiervan het die meeste, naamlik 292, gehandel oor identifisering. Die res van die tegnieke is verdeel tussen die ander 40 onderwerpe oor rolprentkarakters wat nagevors is. Gemiddeld is daar dus 30,2 tegnieke per onderwerp, wat identifisering ver bo die gemiddelde plaas (Human 2007:453–62).

Die tegnieke wat ten opsigte van identifisering gedokumenteerd is, sluit 10 algemene riglyne in, 270 spesifieke tegnieke/riglyne vir die skep van identifisering, en 12 redes waarom kykers nie met karakters identifiseer nie. Om die aanwending van die 270 tegnieke vir die skep van identifisering te vergemaklik, is hulle generies in vyf kategorieë ingedeel:

- Behoeftes, motiverings en doelwitte
- Persoonlikheidseienskappe
- Fisiese eienskappe
- Omstandighede
- Handeling.

In hierdie artikel word 'n aantal tegnieke/riglyne uit elke kategorie genoem en aan die hand van verskillende voorbeelde bespreek. Aangesien al die tegnieke nie in een rolprentdrama aangewend kan word nie, word positiewe en negatiewe voorbeelde vanuit verskillende rolprentdramas gebruik.

Die artikel word afgesluit met twee gevallestudies om die aanwending van identifiseringstegnieke, of die gebrek daaraan, toe te lig: die eerste bedryf van die speelprente *The Karate Kid* (1984), 'n Hollywood-produksie, en *Brutal Glory* (1989), 'n Suid-Afrikaanse produksie.

3.1 Behoeftes, motiverings en doelwitte

'n Groot aantal van die identifiseringstegnieke, naamlik 61 (22,6 persent), val binne die kategorie van behoeftes, motiverings en doelwitte. Indien kykers 'n karakter se behoeftes en motiewe verstaan, deel hulle in die menslikheid van die karakter en kan hulle die emosie van die intrige met hom deel. Hill stel dit reeds in 1919 dat die belangrikheid vir kykers om die held se innerlike lewe en dryfkragte te verstaan, net oortref word deur die belangrikheid dat kykers dit goedkeur. As helde deur selfsugtige motiewe of 'n gebrek aan goeie oordeel gemotiveer word, sal kykers minder met hulle identifiseer, minder simpatie hê (1919:22).

Hoe meer simpatie die karakter se motiverings, behoeftes en doelwitte wek, hoe makliker sal kykers met hom en sy stryd identifiseer. Indien simpatie bewerkstellig kan word, is die held inderdaad aan die kykers se kant. As hy ook hulle emosies en/of gedagtes vergestalt, is die assosiasie nóg sterker. Kykers voel nie net vóór die held nie, maar ook sóóó die held, en is dus medeverantwoordelik vir sy gedrag. Dit was byvoorbeeld moeilik vir kykers om te simpatiseer en empatiseer met die hoofkarakters in *The English Patient* (1996), omdat Laszlo (Ralph Fiennes) en Katharine ([Kristin Scott Thomas](#)) in 'n buite-egtelike verhouding was en Katharine se man 'n goeie mens was. Die kykers kan

nie hulle gedrag verskoon nie, aangesien daar geen verskoning aangebied word nie.

Die eerbaarheid van 'n karakter se motiverings en doelwitte relatief tot dié van 'n opponent maak immorele of selfsugtige gedrag meer aanvaarbaar. Indien 'n opponent boos is, is die doelwit om hom dood te maak aanvaarbaar. As hy ongeoorloofde taktiek van 'n uiterste aard gebruik, sal kykers dit goedkeur as die held ook die reëls toepas soos dit hom pas. Kykers ervaar dit byvoorbeeld positief as die hoofkarakter in *Tsotsi* (2005) sy medebendelid onverwags doodskiet, want eerstens red hy die sakeman en pa van die baba se lewe; tweedens was die karakter wreder as hy; derdens ruim dit 'n hindernis om 'n positiewe doelwit te bereik, uit die weg; en vierdens dui dit, tesame met die motivering vir die inbraak, op karakterontwikkeling.

Indien motiverings of doelwitte universeel van aard is, sal kykers nóg makliker met die held kan identifiseer. Volgens Vogler (1998:36, 90) word behoeftes soos liefde, wraak, sukses, vryheid, idealisme, oorlewing, erkenning, patriotisme, geregtigheid, aanvaarding, selfuitdrukking en om verstaan te word, wêreldwyd deur kykers verstaan. Alhoewel die held in *Ocean's 11* (2001) byvoorbeeld 'n casino probeer beroof, doen hy dit hoofsaaklik omdat hy sy vervreemde vrou, wat 'n verhouding met die casino-eienaar het, wil terugwen.

Die intensiteit van 'n karakter se behoefte/motivering versterk ook identifisering. Enigiets wat die karakter so intens betrek dat hy bereid is om groot risiko's te neem om die situasie te verander, sal kykers intrek. Biografiese speelprente soos *Gandhi* (1982) en *Patton* (1970), en intriges waar die held teen die samelewing moet stry, soos *Mr Smith goes to Washington* (1939) of *Erin Brockovich* (2000), handel dikwels oor 'n held met 'n sterk persoonlikheid en so 'n gedrewe passie vir 'n saak dat dit 'n religieuse kwaliteit bevat.

Indien 'n karakter se agtergrondverhaal ontwikkel en gekommunikeer word, help dit kykers om sy motivering te verstaan. In sommige intriges sal kykers sukkel om met perfekte karakters te identifiseer, daarom moet hulle foute en swakhede hê wat deel is van hul motivering. Alhoewel die hoofkarakter in *Tsotsi* byvoorbeeld betrokke is by geweldsmisdaad en moord, skep die kommunikasie van sy agtergrondverhaal simpatie en empatie met hom. Kykers verstaan sy gedrag, byvoorbeeld teenoor die kreupel bedelaar en die baba.

Om die voorgaande moontlik te maak, is dit belangrik dat kykers die held beter ken as die ander karakters. Selfs as die held 'n prototipiese stil, sterk karakter met weinig dialoog is, kan dit bereik word deur die kykers baie tyd saam met hom te laat deurbring of deur karakteropenbarende daade. Voorbeelde hiervan is die tipiese rolle wat Clint Eastwood in die 1960's in speelprente en televisiereekse binne die Wilde Weste-genre vertolk het.

Die held kan ook 'n oomblik van selfonthulling of kwesbaarheid ondergaan. Dit is 'n oomblik wanneer die karakter sy innerlike gevoelens onthul. Net soos wanneer mense mekaar vir die eerste keer ontmoet, moet selfonthulling in 'n rolprentdrama normaalweg nie te vroeg in die storie voorkom nie. Die kykers moet die karakter eers goed genoeg leer ken. 'n Groot deel van *The Breakfast Club* (1985) is gebaseer op karakters wat hulle hoop en vrese aan mekaar onthul, maar die onthulling begin eers in die tweede bedryf, nadat kykers genoegsaam aan die karakters blootgestel is.

3.2 Persoonlikheidseienskappe

Die meeste van die identifiseringstegnieke val binne die persoonlikheidseienskappe-kategorie, naamlik 95 (35,2 persent). Die persoonlikheid van 'n karakter bestaan uit 'n mondering van basiese waardes en houdings, die rasionaal vir sy doelwitte en die metodes om dit te bereik. Dit vorm die *kernkonstantes* wat bepaal wat 'n karakter doen / nie sal doen nie, dink / nie sal dink nie, voel / nie sal voel nie.

Die kernkonstantes van 'n karakter akkumuleer in die onderbewussyn van die kykers. Indien hierdie kern verloën word, weet kykers instinktief iets is fout. Indien daar nagelaat word om 'n kern te verskaf, bly die karakters verwyderd van die kykers en is hulle soos opgeleide honde wat indrukwekkende toertjies uitvoer. In beide gevalle bly die karakters plat en ondermyn dit identifisering. Speelprente soos *The Godfather* (1972) en *Forrest Gump* (1994) het klassieke status verkry onder andere omdat die karakters se kernkaraktertrekke gekommunikeer word en regdeur die verhaal konstant bly. Die helde in beide speelprente is nie volkome goed nie, maar kykers verstaan die karakters en verskoon hulle keuses.

As kykers van die karakter hou, is dit 'n verdere pluspunt. Kykers kan met 'n wye verskeidenheid persoonlikheidseienskappe identifiseer, byvoorbeeld charisma, moraliteit, openlikheid, regdenkendheid, 'n komiese gebrek, mag oor mense of dinge, leierskapskwaliteite of 'n element van uitheemsheid. Die sepie *7de Laan* gebruik verskeie van hierdie tegnieke. Oubaas het 'n komiese gebrek deurdat hy woorde in sinne buite verband gebruik. Matrone het mag oor mense en kan hulle manipuleer. Jan-Hendrik en Charmaine is eerlik en moreel. Die sogenaamde buitelandse karakters wat van tyd tot tyd verskyn, bevat 'n element van uitheemsheid, en die sosiopatiese (psigopatiese) karakters bevat 'n element van charisma (asook mag oor mense).

Draaiboekskrywers skep dikwels eendimensionele, aangename helde omdat hulle bang is dat kykers nie met die karakter sal identifiseer nie. Aangenaamheid is egter nie 'n waarborg vir genoegsame identifisering nie; die sukses daarvan word bepaal deur die konteks van die intrige en karakterisering.

Kykers identifiseer meestal optimaal met karakters:

- wat “rond” is en inherente goeie eienskappe het
- wat aanvaarbare menslike gebreke het
- van wie die persoonlikheid onthul word deur keuses wat onder druk geneem word
- wat tot handeling oorgaan
- wat 'n mate van karakterontwikkeling ondergaan (byvoorbeeld Melvin in *As Good as It Gets*, 1997).

Indien die karakter 'n leemte in sy persoonlikheid het, kan dit benut word vir identifisering deur middel van karakterontwikkeling. In *Ghost* (1990) kan die held aanvanklik nie sê “Ek het jou lief” nie, maar teen die einde van die speelprent kan hy wel. In *The Holiday* (2006) kan die Amerikaanse heldin aanvanklik nie huil nie; wanneer sy dit wel doen, dui dit karakterontwikkeling aan.

Oënskynlik negatiewe eienskappe soos 'n gebrek, senuweeagtigheid, verstandelike gestremdheid, interne konflik, obsessief-kompulsiewe gedrag of neurose kan ook identifisering met 'n karakter meebring. In *Annie Hall* (1977) is Alvy Singer 'n neurotiese komediant, in *As Good as It Gets* is Melvin 'n

obsessiewe kompulsiewe skrywer, en in *Forrest Gump* is Forrest verstandelik gestremd; nogtans bevorder hierdie eienskappe in 'n mindere of meerdere mate identifikasie met die held.

Een van die tipiese foute wat swak draaiboekskrywers begaan, is om protagoniste te skep/kies wat identifisering moeilik of onmoontlik maak. Plaaslike voorbeelde sluit die volgende speelprente in: *Brutal Glory* (1989), *Jump the Gun* (1997), *A Reasonable Man* (1999) en *Stander* (2003). Buitelandse voorbeelde is *Waterworld* (1995) met Kevin Costner in die hoofrol, *Cop Land* (1997) met Sylvester Stallone en Robert De Niro, en *Road to Perdition* (2002) met Tom Hanks en Paul Newman.

Helde is normaalweg redelik morele persone. As die karakter in wese onaanvaarbaar is, behoort swak punte onthul te word eers nadat identifisering gevestig is, of daar kan 'n element/aksie wees wat sy goeie/morele kant illustreer. Voorbeelde is die meer simpatieke rower in *Reservoir Dogs* (1992), die misplaaste en naïewe ambisie van die protagonis in *Good fellas* (1990) en die karakters van Jules en Butch in *Pulp Fiction* (1994). Hierdie eienskap, element of aksie moet uiteindelik genoegsame gewig hê in vergelyking met die negatiewe eienskappe van die karakter ten einde identifisering te bewerkstellig.

Kykers raak makliker betrokke by karakters wat charisma het. Hulle kom onmiddellik agter dat die karakters anders is, maar word nie deur hulle afgestoot nie. Dit kan effektief gebruik word vir negatiewe karakters sodat die kykers hulle bewonder sonder om van hulle te hou, soos in *Patton* en *Lawrence of Arabia* (1962). Volgens Dancyger en Rush (2002:161) kan charisma met die volgende eienskappe geskep word:

- kragdadigheid
- 'n seksuele dimensie
- 'n subtiele onvolmaaktheid
- 'n element van uitheemsheid
- 'n roeping of 'n sin van missie
- die vermoë om ander te oortuig
- beheersde aggressie of intensiteit.

3.3 Fisiese eienskappe

Slegs 19 (7 persent) van die riglyne/tegnieke val binne die kategorie van fisiese eienskappe. Dit is egter nie minder belangrik as die ander nie, want voorkoms onderlê identifisering op 'n primitiewe, instinktiewe vlak. Baie speelprente begin met die bekendstelling van die held, aangesien kykers wag vir iemand om mee te identifiseer en wat hulle kan ondersteun. Te veel hoofkarakters benadeel identifisering, want mense wat mekaar net soms sien of soms van mekaar hoor, word nooit intieme vriende of dodelike vyande nie. Hoofkarakters moet dus genoegsaam verskyn sodat kykers kan leer om hulle lief te hê of te haat.

Etnisiteit, nasionaliteit en voorkoms as faktore in identifisering manifesteer baie duidelik in die karakters wat wêreldwyd in speelprente voorkom. Die held is gewoonlik een van "ons" (aantreklike) mense, die opponent 'n glibberige karakter of lelike persoon van anderkant die spoorlyn, kleurgrens of landsgrens. 'n Algemene riglyn in Hollywood is dat die held altyd 'n Amerikaner moet wees. As die verhaal in 'n ander land afspeel, moet dit 'n verplaaste Amerikaner wees (Hauge 1988:27).

Een manier om die dilemma van etnisiteit en nasionaliteit te oorkom, is deur al die karakters diere te maak. Dit verklaar gedeeltelik die wêreldwye sukses van Walt Disney se tekenprente. Voorwerpe soos klippe, skoene of realistiese insekte is nie goeie karakters op hulle eie nie – hoe nader die karakters se voorkoms aan dié van mense is, hoe sterker is die identifisering (soos in die beginsel van stimulusveralgemening in sielkunde).

Voorkoms is nou verwant aan etnisiteit, gevolglik is identifisering makliker as die karakter aantreklik/mooi en goed gebou is. Sedert die vroegste jare van die stelsel in Hollywood het die voorkoms van akteurs soos Mary Pickford (1892-1979), Gloria Swanson (1897-1983), Douglas Fairbanks (1883-1939) en Rudolph Valentino (1895-1926) 'n groot rol gespeel in hulle sukses as akteurs en die sukses van die films waarin hulle gespeel het. Die aantreklikheid hoef nie noodwendig mooiheid te wees nie, maar die karakter moet fisiese eienskappe hê wat kykers aantrek. 'n Subtile fisiese onvolmaaktheid of interessante gebrek wat 'n andersins aantreklike karakter menslik maak, trek kykers ook aan.

Net soos etnisiteit en voorkoms, speel ook geslag 'n groot rol in identifisering. Vrouens/meisies identifiseer met beide geslagte, maar mans/seuns hoofsaaklik met manlike karakters (Oatley 2004:107-8). Om dié rede het die *Trompie*-televisiereeks heelwat meer kykers getrek as die *Saartjie*-reeks (Mueller 2006). Dit is daarom algemeen dat speelprente se primêre held 'n man is. Romanses wat kommersieel suksesvol is by beide geslagte, bevat normaalweg gelyke helde van beide geslagte. Hoewel *Titanic* (1997) se primêre held die vroulike karakter Rose is, is Jack geskep as 'n belangrike manlike hoofkarakter met wie manlike kykers ook kan identifiseer. James Cameron gebruik baie tegnieke om manlike kykers met Jack te laat identifiseer: hy vertolk byvoorbeeld 'n tipiese proaktiewe manlike rol; hy is dapper; sy lewe word herhaaldelik in gevaar gestel; hy is kwesbaar tussen die ryk mense; en hy beskik oor spesiale vaardighede.

Ouderdom is net so belangrik soos geslag ten opsigte van identifisering. As 'n algemene reël identifiseer kinders optimaal met karakters wat ongeveer 2-5 jaar ouer as hulle is (Press 2004:101). Volwassenes identifiseer met 'n wyer spektrum ouderdomme, maar optimaal met karakters van hul eie ouderdom of ouer.

In spanningsprente en rillers is dit belangrik dat 'n held geskep word wat die kyker self kon wees. 'n Kyker moet voel dat die karakter in sy omgewing of huishouding kan woon en sy begeertes, houdings en waardes deel. As die kyker nie met die held identifiseer of hom ondersteun nie, val hierdie genres grootliks plat.

3.4 Omstandighede

Van die riglyne/tegnieke is 53 (19,6 persent) as omstandighede gekategoriseer. Indien kykers identifiseer met die omstandighede waarin die karakter is, sal dit bydra tot identifisering met die karakter self. Dieselfde geld vir die probleme waarmee karakters worstel: hoe meer universeel van aard hulle is, hoe sterker die identifisering. Tydens die skryf van *North by Northwest* (1959) het Lehman en Hitchcock byvoorbeeld besluit dat die intrige iets moet wees waarby die gemiddelde man of vrou betrokke kan raak (Hollenbach 1980:172). Die belangrikheid van omstandighede vir identifisering verklaar moontlik waarom so baie primêre of sekondêre intriges oor persoonlike verhoudings handel: sowel kykers as draaiboekskrywers het ervaring daarvan.

Lehman en Hitchcock het ook vooraf besluit dat daar geen hulp vir die held in *North by Northwest* moet wees nie – almal moet teen hom wees (Hollenbach 1980:173). Hierby is die held ook “onvolledig”, omdat hy nie ’n vrou het wat sy lewe balanseer nie. Die tegniek van onvolledigheid word algemeen in romantiese intriges gebruik, byvoorbeeld *Romancing the Stone* (1984), *Bridget Jones’s Diary* (2001) en *As Good as It Gets*. Onvolledigheid skep simpatie en die behoefte by kykers dat die held “heelgemaak” sal word.

Kwesbaarheid is verwant aan onvolledigheid, maar is nie gelyk aan swakheid nie. Ernest Lehman het die intrige van *Who’s Afraid of Virginia Woolf?* (1966) verbeter met sy verwerking van die verhoogstuk deur die kwesbaarheid van die hoofkarakters, ten spyte van hulle gedrag, in hulle dialoog in te bou. Kwesbaarheid kan voortspruit uit persoonlikheidseienskappe of omstandighede. In *As Good as It Gets* is Melvin en Simon kwesbaar as gevolg van hulle persoonlikheidseienskappe en Carol weens haar omstandighede.

Dikwels word ’n persoon wat sielkundig kwesbaar is, deur karakterontwikkeling al minder kwesbaar, wat tot dieper identifisering lei. Die omgekeerde proses skep egter ook identifisering: Melvin in *As Good as It Gets* en die Terminator in *Terminator 2: Judgment day* (1991) word al meer kwesbaar soos hulle al meer menslik word en verkry in die proses al meer empatie van die kykers.

Omstandighede van kwesbaarheid kan geskep word bloot deur die held afhanklik te maak van iemand/iets anders, of fisies of geestelik gestremd, of die swakkere in die stryd. Die held kom meestal te staan teen oorweldigende opposisie, hindernisse of gevaar wat hom bedreig en dikwels moet hy dit alleen aanpak. So begin al die *Indiana Jones*-films met sekwense waarin die held se lewe in gevaar is. In spannings- en rillerprente is die held dikwels ’n vrou, soos in *Psycho* (1960) en *Aliens* (1986). In *The color purple* (1985) is die held Celie kwesbaar as gevolg van haar omstandighede en persoonlikheid. Sy moet soos ’n slaaf werk vir haar man, met wie sy op ’n jong ouderdom getroud is; hy huiwer nie om haar af te kraak of aan te rand nie, en sy het nie ’n sterk persoonlikheid sodat sy haarself kan handhaaf of uit die omstandighede kan ontsnap nie.

As ander goeie karakters baie het om te verloor, maar die risiko rus op die held, dwing dit kykers om sterker by sy aksies betrokke te raak. Die kykers moet dus vroeg in die verhaal weet wat op die spel is en wat die gevolge sal wees vir die held, die gemeenskap en die wêreld. Die meeste speelprente waarvan die intrige ’n duidelike eksterne heldereis het, plaas ’n buitengewone verantwoordelikheid op die skouers van ’n individu of groep. In *Lord of the Rings* (2001) moet Frodo en sy vriende ’n reis onderneem om die ring te vernietig sodat die gemeenskap bevry kan word van die heerskappy van die bose Sauron. In die meeste superheld-speelprente, soos die *Indiana Jones*-, *James Bond*- en *Superman*-films, moet die held die samelewing of wêreld teen die bose opponent beskerm.

Soms lyk dit of die held goed aangepas en in beheer is, maar dit kan ’n diep sielkundige wond soos verwerping, verloëning of teleurstelling verberg. Hierdie wonde is ’n universele soort pyn waarmee alle mense bekend is. In *Tsotsi* is die held byvoorbeeld uit sy huis weggejaag as kind en sy hond se rug is deur sy pa afgeskop. Sielkundige wonde hoef nie altyd ooglopend te wees nie, omdat mense baie energie aanwend om hulle gebreke te verberg. Dit hoef ook nie in besonderhede aan die kykers verduidelik te word nie – bloot die feit dat daar so ’n wond is, maak die karakter interessanter, realisties en meer simpatiek. In *The Color Purple* ervaar Celie die wonde van haar suster en kinders wat van haar weggeneem is, asook haar persepsie dat sy lelik is, as dat sy nie goed genoeg is nie en nie die liefde werd is nie.

Nou verwant aan die sielkundige wond is onvoltooide besigheid wat die karakter tot bepaalde optrede dryf. Dit kan enigiets wees van vals beskuldigings/aanklagtes (*The Fugitive*, 1947, 1993) of 'n wenslys (*The Bucket List*, 2007) tot wraak (*Kill Bill Vol. 1*, 2003). Die karakter en intrige is gefokus op hierdie element totdat dit ter ruste gelê word. Die onvoltooide besigheid moet egter verband hou met beide die sentrale konflik en die tema, anders is dit ongeïntegreerd en oorbodig.

Kykers gee ook om vir karakters wat op 'n fisiese of sielkundige vlak onverdiend ly. Marty word deur 'n onderwyser aan die begin van *Back to the Future* (1985) afgekraak en die polisiehoof Brody word onverdiend voor die gemeenskap geklap deur 'n ma in *Jaws* (1975). In *Titanic* word Jack vals beskuldig dat hy Rose wou verkrag en later dat hy die diamant gesteel het.

Omstandighede wat kykersidentifisering skep, kan ook bewerkstellig word deur die vorm waarin die inhoud aangebied word, byvoorbeeld:

- Deur die kykers 'n meerderwaardige perspektief te gee (in die sin dat hulle deurgaans oor belangrike inligting beskik waaroor die held nie beskik nie), word 'n toestand geskep waar hulle die held wil voorsê wat om volgende te doen ('n Hitchcock-tegniek).
- Onder toestande van afwagting of spanning kan kykers se perspektief tot dié van die held beperk word. Lehman het byvoorbeeld *The Sound of Music* (1965) verander sodat kykers saam met Maria die villa verken en kaptein Von Trapp ontmoet.
- Deur die storie aan te bied uit die perspektief van die protagonis, spandeer kykers ook meer tyd met die karakter, wat tot meer emosionele betrokkenheid lei.

3.5 Handeling

Van die riglyne/tegnieke behels 42 (15,6 persent) handeling. Wanneer mense mekaar ontmoet, gebruik hulle gedrag en dialoog om afleidings te maak oor mekaar se persoonlikhede, emosies, oortuigings en motiewe. Op grond daarvan besluit hulle of hulle van die persoon hou of nie. Volgens Weiten (2004:647–51) bly eerste indrukke wat gevorm word, oorheersend in die siening van 'n persoon en die interpretasie van sy gedrag wat daarop volg.

Omdat eerste indrukke so 'n oorheersende impak het, is dit belangrik dat karakters meestal in karakter-openbarende omstandighede en in 'n karakter-openbarende omgewing bekendgestel word. Handeling, soos wat die karakter doen en sê, sy kleredrag, omgewing, houding, emosie, doel vir die oomblik, of hy alleen of in 'n groep is, of hy of iemand anders die storie vertel, het alles 'n invloed op die kyker se eerste indrukke en identifisering met hom. Die karakter moet nie éérs deur 'n aantal neutrale, niekarakteriserende tonele drentel nie. In *Pulp Fiction* word Jules en Vincent bekendgestel terwyl hulle oor triviale dinge gesels op pad na 'n woonstel om vier persone te gaan doodskiet. In *Terminator 2: Judgment Day* word John Connor bekendgestel waar hy rebels optree teen sy ouers en dan 'n ATM beroof deur middel van 'n elektroniese toestel wat hy self gebou het.

Eerste indrukke is nog belangriker in Amerikaanse speelprente, wat 'n vinniger tempo en meer aktiewe helde het as Europese speelprente. Amerikaanse speelprente met passiewe helde is baie skaars, aangesien hulle houding van hulpeloosheid in stryd is met die Amerikaanse kultuur. Vir Amerikaners is die

funksie van die held om die intrige vorentoe te dryf, daarom is hy gewoonlik die aktiefste karakter (Russin en Downs 2000:65).

Wát die held doen, is een van die belangrikste tegnieke om kykers met hom te laat identifiseer. Drie tegnieke van gedrag wat uitstaan vir identifisering is goedheid, dapperheid en opoffering (Vogler 1998:38 en Human 1988:103). In *Titanic* is Jack nie net goed vir Rose nie, hy is ook dapper, en aan die einde offer hy sy lewe vir haar op. Die verhaal van iemand wat sy lewe vir iets of iemand anders opoffer, sal selfs die taaiste hartsnare roer. Mary Pickford het reeds in 1914 beroemd geword in die lokettreffer *Tess of the Storm Country*, waarin sy haar lewe vir iemand anders opoffer.

'n Karakter wat vir mense sorg, veral as hy nie bedank kan word nie, of as dit iemand sonder mag is, dra 'n dubbele boodskap oor. Indien hy sorg vir 'n sieklike kind, werk dit nog beter. Die karakter kan ook aan die begin nie van 'n kind of dier hou nie, maar later betrokke raak. As 'n dier van die karakter hou, bewys dit dat daar onderliggend aan hom iets is wat liefde waardig is. In *As Good as It Gets* betaal Melvin vir Carol se seun se mediese behandeling (wel met bybedoelings) en later sorg hy vir Simon, die buurman wat hy verpes, se hond. Wanneer Simon uit die hospitaal kom, verkies die hond vir Melvin bo sy eienaar. Aan die einde van die tweede bedryf gee Melvin 'n kamer vir Simon om in te bly, wat terselfdertyd sy karakterontwikkeling en gereedheid vir die verhouding met Carol aandui.

'n Held se handeling benodig 'n mate van dapperheid om die hindernisse op sy pad te oorwin. Helde loop immers die risiko dat hul kruistog tot verlies of die dood kan lei. Luidrugtige dapperheid werk selde goed: 'n held wat sy pyn in stilte verduur eerder as om daaroor te praat, is dikwels meer bewonderenswaardig en dramaties. Alternatiewelik kan 'n gebrek aan dapperheid effektief gekoppel word aan karakterontwikkeling en die tema, soos byvoorbeeld die tolk in *Saving Private Ryan* (1998).

Die meeste mense poog om konflik te vermy en tree selde drasties op. Dit is dus meestal dodelik om helde té realisties te maak – as kykers nie 'n held sien wat iets doen om hom te handhaaf en sy wêreld te verander nie, sal hulle moeilik met hom identifiseer. Dit geld vir alle genres, maar dit is veral kritiek in genres soos aksie- en avontuurprente dat die held op een of ander stadium tot konflik en konfrontasie toetree. Selfs in 'n musiekblyspel soos *The Sound of Music* is die toneel van die “uitgesproke kandidaat” gebruik om te wys dat Maria haar kan handhaaf, en die kloostertoneel om te wys dat sy onafhanklik dink en optree.

Kykers bewonder iemand met buitengewone fisiese, sosiale of intellektuele vaardighede. Baie van die karakters in *7de Laan* beklee byvoorbeeld beroepe wat spesiale vaardighede vereis, soos sjefs, 'n skrywer, mode-ontwerper en prokureur. Genres soos gevegskuns-, aksie-, sport-, polisie- en biografiese speelprente, en sommige komedies, maak sterk staat op indrukwekkende vaardighede. Akteurs soos Chuck Norris, Eddy Murphy en Clint Eastwood is almal bekend vir sekere vaardighede wat met hulle tipiese karakters geassosieer word. Superhelde soos Superman, Indiana Jones en James Bond neem vaardighede 'n stap verder en verkry dieselfde emosionele effek as helde in legendes en mites.

Net soos met motivering en doelwitte, word die morele vraag of 'n handeling reg of verkeerd is, deur die konteks daarvan bepaal. As die held binne die storieruimte te oneerlik, aggressief, bot of immoreel is, sal die meeste kykers belangstelling verloor as daar nie 'n diepere waarde, tema, agtergrondverhaal of motivering aangebied word nie. Die uitgangspunt van die meeste speelprente

binne die misdaad-genre, of wat antihelde bevat, is dat dit in orde is om te kul, mits dit die skurke is wat gekul word. Vanaf *The Sting* (1973) tot die drie *Ocean's*-films (11, 12 en 13) maak almal gebruik van opponente wat boser as die oneerlike helde is.

4. Die vestiging van identifisering: twee gevallestudies

Identifisering moet so gou moontlik gevestig word en die meeste suksesvolle rolprente vanuit Hollywood wend doelbewus in die eerste bedryf verskeie tegnieke aan om dit te bewerkstellig. Die eerste bedrywe van *The Karate Kid* en *Brutal Glory* illustreer onderskeidelik hierdie fokus van Hollywood op die vestiging van identifisering enersyds en die gebrekkige fokus daarop in Suid-Afrika andersyds.

The Karate Kid (1984) is 'n goeie speelprentkonsep vir die era waarin dit vervaardig is. Die primêre intrige val binne die gevegsport-genre, die sekondêre intrige binne die romantiese genre en die tersiêre intrige binne die grootword- (*coming of age*) genre. Die verhaal-inhoud van die romantiese intrige het baie ooreenkomste met dié van *Brutal Glory*. Die draaiboek het 'n klassieke dramatiese struktuur, effektiewe verhaalmomentum, 'n parallelle primêre en sekondêre intrige en 'n bevredigende einde (die held word skouerhoog as die oorwinnaar opgelig), en gebruik talle identifiseringstegnieke effektief vanaf die begin tot by die einde.

Brutal Glory (1989) is vervaardig teen 'n hoë begroting (R8 miljoen) vir Suid-Afrikaanse standaarde en was op die Amerikaanse mark gemik. Die oorspronklike storie is die ware verhaal van die wêreldbokskampioen Kid McCoy, wat 'n goeie konsep is vir 'n kommersiële speelprent. Die primêre intrige behels ook 'n gevegsport en die sekondêre intrige val ook binne die romantiese genre. In beide rolprente raak die (arm) held met swart hare verlief op 'n ryk blondkop meisie. Die grootste gebrek in die *Brutal Glory*-draaiboek is die feit dat dit 'n anti-intrige ("anti-plot") is. Die hoogtepunt kom aan die einde van die eerste bedryf, waarna die spanning afneem tot 'n antiklimaks aan die einde. Die einde is nie net 'n antiklimaks nie, maar die intrige bewerkstellig ook 'n onbevredigende einde (die held word skouerhoog en bewusteloos as die verloorder opgelig). Die tweede grootste gebrek is die afname in momentum vanaf die begin van die tweede bedryf. Dit word eerstens veroorsaak deur die anti-intrige-struktuur en tweedens deur die feit dat die primêre en sekondêre intriges grootliks in serie is. Die derde grootste gebrek is kykers se gebrekkige identifisering met die held, soos hier onder toegelig word.

4.1 *The Karate Kid*

Die speelprent begin met 'n titelsekwens waarvan die eerste skoot wys dat Daniel sy vriende in 'n laermiddelklas-woonbuurt (positiewe identifikasie – omstandighede) aan die Ooskus van Amerika verlaat en weggaan (positiewe identifikasie – omstandighede). Tydens die rit deur Amerika hoor die kyker sy stem wat sê dat hy nie na Kalifornië wil verhuis nie (positiewe identifikasie – behoeftes, motiverings en doelwitte), en dit word ook aangetoon dat hulle motor defektief is en aan die brand gestoot moet word (positiewe identifikasie – omstandighede). Met hulle aankoms in Kalifornië is Daniel die eerste persoon wat gewys word as die kamera in-zoom tot 'n nabyskoot (positiewe identifikasie – omstandighede). Hy is 'n 15-jarige Amerikaanse skoolseun (positiewe

identifikasie – fisiese eienskappe) wat duidelik ongelukkig is oor sy nuwe omgewing (beide positiewe identifikasie – omstandighede en negatiewe identifikasie – handeling).

Die beloofde swembad in die woonstelkompleks is droog en gekraak (positiewe identifikasie – omstandighede). Daniel is toegeneë tot en gee water aan 'n ou vrou se hond (positiewe identifikasie – handeling en persoonlikheidseienskappe). Hy is ook positief oor die ou vrou as sy nuwe vriend uitwys dat sy seniel is. Dit word duidelik dat hy nie 'n pa het nie (positiewe identifikasie – omstandighede). Hy het 'n ontspanne, grapperige en effens rebelse, maar gehoorsame, verhouding met sy ma (positiewe identifikasie – handeling). Die aand op die strand tydens 'n partytjie word getoon dat hy redelik vaardig is met 'n sokkerbal (positiewe identifikasie – handeling) en hy raak verlief op 'n meisie, Ali (positiewe identifikasie – behoeftes, motiverings en doelwitte). Hy is effens skaam (positiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe), maar skraap tog moed bymekaar en hanteer die situasie heel goed (positiewe identifikasie – handeling). As haar voormalige kêrel en sy vriende arriveer en hy haar afknou, staan Daniel hom teë en uiteindelik veg hulle (positiewe identifikasie – handeling). Hy word platgeslaan (positiewe identifikasie – omstandighede) deur Johnny, die plaaslike karatekampioen. Hy word verder verneder as hy daar lê en hulle motorfietswiele sand oor hom skop en wanneer hy Ali vra om hom net uit te los sonder om na haar te kyk (positiewe identifikasie – omstandighede). Sy nuutgevonde vriende verlaat hom (positiewe identifikasie – omstandighede).

Die volgende oggend is hy eers ontwykend, maar uiteindelik onderdanig toe sy ma aandrang om te sien hoe sy oë agter sy donkerbril lyk (positiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). By die skool word hy weer voor Ali deur die boelies verneder (positiewe identifikasie – omstandighede) en hy verloor sy humeur (negatiewe identifikasie – handeling). Die volgende dag word hy ontnugter toe hy ontdek dat Johnny en sy bende aan die karateklub behoort waarby hy wil aansluit (positiewe identifikasie – omstandighede). Sy ma sê dat hulle in elk geval nie die karateklasse kan bekostig nie (positiewe identifikasie – omstandighede).

Die aand stamp die bende hom met fiets en al teen 'n afdraand af en hy val baie hard. Sy fiets is stukkend en hy het 'n kneusplek op sy voorkop (positiewe identifikasie – omstandighede en fisiese eienskappe). Hy is baie emosioneel en sê vir sy ma dat hy wil teruggaan na die Ooskus (positiewe identifikasie – behoeftes, motiverings en doelwitte). Die volgende dag is daar wrywing tussen hom en Ali as hy die bende probeer vermy (positiewe identifikasie – omstandighede).

Met die hulp van die opsigter, meneer Miyagi, gaan hy na die skool se maskerbaldag en dit word getoon dat hy sjarmant en romanties is teenoor Ali (positiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Hy trek Johnny 'n streep wat beide snaaks is en moed vereis (positiewe identifikasie – handeling). Johnny en sy bende jaag hom en slaan hom pap (positiewe identifikasie – omstandighede). Hy word deur meneer Miyagi gered.

4.2 Brutal Glory

'n Jong Kid McCoy (positiewe identifikasie – fisiese eienskappe) steel aan die begin van die intrige (negatiewe identifikasie – handeling) drie appels van 'n bejaarde vroulike straatmuis wat hom so pas 'n guns bewys het (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Hy eet egter nie die vrugte nie (negatiewe identifikasie – handeling): hy druk een tussen 'n motorwiel se speke in en 'n ent verder gooi hy die ander twee aggressief na die voete van 'n man wat hom nie in diens wil neem nie (negatiewe identifikasie –

persoonlikheidseienskappe). Hy steel 'n hangertjie van 'n ryk meisie se nek (negatiewe identifikasie – handeling) en hardloop weg deur rats verskeie hindernisse te oorkom (positiewe identifikasie – handeling). Later raak hy betrokke by 'n geveg teen straatboewe en veg dapper (positiewe identifikasie – handeling). As 'n boksafrigter tussenbeide tree, jak McCoy hom af (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Die afrigter nooi hom gimnasium toe en die kyker besef dat McCoy nie kan lees nie (beperkte positiewe identifikasie – omstandighede, want hy loop rond terwyl hy in die skool moet wees).

Die aand by sy armoedige huis (positiewe identifikasie – omstandighede) word hy verneder deur sy alkoholis-pa en dan uit die huis gejaag (positiewe identifikasie – omstandighede). Hy gaan gimnasium toe en is baie aggressief en onbeskof teenoor die boksafrigter en die bestuurder van die gimnasium (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Hulle laat hom teen 'n swaargewig boks en hy word uit die kryt geslaan (positiewe identifikasie – omstandighede). Hy is 'n swak verloorder en dreig om te loop (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe), maar bly uiteindelik en word 'n suksesvolle bokser (positiewe identifikasie – behoeftes, motiverings en doelwitte, sowel as handeling). Dit word getoon dat hy dit geniet om die ander boksters pap te slaan (negatiewe identifikasie – handeling en persoonlikheidseienskappe)

Met die oog op 'n wêreldtitelgeveg vra hy die kampioen vir werk as 'n skermmaat. Hy gee voor dat hy baie onderdanig en bewus van sy beperkinge is en dat hy en sy ma die geld nodig het (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Die kampioen is baie vaderlik, kry hom jammer en neem hom in diens (positiewe identifikasie met opponent). Tydens skermssessies gee hy voor dat hy nie opgewasse is teen die kampioen nie (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe) en agteraf slaap hy by die kampioen se vriendin (negatiewe identifikasie – handeling). Toe die kampioen dit uitvind, jaag hy haar weg (negatiewe identifikasie – handeling).

'n Wêreldtitelgeveg word tussen hulle gereël. Tydens 'n ete met die kampioen hou hy hom baie nederig en sê hy weet die kampioen gaan hom klop (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe). Hy vra dat die geveg bekook word: die kampioen kan wen, hy moet net 'n paar rondes wag voor hy hom uitslaan (negatiewe identifikasie – handeling). Die kampioen is agterdogtig, maar stem uiteindelik vaderlik in (positiewe identifikasie met opponent). Die aand van die titelgeveg slaan hy die kampioen pap en bebloed (positiewe identifikasie met opponent), geniet elke oomblik daarvan (negatiewe identifikasie – persoonlikheidseienskappe) en word die nuwe kampioen (positiewe identifikasie – behoeftes, motiverings en doelwitte).

4.3 Vergelyking tussen die twee films

Uit die voorgaande is dit duidelik dat *The Karate Kid* baie meer positiewe identifikasie met die held (primêre hoofkarakter) skep as *Brutal Glory*. Om 'n meer kwantitatiewe vergelyking tussen die aanwending van identifiseringstegnieke binne die twee rolprente te tref, het die navorser die effektiwiteit van kyker-identifisering met die helde in beide speelprente vergelyk deur middel van 60 vrae. Die evaluering vir elke vraag is aangedui op 'n 5-punt-interval-skaal wat strek van -1 deur 0 tot +3.

Die punte vir elke afdeling en die somtotaal is as volg:

Afdeling	<i>Brutal Glory</i>	<i>Karate Kid</i>
Algemeen (6 vrae)	4	16
Behoeftes, motiverings en doelwitte (5 vrae)	4	10
Omstandighede (10 vrae)	6	19
Persoonlikheidseienskappe (27 vrae)	13	32
Fisiese eienskappe (5 vrae)	10	8
Handeling (8 vrae)	5	10
Totaal	42	95

Brutal Glory het 'n effens hoër telling ten opsigte van fisiese eienskappe as *The Karate Kid*, maar *The Karate Kid* se telling vir die ander vyf kategorieë is minstens twee keer hoër as dié van *Brutal Glory*. Die hoër telling van Daniel Caruso en die lae telling van Kid McKoy ten opsigte van persoonlikheidseienskappe, behoeftes, en motiverings en doelwitte illustreer ook die feit dat Daniel 'n ronder karakter is as Kid. Wat nie reflekteer in die punte nie, is die elemente in *Brutal Glory* wat identifikasie ondermyn en dus eerder antipatie as empatie skep.

The Karate Kid het \$193 miljoen (aangepas vir 2008) in die VSA alleen verdien en was so gewild dat daar drie opvolgfims vervaardig is. *Brutal Glory* het finansiëel misluk in Suid-Afrika en is nooit in die VSA vrygestel nie (www.imdb.com).

5. Samevatting

Daar is 'n magdom riglyne/tegnieke deur die jare in sekondêre bronne geïdentifiseer waardeur identifikasie met 'n karakter geskep kan word. Alhoewel hierdie tegnieke nêrens saamgevat is in een handboek nie, word daar sedert die laat tagtigerjare in baie publikasies daarna verwys. Indien hierdie tegnieke effektief aangewend word, kan dit meebring dat die kyker 'n relatief sterk emosionele band met 'n karakter in die kort bestek van selfs 'n speelprent ontwikkel. Hiermee word die karakter 'n voertuig waardeur die kyker betrokke raak by die intrige. Die doelwitte, terugslae en oorwinnings van die karakter word nou die doelwitte, terugslae en oorwinnings van die kyker.

In 'n goed-ontwerpte draaiboek met 'n sterk dramatiese struktuur kan die aanwending van identifiseringstegnieke die betrokkenheid van kykers verskuif van objektiewe waarnemer tot subjektiewe deelnemer. Dit is soortgelyk aan die sterk emosies wat 'n ouer beleef tydens sy kind se sportwedstryd of talentkompetisie. As die kind suksesvol is, is die ouer bly/eufories; as die kind misluk, is die ouer spyt/depressief. As die draaiboek dus 'n bevredigende einde het, sal die kyker, net soos die ouer, bereid wees om finansiële uitgawes aan te gaan om die rolprentdrama te sien. Dit kan die verskil maak tussen geen, plaaslike of internasionale verspreiding, finansiële sukses of mislukking en 'n bloeiende of sukkelende rolprentbedryf.

Bibliografie

- Abrams, M.H. 2005. *A glossary of literary terms*. Boston: Thomson Wadsworth. 8ste uitgawe.
- Bordwell, D. en N. Carroll (reds.). 1996. *Post-theory: Reconstructing film studies*. Madison: University of Wisconsin Press.
- Dancyger, K. en J. Rush. 2002. *Alternative scriptwriting: Successfully breaking the rules*. Boston: Focal Press.
- Gerrig, R.J. en D.A. Prentice. 1996. Notes on audience response. In Bordwell en Carroll (reds.) 1996.
- Hauge, M. 1988. *Writing screenplays that sell*. Londen: Elm Tree Books.
- Hill, W.A. 1919. *Ten million photoplay plots*. Los Angeles: The Feature Photodrama Company.
- Hollenbach, S.S.R. 1980. *Analysis of processes involved in screenwriting as demonstrated in screenplays by Ernest Lehman*. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, University of Texas.
- Human, H.J. 1988. *Aspekte van karakterskepping by die skryf van rolprent- en televisiedraaiboek*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit.
- Human, J.F. 2007. *'n Kontrolelys vir die skryf en evalueer van dramadraaiboek*. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Katahn, T.L. 1990. *Reading for a living: How to be a professional story analyst for film and television*. Los Angeles: Blue Arrow Books.
- Louw, D.A. en D.J.A. Edwards. 1998. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika*. 2de uitgawe. Johannesburg: Heineman.
- Manstead, A.S.R., N. Frijda en A. Fischer. 2004. *Feelings and emotions: the Amsterdam symposium*. Cambridge University Press.
- Miller, W. 1998. *Screenwriting for film and television*. Boston: Allyn & Bacon.
- Moxon, T.A. 1963. *Aristotle's poetics/Demetrius on style/Longinus on the sublime*. Londen: JM Dent & Sons.
- Mueller, R. 2006. Persoonlike onderhoud met Ria Mueller, vervaardiger jeugprogramme (1976-2000), SAUK-Televisie.
- Neill, A. 1996. Empathy and (film) fiction. In Bordwell en Carroll (reds.) 1996.
- Oatley, K. 2004. From the emotions of conversations to the passions of fiction. In Manstead, Frijda en Fischer 2004.
- Patterson, F.T. 1920. *Cinema craftsmanship: A book for photoplaywrights*. New York: Harcourt, Brace and Howe, Inc.

Press, S. 2004. *The complete idiot's guide to screenwriting*. New York: Alpha Books. 2de uitgawe.

Russin, R.U. en W.M. Downs. 2000. *Screenplay: Writing the picture*. New York: Harcourt College.

Santrock, J.W. 2000. *Psychology*. Boston: McGraw-Hill. 6de uitgawe.

Trottier, D. 1998. *The screenwriter's bible: A complete guide to writing, formatting, and selling your script*. Los Angeles: Silman-James Press. 3de uitgawe.

Vogler, C. 1998. *The writers journey: Mythic structures for writers*. Studio City: Michael Wiese Productions.

Weiten, W. 2004. *Psychology: Themes and variations*. Belmont: Wadsworth.

www.imdb.com (15 November 2008 geraadpleeg).

Eindnotas

1. Die woorde *held*, *hy* en *hom* verteenwoordig beide geslagte.
2. In hierdie artikel word die term *rolprentdrama* benut om alle verhalende rolprente, soos speelprente/films en televisiereekse en -sies in te sluit.

'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing

Theodorus du Plessis
Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Cornelus Lourens se onlangse beroep op die Noord-Gautengse Hooggeregshof het die soeklig weer op die noodsaak al dan nie van 'n nasionale taalwet laat val en ook weer vrae oor die geskiktheid van die kontensieuse South African Languages Bill (SALB)¹ as uiteindelijke taalwet na vore gebring. Kan 'n nasionale taalwet sukses behaal as wetlike intervensie by die implementering van 'n taalbeleid, en onder watter omstandighede word sodanige sukses behaal? In hierdie artikel word aangevoer dat 'n tipologie van sosiolinguistiese beginsels by taalwetgewing gebruik kan word om 'n taalwet inhoudelik te ontleed ten einde te kan vasstel of dit kan slaag al dan nie. So 'n tipologie word dan inderdaad ontwikkel aan die hand van verskillende stelle beginsels van taalwetgewing en word getoets aan die hand van drie verteenwoordigende nasionale taalwette, naamlik dié van Wallis, Kanada en Estland. Dit word gevolg deur 'n volledige oorsig oor die ontstaan van die SALB en 'n kritiese inhoudsontleding van hierdie wetsontwerp wat in 2003 bestem was om as die Suid-Afrikaanse Talewet (SAT) gepromulgeer te word. Die ontleding wys uit dat die SALB wel in bepaalde opsigte voldoen aan die vereistes van 'n nasionale taalwet, maar dat daar ook ernstige leemtes voorkom wat reggestel sou kon word. In die artikel word aangevoer dat 'n saak uit te maak is vir die herindiening van die SALB in gewysigde vorm ten einde die Suid-Afrikaanse regering in staat te stel om sy wetlike mandaat betreffende die regulering en monitering van sy gebruik van die ampstale deur te voer.

Abstract

A language act for South Africa? The role of sociolinguistic principles in the analysis of language legislation

Cornelus Lourens's recent appeal to the Northern Gauteng High Court has once again focused the spotlight on the necessity or otherwise of a national language act, and has also raised questions regarding the appropriateness of the contentious South African Languages Bill (SALB) as the ultimate language act. Could a national language act prove to be a successful legal intervention in the implementation of a language policy, and if so, under what circumstances would such success be achieved? In this article it will be argued that a typology of sociolinguistic principles could be used in language legislation in order to analyse a language act in terms of its contents, with a view to determining whether it would be likely to be successful or not. Such a typology will then be developed in

this article on the basis of various sets of language legislation principles, and will be tested on the basis of three representative national language acts, namely those of Wales, Canada and Estonia. Thereafter, a comprehensive review of the development of the SALB will be provided, as well as a critical content analysis of this languages bill, which was originally meant to be promulgated in 2003 as the South African Languages Act. In the analysis it is pointed out that in certain respects, the SALB does, in fact, fulfil the requirements of a national language act, but that it also contains serious deficiencies which should be rectified. It will also be argued that a case can be made for the resubmission of the SALB in an amended form in order to enable the South African government to fulfil its legal mandate concerning the regulation and monitoring of its use of the official languages.

1. Inleiding

’n Sentrale of nasionale taalwet vir Suid-Afrika is tans aktueel as gevolg van die dagvaarding wat ’n prokureur van Brits, ene Cornelus Lourens, op 14 Augustus 2009 beteken het ten einde die promulgering van die South African Languages Bill (SALB)² (DKK 2003b) te probeer afdwing (Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2009). Die geïndenteerde South African Languages Act sal Suid-Afrika se weergawe van ’n nasionale taalwet word. Indien Lourens met sy aansoek slaag en die SALB word as sodanig gepromulgeer, sal dit die eerste keer wees dat Suid-Afrika oor ’n nasionale taalwet beskik.³

In baie lande met ongelyke taalbedelings word ’n nasionale taalwet as een van die kern wetgewende meganismes vir die regulering van die gebruik van die amptelike tale beskou. So ’n taalwet is dikwels die wetlike meganisme by uitstek ten einde ’n vorm van amptelike taalgelykheid te bewerkstellig. Kanada se beroemde Bill 101 of Charter of the French Language (Government of Québec 1977) word as ’n soort model van ’n nasionale taalwet beskou (vgl. Grin 1991:193, Schmid, Zepa en Snipe 2004:232) en word inderdaad geag ’n suksesvolle vorm van intervensie te wees (Larrivée 2003, Foucher 2007:57, Turi 2009:128). Dieselfde beskouing bestaan in ’n wisselende mate oor die rol van nasionale taalwette in ander lande en gebiede, onder meer in Katalonië (Roller 2002:278–83), Skotland (Dunbar 2005), Wallis (Huws 2006:159), Serwië (Korhecz 2008:475) en die voormalige Sowjet- en Oosblokstate (Schlyter 1998, Pavlenko 2008a, Garibova en Asgavara 2009).

Lourens se aksie gaan implisiet uit van die standpunt dat ’n nasionale taalwet ook in Suid-Afrika ’n deurslaggewende rol kan speel om ’n nuwe ampstaalbestel te skep: een wat wegbeweeg van die statutêre tweetaligheid van die verlede, maar ook een wat die groeiende dominansie van Engels aan bande kan lê. By implikasie bestaan daar dus ’n bepaalde verwagting oor die rol van ’n nasionale taalwet by die transformering van die Suid-Afrikaanse taallandskap in die breë.

Dat so ’n verwagting nie noodwendig onrealisties is nie, kan gesien word in die geval van ander lande waar ’n hoë premie geplaas word op die rol van ’n nasionale taalwet as sentrale wetlike meganisme by die omvorming van ’n ongewenste taalbestel. In min gevalle word hierdie rol so goed geïllustreer as by die oorgang van die Baltiese state na post-Sowjet-beheerde samelewings. Hulle nasionale staatstaalwette het grootliks bygedra tot die vervanging van die imperiale taal, Russies, deur hulle onderskeie nasionale tale as die dominante tale

van die herstelde onafhanklike state. Die Baltiese geval is spesifiek vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief interessant aangesien hierdie state ook 'n bepaalde transformasie-agenda nastreef en insgelyks die omvorming van 'n voormalige onderdrukkende taalbestel as 'n nasionale prioriteit beskou. Sien Hogan-Brun, Ozolins, Ramoniené en Rannut (2008, 2009) vir 'n goeie onlangse samevatting, asook Hogan-Brun 2007 en Hogan-Brun 2008 spesifiek vir implikasies in die onderwys.

Pavlenko (2008a:300) bevind dieselfde wat betref die meeste van die post-Sowjet-state, naamlik dat 'n nasionale taalwet een van die belangrike faktore is by die vestiging van 'n nuwe taalregime in hierdie lande. Sy word hierin gesteun deur onder meer Ozolins (1999). Vergelyk ook die verskillende bydraes in die onlangse bundel oor taalhervormings in die betrokke state wat sy geredigeer het (Pavlenko 2008b).

So verbind is van hierdie state tot die opheffing van die onderskeie nasionale tale dat sommige bepalings in hulle taalwette selfs tot die ekstreme neig. Ozolins (2003) behandel byvoorbeeld die Europese organisasies se kritiese reaksie op die taalwette van die Baltiese state wat sulke streng bepalings vir die hervestiging van die nasionale taal bevat dat dit as diskriminerend teen die Russiese minderhede beskou word. Simon en Kontra (2000) wys weer hoe opeenvolgende Slowaakse taalwette toenemend onderdrukkend word. Trouens, Slowakye se onlangse taalwet bevat maatreëls wat neig na die drakoniese ten einde die voorheen benadeelde nasionale taal te bevoordeel. Die land moes hewige kritiek vanuit verskeie oorde verduur oor die betrokke taalwet wat op 1 September 2009 uitgevaardig is. Sy buurland Hongarye is daarvan oortuig dat hierdie nuwe taalwet teen die Hongaarse minderhede van Slowakye diskrimineer (Associated Press 2009).

Kritiek op die post-Sowjet-state se taalwette en ander taalwetgewing wat die nasionale taal ten alle koste bevoordeel (en wat sodoende effektief lei tot die marginalisering van die voormalige bewindhebbers) is dus nie uitgesluit nie. Nogtans is geleerdes oor die algemeen dit eens dat relatiewe sukses behaal word met die promulgering van 'n nasionale taalwet in hierdie lande. Hogan-Brun e.a. (2008:611) som byvoorbeeld in die geval van die Baltiese state hierdie suksesse soos volg op:

In terms of actual language use, facility and attitudes, the Baltic states have:

- been able to alter radically their streetscapes and townscapes in signage;
- brought about a steady and continuing increase of proficiency in the national languages among non-titular nationals;
- witnessed largely positive attitudes to their language policy developing in the non-titular populations;
- started to effect a transition to a significant proportion of teaching in the national languages in minority secondary schools;
- brought about a virtually total proficiency in the national language in the service sector;
- refined national language teaching and language testing for adults to a world standard;
- significantly entrenched their languages in the structures of the EU.

In hulle beoordeling van hierdie suksesse isoleer die gemelde outeurs vier kritieke faktore:

1. Taalwette as magsverspreiders: Die taalwette het bygedra tot die mobilisering van groepe waar taalbelange juis geld omdat die taalvraagstuk eintlik ook 'n magstryd omsluit.
2. Die propagandistiese sowel as implementeringsoogmerke van taalwette: Ofskoon implementering ook uiteindelik belangrik was, het die blote proklamering van die taalwette tegelyk 'n sinjaal en simbool van regime-verandering geword.
3. Sigbare tekens van 'n nuwe taalbeleid: Konkrete veranderinge is teweeggebring deur veranderinge aan openbare tekens, die deurgang van openbare inligting in die nasionale tale, en nuwe taalvereistes betreffende werkverskaffing.
4. Taalvereistes eerder as etniese kriteria: Nasionale identiteit en oorlewing is bo etniese identiteit gestel. Geen etniese voorkeure is in wetgewing vervat nie. Die stel van nuwe taalvereistes was egter een van die betekenisvolle aanduidings van 'n veranderde taalregime.⁴

Hogan-Brun e.a. (2008:611) baseer hul analise grootliks op Maurais (1991, 1997) se sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing. Maurais identifiseer in afsonderlike publikasies twee stelsel sodanige beginsels: beginsels wat betrekking het op die konteks van taalwetgewing (Maurais 1991) en beginsels wat betrekking het op die rol van taalwetgewing (Maurais 1997). Sy aanvanklike stel beginsels konsentreer meer op die inhoud van taalwetgewing, terwyl die tweede stel beginsels hierop uitbrei, maar ook kontekstuele aspekte begin insluit. Hogan-Brun e.a. (2008:611) se beoordeling sluit by albei stelsel beginsels aan, maar steun uiteindelik meer op die tweede groep. Beide stelsel beginsels is egter belangrik wanneer 'n kritiese analise van taalwetgewing beoog word, hetsy inhoudelik of kontekstueel, omdat dit uiteindelik as 'n basis vir 'n vergelykende studie van die taalwetgewing van verskillende gebiede dien.

Met Maurais se sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing as vertrekpunt wil met hierdie artikel 'n inhoudelike analise van die SALB as beoogde nasionale taalwet vir Suid-Afrika gemaak word. So 'n gefundeerde analise kan vrae beantwoord oor die potensiële waarde van die uiteindelijke Suid-Afrikaanse Talewet as sentrale wetlike meganisme ter uitvoering van sowel die nasionale regering as provinsiale regerings se grondwetlike opdrag om "deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale (te) reël en (te) monitor", soos bepaal deur Artikel 6(4) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (RSA 1996a).

2. Nasionale taalwette en taalwetgewing

2.1 Omskrywing

'n Nasionale taalwet is 'n baie spesifieke vorm van taalwetgewing. Volgens Turi (1993:5–6, 8) se aanvanklike definisie is taalwetgewing oor die algemeen daarop gemik om die status en gebruik van aangewese tale wetlik te bepaal en te vestig deur middel van regsverpligtinge en regte, oftewel "wetlike reëls oor taal". Sulke reëls kom in baie gevalle voor as taalbepalings binne wetgewing wat nie noodwendig by uitstek oor die status en gebruik van aangewese tale handel nie, soos byvoorbeeld in 'n land se grondwet, in wetgewing oor onderwys, die regspleging, die media ens. Waar 'n hele wet egter volledig gewy word aan reëls oor die status en gebruik van aangewese tale, kan daardie wet as 'n nasionale taalwet getipeer word.

Die taalwette van lande soos Kanada (Canada 1985) en Ierland (Republic of Ireland 2003), asook van streke soos Wallis (Welsh Language Act 1993) en Québec (Q.O.L.A. 1974) en ander is tipiese voorbeelde van sulke nasionale taalwette. 'n Volledige opgaaf van hierdie taalwette en van taalwetgewing oor die algemeen is beskikbaar op 'n databasis van die Mercator-organisasie, 'n instansie wat fokus op taalwetgewing en taalregte (Mercator 2010). Die opvallende omtrent die taalwette hier ter sprake is dat hulle wetlike reëlins maak oor die status en gebruik van die amptelike tale van die betrokke gebiede. In sulke gevalle word die taalwetgewing afgestem op die daarstel van 'n vorm van amptelike taalgelykheid, soos ons onder meer sien in die geval van Kanada en Ierland. In heelwat gevalle word die status en gebruik van nasionale minderheidstale gereguleer, soos vir die Walliese taal in die geval van Wallis, Frans in die geval van Québec, ensovoorts. Die Baltiese geval en dié van ander Oosbloklande kom hiermee ooreen, maar gaan spesifiek oor die opheffing van die voormalig gemarginaliseerde nasionale tale. Die belang van 'n nasionale taalwet by die daarstel van 'n veranderde taalbestel moet dus nie onderskat word nie.

2.2 Belang

Dunbar (in Williams 2008:174) gee vier redes waarom taalwetgewing belangrik is. Hy het hier spesifiek "language laws", of taalwette, in gedagte. Indien effektief geïmplementeer en bestuur, kan 'n taalwet:

1. veranderinge teweegbring in die linguistiese gedrag van organisasies waarop dit betrekking het
2. veranderinge teweegbring in die linguistiese gedrag van die sprekers van die minderheidstaal self
3. sprekers van die minderheidstaal toelaat om op te tree wanneer tekortkominge met betrekking tot implementering voorkom
4. 'n normatiewe omgewing skep wat toelaat dat die gedrag van verantwoordelike instansies aan openbare beoordeling blootgestel word.

Shohamy (2006:59-60) skryf die belang van taalwetgewing toe aan die sanksies en penalisering van sulke wetgewing wat uiteindelik kan verseker dat beleid uitgevoer word. Sy wys egter ook daarop dat die meestal streng voorskriftelike aard van 'n taalwet bepaalde gedrag aan mense opdwing waardeur persoonlike vryhede uiteraard ingeperk word. Ook wys sy daarop dat 'n taalwet nie noodwendig impliseer dat mense alle bepalinge slaafs gaan navolg nie. Nietemin sit ons met die konkrete gevalle waar 'n taalwet inderdaad 'n keerpunt in die taalbestel teweeggebring het; soos Williams (2008:262) treffend in die Walliese geval opmerk: "(t)he Welsh Language Act 1993 has inaugurated a new era in language policy and planning." Studies oor sulke relatiewe suksesverhale wys vir ons dat 'n verskeidenheid faktore tot hierdie sukses bydrae, maar dat die taalwet as sodanig nogtans 'n kardinale rol speel.

2.3 Suksesse

Onder meer word die sukses van die Baltiese taalsituasie toegeskryf aan wat Hogan-Brun et al. (2009:75) die wetgewende apparatuur noem. Wetgewende apparatuur in hierdie geval sluit sowel primêre as sekondêre taalwetgewing in (Du Plessis 2003). Primêre taalwetgewing behels volgens Hogan-Brun et al. (2009:75) 'n taalwet en addisionele taalwetgewing (spesifiek wette oor burgerskap en onderwys met taalbepalings). Sekondêre taalwetgewing, met ander woorde taalwetgewing wat deur die uitvoerende regeringsbeen gemaak word, sluit volgens hulle regulasies, ordinansies en strategiese dokumente in wat

die status en gebruik van die aangewese tale in spesifieke domeine en in die samelewing oor die algemeen bereël. Die Baltiese taalwette voorsien die geïntegreerde wetsraamwerk vir die realisering van 'n vorm van samehangende taalintervensie. Garibova en Asgavara (2009:209–10) wys na aanleiding van hulle analise van die Azerbaidjan-situasie ook by implikasie op die belang van sodanige samehang, veral met die oog op die implementering van die bepalings van 'n taalwet, 'n aksie wat hulle beskryf as die “follow-up on laws”, wat dus bykomende taalwetgewing sou kon insluit. Dit sou daarom 'n mistasting wees om die sukses van die Baltiese state en ander gebiede enkel en alleen aan 'n nasionale taalwet toe te skryf. Die samehang met voortvloeiende taalwetgewing is kardinaal, maar die nasionale taalwet staan sentraal.

Die waarde van die nasionale taalwet as alleenstaande intervensie moet daarom nie sonder meer onderspeel word nie. Feit bly staan, dit is deur die promulgering van nuwe staatstaalwette na die hervatting van onafhanklikheid dat die taalhiërargie van die Sowjetperiode omgekeer is. Ook is daardeur 'n komplekse proses betreffende die hervestiging van die nasionale tale van hierdie lande begin, soos reeds aangedui is. Kritiek vanuit Europa op die taalwetgewing van hierdie lande word juis grootliks afgestem op hulle nasionale taalwette. Dit bevestig net verder hul sentraliteit binne die taalbestel. Die nasionale taalwet lê dus die basis waarop verdere taalwetgewing kan voortbou.

2.4 Beginsels

Belangstelling in die vergelykende taalwetgewing (Turi 1993:6) neem toe soos wat die verskynsel van wetlike intervensie as taalbeleidsmeganisme (Shohamy 2006:59) wêreldwyd uitkring. Vergelykende studies benader taalwetgewing vanuit verskillende dissiplinêre hoeke, onder meer vanuit 'n sosiolinguistiese (Maurais 1991), 'n wetlike (Turi 1993) en 'n linguistiese perspektief (Kibbee 1998).

Maurais (1991) se sosiolinguistiese benaderingswyse tot vergelykende taalwetgewing behels die identifisering van beginsels wat verskillende taalwette onderlê, wat dus 'n vergelykende studie vergemaklik. Hy wys daarop dat 'n oppervlakkige, kwantitatief-georiënteerde vergelyking van verskillende taalwette misleidend kan wees. Bloot kwantitatief beskou kom Québec se besonder gedetailleerde *Charter of the French Language* (Q.O.L.A. 1974) byvoorbeeld baie vollediger voor as die taalwette van die Baltiese state. Indien 'n mens egter die vergelyking vanuit Maurais se sosiolinguistiese perspektief benader en die velde van taalgebruik identifiseer wat gereguleer word, blyk dit dat die betrokke taalwette inhoudelik grootliks ooreenstem. Waar so 'n vergelyking wel verskille blootlê, hou dit eerder verband met die mate van volledigheid waarmee die onderskeie taalwette 'n spesifieke taalgebruiksveld probeer reguleer. Sulke verskille is dan besonder betekenisvol en gee 'n aanduiding van die unieke taalbeplanningsprioriteite van die betrokke gebied, maar weerspieël waarskynlik ook bepaalde taal-ideologiese vooropstellings.

Maurais (1991) identifiseer uiteindelik vyf sosiolinguistiese beginsels wat taalwetgewing onderlê. Taalwetgewing behoort volgens Maurais ten minste die volgende kernkwessies aan te roer of bepalings daaromtrent te bevat:

1. Die proklamering van 'n amptelike taal
2. Die bindingstaal-vraagstuk
3. Taal van kommunikasie met klante en burgers
4. Taal van onderrig
5. Linguistiese aspekte van immigrasie.

Ons kan sien dat die laaste drie beginsels betrekking het op die regulering van taalgebruik in spesifieke amptelike domeine, waarvan Maurais drie as sentraal uitsonder: regeringskommunikasie, onderwys en burgerskap. Sy eerste twee beginsels kan weer geklassifiseer word as grondliggende of fundamentele beginsels by taalwetgewing. Eersgenoemde groep domeingerigte beginsels lyk daarom meer tegnies van aard, terwyl laasgenoemde grondliggende beginsels eintlik meer ideologies van aard is. Hierdie aanvanklike vyf beginsels het grootliks betrekking op die inhoud of strukturering van taalwetgewing.

In Maurais (1997) brei die outeur uit op sy aanvanklike siening en formuleer hy verdere sosiolinguistiese beginsels wat wetlike intervensies by 'n taalbestel betref. Hy doen dit na aanleiding van sy ontleding van die Québecse taalsituasie. Hierdie nege beginsels verskil konseptueel grootliks van die vorige aangesien dit meer inspeel op die konteks van taalwetgewing:

1. *Noodsaak aan vooraf sosiolinguistiese beskrywing.* Ofskoon sosiolinguistiese beskrywings oor die algemeen belangrik is, meen Maurais dat veral amptelike taalopnames en -ondersoeke 'n belangrike rol kan speel by die formulering van oogmerke vir taalbeleid oor die algemeen, maar spesifiek vir taalwetgewing. Hy gee Kanadese voorbeelde van sulke invloedryke opnames. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) se 2001-taalopname (PanSALB 2001) sou die Suid-Afrikaanse ekwivalent van so 'n sosiolinguistiese beskrywing wees.
2. *Noodsaak aan staatsintervensie.* Veral wanneer taalwetgewing 'n grootskaalse verandering teweeg wil bring, moet die staat 'n prominente rol speel deur die maak van reëls en regulasies wat beheer en gekontroleer kan word. Die daarstel van 'n statutêre oorsigliggaam soos die Kanadese Commissioner of Official Languages, die Welsh Language Board in Wallis (Williams 2008:265) en ander soortgelyke instellings speel hierin 'n sentrale rol. Dit is insiggewend dat artikel 3(5) van die Suid-Afrikaanse Grondwet ook voorsiening maak vir 'n soortgelyke liggaam in die vorm van Pansat (RSA 1993).
3. *Noodsaak aan sigbare verandering.* Maurais meen omdat taal eintlik 'n abstraksie is, is sigbare manifestasies van verandering aan die taalbestel vir die gewone publiek van groot belang. In die geval van Québec is sodanige veranderinge sigbaar by openbare tekens (Franse teks prominent), terminologie in die werkplek (Engels word vervang met Frans), en skoolinskrywings (toenemend in Frans). Verskeie verdere outeurs is dit eens oor die belang van sigbare veranderinge. Soos reeds hier bo aangedui, speel sigbare veranderinge 'n deurslaggewende rol by veranderinge in die Baltiese state (Hogan-Brun et al. 2008:615). Coulmas (2005:3) praat van die "sigbare hand" van "geadministreerde taal".
4. *Domeine van nie-intervensie.* Volgens Maurais is dit belangrik dat intervensie beperk word tot die domeine waaroor die staat beheer uitoefen.
5. *Spesiale status van tweetaligheid.* Maurais meen die onderskeid tussen individuele tweetaligheid en institusionele of statutêre tweetaligheid is van kardinale belang. Eersgenoemde moet volgens hom binne 'n meertalige land bevorder word, maar laasgenoemde moet gekontroleer of bestuur word. Indien dit nie gebeur nie, ontstaan 'n ongelyke situasie van taalkompetisie wat nie die ondergeskikte taal of tale bevoordeel nie.
6. *Noodsaak aan die bou van konsensus.* Vir Maurais is dit belangrik dat breë konsensus bereik word oor die oogmerke van 'n nuwe taalbestel. Waar dit gaan oor die elevering van 'n agtergestelde taal, sou dit daarop neerkom dat die bevolking ook hulle bydrae lewer, soos dat immigrante die

bevoordeelde taal sal aanleer, hulle kinders na skole in die betrokke taal sal stuur, pogings van die staat om die taal te bevoordeel sal steun, ens.

7. *Die rol van die tydsfaktor by taalbeplanning.* Ten slotte meen Maurais dit is belangrik om in ag te neem dat veranderinge nie onmiddellik gebeur nie en veral dat werklike veranderinge 'n tyd neem om deur te syfer. Dit sou volgens hom gevaarlik wees om op korttermyn-veranderinge te konsentreer. Maatreëls soos die vervanging van straat- en plekname val volgens hom in hierdie kategorie. Daar is wat hom betref geen kortpaadjies nie, wat meebring dat veral gekonsentreer sal word op veranderinge wat onsekerheid oor die bevoordeelde taal se toekoms sal verminder en dat monitering 'n integrale onderdeel van die oorhoofse taalbeplanningsprojek sal vorm.

Turi (1993) benader weer vergelykende taalwetgewing vanuit 'n regspektief. Hy formuleer enkele regsbeginsele op basis waarvan taalwetgewing vergelyk kan word. Die onderwerp van 'n taalwet is een so 'n beginsel, met ander woorde die feit dat reëls gemaak word vir mense en groepe mense, byvoorbeeld minderheidsgroepe, en nie ter wille van 'n taal nie: *Wie*, en nie *wat* nie, word deur die wetgewing beskerm of erken of bevoordeel? 'n Tweede beginsel is die seggingskrag van die taalwetgewing, met ander woorde die aard van sanksies wat dit onderlê en wat sal meebring dat dit juridies as openbare wetgewing al dan nie benader sal word. 'n Derde beginsel hou verband met die afbakening van taalregte, die onderskeid wat getref word tussen amptelike en nie-amptelike regte, die mate van taalvryheid, byvoorbeeld die inperking al dan nie van minderheidstaalgebruik wat toegelaat word, ens.

Dunbar (2005) se vergelyking tussen die *Gaelic Language (Scotland) Act 2005* en die *Welsh Language Act 1993* stel 'n verdere regsbeginsele by taalwetgewing aan die orde, naamlik dié van regsinstrumente. Buiten die feit dat 'n bepaalde stuk wetgewing op sy eie 'n regsinstrument is, vorm die legitimisering van bykomende regsinstrumente betreffende taal 'n kernelement van taalwetgewing. In sy vergelyking van die gemelde twee taalwette wys Dunbar (2005:472–9) op drie sulke regsinstrumente wat in beide voorkom: die daarstel van 'n statutêre taalliggaam – in die geval van Skots, die Bòrd na Gàidhlig en van Wallies, die Bwrdd yr Iaith Gymraeg, die vereiste aan 'n (nasionale) taalplan vir onderskeie tale, en verwant hieraan, die voorbereiding van taalplanne ("language schemes") in die geval van die Walliese taalwet, deur openbare owerhede vir hierdie tale. Die Skotse Taalraad kan byvoorbeeld enige openbare instansie opdrag gee om 'n taalplan voor te berei ten einde die gebruik van Gaelies te bevorder, en selfs 'n sperdatum daaraan koppel. Dieselfde geld vir die Walliese Taalraad. Dit is duidelik dat in die geval van beide Gaelies en Wallies die daarstel van 'n statutêre taalliggaam 'n sentrale regsinstrument is. Dieselfde geld vir die Baltiese state waar taalwetgewing ook voorsiening maak vir die daarstel van statutêre taalinstellings, die Estlandse Taalraad, die Letlandse Staatstaalsentrum en die Litause Staatskommissie vir die Litause taal. Hierdie instansies moet toesien dat die taalwetgewing in hulle onderskeie lande geïmplementeer en onderhou word (vgl. Hogan-Brun et al. 2008:545–9).

Kibbee (1998) bied 'n meer linguistiese perspektief op taalwetgewing, maar formuleer nie soseer linguistiese beginsele nie; hy wys meer tekortkominge in wetgewing uit wat steun op bepaalde juridiese aannames oor die verskynsel taal. Hierdie aannames sluit in dat die onderskeid tussen tale (en dialekte) duidelik afbakenbaar is, byvoorbeeld die onderskeid Standard English / Black English, dat daar 'n direkte korrelasie bestaan tussen die woord en die onderwerp wat gesignifiseer word, byvoorbeeld *moedertaal*, *taalbevoegdheid*, ens., dat absoluut akkurate vertalings moontlik is, en dat die woordeskat van 'n taal 'n unieke

kulturele perspektief bevat wat uiteindelik 'n samebindende faktor word, byvoorbeeld in die geval van onderwys in minderheidstale, moedertaalonderrig ens. Hy problematiseer hierdie aannames en wys op die noodsaak aan die sinchronisering van regsbeginsele en linguistiese beginsele. Vanuit 'n vergelykende perspektief beskou, sou aandag gegee kon word aan die soort linguistiese terminologie wat in taalwetgewing voorkom en gekyk word na die soort definisies en verklarings wat die betrokke wetgewing vergesel.

Uit die voorgaande kan ons nou 'n tipologie van beginsele by taalwetgewing ontwikkel wat as basis kan dien vir 'n analise van taalwetgewing, hetsy vergelykend of nie (Tabel 1).

Strukturele beginsele		Kontekstuele beginsele	
Proklamasie	Grondliggend	Beplanning	Noodsaak aan vooraf sosiolinguistiese beskrywing
Bindingstaal-vraagstuk / Amptelike tweetaligheid			
Onderwerp van die taalwet			Noodsaak aan staatsintervensie
Terminologiese kwessies			Domeine van nie-intervensie
Kommunikasie met burgers	Ampstaalgebruik	Implementering	Rol van die tydsfaktor by taalbeplanning
Taal van onderrig			
Linguistiese aspekte van immigrasie			Noodsaak aan sigbare verandering
Tipes			
Seggingskrag	Instrumente		Noodsaak aan die bou van konsensus
Afbakening van taalregte			

Tabel 1: Tipologie van beginsele by taalwetgewing

3. Toepassing

Ons kan hierdie tipologie nou toets aan die hand van drie bekende en relatief suksesvolle nasionale taalwette: die Walliese, Kanadese en Baltiese taalwette. Die eerste Walliese taalwet is in 1967 gepubliseer (vgl. Welsh Language Act 1993), die eerste Kanadese taalwet in 1969 (vgl. Canada 1969), die eerste nuwe-generasie Baltiese taalwette in 1989 (Grin 1991:191), en die eerste ware post-Sowjet-taalwette van die drie state in onderskeidelik 1995 in die geval van Estland en Letland, en 1999 in die geval van Litaue (Hogan-Brun et al. 2009:75). Die taalwette van die Baltiese state stem grootliks ooreen. Daarom word dié van Estland as verteenwoordigend geneem.

Vir die doeleindes van die vergelyking sal die jongste taalwette van die drie gebiede as uitgangspunt geneem word. Die drie gekose taalwette is verteenwoordigend van drie tipes taaluitdagings, te wete die opheffing van 'n nasionale minderheidstaal in die geval van Wallis, die hervestiging van 'n nasionale taal in die geval van Estland (en die ander twee Baltiese state), en die daarstel van amptelike tweetaligheid in die geval van Kanada. Die Québecse geval sou 'n verdere kategorie uitmaak, maar word nie hier gehanteer nie.

Wat volg, is 'n saaklike oorsig oor die inhoud van die drie geselekteerde taalwette en daarna 'n beoordeling aan die hand van ons tipologie van beginsels by taalwetgewing. Die vergelyking sal slegs in terme van die strukturele beginsels getref word.

Struktureel verskil die drie taalwette. Die Walliese taalwet (Welsh Language Act 1993) bevat altesaam 37 artikels wat oor drie hoofdele van die wet versprei word. Deel I bevat bepalings van die Walliese Taalraad, Deel II hanteer bepalings oor die sogenaamde Walliese "taalskemas", en Deel III behandel diverse aangeleenthede, onder meer die gebruik van die Walliese taal in regsverrigtinge, vir statutêre name en taalsigbaarheid in Wallies, byvoorbeeld voorskrifte oor statutêre name, Wallies op vorms ens., en die gebruik van Wallies in die bedryfssektor. Deel I en II vorm die kern van die taalwet. Trouens die aanhef van die wet lui dat dit die oogmerk van die wet is om 'n raad te vestig wat vir die bevordering en gebruik van die Walliese taal verantwoordelik is en wat taalskemas vir hierdie doel sal aanwend. Openbare instellings moet taalskemas by die Raad registreer ten einde aan te toon hoe taalgelykheid vir die gebruik van Wallies verkry sal word. Die Walliese Taalraad, die Bwrdd yr Iaith Gymraeg, dien dus as sentrale taalwaghond, gerugsteun deur taalskemas.

Die Kanadese taalwet (Canada 1985) is in vergelyking veel vollediger en meer gediversifiseerd. Hierdie wet bevat altesaam 110 artikels wat oor altesaam veertien dele versprei word. Deel I handel met parlementêre verrigtinge, Deel II met wetgewende en ander instrumente, Deel III met die regsadministrasie, Deel IV met kommunikasie met die publiek en dienste aan hulle, Deel V met die tale van die werksplek, Deel VI met deelname van Engels- en Franssprekendes, Deel VII met die bevordering van hierdie twee tale, Deel IX met Kanada se Kommissaris van Amptelike Tale (Commissioner of Official Languages), Deel X met hofremedies, Deel XI met algemene bepalings, Deel XII met verwante amenderinge, Deel XIII met gevolglike amenderinge, en Deel XIV met oorgangsmaatreëls, die herroeping van bepaalde wette en die inwerkingtreding van die wet. Die aanhef van die wet bepaal dat dit opgestel is om konkreet gestalte te gee aan die statutêre tweetaligheid wat in die land se grondwet voorsien word en om omstandighede te help skep waar burgers hierdie regte kan uitoefen. Ook hierdie wet wy 'n aansienlike deel aan Kanada se taalwaghond. Die uitgebreide bepalings oor taalgelykberegting in die verskillende ampstaaldomeine is 'n verdere opvallende kenmerk van die Kanadese taalwet.

Die Estlandse taalwet (RT 1995) is die kortste van die drie wette en bevat 30 artikels wat oor ses hoofstukke versprei word. Hoofstuk 1 behandel algemene bepalings wat betref amptelikheid, die omvang van die wet, die taal van staatsadministrasie, taalregte, reëls met betrekking tot taalvereistes en taaltoetsing en bepalings betreffende Estland se "Taalinspektoraat" en sy "Taalampptenare"; Hoofstuk 2 behandel reëls oor die gebruik van vreemde tale deur staatsagentskappe en plaaslike regering; Hoofstuk 3 behandel die gebruik van die taal van nasionale minderhede, soos die Russiese minderheid, in hulle kultureel outonome liggame; Hoofstuk 4 behandel die gebruik van tale in ander areas, onder meer die reg op inligting in die Estlandse taal; Hoofstuk 5 behandel

reëls vir name en inligting, onder meer reëls oor taalsigbaarheid in die nasionale taal en in die oudiovisuele media, en 'n subhoofstuk, 5.1, behandel skendings van taalregte; en Hoofstuk 6 behandel finale bepalings, meestal die herroeping van vorige wette. Opvallend omtrent hierdie taalwet is dat dit, soos in die vorige twee gevalle, ook 'n taalwaghond daarstel. Die grootste gedeelte van Hoofstuk 1 word hieraan gewy, waar die magte van die Taalinspektoraat uitgespel en ook besonderhede oor die magte van sy Taalamptenare behandel word. Anders as by die ander twee wette word in die Engelse teks van die taalwet geen aanhef aangedui nie. Wel dui die eerste bepaling van Hoofstuk 1 aan dat die land slegs een amptelike taal het, naamlik die Estlandse taal. Uit die bepalings kan afgelei word dat die wet in hoofsaak op reëlins hieromtrent afgestem word, maar dat ook voorsiening gemaak word vir die status van nasionale minderheidstale en vreemde tale in die land.

Op die oog af kom die Kanadese taalwet dus vollediger voor, maar indien ons die sosiolinguistiese beginsels by taalwetgewing in gedagte hou, blyk dit dat die drie wette bepaalde ooreenkomste toon.

Inhoudelik bevat al drie wette eksplisiete grondliggende beginsels wat direk verbind kan word met die groter (nasionale) ideale vir die taalbestel van elke land. In die geval van Wallis word die grondliggende beginsels essensieel gerig op die bevordering en gebruik van die Walliese taal as nasionale minderheidstaal binne 'n raamwerk van amptelike tweetaligheid. Eersgenoemde staan egter voorop. By die Kanadese geval gaan dit by uitstek oor taalgelykberegtiging vir die twee ampstale, Frans en Engels, binne die konteks van die grondwetlike bepalinge hieromtrent. In Estland staan die promovering en elevering van die Estlandse taal eksplisiet voorop as nasionale prioriteit. Anders as die twee voorafgaande gevalle bevorder die Estlandse taalwet amptelike eentaligheid as eenheidsfaktor teenoor amptelike tweetaligheid by die ander twee. Dit val op dat elke land se taalwet nasionale taalprioriteite volg.

Wat die beginsels van ampstaalgebruik betref, verskil die drie taalwette net ten opsigte van detail en omvang. Die Kanadese taalwet bevat veel meer gedetailleerde bepalings omtrent ampstaalgebruik, die Estlandse taalwet minder en die Walliese taalwet die heel minste. Nietemin baken al drie wette eksplisiet die domeine van ampstaalgebruik af waar die ampstaalbestel by uitstek gerealiseer moet word. 'n Verdere opvallende ooreenkoms tussen al drie is dat taalgebruik in die privaat domein ook aangesny word, maar die bepalings oor die ampstaaldomeine staan voorop. Laastens is 'n afsonderlike stel reëls wat ampstaalsigbaarheid betref, die gebruik van die amptelike taal in die openbare domein, ook 'n kenmerk wat deurloop. Die Kanadese en Estlandse taalwette bevat laastens ook reëls vir die dienste wat met betrekking tot die ampstale aan die publiek gelewer sal word. Taaltoetsing is een van die aspekte wat prominensie geniet in die Estlandse geval. Dit is opvallend dat al drie wette soveel aandag aan die beginsel van ampstaalgebruik gee, wat 'n aanduiding is van hoe belangrik die eksplisiete regulering van ampstale in die kerndomeine van taalgebruik is.

Een van die uitstaande kenmerke van al drie wette is die sterk klem wat op beginsels van wetlike instrumente geplaas word. 'n Opvallende ooreenkoms wat betref tipes instrumente is dat elkeen van die drie wette voorsiening maak vir 'n statutêre instansie wat verantwoordelik is vir die deurvoer van die bepalings van die taalwet: 'n Walliese Taalraad en Walliese Taalskemas in die eerste geval; 'n Kommissaris van Amptelike Tale in die tweede geval; en 'n Taalinspektoraat met Taalamptenare in die laaste geval. In vergelyking met die instrumente van die ander drie is die Walliese Taalskemas uniek. Regsremedies word ook in al drie gevalle aangewend en opvallend omvangryke reëls daaromtrent uitgespel.

Laastens word openbare verslaggewing ook in al drie gevalle as 'n verdere instrument aangewend. 'n Statutêre taalwagbond staan dus uit as een van die belangrike beginsels vir regsinstrumente en bied ook voldoende ondersteunende maatreëls, soos die Taalskemas (Wallis) en Taalamptenare (Estland) aandui. Ook is voldoende regsremedies en openbaarmaking essensiële komponente van 'n suksesvolle nasionale taalwet.

Die vergelyking van die drie lande se taalwette aan die hand van ons tipologie van beginsels by taalwetgewing wys dat die inhoud van 'n nasionale taalwet belangriker is as die omvang daarvan. Deur so 'n inhoudelike studie van suksesvolle taalwette te onderneem kan veel oor die struktuur van 'n geskikte taalwet geleer word. Dit bly belangrik om ook uiteindelik met kontekstuele veranderlikes rekening te hou, aangesien die taalprioriteite van lande uiteraard verskil. Weens die omvang van taalwetgewing elders ter wêreld is dit dus onnodig om weer die wiel betreffende die inhoud van 'n taalwet uit te vind. Ons kan dus aanneem dat die opstellers van die SALB inderdaad kers gaan opsteek het by ander lande waar nasionale taalwette suksesvol geïmplementeer word.

4. Die South African Languages Bill

Relatief min is nog in akademiese publikasies oor die SALB geskryf. Sommige outeurs vermeld die wetsontwerp wel in publikasies waar 'n oorsig oor taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika aan die orde kom, maar geen grondige analise as sodanig is tot dusver daarvan onderneem nie.

Behalwe saaklike vermeldings gee sommige outeurs wel kort oorsigte, asook saaklike kommentaar wat hierop betrekking het. Desai (2001:326–8) gee byvoorbeeld 'n waardevolle oorsig oor die vroeë ontwikkelingsstadium van die wetsontwerp onder leiding van die ministeriële adviespaneel. Beukes (2004) se oorsig situeer die ontwikkeling van die wetsontwerp binne die breër konteks van taalbeleidsontwikkeling op nasionale vlak in Suid-Afrika. Desai (2001:327) wys op die voorkeur van die betrokke paneel vir 'n volledige rotasiestelsel vir ampstaalgebruik wat vier taalgroepe insluit, maar toon aan hoe dit weens politieke sensitiwiteit afgewater is na die huidige semirotasiestelsel van ses ampstaalgroepe. Beukes (2004) verwys saaklik ook na die verskuiwing en wys op 'n amptelike kosteberekening wat vir beide rotasiestelsels onderneem is. Desai (2001:327–8) behandel in haar oorsig sommige van die sentimente wat by die Tweede Taalindaba (NTD 2001) deurgeskemer het, onder meer die voorkoms van Zoeloe-nasionalisme en die gevolglike opposisie teen 'n Nguni-groepering binne die rotasiestelsel. Belangrik omtrent haar betrokke oorsig is die klem wat sy plaas op die belang van die beoogde taalwet vir Pansat, en dat dit die Raad se moniteringsopdrag kan vergemaklik omdat die wet 'n duidelike raamwerk vir taalbeleidsontwikkeling daarstel (Desai 2001:328).

Roodt (2006:54) sluit haar by Desai se siening aan. Sy argumenteer insgelyks dat die taalwet noodsaaklik is, omdat dit maatstawwe bevat waarteen Pansat sy monitering binne die staatsdiens kan uitvoer. Alexander (2005:13) druk hom baie sterk uit oor die belang van taalwetgewing en spesifiek die SALB as beleidsraamwerk waarbinne die amptelike tale kan funksioneer: "We have an opportunity through existing legislation. We need the force of law." Waarskynlik juis daarom wys Roodt (2006:54) op die regsimplikasies wat die gesloer met die promulgering van die wet inhou. Volgens Desai (2001:327) sou die wetsontwerp al in 2001 voor die Parlement gedien het en uit die oorsig hier onder sal blyk dat dit eers in 2003 vir kommentaar gepubliseer is, drie jaar daarna en drie jaar voor

Roodt se kritiek. Sy redeneer dat die vertraging met die promulgering daarvan 'n gaping in die wetgewende raamwerk oor die gebruik van die ampstale laat ontstaan. In hierdie spreekwoordelike lugleegte word die taalbepalings van die grondwet volgens Roodt (2006:54) ondertussen op 'n redelik vrysinnige wyse vertolk: "[O]rgans of state and state departments continue to have a margin of appreciation to interpret the language clauses ...". Die uiteindelijke gevolg is dat Pansat in werklikheid geneutraliseer word en nie na behore kan funksioneer nie.

Mwaniki (2004:311) spreek hom ook terloops uit oor die vertraging met die promulgering van die wet en vind dit "not excusable". Hy skryf die gesloer toe aan "levity on the part of politicians". Alexander (2004:122) skryf na aanleiding hiervan: "[I]t is extremely unlikely that of their own accord, the political leadership in the ruling circles will take decisive steps in the direction of closing the yawning gap between exemplary policy documents and real-life practice." Hy voorsien, op ietwat siniese trant, dat Suid-Afrika die roete gaan volg van die res van die vasteland waar Afrikatale gepraat word. Kamper (2006:85) skryf weer die vertraging toe aan onentoesiastiese staatsdepartemente, en Beukes (2006:3-4) hou moontlike oorvleuelings met die Pansat-wet aanspreeklik.

Kamper (2006:78) opper 'n kwessie wat geen ander outeur aanroer nie. Hy vind naamlik dat die wetsontwerp aan seggingskrag ontbreek. Die wetgewing bevat volgens homnie genoeg eksplisiete direktiewe oor korrektiewe aksie nie: "[N]o mention is made of any real power to impose corrective actions in the case of language policy transgressions."

Ofskoon die gemelde outeurs wel aspekte van die wetsontwerp bespreek, word die nie-promulgering van die SALB 'n belangrike fokuspunt eerder as wat 'n indringende analise van die wetsontwerp in die geheel aan die bod kom. Hierdie opgaaf word vervolgens aangepak.

4.1 Agtergrond

Die SALB is die eindresultaat van 'n taalbeleidsproses wat gedurende die beginjare van die postapartheid-staat uit die Language Plan Task Group (LANGTAG) voortgevloei het. Hierdie Taakgroep, aangestel deur die destydse Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, is gevorm om 'n taalplan vir Suid-Afrika te ontwikkel wat as vertrekpunt sou kon dien vir die daarstel van norme en standaarde vir taalbeleid. Die Taakgroep se bevindinge is op 8 Augustus 1996 in verslagvorm bekendgestel (DKKWT 1996) na afloop van 'n konsultatiewe konferensie gedurende Junie van dieselfde jaar. LANGTAG se aanbevelings sou volgens die betrokke staatsdepartement vanaf 1999 geïmplementeer word as "(s)trategieë en maatreëls ter bevordering van veeltaligheid" (DKKWT 1998b:25). Dit is intensies wat neerslag vind in belangrike konsepdokumente wat reeds sedert 1998 die rondte doen, maar wat op selektiewe wyse aan taalrolspelers beskikbaar gestel word, te wete *A Language Plan for South Africa. Preparing for a multilingual future* (DKKWT 1998a), die *Draft White Paper on Language* (DKKWT 1999a) en die *Language Plan for South Africa. The Promotion and Implementation of Multilingualism* (DKKWT 1999b). As sodanig verteenwoordig hierdie dokumente vroeëre konkrete pogings om norme en standaarde vir taalbeleid in die postapartheid-Suid-Afrika te ontwikkel, asook om nasionale taalprioriteite daar te stel. Hierdie konsepdokumente sou uiteindelik 'n basis vorm vir die ontwikkeling van die *National Language Policy Framework (NLPF)* (DKK 2002c), Suid-Afrika se amptelike nasionale taalbeleidsdokument, wat in Februarie 2003 deur die Kabinet goedgekeur is (DKK 2005:8).

Uit die gemelde vroeëre konsepdokumente ontwikkel uiteindelik 'n amptelike besprekingsdokument getiteld *Language Policy and Plan for South Africa (LPPSA)* (DKK 2000). Xulu (2001:3) verwys in die bekendstelling van hierdie taalplan na 'n vroeëre weergawe – na alle waarskynlikheid DKKWT 1998a, wat skynbaar reeds in Februarie 1998 by 'n konsultatiewe werkswinkel in Pretoria behandel is. Xulu (2001:3) vermeld verder dat die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie in 1999 'n Adviespaneel onder leiding van Neville Alexander saamgestel het om die taalplan as konsepdokument te finaliseer om by die sogenaamde Second Language Indaba wat gedurende Maart 2000 in Durban gehou is (NTD 2001), bespreek te word. Volgens Desai (2001:326) is hierdie paneel, genaamd die Advisory Panel on Language Policy to the Minister of Arts, Culture, Science and Technology, in November 1999 aangestel. Alexander self het namens die adviespaneel 'n bespreking by die betrokke Indaba oor die taalplan ingelei (Alexander 2001, DKK 2000).

Van 'n vroeëre weergawe van die SALB, getiteld *Language Policy for South Africa Bill, 2000* (DKKWT 2000), verneem ons ook die eerste keer in die openbaar by hierdie Taalindaba (NTD 2001:86–114). Uit die bekendstelling van die betrokke wetsontwerp blyk dat die Ministeriële Adviespaneel hierbo vermeld ook in die finalisering van hierdie dokument 'n hand gehad het (Beukes 2001:86, 113–4). Dit blyk hierbenewens ook dat openbare verhore oor die wetsontwerp in die vooruitsig gestel word. In haar slotwoord by die Indaba voorsien Mkhulisi (2001:159) dat die wetsontwerp teen die einde van Mei 2000 na die Minister sou gaan vir sy oorweging. Desai (2001:327) bevestig dat dit inderdaad gedoen is deur middel van 'n memorandum en dat die Minister geadviseer is om die wetgewende roete te volg. Mkhulisi (2001:159) meld ook dat beplan word om die wetsontwerp nog gedurende 2000 aan die kabinet voor te lê, waarna die relevante parlementêre portefeuljekomitee openbare verhore daaromtrent sou organiseer. Trouens, die bedoeling was, volgens haar, om beide die wetsontwerp en die 2000-taalplan op Erfenisdag (24 September) van daardie jaar bekend te stel.

Dat die *LPPSA* uiteindelik deur die *NLPF* vervang is, verneem ons by die amptelike bekendstelling van laasgenoemde op 3 Desember 2002 deur die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie tydens 'n ontbytgeleentheid (DKK 2002a, 2002b). Die dokument wat as finale dokument voorgehou word, is gedateer 13 November 2002 (DKK 2002c).

Ons verneem eers weer op 18 Maart 2003 van die SALB in die destydse adjunkpresident Zuma se antwoord in die Nasionale Raad van Provinsies op 'n vraag daarna deur A.E. van Niekerk van die Nuwe Nasionale Party (NNP). Op die vraag of wetgewing oor die nuwe taalbeleid voorsien word, antwoord die Adjunkpresident dat die *NLPF* in werklikheid in wetgewing vervat sal word "as the SA Languages Act" en dat die betrokke wet voor die einde van die jaar by die parlement ingedien sou word (Die Presidensie 2003b). Ondersteuning vir die Adjunkpresident se antwoord kan gevind word in die *NLPF* se implementeringsplan, die *Implementation Plan: National Language Policy Framework (IP)*, gedateer 10 April 2003 (DKK 2003a). Onder "Objective" verklaar die Departement sy begeerte om die SA Languages Act deur die parlement goedgekeur te kry. As "Activity" word gelys die plan om die wetsontwerp by die kabinet in te dien en met die betrokke portefeuljekomitee te konsulteer onderweg na tertaaflegging in die parlement. Van die "Performance Indicators" hieromtrent is goedkeuring deur die kabinet, goedkeuring deur die portefeuljekomitee, en tertaaflegging as sodanig. As verantwoordelike instansie word die betrokke departement vermeld en vir elke stap word teikendatums aangedui. Tertaaflegging word voorsien gedurende Augustus 2003. Die *IP* is 'n interne

beleidsdokument wat die DKK bystaan by die implementering van die *NLPF* (Ministerie 2003).

Die amptelike wetsontwerp, die SA Languages Bill, kom finaal in die openbare oog op 30 Mei 2003 toe dit vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer word (DKK 2003b), 'n stap wat nie pertinent in die *IP* aangedui word nie. DKK se webblad dui 23 November 2000 as gefinaliseerde datum van die wetsontwerp aan (DKKWT 2000), terwyl die *Staatskoerant* 24 April 2003 aangee. Die titel van die wetsontwerp het dus opmerklik verander sedert die Tweede Taalindaba.

Op 12 Junie 2003 bied die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie 'n nasionale raadplegende konferensie in Benoni aan. By hierdie geleentheid kom die *NLPF* se operasionaliseringsplan, die *IP*, ook ter sprake. Dit is 'n dokument wat volgens die amptelike webbronne egter steeds net in konsepvorm beskikbaar is. Volgens die betrokke minister is die implementeringsdokument al by twee vorige geleenthede bespreek (DKK 2002b), maar besonderhede word nie vermeld nie. Die konferensie word in die Adjunkpresident se toespraak by 'n banketfunksie aangekondig as die National Consultative Conference on the National Language Policy Framework (Die Presidensie 2003a). Uit die openingstoespraak van die betrokke minister blyk egter dat konsultasie oor die taalwetsontwerp die hoofogmerk met die betrokke konferensie was. Trouens, hy beklemtoon die belang van die wetsontwerp meermale tydens sy toespraak. Sy slotoproep vat sy standpunt hieromtrent treffend saam:

Taking the language policy, our plans for implementation and the advantages of multilingualism into account, please assist us in making sure that the SA Languages Bill is a true legal reflection of our intentions so that this piece of legislation indeed becomes the cornerstone for well-managed multilingualism in South Africa. (Ministerie 2003)

Ons verneem weer amptelik van die SALB in die nuwe Departement Kuns en Kultuur (DKK) se Strategiese Plan vir 2004–2007. Hierin word, interessant genoeg, as uitkoms voorsien dat die betrokke wetsontwerp tussen 2004 en 2007 in die parlement gedebatteer moes word (DKK 2004:12). Dit is 'n benadering wat ooreenkom met die vooruitskouings geopper tydens die Tweede Taalindaba wat eerder hier bo vermeld word.

In dieselfde jaar word die SALB by 'n vergadering van die sogenaamde National Language Forum (NLF) op 14 en 15 Oktober 2004 bespreek (NLF 2004). Die NLF is 'n oorlegstruktuur vir taalaangeleenthede wat ingevolge die *NLPF* saamgestel is en wat ongeveer jaarliks byeenkom. Die wetsontwerp is 'n prominente besprekingspunt by hierdie byeenkoms. Uit die notule van hierdie vergadering blyk dat die wetsontwerp inderdaad deur die kabinet oorweeg, maar afgekeur en terugverwys is. 'n Presiese woordelike weergawe van die notule van hierdie vergadering lees soos volg (die numerering is ook net so oorgeneem):

2.3.2 The South African Languages Bill

Mr X Mfafa reported on the Bill's progress.

1. The Bill had been rejected by the Cabinet Committee and the Social and Economic Cluster Committee, since there were questions about the following:
 2. Readiness to implement the Act;

3. gaps in the legislation that might leave government open to legal action;
 4. the cost of implementation; and
 5. possible action by the Afrikaans community.
2. Steps to be taken by DAC
3. There would have to be more consultation with cluster committees, MINMEC, Ministers, etc. Many of the role-players had changed after the elections, and it was important to have face-to-face discussions with them about the Bill.
 4. The LRDCs and LUs would have to communicate with language communities about the importance of multilingualism.
 5. DAC would submit the amended memorandum to Cabinet early in 2005.
 6. NLF members should focus on developing their language policies, since provincial legislation would have to follow the national Act.

Geen bespreking word genotuleer nie. Uit besprekingspunt 2(5) (*sic*) moet ons aflei dat voorstelle oor verdere wysigings aan die SALB wel in oorweging gebring is, maar geen dokumentasie hieromtrent is in die openbare domein beskikbaar nie.

Die kwessie van die SALB kom ook verderaan in die betrokke notule voor. Weer word die rekord oor die betrokke besprekingspunt presies aangehaal:

2.4.1 Plans of the National Language Service

The following were listed as priorities by the NLS:

1. *The SA Languages Bill* [eie beklemtoning]
2. A Language Code of Conduct for the Public Service
3. The SALPC Bill
4. Capacity building, e.g. bursary schemes
5. The establishment of LUs and a national HLT facility (in cooperation with the National Research Foundation)
6. The promotion and development of literature for the official African languages
7. The implementation of the TISSA project
8. The development of orthographies, spelling and editing rules for the official African languages
9. The coordination of terminology work
10. The planning and coordination of translation and editing
11. The development of an interpreting policy and the setting up of infrastructure.

Prioriteit 1 bevestig dat opvolgwerk betreffende die SALB wel in die vooruitsig gestel is. Die ander prioriteite word volledigheidshalwe ook hier gelys, maar het nie noodwendig direk op ons bespreking betrekking nie.

Sedert 2004 word die SALB egter nie weer in amptelike dokumente van die DKK vermeld nie. In die Departement se gewysigde strategiese plan vir 2005–2010 kom die wetsontwerp byvoorbeeld glad nie meer as deel van doelwitte en uitkomstes voor nie (vgl. DKK 2005). Ook daaropvolgende planne wat hierna beskikbaar gestel word, verswyg verwickelinge oor die SALB (vgl. DKK 2007, 2008).

Van die opvolgwerk wat by die NLF-vergadering van Oktober 2004 in die vooruitsig gestel is, het egter skynbaar niks tereg gekom nie. Uit dokumentasie wat Cornelus Lourens vir die hofsak van 8 Maart 2010 ingedien het, verneem ons dat die Kabinet uiteindelik 'n finale besluit geneem het om die SALB heeltemal te onttrek (Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 2010). Hierdie besluit is op 25 Julie 2007 geneem en lui soos volg:

The Minister of Arts and Culture must consult further with the Minister of Justice and Constitutional Development with a view to exploring alternative non-legislative ways of dealing with the matter and to assess the intended and unintended consequences of the various options. The bill should not be forwarded to parliament as a bill and it will have to be removed from the Portfolio Committee of Arts and Culture programme as a bill.

Die besluit bevestig dat 'n verskuiwing in denke plaasgevind het en dat die *NLPF* nou as “non-legislative” alternatief vir die SALB beskou word. In terme van die benadering tot taalwetgewing wat in hierdie artikel gevolg word, kan die *NLPF* inderdaad as wetgewende meganisme beskou word, weliswaar as aanvullende wetgewing, met ander woorde wetgewing wat deur die uitvoerende gesag gepubliseer word (Du Plessis 2009). Dit spreek vanself dat die seggingskrag daarvan minder is omdat die *NLPF* nie deur die parlement as wetgewing gepasseer is nie. Ons kan dit dus nie as 'n tipiese nasionale taalwet in die eng sin van die definisie hier bo beskou nie.

Ofskoon 'n meer grondige ondersoek na die wel en wee van die SALB waarskynlik verdere perspektiewe na bowe kan bring, is dit veilig om in hierdie stadium aan te neem dat die *NLPF* inderwaarheid die SALB as wetgewende meganisme vervang het. Dit wil dus lyk asof presies die teenoorgestelde gebeur het as wat die Adjunkpresident in 2003 in sy antwoord by die Nasionale Raad van Provinsies bedoel het. Sy volledige antwoord lui: “(2) It is envisaged that the National Language Policy Framework will be embodied in legislation as the SA Languages Act, which will be tabled in Parliament before the end of the year” (Die Presidensie 2003b).

Die betrokke plan is mettertyd laat vaar, omdat die *NLPF* uiteindelik as voldoende wetgewende meganisme begin sien is. Dit blyk beslis uit 'n toespraak van die eerste ANC-minister van die nuwe DKK, Pallo Jordan, op 21 Junie 2006 oor sy departement se bevordering van die Afrikatale (Ministerie 2006). Hy verwys spesifiek na hulle aksieplanne oor die volgende drie jaar (2006–2009), wat die *NLPF* insluit. Opvallend is egter dat hy hulle aksieplanne vir die *NLPF* uitdruk in die tipiese bewoording van die wetgewende opdrag van Artikel 6(4) van die 1996-Grondwet:

The programme of action entails the following pivotal projects:
* The establishment of nine Language Research and Development Centres for African languages. The purpose is to decentralise language development and locate it close to communities that speak those languages.
* The South African Language Practitioners Bill to regulate and professionalise language work.

- * *The National Language Policy Framework (NLPF) of 2003 to regulate the use of all official languages in government institutions and to promote multilingualism.*
- * The establishment of the National Language Forum (NLF) across all three tiers of government to bring together language workers within government.
- * The Department of Arts and Culture's national language services which continues to offer translation and editing services to all national government departments.
- * The establishment of the Human Language Technologies Unit (HLTU) within the Department to facilitate communications between citizens and information systems in people's own languages. This will entail the co-ordination, development and production of technical vocabularies (terminologies) by the Department to promote the use of all official languages in all the fields and domains of study including mathematics, science and technology. During 2005 the Department of Arts and Culture (DAC) launched nine of these at a ceremony in Boksburg (Ministerie 2006 – *eie beklemtoning*).

Hierdie verskuiwing binne regeringskringe het eintlik ongesiens plaasgevind en dit is nie moontlik om in openbare dokumente 'n amptelike standpunt daaromtrent te kry nie. Dit wil dus voorkom asof die laatvaarding van die wetsontwerp saamval met die koms van 'n ANC-minister in die persoon van Pallo Jordan by die DKK in 2004. Dit was ook die jaar waarin hierdie nuwe departement gevorm is (DKK 2006). Tot hiertoe was die betrokke portefeulje nog altyd toegeken aan 'n senior lid van 'n opposisieparty. Verdere ondersoek hieromtrent behoort beslis bykomende perspektiewe op te lewer.

Die verwickelinge wat die SALB betref, word ter wille van gemaklike oriëntasie vervolgens in tabelvorm opgesom:

Datum	Verwikkeling
Junie 1996	Nasionale beraadslagende konferensie van die Language Plan Task Group (LANGTAG)
Augustus 1996	LANGTAG-verslag, <i>Final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG)</i>
Februarie 1998	Konsultatiewe werskwinkel in Pretoria rondom <i>A Language Plan for South Africa. Preparing for a multilingual future</i>
November 1999	Aanstelling van die Adviespaneel oor Taalbeleid van die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
Maart 2000	Tweede Taalindaba, Durban
	Bekendstelling van die <i>Language Policy and Plan for South Africa</i>
	Bekendstelling van die <i>Language Policy for South Africa Bill</i>
2000	Memorandum van sy adviespaneel aan die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie oor die <i>Language Policy for South Africa Bill</i>
Desember 2002	Bekendstelling van die <i>National Language Policy Framework (NLPF)</i>
Maart 2003	Adjunkpresident Zuma verklaar in die Nasionale Raad van Provinsies dat die <i>NLPF</i> in werklikheid

	in wetgewing vervat sal word as die SA Languages Act en dat die betrokke wet voor die einde van die jaar by die parlement ingedien sou word
April 2003	<i>Implementation Plan: National Language Policy Framework (IP)</i> verklaar die Departement se voorneme om die SA Languages Act deur die Parlement goedgekeur te kry
Mei 2003	Publikasie van die South African Languages Bill (SALB) in die <i>Staatskoerant</i> vir openbare kommentaar
Junie 2003	Raadplegende Benoni-konferensie, National Multilingual Consultative Conference
	Bekendmaking van die <i>NLPF</i> se operasionaliseringsplan, die <i>Implementation Plan: National Language Policy Framework</i>
	Bespreking oor die SALB as "hoeksteen van goedgeorganiseerde meertaligheid in Suid-Afrika", aldus die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
Maart 2004	<i>Department of Arts and Culture: Strategic Plan 2004–2007</i> voorsien dat die betrokke wetsontwerp tussen 2004 en 2007 in die parlement gedebatteer moes word
Oktober 2004	Vergadering van die National Language Forum, waar dit bekend word dat die kabinet die wetsontwerp afgekeur en terugverwys het
Julie 2007	Kabinetsbesluit dat die SALB van die wetgewende proses onttrek word.

Tabel 2: Opsomming van die vernaamste verwikkelinge betreffende die SALB

4.2 Inhoud

Die bespreking wat volg, word gebaseer op die weergawe van die SALB wat op 30 Mei 2003 vir kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is (vgl. DKK 2003b).

Inhoudelik bevat die SALB die items hier onder gelys. Gemaklikheidshalwe word die betrokke *Staatskoerant* se bladsynommers by die verskillende artikels aangedui. Die konsepwet is nie in Afrikaans of enige van die ander ampstale beskikbaar nie:

Suid-Afrikaanse Talewetsontwerp (Hersiene en finale konsep 24 April 2003)
Aanhef (p. 30)

1. Definisies (p. 31)
2. Oogmerke (p. 32)
3. Riglynbeginsels (p. 33)
4. Toepassing en vertolking (p. 34)
5. Taalbeleid (p. 35)
6. Taaleenhede (p. 36)

7. Magte en funksies van taaleenhede (p. 37)
8. Ontwikkeling van inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal/-tale (p. 38)
9. Samewerking (p. 38)
10. Verslae (p. 39)
11. Remedies (p. 40)
12. Regulasies (p. 42)
13. Kort titel en inwerkingtreding (p. 42).

In terme van die beginsels van taalwetgewing hier bo bespreek, ressorteer Artikels 2–4 en 9 onder grondliggende beginsels, Artikels 5 en 8 onder beginsels oor ampstaalgebruik en Artikels 6 en 7 en 10–12 onder beginsels met betrekking tot instrumente. Die bespreking hier onder volg hierdie indeling. Kruisverwysings is na die 1996-Grondwet (RSA 1996a). Alle ander is na die SALB.

4.3 Grondliggende beginsels

Die SALB bevat twee kardinale stelle grondliggende beginsels: oogmerke van die wetgewing, en 'n aantal riglynbeginsels.

Die hoofoogmerk met die wetsontwerp (Artikel 2(d)) is om 'n regulatiewe raamwerk daar te stel vir die fasilitering van die effektiewe implementering van die grondwetlike verpligtinge vir meertaligheid. Twee verdere oogmerke sluit hierby aan: (Artikel 2(a)) om effek te gee aan die "letter en gees" van Artikel 6 van die grondwet en (Artikel 2(b)) om die gelykwaardige gebruik van die ampstale te bevorder. Saam hou hierdie oogmerke grootliks verband met 'n oorhoofse strewe na amptelike meertaligheid, ofskoon die begrip *amptelike meertaligheid* vaag en ongedefinieerd gelaat word. 'n Derde oogmerk staan ietwat los hiervan, aangesien dit in die oog het om Suid-Afrikaners in staat te stel om die amptelike tale van hulle keuse te kan gebruik, "as a matter of right" (Artikel 2(c)). Die enigste eksplisiete ampstaalkeusereg wat in die Suid-Afrikaanse grondwet voorkom, het betrekking op keuse van onderrigtaal in Artikel 29(2) van die grondwet. Waarskynlik gaan die betrokke oogmerk daarvan uit dat 'n meertalige ampsbestel implisiete taalkeuseregte meebring.

'n Aantal riglynbeginsels word ook uitgespel met die duidelike verstandhouding dat hulle hoofsaaklik op staatsinstansies betrekking het. Hierdie riglynbeginsels sluit aan by die breë oogmerk om amptelike meertaligheid te bevorder en bou ook, soos in die vorige geval, nie voort op die grondwetlike opdrag vir die monitering en regulering van die staat se gebruik van die ampstale nie. Nietemin skep die riglyne 'n taalhanteringsraamwerk waarbinne die strewe na amptelike meertaligheid bereik kan word.

Die riglyne bevat taalbevorderingsbeginsels en taalbestuursbeginsels. Onder taalbevorderingsbeginsels kan getel word die bevordering van taaldiversiteit en taaltoleransie (Artikel 3(1)(a)), die gebruik van die inheemse tale (Artikel 3(1)(b)) en die aanleer van Suid-Afrikaanse tale. Onder taalbestuursbeginsels kan gereken word deelnemende meertaligheidsmeganismes (Artikel 3(1)(e)), interregeringsamewerking (Artikel 3(1)(f)) en die bevordering van solidariteitsgeoriënteerde taalregte (Artikel 3(1)(c)).

Die kwessie van toepassing en vertolking is 'n derde stel grondliggende beginsels wat in die SALB vervat word. Artikel 4 is eksplisiet dat die beoogde taalwet absoluut bindend is op die staat en ander openbare instellings en dat enige vertolking daarvan in terme van die grondwet en die SALB se eie oogmerke

(Artikel 2) gemaak moet word. Ook verseker die betrokke artikel dat die beoogde taalwet voorkeur kry waar inkonsekwente taalbepalings in ander wetgewing voorkom. Hierdie bepaling verseker dat die beoogde taalwet inderdaad 'n nasionale taalwet word.

'n Laaste grondliggende beginsel hou verband met samewerking. Artikel 9 bevat enkele bepaling hieromtrent. Die reëlins wat hier geformuleer word, word veral gemik op die uitskakeling van duplisering van funksies. Spesifiek word moontlike duplisering van die werksaamhede van Pansat in die oog gehou – Pansat het ingevolge Artikel 8 van sy wet ook 'n moniteringsfunksie vir die erkenning van taalregte en die uitvoer van taalbeleid (vgl. PanSALB 2001).

4.4 Beginsels in verband met ampstaalgebruik

Artikel 5 van die SALB maak eintlik die kern uit van die beoogde taalwet. Hier word in meer besonderhede uitgespel wat met *amptelike meertaligheid* bedoel word en meer definitiewe bepaling word oor ampstaalgebruik geformuleer.

Twee spesifieke bepaling word geformuleer, een met betrekking tot ampstaaldomeine en die ander met betrekking tot die rotering van ampstale. Wat betref ampstaaldomeine, identifiseer die SALB die wetgewende, uitvoerende en geregtelike domeine, op beide nasionale en provinsiale vlak, as geteikende domeine vir die implementering van die voorgenome en ietwat kontroversiële rotasiestelsel (Artikel 5(5)). Die bedoeling is dat minstens ses amptelike tale in geskrewe dokumentasie binne hierdie domeine gebruik sal word en die betrokke minister verkry die mag om selfs die gepaste dokumentasie te klassifiseer (Artikel 5(6)). Wat betref die rotasiestelsel, voorsien die SALB dat altyd minstens ses amptelike tale vir skriftelike doeleindes binne hierdie domeine gebruik sal word. Vier van die aangewese ses tale moet altyd teenwoordig wees, terwyl die twee ander op 'n roterende stelsel aangewys word vanuit twee taalgroepe, soos in Artikel 5(3) aangedui:

- (3)(a) The languages referred to in subsection (2) are –
- (i) Tshivenda
 - (ii) Xitsonga
 - (iii) Afrikaans
 - (iv) English
 - (v) At least one from the Nguni group (isiNdebele, isiXhosa, isiZulu and siSwati)
 - (vi) At least one from the Sotho group (Sepedi, Sesotho, Setswana).

Die vroeëre weergawe van die wetsontwerp wat by die Tweede Taalindaba in Durban bespreek is, het konsekwent met vier taalgroepe gewerk, te wete 'n Nguni-groep, 'n Sotho-groep, 'n "minderheidstaalgroep", Tshivenda/Xitsonga en 'n "Germaanse groep", Engels/Afrikaans (DKKWT 2000). Eintlik bevat die 2003-weergawe van die wetsontwerp nou 'n afgewaterde en semirotasiestelsel wat streng gesproke op 'n ongelyke hantering van die ampstale neerkom. Dit is belangrik om daarop te let dat die *NLPF* dieselfde voorskrifte oor rotasie bevat (vgl. DKK 2002c).

Nietemin vereis Artikel 5(2) van die SALB dat hierdie semirotasiestelsel slegs gebruik sal word in gevalle waar dit nie haalbaar is om regeringsdokumente in al elf ampstale te voorsien nie. Beide reëlins word egter verder versag deurdat 'n staatsinstelling in ieder geval hierdie verpligtinge kan ontkom deur 'n gemotiveerde alternatiewe beleid te volg "in the interest of effective governance or communication".

Die ontwikkeling van die inheemse tale van Suid-Afrika sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal/-tale is 'n laaste beginsel wat ampstaalgebruik betref. Artikel 8 van die wetsontwerp gee aan die minister opdrag om maatreëls diensgevolge in te stel. Spesifieke opdragte is om prioriteitsareas te bepaal, steun aan bestaande strukture wat by ontwikkeling betrokke is, te verleen, nuwe strukture en programme vir die betrokke tale op die been te bring en ook oorgrens-ontwikkelingsprojekte te ondersteun.

As voetnoot moet egter net in gedagte gehou word dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal slegs binne onderwyskonteks "amptelike" status geniet, soos bepaal deur Artikel 6(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet: "6.(4) A recognised Sign Language has the status of an official language for purposes of learning at a public school" (RSA 1996b).

4.5 Beginsels betreffende instrumente

Naas die instel van die semirotasiestelsel van ampstale wat hier bo bespreek is, kom die SALB met 'n belangrike regsinstrument in die vorm van Taaleenhede ("Language Units") as tweede uitstaande kenmerk. Artikel 6 van die wetsontwerp bepaal dat sulke eenhede binne vyf jaar opgerig sal word en Artikel 7 bevat bepalings oor hulle magte en funksies. Die bedoeling is om die Taaleenhede in al die staatsdepartemente asook in die provinsies (ooreenkomstig hulle eie taalwetgewing) op te rig.

Aansienlike magte word aan die Taaleenhede toegeken. Eerstens kry hulle 'n implementeringfunksie. Dit word gerealiseer deur die fasilitering en monitering van die implementering van regulasies (Artikel 7(a)) en deur die tref van "effektiewe en positiewe" maatreëls vir die implementering van nasionale taalbeleid (Artikel 7(b)), veral met betrekking tot interne en eksterne kommunikasie, skriftelik sowel as mondeling. Tweedens word 'n evalueringsfunksie aan hulle toegeken. Hulle word getaak om taalopnames en -ouditte uit te voer ten einde die gepastheid van bestaande beleid en praktyk te beoordeel met die oog op regstellende aanbevelings. Derdens het hulle 'n dissemineringsfunksie. Van die Taaleenhede word verwag om die publiek in te lig oor die inhoud en implementering van taalbeleid binne die staat. Vierdens word van hulle oor die algemeen verwag om alles verder te doen wat nodig is om hulle mandaat uit te voer.

Naas die Taaleenhede is 'n aantal remedies die tweede belangrike wetgewende instrument wat die SALB daarstel. Artikel 11 van die wetsontwerp bevat 'n sestal bepalings hieromtrent. Enige persoon of instansie mag die hof nader om 'n gepaste remedie te verkry waar die beweerde skending van 'n taalreg of taalbeleid of taalpraktyk (*sic*) voorkom. Sodanige skending moet verband hou met die nienakoming van verpligtinge vervat in die betrokke wetsontwerp en die *NLPF*, asook met die nienakoming van Pansat se aanbevelinge, besluite en bevindinge.

Regulasies, die normale en logiese uitvloeisel van enige wetgewing, is die derde instrument wat die SALB spesifiek vermeld. Ofskoon die vermelding van hierdie instrument in die betrokke wetsontwerp as ietwat oorbodig beskou kan word, is die inbring daarvan wel betekenisvol. Artikel 12 van die wetsontwerp bevat bepalinge hieromtrent. Die betrokke minister mag eerstens, soos ook by ander wetgewing, gewoon enige regulasies in terme van die beoogde wetgewing uitvaardig. Die minister mag tweedens ook as heel spesifieke regulasie 'n taalgedragskode vir staatsamptenare uitvaardig. Die minister mag derdens ook enige ander meganismes deur middel van regulasies instel ten einde die

effektiewe afdwinging van die wetsontwerp te verseker. Alleen word die minister in die uitvaardiging van regulasies beperk deurdat al die regulasies, en spesifiek dié met finansiële implikasies, in konsultasie met die gepaste rolspelers bedink word.

Verslaggewing is 'n vierde wetgewende instrument wat in die vooruitsig gestel word. Artikel 10 van die wetsontwerp bepaal dat verslag aan onderskeidelik die parlement deur departementele Taaleenhede, die provinsiale wetgewers en Nasionale Raad van Provinsies deur provinsiale Taaleenhede of aan Pansat gedoen moet word. Die kruks van die betrokke bepalings rus by die verpligting wat alle instansies op wie verslae betrekking het, opgelê word om by verdere implementeringsmaatreëls met die inhoud daarvan rekening te hou (Artikel 10(3)).

Buiten die feit dat die verslagreëlings openbaarmaking en deursigtigheid verseker, word die instrument verder versterk deur spesifieke verslagvereistes. Daar moet verslag gedoen word oor die nakoming van die verpligtinge wat deur die betrokke wetgewing opgelê word, oor die aard van taalverwante taaklagtes deur die publiek, en oor probleme en korrektiewe optrede wat met die implementering van die betrokke wetgewing ervaar word. Hierbenewens word aanbevelings, waar nodig, gedoen en enige ander sake betreffende die bevordering van (amptelike) meertaligheid aangeroer.

5. Bespreking

Die SALB bevat dus verskeie van die hoofelemente van 'n taalwet soos wat dit neerslag vind in die sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing wat in hierdie artikel aan die orde gestel word.

Weliswaar word van die kern grondliggende beginsels ietwat vaag verwoord en makeer 'n duidelike en gespesifiseerde verbintenis tot amptelike meertaligheid. Nietemin word meertaligheid oor die algemeen as nasionale ideaal voorgehou en word selfs ideale oor die verwerping van inheemse tale daargestel.

'n Opvallende leemte is egter dat die aard van die ampstaalbestel nie omskryf word nie. Die taalwette van die Baltiese state is in vergelyking hiermee baie eksplisiet. In al drie gevalle word amptelike eentaligheid nagestreef, en eentaligheid word gekoppel aan die opheffing van die nasionale tale. Implisiet vervang die nuwe eentalige ampsbestel aldaar die amptelike tweetalige bestel van die Russiese era. Amptelike eentaligheid het dus in hulle geval die verskansing van die status van die voorheen gemarginaliseerde nasionale taal ten doel (vgl. Hogan-Brun et al. 2009:75). In die Suid-Afrikaanse geval word skynbaar afgestap van die bestel van statutêre tweetaligheid, die oorheersende beginsel onder die vorige bestel (Du Plessis 2009), en oorbeweeg na 'n nuwe ampstaalbestel waar die voorheen gemarginaliseerde ampstale nou effektief die nasionale prioriteitstale geword het. Enige omskrywing van amptelike meertaligheid, 'n konsep wat tans afwesig is, sou, gegewe Du Plessis (2004) se redenasie, dus naas Engels en Afrikaans 'n derde taal uit hierdie kategorie tale moes insluit. "Amptelike drietaligheid" sou 'n konkreter ampstaalbeskrywing kon gewees het.

'n Verdere leemte by die gestelde oogmerke is die afwesigheid van 'n direkte koppeling tussen taalwetgewing en die monitering en regulering van die staat se

gebruik van die amptelike tale soos wat in Artikel 6(4) van die grondwet vereis word. In plaas daarvan word die regulering van meertaligheid ten doel gestel, 'n oogmerk wat eintlik nie eksplisiet in die grondwet voorkom nie.

Wat betref die beginsels van ampstaalgebruik, word inderdaad kardinale taalgebruiksdomeine (wetgewend, uitvoerend, geregtelik) afgebaken en ampstaalaanwending binne hierdie domeine wel gespesifiseer. Dit is domeine wat gedeeltelik verband hou met die beginsel van kommunikasie met die burgers. Die formule wat in die semirotasiestelsel voorgestel word, skyn onwerkbaar te wees. Indien dit al moeilik in die vorige bestel was om tweetaligheid te handhaaf, des te meer onbereikbaar is die strewe na sestaligheid. Semirotering lyk grootliks in konflik te wees met die haalbare soort taalbestel wat in die grondwetlike taalbepalings veronderstel word. Enige sobere vertolking van die taalbepalings van die grondwet gaan moeilik daarop uitloop dat absolute elftaligheid, of wat dit betref, sestaligheid, in die vooruitsig gestel word (vgl. Pretorius 1999). Verder blyk domeinbenutting vir die betrokke tale in ieder geval beperk te wees tot geskrewe kommunikasie.

Problematies omtrent die domeinafbakening is die opsigtelike afwesigheid van die kerndomeine wat byvoorbeeld in die Baltiese taalwetgewing sentraal voorkom, te wete kommunikasie met die burgers, taal van onderrig en linguistiese aspekte van immigrasie. Die SALB slaag nie daarin om vir enigeen van hierdie domeine voorskrifte te bied nie. Veral opsigtelik afwesig is voorskrifte oor amptelike taalsigbaarheid, een van die kernelemente van die sukses van die Baltiese taalwette, soos ter aanvang aangetoon is. Die belang van die aanleer van die amptelike tale kan ook meer eksplisiet en voorskriftelik gestel word en nie net as iets wat aangemoedig moet word soos tans die geval is nie. Taalvereistes vir burgerskapverkryging is ook afwesig.

Nietemin staan die ontwikkeling van die inheemse tale, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Gebaretaal, voorop as element van die bevordering van meertaligheid binne amptelike taaldomeine. As sodanig kom die betrokke beginsel dus ooreen met soortgelyke beginsels wat by die Baltiese taalwette aangetref word betreffende die hervestiging van hulle nasionale tale. In die Suid-Afrikaanse geval gaan dit egter eerder oor die uitbreiding van die nasionale prioriteitstale en eintlik oor hulle vestiging op nasionale vlak. Artikel 3(2) van die 1993-Grondwet (RSA 1993) het hierdie beginsel raak geformuleer:

3. (2) Rights relating to language and the status of languages existing at the commencement of this Constitution shall not be diminished, and provision shall be made by an Act of Parliament for rights relating to language and the status of languages existing only at regional level, *to be extended nationally in accordance with the principles set out in subsection (9)*. [Eie beklemtoning]

By die 1993-Grondwet was as nasionale oogmerk gestel 'n balans tussen behoud van status vir bestaande ampstale en uitbreiding van status vir nuwe ampstale op nasionale vlak, 'n oogmerk waaroor die SALB bepalinge kon bevat het. Die SALB is dus nie eksplisiet genoeg wat betref die strewe na taalverheffing vir die inheemse tale nie. Weer eens sou die nastreef van amptelike drietaligheid as beginsel hierdie dilemma kon ondervang het. Saamgelees met die gebrekkige omskrywing van amptelike meertaligheid openbaar die betrokke wetsontwerp ernstige leemtes as nasionale taalwet wat betref die nakoming van die eerste twee stelde beginsels van taalwetgewing.

Wat beginsels oor instrumente betref, vaar die SALB goed. 'n Implementeringsmeganisme word ingebou in die vorm van Taaleenhede vir

staatsdepartemente en provinsies. Hierdie Taaleenhede verkry voldoende magte en verrig in samehang met Pansat sekerlik die ekwivalente funksies van tipiese sentrale staatstaalinstansies soos dié van die Baltiese state (vgl. Hogan-Brun et al. 2009:79–83). Die gespesifiseerde regulasie magte vir die betrokke minister versterk die seggingskrag van die SALB verder saam met die verpligting oor verslagdoening.

’n Problematiese aspek betreffende die eerste twee elemente wat al tydens die Tweede Taalindaba na vore gekom het, is die kwessie van die moontlike duplisering van Pansat se funksies (vgl. Beukes 2001:91–3). In vergelyking met die taalwette van ander lande, soos die Baltiese state, voldoen Pansat meer direk aan die beskrywing van ’n “taalinstelling” wat toesig hou oor die implementering van taalbeleid en ook monitering daaromtrent doen. So ’n taalwaghondrol deur ’n (verkiestlik outonome) statutêre instelling met gepaste magte hou vanselfsprekende voordele in, onder meer ’n onbetrokke blik op sake, die spreekwoordelike “arm-lengte”-bestuur van taalsake, kundige menings, ens. Die inskakeling van die Taaleenhede onder Pansat se vleuels sou hierdie dilemma kon oplos en die posisie van die betrokke minister eintlik kon beveilig het – sy kabinetskollegas sou hom/haar maklik kon begin verdink het van magsbeheptheid en van ’n oormatige strewe na kontrole van en beheer oor die taalagenda.

Ten spyte van die gemelde gebreke toon die analise hier bo dat die uiteindelijke wet wat uit die SALB kan voortvloei beslis as ’n tipiese nasionale taalwet getakseer kan word. ’n Hele aantal van die kernbeginsels van taalwetgewing kom voor in hierdie eerste poging tot ’n Suid-Afrikaanse taalwet. As sodanig is dit ’n belangrike meganisme vir die implementering van ’n nuwe meertalige ampstaalbestel in Suid-Afrika, soos wat minister Ben Ngubane, die dryfveer agter die wetgewing, inderdaad destyds raak opgemerk het: “(T)he SA Languages Bill is a true legal reflection of our intentions so that this piece of legislation indeed becomes the cornerstone for well-managed multilingualism in South Africa” (Ministerie 2003).

6. Slotsom

Hierdie artikel het voortgebou op die werk van Maurais (1991, 1997) wat sosiolinguistiese beginsels vir taalwetgewing begin ontwikkel het, deur verdere beginsels van ander outeurs te betrek. Die uitgebreide tipologie wat hier voorgestel word, blyk ’n nuttige basis vir die beskrywing en uiteindelik ook vergelyking van taalwetgewing te wees. Eersgenoemde is geïllustreer aan die hand van ’n analise van die SALB. Die tipologie maak dit moontlik om op beginselbasis sterk en swak punte in taalwetgewing bloot te lê wat nuttig kan wees vir besluitnemers. Ook verbeter die tipologie ons begrip van die verskynsel taalwetgewing en die rol daarvan as intervensiemeganisme by taal. Wat oorbly, is om ’n indringende vergelykende studie te onderneem waar Suid-Afrika se beoogde taalwet met die nasionale taalwette van ander lande bekyk word.

Daar is ook nie in hierdie artikel in besonderhede aandag gegee aan die kontekstuele beginsels van die tipologie van taalwetgewing nie. ’n Verdere ondersoek behoort bykomende perspektiewe hieromtrent na vore te bring, veral in die lig van die saak oor die SALB waarna ter aanvang van hierdie artikel verwys is. Dit blyk byvoorbeeld uit die aanloop tot die SALB dat daar belangrike verskuiwings in die gedagtegang van besluitnemers plaasgevind het oor die noodsaak aan staatsintervensie en gepaardgaande wetgewende maatreëls by die

uitwerk van 'n nuwe meertalige bestel vir Suid-Afrika. Verder kom vrae uit die oorsig na vore oor die mate van konsensus wat in regeringskringe bestaan oor die inhoud van en noodsaak aan taalwetgewing vir Suid-Afrika. Ook wil dit lyk asof daar 'n mate van eenstemmigheid bestaan oor die noodsaak aan sigbare verandering in die taalbestel, maar die gegewens hier bo suggereer dat ook hieroor nog nie vaste riglyne bestaan nie.

Aangesien sukses elders ter wêreld met taalwetgewing behaal word, ontstaan die onvermydelike vraag watter rol die afwesigheid van 'n nasionale taalwet vir Suid-Afrika speel by die skynbare oorbeweeg na 'n bestel waar Engels 'n soort supra-ampstaal word, of soos Fessha (2009) suggereer, "the unofficial official language". Ook ontstaan die vraag of die promulgering van die SALB as taalwet inderdaad nog iets aan hierdie verwikkeling kan verander. Hierdie vraag is uiteraard relevant gesien die feit dat die *NLPF* baie van die kernelemente van die SALB bevat en effektief die SALB as konsep-taalwetgewing vervang het. Wat skort dan met die implementering van die *NLPF* wat deur 'n taalwet reggestel sou kon word? Hierdie soort vrae handel oor taalwetgewing as taalbeleidsmeganisme en verg uiteraard verdere ondersoek.

'n Vraag wat ten besluite nog nie na behore aan die orde gekom het nie, is wat geword het van die momentum om 'n nuwe taalbestel te vestig wat na 1994 die taalbeleidsdiskoers in Suid-Afrika oorheers het. Die oorsig hier bo reflekteer tekens daarvan, maar dit wil voorkom asof die entoesiasme daarvoor sedert die oorname van die nasionale taalportefeulje deur 'n ANC-minister sigbaar aan die taan is. In ieder geval impliseer dit dat 'n diskoersverandering sedertdien plaasgevind het waarvan waarskynlik nog nie na behore kennis geneem is nie.

Die hantering op nasionale vlak van die standaardisering van geografiese name bied 'n moontlike greep op hierdie veranderde diskoers. Dit wil voorkom asof die verheffing van die nasionale prioriteitstale van Suid-Afrika beslis hier voorop staan, vandaar die strewe na die herbenoeming van skynbaar problematiese geografiese entiteite met "inheemse" name. Soos in die geval van die Baltiese state lei die uitkomst van hierdie vorm van taalverheffing egter effektief tot nuwe vorme van amptelike eentaligheid. Suid-Afrika se nuwe en veranderde geografiese name bly uiteindelik essensieel eentalig – Ellisras word Lephalale, Nylstroom word Modimolle, ensovoorts. Ons sien dus nog nie 'n daadwerklike en georkestreerde poging om ook op hierdie terrein amptelike twee- of drietaligheid deur nie-eentalige geografiese name te vestig nie.

In die SALB-hofgeding maak regter Du Plessis die volgende bevel:

Dit word verklaar dat die nasionale regering in versuim is om ingevolge artikel 6(4) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996** deur wetgewende en ander maatreëls die nasionale regering se gebruik van amptelike tale te reël en te monitor (Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. Uitspraak 2010).

Voorts beveel hy dat die minister van Kuns en Kultuur binne twee jaar vanaf die datum van sy bevel 'n regstelling hieromtrent moet maak. Aangesien hy nie opdrag gegee het dat die SALB as nasionale taalwet gepromulgeer word nie, laat dit die vraag ontstaan oor watter "wetgewende apparatuur" die betrokke minister kan aktiveer om aan die bevel gehoor te gee. In die lig van die voorgaande sou sy wys wees indien sy kers gaan opsteek by ander lande waar sukses behaal word met die daarstel van nuwe taalregimes. Dit is lande wat die waarde van 'n nasionale taalwet as sentrale wetlike intervensie ingesien het. Naas die simboliese belang van 'n nasionale taalwet is dit wetgewing wat sigbare

veranderinge ooreenkomstig die nasionale ideale van die land kan bewerkstellig. Ons analise het getoon dat die SALB as wetsontwerp wel oorwegend voldoen aan die vereistes van 'n nasionale taalwet. Die leemtes wat bestaan, sou in 'n hernieude beraadslagingsronde reggestel kon word. Ook hier kan Suid-Afrika by andere leer.

'n Saak kan uiteindelik dus uitgemaak word vir die heroorweging van die SALB as nasionale taalwet vir Suid-Afrika ten einde uitvoer te gee aan die grondwetlike opdrag dat die regering sy gebruik van amptelike tale sal reël en monitor deur middel van wetgewende en ander maatreëls.

Bibliografie

Alexander, N. 2001. Presentation of Language Policy and Plan for South Africa. In NTD 2001.

—. 2004. The politics of language planning in post-apartheid South Africa. *Language Problems & Language Planning*, 28(2):113–30.

—. 2005. Language, class and power in post-apartheid South Africa. Summary notes. Ongepubliseerde referaat gelewer by die Harold Wolpe Memorial Trust open dialogue event. 27 October. Kaapstad.

Associated Press. 1996. MSNBC World News / Europe. 2009. New language law in Slovakia sparks tensions. Hungarian minority says it fears being singled out. 16 September. <http://www.msnbc.msn.com/id/32881272>. (8 Maart 2010 geraadpleeg)

Baldauf, R.B. en R.B. Kaplan (reds.). 2008. *The Baltic States, Ireland and Italy*. Clevedon: Multilingual Matters.

Beukes, A-M. 2004. The first ten years of democracy: Language policy in South Africa. Ongepubliseerde referaat gelewer by die *Xth Linguapax Congress on Linguistic Diversity, Sustainability and Peace*. 20–23 Mei, Barcelona, Spanje.

—. 2006. Translation in South Africa: the politics of transmission. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(1):1–6.

Beukes, V. 2001. Presentation of Language Policy Draft Bill. In NTD 2001.

Canada. 1969, *Official Languages Act*. Kanada: Departement van Justisie.

—. 1985. *Official Languages Act. R.S., 1985, c. 31 (4th Supp.)*. Kanada: Departement van Justisie.

Chevrier, M. 2003. A language policy for a language in exile. In Larrivée (red.) 2003.

Coulmas, F. 2005. Changing language regimes in globalizing environments. *International Journal of the Sociology of Language*, 175/176:3–15.

Desai, Z. 2001. Multilingualism in South Africa with particular reference to the role of African languages in education. *International Review of Education*, 47(3–4):323–39.

DKK (Departement Kuns en Kultuur). 2000. *Language Policy and Plan for South Africa*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2002a. Address by Dr Ben Ngubane, Minister of Science and Technology and of Arts and Culture, media briefing, 3 December 2002. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2002b. Minister of Arts, Culture, Science and Technology Dr Ben Ngubane to address the media on the National Language Policy Framework. Persverklaring. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2002c. *National Language Policy Framework. Final Draft. 13 November 2002*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2003a. *Implementation Plan: National Language Policy Framework. Draft. 13 and 14 February 2003*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2003b. South African Languages Bill. Revised final draft 24 April 2003. *Staatskoerant*, 30 Mei 2003, Kennisgewing 1514 van 2003. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2004. Department of Arts and Culture: Strategic Plan 1 April 2004 – 31 March 2007. <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=82709>. (23 Februarie 2010 geraadpleeg)

—. 2005. Department of Arts and Culture: Strategic Plan 1 April 2005 – 31 March 2010. <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=82605>. (23 Februarie 2010 geraadpleeg)

—. 2006. Former Minister's Profile. Dr Zweledinga Pallo Jordan. http://www.dac.gov.za/minister_Jordan.htm. (9 Maart 2010 geraadpleeg)

—. 2007. *Department of Arts and Culture: Strategic Plan 2007–2010*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

—. 2008. *Department of Arts and Culture: Strategic Plan 1 April 2008/09 - 31 March 2010/11*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur.

DKKWT (Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie). 1996. *Towards a national language plan for South Africa. Final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG)*. Pretoria: Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 1998a. *A Language Plan for South Africa. Preparing for a multilingual future. June 1998*. Pretoria: Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 1998b. *Annual report*. Pretoria: Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 1999a. *Draft White Paper on Language*. Pretoria: Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 1999b. *Language Plan for South Africa. The Promotion and Implementation of Multilingualism*. Pretoria: Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 2000. *Language Policy for South Africa Bill, 2000. First draft (as in March 2000)*. Pretoria: Departement Kuns en Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

Die Presidensie. 2003a. Toespraak gelewer deur adjunkpresident Zuma aan die Banquet of the National Consultative Conference on the National Language Policy Framework, Kopanong Conference Centre, Benoni, 12 Junie. Pretoria: Die Presidensie.

—. 2003b. Reply from Deputy President Zuma to questions for oral reply in the national council of provinces, 18 March 2003.
<http://www.info.gov.za/speeches/2003/03031816461002.htm>. (25 Februarie 2010 geraadpleeg)

Dunbar, R. 2005. The Gaelic Language (Scotland) Act. *The Edinburgh Law Review*, 9:466-79.

Du Plessis, T. 2003. On the way to a Babelised reality? Critical perspectives on language policy development in South Africa. Intreerede gelewer by die Universiteit van die Vrystaat op 13 Augustus 2003. Bloemfontein: Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat.

—. 2004. Meertaligheid en regering in Suid-Afrika: 'n Ondersoek na die implementering van die Taalklousule in die Staatsdiens. In Kriel (red.) 2004.

—. 2009. Taalwetgewing in Suid-Afrika. *LitNet Akademies*, 6(3):132-54.

Erasmus, M. (red.). 1999. *Liaison interpreting in the community*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Extra, G. en D. Gorter (reds.). 2008. *Multilingual Europe: Facts and policies*. Berlyn/New York: Mouton de Gruyter.

Fessha, Y.T. 2009. A tale of two federations: Comparing language rights in South Africa and Ethiopia. *African Human Rights Law Journal*, 9:501-23.

Foucher, P. 2007. Legal environment of official languages in Canada. *International Journal of the Sociology of Language*, 185:53-69.

Garibova, J. en M. Asgavora. 2009. Language policy and legislation in post-Soviet Azerbaijan. *Language Problems & Language Planning*, 3(33):191-217.

Government of Québec. 1977. *Bill 101, Charter of the French Language*. Québec: Editeur Officiel du Québec.

Grin, F. 1991. The Estonian language law: Presentation with comments. *Language Problems & Language Planning*, 15(2):191-201.

Hogan-Brun, G. 2007. Language-in-education across the Baltic: policies, practices and challenges. *Comparative Education*, 43(4):553–70.

—. 2008. Language constellations across the Baltic Republics. In Extra en Gorter (reds.) 2008.

Hogan-Brun, G., U. Ozolins, M. Ramonienė en M. Rannut. 2008. Language politics and practice in the Baltic States. In Baldauf en Kaplan (reds.) 2008.

—. 2009. *Language politics and practices in the Baltic states*. Tallinn: Tallinn University Press.

Huws, C.F. 2006. The Welsh Language Act 1993: A measure of success? *Language Policy*, 5(2):141–60.

Kamper, G. 2006. Implications of the position of indigenous languages in South Africa for the use of indigenous knowledge in community development. *Africanus*, 36(1):75–87.

Kibbee, D.A. 1998. Legal and linguistic perspectives on language legislation. In Kibbee (red.) 1998.

Kibbee, D.A. (red.). 1998. *Language legislation and linguistic rights*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.

Korhecz, T. 2008. Official language and rule of law: Official language legislation and policy in Vojvodina Province, Serbia. *International Journal on Minority and Group Rights*, 15:457–88.

Kriel, M. (red.). 2004. The language web. *Essays in Honour of Victor Webb*. Fyn net van die word. Huldigingsbundel vir Victor Webb. *UPE Research Series* (33). Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

Larrivée, P. 2003. A final note on culture, Québec native languages and the Québec question. In Larrivée (red.) 2003.

Larrivée, P. (red.). 2003. *Linguistic conflict and language laws. Understanding the Québec question*. Houndmills: Palgrave MacMillan.

Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. Kennisgewing van Mosie. Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, 14 Augustus 2009.

Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. 49807/2009. Noord-Gautengse Hooggeregshof, Pretoria, 8 Maart 2010.

Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. *Uitspraak*. 49807/09. Noord-Gautengse Hooggeregshof, 16 Maart 2010.

Maurais, J. 1991. A sociolinguistic comparison between Québec's Charter of the French Language and the 1989 language laws of five Soviet republics. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 12(1/2):117–26.

—. 1997. Regional majority languages, language planning, and linguistic rights. *International Journal of the Sociology of Language*, 127:135–60.

Mercator. 2010. Languages and Legislation: Legal Database. *Mercator Linguistic Rights and Legislation*.

http://www.ciemmen.cat/mercator/Menu_nou/index.cfm?lg=gb. (16 Maart 2010 geraadpleeg)

Ministerie (Ministerie van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie). 2003. The future of multilingualism in South Africa: From policy to practice. Keynote Address by Dr BS Ngubane, Minister of Arts, Culture, Science and Technology, at the National Multilingualism Consultative Conference, Kopanong Conference Centre, Benoni, 12 June 2003. Pretoria: Ministerie van Kuns en Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

—. 2006. Address by honourable Dr Z Pallo Jordan, Minister of Arts and Culture, in the promotion of the African languages 30 years after Soweto uprising. *South African Government Information*.

<http://www.info.gov.za/speeches/2006/06062310151002.htm>. (2 Maart 2010 geraadpleeg)

Mkhulisi, N. 2001. Closing remarks. In NTD 2001.

Mwaniki, M.M. 2004. Language planning in South Africa: Towards a language management approach. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

NTD (Nasionale Taaldiens). 2001. *2nd Language Indaba proceedings. Durban, 29-31 March 2000*. Pretoria: Nasionale Taaldiens.

NTF (Nasionale Taalforum). 2004. *Report on the Meeting of the National Language Forum, 14 to 15 October 2004, Colosseum Hotel, Schoeman Street, Pretoria*. Pretoria: Nasionale Taaldiens.

Ozolins, U. 1999. Between Russian and European hegemony: Current language policy in the Baltic states. *Current Issues in Language and Society*, 6(1):6-47.

—. 2003. The impact of European accession upon language policy in the Baltic states. *Language Policy*, 2:217-38.

Pansat (Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad). 2001. *Language use and language interaction in South Africa. A national sociolinguistic survey. Conducted by MarkData (Pty) Ltd. on behalf of the Pan South African Language Board*. Pretoria: Pansat.

Pavlenko, A. 2008a. Multilingualism in Post-Soviet Countries: Language Revival, Language Removal, and Sociolinguistic Theory. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*, 11(3/4):275-314.

Pavlenko, A. (red.). 2008b. *Multilingualism in Post-Soviet Countries*. Bristol: Multilingual Matters.

Pretorius, J.L. 1999. Language equality in the South African constitution. In Erasmus (red.) 1999.

Prinsloo, K., Y. Peeters, J. Turi en C. van Rensburg (reds.). 1993. *Proceedings of the Third International Conference of the International Academy of Language Law (IALL) held in South Africa, April 1992*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Q.O.L.A. 1974. *Québec Official Language Act. Statutes of Québec*. Québec City: Editeur Official du Québec.

Republic of Ireland. 2003. *Official Languages Act, No. 32 of 2003*. Republiek van Ierland.

Roller, E. 2002. When does language become exclusivist? Linguistic politics in Catalonia. *National Identities*, 4(3):273–89.

Roodt, C. 2006. A critical look at the legal framework for arts, culture and heritage. *Codicillus*, 47(1):47–59.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1993. *Constitution of the Republic of South Africa, No. 200 of 1993*. Pretoria: Staatskoerant.

—. 1996a. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukkers.

—. 1996b. *Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukkers.

RT (Riigi Teataja). 1995. *Language Act. Passed 21 February 1995. Entered into force 1 April 1995. RT I 1995, 23, 334*. Tallinn: Riigi Teataja (State Gazette).

Schlyter, B.N. 1998. New language laws in Uzbekistan. *Language Problems and Language Planning*, 22(2):143–81.

Schmid, C., B. Zepa en A. Snipe. 2004. Language policy and ethnic tensions in Québec and Latvia. *International Journal of Comparative Sociology*, 45:231–52.

Shohamy, E. 2006. *Language policy: Hidden agendas and new approaches*. Londen/New York: Routledge.

Simon, S. en M. Kontra. 2000. Slovak linguistics and Slovak language laws: An analysis of Slovak language policy. *Multilingua*, 19(1/2):73–94.

Turi, J.G. 1993. The importance of the conference theme: "language and equality". In Prinsloo, Peeters, Turi en Van Rensburg (reds.) 1993.

—. 2009. Language law and language rights: perspectives on legal intervention and language diversity. *Acta Academica*, 1:130–47.

Welsh Language Act. 1993. *The Welsh Language Act 1993*. Westminster: HMSO.

Williams, C.H. 2008. *Linguistic minorities in democratic context*. Hampshire: Palgrave MacMillan.

Xulu, M. 2001. Official opening. 2nd Language Indaba, Durban, 29–31 March 2000. In NTD 2001.

Eindnotas

¹ Daar bestaan nie 'n amptelike Afrikaanse titel vir die South African Languages Bill (SALB) nie, omdat geen Afrikaanse weergawe van die wetsontwerp ter tafel gelê nie is; vandaar die gebruik van die Engelse titel en afkorting. Uiteraard bestaan daar dus ook nog nie 'n Suid-Afrikaanse taalwet nie. In hierdie artikel verwys ek egter, ter wille van die bespreking, voorlopig na die "Suid-Afrikaanse Talewet", wat ek as SAT afkort.

² Daar bestaan nie 'n amptelike Afrikaanse titel vir die South African Languages Bill (SALB) nie, omdat geen Afrikaanse weergawe van die wetsontwerp ter tafel gelê nie is; vandaar die gebruik van die Engelse titel en afkorting. Uiteraard bestaan daar dus ook nog nie 'n Suid-Afrikaanse taalwet nie. In hierdie artikel verwys ek egter, ter wille van die bespreking, voorlopig na die "Suid-Afrikaanse Talewet", wat ek as SAT afkort.

³ Die regter in die geding bevind uiteindelik in sy uitspraak van 16 Maart 2010 dat die aanneem van 'n nasionale taalwet nie 'n grondwetlike verpligting is nie. Nietemin beveel hy die nasionale regering om deur wetgewende en ander maatreëls die gebruik van die amptelike tale te reël en te monitor (Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. Uitspraak 2010). Die bevel sluit uiteraard nie die aanvaarding van 'n nasionale taalwet uit nie.

⁴ Chevrier (2003:146–8) se beoordeling van die Québecse taalwetgewing sluit sterk by die laaste twee faktore aan.

'n Voorlopige verkenning van postapartheid Afrikaanse protesmusiek

Burgert A Senekal en Cilliers van den Berg
Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Meer as twee dekades ná Voëlvry is Afrikaanse protesmusiek weer eens 'n kwessie wat toenemend aandag geniet in die media. In 'n groeiende aantal liedjies wat oor bykans elke genre strek, skryf Afrikaanse musikante oor temas wat die breë Suid-Afrikaanse publiek raak, soos misdaad, armoede en korrupsie, maar ook oor kwessies van die nuwe bedeling wat hoofsaaklik Afrikaners raak, byvoorbeeld 'n gevoel van uitsluiting uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, soos vergestalt in pleknaamverandering, Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging. Teen die agtergrond van internasionale diskoerse rondom betrokkenheid en protesmusiek verskaf hierdie artikel 'n oorsig oor die lirieke van hedendaagse Afrikaanse protesmusiek.

Abstract

A preliminary exploration of post-apartheid Afrikaans protest music

More than two decades after Voëlvry, Afrikaans protest music is once again becoming a phenomenon enjoying growing media attention. Across almost every music genre, South African musicians are writing songs addressing issues affecting South Africans in general, such as crime, corruption and poverty, but they are also singing about issues concerning mostly the Afrikaner – feelings of estrangement and exclusion from the wider South African context as manifested by place name changes, Affirmative Action and Black Economic Empowerment. Against the background of international discourses regarding involvement and protest music, this article provides an overview of the lyrics of modern-day Afrikaans protest music.

1. Inleiding

Meer as twee dekades ná Voëlvry is Afrikaanse protesmusiek weer eens 'n kwessie wat toenemend aandag geniet in die media. Daar is reeds twee samestellings van Afrikaanse protesmusiek op CD beskikbaar gestel: *Genoeg is*

genoeg (2007) en *Vaderland* (2008).¹ Hierdie twee CD's verteenwoordig egter slegs 'n gedeelte van wat beskikbaar is; baie protesliedjies is nie in hierdie samestellings opgeneem nie, maar is wel oor verskillende kunstenaars se albums versprei. Ook is Koos Kombuis se *Bloedrivier* (2008) slegs deur 'n paar liedjies op hierdie samestellings verteenwoordig, terwyl dit bykans in geheel as 'n protesalbum gesien kan word.

Die omvang van hedendaagse Afrikaanse protesmusiek is in reaksie op sosiopolitieke omstandighede waarmee musikante toenemend ontevrede is: Nul se Adriaan Pelzer (aangehaal in Engelbrecht (2009:1)) voel: "Die ruimte vir verzet en sosiale kommentaar is nou groter as ooit tevore. Daar is lanklaas soveel drooggemaak soos nou, en daar is nog nooit in so 'n kort tydjie soveel k*k aangejaag as in die laaste paar jaar nie."

Afrikaanse musikante skryf oor temas wat alle Suid-Afrikaners raak, soos misdaad, armoede en korrupsie, maar ook oor kwessies van die nuwe bedeling wat hoofsaaklik Afrikaners raak, byvoorbeeld 'n gevoel van uitsluiting uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, soos vergestalt in pleknaamverandering, Regstellende Aksie en Swart Ekonomiese Bemagtiging.

2. Engagement en protes

Ten spyte daarvan dat die begrip *engagement* vir die eerste keer in 1950 deur André Gide gebruik is, strek die problematiek rondom die sosiale rol van kuns reeds oor eeue heen terug na die poëtikas van Plato en Aristoteles. Dikwels gereduseer tot die simplistiese opposisiepaar *littérature engagée* en *littérature pure* (*l'art pour l'art*), word hiervolgens óf die outonome, óf die sosiale aard van kuns voorop gestel. Dit val buite die bestek van hierdie studie om die komplekse ontwikkeling van hierdie problematiek na te spoor: via die werk van belangrike figure soos Kant (voorstander van die outonome kunswerk), Sartre (eksistensialisme), Camus, Heidegger, Lukács (Marxisme), Adorno (Kritiese Teorie), Enzensberger, Jameson en Eagleton (Amerikaanse en Engelse Marxisme), Derrida en Foucault (poststrukturealisme)² en heuristiese modelle soos die Rezeptionsästhetik, ideologiekritiek, psigoanalise, ensovoorts, word die relasie van kunswerk tot sosiale konteks telkens verder genuanseer.

Indien 'n werk enersyds wel (vanuit 'n Marxistiese perspektief) as sosiopolities relevant, of dan "betrokke", gesien word, sou die vraag wat volg, wees waarin hierdie betrokkenheid van die kunswerk geleë is – die vorm daarvan of die inhoud daarvan (om hierdie gespanne tweedeling te gebruik)? Want wat die debat verder kompliseer, is dat *l'art pour l'art* nie altyd met skryf vanuit die onbetrokke ivoortoring gelykgestel word nie: Adorno sien binne die konteks van sy Negative Dialektik juis eersgenoemde as betrokke, deurdat dit deur die nonkonformering tot die eise en strukture van die maatskappy 'n kritiese houding impliseer en sodoende daardeur betrokkenheid sou veronderstel. En wat is andersyds die implikasie vir "betrokkenheid" binne strukturalistiese of poststrukturealistiese denke, 'n beweging wat Jameson reeds in 1972 (met verwysing na Nietzsche) *The Prison-House of Language* genoem het? Agger (1991:113) stel dit: "Word choice cannot do our thinking for us, nor solve major intellectual controversies. One is fated to improve on the undecidability (and sometimes sheer muddleheadedness) of language through more language, which creates its own problems of difference/difference and thus occasions its own de-construction."

Gemeenskaplik tot beide poststrukuralistiese en Marxistiese oorwegings is egter dat nie een van die twee perspektiewe op die teks in isolasie fokus nie: hetsy omdat *alles* taal, *alles* teks is, óf omdat ook die ontstaans- en produksie-omstandighede van die teks in ag geneem behoort te word. Hoewel *engagement* ook binne die poststrukuralistiese konteks nie heeltemal irrelevant is nie,³ is dit noodwendig die *Marxistiese* opvatting wat buiten enige ooglopende “betrokkenheid” die noodwendige politieke aard van enige teks onderskryf:

To imagine that, sheltered from the omnipresence of history and the implacable influence of the social, there already exists a realm of freedom – whether it be that of the microscopic experience of words in a text or the ecstasies and intensities of the various private religions – is only to strengthen the grip of Necessity over all such blind zones in which the individual subject seeks refuge, in pursuit of a purely individual, a merely psychological, project of salvation. The only effective liberation from such constraint begins with the recognition that there is nothing that is not social and historical – indeed, that everything is “in the last analysis” political. (Jameson 1981:20)

Indien die relatiewe outonomie van die kunswerk tog, afgesien van die noodwendig politieke aspek daarvan, erken word, kan ’n balans tussen beide verkry word deur die siening dat “betrokke” tekste wel heteronoom van aard is, maar tog net gegewe die voorwaarde dat dit binne ’n outonome literatuursisteem funksioneer (Huntemann en Patri 2003:12). Indien “betrokkenheid” in hierdie terme gesien word, naamlik dat dit uit ’n noodwendige politieke aspek voortspruit, selfs buite-om die apolitiese teks-immanente uitsprake van die teks as sodanig, verkry die begrip *protes* ook duideliker kontoere. Veral binne die Duitse literatuurtradisie bestaan reeds lank die begrippe *Tendenzdichtung* en *Tendenzliteratur*, waarmee literatuur wat ’n gebruiks-, propaganda- of agitatiefunksie vervul, aangedui word. Kenmerkend hiervan sou die propagering van ’n omskrewe (kritiese) standpunt wees, wat gewoonlik ’n appél tot sosiopolitieke verandering rig. Hierdie tendens- of aktualiteitsliteratuur sou die estetiese komponent van die teks verskraal, die sogenaamde Kantiaanse “mode of representation which is purposive for itself” (Kant in Haskins 1989:43). In terme van *protes* sou dus ’n gyskaal tussen twee ekstreme geponeer kon word, waarvan suiwer tendensliteratuur en suiwer apolitiese literatuur die ekstreme eindpunte sou wees.

Dit maak sin om in die bespreking van protesmusiek eweneens so ’n beginsel in die definisie daarvan te gebruik. Protesmusiek kan nie noodwendig aan propaganda of agitatie gelykgestel word nie – teoreties gesproke kan enige protesmusiek van hoogstaande estetiese gehalte wees. Die populêre opvatting is natuurlik dat die inhoud van die protesliedjie krities en direk kommentaar op heersende sosiopolitieke omstandighede lewer sonder dat die estetiese aspek van die lirieke en die musikale inkleding daarvan die hoof-oorweging is (dus eerder die pool van tendensliteratuur nastreef). *Protes* verwys na ’n direkte reaksie op die werklikheid – *protesmusiek* dus na direkte reaksie op bepaalde historiese sosiopolitieke omstandighede.

Dit is egter ook so dat die “betrokkenheid” van die literêre teks, maar ook van protesmusiek, iewers setel, en nie soos in enige populêre opvatting bloot lukraak geïdentifiseer behoort te word nie: in hierdie verband is hier bo na die rol van beide teks-immanente vorm en inhoud verwys én die ekstratekstuele aspekte van die teks. Om die “protes”-aspek van protesmusiek in die wisselwerking met, of eerder funksionering binne, die maatskaplike konteks te identifiseer, maak ons van vier aspekte of “merkers” gebruik, vermeld deur Huntemann en Patri

(2003:11–12): “*Das Engagement engagierter Literatur läßt sich zureichend nur im Viereck von Autor, Text, (literarischer) Öffentlichkeit und politischem Status quo erfassen*” (hulle kursivering). Oorgesetsynde: die betrokkenheid van enige werk, insluitend die populêre protesliedjie, beweeg binne ’n vierkant waarvan die hoeke bepaal word deur outeur (kunstenaar), teks (liedjie), literêre (musikale) publiek en die politieke status quo. Hierdie aspekte, wat ook onder meer as dekname vir *outeursintensie* en *resepsiekonteks* dien, funksioneer saam as veranderlikes wat die “betrokkenheid” van die werk bepaal. Dit verklaar onder meer waarom ’n teks soos *Waiting for Godot* in verskillende resepsie- en politieke kontekste enersyds as betrokke, andersyds as geheel onbetrokke geïnterpreteer kon word.

Dit bly egter ook belangrik om daarop te let dat bogenoemde bloot *teoretiserings* rondom betrokkenheid is. Dit is ’n model wat met vrug aangewend kan word, maar die identifisering van “betrokkenheid”, “protes” en spesifiek protesmusiek gee geen versekering van die daadwerklike impak daarvan nie. Hans Magnus Enzensberger, die bekende Duitse digter en intellektueel, het ’n groot gedeelte van sy oeuvre gewy aan die vraag na die moontlikhede en beperkinge van betrokke letterkunde. Sy gevolgtrekking is dat enige aanname van sodanige daadwerklike impak wetenskaplik gesproke nie toetsbaar is of kan wees nie. Die doel van hierdie artikel is egter nie om die daadwerklike impak van protesmusiek te meet of trouens protesmusiek as sodanig daarvolgens te identifiseer nie. Ons poog eerder om tendense te identifiseer in dié populêre musiek wat volgens die vasgestelde merkers sou kon geld as protesmusiek, dit wil sê musiek wat ideaal gesproke (maar nie noodwendig nie) afgestem is op die vier merkers: verpolitiseerde kunstenaarsintensie, teksinhoud (en/of -vorm), resepsiekonteks, alles ingebed in ’n politieke konteks wat hierdie “protes” fasiliteer.

Daar moet na nog een onderskeid in die kontrastering van protesmusiek met die musiek van protes verwys word: volgens die definisie wat ons gebruik, word nie na algemene protes teen die establishment verwys nie, die sogenaamde “rage against the machine” as ’n byna oorhoofse metafoor vir sosiale reglementering. Ons fokus op die nouer baan van protesmusiek en dan, vir die doeleindes van hierdie artikel, spesifiek op die derde merker van die genoemde model, dit wil sê die direkte en kritiese konfrontasie met die politieke status quo in die inhoud van die liedjie. Aangesien baie van die liedjies wat byvoorbeeld op die album *Kopskoot!* (2009) verskyn, hoewel “protesterend”, tog pertinente verwysings na sosiopolitieke gebreke versaa, kan dit nie onder ons definisie van protesmusiek ingesluit word nie. Voorbeelde is onder meer “J.M.S.P.” deur Voice of Destruction, “Satan is liefde” deur Insek, “Tienerangs” deur K.O.B.U.S. en “Elektro Bezerk” deur Nul.

Aangesien ons identifisering van protesmusiek eweneens uit ’n bepaalde resepsiekonteks volg, kan kortliks wel in die algemeen na die merker waaronder dit ressorteer, verwys word: die “literarische Öffentlichkeit”. Die postapartheid-protesmusiek wat in hierdie artikel bespreek word, ontstaan nie in isolasie nie. Ook binne die groter konteks van kuns en letterkunde in Suid-Afrika kan duidelike tekens van “betrokkenheid”, of dan selfs “protes”, geïdentifiseer word. Dit is trouens nie iets nuuts nie – daar bestaan weens die historiese omstandighede van Suid-Afrika ook ’n tradisie van protes, hetsy binne die Afrikaanse of die groter Suid-Afrikaanse letterkunde. Sonder om pertinent die inhoud van die begrip binne die konteks van sy stelling te presiseer, beweer Van Coller (2009:109): “[L]ittérature engagée is waarskynlik een van die standhoudendste elemente van die Afrikaanse literatuur.” Reeds in 1976 spoor Coetzee, met spesifieke verwysing na Afrikaanstalige letterkunde, op oortuigende wyse die onskiedbare verhouding tussen literêre en historiese ontwikkelinge binne die Suid-Afrikaanse konteks na.

Ook Zsuzsanna (2007:2) voer met verwysing na die groter konteks aan dat "[p]olitics, history and literature cannot be separated in South Africa", en noem dat hierdie fokus uit die apartheidsjare spruit, waar "[b]eing political was a yardstick for art".

Verteenwoordigers van hierdie "tradisie van protes" binne Afrikaans, wat hulle trouens ook pertinent hieroor uitspreek, sou veral Brink (1976, 1983, 1985a, 1985b, 1991, 1996) en Breytenbach (1986, 1996) wees – sien ook die studie van Deudney (1979) vir 'n insiggewende bestekopname van "betrokkenheid" binne die Afrikaanse letterkundige diskoers tot op daardie stadium. Dit is egter ook so dat die kompleksiteit van die "betrokkenheid"-problematiek nie altyd binne die Afrikaanse letterkunde teoreties gesproke genoegsaam gefundeer is nie. En wat resente ontwikkelinge betref, is 'n helder en gesistematiseerde omgaan met "betrokkenheid" en "protes" afwesig. Dit beteken egter nie dat "protes"-literatuur eweneens afwesig is nie. Odendaal verwys in sy "Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998 tot 2003" na T.T. Cloete, Barend J. Toerien en Marius Crous se politieke en maatskaplike kritiek (2006:117, 120), om nie te praat van *Nuwe verset*, 'n bloemlesing verse saamgestel deur Daniel Hugo, Leon Rousseau en Phil du Plessis nie (2006:125). Wat die prosa betref, beroep Henriette Roos (2006) haar in haar bespreking, "Die Afrikaanse prosa 1997–2002", eweneens op sosiopolitieke omstandighede wat 'n groot deel van die prosatematiek ingee: hetsy as afrekening met die verlede of as tematisering van die hede. In die drama is dit veral Mike van Graan se *Die Generaal* (2008), Deon Opperman se *Kaburu* (2008), Willem Anker se *Sakrament* (2009) en Nico Luwes se *Zollie* (2008) wat opval as onlangse betrokke tekste wat die hedendaagse Suid-Afrikaanse werklikheid krities beskou.

Om terug te keer na protesmusiek: die Voëlvry-beweging is welbekend, maar alhoewel aspekte van Suid-Afrikaanse protesmusiek van ná 1994 al bestudeer is (byvoorbeeld Ballantine 2004 en Bezuidenhout 2007), kort 'n *voorlopige* bestekopname van hierdie vinnig-groeiende tendens. Deur die lirieke van 'n hele aantal protesliedjies te ondersoek, poog hierdie studie om 'n aspek van hierdie leemte te vul. Die fokus is dus op die lirieke en nie op die uitvoering daarvan, byvoorbeeld in die konsert of musiekvideo, nie. Ook word nie op die kunstenaarspersona gefokus nie (dus die "kunstenaar" in die bogenoemde vierdeling), hoewel die interaksie van al hierdie aspekte tot die holistiese beeld van die protesfenomeen bydra. Want soos vermeld, setel protes nie altyd in die kunswerk as unieke uitdrukking nie: dikwels begin kunstenaars en skrywers as openbare figure 'n institusionele rol speel in die samelewing waarbinne (en waarteen) hulle kommentaar lewer. Om 'n volledige beeld van die werkinge van protesmusiek daar te stel, sou al hierdie aspekte betrek moes word. As *voorlopige* bestekopname word hier egter met die lirieke volstaan.

3. Protesmpusiek: die globale konteks

Protesmusiek is geensins 'n nuwe verskynsel van die 20ste/21ste eeu nie. Die sogenaamde Peasants's Revolt in 1381 het byvoorbeeld reeds die liedjie "Cutty Wren" gebruik om eensgesindheid onder mense in Engeland te verkry, en heelwat protesliedjies is ook tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog geskryf (Devereux 2008). In Amerika was protesliedjies 'n integrale deel van die Civil Rights Movement, veral die lied "We shall overcome". Dit was egter eers in die latere jare van die oorlog in Viëtnam dat protesmusiek só wydverspreid en só gewild begin word het dat dit akademiese belangstelling geprikkel het. Sedertdien is talle ondersoeke na protesmusiek onderneem, byvoorbeeld Denisoff (1970), Anderson

(1986), Eyerman (2002), en Dunn (2008). In Suid-Afrika is musiek ook deur onder andere Basson (2007), Bezuidenhout (2007), Grundlingh (2004), Hopkins (2006), Jury (1996) en Klopper (2009) ondersoek.

Rock is een van die gunsteling-musiekstyle vir protesliedjies, want “progressive rock seems in most cases to represent an attempt to drop out from the framework within which the parent culture lives so comfortably, and to search for alternative cognitive and social modes beneath and outside that framework” (Shepherd 1991:157). As ’n uitvloeisel van rock het punk in die jare sewentig, veral in Brittanje deur groepe soos The Clash, ook toenemend ’n politieke karakter verkry, en vir Dunn (2008:194) skep punk juis “the possibility for counter-hegemonic expression within systems of global communication”. In 1978 is die Rock Against Racism-fees in Victoria Park in Londen gehou en kort hierna ook Rock Against Sexism, sowel as Rock Against Reagan. In 1988 het White Power-punkgroepe in die universiteitsdorp Uppsala, Swede, ook tydens die Rock Against Communism-fees bymekaargekom (Eyerman 2002:451). Punk is in Hongarye aangewend om met die val van sosialisme en ekonomiese agteruitgang tereg te kom, en is ook deur neo-Nazi-groepe in Duitsland gebruik (Basson 2007:74). In 2004 het die Amerikaanse groepe NOFX en Bad Religion ook punk gebruik om mense aan te moedig om teen George W. Bush te stem (Basson 2007:75). Ook in Suid-Afrika het punkgroepe in 2000 bymekaargekom om ’n konsert genaamd Punks Against Racism in Pretoria te hou (Basson 2007:81).

Die kontroversiële oorlog in Irak het sóveel protesliedjies opgelewer dat sosiale kommentators deesdae weer hierop fokus. Minder as ’n jaar na die inval in Irak kon McHone (2003) reeds ’n omvattende lys Amerikaanse musikante gee wat protesliedjies teen hierdie oorlog geskryf het, insluitend Madonna, Lenny Kravitz, The Beastie Boys, R.E.M., John Mellencamp, George Michael, System of a Down, Jay-Z, Green Day, Mick Jones, Zack De La Rocha (voorheen van Rage Against the Machine) en Paula Cole. Norah Jones het die liedjies “My dear country” en “Sinkin’ Soon” as deel van die album *Not Too Late* (2007) uitgebring, en Linkin Park sing in “Hands held high”: “Like this war’s really just a different brand of war, like it doesn’t cater the rich and abandon poor.” Ministry sing ook van “Lies lies lies”⁴, in 2005 het Kanye West *Crack music* uitgebring (wat ook teen dié oorlog protes aanteken), en Moby en R.E.M se Michael Stripe het ’n anti-oorlog konsert met die naam *Bring ‘em home now* gereël. Ander bekende anti-Irak liedjies is Pink se “Dear Mr. President”, Neil Young se “Let’s impeach the president”, Faithless se “Mass destruction” (2004), en Anti-Flag se CD, *For blood and empire* (2006).⁵

In 2008 het Eddie Vedder van Pearl Jam op versoek van ’n Irakse oorlogsveteraan, Tomas Young, ’n dubbel-CD, *Body of War: Songs that inspired an Iraq war veteran*, uitgegee waarop ’n versameling protesliedjies teen dié oorlog voorkom (Gunderson 2008). Ook het die Rochester’s Raging Grannies ’n a capella-CD genaamd *Songs of a raging granny* (2006) uitgegee wat teen George W. Bush se administrasie protes aanteken. Baie van die musikante wat protesmusiek teen die oorlog in Irak skryf, was ook betrokke by protesmusiek teen die oorlog in Viëtnam, soos Pete Seeger en Neil Young. Jim Ellis het Barry McGuire se “Eve of destruction” herskryf vir die oorlog in Irak. Daar is dus nuwe stemme in protesmusiek, maar ook ’n kontinuïteit met die verlede: in terme van die musikante wat daarby betrokke is, asook in terme van die gees van protes wat tydens die Viëtnam-era opgevlam het en tans steeds uitgeleef word.

Dit is betwyfelbaar of protesmusiek werklik sosiale verandering kan bewerkstellig, soos Denisoff (1970:820–21) erken. Irwin Silber, redakteur van die Amerikaanse musiektydskrif *Sing out!*, glo egter in verband met die musiek van die Viëtnam-era: “It’s not the music that changes people [...] there was a cultural change.

And the music egged it on, but also became a reflection of it at the same time" (aangehaal in Karr 2003). Soos Grundlingh (2004:509) ook in verband met die Afrikaanse Voëlvry-beweging opmerk, was die grootste impak van Viëtnam-era-protesmusiek die afdruk wat dit op die Amerikaanse kultuur gelaat het: "[T]he convergence of culture and protest left a heavy legacy which still lives on. It stamped an indelible mark of rebellion on the rock music scene and was the origin of the culture wars which still dominate American politics today" (Schifferes 2005).

4. Voëlvry tot die draai van die millennium

Die Voëlvry-beweging is die bekendste voorbeeld van protesmusiek in Afrikaans, en soos Adendorff (2007) aantoon, was dit deel van 'n breër literêre tendens wat toenemend protes teen apartheid en die heersende Afrikaner-norme aangeteken het. Johannes Kerkorrel (Ralph Rabie), Koos Kombuis (André du Toit / André Letoit), Bernoldus Niemand (James Phillips), Mr. Volume (Willem Moller), Piet Pers (Gary Herselman), Karla Krimpelien (Tonia Selley), Jannie (Hanepoot) van Tonder, Theunis Engelbrecht (Randy Rambo), Dagga-Dirk Uys, en Die Swart Gevaar is almal name wat verbind word met wat algemeen as 'n protesbeweging gesien word, 'n beweging wat musiek as medium gebruik het om hulle onvergenoegdheid met die status quo uit te spreek. Die naam Voëlvry is meerduidelik en skakel met die anti-establishment houding van die musikante: Hopkins (2006:14) merk dat dit kan beteken "feel free, free as a bird, outlaw, free penis, free love".

Populêre Afrikaanse musiek het teen die jare tagtig selde sosiopolitieke kwessies aangespreek, en Jury (1996:99) beskryf dít wat Voëlvry voorafgegaan het as "trite and banal musical constructions which acted as a vehicle for fascist hegemonic ideology. The escapist, fantasy nature of the mainstream Afrikaans pop is noteworthy for its almost complete denial of the realities of the social realm." Die Musiek en Liriek-beweging van Anton Goosen, Laurika Rauch, Jannie du Toit en Clarabelle van Niekerk, en later David Kramer, het wel die weg gebaan vir 'n verbetering van Afrikaanse lirieke. Hunter Kennedy van Fokofpolisiekar (aangehaal in Klopper 2009:99) glo "dit het dit moontlik gemaak vir mense soos ons om die taal te kan gebruik op nuwe maniere".

Met die uitsondering van Goosen en Kramer se versigtige verset het sosiopolitieke kwessies egter meesal verswyg gebly in Afrikaans.⁶ Een van die eerste gebruike van Afrikaans in rock met 'n politieke ondertoon was Piet Botha se groep, Wildebeest, wat in 1983 'n liedjie oor die Grensoorlog, "Bossies", opgeneem het.

Dit was egter eers met die Voëlvry-toer in 1989 dat Afrikaanse rock met politieke ondertone wyd bekend geword het. Grundlingh (2004:485) let op die uniekheid van Voëlvry: "[F]or the first time full-blown rock and roll with biting social commentary was seen to challenge the generally perceived staid and shackled Afrikaans cultural and political world."

Voëlvry het op 4 April 1989 in die klub Countdown in Breë Straat in Johannesburg begin (Hopkins 2006:14), en 'n landswye toer is gereël. Hoewel hulle van party persele verban is, onder andere die Universiteit van Stellenbosch, het hulle groot skares getrek, en Vinassa (1992) beweer dat 85 000 mense die toerkonserte bygewoon het. Dit was egter nie alleen 'n gewone musiektoer nie, maar die uitvloeisel van breër sosiopolitieke veranderings: "[A]lternative Afrikaans popular

music is the manifestation of new aesthetic values which provide a fulcrum for social change" (Jury 1996:109). Die toer het omtrent twee maande geduur, waartydens 10 000 km afgelê is (Hopkins 2006:18).

Die Voëlvry-musikante het byna almal uit middelklas-families gekom, en het selfs tersiêre onderrig ontvang, net soos baie van die protesmusikante van die sestigerjare in Europa en Amerika. Hulle het Afrikaner-identiteit bevraagteken, maar nie verwerp nie:

While Voëlvry rejected a certain form of Afrikaner identity, at the core of what they represented was a broader formulation of Afrikaansness in line with the pressures of the time. Although they sought to recast Afrikaner identity in a different mould, they were well aware that the very success of their enterprise depended on their being Afrikaans. (Grundlingh 2004:494)

Voëlvry word soms as invloedryk gesien in sowel die politieke ontwikkelinge van die vroeë jare negentig as in die Afrikaanse musiekbedryf, maar Grundlingh (2004:498) is versigtig oor die impak op eersgenoemde:

The embryonic but palpable sense of imminent change and the appeal to new Afrikaner cultural and political sensibilities as well as the enthusiastic following it attracted certainly gave Voëlvry the appearance of a social movement. But the case should not be overstated. It failed to evolve beyond protest music, lacked wider connections, and did not inspire their followers to express themselves in unambiguous and meaningful political terms. At best it can be described as a moderate to weak social movement.

Wanneer die invloed op Afrikaanse musiek en kultuur ter sprake is, is kommentators minder huiwerig om Voëlvry as 'n normdeurbrekende moment te sien: Du Preez (aangehaal in Hopkins 2006:206–7) glo Voëlvry het die weg gebaan vir goeie Afrikaanse rock en noem spesifiek die impak op Karen Zoid, ddisselblom, Beeskraal, Fokopolisiekar, en Rooibaard. Hopkins (2006:142) beskryf ook die Gereformeerde Blues Band as "a vision for a liberated language – Afrikaans as cool, as opposed to being the tongue of the oppressor. In this they dived headlong into the resurfacing debate around Afrikaner identity and the place of the *volk* in the country" (oorspronklike klem). Klopper (2009:104) glo ook "die rebellie het 'n nuwe identiteit aan die taal gegee". Vir Grundlingh (2004:509) het Voëlvry 'n kultuur help skep waar die status quo nie meer slaafs nagevolg word nie: "Perhaps the irreverent and creative probing of politics can even be seen as potentially the movement's most enduring legacy to a country where a new round of politicians are not necessary immune to illusions of grandeur."

Ná die Voëlvry-toer het baie van die musikante met musiek voortgegaan, maar die lirieke se politieke karakter het tydelik vir ander tematiek plek gemaak – Bernoldus Niemand het byvoorbeeld meer introspektief geword en is in Julie 1995 na 'n motorfietsongeluk oorlede. Op daardie stadium het sy musiek die euforie van die nuwe Suid-Afrika weerspieël, insluitend 'n "mixture of relief, concern and overall optimism of the new democracy in which he found himself" (Segerman 2000). Anton Goosen se "Dancing" verwoord die euforie wat saam met die droom van die Nuwe Suid-Afrika gekom het: "[T]he freedom of Madiba brought dancin' in the streets/ tiekiedraai and toyi-toyi with a mellow beat/ so we're all part of the old and of the new."

Ballantine (2004:108-9) noem dat die droom van die Nuwe Suid-Afrika nie net in lirieke vergestalt is nie, maar ook in musiekstyle wat gepoog het om Europese en Afrikaanse musiekvorme (byvoorbeeld rock en boeremusiek) met tradisionele Afrikavorme te integreer, soos byvoorbeeld township jazz, kwela en mbaqanga. Laasgenoemde word byvoorbeeld in Laurika Rauch se "The Flying Dutchman" gebruik (Ballantine 2004:109), en Ballantine voer aan dat hierdie jukstaposisie van die Europese en Afrika-modelle voortsettings van die protesmusiekmodelle tydens die apartheidsjare was, ook omdat dit op musikale vlak 'n vereenselwiging met Afrika versinnebeeld. In die konteks van apartheid-Suid-Afrika was só 'n musikale vereenselwiging subversief, aangesien dit die blanke segregeringsmotief sou deurbreek.⁷

Die voortsetting van geweld in die Nuwe Suid-Afrika was een van die belangrikste faktore wat 'n einde aan die droom van vrede en versoening gebring het; soos Kaldor (2006:94) aanvoer: "Nothing is more polarizing than violence and more likely to induce a retreat from utopian inclusive projects." Ten spyte van die nuwe grondwet se waarborg dat Suid-Afrikaners vry sal wees "van alle vorme van geweld van hetsy private hetsy openbare oorsprong" (Malan 2007:120), het die Nuwe Suid-Afrika slegs 'n verandering in die aard van geweld meegebring, nie die beëindiging daarvan nie. Teen die draai van die millennium, "the optimism of the early 1990s, the years leading up to the inauguration of Nelson Mandela in 1994, seems hard to recall" (Kruger 2001:229). Rassisme en korrupsie het gou weer deel geword van die ANC se beeld, soos uit Athol Fugard se opmerking blyk: "[W]e were going to build a different society, free of corruption, nepotism and prejudice, in fact these are rampant on both sides in South Africa still" (Logan 2007). Siphso Seepe, akademikus en rubrieksrywer vir *Mail & Guardian*, merk in 2001 sy teleurstelling in die nuwe regering van Suid-Afrika:

[N]ot even the most sceptical could have foreseen that a mere seven years later, the very masses that Mandela thanked for bringing the new dispensation would be questioning the government's commitment to a "better life for all". [...] Instead of the struggle achieving the liberation of both the oppressed and the oppressor, it has simply replaced the oppressor. The oppressed are assuming the role of the oppressor. (Aangehaal in Ballantine 2004:115)

Teen die agtergrond van literêre betrokkenheid binne die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke konteks (dikwels uitgedruk in protes of verset), verbaas die artikulasie van 'n gevoel van sinisme wat op die euforie gevolg het, allermens. In die Afrikaanse, maar ook Engelse, prosa, drama, digkuns en musiek word die huidige situasie in Suid-Afrika toenemend gekritiseer⁸ – 'n groeiende opposisie in "volume, articulacy and anger" (Ballantine 2004:106). Renders (2006:88) merk op:

In de Zuid-Afrikaanse en de Afrikaanse literatuur is de euforie die rond 1994 heerste inderdaad volledig verdwenen. De prille democratie heeft de verwachtingen van blank en zwart absoluut niet kunnen inlossen waardoor nu ontuchtering en pessimisme de overhand hebben. Het toekomstperspectief ziet er evenmin rooskleurig uit.

Aanvanklik was die Afrikaanse gemeenskap huiwerig om té demonstratief standpunt in te neem en Rademeyer (2005) verskaf 'n paar moontlike redes hiervoor: "'n vertrouenskrisis (wat vermoedelik verband hou met magsverlies), skuldgevoelens oor apartheid, 'n leiersvakuum en die rol van die Afrikaanse media wat, anders as in ander krisistye, grootliks neutraal of louwarm oor die kwessie is". Rian Malan (*Guardian* 2007) kritiseer ook die media se stilte, en sê:

"Afrikaners were so vilified in the latter years of apartheid and they were so relieved at it ending that they just kept their heads down and put up with any shit for the first 10 years of the democratic experiment" (sien ook Maritz 2008)⁹. In hierdie verband verwys Fokofpolisiekar ("Brand Suid-Afrika") byvoorbeeld na mense met "Landmyne van skuldgevoelens / in 'n eenman konsentrasiekamp".

Die beeld wat deur die regering in verband met die huidige situasie voorgehou word, word egter nou toenemend bevraagteken (soos veral Van Graan 2006 doen); in "Wie doen wat?" sing Liezl op Bladsy 5: "Hulle skets 'n prentjie van die reënboogland wat ons verblind teen die donker kant." Die regering voer soms aan dat kritiek wat teen hulle uitgespreek word, rassisties en antidemokraties is (ANC 2007) – 'n houding waarop Klopjag byvoorbeeld antwoord in "Ek sal nie langer": "die feit dat ek nie altyd saamstem nie maak my nie 'n racist nie". Van Graan (2006:288) skryf ook: "I am a racist/ for breaking the silence with a whisper/ for preferring thought to propaganda."

Die huiwerigheid om kritiek te lewer, wat die eerste jare van die Nuwe Suid-Afrika gekenmerk het, het vir meer openlike kritiek plek gemaak; 'n lid van die groep Nul, Dawid Kahts, glo:

Wat verset teen die stelsel betref, sit ons tans met 'n korrupte, outokratiese regime en 'n pseudodemokrasie. Dis nie veel anders as die dae van die Groot Krokodil nie. Die rykes word steeds ryker en die armes nog armer. Die Broederbond het plek gemaak vir tokenisme en nepotisme wat geskied onder die eufemisme van regstellende aksie. (Aangehaal in Engelbrecht 2009:1)

Soms kom kritiek uit verrassende oorde. In "Die stad bloei vanaand" sing Johannes Kerkorrel: "Die droom was beloof, ja, maar net nog 'n leuen is verkoop"; en Koos Kombuis se "AWB-tiete" het nou die "ANC-tiete" geword. Kombuis sing ook in "Waar is Mandela?": "Waar is Mandela as die skaduwees daal? [...] Waar is die reënboog, waar is die glorie?" Kerkorrel het eenmaal opgemerk:

It was just so disappointing that somebody [Mbeki] came to breathe life into the racial ghosts of "there are whites, and there are blacks", and so on. It was nauseating. I did write songs about it, but I decided not to bring it out. I felt, just give these guys a break. Don't break them down, it is a new broom finding its feet. (Aangehaal in Grundlingh 2004:506)

Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel se postapartheid-protiesliedjies is veral interessant as hulle anti-apartheid-standpunt/houding tydens die Voëlvry-beweging in ag geneem word, en waar Bok van Blerk se "De la Rey" en "So waai die wind" as uitings van Afrikaner-nasionalisme beskou kan word, kan dieselfde kritiek kwalik teenoor liedjies van Kerkorrel, Kombuis, K.O.B.U.S. en Fokofpolisiekar uitgespreek word (dink byvoorbeeld aan laasgenoemde se video van "Brand Suid-Afrika", waar twee boere in kakieklere mekaar soen).

5. Liedjieprofiel

In die tabel hier onder word 'n profiel verskaf van die liedjies wat in hierdie artikel bespreek word, met verwysing na die titel van die liedjie, die titel van die album

waarop dit verskyn, die verskyningsdatum en die betrokke kunstenaar(s) wat dit opgeneem het.

Liedjie	Album	Datum	Kunstenaar
Afrikaans sal ek altyd wees	<i>Klein Karoo</i>	2004	Adriaan van der Merwe
Anderkant die longdrop	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Antibiotika	<i>Antibiotika</i>	2008	Fokofpolisiekar
Auckland Blues	<i>Liewe Jan</i>	2007	Mallies le Roux
B.E.E.	<i>Genoeg is genoeg</i>	2007	Abel Kraamsaal
Bid	<i>Bid</i>	2006	Radio Suid-Afrika
Blaas hom	<i>Wrok</i>	1998	Battery9
Blameer dit op Apartheid	<i>Blameer dit op Apartheid</i>	1997	Koos Kombuis
Bloekomboom	<i>Alien Inboorling</i>	2004	Rian Malan
Boesmanhand	<i>Victimized</i>	1998	Dieversion
Brand Suid-Afrika	<i>Brand Suid-Afrika</i>	2006	Fokofpolisiekar
De la Rey	<i>De la Rey</i>	2005	Bok van Blerk
Die einde van die Reënboog	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Die fokkol song	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Die kleur van my vel	<i>Afrikanerhart</i>	2009	Bok van Blerk
Die stad bloei vanaand	<i>Die ander kant</i>	2000	Johannes Kerkorrel
Doodstraf	<i>Swaarmetaal</i>	2007	K.O.B.U.S.
Ek sal nie langer	<i>Album 3</i>	2005	Klopjag
Elektro Bezerk	<i>Kopskoot</i>	2009	Nul
Fat Cat Pietie (ANC-tiete)	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Fok Tswane	<i>3 jaar</i>	2008	Albert de Wet
Geagte meneer president	<i>Revolusie, Romantiek, Ruk en Rol</i>	2006	Glaskas
Gebroke siel	<i>3 jaar</i>	2008	Albert de Wet
Geen genade	<i>Blaas hom</i>	2008	Battery9
Halala Afrika	<i>Bloudruk</i>	1992	Johannes Kerkorrel
Hillbrow	<i>Eet Kreef</i>	1989	Johannes Kerkorrel
Hoe lank moet ons nog sorry sê	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
J.M.S.P.	<i>Bloedrivier</i>	1996	Voice of Destruction
Jobangensburg	<i>Donker grond</i>	2007	ddisselblom
Kaplyn	<i>Afrikanerhart</i>	2009	Bok van Blerk
Klaar met Rugby	<i>Genoeg is genoeg</i>	2007	Blouklip

Meneer	<i>Engele Wat Skree</i>	2008	Glaskas
Mitchell's Plain	<i>Groenkitaar</i>	2002	Gian Groen
Mystic Bohemia	<i>Drie</i>	2009	Nul
N.J.S.A.	<i>Swaarmetaal</i>	2007	K.O.B.U.S.
Oop vir misinterpretasie	<i>Monoloog in Stereo</i>	2005	Fokofpolisiekar
Pretoria	<i>Vergeet My Nie</i>	2007	Lianie May
Proudly South African	<i>Wonderwoorde</i>	2006	Die Melkert Kommissie
Reconciliation Day	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Reënboognasie	<i>'n Eeue Oue Melodie</i>	2006	Die Helde
Sarie Marais	<i>Tot stilte</i>	2007	Hanru Niemand
Satan is liefde	<i>Kopskoot!</i>	2009	Insek
Shalala Suid-Afrika	<i>Myself</i>	2006	Joe F
Siek bliksems	<i>Varke, marbles, en ander verlore goed</i>	2003	Kristoe Strauss
Siek+sat	<i>Terminatrix</i>	2008	Terminatrix
Sit dit aan	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
So waai die wind	<i>De la Rey</i>	2005	Bok van Blerk
Sodom en Gomorra	<i>Deur die donker vallei</i>	1999	Valiant Swart
Soldaatvolk	<i>Intervensie</i>	2007	Foto Na Dans
Sukkel society	<i>Innie (Sper)vuur</i>	2006	Beeskraal
Tienerangs	<i>Swaarmetaal</i>	2007	K.O.B.U.S.
Toema Jacob Zuma	<i>Piet Paraat se plaat</i>	2007	Piet Paraat
Tyd om te trek	<i>Afrikanerhart</i>	2009	Bok van Blerk
Vasbeslote Korporasie Deel 2	<i>Swanesang</i>	2006	Fokofpolisiekar
Vrede	<i>Revolusie, Romantiek, Ruk en Rol</i>	2006	Glaskas
Waar is Mandela?	<i>Bloedrivier</i>	2008	Koos Kombuis
Wat gaan ons maak	<i>Dukgesuip</i>	2006	Kallitz
Wat het gebeur by Aliwal-Noord	<i>3 jaar</i>	2008	Albert de Wet
Wat 'n vriend het ons in PW	<i>Tien jaar later</i>	1998	Johannes Kerkorrel
Wie doen wat?	<i>Genoeg is genoeg</i>	2007	Liezl op Bladsy 5
Willem	<i>Lieg of Bieg</i>	2006	Die Kaalkop Waarheid
Witman	<i>Swaarmetaal</i>	2007	K.O.B.U.S.

6. Temas wat in hedendaagse protesmusiek aangespreek word

Vervolgens word 'n aantal tematiese tendense wat in postapartheid-protiesmusiek waarneembaar is, bespreek. Enkele voorwaardes vir die bespreking van hierdie temas moet egter in gedagte gehou word:

- Hoewel 'n groot aantal liedjies vir hierdie bespreking geïdentifiseer is, beweer ons geensins dat hierdie lys volledig is nie. Ongetwyfeld is daar nog ander liedjies wat relevant sou kon wees vir hierdie perspektief op protiesmusiek wat die basis van ons argument is. Dit gaan egter nie soseer om volledigheid van die getal liedjietekste nie as wat dit gaan oor die identifisering van tematiese tendense.
- Na aanleiding van die bovermelde model om die betrokkenheid van tekste te identifiseer, fokus ons in die bespreking veral op die tweede merker van die model, dus die teks. Nie die intensie van die kunstenaar, die musikale resepsiekonteks of die empiriese sosiopolitieke status quo word in die volle betekenis daarvan in ag geneem nie. Ons fokus op die lirieke, dit wil sê die inhoud wat eenduidig krities na sosiopolitieke omstandighede verwys (resepsiekonteks en sosiopolitieke status quo speel natuurlik per implikasie, maar indirek, 'n rol om die musiek as sodanig as protes te definieer).
- Die liedjies wat bespreek word, hoef nie uitsluitlik vanuit die perspektief van protes geïnterpreteer te word nie – sommige het 'n veelvlakkige betekenis wat sig self daartoe leen om ook anders, of dan veral wyer, geïnterpreteer te kan word. Tog onderskryf ons steeds die standpunt dat protiesmusiek as sodanig eerder die ideaal van agitatie nastreef, wat beteken dat die teks redelik eenduidig daarop toegespits is.
- Daarom stel ons gewoon tendense vas en poog nie om die betekenis van die tekste volledig, in alle moontlike geledinge daarvan, te ontsluit nie.

6.1 Misdaad

Die misdaadsituasie in Suid-Afrika, asook die gewelddadige aard daarvan, blyk een van die belangrikste temas te wees waarteen geprotesteer word. Of dit gaan oor moord, plaasmoorde, roof, verkragting of korrupsie, die hoë frekwensie van hierdie wetsoortredings word met protes aangemerkt. Buiten die voorkoms daarvan word ook die gevolge van misdaad aangestip: inperking van persoonlike vryheid, asook gevoelens van magteloosheid en eventueel selfs wraaksug in die oortuiging dat regeringsinstansies magteloos of onwillig is om misdaad te bekamp.

6.1.1 Die misdaadwerklikheid

Dit is nie net dat die "Stad [vanaand] [bloei] soos 'n oorryp granaat nie" ("Die stad bloei vanaand"), maar dat die inwoners van Suid-Afrika nog "bly [...] in die hel" ("Toema Jacob Zuma") – 'n hel van misdaad gekenmerk deur moord en verkragting. In "Brand Suid-Afrika" is Fokofpolisiekar uitgesproke oor misdaad: "Vir jou is daar nog messe wat wag / In die bosse buite jou huis in die nag", terwyl Dieversion se "Boesmanhand" op sy beurt 'n bitterder perspektief bied. "Boesmanhand" is 'n herskrywing van die alombekende liedjie van Worsie Visser:

Boesmanhand, vat my land
en hijack my aan die Rand se kant
as jy vir my kan sê waar my hubcaps lê

bose hand vat my land
'n bitter hand steel als in die land
verkrag my vriendin en verlaag die Rand
as jy vir my kan sê wie in ons land gaan belê
bose hand vat my land.

Aan die einde van "Boesmanhand" sluit Dieversion 'n deel van oudpresident Nelson Mandela se bekende toespraak in waar hy sê: "In the name of peace, democracy and freedom for all." Ander groepe verwys ook dikwels na hierdie stelling: Glaskas vra "waar is die vrede" ("Vrede") en in "Willem" vra Die Kaalkop Waarheid ook "wanneer kom die vrede?" K.O.B.U.S. is net so gefrustreerd in "Doodstraf" wanneer hulle herhaaldelik pleit: "Bring die doodstraf terug/ staan saam en eis die doodstraf terug." Hulle kla ook dat Suid-Afrikaners verraai is: "Ons is vryheid belowe maar het vrees ontvang/ soos 'n skandvlek Judaskus op elke wang."

In "Reconciliation Day" sing Koos Kombuis oor die dood van Taliep Petersen, en bring dit in verband met misdaad¹⁰ oor die algemeen: "Ons strate is vol bloed/ elke dag 'n begrafnisstoet hulle steel al ons goed op Reconciliation Day." Die beskrywing van misdaad word op die spits gedryf met die stelling: "Ons is in 'n state of war."

Winston Churchill het Johannesburg glo eenmaal só beskryf: "Monte Carlo on top of Sodom and Gomorrah" (Kruger 2001:223) – 'n beskrywing wat deur Valiant Swart geëggo word: "twee stede in die noorde/ sonder wette sonder orde/ te lekker vir woorde/ Sodom en Gomorra". Hierdie boosheid word ook deur "Mitchell's Plain" van Gian Groen uitgebeeld, waar hy sing van bendegegeweld op die Kaapse Vlakte:

daar's onmin op 'n trein duskant Mitchell's Plain
saans as die son in die see verdwyn
die machiavelli boys gooi 'n 7 sein
vanaand lê nog 'n liggaam langs 'n ysterlyn

in Manenberg se strate met die son se breek
het 7, 8 mans 'n lewe opgeneuk
'n skoolkind word vermis, nog 'n ma lyk bleek
in die gutter lê 'n lyk van voor en agter gestee.

In Radio Suid-Afrika se "Bid" is die houding jeens misdaad wanhopig: "[B]id dat niemand vir ons buite in die tuin sal wag/ bid vir krag en vir genade in elke donker dag." Hulle land is 'n plek van "moord en kinder-rape" waar "gerustheid [...] met elke bier [kom]" – dieselfde land waar 'n mens net kan "drink op al die twak" (Joe F "Shalala Suid-Afrika"); soos Kerkorrel destyds in "Hillbrow" gesing het: "Ons sit in die son en drink wyn, hierdie land, ja." Die magteloosheid spreek ook duidelik in "Soldaatvolk" van Foto Na Dans: "Ek kon net kyk hoe alles vergaan"; en nou is daar, volgens Kombuis ("Die fokkol song"), "so fokken baie fokkol in Suid-Afrika".

Terwyl 'n motor in "Siek bliksems" vir "bloed en lood" gekoop kan word, is die transponering van "Sarie Marais" na 'n moderner idioom eweneens betreklik grusaam:

My Sarie Marais lê so ver van my hart,
Dalk iewers in 'n sloot.

Soos Siembamba se kindjie met sy kop oopgekloof,
Ja dalk is my Sarie dood.

6.1.2 (Psigologiese) Gevolge van misdaad

Die feit dat 'n persepsie bestaan dat gebrekkige institusionele wil en vermoë bestaan om misdaad te bekamp ("Ons wonder waar is die law" in "Reconciliation Day"), lei tot groot frustrasie. Liezl op Bladsy 5 sing in "Wie doen wat?": "almal is gatvol almal is siek en sat", soos Piet Paraat ook "gatvol" is in "Toema Jacob Zuma" en Terminatrix óók siek en sat is vir alles in "Siek+sat". Nul se "Mystic Bohemia" handel oor 'n polisieklomp in Stellenbosch, waartydens polisie vuurwapens op klubgangers rig, skote afvuur en mense aanrand onder die vaandel van 'n soektog na dwelms. Die liedjie voer aan: "En in die loop van daardie selfde nag/ Is vier mense vermoor, agtien vrouens verkrag/ Die arme polisie se hande was gebind/ Hulle was doenig met die dinge van 'n kind."

Kristoe Strauss sing van die "siek bliksems" wat motors kaap, en bieg: "[E]k weet ek mag nie haat nie maar dis bleddie moeilik." Menige liedjies verwoord hierdie frustrasie. In "So waai die wind" wens die spreker in die lied se oupa vir hom 'n vrou toe "wat die haat 'n bietjie stil kan maak/ want dit loop mos deur ons are/ word net sterker deur die jare." Wanneer die spreker in Battery9 se "Blaas hom" vir die derde keer besteel word, word hy 'n "bebliksemde boer" wat genot daaruit put om 'n inbreker te skiet: "Ek een parasiete nul." Die aggressie spreek ook duidelik uit die beskrywing van die inbreker se "vieslike gevreet". In "Geen genade" erken die groep weer: "wraakgedagtes teister my" na nóg 'n inbraak:

maar glo my, jou fokker, jou tyd sal kom
een of ander tyd gaan ek jou nog vang
jy sal 'n wit lig sien brand aan die einde van die gang
ek sal jou verander in 'n bibberende wrak
jy kan sommer by voorbaat in jou broek begin kak
[...]
ek sal 2 karre en 8 fietse uit jou uitmoer
'n TV en natuurlik 'n hi-fi of twee
2 radio's vir my kar, 3 stelle speakers
my skaars langspeelplaat van Gerhard Viviers
'n spul vensters, slotte en gereedskap
lisensies, paspoorte en harde kontant
my wasgoed, tekkies, 2 selfone
versekering, alarm en die huis se verband.

Wanneer frustrasies oor misdaad nie lei tot haat en wraaksug nie, laat dit wel 'n merk van neurose: vir slagoffers van die inperking van persoonlike vryheid bestaan daar ook 'n vrees in antisipasie van wat mag gebeur:

Ek en my buurman, ek sien sy muur en hoor sy hond,
Elektriese heinings, kameras, want ek ruik heeldyd lont.
Panic buttons, toeslaan-hek en 'n 9 mm op die rak,
Hoe banger, hoe meer dollars in 'n groot company se sak.
Elke draai in my kar is 'n vrees vir 'n smash en grab ("Jobangenburg").

In "Vasbeslote Korporasie Deel 2" sing Fokofpolisiekar: "ek druk my kardeurknoppie af as ek voor die verkeerslig wag", en Kristoe Strauss merk ook die paranoia in "Siek bliksems": "hier sit ons agter tralies, agter slot en grendel, die skelms loop daar buite". Abel Kraamsaal glo in "Toema Jacob Zuma": "Jy kan nie meer by 'n robot stop sonder om rond te kyk nie", en in "Witman" van

K.O.B.U.S. stap “witman” “deur die Trellidoor-utopia”. Die beeld wat hierdie liedjies oordra, is dus nie alleen dat misdaad mense teister nie, maar ook dat dit ’n alomteenwoordige bedreiging word.

6.2 Dienslewering

Nie net sou die regering faal om misdaad te bekamp nie, ook dienslewering oor die algemeen blyk nie aan die verwagtinge te voldoen nie. Koos Kombuis se “Die Fokkol song” (’n gesprek met buitelanders tydens die Wêreldbekersokkertoernooi) handel oor werkloosheid, swak dienslewering, en armoede. In “Sukkel society” spreek Beeskraal ook die gaping tussen ryk en arm aan: “Die rykman bling en die ander een eet brood.” Terwyl die meeste liedjies armoede as deel van hulle griewe teenoor die Nuwe Suid-Afrika betrek, is Kallitz se “Wat gaan ons maak” pertinent op armoede gefokus.

Volgens baie van hierdie liedjies mors die “Fat Cat Piete” geld op sake soos pleknaamsverandering (“Ek sal nie langer”), maar is stil oor dienslewering, behalwe as daarna verwys kan word in terme van die nasleep van die apartheidsverlede (“Blameer dit op Apartheid”). So ly byvoorbeeld beide mediese dienste en die onderwys daaronder. Soos Abel Kraamsaal dit stel (“B.E.E.”):

Die dokters en verpleegsters vlug uit die land,
na ’n blinker toekoms aan hul eie hand
Die onderwys staan stil, want die onderwysers het gewaai,
net om kinders in ’n vreemde plek met kennis te laai.

Glaskas word “opgevoeter deur OBE” (“Geagte meneer president”). In “Mitchell’s Plain” brand die vure, “want daar is niks meer krag”, en in Khayelitsha “groeï die roet soos gras”, maar “for your African dream, meneer, sal ons hopeful sit en wag”. Maar hierdie hoop is meer van ’n morele aanklag as enigiets anders, soos Klopjag beaam (“Ek sal nie langer”):

Hou op geldmors op naamveranderings,
daar’s mense sonder huise, kinders sonder kos,
wie is nou die sondebok?

6.3 Afrikaner-identiteit

Die rol van die Afrikaner (of dan ten minste diegene wat hiermee geassosieer word) in die postapartheid-Suid-Afrika, blyk een van die kerntemas van hedendaagse Afrikaanse protesmusiek te wees. Verskeie aspekte word hiermee in verband gebring, onder meer juis ’n nuwe generasie se omgaan met ’n “geherkontekstualiseerde” identiteit. Hiermee word bedoel ’n identiteit wat enersyds móét aanpas by die sosiopolitieke status quo, maar andersyds ook herbevestiging is van bepaalde waardes en oortuigings wat as tradisioneel deel van “Afrikaner”-identiteit gesien word. Waar in die protes van Voëlvry dikwels met ’n bepaalde stereotipering van hierdie identiteit gespot is, eis die nuwe protesmusiek eerder op *inklusiewe* manier ’n plek in Suid-Afrika op. Sodoende word dit ’n herbevestiging van identiteit te midde van die problematisering daarvan: ’n herdefiniëring van die konstante van identiteit te midde van verandering en wat as die negatiewe impak van eksterne faktore beskou word. Alhoewel identiteit nie *per se* deel van protes uitmaak nie, word dit in hierdie opsig by ’n bespreking van protesmusiek ingesluit omdat daar protes aangeteken word teen die indruk wat die regering skep dat daar nie plek vir die Afrikaner in die Reënboognasie is nie.

6.3.1 *Problematisering van die Afrikaner se plek in Suid-Afrika*

In "Die einde van die Reënboog" sing Koos Kombuis van Afrikaneridentiteit en noem dat die Afrikaner leierloos is, want "Breyten het gefokof en Marthinus is 'n doos". Terminatrix ("Siek+sat") bevraagteken ook die integriteit van politieke leiers: "moeg vir politicians elke skrikkeljaar-klug met elections"; en Fokofpolisiekar se bevraagtekening van die motiewe van politici in "Brand Suid-Afrika" is net so sinies:

Bloed en yster, bloed en grond
Bloed en olie, bloed en grond
Bang en lui en desperaat
Daar's niks nuuts onder die son nie
En in die skaduwee brand Suid-Afrika.¹¹

Daar is dus min sprake van 'n vereenselwiging met Afrikanerleiers, maar ook word dit bevraagteken of die regering oor die algemeen hulle belange op die hart dra. In "B.E.E." van Abraham Kraamsaal glo die spreker "dis jou velkleur wat jou diskwalifiseer" en Bok van Blerk kla in "Die kleur van my vel" dat die land hom nie wil hê nie, ten spyte daarvan dat hy hard werk. Fokofpolisiekar sing: "Ek's net 'n toeris in my geboorteland" ("Antibiotika") en in "Bloekomboom" trek Rian Malan 'n parallel tussen die Afrikaner en die bloekomboom ('n uitheemse spesie) wanneer hy aanvoer: "Hy's nes ek, my bloekomboom/ Hy hoort nie hier, maar hy sit wortels neer." Fokofpolisiekar verwys ook na "inboorling of indringerspesie" in "Vasbeslote Korporasie Deel 2".

Gebrek aan identifisering met huidige leierskap aan die een kant en wantroue in die politieke aanvaarding van die Afrikaner aan die ander kant het egter nie net negatiewe gevolge nie. Daar is 'n intense liefde vir die land, en vir Afrikaans, en Suid-Afrika blyk die enigste tuiste te wees – ten spyte van "omgekeerde rassisme" ("B.E.E.") of bewerings dat "die Afrikaner" nie hier hoort nie. Adriaan van der Merwe sê in "Afrikaans sal ek altyd wees": "Een ding verander nie: ek is lief vir hierdie land en ek is lief vir ons volk, en ek is baie trots om Afrikaans te wees ... my kinders sal dit lees, en my God sal hul vrees", en "Een ding is verseker: my saad is diep gesaai". Ook Koos Kombuis voel "Die volk is in my derms, die volk is in my bloed" ("Anderkant die longdrop") en dat hy net so 'n deel van hierdie land is soos enige ander groep ("Hoe lank moet ons nog sorry sê"):

Julle sê ek is geen African, maar my lewe het dan hier begin,
Ons woon geslagte lank al in die land, my bra.
My voorvaders het hulle man gestaan teen die koloniale Engelsman,
hulle het gefight vir taal en selfrespek,
hulle het geweier om die koningin se gat te lek.

Daar is geen ander plek om heen te gaan as Suid-Afrika nie, want "Waar moet ek vlug as my land aan die brand is" ("Waar is Mandela?").

6.3.2 *Die nuwe generasie: tussen die skadu van die verlede en die hoop op die toekoms*

Dit is veral die nuwe, jong generasie wat hulle nie aandadig voel aan die skuld van apartheid nie, wat volgens hierdie protesliedjies swaar aan die verlede dra. Glaskas het "hierdie land [...] verskriklik lief" ("Geagte meneer president"), maar besef hoe moeilik dit vir hulle generasie gaan wees om byvoorbeeld werk te kry, want "Vir die sondes van die vaders sal die kinders maar moet vrees ("Afrikaans sal ek altyd wees"; kyk ook "Toema Jacob Zuma"). Hierdie nuwe generasie word as die slagoffers van ons tyd geskets, as skuldig geëtiketteer, en vra: "Hoeveel keer gaan ek nog probeer om my onskuld te bewys" ("Willem"). Fokofpolisiekar sing ook byvoorbeeld in "Oop vir misinterpretasie": "[M]y vriende se bediendes het hulle met liefde grootgemaak. Dis nie my skuld nie. Ek herinner myself aan my pa, hulle moes Grens toe gaan. Dis nie my skuld nie." In Glaskas se "Meneer" pleit die spreker ook:

Gun my 'n kans om vir regverdigheid te pleit
Moet my asseblief nie in hulle boksie plaas nie
ek is anders, ek glo – ek glo in 'n hoopvolle generasie
[...]
Jy sal nie sien
as jy aanhou kyk deur die verlede se stukkende oë nie
Meneer kom cure my seer, asseblief
Jy sal nie sien as jy nie om jou begin kyk nie
Meneer, sê my ek is meer as net naïef.

Die gevolg is 'n weerbarstigheid dat die verklaarde liefde aan Suid-Afrika en die nuwe bestel altyd weer deur die owerhede in twyfel getrek word. Die morele skuld van apartheid word geensins misken nie, bloot word daarteen protes aangeteken dat die jonger generasie óók verantwoordelik gehou word vir apartheid. Juis hierdie irritasie laat Klopjag verklaar: "Ek sal nie langer jammer sê nie" en Koos Kombuis vra: "Hoe lank moet ons nog sorry sê?". Die implikasie is: "Kan ons asseblief aanbeweeg, meneer?" ("Nie langer").

Albert de Wet herlei nie net die gebrek aan dienslewering terug na 'n apartheidsverlede nie, maar nog veel meer as dit: hy stel die vraag of ook misdaad moontlik die gevolg is van die verlede:

Wat het gebeur by Aliwal-Noord?
Is daar dan niks meer fout, ek vra, met pyn en haat en moord?
Is dit as gevolg van die verlede?
Wat gaan word van ons volk se hede?

Daarom is Terminatrix onder meer moeg om in die verlede te leef ("Siek+sat"), want die verlede blyk 'n parallelle hede te wees waar die "struggle" nog nie verby is nie, en Koos Kombuis stel dit ("Hoe lank moet ons nog sorry sê"):

Hoe lank moet ons nog sorry sê?
totdat die struggle eendag klaar is, ja my baas,
Hoe lank moet ons nog voete was?

Hierdie lirieke word geëggo in Die Melkert Kommissie se "almal vreet net politics, in plaas van aanbeweeg" ("Proudly South African").

K.O.B.U.S. skets 'n veel bleker prentjie van nie net hierdie generasie nie ("N.J.S.A."):

Hongersnood, vigsdood, dakloos,
werkloos, moedeloos, broos.
Presidentia in absentia,
wanbestuur, vagevuur, ondier-plesier.

Orania, Azania, oggendstond
gifmond, kultuurbomlont,
obsessie, depressie, jeugslagting,
skoolverkragting, dooie verwagting.

O ja! O ja! Ons weier om die sondes te dra
van jou ma en pa. O ja! O ja! Die lied
van die nuwe jong Suid-Afrika.

Hulle sing ook oor die algemeen van die "Witman": die "tradisionele witman identiteit" is vandag niks meer as 'n identiteit vir die ontheemdes nie. Die implikasie is weer eens dat die verlede nie in die nuwe Suid-Afrika plek het nie. Daarom word dié by die lirieke in die CD-boekie gevoeg: "Die futiliteit van selfinperking":

Witman!
Witman voed op die oorskiet van die verlede
dae, oplossings van gister vir probleme van die hede dae.
Witman werkloos, witman ambisieloos.
Witman staar die mure plat met grafte
In sy oë.

Dit is juis die nuwe generasie wat 'n openheid openbaar om hierdie "selfinperkings" agter te laat – juis daarom die hoop dat hulle nie te swaar aan die bagasie sal dra nie. Protes is waarskynlik nie net protes teen onreg nie, maar ook protes vir 'n beter wêreld. Kerkorrel beweer "die paradys hier op aarde is moontlik, is moontlik, ja nog" ("Die stad bloei vanaand"). Selfs slagoffers van geweldsmisdaad is "stoksielalleen, maar nog nie verlore/ vergete" nie ("Gebroke siel"). Geleenthede lê in die toekoms en môre is nog 'n dag ("Afrikaans sal ek altyd wees"), soos Glaskas sing in "Meneer": "ek glo in 'n hoopvolle generasie". Hierdie optimisme word duidelik in die woorde van Die Helde saamgevat: "Ek is verseker ons almal kan saamleef in Afrika [...] ek dink nog steeds daai liggie brand vir Afrika" ("Reënboognasie").

6.3.3 *Alles verander*

Hierby sluit ook 'n gevoel aan dat die geskiedenis herskryf word, soos Hanru Niemand se Sarie Marais wat nou dalk 'n "vrou van die nag" is, want "ons weet sy't maklik gaan lê". Pleknaamsveranderinge skep die indruk dat Afrikaners uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgesluit word, omdat die naamgewing van plekke immers 'n deel van die geskiedenis verteenwoordig. In "Pretoria" van Lianie May staan die spreker en haar moeder voor Louis Botha se standbeeld voor die Uniegebou, en dink: "God het ons bewaar/ Maar stadig loop trane so stil deur my Moeder sy vra/ Ek wonder was ons dan niks werd." Elders sing sy oor die miskenning van die Afrikaner-verlede waaraan sy herinner word as sy in die strate van Pretoria stap: "Soveel jare moet ons nou laat gaan." Ook Klopjag sing van naamsveranderinge in "Ek sal nie langer", en Albert de Wetsê: "Fok Tswane."

6.3.4 *Miskenning van die verlede?*

Dit gaan natuurlik nie bloot om die pleknaamsverandering of verandering van amptelike heraldiek nie ("Afrikaans sal ek altyd wees"), maar ook oor wat dit simboliseer.

In Bok van Blerk se "Kaplyn" teken die spreker protes aan teen die miskien van die Afrikaner se rol in die geskiedenis. Die liedjie handel oor die Grensoorlog: die spreker merk verbitterd op dat hy vir ure voor die gedenkmuur staan om sy vriend se naam te soek, maar dis weggelaat omdat hy blameer word vir wat hulle regering gedoen het. Dít is natuurlik 'n verwysing na die weglating van die name van SAW-soldate by die Freedom Park Memorial Wall, 'n monument wat letterlik die opofferings van Afrikaners misken. Mbola (2008)¹² skryf oor hierdie monument:

As the country celebrates Heritage Month, South Africans have an opportunity to reflect on the country's collective heritage by visiting Freedom Park in Pretoria, a remarkable monument that tells the tale of South Africa's diverse heritage in a visual and interactive way. Founded on the values of human dignity, rights and freedom, the park is a reflection of the sacrificial achievements the nation has made and tells the story of South Africa's reconciliation process and the advancement of human rights entrenched in the Constitution.

Let op dat die woorde *collective* en *diverse heritage* nie SAW-soldate insluit nie, en veral dat hierdie weglating nie eens in hierdie teks – op 'n amptelike inligtingswebblad oor die land – genoem word nie. In "Kaplyn" verwoord Bok van Blerk dus die Afrikaner se marginalisering deur die perspektief van 'n veteraan wie se gesneuwelde kameraad hom terugroep na die Grens, 'n spook wat deur die miskien van sy dood nie rus kan vind nie.

6.3.5 Emigrasie as alternatief?

Die verknogtheid aan die land kom duidelik na vore waar liedjies oor emigrasie handel. In Bok van Blerk se "Tyd om te trek?"¹³ neem die spreker se geliefde haar "hart" uit die land, want sy glo daar is geen plek meer vir haar in Suid-Afrika nie. Vir haar is dit 'n interne stryd om weg te gaan, "n oorlog, wat diep daar in jou brand". Maar ook die psigologiese aspekte van die besluit om te "bly" of te "gly", kom aan die bod in "Tyd om te trek?", want emigrasie gaan oor soveel meer as bloot verandering van ruimte: die besef "daar is geen plek vir jou hier" het 'n enorme impak op die eie identiteit.

In "Auckland Blues" van Mallies le Roux kyk die spreker nostalgies terug na "braaivleis, rugby en Chevrolet" vanuit Nieu-Seeland, waarheen hy as gevolg van regstellende aksie getrek het. Hy mis trouens selfs die ANC. Dit is interessant om hierdie liedjie met van die liedjies wat in 3.2 bespreek is te vergelyk. Mallies le Roux aktiveer as 't ware al die clichés wat met 'n tradisionele Afrikaner-identiteit geassosieer word. K.O.B.U.S. sou hierin waarskynlik die "futiliteit van selfinperking" lees – juis dít is wat bepaal of geëmigreer sal word al dan nie.

7. Protes as 'n appèl: om op (en saam) te staan

Sekerlik een van die duidelikste aspekte van protes is die duidelik geartikuleerde wewoep aan ander om eweneens protes aan te teken – op verandering aan te dring, of alternatiewelik, aktief aan hierdie verandering mee te werk. In soverre is die vraag "Hoe lank moet ons nog sorry sê?" nie retories bedoel nie, maar eerder

'n eenduidige veroordeling van apatie jeens sosiale onreg. Dus sou opgestaan moes word teen misdaad en die gevolge daarvan, teen swak dienslewering, armoede en alles wat die plek van die "Afrikaners" in 'n postapartheid-Suid-Afrika misken ("Wat het gebeur?"):

Is dit nou wat ek my voet neersit en opstaan?
Dit is nou dat ek my voet neersit en opstaan
Dis tyd om saam te staan.

Verder: "Ek is moeg, ek is gatvol en ek's lus om te struggle" ("Toema Jacob Zuma"); "Staan op en sit jou voet neer [...] en sê: fok Tshwane!" (Kyk ook "Bid".)

Maar nie net moet *opgestaan* word teen onreg nie – daar moet ook *saamgestaan* word ("B.E.E."):

Maar daar's iets wat ons kan doen teen hierdie knoeiery
Ons moet hande vat en saamstaan, teen daai B.E.E.
[...]
Wat het geword van saamstaan en wat het geword van veg?

In "Wie doen wat?" word duidelik gestel dat mense moet saamstaan: "Staan op, staan saam teen die monsters" en in "Doodstraf" vra K.O.B.U.S.! ook: "Staan saam en eis die doodstraf terug!"

Of hierdie musikale protes en oproep tot aktiewe protes in praktiese resultate realiseer, bly moeilik toetsbaar. Die gaping tussen teks en publiek, of liedjie en luisteraar, kan alleenlik oorbrug word indien die luisteraar die appèl goedgunstiglik ontvang. Tot dan toe bly dit 'n boodskap ingeperk binne die grense van die teks.

8. Slot

Protesmusiek is nie sonder meer noodwendig esteties gesproke van 'n laer gehalte nie. In 'n onderhoud met die bekroonde digter Danie Marais (2010) beweer hy dat musieklirieke 'n natuurlike genre vir 'n nuwe generasie is om te ontdek – ook wat konfrontasie met 'n maatskaplike werklikheid betref. Baie van ons jonger sanger-liedjieskrywers het eenvoudig gevolg in die voetspore van mense wat hulle geïnspireer het: Koos Kombuis, Valiant Swart, Battery9, Gert Vlok Nel, en ander. Dit is met ander woorde minder 'n doelbewuste verwerping van die formele poësie, en eerder 'n poging om'n mens self binne die idioom van jou helde en die mense wat jou geroer en laat dink het, te artikuleer (Marais 2010).

Spesifiek met betrekking tot Afrikaanse protesmusiek wil dit voorkom asof misdaad enersyds, en 'n problematisering (dalk herkontekstualisering?) van die Afrikaner-identiteit andersyds, waarskynlik die belangrikste temas is. Om die musiek verdag te maak as synde melancholiese versugtings na 'n verlede, is oneerlik. Daar mag uitsonderings wees, maar veral nuwe kunstenaars poog om in protes juis afstand te doen van bagasie wat 'n nuwe en deelnemende identiteit in die Suid-Afrika van vandag in die weg staan. En die onttaking van identiteit is trouens ook nie tot die Afrikaner in Suid-Afrika beperk nie. Poststruktureltiese en postkolonialistiese opvattinge van identiteit post-'94 is vir alle groeperings relevant. Ook protesliedjies deur ander groepe oor byvoorbeeld misdaad bewys

dat sosiopolitieke kritiek nie bloot 'n insulêre Afrikaanse gegewe is nie.¹⁴ Protesmusiek skyn selfs in die geglobaliseerde konteks van vandag 'n algemene oplewing te ondervind.¹⁵

Daar kom egter heelwat variasie binne die hedendaagse Afrikaanse protesmusiek voor. Hoewel sommige liedjies (soos "Boesmanhand" en "Blaas hom") baie bitter is, is daar ander, soos Die Helde se "Reënboognasie", wat 'n optimistiese uitkyk het, hoewel hulle die ANC-regering bevraagteken. Soos in party liedjies wat net ná 1994 geskryf is, gebruik Mallies le Roux 'n swart koor om die band met Afrika aan te dui, en Die Melkert Kommissie vermaan die luisteraar in "Proudly South African" om haar nie 'n Europeër te noem nie, omdat sy haar met Afrika vereenselwig. In "Geagte Meneer President" maak Glaskas van "Nkosi Sikeleli" gebruik en vra aan Thabo Mbeki om iets omtrent die land se probleme te doen. Tog bly die liedjie positief teenoor die Nuwe Suid-Afrika. Die diversiteit van uitkyke maak 'n mens dus huiwerig om alle Afrikaanse protesmusiek as 'n homogene beweging saam te groepeer.

Soos Voëlvry dikwels met tradisionele Afrikaanse musiek geskakel het – vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband Johannes Kerkorrel se "Wat 'n vriend het ons in PW" wat 'n tradisionele Christelike lied in 'n protesliedjie omskep – so sluit hedendaagse protesmusiek soms aan by tradisionele liedjies en ander liedjies wat wyd bekend in die Afrikaanse wêreld is. Koos Kombuis gebruik byvoorbeeld D.J. Opperman se getoonsette gedig "My nooi is in 'n nartjie" in "Die einde van die reënboog", en Hanru Niemand herskryf "Sarie Marais" in 'n mineur, waar Sarie in die hedendaagse Suid-Afrika nou "iewers in 'n sloot" lê en "dalk (...) dood (is)", of "dalk lê sy in die boot van 'n Mercedes Benz." Soos reeds genoem, is Dieversion se "Boesmanhand" weer 'n herskrywing van die alombekende liedjie van Worsie Visser. Dit gebeur ook soms dat daar 'n duidelike intertekstuele verwysing na sommige van die Voëlvry-sangers se musiek is. In "Klaar met Rugby" sing Blouklip byvoorbeeld "toela toela" soos Kerkorrel in "Halala Afrika", en Koos Kombuis se "Hidden track" op *Bloedrivier* is "Sit dit aan", 'n beroep op Eskom om die deuntjie van Kerkorrel se bekende "Sit dit af" oor PW Botha.

Watter funksie vervul hierdie intertekstuele verwysings na tekste uit die Afrikaanse tradisionele liedjieskat en/of protesliedjies van die Voëlvry-beweging? In beide gevalle wissel die intertekstuele verwysings vanaf aweregse kommentaar tot bitter ironie in die jukstaponering van die verlede met die hede, of dit nou die betreklik volkse eenvoud van die volksliedjie, of die tradisie van historiese verzet is. By laasgenoemde word egter 'n verdere dimensie bygevoeg: 'n gesprek met die protes van Voëlvry word nie net kommentaar op die hede in terme van waarteen in die verlede geprotesteer is nie, die hedendaagse protes word ook bewustelik in 'n tradisie van protes geplaas. Watter implikasies dít vir die verzet van Voëlvry inhou, is seker 'n ope vraag, maar dat dit vir die hedendaagse protes bewustelik die voorafkennis wat deel van die protestradisie vorm, aktiveer, is duidelik. Hierdie aktivering van betekenis beteken dat kunstenaars bewustelik en baie demonstratief standpunt oor hulle eie werk as "betrokke" inneem, as sosiopolitieke protes. Noodgedwonge beteken dit dat protesmusiek post-1994, soos alle tekste wat binne 'n bepaalde tradisie staan, teen die agtergrond van hierdie konteks geïnterpreteer kan word. Dit beteken onder meer dat die hedendaagse protes as protes bevestig word deur na die tradisie te verwys. Hier kan dus die derde merker van die bogenoemde "betrokkenheid"-model geïdentifiseer word, naamlik die tradisie behorende tot die outonome populêre musieksisteem, ingebed in die sosiopolitieke status quo.

Ter afsluiting kan kortliks na die implikasies verbonde aan die funksionering van hierdie derde merker verwys word – die resepsiekonteks waarin protesmusiek

figureer. Protesmusiek is uitermate afhanklik van die resepsiekonteks se ontvanklikheid daarvoor, ten einde die doel wat dit in vooruitsig stel suksesvol te bereik (natuurlik indien hierdie doel as sodanig geartikuleer word deur die intensie van die kunstenaar). Hierdie argument kan verder gevoer word deur te beweer dat selfs by die afwesigheid van 'n sodanig geartikuleerde intensie (die eerste merker), die resepsiekonteks aanvanklik bepaal watter liedjies as protes geld. Besondere waarde word byvoorbeeld aan "De la Rey"-geheg – nie noodwendig oor die boodskap daarvan nie, maar dikwels ook oor watter opvatting vanuit die resepsiekonteks op die teks geprojekteer word. Hierin lê egter ook die tweesnydende swaard van kontekstualiteit vir protesmusiek: selfs waar 'n eenduidig-geartikuleerde outeursintensie dit in die vooruitsig stel om deur deelname die grense van die openbare diskoers te verlê, of selfs 'n wekroep tot aksie te wees, stel dit sig ook daaraan bloot om deur rolspelers in die resepsiekonteks, maar veral vanuit die politieke status quo (vierde merker) gekaap te word. Selfs sonder om inhoudelik afbreuk aan die boodskap van die liedjieteks te doen, kan die blote inbedding van so 'n teks in 'n politieke dampkring bepaalde suggesties laat wat met tyd afbreuk kan doen aan die protesboodskap, soos geartikuleer deur die kunstenaarsintensie of die inhoud van die teks.¹⁶ 'n Ekstreme vorm hiervan is die instrumentalisering van protesliedjies om 'n bepaalde saak vanuit die politieke status quo te dien. Daar moet egter ook 'n toegewing gemaak word: nie alle liedjies wat as protesmusiek geklassifiseer word, is noodwendig doelbewuste protes nie – dit kan ook ontaard in die najaag van 'n modetendens, met ander woorde 'n "lees" en eksploitasie van die mark en resepsiekonteks deur kunstenaars. Maar dit beteken immers ook dat die mark (of dan resepsiekonteks) ontvanklik is vir hierdie tipe protes, dit as 'n klankbord beskou. Weer eens is die konteks medebepalend vir die vraag na watter impak daar sal wees, en in watter mate.

In hierdie artikel is daar uitgegaan van die aanname dat enige teks (soveel te meer die protesliedjie) óók 'n onderliggende sosiopolitieke aspek beliggaam – dat selfs al word die teks as outonoom gesien, dit nie *soewerein* outonoom en onafhanklik is nie. Maar selfs 'n suiwer poststrukturealistiese benadering, waar die geldigheid van "die universele" bevraagteken word, skeep tog nog geleentheid vir protes. Foucault verduidelik byvoorbeeld dat die afwesigheid van *die* revolusionêre subjek en 'n teleologiese historiese ontwikkeling die betrokke kunstenaar (in die Marxistiese interpretasie daarvan) eintlik irrelevant gemaak het (Fink-Eitel 1989:119). Die enigste moontlikhede wat oorbly, skyn te wees om sand te strooi in die ratte van die groot masjinerie: dus op klein skaal sosiale kwessies te konfronteer en sodoende 'n verandering te probeer teweegbring.¹⁷

Die vraag anderkant die teoretiese oorwegings is en bly seker wat die daadwerklike impak van protesmusiek is. Die antwoord kan nie veel verder as blote spekulاسie strek nie, maar sê ook veel meer oor wie die vraag beantwoord as oor protesmusiek as sodanig.

Bibliografie

Adendorff, E. 2007. Die Voëlvry-beweging se groter konteks.
www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=18919&cause_id=1270. (29 Januarie 2010 geraadpleeg)

Adorno, Theodor W. 1965. *Noten zur Literatur III*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

—. 1965. Engagement. In Adorno 1965.

Agger, Ben. 1991. Critical theory, poststructuralism, postmodernism: Their sociological relevance. *Annual Review of Sociology*, 17:105–31.

ANC. 2007. A fundamental revolutionary lesson: The enemy manoeuvres but it remains the enemy / Part II - A silent mood of trepidation? *ANC Today*, 31 Augustus, www.anc.org.za/ancdocs/ancoday/2007/text/at34.txt. (30 Mei 2010 geraadpleeg)

Anderson, T.H. 1986. American popular music and the war in Vietnam. *Peace and Change*, 11(2):51–65.

Anoniem. 2007. Afrikaans singer stirs up controversy with war song. *Guardian*, 25 Februarie. www.buzzle.com/articles/128725.html. (6 Mei 2009 geraadpleeg)

Ballantine, C. 2004. Re-thinking "whiteness"? Identity, change and "white" popular music in post-apartheid South Africa. *Popular Music*, 23(2):105–31.

Barnard, Rita. 2007. *Apartheid and beyond: South African writers and the politics of place*. Oxford: Oxford University Press.

Basson, L. 2007. Punk identities in post-apartheid South Africa. *South African Review of Sociology*, 38(1):70–84.

Bekes, Peter, Wilhelm Große, Georg Guntermann, Hans-Otto Hügel en Hajo Kurzenberger (reds.). 1982. *Deutsche Gegenwartsliteratur*. München: W. Fink.

Bezuidenhout, A. 2007. From Voëlvry to De la Rey: Popular music, Afrikaner nationalism and lost irony. Ongepubliseerde referaat, Departement Geskiedenis-seminaar, Universiteit van Stellenbosch.

Boshoff, Carel. 2007. Jeug, die leiers van môre. Toespraak gelewer in die Noord-Kaapse provinsiale wetgewer. www.vryheidsfront.co.za/a/toespraak.asp?language=a&id=220. (12 Januarie 2010 geraadpleeg)

Breytenbach, Breyten. 1986. *End papers*. Londen: Faber and Faber.

—. 1996. *The memory of birds in times of revolution*. Londen: Faber and Faber.

Brink, André P. 1976. *Voorlopige Rapport: Beskouings oor die Afrikaanse literatuur van Sewentig*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 1983. *Mapmakers: Writing in a state of siege*. Londen: Faber and Faber.

—. 1985a. *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 1985b. *Waarom literatuur?* Kaapstad: Human & Rousseau.

—. 1991. Afrikaans: Op pad na 2000. D.F. Malherbe-gedenklesing. *Acta Varia* 1.

—. 1996. *Reinventing a continent: Writing and politics in South Africa*. Cambridge, Massachusetts: Zoland Books.

- Camus, Albert. 1971 [1951]. *Rebellion and art*. In Camus 1971 [1951].
- . 1971 [1951]. *The Rebel*. Londen: Penguin.
- Chapman, Michael. 2006. *Art talk, politics talk: A consideration of categories*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Coetzee, A.J. 1976. *Poësie en politiek: 'n Voorlopige verkenning van betrokkenheid in die Afrikaanse poësie*. Johannesburg: Ravan Press.
- Cohen, Tom (red.). 2001. *Jacques Derrida and the humanities: A critical reader*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Denisoff, R.S. 1970. Protest songs: Those on the top forty and those of the streets. *American Quarterly*, 22(4):807–23.
- Deudney, Edna. 1979. *Betrokkenheid as literêre perspektief*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Devereux, C. 2008. The spirit of music: Is the protest over? www.cnn.com/2008/WORLD/europe/03/07/protest.songs. (31 Maart 2010 geraadpleeg)
- Dunn, K.C. 2008. Never mind the bollocks: The punk rock politics of global communication. *Review of International Studies*, 34:193–210.
- Eagleton, Terry. 1976. *Marxism and literary criticism*. Londen: Methuen & Co. Ltd.
- Engelbrecht, Theunis. 2009. Voëlvryers tot draaitafel-jafels. *Rapport Weekliks*, 11 Oktober, p. 1.
- Enzensberger, Hans Magnus. 1962a. *Einzelheiten II: Poesie und Politik*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- . 1962b. Poesie und Politik. In Enzensberger 1962a.
- . 1962c. Weltsprache der modernen Poesie. In Enzensberger 1962a.
- . 1970. Klare Entscheidungen und trübe Aussichten. In Schickel 1970.
- . 1974a. *Palaver*. Frankfurt am Main: Suhrkamp
- . 1974b. Gemeinplätze die Neueste Literatur betreffend. In Enzensberger 1974a.
- . 1974c. Berliner Gemeinplätze. In Enzensberger 1974a.
- . 1982. Scherenschleifer und Poeten. In Bekes et al. 1982.
- . 1988a. *Mittelmaß und Wahn*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- . 1988b. Rezensenten-Dämmerung. In Enzensberger 1988a.

Eyerman, R. 2002. Music in movement: Cultural politics and old and new social movements. *Qualitative Sociology*, 25(3):443–58.

Fink-Eitel, Hinrich. 1989. *Michel Foucault: Zur Einführung*. Hamburg: Junius Verlag.

Foucault, Michel. 1984. What is enlightenment? In Rabinov 1984.

Freundlieb, Dieter. 1995. Foucault and the study of literature. *Poetics Today*, 16(2):301–44.

Grundlingh, A. 2004. "Rocking the Boat" in South Africa? Voëlvry music and Afrikaans anti-apartheid social protest in the 1980s. *The International Journal of African Historical Studies*, 37(3):483–514.

Gunderson, E. 2008. Paralyzed Iraq veteran transforms pain into protest music. http://www.usatoday.com/life/music/news/2008-04-06-body-of-war_N.htm. (31 Maart 2010 geraadpleeg)

Haskins, Casey. 1989. Kant and the autonomy of art. *The Journal of Aesthetics and Art Criticism*, 47(1):43–54.

Heidegger, Martin. 2000. *Elucidations of Hölderlin's Poetry*. Amherst, New York: Humanity Books.

Heywood, Christopher. 2004. *A history of South African literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hohendal, Peter Uwe. 1977. Introduction to reception aesthetics. *New German Critique*, 10:29–63.

Hopkins, P. 2006. *Voëlvry. The movement that rocked South Africa*. Kaapstad: Zebra Press.

Huntemann, Willi, Małgorzata Klentak-Zabłocka, Fabian Lampart, Thomas Schmidt (reds.). 2003. *Engagierte Literatur in Wendezeiten*. Würzburg: Köbigshausen & Neumann.

Huntemann, Willi en Kai Hendrik Patri. 2003. Einleitung: Engagierte Literatur in Wendezeiten. In Huntemann et al. (reds.) 2003.

Jameson, Frederic. 1972. *The prison-house of language: A critical account of structuralism and Russian formalism*. Princeton: Princeton University Press.

—. 1981. *The political unconscious: Narrative as a socially symbolic act*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

Jury, B. 1996. Boys to Men: Afrikaans alternative popular music 1986–1990. *African Languages and Cultures*, 9(2):99–109.

Kaldor, Mary. 2006. *New and old wars. Organized violence in a global era*. Cambridge: Polity Press.

- Karr, R. 2003. *Protest music for a new generation. Vietnam-era musicians lead chorus of voices against war.*
<http://www.npr.org/templates/story/story.php?storyId=1212060>. (1 April 2010 geraadpleeg)
- Klopper, A.E. 2009. *Die opkoms van Afrikaanse rock en die literêre status van lirieke, met spesifieke verwysing na Fokopolisiekar.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Kruger, L. 2001. Theatre, crime, and the edgy city post-apartheid Johannesburg. *Theatre Journal*, 53(2):223–52.
- Logan, B. 2007. Finally, it's personal. *The Times*,
http://entertainment.timesonline.co.uk/tol/arts_and_entertainment/stage/theatre/article2133250.ece. (1 April 2010 geraadpleeg)
- Lukaćs, Georg. 1965. *The historical novel*. Londen: Merlin.
- . 1973. *Theorie van de roman*. Amsterdam: Meulenhoff.
- MacLachlan, Ian. 2006. Engaging writing: Commitment and responsibility from Heidegger to Derrida. *Forum for Modern Language Studies*, 42(2):109–25.
- Malan, K. 2007. Die brose wisselwerking tussen die (reg op) eiergting en die (falende) staat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe Supplement – Die verskynsel van geweld: besinninge, analises, oplossings*, 7(4):119–34.
- Marais, Danie. 2010. 'n Toeris in eie land, deel II. Danie Marais in gesprek met Louis Esterhuizen. <http://www.versindaba.co.za/2010/04/15/onderhoud-ii-danie-marais>.
(28 April 2010 geraadpleeg)
- Maritz, A. 2008. Koos en vriende, neem op die masjiengeweer.
http://www.oulitnet.co.za/cgi-bin/qiga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=48622&cat_id=244. (18 Mei 2009 geraadpleeg)
- Mbola, Bathandwa. 2008. South Africa's Freedom Park.
<http://www.southafrica.info/about/history/park-230908.htm>. (29 April 2010 geraadpleeg)
- McHone, M. 2003. Impassive resistance: Protest songs for today.
<http://www.wsws.org/articles/2003/apr2003/musi-a23.shtml>. (1 April 2010 geraadpleeg)
- Nel, Ronel. 2007. Mooi melodie + kwaai liriek = protesmusiek. *Beeld*, 15 Junie, p. 10.
- Newman, Saul. 2001. *From Bakunin to Lacan: Anti-authoritarianism and the dislocation of power*. Lanham: Lexington Books.
- Odendaal, B.J. 2006. Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998–2003. In Van Coller (red.) 2006.

- Rabinov, P. (red.). 1984. *The Foucault reader*. New York: Pantheon Books.
- Rademeyer, A. 2005. Afrikaanse skole word ál minder. *Die Volksblad*, 2 Februarie, p. 15.
- Renders, L. 2006. Niets dan kommer en kwel: Het Afrikaanse proza van 2005. *Zuid-Afrika*, 83(5):88–98.
- Roos, Henriette. 2006. Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002. In Van Coller (red.) 2006.
- Sartre, Jean-Paul. 2001. *What is literature?* Londen, New York: Routledge.
- Schickel, Joachim (red.). 1970. *Über Hans Magnus Enzensberger*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Schiffes, S. 2005. *Vietnam: The music of protest*.
<http://www.news.bbc.co.uk/2/hi/americas/4498011.stm>. (1 April 2010 geraadpleeg)
- Sebald, W.G. 2005. *Luftkrieg und Literatur*. Frankfurt am Main: Fischer.
- Segerman, S. 2000. Spotlight on James Phillips.
http://www.sarockdigest.com/archives/issue_64.html. (29 Maart 2010 geraadpleeg)
- Shepherd, J. 1991. *Music as social text*. Cambridge: Polity Press.
- Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- . 2009. *Tussenstand. Letterkundige opstelle*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Van Graan, M. 2006. From protest theatre to the theatre of conformity? *South African Theatre Journal*, 20(19):276–89.
- Van Niekerk, C. 2008. Fathoming the musical identity/identities of James Phillips aka Bernoldus Niemand. *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 22(1):1–28.
- Vinassa, A. 1992. Die Boere het nie hul huiswerk gedoen nie. *Vrye Weekblad*.
www.nul.com.sg. www.nul.com.sg/play.php?file_id=36. (12 Oktober 2009 geraadpleeg)
- Zsuzsanna, L. 2007. Violence, crime and fear in contemporary South African fiction: David Medalie's *The shadow follows* and J.M.Coetzee's *Disgrace*. Human Dignity and Humiliation Studies. www.humiliationstudies.org.

Eindnotas

¹ Of *Vaderland* as 'n protesalbum gesien moet word, is nie seker nie: 9 van die 20 liedjies kan kwalik as protesmusiek gesien word. Sommige liedjies op *Genoeg is*

genoeg (bv. Snotkop se "Ons gaan dit nie vat nie") word eweneens nie as protesmusiek gesien nie.

² Kyk Haskins (1989), Sartre (2001), Camus (1971 [1951]), Heidegger (2000), Maclachlan (2006), Lukaćs (1965, 1973), Derrida (in Cohen 2001), Adorno (1965), Hohendal (1977), Freundlieb (1995), Foucault (1984), Enzensberger (1962b, 1962c, 1970, 1974b, 1974c, 1982, 1988b), Jameson (1972, 1981), Eagleton (1976). Binne die Afrikaanse konteks is veral Brink (1976, 1983, 1985a, 1985b, 1991, 1996) en Breytenbach (1986, 1996) van belang. Kyk ook die insiggewende Huntemann en Patri (2003).

³"The literary, for Derrida, is not a question of prose or poetry, nor even is it necessarily confined within the pages of a book. Rather, in all language, in any mark even, there is an inescapable possibility of becoming literary, flirting with fiction, the indirection of the most direct address, or the suspension of reference. [...] Given the effects of what Derrida elsewhere names iterability, this detachment from determinate realities is just a standing possibility of any utterance or mark. [...] Since iterability is a structural condition of the mark in general, this is not simply a matter of some utterances happening to detach themselves from determinate realities, but rather entails that any utterance, no matter how restrictively "engaged" it may seem in relation to a given context, set of referents or, in short, reality, remains constitutively haunted by the possibility of fiction: a certain ineliminable "disengagement" is the condition of possibility of all engagements. Correlatively, this disengagement without which no writing could begin to engage itself in any given context brings with it a new understanding of the writer's responsibility: no longer responsible for the text in any one determinate or limited sense, the writer is exposed to an irresponsibility which is also a form of hyper-responsibility, a responsibility so unlimited that there can be no question of fulfilling it once and for all." (Maclachlan 2006:121–2)

⁴ Hierdie liedjie is ook ingesluit in die klankbaan van die film *Battle for Haditha* (2008).

⁵ In Israel het een van hulle voorste sangeresse, Chava Alberstein, ook onlangs "Chad Gadya" uitgegee wat ook protes aanteken teen die sirkel van geweld waarin dié land hom bevind.

⁶ In Engels het James Philips egter in die laat sewentigerjare 'n groep genaamd Corporal Punishment gestig, wat polities gedrewe en geïnspireer was deur Britse punkgroepe van die jare sewentig (Van Niekerk 2008:5), en ook was daar groepe soos Freedom's Children, Wild Youth, Dog Detachment, Radio Rats en Rude Dementals (Klopper 2009:14).

⁷ Só 'n vermenging van genres slaan nie net op 'n herposisionering of selfs hibridisering van gerepresenteerde "Afrikaner"-identiteit nie, maar juis ook op 'n Adorniaanse opvatting dat "betrokkenheid" gesien moet word in terme van immanente kritiek gesetel in die generiese representasievorm as sodanig en nie die inhoud nie (Adorno 1965).

⁸ Dink byvoorbeeld aan Mike van Graan se verhoogstuk *Die Generaal* (2007), wat temas soos grondonteiening, taalkwessies, plaasmoorde, emigrasie en geweld ontgin, en Lara Foot Newton se *Tshepang* (die woord beteken "hoop") (2003) waarin hoop as't ware verkrag word Die "lees" van Suid-Afrikaanse letterkunde(s) teen die agtergrond van 'n gepolitiseerde kontekstualiteit is iets wat steeds in groot mate die letterkundige diskoers bepaal. Heywood (2004:1) lees pertinent die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse letterkunde grootliks teen die

agtergrond van die interafhanklikheid daarvan met die sosiopolitieke konteks, wat noodgedwonge "betrokkenheid", in welke definisie van die begrip ookal, insluit. Hy begin sy *A history of South African literature* met die stelling: "Amidst confusion, violence, and conflict, South African literature has arisen out of a long tradition of resistance and protest." Sien ook die titels van twee onlangse studies wat handel oor literatuur (nie Afrikaans nie!) in Suid-Afrika: Michael Chapman se *Art talk, politics talk: a consideration of categories* (2006) en Rita Barnard se *Apartheid and beyond: South African writers and the politics of place* (2007).

⁹ 'n Soortgelyke literatuurhistoriese ontwikkeling in die Duitse konteks word byvoorbeeld deur W.G. Sebald aan orde gestel in sy berugte *Luftkrieg und Literatur* (2005).

¹⁰ Dit is later bevind dat dit sy vrou, Najwa Petersen, was wat hom geskiet het.

¹¹ In *Toema Jacob Zuma* sing Piet Paraat ook: "[O]ns land is aan die brand."

¹² Die kontroversie rondom hierdie monument is welbekend; ons kies hierdie webblad nie omdat dit 'n gesaghebbende bron is nie, maar eerder omdat dit ten tye van die Google.co.za-soektog die heel eerste resultaat was, met ander woorde die eerste informasie wat aan 'n leser gebied word. Die webblad www.southafrica.info is ook betekenisvol, aangesien dit 'n amptelike inligtingsportaal tot die land bied.

¹³ Die liedjie noem nie emigrasie by die naam nie, maar beide die video en sy opmerkings tydens 'n vertoning by die Gold Coast in Australië in Julie 2009 wys dat "trek" na emigrasie verwys. By hierdie vertoning het hy beide geopen en afgesluit met hierdie liedjie, en opgemerk dat dit spesifieke relevansie vir sy gehoor (eks-Suid-Afrikaners) dra.

¹⁴ Oor swart protesmusiek: "DJ-koning Arthur se album Kaffir het die hele kwaito-ding begin. En dis goed kwaad. Mandoza het dit vir ons wit ore meer aanvaarbaar gemaak" (Nel 2007).

¹⁵ "Oudstryder Neil Young was ná 'n paar jaar se stilte een van die eerstes wat weer sy kop uitgesteek het, met sy song "Let's Impeach the President" - 'n sterk oproep teen pres. George W. Bush en die oorlog in Irak. Kort op sy hakke het Pink gevolg met "Dear Mr. President". En skielik was die wurmblik weer oop. Pearl Jam het ook twee anti-Bush-liedjies, "World wide suicide" en "Marker in the Sand", op hul 2006-album *Pearl Jam*. Die nuwe protesmusiek het gou en oral begin kop uitsteek. Soos die ondergrondse anti-oorlogtreffer van Dispatch, "The General", ook nuwe kunstenaars soos Utah Philips, die Riot-Folk! Collective en David Rovics (Nel 2007). Hierby kan Green Day se "American Idiot", Ministry se kritiek op die oorlog teen terreur in "Lies lies lies" en Rochester's Raging Grannies se album *Songs of a raging granny* gevoeg word, om maar enkele voorbeelde te noem.

¹⁶ Só sluit Carel Boshoff van die VF Plus byvoorbeeld 'n toespraak voor die Noord-Kaapse provinsiale wetgewer (17 Junie 2007) oor protesmusiek af: "To conclude Hon. Speaker, you may dislike the message, you may shoot down the messenger, but you will only intensify it by ignoring it." Of hierin waarheid steek al dan nie, die blote instrumentalisering van protesliedjies op 'n openbare politieke forum het groot impak op hoe dit geïnterpreteer word en watter rol dit uiteindelik empiries kan speel.

¹⁷ "[B]y using the poststructuralist critique one can theorize the possibility of political resistance without essentialist guarantees: a politics of postanarchism ... by incorporating the moral principles of anarchism with the postructuralist critique of essentialism, it may be possible to arrive at an ethically workable, politically valid, and genuinely democratic notion of resistance to domination ... Foucault's rejection of the 'essential' difference between madness and reason; Deleuze and Guattari's attack on Oedipal representation and State-centered thought; Derrida's questioning of philosophy's assumption about the importance of speech over writing, are all examples of this fundamental critique of authority." (Newman 2001:158)

Onderweg na goeie wetenskap. Ewekniebeoordeling: betroubare weegskaal of vyfde wiel aan die wa?

Fanie de Beer
Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

Braam Roux
Departement Filosofie, Unisa

Opsomming

Ewekniebeoordeling word wêreldwyd as die stelsel van beoordeling van wetenskapwerk aanvaar. Dit beklee dus die rol van beslisser oor goeie wetenskap. Daar het egter 'n omvangryke kritiese literatuur daarteen begin opbou, wat ons eie ervaring bevestig dat 'n algemene onvergenoegdheid by navorsers oor hierdie stelsel bestaan. Omdat beoordeling 'n kerndeel van goeie wetenskapsbeoefening uitmaak, is dit die doel van hierdie artikel om hierdie kritiek behoorlik aan die orde te stel en aan deeglike analise en evaluasie te onderwerp wat daarop sal dui dat hierdie stelsel ernstige beperkinge het en dat 'n meer bevredigende beoordelingsbenadering nodig is. Ons beoog om met hierdie kritiese besinning die pad hiervoor voor te berei en uiteindelik so 'n alternatief voor te stel. Hierdie ondersoek fokus oorwegend op die kritiese literatuur. Dit gaan om die sorgvuldige interpreterende lees van die gelewerde kritiek afkomstig uit verskillende dissiplines en vertrekpunte. Die besware word gerubriseer onder empiriese ondersoeke en prinsipiële besware wat gebreke aandui wat dan konseptueel, argumentatief en pragmaties geanaliseer word. Die leemtes en gebreke wat uit die literatuur na vore kom, toon duidelik die ontoereikendheid en mankloerigheid aan van die stelsel as 'n waarborg vir goeie wetenskap. Dit laat ons met die vraag na die rehabiliteerbaarheid van, of selfs 'n alternatief vir, hierdie stelsel. Verskeie oorwegings vir so 'n rehabilitasie of alternatief met die oog op die bevordering van die ideaal van goeie wetenskap word aan die hand gedoen. 'n Oop stelsel word voorgestel waarin die nosie van kollektiewe intelligensie sentraal is, met kommunikasie as die kern. Daar moet in gedagte gehou word dat goeie wetenskap op verskillende maniere gedien word en dat bydraes in aard verskil. 'n Differensiële beoordelingstelsel, waarby soveel moontlik belanghebbers betrek word, moet dus oorweeg word.

Abstract

Towards quality science. Peer evaluation: trustworthy scale or fifth wheel to the coach?

Peer evaluation is accepted globally as the system for the evaluation of science. It is therefore regarded as the arbiter on good science. A substantial body of critical

literature against it has, however, accumulated that supports our observation that there is a general feeling of discontent with the system among researchers. Since evaluation forms a central part of good science practice the aim is to outline these criticisms and to subject them to a thorough analysis and evaluation that will show that this system has serious limitations and that a more satisfactory evaluation approach is necessary. The aim with this critical reflection is to open the way to, and eventually propose, such an alternative. The research comprises mainly a study of this body of critical literature. It takes the form of a thorough interpretative reading of the criticism expressed from different disciplines and points of departure. The objections are organised under empirical studies and objections from considerations of principle and are analysed conceptually, argumentatively and pragmatically. Deficiencies and limitations as detected in the literature clearly indicate how inadequate and decrepit the system is as a guarantee of good science. This leaves us with the question about the rehabilitation of and even an alternative to this system. Several considerations regarding such a rehabilitation or alternative are suggested with a view to the advancement of the ideal of good science. We then propose an open system which centres on the notion of collective intelligence with communication as the core. It should be kept in mind that contributions to good science take different forms and occur at different levels. A differential system of evaluation, in which as many interested parties as possible are involved, should therefore be considered.

1. Agtergrond

Ten spyte van die verskeidenheid en uiteenlopendheid van wetenskappe en wetenskapsbeoefenaars is daar by alle betrokkenes 'n strewe na goeie wetenskap – om die wetenskap goed te dien deur goeie wetenskap goed te beoefen. Presies wat *goeie wetenskap* behels, bly egter kontroversieel – vandaar die woord *onderweg* in die titel van hierdie artikel.

Wetenskap is nie as sodanig of per definisie goed (in twee sinne van die woord) nie. Wetenskap kan ook nooit finaal wees nie; daar is altyd ruimte vir die nuwe, die betere, en vir inventiewe ingrepe en koersverandering. Anders as wat baie wetenskapsbeoefenaars dink, staan wetenskap nie los van 'n wetenskapsbenadering, 'n wetenskapsbeeld, nie. Verskillende benaderings beteken verskille oor wat as goeie wetenskap beskou word. Uitsprake oor wetenskap, wetenskapsbeoefening, -beleid en -visies, studiestukke en ook praktyke wat met goeie wetenskap en die beoefening daarvan verbind word, weerspieël dikwels slegs een van hierdie benaderings. Dit op sigself is nie verkeerd nie, maar as enige so 'n benadering verabsoluteer en voorgeskryf word, veral sonder erkenning of motivering, dan hou dit gevare in. Dit is dus nodig om kennis te neem van hierdie verskynsel, en om sodanige dokumente en praktyke, en die onderliggende wetenskapsbenadering wat daarin mag oorheers, goed te bekijk.

Wanneer ons met wetenskap besig is, betaam dit om altyd Althusser (1990) se les oor die "personalised philosophy of the scientists, all scientists" te onthou. Besig-wees met wetenskap geskied op verskillende wyses en op verskillende vlakke en is 'n aktiwiteit wat nooit ophou nie. Goeie wetenskap bly 'n strewe, veelvuldig gekonkretiseer, en gemotiveer. 'n Gesprek oor goeie wetenskap het

verskillende moontlike invalshoeke, vereis verskillende insette en bydraes, en is dus 'n veelvlakkige, veelfasettige, pluralistiese gesprek.

Die strewe na goeie wetenskap raak nie net die wetenskapswêreld nie, maar wetenskaplike kennis neem 'n belangrike en steeds belangriker plek in samelewings in. Samelewings maak staat op wetenskaplike kennis vir soveel fasette van die daaglikse lewe. Die feit dat 'n term soos *kennissameenskap* algemeen gangbaar geword het, bewys hierdie belangrikheid. Die opvatting bestaan dat indien die wetenskap misluk, wetenskaplike kennis in die gedrang kom, en tot die mislukking van mense en menslike samelewings lei. Regerings bestee derhalwe groot bedrae aan navorsing: in Suid-Afrika was dit meer as R18,6 miljard gedurende die periode 2007- 8 (Sake 24 2009). Staatsdepartemente van wetenskap en tegnologie, en allerlei institusies wat betrokke is by wetenskap en navorsing, word in stand gehou omdat die band tussen wetenskap en samelewing baie belangrik is en beskou word as iets waarvoor beleid geformuleer moet word en wat bestuur moet word. 'n Intensiewe en wydlopende gesprek oor goeie wetenskap en die beoefening daarvan, insluitende 'n kritiese gesprek oor wetenskapsbeelde en -dwangbuise, is vir die gemeenskap belangrik vanweë die plek wat die wetenskap in mense se daaglikse lewes inneem. Met hierdie artikel wil ons so 'n gesprek opnuut aanvoer. Om hierdie beoogde gesprek oor goeie wetenskap in te lei, sal ons in vier opeenvolgende artikels agtereenvolgens na vier kernaspekte kyk:

a. Ewekniebeoordeling: Betroubare weegskaal of vyfde wiel aan die wa?

Ewekniebeoordeling, oftewel portuurevaluasie of keuring, is 'n praktyk met 'n vergete teoretiese geskiedenis wat eng met goeie wetenskap verbind geraak het, in so 'n mate dat al hoe meer aanvaar is dat dit 'n soort waarborg voorsien vir goeie wetenskap. Beoordeling is noodsaaklik vir goeie wetenskap en die beoefening daarvan, maar ewekniebeoordeling hoef nie noodwendig goeie wetenskap te bevorder nie; dit is denkbaar dat dit selfs 'n belemmerende faktor kan wees. Om goeie wetenskap te kan peil, is dit dus nodig om ewekniebeoordeling in die rol van waarborg vir goeie wetenskap, onder die loep te neem. Die kritiek daarop, menings daaroor en voorstelle ter verbetering hou verband met visies van goeie wetenskap. As sodanig bied ewekniebeoordeling 'n goeie invalshoek om goeie wetenskap te verken.

b. Word goeie wetenskap bevorder of belemmer deur strategie, visie en beleid? Dokumente wat opgestel word deur verantwoordelike instellings wat met wetenskap en navorsing belas is en wat beleid, visies en scenario-sketse uitstippel, beoog goeie, kwaliteitswetenskap, uitnemendheid, oorspronklikheid en vernuwing. Ten einde dit te bereik, gee hulle gewoonlik aandag aan opleiding en verhoogde lewering van navorsers. Hierdie programme waarborg egter niks nie, al gee hulle hoog op met al die voortreflike bedoelings. Inteendeel, dit is selfs moontlik dat hulle juis in die weg van goeie wetenskap kan staan, in dwangbuise kan ontaard, en/of die wetenskapomgewing steriel kan maak. Dit is dus nodig om enkele kerndokumente krities na te gaan. Ons spits ons toe op twee: die Wetenskapakademie Suid-Afrika se *Report on a Strategic Approach to Research in South Africa* (2006) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) van Suid-Afrika se *NRF Vision, 2015: Strategic Plan of the NRF* (NNS 2008). Ons let op die gees en styl daarvan, die planne, voorskrifte en beleidsrigtings wat voorgehou word as kenmerke van en vereistes vir goeie wetenskap.

c. Die voorwaardes vir die verwesenliking van goeie wetenskap. Op grond van wat in die eerste twee artikels bevind is, word 'n tentatiewe padkaart na goeie wetenskap opgestel, antwoorde gesoek op vrae soos wat die voorwaardes vir goeie wetenskap is, wie en wat bepaal wat as goeie wetenskap geld, en hoe

dit bevorder kan/moet word. Die aard en status van wetenskaplike kennis, die plek van 'n kollektiewe intelligensie en die rol en struktuur van 'n intellektuele gemeenskap in die beoefening van goeie wetenskap kom ook ter sprake.

d. Evaluasie en kommunikasie ter bevordering van goeie wetenskap. Hier word gesoek na óf die rehabilitasie van portuurevaluasie om 'n konstruktiewe rol in goeie wetenskap te kan speel, óf dan 'n alternatief daarvoor. Goeie wetenskap behels evaluering. Die vraag is hoe dit ten beste gedoen moet word. Die vrae wat aandag sal kry, sluit in hoe ons oor kwaliteit moet dink, hoe 'n evalueringsproses daar moet uitsien, wie betrek moet word, of evalueerders geselekteer en opgelei moet word, en indien wel, dan hoe.

2. Ewekniebeoordeling se hekwagtersrol

Ewekniebeoordeling het die rol van hekwagter tot goeie wetenskap verkry. 'n Besinning oor ewekniebeoordeling wentel daarom noodwendig om die ideaal van goeie wetenskap, en dit maak so 'n gesprek 'n ideale vertrekpunt vir 'n bespreking van goeie wetenskap, en verskaf kapstokke waaraan die res van die gesprek gehang kan word.

Ewekniebeoordeling is wêreldwyd die erkende en gevestigde beoordelingsprosedure vir wetenskaplike navorsing. Dit word as onmisbaar beskou om te verseker dat gehaltenavorsing befonds, gedoen en gepubliseer word. Dit is dan ook sonder huiwering oorgedra na ander kontekste soos die evaluering van tydskrifte en navorsers self.

Almal wat by beoordeling betrokke is, besef egter dat die stelsel vol gebreke is. Bedenkinge oor die doeltreffendheid en waarde daarvan word gereeld gelug en selfs ernstige, gegronde kritiek is al gelewer teen aspekte daarvan of teen die proses as sodanig. Hierdie kritiek word óf nie te ernstig opgeneem nie (omdat daar geredeneer word dat wat as swak punte uitgewys word, presies is wat 'n mens van so 'n stelsel moet verwag), óf dit word toegegee, maar geredeneer dat dit tog werk en, soos die demokrasie, nog die beste manier is om te bereik wat dit moet bereik. Sommige kritici meen egter dat hierdie gebreke dit 'n struikelblok op die weg van goeie wetenskap maak en hulle stel vervanging voor. Dit het tyd geword, sê hulle, om die aanhoudende kritiek teen die stelsel in 'n ernstige lig te beskou om te kan besluit of dit inderdaad, soos veronderstel, goeie wetenskap kan waarborg.

So 'n kritiese ondersoek sal beteken dat die veronderstellings en veral wetenskapsbeskouings waarop die praktyk berus, uitgestippel en beoordeel moet word; dit het uit 'n sekere milieu voortgekom wat 'n bepaalde opvatting oor goeie wetenskap en die plek daarvan in die samelewing behels. Verder moet die praktiese vraag gevra word of die stelsel inderdaad werk soos voorgehou word. As dit wel werk, sal 'n volgende vraag moet wees of dit, ten spyte van die besware daarteen, behou moet word, en indien wel, of dit gewysig behoort te word. As dit nie behou kan word nie, wat is die alternatief?

3. Die proses, grondslag en oogmerk van ewekniebeoordeling

Ewekniebeoordeling is die normatiewe proses waarvolgens 'n outeur (navorser) se publikasie (boek, artikel of verslag), of 'n beursaansoeker se aansoek, of 'n navorser se curriculum vitae en motivering, voorgelê word aan mededeskundiges, hoofsaaklik vakgenote (gewoonlik nie uit dieselfde kring nie), vir beoordeling met die oog op publikasie, 'n beurs of 'n pos. Die beoordeling is redelik oop, want eienskappe soos oorspronklikheid, kreatiwiteit, insig, algemene persoonlike vermoë om die onderwerp te hanteer en om te kommunikeer is van deurslaggewende belang. Keurders word op grond van hulle vakkundige status en met inagneming van belangstellings en spesialiteite geselekteer en benoem deur redakteurs of bestuurders van befondsingsliggame of beoordelingskomitees. Aan hierdie uitvoerende beamptes verskaf hulle gemotiveerde beoordelingsverslae en doen gewoonlik ook aanbevelings oor afhandeling. In die geval van publikasies werk hulle gewoonlik individueel, en weet nie wie anders betrokke is nie. Dit staan bekend as "blinde" keuring/beoordeling; vergoeding is gewoonlik nie ter sprake nie, en beoordeling word as deel van wetenskaplike betrokkenheid beskou.

Die argument ter ondersteuning van ewekniebeoordeling is dat medevakbeoefenaars vanweë hul *vakkundigheid* die beste in staat is om hierdie beoordelings te doen en gevolglik daarmee vertrou te word, "not subject to external audit but dependent rather upon trust and reputation" (Harrison 2004:360). Hiermee sê ons nie dat keurders nie ook ander eienskappe, en veral ervaring, bybring nie; eweknieskap slaan egter éerstens op vakkundigheid. Die ideaal is *wetenskaplike* beoordeling, die bepaling van wetenskaplike gehalte, en die aanname is dat ewekniebeoordeling sowel die *wetenskaplikheid* (of dan wetenskaplike aanvaarbaarheid) van die beoordeling as die *gehalte* van die navorsing en die produk waarborg. Opleiding wat die bemeestering van bestaande kennis en die verwerwing van insig in die gebruik van bestaande prosedures beteken, word as genoegsaam beskou vir iemand om as beoordelaar oor nuwe kennis op te tree, om normatiewe uitsprake oor toevoegings tot, of wysigings van, hierdie kennis en insig te maak.

In die breë gaan dit by die evaluering om gehalte – om gehalte-wetenskapsbeoefening te probeer verseker; te sorg dat bydraes van kwaliteit gepubliseer word, dat die kwalitatief-beste aansoeker die beurs kry, dat die navorsers wat kwalitatief die beste presteer, aangemoedig, aangestel en bevorder word. Daarom word ook van *kwaliteitskontrole* of *gehaltebeheer* gepraat.

Gehalte is egter 'n glibberige begrip. Volgens Jaschik (2009:1) het Michèle Lamont, wat beoordelings deur komitees intensief ondersoek het, besluit:

As for excellence that quality peer review theoretically promotes, Lamont isn't sure it exists. It may be invoked all the time, she said in an interview, but her examination of the process suggests no way to measure it. "I think excellence means nothing [...] I think you have to give the criteria. Typically it's originality, feasibility, and also the social and intellectual significance."

4. Is ewekniebeoordeling noodsaaklik?

Die vraag ontstaan of besluite oor die waarde van 'n manuskrip of die status van 'n navorser nie eerder aan die "mark" (lesende en ondersoekende wetenskaplikes en kollegas) oorgelaat kan word nie. Akademiese tydskrifte is gespesialiseer van

aard; die bydraers is spesialiste, gekwalifiseerde dosente en navorsers in hulle spesialiteitsrigtings; en redakteurs kom as spesialiste uit die bepaalde vakrigtings en kan die enkele irrelevante, oppervlakkige, kansvatter-bydraes onderskep. Is dit dus nie moontlik om aan te neem dat die outeurs weet wat van hulle verwag word en professioneel die spel sal speel terwyl vakgenote in openbare debat die meriete van hulle produkte kan uitpluis nie? 'n Bydrae tot die wetenskap word tog nie bepaal deur wat in die blaaie van boeke en tydskrifte staan nie, maar deur wat onder die wetenskapsbeoefenaars lewe.

Harrison (2004:366), 'n uitgewer wat op keuring van manuskripte staan, gee toe: "In the end, the really significant peer review is the open debate that takes place in public once a work has been published." Die status van navorsers word ook bepaal deur die reaksie van ander navorsers, ander kenners op die bepaalde gebied, en die gebruikers. Is 'n keuringsproses dan nodig?

Die gewone antwoord is dat net gepubliseer behoort te word wat werklik die "vooruitgang" van die wetenskap sal verseker. Vooraf-uitskakeling van wat van "minderwaardige gehalte" is, is noodsaaklik. Hier is drie aannames: dat ewekniebeoordeling 'n voorwaarde is vir die vooruitgang van die wetenskap; dat dit moontlik is om apories te weet wat vooruitgang sal dien; en dat 'n duidelike lyn te trek is tussen goeie en swakker wetenskap.

Ewekniebeoordeling is egter 'n resente verskynsel: "Peer review has been a touchstone of modern scientific method *only since the middle of the 20th century*, the only exception being medicine. Before then, its application was lax in other scientific fields" (Wikipedia 2008. Ons kursivering). Rennie (2003:1–4) skets vroeë tekens van ewekniebeoordeling, maar besluit dan ook dat die institusionalisering daarvan na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het en selfs toe maar stadig en nie algemeen nie; die toename in manuskripte was die pasaangeër. Vanaf die middel-1980's het die stelsel as sodanig begin aandag kry. Daar kan geredeneer word dat dit moontlik was vir die wetenskappe om vooruit te gaan, en wel teen 'n asemrowende pas, van die 16de en 17de tot die middel van die 20ste eeu, sonder die hulp van 'n georganiseerde ewekniebeoordelingstelsel. Die tydperk het nie alleen die werk van Copernicus, Kepler en Galileo ingesluit nie, maar dié van Descartes, Pascal en Kant, en in die vroeë 20ste eeu van iemand soos Freud. En dit is maar enkeles uit die magdom wat bloot met behulp van insette uit die intelligente gemeenskappe waartoe elkeen deur persoonlike kontak of by wyse van korrespondensie toegang gehad het, gehaltenavorsing en publikasies gelewer het. Kritici van die stelsel verwys ook graag na moderne publikasies soos Albert Einstein se revolusionêre manuskrip *Annus Mirabilis*, en Watson en Crick se 1951-artikel oor die DNS-struktuur wat nie deur keurders se hande is nie. Wat het hierdie verandering in houding van geen of dan "lax application" na "touchstone of scientific method" meegebring? Het die verandering te make met wetenskaplike en/of navorsingsveranderinge of het iets in die wetenskaplike en navorsingsomgewing verander?

Die omgewing het verander deurdat sowel die publikasietoneel as die navorsingsomgewing verander het. Die rol van tydskrifte het belangriker geword en die aantal tydskrifte het toegeneem. Tydskrifte is egter selde finansiële onafhanklik en bydraes en subsidies kom gewoonlik met voorwaardes wat kwaliteitskontrole ("gehaltenavorsing") vereis. Verder maak die blote volume van aangebode stof (onnatuurlik gestimuleer deur geldelike vergoedings en beloftes van bevordering) waarvoor daar net nie genoeg ruimte is nie, keuring en seleksie nodig. Die ideaal is dat dit gehalte moet bevorder, maar baie meen dit gebeur nie werklik nie. Redakteurs kan en wil ook nie alleen oor die lot van kollegas se werk

beslis nie, en ewekniebeoordeling word as die beste hiervoor, en vir die weerlegging van kritiek, beskou.

Vergoeding vir navorsing en navorsingspublikasies het algemene gebruik geword. "Gehalte"-navorsing en "gehalte"-navorsingspublikasies word vergoed om navorsing en publikasie te stimuleer, wat weer gelei het tot die gradering van navorsers en gedifferensieerde (kritici praat van "diskriminerende") vergoeding. Gehaltebeoordeling word dan nodig geag om gehaltenavorsing en die beste gehaltenavorsers te kan beloon.

Dit is debatteerbaar of gehaltenavorsing deur 'n vergoedingstelsel gestimuleer kan word. Die motivering vir navorsing is die drang na wete en beter begrip wat gedra word deur 'n oorspronklike en innoverende gees wat nie met 'n bedrag geld aangeskakel word nie – vandaar dat Heidegger (1983:34 – 44) 'n verval van wetenskap na navorsing insinueer. Finansiële aansporings het eerder ander redes, soos nasionale en institusionele trots en prestige of begrotingsdruk (die toewysing vir hoër onderwys in Suid-Afrika kon beperk word deur opleiding en navorsing te skei). Hierby kom dat 'n gradering- en vergoedingstelsel hom ook daartoe leen om vir operasionele doeleindes (aanstellings, bevorderings, ens.) nuttig gebruik te kan word.¹ Hierdie oorwegings, wat berus op die siening dat ewekniebeoordeling noodsaaklik is om die gehalte van navorsing en navorsingspublikasies te verhoog, kom in die volgende artikel ter sprake. Die invloed van beloning op die wetenskaplike omgewing is nog nie bepaal nie. Informele waarneming dui op negatiewe inwerking – 'n oorheersende individualisme het byvoorbeeld vaardig geword onder wetenskaplikes; die bestaan en invloed van die "intelligente gemeenskap" as 'n teelaarde en klankbord met kritiese terugvoering, hulp en aanmoediging is besig om te verswak en te verdwyn. Beurse en toekennings is nog altyd 'n kompetisie om beperkte middele tussen formeel gelykes. Om hier die beste kandidate uit te soek, vereis, soos ook in die geval van gradering van navorsers, 'n proses van gehaltebeoordeling, maar dit is gewoonlik ewekniebeoordeling-in-komitee waar bespreking van die aansoeke darem 'n rol speel.

'n Sterk positiewe standpuntinname kom van 'n dosent in wetenskap- en tegnologiejoernalistiek, George Claassen, wat 'n verbete stryd teen "kwakke wat paradeer as 'kundiges'" voer. Ewekniebeoordeling en publikasie in portuurgeëvalueerde publikasies speel volgens hom "die hekwagtersrol ten opsigte van kundige wetenskaplike getuienis" (Claassen 2009a), want dit help en beskerm gebruikers van navorsing en kundigheid. "Kwakke" kan onderskei word omdat die "navorsing" waarop hulle beroep, nie in portuurgeëvalueerde bronne verskyn nie. Claassen (2010:14) argumenteer later dat ewekniebeoordeling alleen nie genoegsaam beskerm nie, maar bevraagteken nie die stelsel as sodanig nie.

Ewekniebeoordeling het 'n deel van ons navorsingsomgewing geword óf omdat hierdie omgewing veranderinge ondergaan het wat, so word aangeneem, net met 'n gehaltebeheerstelsel hanteer kan word, óf omdat so 'n stelsel vir ander doeleindes bruikbaar is. Die vraag is egter of dit noodsaaklik, of ten minste 'n goeie hulpmiddel, is om goeie wetenskap te verseker.

5. Kritiek op ewekniebeoordeling

Die gevestigdheid van die stelsel mag die indruk skep dat dit bo verdenking staan. Marsh en Ball (1991:157) spreek die oordeel van baie in die volgende stelling uit:

The peer review process is one of the most highly regarded and frequently used procedures for evaluating the academic merit of academic manuscripts, grant proposals, tenure/promotion applications, and academic monographs and textbooks. Hence, peer review is of utmost importance to the academic community.

Dit is egter allermens die geval dat die stelsel oral in hierdie gees aanvaar word. Dit is nie net 'n geval van uiteenlopende menings oor die waarde en gehalte van die stelsel nie, maar van hewige en gegronde kritiek daarteen. Reeds in 1986 het 'n adjunkredakteur van die *Journal of the American Medical Association*, Drummond Rennie, kritiese vrae oor ewekniebeoordeling gestel en gemeen die stelsel moet verbeter en die noodsaaklikheid daarvan bewys word. Vir dié doel word sedert 1986 elke vier jaar 'n kongres met die tema ewekniebeoordeling georganiseer, maar een outeur merk op: "Rennie and his companions have spent almost 20 years in the desert, yet the golden calf is still intact" (Engber 2005:3).

Dat hier 'n probleem is met meer tentakels as net 'n gebrek aan konsensus tussen beoordelaars oor die gehalte van 'n manuskrip, blyk uit die uiteenlopendheid van ewekniekommentaar op Cicchetti (1991) se kritiese artikel oor ewekniebeoordeling. Die artikel word later volledig bespreek. Hierdie kommentaar wissel van uiterste ontsteltenis (want, so word gemeen, die probleme van ewekniebeoordeling bedreig wetenskap en wetenskaplikheid) tot 'n siening dat verskille tussen keurders te verwagte was omdat beoordelaars juis met die oog op spesiale en uiteenlopende vermoëns gekies word en te veel konsensus middelmatigheid kan kweek. Almal aanvaar egter dat daar verskillende redes vir 'n gebrek aan konsensus is, en op dié wyse word indirek kritiek op, en voorbehoude oor, die stelsel geopper. Blaam word gelê op vooroordele, verskille in vermoë, uiteenlopende benaderings van die keurders, die soort onderwerpe, byvoorbeeld kontroversieel teenoor onkontroversieel, en probleme met nuwe kennis en insigte.

Kan iets aan die verskille gedoen word? Weer is daar uiteenlopende menings: hou die stelsel in stand soos tans en aanvaar verskille, teenoor: bring veranderinge aan, soos deurgaans blinde beoordeling, of ekstra keurders tot 'n duidelike oordeel uitkristalliseer, of keurders deur outeurs voorgestel, of die reg op repliek, of selfs 'n advokateringsstelsel. Die meeste meen die stelsel is in orde, maar dat keurders deur opleiding verbeter moet word.

Die beoordelingstelsel word dus op allerlei wyses en op verskillende vlakke gekritiseer. Dit is nodig om hierdie kritiek in meer besonderhede na te gaan.

5.1 Deurlaat van bedrieglike en foutiewe artikels

Hier is veral drie soorte verskynsels ter sprake: die deurlaat/deurglip van plagiaat en bedrog; die miskyk van oorspronklikheid en innovasie; en die miskyk of toelaat of ignoreer van onverskoonbare foute.

Die deurglip by keurders van bedrog en plagiaat diskrediteer vir sommige die stelsel onherroeplik. Gevalle soos die volgende kom ter sprake: Jan Hendrik Schön het gedurende 2001 elke agt dae 'n navorsingsartikel óf alleen óf saam met 'n medewerker voltooi. Vyftien hiervan is ná keuring deur *Nature* en *Science*

gepubliseer. Agterna het fisici hierdie publikasies as plagiaat en bedrog ontbloom (Berger 2006:157). Abate (2004:1) verwys verder na die publikasies van 'n kardioloog, 'n dwelmonderzoeker en 'n top-immunoloog wat almal later gediskrediteer is omdat hulle bevindinge bevat het wat "gekook" of geplagiariseer was. Ook die redakteurs van die *South African Journal of Philosophy* het in 2005 (Baker, Beck en Spurrett 2005:61–3) pogings om geplagiariseerde bydraes gepubliseer te kry, gerapporteer. Laasgenoemde gevalle is toevallig voor publikasie, maar na gunstige keuring, ontdek. Baker-hulle wys daarop dat hierdie pogings artikels op die internet misbruik het en dat die internet plagiaat deesdae makliker maak. Nie een van hierdie gevalle is deur die keurders raakgesien nie.

Campanario (1998:279) verwys na 'n artikel wat die Duitse tydskrif *Angewandte Chemie* in Februarie 1994 op aanbeveling van keurders gepubliseer het. Dit is later teruggetrek toe getuienis wat die resultate weerspreek het, net te veel geword het en dit geblyk het dat daar op geknoeiende resultate gesteun is. Campanario (1998:279) kom tot die volgende gevolgtrekking:

Instances of scandals involving plagiarized papers or papers with fabricated data are publicized on an almost weekly basis in the news sections of leading journals such as *Science* and *Nature*, and the inability of the peer review system to detect and prevent fraud seems to be proven beyond doubt.

Die deurglip van plagiaat en bedrog word nie allerweë verdoemend teen ewekniebeoordeling gehou nie. Berger (2006:157) meen egter: "But the reality is that peer review assumes a research article has been honestly written. It doesn't catch outright fraud." Baker, Beck en Spurrett (2005:62) toon aan dat plagiaat baie sleg is vir die aansien van 'n redaksie en 'n tydskrif: dit werp 'n skadu van wantroue oor alles en almal wat by die tydskrif betrokke is, en dit sonder dat die tydskrifredaksie werklik iets aan die skuldige kan doen. Hulle gee egter toe dat geen keurder alles wat al in 'n vakgebied gepubliseer is, kan ken sodat hy of sy in staat sal wees om plagiaat of bedrog in alle gevalle raak te sien nie:

Science is impossible [...] without division [...] of labour, and the effectiveness of that sharing of effort depends [...] on shared confidence that the majority of participants are playing fairly. No one [...] would get anything done if each of us had to check whether every paper we relied upon had been plagiarised. (Baker, Beck en Spurrett 2005:62)

Die deurglip van plagiaat kan beswaarlik teen keuring gehou word. As van keurders verwag word dat hulle alle plagiaat wat op hulle weg kom, moet uitwys, is die stelsel nie realisties nie. Maar die verskynsel van plagiaat laat tog waarskuwingsligte flikker, want bedrieglike en onoorspronklike wetenskap kan nie as goeie wetenskap kwalifiseer nie. As ewekniebeoordeling dit nie gereeld kan identifiseer nie, word dit 'n waarborg met voorbehoude.

'n Erger aanklag is dat werk wat later geroem is, aanvanklik deur keurders afgekeur is. In die literatuur word talle voorbeelde genoem. Armstrong en Hubbard (1991:136)² verwys byvoorbeeld na die skandeer-tonnel-mikroskoop (scanning tunneling microscope, of STM) wat in staat is om individuele atome te onderskei en wat as een van die belangrikste uitvindings van die 20ste eeu geroem is. Die Nobelprys vir fisika is aan die uitvindings toegeken, maar die aanvanklike poging om resultate wat met behulp van die apparaat verkry is, te publiseer, is op aanbeveling van 'n keurder afgewys. Campanario (2009) gaan die geskiedenis na van 16 Nobel-prysweners wat aanvanklik publikasieprobleme met die bekroonde artikel ondervind het. Armstrong en Hubbard veralgemeen

hulle bedenkinge oor die stelsel deur daarop te wys dat kontroversiële artikels 'n swakker kans het om gepubliseer te word as onkontroversiële pogings. Keurders hanteer duidelik nie oorspronklikheid en innovasie baie goed nie. Campanario (2009:549) merk op: "[P]apers are rejected, fellow scientists ignore discoveries, [...] authors of very innovative papers are criticized and often face stone-walling from their peers." En verder (2009:558):

In other instances the problem was that referees did not appreciate the potential or the interest of new discoveries. [...] The fact is that some of the articles reporting new findings or discoveries were initially rejected but would later earn their authors much-deserved recognition along with the highest accolade scientists aspire to. This outcome of peer review raises important questions about current publishing policies which govern the dissemination of new information.

Die voorgaande skets nie juis 'n bemoedigende prentjie van die rol van keurders nie, maar Campanario (2009:559) pleit vir versagtende omstandighede:

It may happen that the editors and referees who read articles reporting a novel discovery are not able to assess the value of innovative work. However, sometimes it is hard to discern the difference between a potentially useful, innovative discovery or technique and one which is not significant.

Ontdekking en innovasie gaan dikwels gepaard met dit wat vreemd/onbekend is. Die onbekende kan dikwels nie sonder meer in 'n raamwerk geplaas, verstaan en na waarde geskat word nie. Hoe belangrik innovasie ook al vir wetenskaplike vooruitgang is, kan daar nie van keurders verwag word om altyd die waarde van iets nuuts te herken nie; dit kan ook onsinnig of foutief wees. Opleiding berei keurders nie voor om 'n bepaalde nuwigheid dadelik reg te evalueer nie. Voorbereiding op die soeke na nuwigheide en die erkenning van die rol van nuwigheide beteken nie dat 'n besondere nuwigheid verstaan en aanvaar sal word nie. Hier kan dus verskoning vir keurders wees, maar as die stelsel goeie wetenskap moet waarborg en boonop aan die publiek gemoedsrus moet verskaf, dan is 'n gekwalifiseerde waarborg nie wat gesoek word nie.

Keuring kom egter direk in die gedrang waar keurders duidelik fouteer, en voorbeelde hiervan wemel in die literatuur. Een so 'n voorbeeld is die publikasie van Bjorn Lomborg se *The sceptical environmentalist*, wat hewige negatiewe reaksie uitgelok het - "[...] the 'near-hysterical' reaction of environmentalists [...] the book has provoked 'highly critical, even petulant, responses by some scientists in the environmental camp'" (Harrison 2004:357 (n2)). Harrison het heftig ontken dat die boek nie gekeur is nie en beskryf die proses om keurders te selekteer, noem hulle spesialiteite en sê: "I expected the referees' comments to be mixed [...]. However, to my surprise *all four* recommended publication" (Harrison 2004:358). Nisbet (2003:1) som die besware van wetenskaplikes teen die boek op en toon ernstige wetenskaplike foute en metodologiese vergrype daarin aan:

Lomborg misinterprets or misrepresents data. [...] selectively examines issues or problems that support his thesis [...] while ignoring other issues that refute his claims [...] he over-simplifies, commits gross generalizations [...] he uncritically and selectively cites literature [...] Lomborg's research is conceptually flawed [...].

Volgens Nisbet het die Deense komitees wat na wetenskaplike oneerlikheid omsien, hierdie navorsing bestempel as "'to fall within the concept of scientific dishonesty' and to be 'clearly contrary to the standards of good scientific practice'" (Nisbet 2003:1). Dus, ten spyte van Harrison se verdediging, word die keurders verkwalik dat hulle die publikasie aanbeveel het terwyl die boek nie aan wetenskaplike standaarde voldoen nie. Kritici sien dit as 'n mislukking van ewekniebeoordeling as 'n hekwagter van goeie wetenskap en integriteit. Die verweer dat publikasies die debat aan die gang moet hou, is nie aanvaarbaar nie – die debat moet nie tot elke prys gevoed word nie. Debat oor foutiewe inligting en afleidings, growwe veralgemenings, en so meer, dien in elk geval nie die wetenskap nie. Die keurders het duidelik hier met ander doelstellinge as goeie wetenskap gewerk. Die vaagheid van verwagtinge waaronder keurders werk, blyk ook hieruit. Hierdie aspekte word later aangeraak.

'n Ander voorbeeld van keurdermistasting is die sogenoemde *Columbia prayer study* (Engber 2005:1, 2) – 'n geval van grootskaalse misleiding. 'n Artikel wat later as kwaksalwery gebrandmerk is, is deur keurders aanbeveel en in 'n erkende tydskrif (*Journal of Reproductive Medicine*) gepubliseer. Daarna is dit deur die dagbladpers aangegryp. 'n Navorsingsgroep van Columbia Universiteit het in die artikel gerapporteer dat pasiënte by 'n Seoelse vrugbaarheidskliniek se kanse om swanger te raak, twee keer groter was indien Christene vir hulle gebid het as daarsonder. Die kritiek op die artikel gaan om meer as onakkurate beriggewing. Die keurders het, soos in die geval van *The sceptical environmentalist*, sondes teen erkende wetenskaplike beginsels oorgesien, soos ongesubstansieerde konklusies, 'n verwronge navorsingsplan, ongegronde veralgemenings, en in die algemeen verdagte metodes. Boonop was daar twyfel of die proefpersone toestemming tot die ondersoek gegee het. Ons kan besluit dat waar dit as 'n basiese funksie van keuring gesien word om 'n veiligheidshek teen swak werk, bedenkbare metodes en onetiese optrede te wees, dit in hierdie geval gefaal het.

'n Geval van foutering wat grens aan wanvoorstelling en wat ernstige gevolge gehad het omdat mense opgehou het om hulle kinders te laat inent, word deur Claassen (2010:14) bespreek. Dit raak 'n artikel deur 'n span navorsers onder leiding van 'n dr Andrew Wakefield wat in *The Lancet* gepubliseer isoor die beweerde verband tussen outisme by kinders en die mengelentstof teen pampoentjies, masels en Duitse masels. Talle studies het die Wakefield-navorsing grondig gerepudieer. Die ernstigste beswaar was dat die toetsgroep te klein was om enige geldige afleidings te kon maak, 'n aspek wat die keurders nie raakgesien het nie. Claassen (2010) verwys na die bekendheid van die belangrikheid van groot groepe om statisties betroubare gevolgtrekkings te maak en besluit dan: "[D]it is eintlik skandalig dat nóg die ewekniebeoordelaars nóg die media hierdie allesoorheersende tekortkoming van die studie nie raakgesien en dit daarvolgens beoordeel het nie." Toe die artikel, jare later, uiteindelik onttrek is, is die blaam op die navorsers en die media geplaas, maar die redakteur het ewekniebeoordeling verdedig, want "die hele stelsel rus op vertroue".

'n Geval waar dieselfde punt gemaak word, maar in die algemeen teen keurders in die geesteswetenskappe, is die sogenoemde Sokal-parodie. Alan Sokal, 'n fisikaprofessor met 'n interdisiplinêre belangstelling, het tot die gevolgtrekking gekom dat baie ewekniegeëvalueerde artikels nie juis sin het nie. Hy het 'n formule wat gebaseer was op gepubliseerde werk, uitgewerk en 'n artikel, "Transgressing the boundaries: Towards a transformative hermeneutics of quantum gravity", wat eintlik sinloos was, opgestel en vir publikasie voorgelê. Die redakteur het dit ongekeur aanvaar en dit het in *Social Text*, Spring/ Summer, 46/47 verskyn (Sokal 1996a:217–52). Keuring en keurders is indirek betrek³ in

die sin dat Sokal beswaar gehad het teen 'n tradisie wat deur keurders erken is, sekere publikasies oorheers en na sy mening eintlik sinlose produkte opgelewer het. Sy bekommernis, "a decline in the standards of intellectual rigor", berus op sy kontroversiële beskouings. Dat hy die redakteur met versluierde onsinnighede uitgevang het en sy onsinnighede as waar aanvaar is, is veelseggend. Maar dit kan nóg dien as grond om te sê dat alle keurders of vakkenners op dieselfde manier uitgevang sou gewees het, nóg dat sy aanvaardings, die wêreld-, wetenskaps- en kennisbeeld wat sy uitgangspunt is, aanvaarbaarder is as dié wat hy kritiseer. Die toepassings van wat gebeur het, moet gerelativeer word. Die belangrike is egter dat hy tog op indirekte wyse aantoon dat keurders en redaksies ingesuijg raak in 'n gangbare wetenskaplike diskoers wat substansiële inhoud kan verdwerg, puntenerige argumentasie oorskadu en aldus verhoed dat keurders in alle omstandighede met die hekwagtersrol vir goeie wetenskap vertrou kan word. Verder ondersteun sy "eksperiment" die siening dat ewekniebeoordeling net na wense evalueer kan word teen die volle agtergrond van wat goeie wetenskap en wetenskapsbeoefening is.

Nog 'n sonde, en 'n onverskoonbare een, wat teen eweknie-evalueerders gehou word, is foute wat "ongesiens" deurgeglim het. Dit is ernstig, want dit het te make met vakkundige insig, en die foute kan elders herhaal word. Campanario (1998:29) noem onder andere die volgende: In 'n artikel beskryf J.B. Watson 'n eksperiment oor kondisionering met slegs een baba as proefpersoon. Desondanks is die artikel aanbeveel. Hoewel latere herhalings nie die oorspronklike bevindings bevestig het nie, het die eksperiment aanhou opduik in handboeke.⁴ In 'n tweede voorbeeld, 'n kontroversiële ekonomie-artikel oor sosiale sekerheid, het 'n ernstige programmeringsfout voorgekom wat keurders misgekyk het. Die regstelling daarvan het gelei tot resultate wat direk die teenoorgestelde was van wat aanvanklik gepubliseer is.⁵

Soortgelyke vergissings is opgeteken in lyste van sogenoemde "mediese fantasieë", opgestel deur Robin en Burke,⁶ waarin foute wat navorsers gemaak het en wat in erkende mediese tydskrifte met ewekniebeoordeling gepubliseer is, verskyn het. Dit sluit onder andere 'n studie in wat beweer dat brongiale asma deur wurms veroorsaak word. Die lyste deurgelate foute (Campanario 1998:280 noem nog drie ander) is lank en daar was in sommige gevalle ernstige vergissings. Omdat ewekniebeoordeling goeie wetenskap sou waarborg en ook die "verbruiker" sou beskerm, is dit 'n ernstige aanklag daarteen.

Dit is duidelik dat daar in die meeste gevalle bomslik baie van keurders verwag word ten opsigte van hul kennis in 'n vakgebied, hul metodologie en hul eie vermoëns en insigte. As meer as bloot pragmatiese voordele van keuring verwag word, word die stelsel ooreis – soos deesdae inderdaad gebeur – en keurders uitgelewer.

Ten die agtergrond van al hierdie oorwegings moet ons besluit dat goeie wetenskap nie afhanklik gemaak kan word van keuring nie. Om so 'n verantwoordelikheid daarop te lê, is om dít wat die stelsel kan bied, te oorskat, die druk op die keurders te vergeet en aldus goeie wetenskaplike navorsing ernstig te kompromitteer.

5.2 Die invloed van persoonlike opvattinge en omstandighede

Daar is genoeg getuienis van eie belange, besondere belangstellings en voorkeure, vooroordele, begunstiging, dogmatisme, bekrompenheid en ook blote

nalatigheid wat die deurslag by keurders gegee het. (Campanario 1998:280–9 bespreek ondersoeke wat 'n verskeidenheid faktore van hierdie aard raak.) Dit sal seker ook geld by die beoordeling van navorsers. Sommige hiervan kom later weer ter sprake.

Die kompetisie wat met navorsing en publikasie gepaard gaan, en wat aan vergoeding en ander byvoordele gekoppel word, het vererger en bemoeilik samewerking tussen wetenskaplikes. Dit gebeur dat keurders hul opponente doelbewus benadeel as nie van blinde keuring gebruik gemaak word nie. Vroue en jong navorsers kla oor benadeling. Die eeue oue erkende en gevierde stelsel van intelligente gemeenskappe, navorsers wat mekaar erken, ondersteun, kritiseer en kan saamwerk, en so 'n geborgenheid en 'n basis vir wetenskaplike werk daarstel, word bedreig, en die publiseer- en keuringstelsel het hiermee te make.

Die oorlading van keurders word ook al hoe meer 'n probleem. Daar is soveel tekste wat gekeur moet word dat daar nie genoeg tyd aan elke taak bestee kan word nie. Boonop voel wetenskaplikes dat keurwerk hulle weg hou van hulle eie navorsingswerk.

Keuring word ook *antiteties* genoem omdat dit, in teenstelling met die wetenskapsbeoefening wat dit moet dien, hopeloos informeel is – elke keurder werk volgens eie insigte en standaarde, wat meebring dat dieselfde artikel deur een keurder afgekeur, maar deur 'n ander aanbeveel en dan gepubliseer word, om agterna boonop op die “moet lees”-lys geplaas te word. Keuring moet boonop funksioneer in 'n omgewing wat teenoorgestelde eise kan stel, soos wetenskaplik aanvaarbaar, maar ook bevorderend vir pluralistiese denke en debat, innoverend of oorspronklik, maar bekend genoeg om beoordeel te word, ensovoorts.

Hierdie aangeleenthede wys dat ewekniebeoordeling nie sonder meer oral aanvaar word, of aanvaar kan word, as die sleutel tot wetenskaplike gehalte en waarborg vir goeie wetenskap en behoorlike en verantwoordelike wetenskapsbeoefening nie.

5.3 Formeel-empiriese studies

Verskillende formeel-empiriese studies is uitgevoer om die geslaagdheid al dan nie van ewekniebeoordeling, of dan verskillende aspekte daarvan, na te gaan en die resultate statisties weer te gee. Op hierdie terrein neem die eerste ondersoek van Cicchetti, “The reliability of peer review for manuscript and grant submissions: a cross-disciplinary investigation” (1991:119–86), 'n besondere plek in. Alhoewel dit reeds oud is (in onlangse literatuur verwys eintlik min skrywers daarna; Campanario s.d.:3 doen dit wel), het dit besondere voordele. Afgesien van die onrus wat Cicchetti losgemaak het, waarvan die spore in die jongste literatuur nog duidelik merkbaar is, is daar ook baie wat herbesinning verdien. Volgens Rennie (2003:4) het die “moderne” belangstelling in ewekniebeoordeling sy loop gekry vanaf 1981 met 'n artikel “Chance and consensus in peer review” deur C. Cole, J.R. Cole en G.A. Simon in *Science*, 214, gevolg deur Lock (1985) en die eerste kongres oor ewekniebeoordeling in 1989. Cicchetti se ondersoek sluit by hierdie mylpale aan.

Die projek is duidelik en goed afgebaken. Dit gee 'n oorsig en opsomming van die vernaamste ondersoeke oor die onderwerp tot op daardie stadium en is dus 'n samevatting van empiries-ondersoekte kritiek teen die stelsel. Die redakteur van *Behavioral and Brain Sciences* het die praktyk ingevoer (Rennie 2003:5)

waarvolgens 'n belangwekkende navorsingsartikel ewekniebeoordeling ondergaan en na aanvaarding aan belanghebbendes voorgelê word vir hulle kommentaar, wat dan saam met die artikel en 'n repliek van die artikel-outeur gepubliseer word. Die kommentators in Cicchetti se geval sluit redakteurs en navorsers in wat by besinning oor ewekniebeoordeling betrokke is. Dit is dus 'n breë, uiteenlopende bestekopname en oorweging van die stelsel.

Cicchetti ondersoek die sentrale en deurlopende kwessie van die betroubaarheid of konsekwentheid van die stelsel – dieselfde oordeel met herhaalde keuring. Hy som die prosedures wat gebruik is en die vernaamste bevindings op, kyk na keurders se beoordelings van en kommentaar op manuskripte wat voorgelê is vir publikasie, en bekyk ook motiverings vir beursaansoeke. Die artikels en aansoeke wat hy bestudeer het, was afkomstig uit die sielkunde, sosiologie, medisyne (sowel algemeen as gespesialiseerd), ekonomie, chemiese dinamika, en vastestoffisika. Cicchetti (1991:119) formuleer sy doelstelling as "providing some reasons and remedies for the *low reliability of manuscript and grant reviews*". *Reliability* verwys hier na tussenkeurder-ooreenstemming. Die bekommernis oor die lae betroubaarheid ontstaan deurdat die sosiale stelsel wat die professionele optrede en mobiliteit van wetenskaplikes beheer, veronderstel is om 'n regverdige en objektiewe ewekniegedrewe stelsel te wees, dus 'n normatiewe model waarin die beoordeling van wetenskaplikes en hulle werk volgens universele akademiese standaarde geskied, en oordele dus veronderstel is om nie te wissel as gevolg van faktore soos verskillende beoordelaars of beoordeling op verskillende tye nie. As ewekniebeoordeling lukraak en onbetroubaar is, kan dit nie as so 'n basis dien nie. Ons vind egter dat hoewel dit met erns en oortuiging deur knap wetenskaplikes gedoen word, dit tog hierdie verskille toon – dus onbetroubaar is. Cicchetti wil weet waarom dit so is en of die situasie verander kan word.

Cicchetti begin met 'n oorsig en evaluering van werk wat reeds op hierdie terrein gedoen is. Dit behels eksperimentele opstelling, tipes betroubaarheidsmetings, toepaslike en ontoepaslike statistiek en waardemetinge, kriteria en ander metodiese kwessies. Dit is vir die doeleindes van hierdie artikel nie nodig om op hierdie tegniese sake nie in te gaan nie; daar word eerder op sy bevindinge gekonsentreer.

Hy het die betroubaarheid van manuskripbeoordelings vir die gedrags-, mediese en fisiese wetenskappe afsonderlik nagegaan en bevind dat betroubaarheid oor die algemeen laag was. Hy waarsku egter dat die toetsgroepe vanweë die verspreiding oor verskillende tydskrifte klein was, hoewel hierdie bevindings bevestig word deur verskillende opnames wat toon dat verreweg die meeste artikels wat aanvanklik weggewys is, tog onveranderd, of bykans onveranderd, elders geplaas is. Dit geld 85 persent van die 1970-wegwysings by die *Journal of Clinical Investigation* en, vir 1975, 85 persent van die wegwysings van die *New England Journal of Medicine*. Vir die *British Medical Journal* is 'n soortgelyke tendens vir 1985 gevind, terwyl die redakteur van *Science* dieselfde tendens ten opsigte van sy tydskrif bevind het. Cicchetti verwys onder andere na opnames van Wilson (1971), Relman (1978) en Lock (1985). Dus: tussen keurders wat op verskillende tye dieselfde artikel beoordeel, mag beoordelings selde ooreenstem.

Cicchetti (1991:128) het ook groot afwykings gevind tussen keurders se voorspellings (verwagtings) oor interkeurderbetroubaarheid (wat relatief hoog was) met verwysing na bepaalde kriteria soos die toepaslikheid van die gebruikte metodologie en in welke mate dit 'n bydrae tot die wetenskap maak, en die werklike vlak van betroubaarheid wat gevind is, wat weer betreklik laag was. Hy was egter nie tevrede om net 'n lae betroubaarheid te rapporteer nie, maar wou dit ook nader probeer beskryf: Hoe manifesteer dit in verskillende aspekte van

die beoordeling? Verder wou hy, vanweë sy "normatiewe wetenskapsmodel", ook probeer vasstel waarom die betroubaarheid laag is, sodat remediëring moontlik sou wees.

Die ooreenstemming tussen keurders was hoër ten opsigte van verwerping as van aanvaarding, 'n bevinding wat ook in 'n studie deur Smigel en Ross in 1970 gemaak is (Cicchetti 1991:128). Hy noem dan ook dat redaksies by algemene tydskrifte oor die algemeen groter gewig gee aan keurder-ooreenstemming ten opsigte van afwysing as aan keurderkonsensus ten opsigte van aanvaarding: "[T]he editor was almost three times more likely to reject a manuscript that reviewers agreed should be accepted than to accept a manuscript that the reviewers agreed should be rejected" (Cicchetti 1991:127).

Daar is gevind dat verskillende keurders se kommentaar op dieselfde artikel of aansoek dikwels so uiteenlopend is dat redakteurs nie op grond daarvan 'n besluit kan neem nie (Cicchetti 1991:124). Dit stem ooreen met wat reeds vroeër raakgesien is: "In a qualitative evaluation of reviewer's comments, Mahoney noted a wide variability, 'One would hardly think that very similar or even identical manuscripts were being evaluated'" (Cicchetti 1991:129). Waar finale oordele ooreenstem, word meer dikwels heeltemal verskillende, selfs weersprekende, motiverings aangevoer (Cicchetti 1991:130). Dit kan ook gebeur dat die aanbevelings oor publiseerbaarheid verskil, maar dat die kommentaar oor die artikel of beursaansoek ooreenstem:

[R]eferees are basically in agreement about the content of their reviews, but differ considerably in their recommendations to the editor. [...] [W]e are left with the apparent paradox of instances in which conscientious and well-qualified reviewers and editors will offer essentially the same evaluation of a given manuscript, while drawing very different conclusions about its publishability. (Cicchetti 1991:130)

Waarom die inkonsekwentheid? Cicchetti wys daarop dat dit onmoontlik was om vas te stel in welke mate dit die resultaat was van verskille in eienskappe van die keurders (meer of minder ervare, streng of toegeeflik, bevooroordeel al dan nie), of van die materiaal (aard en/of tegniese ingewikkeldheid van die stof, styl en/of kwaliteit van die aanbieding, ensovoorts), of, wat dit baie moeiliker maak, kombinasies van hierdie faktore en eienskappe.

'n Geheel andersoortige faktor wat raakgesien is (Cicchetti 1991:130), is dat keurders die belangrikheid van hulle kritiek anders beoordeel. Een keurder mag die publikasie aanbeveel omdat hy sy kritiek as "kosmeties" hy beskou, terwyl 'n ander dieselfde kritiek mag aanvoer, maar dit as fundamenteel beskou en dus afwysing aanbeveel.

'n Ander moontlikheid is dat die status van die institusie waaraan die outeur verbonde is, 'n invloed het. Hy verwys na 'n studie van Peters en Ceci in 1982:² Twaalf voorheen gepubliseerde artikels van gerespekteerde navorsers verbonde aan top-navorsingsinstellings is met 'n bietjie verandering wat nie die inhoud geraak het nie, as nuwe manuskripte aan die oorspronklike keurders voorgelê vir "keuring", maar dié keer onder onbekende name, met as fiktiewe setels institusies met 'n minder goeie navorsingstatus. Slegs drie van die hersirkuleerde manuskripte is herken as vroeër gepubliseer. Met die uitsondering van twee het al die keurders en redakteurs die manuskripte afgekeur. Naas 'n gebrek aan konsekwentheid, toon die studie dat die status en affiliasie van outeurs, wanneer bekend, 'n rol mag speel, en blyk te speel, by die beoordeling van manuskripte. Blinde keuring los nie die probleem op nie, aangesien redakteurs oor die inligting

beskik, op keurders besluit, en die finale seggenskap oor publikasie het; en laasgenoemde blyk ook aan wisselende oordele onderhewig te wees.

In 'n goed-gekontroleerde studie van Mahoney in 1977 (Cicchetti 1991:128) is 75 keurders van die *Journal of Applied Behavior Analysis* gevra om manuskripte te beoordeel wat almal dieselfde dominante gedragsveranderingshipotese getoets het. Die manuskripte het almal identiese inleidings- en metodologieafdelings gehad, maar het verskil ten opsigte van die "Uitkomst-" en "Bespreking-" gedeeltes – in sommige het hulle ontbreek, en in die res is die bevindinge in "positiewe", "negatiewe" of "gemengde" style aangebied. Die keurders moes hierdie manuskripte beoordeel ten opsigte van algemene wetenskaplike verdienste (as publiseerbaar al dan nie), en hiervoor moes hulle normatiewe kriteria gebruik, insluitende gradering van tematiese tersaaklikheid, metodologie en data-aanbieding. Daar is gevind dat die keurders positiewe manuskripte oor die algemeen publiseerbaar bevind het, met hier en daar 'n aanbeveling vir matige hersiening. Gemengde manuskripte is merendeels afgewys, maar soms aanvaar ná middelmatige hersiening, terwyl negatiewe manuskripte oor die algemeen afgewys is, en soms aanvaar is ná drastiese hersiening. Manuskripte waarin geen bevindings gemaak is nie, was oor die algemeen beter daaraan toe as dié met gemengde of negatiewe resultate, want meer van hulle het positiewe reaksie uitgelok. Keurders word dus in 'n erge mate beïnvloed deur die algemene aard van die inhoud en toon van manuskripte wat hulle beoordeel. Van objektiwiteit het hier min tereg gekom. Armstrong en Hubbard, kommentators van die Cicchetti-artikel, verwys na 'n artikel deur J.S. Armstrong⁸ en sê:

Armstrong provides additional examples of lapses in the peer review system, along with summaries of empirical evidence that disconcerting findings about important topics are difficult to publish. [...] [R]eviewers were biased against negative findings. They rejected these papers on the basis of poor methodology while accepting papers with confirmatory outcomes that used the identical methodology. (Cicchetti 1991:136)

Cicchetti (1991:129) verwys na wat Mahoney⁹ die verskynsel van bevestigende vooroordeel noem: "the tendency to evaluate positively those results that are consistent with one's beliefs and to evaluate negatively those that are inconsistent with them". Dit kan ons sommer koppel aan twee ander vorme van vooroordeel: die "selfverwysingsvooroordeel" (wat egter grootliks deur blinde keuring aan bande gelê word) – outeurs wat dikwels na hulle eie werk verwys, word gewoonlik gunstiger beoordeel; en die reeds genoemde vooroordeel wat verband hou met die prestige van die skrywer en die instelling waaraan hy of sy verbonde is. Cicchetti (1991:124) het verder bevind dat keuring vir 'n betreklik geformaliseerde en objektiewe dissipline soos fisika aan dieselfde probleme onderhewig is as vir algemene tydskrifte in gedragswetenskappe en medisyne.

Nöthling Slabbert (2009:47) verwys na 'n bevinding dat ewekniebeoordeling nie baie doeltreffend (konsekwent en steekhoudend) is in die geval van klein en hoogs gespesialiseerde navorsingsgebiede nie. Vir Suid-Afrika is dit belangrik – heelwat dissiplines het slegs 'n klein getal beoefenaars, en dit moet verontrustend wees vir die klein getal navorsers wat in Afrikaans publiseer.

Postnote (2002:2) se konklusie is: "There is surprisingly little evidence on the effectiveness of peer review from formal studies". Tyrer (1991:164) se kommentaar is snydender:

Cicchetti has provided valuable data in support of a maxim I sometimes repeat to disconsolate writers of rejected manuscripts: "A determined author can get any

rubbish published." The low levels of reviewer agreement found in this wide-ranging review may be regarded as unsatisfactory by some, but encouraging to potential authors. After noting that worthlessness appears easier to detect than excellence, our author-in-waiting must be reassured by levels of agreement between assessors which barely exceed those of chance when several referees are used.

Die enigste positiewe invloed wat aangeteken is, is "some evidence that the accuracy and readability of manuscripts is improved between submission and publication" en "some evidence that it is effective in weeding out poor quality research".

Cicchetti (1991:130) se inleidende gedagtes tot voorstelle ter verbetering van ewekniebeoordeling is hier ook belangrik: "[D]isagreement among reviewers can sometimes serve a useful purpose [...] [O]ne referee may detect a flaw in reasoning that a second referee has failed to uncover." Maar hierdie "creative disagreement" is vir hom nie in stryd met die behoefte om sowel die geldigheid as die betroubaarheid van ewekniebeoordeling te verbeter nie. Hy waarsku egter teen die verhoging van betroubaarheid op 'n "kontraprogressiewe" wyse deur byvoorbeeld keurders op te lei met dieselfde stel vooroordele of om almal afwysend te staan teenoor sekere soorte navorsing of benaderings.

Ten spyte van die negatiewe bevindings word daar steeds bykans blindelings vertrou uitgespreek in ewekniebeoordeling.¹⁰ Ten spyte van *Postnote* se oordeel soos hier bo aangehaal, word besluit: "[P]eer review is held to be beneficial to the scientific community and has become central to the process by which science is conducted" (*Postnote* 2002:2). Hoewel sy probleme het met die oordrag van die stelsel na die beroepskonteks, beaam Nöthling Slabbert (2009:48) hierdie gevolgtrekking: "In the absence of feasible alternative systems of evaluation, [...] peer review appears to remain the preferred system."

Dit is egter duidelik dat ewekniebeoordeling allermins as 'n waarborg vir goeie wetenskap kan dien; onvoorwaardelike vertrouwe is nie genoeg nie.

5.4 Prinsipiële bedenkinge en besware

5.4.1 Die rol van prefigurasies

Cicchetti (1991:128,129) vind dit nodig "to determine how much of the unreliability [van keurderbeoordelings] results from differences in the characteristics of the reviewers themselves", en hy besluit: "[O]n the basis of the best controlled studies of the peer review process to date, we are forced to conclude that referees at times apply subjective criteria", waarvan hy erken dat "such traits are widely accepted as desirable characteristics of referees". Onder hierdie subjektiewe kriteria en oorwegings verstaan hy en ander bloot net sielkundige eienskappe, identifiseerbare persoonlikheids-, temperaments- of karaktereienskappe. Hulle ignoreer egter die baie belangriker en onontwykbare logiese "subjektiwiteit" waarsonder sodanige evaluasie onmoontlik is.

Nöthling Slabbert (2009:52), in navolging van Lyotard en Gadamer, onderstreep die belangrikheid van prefigurasie, soos Lyotard (in Slabbert 2009:52) dit genoem het: "[O]ur institutionalised idioms, or verification procedures are constantly pre-establishing the realities whose truth we then assert." Prefigurasie is veelfasettig en behels 'n algemene aspek soos die gebruik van taal en logiese reëls, maar is ook gebou deur persoonlike ervarings, sodat die besondere

struktuur en inhoud daarvan van persoon tot persoon verskil. Ervaringe soos onderwys en opvoeding, lewenservaringe, 'n geïnternaliseerde waardestelsel, sosiale status en funksionering, om maar net 'n paar vormende faktore te noem, funksioneer as "geïnternaliseerde idioom" of dan 'n raamwerk met behulp waarvan daar van 'n realiteit, 'n persoon (en dus keurders) en iets soos 'n teks (as teks herken en benader) sprake kan wees.

Dit is maklik om te sien dat tekste verskillende interpretasies kan verkry, en verskillende indrukke kan laat op verskillende persone, en dat dieselfde teks verskillend beoordeel sal word kragtens die verskillende raamwerke waarmee dit gelees word. Een so 'n belangrike aspek van die konteks waarmee ons nou besig is, is die keurder se kennisopvatting. Die keurder moet 'n teks as 'n bydrae tot ons kennis beoordeel. Dit moet dus eerstens as 'n teks oor kennis gesien word, maar dit veronderstel die begrip *kennis* en dus 'n hele familie begrippe waarbinne *kennis* sy plek kry. Dit veronderstel taal en taalgebruik, wat weer 'n hele dialektiek tussen subjek en wêreld veronderstel waarbinne ook iets soos mag 'n plek het.

Foucault se werk, wat deurgaans met kennis te make het, gee ons 'n geskakeerde beeld van hoe kennisprefigurasies werk. In 'n oorsigtelike stuk wat hy ter ondersteuning van sy kandidatuur aan die Collège de France opgestel het (aangehaal deur Macey 1993:94), sê hy:

In *Histoire de la folie à l'âge classique*, I wished to determine what could be known about mental illness in a given epoch [...]. An object took shape for me: the knowledge invested in complex systems and institutions. And the method became imperative: rather than perusing [...] only the library of scientific books, it was necessary to consult a body of archives comprising decrees, rules, hospital and prison registers, and acts of jurisprudence. It was in the Arsenal or the Archives Nationales that I undertook the analysis of a knowledge whose visible body is neither scientific nor theoretical discourse, nor literature, but a daily and regulated practice.

Gewoonlik kry keurders wat 'n stuk kennis moet beoordeel, nie konseptuele leiding nie; daar word aangeneem dat almal weet wat kennis is en wat 'n bydrae tot kennis is. Maar *kennis* is 'n polimorfe begrip en kennisbeskouings verskil, byvoorbeeld 'n positivistiese (sintuiglik geverifieerde feite) en 'n belydende Christen s'n (wat vir geloofskennis voorsiening maak), of geverifieerde teenoor ongefalsifiseerde kennis aansprake. Gevoeligheid vir sistematiese foute soos kategoriefoute, verwarring van begrotingswyses, wanneer dit gaan oor uitlatings as stukkies kennis, kan ook verskil. Die "geïnternaliseerde idioom" van elke keurder kan nie anders as 'n rol speel by beoordeling nie – dit is die persoon wat hy of sy is. Die "geïnternaliseerde idioom" van 'n persoon laat hom volledig geld by die beoordeling van 'n teks, maar die bestaan hiervan, en die inspeel op intellektuele bedrywighede, word dikwels vergeet of verpak as bekommernis oor die onbetroubaarheid van beoordelings. As raamwerke so belangrik is by die beoordeling van tekste, hoeveel te meer geld dit nie by die beoordeling van wetenskaplikes self nie.

Soos gesê, is dit nodeloos om hierdie sogenoemde "ideologiese kontaminasies" of "vooroordele" te probeer uitskakel en "objektiwiteit" te bepleit. Dit is 'n deel van subjek-wees – 'n taal is 'n vereiste vir subjek-wees, en dit is om die werklikheid met daardie taal te vorm en te beskryf, met daardie taal te dink. Verder behoort elkeen aan 'n bepaalde kultuur en gemeenskap, en deel dus 'n werklikheidsiening en 'n waardestelsel. Slegs 'n subjek kan 'n beoordelaar wees en dit beteken die

subjek moet met sy of haar subjektiewiteit aanvaar word. Allerlei voorskrifte, en selfs die gebruik van vraelyste om objektiewiteit te verseker, moet verstaan en geïnterpreteer word, moet dus by die wêreld van die evalueerder geïntegreer word. Die waarnemende, singewende, konseptualiserende, waarderende subjek bly 'n voorwaarde:

[I]t becomes clear that it is through him or her and his or her prefigurations that the means and ends of evaluation acquire their actual significance and meaning [...] [T]he problems of bias, prejudice and abuse of power "lie closer to home – in us, in our prefigurations". (Nöthling Slabbert 2009:53)

Kortom, dit is logies onmoontlik om die invloed van sogenoemde subjektiewe aspekte totaal uit evaluering te weer; evaluering vereis 'n subjek en 'n subjek word daargestel deur sinmakende, werklikheidsvormende en organiserende aspekte wat die onvermygbare raamwerk uitmaak waarin en waardeur evaluering moet geskied. Dit dui op 'n probleem vir die ewekniebeoordelingstelsel wat die onbereikbare objektivisme as paradigma veronderstel.

Prefigurasie skakel ewekniebeoordeling nie noodwendig uit nie; slegs 'n sekere vorm daarvan, of dan 'n vooringenome idee oor die werking daarvan. Voorts verklaar prefigurasie verskynsels in verband daarmee wat objektiewiteitsjagters benoud maak: die onbetroubaarheid van ewekniebeoordeling; dieselfde besware teen 'n artikel met verskillende aanbevelings oor publiseerbaarheid; die rol wat die inhoud en toonaard van bevindinge by die beoordeling daarvan speel; en so meer. Ewekniebeoordeling, soos dit voorgestel word, is weersprekend.

Maak ons egter voorsiening vir die prefigurasie-verskynsel, moet ons ook heel anders oor goeie wetenskap en die evaluering daarvan begin dink. Geen wonder nie dat Lamont (2009:156–7) na haar ondersoek oor akademiese beoordeling besluit: "[P]anelists' comments and observations show that the act of evaluating is an eminently interactional and emotional undertaking, rather than a cognitive process corrupted by extra-cognitive factors."

5.4.2 "Swak wetenskap"

Ewekniebeoordeling en die plek wat daaraan in wetenskapsbeoefening gegee word, berus op 'n aantal aanvaardings. Een is dat daar net een rede vir publikasie is: om die betrokke wetenskap uit te bou, die grense te versit. Maar die beoefening van goeie wetenskap vereis meer as kennisuitbreiding: herinnering aan wat uit die oog verloor is; die lê van nuwe verbande en blootlê van strukture; konsolidasie en koersbepaling. Die aanname is dan dat ewekniebeoordeling as hekwagter slegs publikasies wat in hierdie sin wetenskapsuitbreidend is, sal deurlaat – wat nie so eenvoudig is nie. Soos reeds gesê, is ewekniebeoordeling 'n laat twintigste-eeuse verskynsel; aanvanklike wetenskaplike ontwikkeling het daarsonder geskied, en in ons eie tyd is nuwe bevindings gemaak en rigtings ingeslaan deur publikasies wat nie deur die ewekniebeoordelingsproses is nie. Ewekniebeoordeling as waarborg vir goeie wetenskap is nie noodsaaklik nie. Ewekniebeoordeling as waarborg vir goeie wetenskap maak van die onderskeid tussen goeie en swak wetenskap 'n aprioriese gegewe – goeie wetenskap bestaan as sodanig en is direk kenbaar – in plaas van 'n sosiale konstruksie.

As sodanig ontwikkel wetenskap nie langs vaste lyne nie, wat meebring dat "vreemde" idees mettertyd opgeneem en vanselfsprekendhede gediskrediteer kan word. "Slegte wetenskap" kan nie apories uitgeken en geweer word nie. Sieninge wat eers "vreemd" voorgekom het, maak vandag deel uit van die kanon:

die ronde aarde, bloedsomloop, kieme en aërodinamika. 'n Aprioriese kategorie "swak wetenskap" sou hierdie en vele ander ontdekkings laat sneuwel. Die terugval op "gebreklike metodologie", het ons vroeër gesien, is in baie gevalle maar 'n rookskerm; metodes het ook nie blywende en absolute waarde nie. Wetenskap ontwikkel in draaie en swaaie – soms via afdraaipaaie en deur doodloopstrate. Die ontdekkingsproses kom deur probeer en tref; dit gaan nie om blootlegging van iets wat kant en klaar is nie. 'n Keurder bevind hom/haar in 'n moeilike posisie as hy/sy "nuwe idees" en die ontginning van nuwe terrein moet evalueer met die verwagting dat 'n fout uitgesluit is, dit nuwe kennis behels – daar is nie 'n onderskeidingsteken op geplak of gestempel nie. Dikwels het die "goeie wetenskap" van 'n tydperk meer met sosiale strukture, propaganda en historiese omstandighede as met die wetenskap self te make. Die hekwagtersrol van keurders lê baie beperkinge en voorwaardes op; van waarborgs kan min sprake wees.

5.4.3 Beoordeling: 'n verlengstuk van vakkundigheid?

'n Groot aantal van die kommentators in die Cicchetti-artikel stel die opleiding van keurders voor as 'n oplossing vir die geïdentifiseerde beoordelaarsprobleme. Ongelukkig stippel hulle nie uit waarom dit 'n oplossing sou bied en wat sodanige opleiding behoort te behels nie. Laasgenoemde aanbeveling sluit egter kritiek op ewekniebeoordeling in, aangesien dit suggereer dat vakkeners nie outomaties bevoeg is om as vakbeoordelaars op te tree nie.

Gewoonweg word aanvaar dat vakkundige opleiding as sodanig en vakkundige status 'n persoon in staat stel om 'n stuk navorsing of 'n navorsingsvoorstel te beoordeel. Maar stel vakkennis en -vaardighede wat tydens gewone opleiding verwerf is, 'n persoon outomaties in staat om vakverwante werk te beoordeel? Wat behels dit om vakkundige werk te beoordeel, om die kwaliteit daarvan te bepaal? Kan kwalitatiewe beoordeling tot die besit van vakkennis gereduseer word? Om 'n goeie rugbykeurder of skeidsregter te wees, vereis meer as 'n kennis van die reëls van die spel, selfs ook meer as om die spel self goed te kon speel. Desgelyks is vakkennis nodig, maar onvoldoende om nuwe ontdekkings, vernuwende pogings, nuwe kennis, tegnieke en metodes korrek te beoordeel.

Wanneer vakopleiding gedoen word, gaan dit om die vakinhoudelike; die toewijding van die bestaande kennis en vaardighede oor 'n betreklik breë spektrum van wat as fisika, biologie, geskiedenis of wat ook al beskou word. Saam met hierdie vakinhoudelike word heelwat ander inhouds betrek. Die opleiding geskied deur middel van 'n taal, en die formulering van vakkundige gedagtes is baie belangrik vir beide dosent en student, maar die taal kry nie as sodanig aandag nie; vakterminologie word gedefinieer en dan gebruik en verder word die taal gewoonweg gebruik. 'n Heel pragmatiese houding word hieroor ingeneem. So vereis die aanbieding van die stof dikwels argumentasie of die argumentatiewe vorm; gevolgtrekkings word gemaak, sekere dinge word bevind of gereproduseer en daaruit word afleidings gemaak. Weer eens word argumentasie veronderstel; word aangeneem dat studente kan redeneer, maar daar word nie hierop ingegaan soos die logikus sou doen nie. Selfs metodes resorteer hieronder. Vakonderrig is nie moontlik sonder dat metodes gebruik en sekere besprekings word nie, maar die benadering is weer pragmaties en nie toegespits op die metodes as sodanig nie.

So is daar nog talle ander aspekte wat op die periferie van vakopleiding lê. Daarsonder is vakopleiding nie moontlik nie, maar hierdie dinge word veronderstel en maak nie deel van vakkundige opleiding uit nie. Polanyi (in Smith 2003) se idee van "tacit knowledge" vat saam wat hier aan die gang is.

Kyk ons egter na navorsing, en veral die beoordeling van navorsingsprodukte, verander die prentjie. Wat nie aandag gekry het in opleiding nie, raak nou belangrik. Probleemformulering, dataversameling en -ordening, argumentering en afleiding, taal en aanbiedingswyse, om 'n paar fasette te noem, verkry as sodanig belang. Navorsing of 'n beursaansoek kan misluk as die probleemformulering nie na wense is nie. Afleidings moet geldig wees, aan die eise van logiese argumentasie beantwoord, en so meer. In navorsingspublikasies geld dieselfde. Die perifere faktore kom nou saam met vakkundigheid onder die vergrootglas. Dit beteken dat die aanname dat vakkundigheid genoeg is om ook hierdie ander kennisinhoud te hanteer, dat vakkundigheid as sodanig genoeg is om as beoordelaar van vakkundige produkte op te tree, nie kan steek hou nie. Meer is nodig.

Beoordelaars is betrokke by dissiplines en wat 'n dissipline behels, het te make met metodologiese kwessies en dispute; met ander woorde, daar is ten minste refleksie oor vakinhoud nodig. Hierdie reflektiewe of hoërordedenke vereis verdere vorming bo en behalwe vakkundige vorming. Dan is andersoortige kennis en ook ander gesindhede en 'n ander benadering nodig.

Die geloof dat genoegsame kundigheid en bedrewenheid vir die hantering van hierdie verskeë aspekte algaande met die bemeestering van die vakkennis verkry word, of dan sommer afskuur vir gebruik in situasies soos beoordeling van ander se werk, is nie gegrond nie. Wat gebeur, is dat aannames van dosente en/of ander vakkundiges wie se mening gerespekteer word, dogmaties gekontinueer en dan bloot as verdere "feite" beskou word. Kortom, 'n vakkenners mag die vakinhoudelike bemeester het en daarmee saam heelwat ander inligting geabsorbeer en vermoëns geslyp het, maar dit maak hom of haar nie outomaties 'n bekwame beoordelaar van alles in en rondom daardie vak nie.

Opleiding vind grootliks binne 'n sekere teoretiese raamwerk plaas. Ander moontlikhede met verskillende begrips- en verklaringsraamwerke, ander interpretasies en werkswyses, tesame met die besware teen die gekose raamwerk, kry nie aandag nie. Hierdie aspekte is egter ter sake by beoordeling en die gesprek oor goeie wetenskap. Dat beoordeling nie bloot die toepassing van vakkennis is nie, word duidelik as ons byvoorbeeld in gedagte hou dat beoordeling altyd beoordelingskriteria veronderstel. Hierdie kriteria, wat verander namate die doelstellings en konteks van beoordeling verander, word nie pasklaar met vakopleiding verkry nie. Dit moet algaande geïdentifiseer word – en dit hang saam met die stekelrige begrip van "goeie wetenskap". Kriteria moet verder geformuleer en regverdig word. Waar verskillende kriteria 'n rol speel, moet hulle geprioritiseer en korrek toegepas word. Dit alles vereis vakkennis, maar ook refleksie oor die vakkennis, die gebruik of toepassing daarvan en die inpassing in wyer en ander kontekste, en nog meer.

Die probleme wat Cicchetti noem, kan met verwysing na die voorgaande verklaar word. Op grond van dieselfde kritiek beveel een keurder publikasie en die ander afwysing aan omdat hulle verskillende gewigte aan hulle kritiek toeken, kriteria verskillend prioritiseer, ensovoorts. Goeie wetenskap is egter hier in die gedrang, want die besondere kriterium wat aangelê is, mag oor iets essensieels gaan terwyl een keurder dit as toevallig sien. Hierdie dien as bevestiging van die kritiek dat beoordeling nie bloot 'n verlengstuk van vakkundigheid kan wees nie.

Beoordeling vereis vakkennis, maar baie meer: ander kennis en vaardighede, 'n ander perspektief of ingesteldheid, en 'n ander houding. Dit is 'n ander vorm van wetenskapsbeoefening as gewone betrokkenheid by gewone wetenskaplike bedrywighede. Die private en geheimsinnige wyse waarop ewekniebeoordeling,

veral in die geval van manuskripte vir publikasie, geskied, hou nie rekening met hierdie ander vereistes nie. Die positiewe invloed wat dit op beoordeling sou kon hê as beoordelaarsverslae deel kon wees van openbare debat, en ander uit suksesse en foute van beoordelaars sou kon leer, word negeer, en sowel die opleidingswaarde as die vormende invloed wat dit op wetenskaplike denke kan hê, bly onontgin.

5.4.4 Wetenskaplike konserwatisme

Aansluitend by die voorgaande is Harrison (2004:360) se verwysing na 'n nóg ernstiger tekortkoming belangrik, naamlik die geneigdheid tot intellektuele konserwatisme by keurders. Frey (2003) praat van die vashou aan, of selfs die uitbou van, dominante paradigmas in plaas van om bestaande denkwyses uit te daag. Dit gaan dus om die uitbou van vertroude maniere van dink, binne bekende grense en volgens erkende metodes, soos in die geval van die reeds genoemde verwerping van die STM-artikel. Harrison (2004:360) verwys na R.B. Norgaard, 'n progressief-denkende ekologiese ekonoom, wie se artikels aanhoudend deur leidende ekonomiese tydskrifte afgekeur is. Aanvaarding elders het getoon dat die keurders, leidende ekonome, nie die uitdaging van hulle paradigma deur sy nuwe insigte kon verwerk nie. Harrison noem 'n hele aantal artikels wat aanvanklik op grond van ewekniebeoordeling afgekeur is, wat die outeurs elders onveranderd of met slegs geringe veranderinge gepubliseer het, en wat rigtinggewend op hulle gebied geword het. Die ekonome Gary Becker en George Akerlof se Nobelprys-artikel is eers so weggewys; Robert May se artikel oor chaos is deur *Econometrica* afgekeur, maar in effens gewysigde vorm as 'n "Comment" in *Nature* gepubliseer, waarna dit een van die mees aangehaalde artikels oor chaos geword het. Chemie-professor Kerry Mullis se werk oor die "polimerasiese" kettingreaksie (PCR), waarvoor hy die Nobelprys verwerf het, is deur sowel *Nature* as *Science* afgekeur. Kenneth Arrow (aangehaal in Harrison 2004:360), 'n Nobel-pryswenner in ekonomie, oordeel soos volg met verwysing na leidende ekonomiese tydskrifte – maar dit kan heel moontlik vir die meerderheid tydskrifte geld: "[T]he publication selection procedure [...] has become methodically more conservative, more given to preferring small wrinkles in existing analysis to genuinely new ideas."¹¹ Campanario (2009) het met sy studie van Nobelpryswenner-artikels wat eers afgewys is, hierdie punt nog duideliker gemaak. Nöthling Slabbert (2009:47) verwys na die Bodenverslag in die Verenigde Koninkryk (*Peer review: A report to the advisory board for the research councils from the working group on peer review*, 1990), wat ook aandui dat ewekniebeoordeling nie daarin slaag om die onortodokse, radikale of grensdeurbrekende navorsing te akkommodeer nie omdat dit neig na konserwatisme en die bestendiging van bestaande idees.

Kortom, ewekniebeoordeling huisves 'n ingeboude konserwatisme wat in die pad staan van 'n belangrike doelstelling van goeie wetenskap, nuwe ontdekkings en insigte.

5.4.5 Inter- of transdissiplinariteit kom in die gedrang

'n Ou debat in die Engelse wêreld, die "forms of knowledge"-debat in die 1970's, het duidelik onderstreep dat dissiplines nie as logiese entiteite hanteer kan word nie (Hindess 1972). In die woorde van Sinaceur (1977:2)¹²: "Thus, what limits a particular discipline is not a substantive frontier but an axiom, that is to say a set of terms and a set of finitudes which define not only the initial data but also the modalities of operation." Met ander woorde, dit is 'n keuse, 'n sosiale konstruksie, nie 'n gegewe nie. Keurders moet dus hulle eie dissipline-idees kan opskort wanneer hulle ander se werk beoordeel, wat selde gebeur (vgl. McIntosh 1979:80). Redakteurs en befondsingsliggame stuur manuskripte na keurders

sonder inagneming van hoe hulle vakgrense trek en hoe ernstig hulle daarvoor is – dit gaan slegs om spesialiteit. Daar word aangeneem almal werk met min of meer dieselfde siening van die onderhawige dissipline, maar om met vakkonserwatisme alleen, in plaas van die meriete van die teks, te werk, kan die rede vir die afkeuring daarvan wees. Dit gaan dus hier oor die keurder se siening (uitgestippel of latent) van die plek en rol van dissiplinêre grense in goeie wetenskap of goeie wetenskapsbeoefening. Dit wys onmiddellik hoe uitgelewer interdissiplinêre werk in die keuringsproses is. So 'n artikel kan vasval in beide vakkonserwatisme en 'n onvermoë om oor sowel beide vorme van inligting as die integrasie daarvan te oordeel. Met interdissiplinariteit wat 'n belangrike faset van wetenskapsbeoefening is (trouens dit was van die begin af 'n deel van wetenskaplike ontwikkeling – Galileo se revolusie was interdissiplinêr: wiskunde en fisika), en veral by die uitbreiding van wetenskappe, is dit 'n ernstige probleem. Nöthling Slabbert (2009:43) maak die volgende uitspraak na aanleiding van wat sy ten opsigte van verskeie Europese navorsingsinrigtings en universiteite opgemerk het:

Traditional research which is grounded on a disciplinary structure, based on the established research conventions ruled by scientific academic communities, is in the process of gradually being dominated by a different, transdisciplinary research mode which is carried out in the context of knowledge application, the latter set to become the leading research model.

Hiermee bevestig sy wat Sinaceur reeds in 1977 gesê het by besinning oor interdissiplinariteit na voltooiing van 'n oorsig oor *Main trends of research in the social and human sciences*: "Is it not then paradoxical that this century of limitations of knowledge and theories of limits is witnessing the development of sciences beyond the frontiers of each particular branch of science, of interdisciplinary sciences?" (Sinaceur 1977:2). Sinaceur (1977:3) beklemtoon dat ingeligte besluite (dus toepassings) die kern van interdissiplinêre navorsing uitmaak, 'n stadium wat volgens Gibbons e.a. (1994) reeds deur veral die natuur- en die sogenaamde toegepaste wetenskappe betree is. *Transdissiplinariteit* is volgens hulle tans die wyse waarop tot nuwe kennis gekom word, en hierdie nuwe konteks wat vir ewekniebeoordeling ontstaan het, gee aanleiding tot 'n paar ernstige vrae, soos Pouris (Nöthling Slabbert 2009:46) bewys met sy betoog dat ewekniebeoordeling oneffektief blyk te wees by die beoordeling van interdissiplinêre navorsing. Dit as sodanig is kommerwekkend. Maar, verder, hoe moet redakteurs 'n deskundige, 'n spesialis, nou konsipieer? Dit is duidelik dat gewone vakkenners tematiese, metodologiese, selfs logiese probleme met interdissiplinêre werk sal ondervind. Wie is die eweknieë wat dit moet beoordeel? Hoort sodanige inter- of transdissiplinêre navorsing (as dit keuring oorleef) in 'n dissiplinegerigte tydskrif? Foucault se werk toon die dilemmas hier. Sy benadering is breedweg histories, maar sy belangstelling is nie dié van 'n historikus nie; hy wil die ontwikkeling van 'n ideëweb wat 'n sosiale praktyk onderlê, blootlê; dus filosofies, maar ook nie, en sosiologies, maar ook nie heeltemal nie – hy poog om die dimensie van sosiale beheer, mag, saam met kennis, bloot te lê. Sy benadering is nie die gewone epistemologiese belangstelling en werkwyse nie. Lloyd (1986:24) voer aan:

[O]ne of the most distinguished and sophisticated practitioners of the history of ideas and institutions [turned] his attention to [...] a(nother) fundamental issue in the development of modern European sensibility. [...] [T]he investigation involved not just the analysis of the changes and interplay of concepts, but more the analysis of the institutions which gave these concepts concrete expression. [...] While the starting point [...] may

look easily recognizable as a possible topic for conventional historical study, whether in the history of institutions or in that of ideas, in each case Foucault transformed the problem, notably by insisting on the complex interrelations of the manifestations of power, on the one hand, and knowledge, on the other.

Foucault laat blyk dat interdisiplinariteit meer behels as twee soorte feite wat ingebind word. Die nuwe kyk na en begryp van sake vereis nuwe metodes wat algaande verander en verfyn word. Wanneer hy (of ander beoefenaars van interdisiplinariteit) gereed is om navorsing te publiseer, is daar niemand anders wat met gesag daaroor kan oordeel nie. Waar interdisiplinariteit steeds belangriker in hedendaagse navorsing raak, kom ewekniebeoordeling onder kwaai druk. Bevoegde kenners wat 'n gebalanseerde, kundige opinie kan uitspreek, is dun gesaai. Baie filosowe was negatief oor Foucault en nie bereid om sy bydrae as filosofies te erken nie. Maar vandag is daar min wat nie dankbaar is vir sy bydrae nie. Dit is die geval met die meeste interdisiplinêre projekte. Inter- en transdisiplinariteit kan nie opgeoffer word omdat dit nie 'n goeie bedmaat uitmaak vir 'n oorgelewerde stelsel van keuring van navorsing nie.

5.4.6 Die metingsmodel is onvanpas

Die kritiek van alle kante op die ewekniebeoordelingstelsel bring ons niks verder nie, omdat die bedenkinge nie by die kernvraag uitkom van waarom die stelsel soos tans gebruik, blykbaar nie kán slaag nie. Sowel keurders as gebruikers van hulle verslae het verwagtings van die stelsel wat nie daarby pas nie; kwaliteitsbepaling word oor die boeg gegooi van die chemiese weegskaal – die uitkoms 'n presiese meting van inherente kwaliteit. Die breër raamwerk is die Cartesiaanse soeke na sekerheid met die idee van 'n standaardmeetinstrument en presiese lesings, want kritici kla oor 'n gebrek aan stellige uitsprake, vaste fundamente, en selfs die stempel van outoriteit. Máár, wat ons ook al van kwaliteit kan sê of nie sê nie, dit kan nie presies gemeet word nie; trouens hierdie soort meting daarvan is buite orde. Ons kan 'n klip meet en weeg, maar ons nie oor die kwaliteit daarvan uitspreek nie, want raak dit sy kwaliteit as bouklip, of as ghoei vir giffie, of om 'n ligte voorwerp onder water te hou, of as 'n snyklip? En hierdie voorbeelde put nie die moontlikhede uit nie. Om die kwaliteit van 'n stuk navorsingswerk te bepaal is baie kompleks; dit vereis kennisname van 'n breë, vervlegde, ingewikkelde konteks wat uiteenlopende aspekte insluit: dissipline, metodologiese, navorsings-, sosiale en allerlei waarde-oorwegings, om maar enkele te noem. As dit ook nog gaan om 'n nuwe ontdekking, kom die ingewikkelde netwerk oorwegings wat met besinning oor en integrasie van die nuwe te make het, ook in die prentjie.

Wat hier betoog word, het ook betrekking op 'n ander soort kwaliteitsbepaling as die een wat gegrond is op die meetmodel. Die bibliometriese meetmodel, veral met betrekking tot aanhalingsontledings wat dan gesien word as kwaliteitsbepaling van die aangehaalde bronne, en wat in sekere kringe so hoog geag word, is aan dieselfde besware as wat hier uitgestippel is, onderhewig.

Lamont (2009, flapteks) kom tot die gevolgtrekking dat "judging isn't robotically rational"; dit is ook emosioneel en sosiaal; "[M]ost academics' self-respect is rooted in their ability to analyze complexity and recognize quality", maar dan bly dit 'n debatteerbare besluit en die waarde van bespreking, debat, die stel en oorweeg van argumente en teenargumente is onmisbaar om tot konsensus, wat ook maar voorlopig is, te kom.

6. 'n Ekologie van ewekniebeoordeling

6.1 Die aard van die bronne

Hierdie betoog is 'n literatuurstudie en daarom is dit nodig om die bronne toe te lig. Toe Rennie, 'n adjunkredakteur van die *Journal of the American Medical Association*, in 1986 kritiese vrae oor ewekniebeoordeling begin vra het, was baie min navorsing daaroor gedoen (Berger 2006). Volgens Berger (2006) is daar tot die 1980's slegs een of twee artikels per jaar oor die onderwerp gepubliseer, wat nou tot oor die 200 artikels per jaar gegroei het. Tydskrifartikels uit alle vakgebiede maak 'n groot deel hiervan uit en toon dat die probleme orals min of meer dieselfde is.

Die internet het as 'n belangrike, groeiende bron van relevante en bruikbare stof ontpop met nuttige inligting in talle resente bydraes. Engber (2005:4) stel as 'n verandering cum verbetering aan die beoordelingstelsel voor dat van "preprints" op die web gebruik gemaak moet word "[to] let the community as a whole decide which papers are the most useful". Die styl van internetartikels wissel. Daar is reproduksies van publikasies, manuskripte vir publikasie en in daardie styl geskryf, en 'n derde groep wat losser en meer informeel is – 'n vinnige manier om 'n mening uit te spreek. Bydraes is gewoonlik goed beplan, goed beredeneer en bruikbaar.

Daar is 'n dik stroom boeke oor ewekniebeoordeling. Deur na drie te verwys, kan 'n mens 'n prentjie gee van wat hier aan die gang is. Die tweede uitgawe van *Peer review in health sciences* (2003) met Godlee en Jefferson as redakteurs, is 'n uitstekende oorsigtelike bron. Die inleiding en 24 artikels gee 'n indruk van die geskiedenis van die stelsel, die probleme met, die voordele van en bekendste besware teen die stelsel, 'n samevatting van die stand van sake op die terrein van besinning en navorsing daaroor, en 'n toekomsblik. Dit is seker ook die beste bron met verwysing na ander bronne, want elke bydrae bevat 'n uitgebreide bibliografie.

'n Onlangse toevoeging, Lamont (2009), is in die woorde van resensent Scott Jaschik (2009:1) 'n poging om akademiese uitnemendheid te verstaan deur die stelsel waardeur uitnemendheid beloon word, te bekijk. Sy het 'n aantal sittings van interdisiplinêre ewekniebeoordelingspanele bygewoon en die besluite nagegaan en ontleed. Sy het vrye toegang tot alle inligtingsbronne gehad. Haar verslag raak die kern van alle vorme van ewekniebeoordeling, want dit gaan daarom om die gespoek om akademiese kwaliteit of uitnemendheid te peil. Die klem op die belang van bespreking en haar weergawes van die verloop van die besprekings om konsensus te bereik is openbarend. Haar gevolgtrekking is dat daar nie iets soos kwaliteit te vinde is nie; dit word toegeken op grond van die voorhande positiewe eienskappe.

Steven Lock, 'n redakteur van 'n mediese tydskrif, se *A difficult balance: Editorial peer review in medicine* het al in 1985 verskyn. Rennie (2003:4) noem die verskyning daarvan 'n groot gebeurtenis wat die periode van rasionele ondersoek van ewekniebeoordeling help inlei het – "[a] ground breaking book on peer review". Daarin vra Lock of ewekniebeoordeling, gegee al die bewese

tekortkomings daarvan, werklik die gehalte van gepubliseerde navorsing verbeter.

6.2 Posisies en kwessies in die debat oor die betroubaarheid van die stelsel

Alhoewel ewekniebeoordeling gebruik word asof dit onbetwisbaar in die saal sit, het ons gesien dat 'n groot en groeiende korpus kritiese materiaal bestaan wat uitwys dat dit onder andere vaag omlin is, onbetroubaar is, nuwe idees demp, opponente die swye oplê, afwykende idees afwys en werklik innoverende werk ontmoedig. Desondanks is daar diegene wat onwrikbaar in die waarde daarvan bly glo. In Suid-Afrikaanse beleidsdokumente waarna reeds verwys is, vind ons niks wat van hierdie deurlopende debat getuig nie; bloot aanvaarding en selfs uitbouing daarvan asof dit 'n natuurlike gegewe is.

Die debat sentreer deels om die tekortkominge van die stelsel. Dit vra na die kritiek, waarom tekortkominge as sodanig ervaar word, hoe om die tekortkominge te verstaan, en of iets daaromtrent gedoen moet of kan word. Die dilemma is die besef van die ontoereikendheid van ewekniebeoordeling teenoor 'n besorgdheid oor gehalte-"kontrole" wat as noodsaaklik veronderstel word. Belangrike insette kom van formele empiriese studies wat tekortkominge duidelik uitwys en situeer en verklarings bied. Nie almal sien hierdie bevindings as verdoemend nie, en selfs teenoorgestelde posisies word hieroor ingeneem – wat ook gebeur met die uitwys en debatteer van verskillende soorte foute en tekortkominge in manuskripte wat keurders deurgelaat het. 'n Vraag is hoe ver die verantwoordelikheid van keurders strek en hoe hierdie "glipse" die aanvaarbaarheid van ewekniebeoordeling raak. Afwysings kry dus baie aandag, veral van innoverende werk wat in die slag bly tot die publikasieproses (meerdere indienings en herindiening elders). Die opsies vir outeurs wie se werk afgekeur is, word ook oorweeg – hantering van klagtes, die moontlikhede van appêlle en die aanstelling van 'n ombudsman.

Morele kwessie is nie uitgesluit nie. Enersyds geld as probleme gebrekkige moraliteit en werksetiek van keurders, soos voorttrekkery, diskriminasie en onregverdigheid. Andersyds is daar die dilemma om ewekniebeoordeling te behou sonder om intellektuele regte in gevaar te stel. Vertroulikheid en blinde beoordeling is onder die loep. Mediese tydskrifte het hier 'n besondere probleem, maar die probleem strek wyer, omdat ontdekkings en immateriële-goedere-reg oral kan figureer. Nie alleen is dit problematies om stof waarin ontdekkings en soortgelyke prestasies openbaar word, voor publikasie aan vreemdelinge voor te lê nie, maar buite-instansies kan om verskillende redes, byvoorbeeld in die geval van hofsake, toegang tot keurdersverslae eis. Die vraag is of dit beskikbaar gestel mag word al dan nie. Die tema is hier nie van direkte belang nie, behalwe dat dit dui op die wye erkenning van ewekniebeoordeling, en op die vertrouensposisie van keurders. Hierdie aspek sal ook in gedagte gehou moet word by die hersiening of vervanging van ewekniebeoordeling.

'n Ander deel van die debat is meer prinsipieel gerig en handel oor goeie wetenskap en die rol wat ewekniebeoordeling daarin speel. 'n Kenmerk van die bespreking is die beperkte agtergrond waarteen dit gevoer word. Die fokus bly op evaluering as sodanig. Die aannames waarop die stelsel berus en die volle konteks van goeie wetenskap waarbinne dit funksioneer, en wat dus opvattinge oor wêreld en wetenskap insluit, word nie betrek nie.

Dit is opmerklik dat, op enkele uitsonderings na, die afskaffing of selfs drastiese wysiging van die keuringstelsel nie bepleit word nie, ten spyte van die erkenning van tekortkominge. Die groot bepaler hier is die wetenskapsbeeld, en as 'n onderdeel daarvan 'n siening van kwaliteit. Die debat oor verandering al dan nie wentel dan om die kwessie van kwaliteit. "Hervormers" van die stelsel benader gehalte as 'n kenmerk wat nie 'n inherente gegewe is nie, maar 'n konstruksie; 'n publikasie of 'n projekvoorstel is dus op verskillende maniere en om verskillende redes vir verskillende mense van belang. Dus, hoe oper die publikasie- en keuringsbeleid, hoe beter word goeie wetenskap gedien. Die vrye vloei van inligting is hier belangrik en word uitstekend deur die nuwe tegnologie gedien.

Die "behoudendes" redeneer dat wetenskaplike bydraes inherent kwalitatief verskil en dat net die beste gepubliseer en beloon behoort te word. Kwaliteitskontrole is dus nodig, wat een of meer kontrolestelsels vereis. Ewekniebeoordeling is, ten spyte van tekortkominge, die bevredigendste beskikbare ontwerp. Die behoudendheid vertoon twee gedaantes: enersyds, 'n pragmatiese benadering – ten spyte van besware word aangeneem dat keuring doen wat dit veronderstel is om te doen, en die beste beskikbare stelsel is; dit gee die beste uitdrukking aan die kollektiewe wetenskaplike geheue.

Andersyds verdedig heelwat voorstanders die stelsel vanuit een of ander beginsel of kernwaarde waartoe ewekniebeoordeling 'n besondere bydrae lewer wat besware daarteen oorskadu: kwaliteit; die soeke na waarheid; die uitfiltreer van die beste; hulp aan outeurs; die plurale gesprek; debatvoering. Om te verseker dat die erkende toetsprosedures gevolg word, vereis volgens die voorstanders van hierdie posisie die oordeel van 'n vakkenner, en dit maak die stelsel die enigste moontlike hekwagter om gehaltenavorsing en wetenskaplike uitsette te verseker. 'n Mens sou kon vra of so 'n stelsel nie insette uit 'n wyer omgewing as net van vakkenners benodig nie. In plaas van 'n verandering of vervanging van die stelsel vra behoudendes "verbetering", dus opleiding, van keurders.

'n Kwessie wat nie aandag kry nie, is die sukses wat die stelsel wel behaal. Ongeag die kritiek, verskyn talle goeie, gekeurde artikels voortdurend in talle erkende, ewekniebeoordeelde tydskrifte wat 'n goeie standaard handhaaf. Hoe moet ons hierdie suksesse verklaar? Sommige (vgl. Bailer, Eckberg en Kraemer se kommentaar op Cichetti 1991:136,144,152) argumenteer dat verskille tussen keurders presies is wat verwag moet word, terwyl dit vir ander soos die demokrasie is: vol foute, maar nog die beste wat ons het. Daar is egter geen poging om te probeer verklaar hoe 'n stelsel met soveel gebreke tóg nog so 'n mate van sukses behaal nie. Los opmerkings hieroor, soos dat dit 'n vorm van deskundige opinie is, is volop, maar daar is geen sistematiese poging tot verklaring nie. Waar wel in dié rigting beweeg word, word die verklaring juis in die wyer konteks gesoek, soos ons voorstel. Smith (2003:329) merk op dat dit moeilik sal wees om 'n alternatiewe stelsel te bedink wat glad nie 'n element van ewekniebeoordeling bevat nie. Odlyzko (2003:309) wys daarop dat ewekniebeoordeling eintlik net die eerste fase van 'n voortdurende proses van kundige gedagtewisseling en waardebeplanning is.

6.3 Ewekniebeoordeling en goeie wetenskap

Ewekniebeoordeling het as doel goeie wetenskap. Goeie wetenskap vereis goeie navorsing en die bekendstelling daarvan, maar navorsing kan ook goeie wetenskap op baie wyses pootjie. Dus is bespreking/kritiek/beoordeling/kontrole nodig oor sake soos navorsingsraamwerk, -teorie en -prosedures, die egtheid van die nuwe kennis – inpassing by 'n epistemologiese raamwerk, 'n metodologiese

opset, en die praktyk van wetenskapsbeoefening – en uiteindelik die bekendstelling van die navorsing. Navorsers het hul eeue lank verlaat op intelligente gemeenskappe waarvan hulle deel was vir kritiese insette en aanbevelings oor publikasie, byvoorbeeld aan 'n universiteit en/of selfgeselekteer uit vriende en kennisse op die bepaalde gebied. Ná publikasie was dit veral opponente wat die waarde van die bydrae getoets het. Debatvoering was toe lewensbelangrik vir die ernstige denker en wetenskaplike, en in werke van 'n klompie dekades gelede is dikwels antwoorde aan kritici ingesluit.

Die vervanging van hierdie informele stelsel deur die stelsel van ewekniebeoordeling is veral deur die uitbreiding van die tydskrifmark en die toename in bydraes bewerkstellig, en ondersteun deur 'n verandering van wetenskapsbeeld. Objektiviteit is as opperste wetenskapswaarde geproklameer en beoordeling moes dus ook objektief wees. Vakkundiges, so is geredeneer, sou vanweë hulle vakkennis en erkenning van die wetenskaplike ideale, objektiewe beoordeling die beste kon behartig. Die resultaat sou dan onbetwisbaar wees; die uitkoms van 'n objektiewe weeg- of meetproses. Ons het gesien dat hierdie model nie werk nie. Enersyds hou dit rekening nóg met die menslikheid van die beoordelaars (dit is "fraught with cronyism and even bias" – Trower 1991:15), nóg met die onmoontlikheid van die gestelde objektiviteitsideaal en die ontoepaslikheid van die weeg- of meetmodel van meriete.

Andersyds staan dit verleë voor die nuwe, en kan dit nie aan ontdekking en vernuwing reg laat geskied nie. Gegee die aanvaarde raamwerk, kan dit eintlik nie slaag as deel van goeie wetenskapsbeoefening nie. Die verontrustende is dat die gebruik van die stelsel, ongeag al die kritiek, verder uitgebrei word: na die beoordeling en gradering van navorsers. Al hierdie beoordelings word verder toenemend operasionele hulpmiddels by aanstellings en bevorderings. Dus moes die kritiek op die stelsel behoorlik uitgestippel en begrond word, maar wat nog?

Allerlei voorstelle ter verbetering van ewekniebeoordeling word gemaak. Meestal wentel hierdie voorstelle om die opleiding van beoordelaars. Met die stelsel as sodanig word dus nie fout gevind nie; net met die behoorlike uitvoering daarvan.

In die voorgaande is aangedui dat lapwerk aan die bedryf van die stelsel nie sal help nie, omdat die stelsel self mankolkig is; gegrond is op 'n ontoepaslike model; en funksioneer op veronderstelling wat dit 'n instrument maak wat eerder kwaad as goed kan aanrig. Wat dus nodig is, is óf grondige rehabilitasie óf iets anders in die plek daarvan.

Beide opsies vereis egter dat vanuit die breë konteks van goeie wetenskap vertrek word; vanuit wetenskap as 'n menslike aktiwiteit gerig op kennis van, insig in, en sinmaking van mens en wêreld. Dit beteken weer dat die rol van wêreldbeelde, wetenskapsbeelde, kennisbeelde en mensbeelde in goeie wetenskapsbeoefening verreken moet word, dat die plek en rol van die integrasie van gegewens en die aard en rol van oorkoepelende verstaanspogings 'n plek moet kry. Evaluering, die raaksien en uitlig van gehalte, uitnemendheid, moet binne hierdie voller betekenis van wetenskap en wetenskapsbeoefening en die besprekings daarvoor geplaas word. Die flaptaks van Bohm en Peat (1987) verwoord 'n soortgelyke siening van wetenskap:

Science was born out of the awe men and women have long felt for the universe and their place in it. [...] [T]wo of today's foremost scientific thinkers [Bohm en Peat] contend that science has lost its bearings [...] in favor of a narrow, abstracted, fragmented approach to nature and reality. [...] [They] propose a return to greater creativity and communication in

the sciences. They ask for a renewed emphasis on ideas rather than formulae, on the whole rather than fragments, on meaning rather than mere mechanics.

Wetenskap en navorsing vind in 'n sosiale konteks plaas, waarin samelewingsbehoefes en -belangstellings en owerheidsienings figureer. Ontwikkelingsdoelwitte en beplanning, 'n eie infrastruktuur met magte en seggenskap, 'n gesentraliseerde benadering met 'n gesentraliseerde siening van wat goeie wetenskap en goeie wetenskapsbeoefening behels, kom in die prentjie. Hieraan sal eers aandag gegee moet word. 'n Kommerwekkende aspek hiervan is dat, ondanks die probleme met en die besware teen ewekniebeoordeling, daar op die Suid-Afrikaanse wetenskapstoneel 'n sentrale rol daaraan toegeken word sonder verdere oorweging. Die NNS (2008:18) stel die volgende "investment principles": "The principle of competitive funding will apply to all applicants" en "We will adhere to merit-based rigorous peer review and rating of the research outputs of individuals." In *Report on a strategic approach to research publishing in South Africa* (2006) onderstreep die Academy of Science of South Africa (ASSAf) by herhaling die belangrikheid wat hulle aan ewekniebeoordeling heg, en verklaar(2006:5): "Assessing research quality in higher education institutions: [...] to create valid criteria for research quality measurement at institutions, in emphasising the centrality of peer-reviewed publication of research results [...]." Kortom, steeds die siening dat ewekniebeoordeling dié waarborg vir goeie wetenskap is.

Met hierdie artikel is die laaste kritiese woord onderweg na goeie wetenskap nog nie gespreek nie. Die dokumente waarna so pas verwys is, en die siening van goeie wetenskap daarin, moet ook indringend bekyk word. Daarna behoort ons, met die insigte uit hierdie kritiese werk verkry, in die rigting van 'n meer aanvaarbare beoordelingstelsel as 'n deel van goeie wetenskap te kan beweeg.

7. Die moontlikheid van 'n nuwe begin?

Dis een ding om 'n stelsel aan te val, maar 'n ander om iets anders in die plek daarvan te stel. Kritiseer is nie gelyk aan vervang nie – dit kan bloot bewusmaking van tekortkominge wees om die optrede wat gekritiseer word, op te skerp. Terselfdertyd voel ons, in die lig van die gebreke van die ewekniebeoordelingstelsel soos in hierdie artikel bespreek word, dat daar ernstig aan 'n alternatief gedink moet word en nie bloot op kosmetiese veranderinge gekonsentreer moet word nie, veral ter wille van goeie wetenskap. Uiteraard is die prosesse betrokke by wetenskapwerk oneindig kompleks. Daar bestaan 'n verskeidenheid sub sisteme wat mekaar beïnvloed. Bowendien is daar nog die feit dat enige stelsel wat van die mens afhanklik is, moeilik kontroleer- en voorspelbaar is, ondanks die gretigheid van instellinge en administrateurs om te kontroleer en te voorspel.

Ons alternatief vir die ewekniebeoordelingstelsel wat hier bespreek word, en wat ons onvergenoegd laat, en waaraan (soos reeds gemeld) in 'n volgende artikel breedvoerig aandag gegee gaan word, moet met verskeie fasette en aspekte rekening hou wat hier uiteraard net aangestip gaan word sonder die nodige motivering, beredenering en bespreking – dit volg later. Ons is van voorneme om hierdie alternatiewe gedagtes op 'n diepgaande wyse in die laaste artikel van die reeks te ontwikkel en voorstelle oor die verwesenliking daarvan te maak. Die tweede artikel, waarin onder andere aandag gegee gaan word aan sekere

dimensies van beoordeling (diskursiewe, spirituele, sosiale en ander dimensies) wat normaalweg nie by beoordeling ter sprake gebring word nie, maar vir goeie wetenskap van wesenlike belang is, sal ook verdere riglyne in hierdie verband aandui wat eweneens in die laaste artikel uitgewerk gaan word. Boonop gaan dit nie vir ons in die eerste plek bloot om die vervanging of hersiening van die ewekniebeoordelingstelsel nie, maar ten diepste om die bevordering van goeie wetenskap deur middel van 'n kollektiewe proses van bemiddeling, kommunikasie, evaluasie en beoordeling. In die lig van hierdie opmerkings beplan ons om die gedagtes wat met die volgende sake te doen het, later breedvoerig te ontwikkel:

Daar moet eerstens beklemtoon word dat die stelsel waarbinne ewekniebeoordeling 'n ratjie is, so enorm groot is, met soveel onderdele en vertakkinge, dat ons moet aanvaar dat 'n eenstopverandering dwarsdeur die globale stelsel onmoontlik is. Dit is 'n kwessie van bewusmaking en die herbou van talle lendelam skepe op die ope oseaan, terwyl met gewone bedrywighede ook voortgegaan word. In ons land hang publikasie saam met vergoeding, en hierdie vergoeding berus merendeels op fondse wat die staat daarvoor beskikbaar stel. Staatsfondse is in die hande van die regering wat begrotingsbeleid sal moet verander om die subsidiëring van publikasies te verander. Dit as sodanig sal baie verg, want dit beteken die Departement van Hoër Onderwys moet 'n totale beleidsverandering aanvaar, wat ook 'n prosedure- en stelselverandering gaan behels. Universiteite sal hulle denke en stelsels moet verander. Boonop sal die koppe van dosente weer gedraai moet word. Dit alles kom daarop neer dat verandering en aanpassing slegs as 'n langtermyn-groei in iets nuuts in kan wees. Onmiddellike dramatiese verandering word nie beoog of voorsien nie. Bewusmaking, die opbou van 'n gesindheid, en die belangrike uitdaging om nuut oor beoordeling in wetenskaplike konteks te dink, is dit waarop gehoop kan word.

Tweedens, soos wetenskaplikes in gedagte moet hou dat die stelsel en terrein uitgebreid is en verskillende benaderings omsluit, werk ewekniebeoordeling ook nie dieselfde in alle kontekste nie. Die beoordeling van 'n omgewingsimpakstudie vir 'n sekere gebou verskil van die beoordeling van 'n nuwe middel teen hipertensie, en dit verskil weer van die beoordeling van 'n filosofie-artikel oor die etiese implikasies van die verhandeling van oorplantingsorgane. Ook binne dissiplines, en selfs ten opsigte van besondere probleme, kan die beoordelingswyses verskil. Om oor die registreerbaarheid van 'n hipertensiemiddel te besluit teenoor 'n middel vir Parkinson se siekte is twee verskillende dinge. Om 'n logika-bewys te beoordeel is iets anders as om 'n etiese betoog te beoordeel, en dit weer iets anders as om 'n eksperiment wat tot 'n konklusie kom, te beoordeel. Vir die eersgenoemdes mag die tradisionele stelsel genoegsaam wees, want die invloed van belemmerende faktore is min – persoonlike voorkeure en teoretiese stellinginnames is byna irrelevant. 'n Etiese betoog is 'n totaal ander kwessie. Hier sal meerdere sienings en selfs debat nodig wees. Parkinson se siekte kom weer in soveel grade en vorme voor en die verloop verskil met die ouderdom van pasiënte, ensovoorts, dat dit 'n kwessie is met verskillende aspekte, fasette en faktore wat 'n invloed op beoordelaars het en dus verreken moet word. Een formule regdeur kan nie geld nie. Redakteurs moet dus voorberei word om gedifferensieerd te dink oor beoordeling. Een proses vir almal kan nie deug nie, en navorsers sal ook gewoon moet raak daaraan om gedifferensieerde behandeling te verwag en te aanvaar.

In die derde plek moet daar op een of ander manier aan die verandering of verskuiwing van die geskrewe na besproke stof gewerk word. Beoordeling behoort, in kontekste waar dit moontlik is, deur bespreking tot 'n aanbeveling te kom. In die bespreking kan kwessies van kriteria en die toepassing daarvan

aandag kry en kan verskille oor gehalte, ensovoorts, geplaas en verreken word. Dit is nie moontlik vir redakteurs om altyd genoeg moontlik beoordelaars bymekaar te kry om besprekingsessies oor artikels te reël nie. Maar daar is maniere om baie van die probleme te oorkom, en dit behoort so ver moontlik tog toegepas te kan word. Tegnologie maak rekenaar- of telefoonkonferensies moontlik en hiervan behoort meer gebruik gemaak te word. Dit beteken blinde beoordeling kom in die gedrang, maar dis in elk geval 'n baie skamele beskerming (sonder om te duidelik te wees waarteen dit moet beskerm) en kan maar uitgeskakel word. Boonop moet dit in dié soort besprekings gaan om gesamentlike besluitneming. Die manuskripte word dan vooruit aan die beoordelaars gestuur om deur te werk om dan op 'n vasgestelde tyd saam met die redakteur en die ander beoordelaars te bespreek en te beoordeel. Verkieslik moet die outeur ook hieraan kan deelneem – om te leer, verduidelikings te gee en so meer. Eweneens kan beoordelaars ook leer en gevra word om verduidelikings te gee van standpunte oor of kommentaar op 'n geskrif. Waar dié soort konferensies onmoontlik is, kan dit ook skriftelik nageboots word deur te korrespondeer.

In die lig van die genoemde sake kies ons in die vierde plek as vertrekpunt vir ons besinning oor die evaluasie en beoordeling vir goeie wetenskap die idee van *kollektiewe intelligensie* as die raamwerk waarbinne dit moet gebeur en waarin ag geslaan kan word op die insigte en kennis van elkeen wat moontlik by die proses van beoordeling betrokke mag wees. Ons glo dat elkeen 'n bydrae te lewer het wat beperkinge plaas op die eksklusiewe rol van sogenaamde kundiges. Soveel moontlik insigte moet benut word in die opbou en ontwikkeling van wetenskaplike werk. Vanselfsprekend sal die plek van kommunikasie en gesprekvoering in hierdie proses hoog op die agenda wees ten einde goeie wetenskap te verseker. Kommunikasie beteken deurbreking van die kokonmodel – keurders moet onderling kommunikeer en outeurs moet ook in die prentjie ingebring word. Redakteurs, keurders en outeurs se onderlinge kommunikasie kan besondere voordele inhou. Tegnieëse hulpmiddels kan ingespan word. Elke bydrae is per slot van rekening 'n kommunikasie of mededeling van gedagtes vir soveel moontlik lesers om dit te ontvang, te oorweeg en daaroor te besin. Om aan wetenskaplike gesprekke oor bydraes deel te neem herberg in sigself onmiskenbare waarde – wetenskap leef nie net in boeke en tydskrifte nie.

Ons bepleit dus 'n oop en deursigtige benadering tot evaluasie, waar eerder meer as minder mense betrokke gemaak behoort te word en wat veral alle betrokke partye meer direk en deelnemend sal betrek. 'n Soort spanbenadering, wat behoorlik gekwalifiseer moet word, eerder as drie of vier individue wat dikwels betweterig mekaar se lot bepaal, sou nader aan die ideaal wees. Wat eweneens bepleit gaan word as 'n belangrike voorwaarde vir sinvolle deelname aan kommunikasie en gesprekvoering, binne die raamwerk van kollektiewe intelligensie, is dat aandag gegee moet word aan die baie fundamentele saak van die leeshandeling, gegee die feit dat evalueerders eintlik lesers van tekste is. Aangesien vertroudheid met die leeshandeling, as meervoudige en komplekse aktiwiteit, geen vanselfsprekendheid is soos baie graag dink nie, behoort 'n vertroudheid daarmee by beoordelaars en evalueerders veronderstel te word vir deelname aan hierdie prosesse.

Verskeie lastige sake – en daar is veel meer as wat hier genoem word – behoort deur hierdie benadering van oop gesprekvoering en kommunikasie op konstruktiewe wyse besweer te word ten einde die beste moontlike wetenskap op 'n deurlopende wyse te help verseker: die halsstarrige voorkeur aan negatiewe evaluasie ten koste van positiewe evaluasie sal verban kan word; die vanselfsprekende eensydigheid en feilbaarheid van individuele evalueerders met

eie voorkeure, vooroordele, aannames en ideologieë, wat aktief naas kundigheid en insig werkzaam is, sal aansienlik beperk kan word; die invloed van paradigmafanatismes, wat 'n groot knelpunt is, sal op 'n veel beter en vrugbaarder wyse deur bemiddeling en oorlegpleging benut word en op gesonde wyse vir die wetenskap gekanaliseer word; dogmatiese verkleefdheid aan eie oortuigings deur alle partye, wat in alle gevalle die denke verstar en die pad na goeie wetenskap sluit, kan uitgeroei word; die onversetlikheid van sowel evalueerders as outeurs oor persoonlike standpunte en dikwels oor geringe sake, kan op die heel beste wyse binne die konteks van meerdere stemme vermy word; die probleem van die bepaling van wie 'n goeie beoordelaar vir 'n bepaalde artikel of geskrif sal wees, kan, indien dit op 'n kollektiewe wyse hanteer word, redakteurs en redaksionele komitees se las aansienlik verlig en lukraak benaderings in hierdie verband, wat telkens uiters teenproduktief blyk te wees, elimineer.

Bibliografie

Abate, T. 2004. What's the verdict on peer review?

<http://www.columbia.edu/cu/21stC/issue-1.1/peer.htm>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)

Althusser, L. 1990. Philosophy and the spontaneous philosophy of the scientists. *Philosophy and the Spontaneous Philosophy of the Scientist & Other Essays*, 1990:69-165. Londen: Verso.

Armstrong, J.S. en R. Hubbard. 1991. Open peer comment: Does the need for agreement among reviewers inhibit the publication of controversial findings? In Cicchetti 1991.

Baker, D-P, S. Beck, en D. Spurrett. 2005. Editorial. *South African Journal of Philosophy*, 24(2):61-3.

Berger, E. 2006. Peer review: A castle built on sand or the bedrock of scientific publishing? *Annals of Emergency Medicine*, 47(2):157-9.

Birch, W. 1990. Cloistered against the real world. *The Times Higher Educational Supplement*, 2 February 1990.

Bohm, D. en F.D. Peat. 1987. *Science, order and creativity*. New York, Toronto, Londen, Sydney, Auckland: Bantam Books.

Campanario, J.M. 1998. Peer review for journals as it stands today, Pt 2. *Science Communication*, 19(4):277-306. <http://www2.uah.es/jmc/ai1.pdf>. (18 Junie geraadpleeg)

—. 2009. Rejecting and resisting Nobel class discoveries: Accounts by Nobel Laureates. *Scientometrics*, 81(2):549-65.

—. s.d. A new approach to make scientific journals actively compete for good manuscripts. *Metajournal*. <http://www2.uah.es/jmc/metajournal.htm>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)

- Cicchetti, D.V. 1991. The reliability of peer review for manuscript and grant submissions: A cross-disciplinary investigation. *Behavioral and Brain Sciences*, 14(1):119-86.
- Claassen, G. 2009a. Knor sonder byt. *By, bylaag tot Beeld*, 6 Junie 2009.
- . 2009b. Waarhede wat lig werp. *By, bylaag tot Beeld*, 5 Desember 2009.
- . 2010. Kwakkery in die hart van die beroep. *By, bylaag tot Beeld*, 6 Februarie 2010.
- Cole, S. 1991. Open peer comment: Consensus and the reliability of peer review evaluations. In Cicchetti 1991:140-41.
- Curfman, G.D., S. Morrissey, G.J. Annas en J.M. Drazen. 2008. Peer review in the balance. *The New England Journal of Medicine*, 358(21):2276-77.
<http://www.nejm.org>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)
- Engber, D. 2005. Quality control. The case against peer review.
<http://www.slate.com/toolbar.aspx?action=print&id=2116244>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)
- Fraser, S. 2007. Winston Churchill and peer review. *Clinical Ophthalmology*, 1(2):91-2.
- Frey, B.S. 2003. Publishing as prostitution? Choosing between one's own ideas and academic success. *Public Choice*, 116(1):205-23.
- Gibbons, M., C. Limoges, H. Nowotny, S. Schwartzman, P. Scott, P. en M. Trow. 1994. *The new production of knowledge. The dynamics of science and research in contemporary societies*. Londen, Thousand Oaks, Nieu-Delhi: Sage.
- Godlee, F. en T. Jefferson. (reds.) 2003. *Peer review in health sciences*, 2de uitg. Londen: BMJ Publishing Group.
- Harrison, C. 2004. Peer review, politics and pluralism. *Environmental Science and Policy*, 7:357-68.
- Heidegger, M. 1983. *De tijd van het wereldbeeld*. Tildt: Lannoo.
- Hindess, E. 1972. Forms of knowledge. *Proceedings of the Philosophy of Education Society of Great Britain*, 6(2):164-75.
- Jaschik, S. 2009. The "black box" of peer review. *Inside Higher Education*. March 4, 2009. <http://www.insidehighered.com/layout/set/print/news/2009/03/04/peerreview>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)
- Katz, D.S. 2002. Who reviews the peer review? *Mackinac Center for Public Policy*.
<http://www.mackinac.org/print.aspx?ID=4568>. (30 Oktober 2009 geraadpleeg)
- Lamont, M. 2009. *How professors think: Inside the curious world of academic judgment*. Harvard: Harvard University Press.

- Lloyd, G.E.R. 1986. The mind on sex. Review of "The use of pleasure", Vol. 2 of *The history of sexuality* by Michel Foucault. *New York Review of Books*, 13Maart 1986. <http://www.nybooks.com/articles/archives/1986/mar/13/the-mind-on-sex/>. (18 Junie 2010 geraadpleeg)
- Lock, S. 1985. *A difficult balance: Editorial peer review in medicine*. Londen: Nuffield Provincial Hospitals Trust.
- Macey, D. 1993. *The lives of Michel Foucault*. Londen: Hutchinson.
- McIntosh, N.E. 1979. Barriers to implementing research in higher education. *Studies in Higher Education*, 4(1):77-86.
- Nisbet, M. 2003. *The sceptical environmentalist : A case study in the manufacture of news*. http://www.csicop.org/specialarticles/archive/category/science/skeptical_environmentalist_a_case_study_in_the_manufacture_of_news. (30 Oktober 2009 en 9 Junie 2010 geraadpleeg)
- NNS. 2008. *NRF Vision 2015. Strategic plan of the National Research Foundation*. NNS: Pretoria.
- Nöthling Slabbert, M. 2009. Fa(c)ulty towers: An evaluation of legal research in higher education with specific reference to the rating system of the National Research Foundation. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 72(1):42-59.
- Odlyzko, A. 2003. Alternatives to peer review 1. In Godlee en Jefferson (reds.) 2003.
- Postnote. Parliamentary Office of Science and Technology*. <http://www.parliament.uk/documents/post/pn182.pdf>. (30 Oktober 2009 en 9 Junie 2010 geraadpleeg)
- Pouris. 2007. *The NRF evaluation and rating system in the world context*. Pretoria: NNS.
- Rennie, D. 2003. Editorial peer review: Its development and rationale. In Godlee en Jefferson (reds.) 2003:1-13.
- Sake 24. 2009. Navorsing staan sentraal in SA se hoër onderwys. *Beeld*, 25 September 2009.
- Sinaceur, M.A. 1977. What is interdisciplinarity? *International Social Science Journal*, XXIX(4):1-6.
- Smith, M.K. 2003. Michael Polanyi and tacit knowledge. *The Encyclopedia of Informal Education*. <http://www.infed.org/thinkers/polanyi.htm>. (18 Junie 2010 geraadpleeg)
- Smith, R. The future of peer review. In Godlee en Jefferson (reds.) 2003.
- Sokal, A.D. 1996a. Transgressing the boundaries: Towards a transformative hermeneutics of quantum gravity. *Social Text*, 46/47:217-52. http://www.physics.nyu.edu/faculty/sokal/transgress_v2/transgress_v2_singlefile.html. (29 Oktober 2009 geraadpleeg)

—. 1996b. A physicist experiments with cultural studies. *Lingua Franca*, 1996:62-4. http://www.physics.nyu.edu/faculty/sokal/lingua_franca_v4/lingua_franca_v4.html. (29 Oktober 2009 geraadpleeg)

—. 1996c. Transgressing the boundaries: An afterword. *Dissent*, 43(4):93-9. http://www.physics.nyu.edu/faculty/sokal/afterword_v1a/afterword_v1a_singlefile.html. (29 Oktober 2009 geraadpleeg)

Tyrer, P. 1991. Open peer commentary: Chairman's action: The importance of executive decisions in peer review. *Behavioral and Brain Sciences*, 14:164-65.

WASA. 2006. *Report on a strategic approach to research publishing in South Africa*. WASA: Pretoria.

Wikipedia. 2008. Peer review. http://en.wikipedia.org/wiki/Peer_review. (24 Oktober 2009 geraadpleeg)

Eindnotas

¹ Engber (2005:4) gee 'n mooi voorbeeld van hoe die stelsel "van buite" gebruik word sonder verdere oorweging: "[...] the federal government recently proposed using peer review 'to improve the quality, objectivity, utility, and integrity of information' that it gives to the public for things like FDA drug requirements and HHS dietary guidelines."

² Hulle verwys na 'n artikel deur A. Fisher, "Seeing atoms", in *Popular Science*, 1989:102-107, wat die inligting bevat.

³ Harrison se stelling (2004:360 n9): "The shortcomings of peer review were perhaps most spectacularly exposed by physicist Alan Sokal's spoof 'Social Text' which was accepted for publication by a leading cultural studies journal despite being deliberately meaningless" skep die wanindruk dat die publikasie op grond van keuring geskied het.

⁴ Volgens Campanario het J.S. Armstrong in, "Barriers to scientific contribution: The author's formula" in *Behavioral and Brain Sciences*, 5, 1982:197-199, na hierdie eksperiment verwys.

⁵ Vergelyk: S. Pressman, Simultaneous multiple journal submissions: The case against. *American Journal of Economics and Sociology*, 53, 1994:315-334.

⁶ E.D. Robin en M. Burke, Peer review in medical journals. *Chest*, 2, 1987:252-255. Verwysing deur Campanario.

⁷ In Peters & Ceci, "Peer review practices of psychological journals. The fate of published articles submitted again". *Behavioral and Brain Sciences*, 5, 1982:187-195. Harrison (2004:360 n9) rapporteer hierdie "studie" soos volg: "An older and less well publicised study of 12 psychological journals involved selecting twelve articles at random, giving them different authors, titles and minor cosmetic changes and then resubmitting them to the same group of journals. Only three journals spotted the hoax and of the remaining nine articles eight were rejected on the basis of referee reports. This study reported in a 1982 article was

described in Karl Svozil 'Censorship and the peer review system' (unpublished paper)". Nöthling Slabbert (2009:48) verwys na hierdie studie om die punt te maak dat "Studies have shown the reliability of the peer review process to be variable."

⁸ Research on scientific journals: Implications for editors and authors. *Journal of Forecasting*, 1, 1982:83–104.

⁹ Vgl. M.J. Mahoney, Publication prejudices: An experimental study of confirmatory bias in the peer review system. *Cognitive therapy research*, 1, 1977:161–175.

¹⁰ Die redakteur van *The Lancet* by die terugtrekking van die Wakefield-artikel: "Portuurevaluasie is die beste stelsel wat ons het om akkuraatheid en aanvaarbaarheid van werk te kontroleer, ..." (Claassen 2010:14).

¹¹ Die aanhaling kom uit K. Arrow, Foreword. In Shepherd, G.B. (Red.), *Rejected: Leading Economists ponder the publication process*. Thomas Horton, 1995.

¹² Die bladsyverwysings van hierdie bron is na die bladsye van die artikel en nie na die bladsye van die tydskrif nie. Ongelukkig het die kopie wat ons ontvang het, nie bladsynommers bevat nie.

Afrikanerskap en taal by 'n paar Afrikaanse skrywers en ander intellektuele in die 1890's

Jaap Steyn

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Met verwysing na die Genootskap van Regte Afrikaanders se onderskeid tussen Afrikaners met Engelse, Hollandse en Afrikaanse harte onderskeidelik gee die outeur 'n oorsig van die houdings van 'n paar Afrikaanse skrywers en ander intellektuele teenoor Afrikanerskap en die keuse van 'n kultuurtaal. Die klem val op 'n paar NG predikante, pres. M.T. Steyn, pres. Paul Kruger, genl. J.B.M. Hertzog, "Onze Jan" Hofmeyr, S.J. du Toit, Marie Koopmans-De Wet, Gustav Preller, C.J. Langenhoven, J.D. Kestell, M.E.R. en D'Arbez. Dit blyk uit die ondersoek dat Afrikaner-identiteit aan die einde van die 19de eeu meer deur die geskiedenis en vereenselwiging met die volk bepaal is as deur taal. Hollandse koerante en boeke, en nie Afrikaanse publikasies nie, was in die 1890's die vernaamste mondstuk van Afrikaner-nasionalisme. Dit blyk nogtans uit ego-dokumente uit die Tweede Vryheidsoorlog dat *Die Afrikaanse Patriot* 'n redelik sterk invloed moes uitgeoefen het op die skryftaalkeuse van burgers van die Vrystaat en Transvaal. Die onderwysbeleid van die owerheid het 'n groot invloed gehad op mense se keuse van 'n skryftaal, maar dit was moontlik om met 'n bietjie inspanning van Engels na Afrikaans oor te skakel. Vir sommige Afrikaners met 'n Afrikaanse gesindheid was Hollands 'n oorgangstaal na Afrikaans. Ná die oorlog het Afrikaner-nasionalisme in sterker mate 'n taalgeoriënteerde nasionalisme geword en 'n deurslaggewende rol gespeel om Afrikaanssprekendes teen verengelsing te bewaar. Ten slotte word met voorbeelde aangetoon hoe relevant hierdie kwessies tot vandag gebly het.

Abstract

A few Afrikaans authors and intellectuals on Afrikaner identity and language

With reference to the distinction made by the Genootskap van Regte Afrikaanders (Society of Real Afrikaners) between Afrikaners with English, Dutch and Afrikaans hearts respectively, the author provides an overview of the attitudes held by some Afrikaans writers and other intellectuals towards Afrikaner identity and Afrikaans as a cultural language. The emphasis is on a few Dutch Reformed ministers, Pres. M.T. Steyn, Pres. Paul Kruger, Gen. J.B.M. Hertzog, S.J. du Toit, Marie Koopmans-De Wet, Gustav Preller, C.J. Langenhoven, J.D. Kestell, M.E.R. and D'Arbez. The conclusion is that towards the end of the 19th century,

Afrikaner identity was determined more by history and identification with the nation rather than by language. Dutch newspapers and books, not Afrikaans publications, were the foremost vehicles for Afrikaner nationalism in the 1890s. Nevertheless, it is evident from ego documents dating from the Anglo-Boer War (South African War) that Die Afrikaanse Patriot must have had a fairly strong influence on citizens of the Free State and Transvaal regarding the choice of a written language. The educational policy of the government also had a significant influence on the choice of a written language, but it was possible to switch from English to Afrikaans with little difficulty. For some Afrikaners with an Afrikaans outlook, Dutch was seen as a transitional language to Afrikaans. After the war, Afrikaner nationalism became more centred on language issues and played a crucial role in preventing the Anglicisation of Afrikaans speakers. Lastly, it is indicated how relevant these issues remain to this day.

1. Inleiding

'n Bekende uitspraak oor die taalhouding van Afrikaners in die 1870's is 'n paar stellings in die manifest van die Genootskap van Regte Afrikaanders (GRA). "Daar is *Afrikaanders met ENGELSE harte*. En daar is *Afrikaanders met HOLLANDSE harte*. En dan is daar *AFRIKAANDERS MET AFRIKAANSE HARTE*. Die laaste noem ons *REGTE AFRIKAANDERS*, en die veral roep ons op om aan ons kant te kom staan." Die oproep was om "nie te rus nie vóór dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land" (*Die Afrikaanse Patriot*, 15 January 1876).

Die GRA, met ds. S.J. du Toit as leier, was aanvanklik een van die aktiefste taalorganisasies in die geskiedenis van Suid-Afrika. Met min geld het die paar lede 'n sukses gemaak van die eerste Afrikaanse koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, en later 'n tydskrif, *Ons Klyntji*. Hulle het verskeie Afrikaanse boeke uitgegee, en tot 1895 81 000 eksemplare gedruk. Die GRA het begin met die standaardisering van Afrikaans. Die lede het 'n Afrikaanse skool opgerig en met die druk en verspreiding van petisies die beweging gesteun om Hollands as parlementêre taal in die Kaapkolonie te erken. Op inisiatief van Du Toit het 'n politieke party, die Afrikanerbond, in 1879 in die Kaapkolonie tot stand gekom wat hom ook vir taalregte beywer het.

Die paar suksesse het nie genoeg indruk gemaak om die vordering van Engels onder Afrikaners te stuit nie. Engels was in die laaste kwart van die 19de eeu die kultuurtaal van baie intellektuele Afrikaners, selfs diegene met 'n sterk gevoel van Afrikanerskap. Sommige ander het gebruik gemaak van Hollands, en die Hollandse beweging was oënskynlik lewendig. Dit het gelyk asof die Afrikaanse beweging om verskeie redes agteruitgaan.

Hermann Giliomee (2004:179) beweer tereg dat Du Toit met sy bedrywighede sedert die stigting van die GRA Afrikaans ten nouste aan die identiteit van die Afrikaners gekoppel het. Maar hierdie koppeling het langsaam geskied, en in die 1890's is Afrikanerskap dikwels deur middel van Engels en Hollands bevorder.

Dit is die bedoeling van die outeur om in dié artikel 'n oorsig te gee van die houdings van 'n paar Afrikaanse skrywers en ander intellektuele teenoor Afrikanerskap en Afrikaans in die 1890's. Agtereenvolgens word gelet op Afrikaners met Engelse, Hollandse en Afrikaanse harte. Ten slotte word

aangetoon hoe aktueel sommige van hierdie kwessies tot in ons tyd gebly het. *Afrikaner* word hier in sy huidige betekenis gebruik, en sluit dus nie Suid-Afrikaans-gebore Engelssprekendes in soos dikwels in die 19de en vroeë 20ste eeu die geval was nie, terwyl die woord *skrywers* die beoefenaars van alle soorte skryfwerk, ook die joernalistiek, dek. Die benaming *Hollands* word so gehou; dit is tot in die 19de eeu selfs in Nederland as benaming vir Nederlands gebruik (Van der Sijs 2004:102–3), en was in die 1890's die algemene naam in Suid-Afrika.

2. Afrikaners met “Engelse harte”

Daar was teen die einde van die 19de eeu goeie rede vir Engelssprekendes om optimisties oor die toekoms van Engels te voel. Die verengelsing van Afrikaners in die Kaapkolonie, wat aanvanklik Brits-gedrewe was, het mettertyd ongedwonge en vrywillig geskied, sodat Giliomee (2004) dit behandel in 'n hoofstuk met die veelseggende titel “Koningin Victoria se Afrikaners”. Geesdriftig is herhaaldelik 'n juigkreet vir koningin Victoria aangehef toe die Afrikanerbond in 1883 op 'n kongres met die Zuid-Afrikaanse Boeren Beschermings Vereniging van “Onze Jan” Hofmeyr saamgesmelt het (Giliomee 2004:184). In die nuwe Afrikanerbond is die taalregte naderhand al hoe meer op die agtergrond geskuif. Die *Patriot* het opgemerk dat die bond darem te Engelsgesind geword het. Die Kaapse Afrikaners was trots daarop om deel van koningin Victoria se glorieryke “Empaaier” te wees (Giliomee 2004:185). Die aanvanklike gedwonge proses word in besonderhede beskryf deur Giliomee en ouer historici soos J. du P. Scholtz (1965) en G.D. Scholtz (1970, 1974 en 1977).

Die GRA se “Afrikaners met Engelse harte” is van toepassing op verskeie soorte Afrikaners. 'n Mens sou kon onderskei tussen, aan die een kant, dié met 'n anti-Afrikaanse gesindheid, en aan die ander kant dié wat Engels geskryf het omdat hulle nie anders kon nie. Tussen dié twee uiterstes was daar 'n hele spektrum gesindhede en vermoëns.

Tot die duidelik anti-Afrikaanse groep kan 'n mens hoofregter J.H. de Villiers reken. In 1874 het hy die hoop uitgespreek dat die kennis van Engels so algemeen sal word dat daar nie meer tolke nodig sal wees nie (Scholtz 1974:250). In 1877 het hy hom teen die Afrikaanse taalbeweging uitgespreek en gesê dat Afrikaners liever hul energie moes gebruik om “the rich and glorious language”, Engels, toe te eien “which is ready to our hands as a literary language of the first rank” (Scholtz 1974:278).

Ook in sommige NG pastorieë (darein nie almal nie) was daar sprake van dié soort gesindheid. Die Groote Kerk se predikant, ds. A.I. Steytler, was volgens die latere taalstryder J.H.H. de Waal (1939:41) pro-Hollands en heftig anti-Afrikaans, maar sy huistaal was byna uitsluitlik Engels.

Aan die ander kant was daar heelparty Afrikaners wat as gevolg van die Kaapse onderwysbeleid hul onderrig aan openbare skole deur medium van Engels ontvang het. Hollands was in die Kaapkolonie dikwels nie eers 'n skoolvak nie, en Afrikaans was nog nie 'n aanvaarde of erkende skryftaal nie. Engels was vir sommige Afrikaners doodgewoon die maklikste en natuurlikste uitdrukkingsmiddel.

Só het die briefwisseling tussen die twee grootste na-oorlogse politieke taalstryders en hul vroue in die republikeinse Vrystaat in Engels geskied. Die twee

was pres. M.T. Steyn en genl. J.B.M. Hertzog. Hulle het in 1908 daarvoor gesorg dat Hollands (wat volgens afspraak onder die taalstryders Afrikaans en Nederlands ingesluit het) een van die offisiële tale van die Unie van Suid-Afrika sou word.

Die grootste diskrepansie tussen ideaal en werklikheid was miskien te vinde by die Vrystaatse president. Reeds terwyl Steyn regter was, was hy lid van die vereniging vir die bevordering van die Hollandse taal- en letterkunde. Hy was van mening dat Hollands as taal van die Afrikaner gehandhaaf moes word (Van Schoor 2009:89).

Ná die Jameson-inval van 1895–96 in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) van pres. Paul Kruger het die Vrystaat, waar Steyn president geword het, maatreëls teen verengelsing verskerp. Hy het offisiële korrespondensie met Natal en die Kaapkolonie in Hollands pleks van Engels gevoer. Staatsdepartemente soos dié van telegrafie, poswese en spoorweë is noukeurig dopgehou, en by aanstellings is voorkeur aan Afrikaners gegee. Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is 'n wetsontwerp aangeneem wat aan Hollands 'n groter plek in die Vrystaatse onderwys sou gee (Malan 1982:264 e.v.).

Maar soos Van Schoor (2009:89) aantoon, het Steyn en sy vrou Tibbie Engels met mekaar gepraat en in dié taal briewe aan mekaar geskryf. Sy was van Skotse afkoms en haar skoolopleiding was uitsluitend in Engels. Hollands het sy nooit behoorlik leer praat of skryf nie. Dit het besoekers aan die presidensie opgeval dat Engels die hele huishouding oorheers, en dat net pres. Steyn met sy kinders Afrikaans gepraat het. Van Schoor, wat beslis nie oorkrities teenoor Steyn is nie, meen die vraag bly staan waarom Steyn in die republikeinse tyd “nie by Tibbie daarop aangedring het om haar in Afrikaans te bekwaam en Hollands te leer skryf nie” (2009:89).

Ook Hertzog het met sy vrou in Engels gekorrespondeer, omdat sy aan 'n meisieskool gestudeer het waar sy slegs Engels as skryftaal bemeester het. In sy biografie van Hertzog sê Van den Heever (1944:195) dat 'n mens verbaas staan oor die rapporte, briewe en telegramme wat in die Tweede Vryheidsoorlog van Boerekant in Engels opgestel is, en ook dat dit bevreemdend is om te sien wie almal in Engels aan Hertzog geskryf het.

Tussen die twee uiterstes was daar Afrikaners wat, soos hulle dit gesien het, hulle vir die beswil van die jeug vir onderwys deur middel van Engels beywer het. In Transvaal, waar Hollands die offisiële skooltaal was, was sommige “progressiewe”, veral predikante van die NG Kerk en ander geleerde Kapenaars, gekant teen die oorheersende plek van Hollands in die onderwys. Hulle het hulle vir meer Engels beywer. Dit was vir hulle nie onnasionaal om vir die kinders 'n beter bestaan te probeer verkry deur 'n groter komponent Engels op skool nie. Hul gevoel was dat Afrikaners ewe min Engelse kon word deur Engels te leer as wat die Hollanders wat in Holland graag Frans leer, daardeur Franse kon word (Zietsman 1982:300). Onder dié predikante “met 'n Kaapse vorming” was H.S. Bosman van Pretoria, P.G.J. Meiring van Johannesburg, A.P. Burger van Middelburg en J.J. Strasheim van Klerksdorp (Zietsman 1992:14).

Een van die predikante wat hom vir Engels as onderwysmedium beywer het, was ds. H.L. Neethling, NG moderator in Transvaal en korrespondent van *De Zuid-Afrikaan*. De Waal was as onderwyser op Utrecht (destyds deel van die ZAR) tuis in die NG pastorie, en deel mee dat die huistaal Engels was. Elke Sondagaand is ook 'n Engelse diens gehou, hoewel die dorp 'n Engelse kerk gehad het (De Waal

1939:36). Patrioties was die pastoriepaar wel: ná die Tweede Vryheidsoorlog was mev. E. Neethling (gebore Murray) die skrywer van *Should we forget?*, vertaal as *Mag ons vergeet?* Dit bevat geskiedenis van die ontberings van Boervroue in die Britse konsentrasiekampe.

Baie Afrikaners het die verengelsing deur die onderwys gretig aanvaar. Die Kaapse onderwyswet van 1865 het bepaal dat onderwys alleenlik in Engels moet geskied. Maar in die meisieskole het Engels mettertyd sonder dwang die leerlinge se voorkeertaal geword. “Vanaf gedwonge Engels en strafbare moedertaal het ons meisies gekom tot gewillige en gladde hantering van Engels in die skool, op straat en onder mekaar,” konkludeer M.E.R. (1972:36).

In ’n klassieke beskrywing van die verloop van taalverskuiwing skryf sy dat die volgende stap dan was dat die meisies, wanneer hulle trou, die ou huistaal wat hulle nog met hul eie ouers moes praat, nie met die kinders gepraat het nie. Hulle het nie na gewoonte die kinders na vaders- en moederskant laat heet nie, maar “fancy names” gegee en oneindige plesier daaraan gehad (M.E.R. 1972:36). Dit het met een van die skryfster se susters, Lettie Tomlinson, gebeur – sy het ná haar huwelik Engels as huistaal aangeneem en aan haar kinders Engelse name gegee.

Alles wat M.E.R. en haar Afrikaanse medestudente op skool en aan die South African College (voorloper van die Universiteit van Kaapstad) geleer het, het die agting vir die Engelse kultuur en tradisies by hulle aangekweek. “Ons het Engels gepraat, Engelse briewe aan mekaar geskryf; en ons was gelukkig daarmee.” Al haar medestudente en vriende was Engelssprekend en Engelsdenkend. “Van kleins af het duisend drukkinge dit op my ingestempel dat wat Engels is, goed is; wat Afrikaans is, minder goed; ek het geleer glo aan British fairplay, British justice, British honour, the English gentleman – en ek het dit ook alles eerlik en goedertrou geglo” (Steyn 2004:15; M.E.R. 1972:92).

Wat ’n keerpunt in haar lewe gebring het, was die Jameson-inval. “Dit het soos ’n weerligseurslag gewys waarheen ons gelei word – tot ontkenning van ons eie aard en wese, en om dit te vervang deur ’n namaaksel van die aard en wese van ’n ander volk; om iets vals en nutteloos te word. Verskrik, maar nog behoue, het ons die tyd van dwaasheid oorleef” (Steyn 2004:15).

Ondanks haar sterk Afrikanerskap het Engels voorlopig haar skryftaal gebly. Sy, haar suster Annie en hul patriotiese broer Frits (al drie in Transvaal) het in Engels aan mekaar en hul familie bly skryf. Frits, wat in die Tweede Vryheidsoorlog ’n bittereinder was, het in Engels met sy susters gekorrespondeer, maar sy oorlogsdagboek in Hollands gehou (Steyn 2004:61-4).

’n Tydgenoot van M.E.R. was die toekomstige skrywer en taalstryder C.J. Langenhoven. Hy was later baie sensitief oor ’n toespraak wat hy as eerstejaar aan die Victoria College (voorloper van die Universiteit van Stellenbosch) voor ’n debatsvereniging gelewer het. Hy was anti-Hollands en pro-Engels, en het opgemerk: “For intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature and a very poor vocabulary.” Kannemeyer (1995:133-6) bespreek die stuk indringend en wys daarop dat Langenhoven voorkeur aan Afrikaans bo Hollands gegee het omdat eersgenoemde volgens hom ’n eenvoudiger grammatika het as laasgenoemde.

Veral een gevallestudie toon hoe moeilik dit was om Afrikanerskap dadelik met Afrikaans te koppel, veral waar die betrokke uit ’n taalgemengde huwelik kom. John Daniel Kestell, wat teen die einde van sy lewe bekend gestaan het as “Vader

Kestell”, was, met sy eie woorde, “half Engels, half Afrikaans” (Van Schoor 1992:53). Sy pa, Charles Kestell, was Engelssprekend, die seun van ’n Britse setlaarsgesin. Sy moeder (wat oorlede is voordat hy vier jaar oud was) en stiefmoeder was albei Voortrekkerdogters, en dus Afrikaans. Kestell se pa het altyd met sy kinders Engels gepraat, maar met Kestell se ma en stiefma Afrikaans. Die kinders was dus van jongs af volkome tweetalig (Van Schoor 1992:16). Afrikaans was ook J.D. Kestell se godsdienstaal. Hy skryf dat hy die eerste keer die liefde van God in sy moedertaal leer ken het. Die godsdiens het hom ook vertrouwd gemaak met Hollands – die taal van die Statebybel, die huisgodsdiens, die dienste en die Sondagskool in die NG Kerk. Kestell se pa was Wesleyaans, maar het voor sy seun se geboorte na die NG Kerk oorgegaan.

Die kerk het Kestell in aanraking gebring met Voortrekkers en ander mense uit die Voortrekkertyd. Die dienste is soms gelei deur ds. Daniel Lindley, wat toe sendeling onder die Zoeloes was, en ook Erasmus Smit, die eerste sendeling van die Voortrekkers. Daar was nog mense wat Bloukrans, Moordspruit en Italeri deurgemaak het. Kestell het Sarel Cilliers leer ken in sy pa se huis en later op sy plaas Doornkloof in die Vrystaat. Uit verskeie van sy boeke blyk sy kennis van die Voortrekkers (Van Schoor 1992:17).

Daar was ’n private skool in die Geloftekerk en die ouers het dit aan die gang gehou, maar die onderrig was geheel en al deur middel van Engels. Die predikant, ds. Dammes Huet, van geboorte ’n Nederlander, was in beheer van die skool, maar hy was nie oor die onderrigmedium begaan nie. Die hoërskole het Hollands nie as vak gehad nie. ’n Afrikaanse kind het Afrikaans glad nie in die skool of op straat gepraat nie, slegs by die huis (Van Schoor 1992:19–20).

Kestell se pa was ’n transportryer en die gesin was brandarm. Voor hy vyftien was, moes hy die skool verlaat en gaan werk. In 1871 is hy en sy pa na die diamantveld. Hulle het nie veel verdien nie, maar genoeg om die jong Kestell in die Kaap verder te laat leer. Hy is na die Stellenbosch Gymnasium, een van ’n paar uitstekende skole wat ’n bolwerk van Engelse kulturele invloed was (Giliomee 2004:163). Engels was ook die enigste onderrigtaal by die Victoria College. Sy dagboek het hy in Engels gehou en hy en sy pa het in dié taal gekorrespondeer (Van Schoor 1992:26). By die kweekskool was die voertale Engels en Hollands.

Kestell en sy skool- en kollegemaat en latere boesemvriend Abraham Kriel was baie lief vir die Engelse letterkunde, en het saam al Shakespeare se werke, op sy gedigte na, gelees. Maar sy eerste pennevrug was tog ’n gedig, ’n swaarmoedige vers, getitel “Death”. Dis in 1877 onder ’n skuilnaam in die *Cape Monthly Magazine* geplaas (Van Schoor 1992:37).

Die taalstrewe van die GRA en *Die Afrikaanse Patriot* het Kestell nog glad nie geraak nie. Tog het hy in daardie Engelse dae “bewustelik ’n Afrikanerpatriot” geword “al was ek in ’n Engelse taalbaadjie geklee” (Van Schoor 1992:38). Hy het dit toegeskryf aan die feit dat sy ma en stiefma Afrikaners was, en hy in Pietermaritzburg, en op togte deur die Vrystaat, op die diamantveld, en op Stellenbosch baie Afrikaners leer ken het. ’n Belangrike faktor was sy kennis van die opofferinge en stryd van die Voortrekkers in Natal. Dit was vir hom ontstellend om agter te kom hoe min sy medestudente van daardie geskiedenis weet. Hy het gevoel dat hy iets moes doen om hulle te laat besef hoeveel Afrikaners opgeoffer het om die land bewoonbaar te maak (Van Schoor 1992:38).

Verskeie gebeurtenisse het sy “patriotiese hartsnare” geroer en hom bewus gemaak “van die bloedbande met ons verontregte Voortrekkernasate wat niks

anders begeer het as om in vrede en vryheid in hul eie, onafhanklike republieke te woon en te werk nie” (Van Schoor 1992:39). Onder dié gebeurtenisse was die Britse anneksasie van Basoetoland (1869), die Vrystaatse diamantveld (1871) en Transvaal (1877), en die oorlog wat Engeland in 1879 op die Zoeloes afgedwing het. Baie Afrikaners was ook oor laasgenoemde verontwaardig. Kestell se sterk gevoel daaroor het hom ’n versdrama laat skryf wat nooit gepubliseer is nie: *Before and after the affair at Isandhlwana*.

Maar veral die lydelike verset van die Transvalers voor die Eerste Vryheidsoorlog het die Kapenaars aangegryp, en Kestell ’n historiese roman in Engels laat skryf. Die redakteur van *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* het die manuskrip in Hollands vertaal, en dit in 1879 onder die skuilnaam Africanus Jr. geplaas met die titel *Slagtersnek. Een verhaal uit het grensleven van 1815*. Dit het in 1880 as boek by D.F. du Toit & Co. verskyn.

Kestell het dieselfde tema gebruik om in Engels ’n tragedie op die Shakespearepatroon in vyf bedrywe te skryf (*The struggle for freedom or the Rebellion of Slagters Nek*), maar hy kon geen uitgewer kry nie en het dit self in Londen uitgegee onder die skuilnaam *Leinad* (*Daniel* omgekeerd) – £25 vir 500 eksemplare. Maar hy kon nie veel van die hand sit nie. ’n Groot deel van die oplaag het hy later in sy skoonpa se tuin begrawe (Van Schoor 1992:40)!

In hierdie eerste fase van sy skrywersloopbaan was Kestell dus veral Afrikaner – maar een wat vanweë die omstandighede nog nie Afrikaans as skryftaal beheers het nie. Hy het tot in die 1890’s vier belangrike manuskripte in Engels klaargemaak, naamlik ’n Bybelse drama oor Saul, ’n Bybelse roman oor Simson, nog ’n roman, *Two brothers*, en *The pioneers*. Nie een daarvan is egter gepubliseer nie.

Maar stap vir stap het hy nader gekom aan die GRA-ideaal van ’n Afrikaner met ’n Afrikaanse hart. Ten eerste het hy in 1882 getrou met Truida Hofmeyr, lid van die Afrikaner-gesinde en taalbewuste Hofmeyr-familie. “Onze Jan” was ’n broerskind van sy skoonpa, prof. N.J. Hofmeyr, een van Kestell se teologie-professore op Stellenbosch. Een van Hofmeyr se seuns was J.H. Hofmeyr, eerste redakteur van *Ons Land*, en ’n ander was Nico, predikant, joernalis en skrywer en ’n voorstander van Afrikaans as skryftaal, hoewel hy die *Patriot* nie goedgesind was nie.

Ten tweede is Kestell beroep na ’n gemeente waarin hy met die sterk patriotiese Vrystaatse Afrikaners kon kennis maak. In 1882 is hy as hulpleraar na Dutoitspan, en ’n jaar of wat later na die buurgemeente Kimberley. Dit is in daardie gemeente dat hy kon kennis maak met mense wat tot met die anneksasie van Griekwaland-Wes Vrystaters was, soos Anthonie van Niekerk en Hermanus Steyn, ’n belese en taalbewuste boer wat die Afrikaanse taalbeweging gesteun het.

Sulke mense het weer die gees van die Voortrekkers in hom wakker gemaak. Dit het ook geen politieke of emosionele breuk met sy pa gebring toe hy en sy vrou besef het dat hulle nooit iets anders as Afrikaners kon wees nie. Al was sy pa Engels-georiënteerd, al het hy Kestell ywerig met die Engelse taal en letterkunde vertrouwd gemaak en steeds Engels met hom gepraat, het hy nie in die Britse koloniale politiek belang gestel of iets daaroor gesê nie (Van Schoor 1992:53).

Kestell wou onder sy eie mense bly en het vir ’n beroep na die Presbiteriaanse kerk bedank. In sy eie gemeente het hy van die Christelike Jongeliedevereniging gebruik gemaak om die jongmense se kennis van die verlede op te skerp. Sô het hy in 1892 ’n aantal lesings oor die Voortrekkers gehou. Die lesings is in 1893 in

boekvorm uitgegee onder die titel *De Voortrekkers*. (Dit is in 1920 in Afrikaans uitgegee.) Dit het alles voortgekom uit 'n sterk Afrikaner-gevoel wat deur die Eerste Vryheidsoorlog gewek is.

Omdat Kestell gemeen het dat die Engelssprekendes nie genoeg kennis van die landsgeskiedenis het nie, het hy 'n manuskrip, *The Voortrekkers*, aan Onze Jan Hofmeyr gestuur, om dit uit te gee as boek of as vervolgreeks in *The Cape Monthly Magazine*. Die manuskrip is egter afgekeur. Ná al sy mislukte pogings om iets in Engels gepubliseer te kry, het hy besluit om afskeid te neem van Engels vir sy letterkundige werk (Van Schoor 1992:65). Wat daartoe bygedra het, was 'n brief van sy swaer Nico Hofmeyr. Hy het aan Kestell geskryf dat dit nie sy taak is om die Engelssprekendes oor die Voortrekkers in te lig nie, maar om vir Afrikaners in hul eie taal daaroor te skryf, omdat daar haas niks in Hollands oor die Trekkers was nie.

Tekenend van die dilemma van die Kaapse Afrikaners was hierdie pleidooi in Engels; Hofmeyr was, soos Kestell, 'n oudleerling van die Stellenbosch Gymnasium. In Engels het hy gepleit dat Kestell nie Engels moet skryf nie, maar Afrikaans. Hy het gesê Engels word elke dag sterker. Hollands het geen kans onder die Afrikaners nie, want min van hulle kan dit praat. Hollands kan Engels nie keer nie; dis 'n verlore saak. Maar die Afrikaanse taal het 'n kans om stand te hou teen die magtige Engels. Dit kom natuurlik, dis in werklikheid ons moedertaal. Nico Hofmeyr het gesê: "Oh! my brother – I cannot deny it – the despised Afrikaans language is taking hold of my heart" (Van Schoor 1992:66–7).

Maar dit was makliker gesê as gedaan, want toe die twee saam 'n roman aanpak, was dit in Hollands. Die gesamentlike historiese roman was getitel *De Voortrekkers of het dagboek van Izak van der Merwe*. Dis die verhaal van 'n denkkeeldige Voortrekker; die historiese feite is egter korrek weergegee.

Hulle was dus in beginsel, of volgens gesindheid, Afrikaners met Afrikaanse harte, maar in die praktyk nog Afrikaners met Hollandse harte. Kestell se Hollandse hart is gesterk toe een van sy leermeesters uit Stellenbosch, prof. J.I. Marais, hom in 'n brief in Engels Hollandse bydraes vra vir *Het Gereformeerde Maandblad*, waarvan hy en ds. C.F.J. Muller die redakteurs was. Dis vreemd dat Marais nie in Hollands geskryf het nie, want dit was 'n voertaal aan die skool Tot Nut van 't Algemeen en daarna "Het Witte Huis" van dr. A.N.E. Changuion, waar hy skool gegaan het.

Marais het Kestell aangemoedig om Hollands te skryf, want dan sou hy moontlik 'n uitgewer in Nederland kon vind. Kestell was wel bietjie ergerlik omdat die professor kritiek gehad het op die dialoog in sy eerste verhaal, "Willem Landman". Hy wou die karakters laat leef deur hulle Afrikaans te laat praat, maar Marais wou nie die "plat" Afrikaans hê nie. Omdat Kestell sy verhale in die blad wou plaas, het hy maar die professor se raad gevolg (Van Schoor 1992:69). Hy het die verhale in 1898 in boekvorm uitgegee by HAUM onder die titel *Uit het Afrikaansche Boerenleven*, en daarmee kon hy darem 'n paar pond verdien. Later is dit in Afrikaans uitgegee as *Moderrivier*. In 1899 het nog 'n boek van hom verskyn, *Johanna Cloete en ander verhalen*.

Om saam te vat: in die 1890's moes Engels wel 'n aantal Afrikaners afstaan aan Hollands en Afrikaans, maar tog het dit met Engels so goed gegaan dat die skryfster Olive Schreiner in 1896 kon voorspel: "In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa speaking the Taal, save as a curiosity: only the great English-speaking South African people. This

movement cannot be hindered, it cannot be stayed, it is inevitable” (aangehaal deur Worrall 1976:203).

3. Afrikaners met “Hollandse harte”

Kestell en Nico Hofmeyr het in die 1890's dus Hollands gekies Op die oog af het dit goed gegaan met die Hollandse beweging. Akademies-gekskoolde Afrikaners wat nie Engels geskryf het nie, het Hollands gebruik.

Die beste voorbeeld is miskien S.J. du Toit, leier van die Afrikaanse beweging. Die meeste van sy boeke was in Hollands. Uit die lys titels wat die GRA en D.F. du Toit & Co. tot omstreeks 1895 uitgegee het (Du Toit 1909:173-6), blyk dit dat Du Toit 26 titels in Hollands en vier in Afrikaans gelewer het. In samewerking met ander skrywers was ses publikasies in Hollands en agt in Afrikaans. Du Toit se Bybelvertalings is nie hierby ingereken nie. D.F. du Toit & Co. het volgens dié lys meer eksemplare in Hollands gedruk as in Afrikaans: 93 650 teenoor 81 000.

Huigen (2006:6) haal aan uit 'n verslag van Du Toit se reis na Rhodesië (Zimbabwe) en merk op dat dit geen “tussentaal” is tussen Europese Nederlands en Afrikaans nie, maar “goeie 19de-eeuse Nederlands, met hier en daar tipies (Suid-) Afrikaanse woorde en uitdrukkings”.

Du Toit was redakteur van *Het Dagblad*, wat van 15 Julie 1896 tot 30 September 1898 in Kaapstad verskyn het (waaroor later meer). Hy het al in 1891 die plan gekry om 'n Hollandse dagblad uit te gee, en het gemeen dat *De Zuid-Afrikaan* en die *Patriot* moes verenig. Daarvoor was “Onze Jan” Hofmeyr nie te vinde nie (D.A. Scholtz 1975:211).

Kaapse nie-akademies-gekskoolde Afrikaners het Afrikaans gebruik, maar slegs vir briewe aan en gedigte in die *Patriot* en *Ons Klyntji*. De Waal was in 1893 en 1894 agtien maande lank klerk by die ysterwaresaak De Waal & Co., wat hoofsaaklik boere en handelaars op die platteland as klante gehad het. Hy het die meeste briewe gehanteer, “en kan getuig dat 'n brief skoon in Afrikaans iets uiters seldsaams was. Nie een uit 'n duisend was daarin opgestel nie. Boere sowel as winkeliers – of hulle nou lesers van die *Patriot* was of nie – het almal, waar hulle nie Engels gebruik het nie, hul beste beentjie in Nederlands voorgesit” (De Waal 1939:31).

Terwyl De Waal in Engeland in die regte gestudeer het, het hy aan 'n paar Suid-Afrikaanse vriende in Afrikaans geskryf. Die antwoorde wat hy gekry het, was in Engels. Ook aan Onze Jan het hy in 1896 'n brief gerig, maar dié het in Hollands gereageer. De Waal se pa het in Hollands geantwoord hy stel voor dat hy maar liewers in Hollands skryf. Daar is 'n “bakleislag” tussen die *Patriot*-taal en Hollands, en hulle – “ik bedoel de Hofmeijr-kring” – hou nie van die *Patriot*-taal nie. Maar, voeg hy onbekrompe by: “Verkiest u liefst het Afrikaansch, doen dan maar zooals u best denkt” (De Waal 1939:49–50).

De Waal meen wel dis aan Afrikaans te danke dat Hofmeyr die koerant *Ons Land* opgerig het. Die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, dr. J.W.G. van Oordt, vader van die skrywer D'Arbez, het “bo die koppe van sy lesers” geskryf en hy was ook nie goed genoeg bekend met die Afrikaners nie. De Waal vertel: “Onse Jan het dit al lank gewaar, maar het nie geweet hoe om van die lieue ou heer ontslae te raak nie”, totdat hy eindelijk (begin 1892) oorgegaan het tot die stigting van 'n ander blad, *Ons Land*, met sy neef, J.H. Hofmeyr, gewese predikant van Uitenhage en

J.D. Kestell se swaer, as redakteur. “Dié se Hoog-Hollands was genoeg naby die Hollandse standaardtaal.”

Die “arme, in die steek gelate *Zuid-Afrikaan* het dadelik begin kwyn”. Ná twee jaar is dit in *Ons Land* opgeneem, of soos dit gestel is, “verenig”. Sy volle naam was *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, met *Ons Land* in die grootste letters op die mashoof. “In alle geval, van sy stywe Nederlands was die Afrikaner-leser ontslae, en ’n stap ter tegemoetkoming van Afrikaans was geskied” (1939:38–9).

Hofmeyr was geen vyand van Afrikaans nie, maar die GRA het hy teengestaan. Hy het gemeen dat die beweging tot verbokkeling van kragte en mislukking van die taalstryd sou lei. Bowendien het S.J. du Toit se invloed afgeneem vanweë skinderstories, sy onbeheerste kritiek op die kerk en sy afwesigheid uit die Kolonie nadat hy in 1882 as die nuwe superintendent van onderwys in Transvaal aangestel is. Daar het hy ’n paar politieke flaters begaan en in 1890 na die Paarl teruggekeer as vyand van Transvaal en sy president, Paul Kruger. Dit alles het gevolge vir die Afrikaanse beweging gehad.

Die Afrikaner-nasionale beweging in Kaapland het ’n pro-Hollandse karakter gekry. Dit het saamgehang met die toenemende belangrikheid van Stellenbosch vir die taalstryd. Dié dorp het volgens Muller (1990:34–5) die Paarl en Wellington teen die einde van die 19de eeu as opvoedkundige sentrum verbygesteek. In 1859 is die kweekskool van die NG Kerk daar gestig en het (weliswaar in Engels) die aanvullende hoër onderwys vinnig ontwikkel. Uit die Stellenbosch Gymnasium het die Arts Department gegroei, wat in 1881 die Stellenbosch College en in 1887 die Victoria College geword het. Vooraanstaande Afrikaners het hul kinders daarheen gestuur. Die Paarlse taalbeweging het nie onder die geleerdes en studente van Stellenbosch posgevat nie.

Die Zuid-Afrikaansche Taalbond, wat in 1890 gestig is en hom vir die “volkstaal” sou beywer, het sterk gestaan op Stellenbosch. Die voorsitter was ’n stoere patriot en kerkman, prof. P.J.G. de Vos van die NG kweekskool, een van die bolwerke van Hollands. As mondstukke van die Taalbond het gedien *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, *Jong Zuid-Afrika* en *Ons Tijdschrift*. By die stigting van die Taalbond is met 47 stemme teenoor 36 besluit tot Hollands in plaas van Afrikaans (Hofmeyr 1913:467).

Teen 1894 het ’n beweging begin om Hollands te vereenvoudig om dit vir Afrikaners aanneemliker en toegankliker te maak. Klaarblyklik het die stigters aansluiting gesoek by voorstanders van vereenvoudiging in Nederland. Daar het R.A. Kollwijn in 1892 ’n Vereniging tot Vereenvoudiging van onze Schrijftaal opgerig (Van der Wal 1994:334).

In Januarie 1897 is ’n *Congres ter vereenvoudiging der Hollandsche taal* in Kaapstad gehou. Invloedryke belangstellendes uit die Vrystaat en Transvaal was aanwesig. Die kongres het ’n kommissie benoem wat gesaghebbende taal- en letterkundige organisasies in Nederland moes raadpleeg om te verseker dat ’n moontlike vereenvoudigde Hollands nie in stryd met die taalvorm van Nederland sou wees nie.

Nog ’n invloedryke kampvegter vir Hollands wat in Stellenbosch op die voorgrond getree het, was prof. W.J. Viljoen. Hy is in 1894 benoem tot professor in moderne tale en geskiedenis aan die Victoria College. Sy Ph.D aan die Universiteit van Straatsburg het hy magna cum laude behaal op grond van die proefskrif *Beiträge zur Geschichte der Cap-Hollandischen Sprache* (1896). Hy was as dosent ’n

kragtige persoonlikheid, welsprekend en besiel met 'n vurige liefde vir sy vak. In 1896 het hy *Ons Spreekuur* op Stellenbosch gestig, die populêrste vereniging op die dorp.

Een van die verdedigers van Hollands was 'n formidabele figuur in die Kaapse kultuurlêwe, mev. Marie Koopmans-De Wet. Sy het 'n deeglike opleiding gehad en het, behalwe Afrikaans, Hollands en Engels, ook Duits en Frans beheers. Die lotgevalle van die Voortrekkers en die koms van die Boererepublieke het by haar as jong meisie 'n nasionale gevoel laat ontwaak. Haar woning het as die "Strandstraatse salon" bekend gestaan. Sy het kunsvoorwerpe (meubels uit die Hollandse tyd, skilderye, porselein) versamel om die Kaaps-Hollandse tradisies op statige wyse in ere te hou.

Koopmans-De Wet was 'n vroeë yweraar vir die behoud van die natuurskoon, bome van historiese waarde, monumente, oudhede en historiese dokumente, en het help keer dat die Kasteel in die Kaap gesloop of geskend word. Toe Cecil John Rhodes, Kaapse premier, haar mening laat vra oor 'n beoogde verandering (een van die punte van die Kasteel sou afgebreek word), het sy laat weet: "Sê vir mnr. Rhodes sy neus is ook net 'n klein puntjie van sy gesig. Laat hy dit afsny en dan in die speël kyk."

Sowel buitelandse as binnelandse reisigers het dit as 'n eer beskou om by haar aan huis te kom. Sy het vreemdelinge, veral Engelse, ontvang om te laat blyk dat grootmoedigheid 'n inherente karaktertrek van haar volk is. In 'n tyd waarin daar neergesien is op Afrikaners, wou sy aan die wêreld wys dat om Afrikaner te wees, niks was om oor skaam te voel nie. Sy is soms beskryf as "the proud Dutch woman of the Cape". Haar grootste belangstelling was die Hollandse taal. Vir die onthulling van die taalmonument op Burgersdorp in 1893 het sy 'n banier met die woorde "Lang leve onze taal" en 'n goue medalje met die woorde "De Hollandsche taal 1806-1893 Ik worstel maar bezwijk niet" daarheen gestuur. Dié monument is opgerig nadat Hollands 'n paar regte herwin het. Een van die inskrywings was: "Erkend is nu de moedertaal in Raad, kantoor, en schoollokaal".

'n Eerste stap was die erkenning van Hollands as taal wat in die parlement gepraat mag word. Die leiers wat hulle daarvoor beywer het, was Onze Jan Hofmeyr en S.J. du Toit. 'n Eerste poging in 1881 het misluk, maar op 9 Junie 1882 het die Kaapse parlement die gebruik van Hollands naas Engels as parlementêre taal erken. 'n Nuwe onderwyswet het die bepaling van 1865 herroep wat die gebruik van Engels as voertaal in skole verplig het. In die praktyk het Engels egter die voertaal gebly, omdat die staatstaal Engels was en die eksamenliggaam, bekend as die University of the Cape of Good Hope, slegs Engels as eksamentaal toegelaat het.

In die ZAR was Hollands die staats- en onderwystaal. Vroeg in die 1880's is probeer om Afrikaans as amptelike taal te erken. S.J. du Toit het in 1881 met die sogenaamde Driemanskap (Paul Kruger, M.W. Pretorius en Piet Joubert) gepraat oor Afrikaans as moontlike amptelike taal. Hulle was eenparig daarvoor, maar wou hê dat die volk dit vra. Du Toit het op 'n volksvergadering gepraat en mense aangeraai om petisies te teken. Die vergadering was eenparig vir Afrikaans (Du Toit 1917:112), maar daarby het dit gebly.

'n Paar jaar later is Hollands erken. Wet 10 van 1888 het bepaal: "De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen" (Ameshoff 1893:33).

Pes. Kruger se houding teenoor Hollands blyk uit 'n toespraak op 6 Maart 1884 in Amsterdam, met die besoek van 'n Transvaalse deputasie. Hy het geantwoord op 'n toespraak van prof. J.W. Gunning, wat gesê het daar bestaan 'n "taalgemeenskap" tussen die Hollanders en Transvalers in die enger sin waarin dit 'n ander woord is vir éénheid van nasionaliteit, gelykheid van die diepste trekke, wat die volkskarakter teken. Dit blyk uit Kruger se antwoord dat hy Afrikaans as 'n vorm van Hollands beskou het. Volgens hom is verskillende tale aan die Afrikaner opgedring, "maar ons het Hollands behou, altans die grondslag, al kan u my miskien hier en daar nie verstaan nie. Ons het ons eie taal behou, die taal van die volk van Nederland, wat tagtig jaar geveg het vir die vryheid en die geloof. Ons volk het in die woestyn deur alle storms heen sy taal en sy geloof behou. Ons ganse stryd lê daarin opgesluit" (Van Oordt, 1898:415, 418; vertaal uit Nederlands). Hierdie gedagte vind mens terug in toesprake met sy beëdiging as staatspresident in 1893 en 1898. Hy het in byna identiese dele van sy toesprake gesê dat onverskilligheid teenoor die Hollandse taal ook onverskilligheid teenoor die Bybel, die godsdiens en die voorouers meebring. "Hou vas aan u taal, Bybel en godsdiens" (Van Oordt, 1898:864; Du Plessis, 1952:52–3, 72–3).

Omdat daar nie genoeg opgeleide Afrikaners in Transvaal was nie, het Kruger heelparty amptenare gewerf in Nederland, waar die Eerste Vryheidsoorlog groot geesdrif vir dié republiek gewek het. Sy teenstanders het die mag en invloed van Nederlandse amptenare en onderwysers oordryf. Die staatsekretaris was tydelik 'n Nederlander, naamlik dr. W.J. Leyds, maar die president en op een na al die lede van die uitvoerende raad was Afrikaners. Twee regters van die hooggeregshof was Afrikaners, twee Hollanders en een 'n Skot. Die landdroste was op een na almal Afrikaners. In Mei 1897 het die ZAR 1 958 amptenare gehad, van wie 306 Hollanders was, 682 Transvalers, 478 Kolonialers, 105 Vrystaters, 42 Natallers, 107 Britte en 66 Duitsers (Ploeger 1952:189). Baie van "Krugers Hollanders" het hulle met die Transvalers vereenselwig en in die Tweede Vryheidsoorlog aan Boerekant geveg.

Die Onderwyswet van 1882 het van Hollands die uitsluitende medium van onderwys gemaak, maar is nie streng toegepas nie. Veral onderwysers uit die Kaapkolonie het Engels as voertaal gebruik. Die Onderwyswet van 1892 het bepaal: "Alle onderwys moet gegee word in die Hollandsche taal." Tog was die ZAR toegeeflik. Die Volksraad het, ook in 1892, besluit dat skole wat nie Hollands as voertaal het nie, staatsubsidie sou ontvang mits dié taal onderrig en die leerlinge se bevoegdheid daarin getoets word. Kragtens Wet 15 van 1896 is staatskole vir Engelse kinders gestig waar hulle teen geringe of geen betaling nie in hul eie taal onderwys kon ontvang en gaandeweg die amptelike taal kon aanleer (Zietsman 1982:286, De Villiers 1936:203-10).

Volgens dr. N. Mansvelt, sedert 1891 superintendent van onderwys, was die beleid geslaag. Hy het in 'n Volksraaddebat melding gemaak van Afrikaanse kinders met 'n Afrikaner-onderwyser, wat vrae in "goed Hollandsch" kon beantwoord (*Notulen van den Eersten Volksraad*, 1898:572). Heelparty Afrikaners met skoolopleiding het Hollands leer skryf, party goed, ander 'n bietjie krom. In die Tweede Vryheidsoorlog was die taal van die rapporte van Transvaalse Boerebevelhebbers in die amptelike landstaal Hollands.

Ook van Nederlandse kant is die kennis van Hollands as intellektuele taal gestimuleer. Nederlandse entoesiasme vir Transvaal het in 1885 gelei tot die stigting in Amsterdam van 'n Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten. Die fonds het tussen 1885 en 1935 376 Afrikaners in staat gestel om in Nederland te gaan studeer (Pont 1935:VII).

Die Transvaalse beleid het verengelsing help voorkom, maar 'n negatiewe houding teenoor party immigrante uit Nederland is soms na hul taal oorgedra. Minstens vier Afrikaners wat toe of later 'n belangrike rol in die taalbeweging gespeel het, het in Transvaal anti-Hollander- en anti-Hollandse sentimente opgedoen. Hulle is S.J. du Toit, Eugène Marais, J.H.H. de Waal en C.J. Langenhoven.

Hollandse koerante het die saak van die bedreigde Afrikaners gestel ná die Jameson-inval van 1895–96, wat 'n voorspel tot die Tweede Vryheidsoorlog was.

Die hoofverdediger van die Transvaalse saak was *De Volksstem*, waarvan dr. Frans Vredenburg Engelenburg in 1889 die redakteur geword het. So sterk het Hollands gestaan dat *De Volksstem* van 1895 tot 1900 in Pretoria as middagblad kon verskyn nadat dit van 1873 'n weekblad en daarna halfweekblad was.

Die belangrikste Vrystaatse redakteur was 'n gebore Duitser, Carl Borckenhagen, wat om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom en in 1877 redakteur en in 1880 die alleen-eienaar van *De Express en Oranje Vrijstaatsch Advertentieblad* geword het. Hy het die koerant opgebou van 'n sukkelende blad tot die invloedrykste in die Vrystaat. Anders as *The Friend* van Bloemfontein het hy die regte en onafhanklikheid van die Vrystaat steeds verdedig. Selde het 'n buitelandse gevoelens van die Afrikaner so goed vertolk. Hy het volhardend gestry teen die verdringing van Hollands deur Engels in staatskantore, stadsraads- en ander vergaderings in Bloemfontein, en die twee grootste skole, Greykollege en Eunice.

Hoewel Borckenhagen eers teen Afrikaans as skryftaal was, het hy onder invloed van F.W. Reitz en dr. J. Brill van mening verander. Daar was aanvanklik ook goeie samewerking met *Die Afrikaanse Patriot*, veral ná 'n besoek van D.F. du Toit ("Oom Lokomotief") aan Bloemfontein in 1881. Die meerderheid lesers was egter teen Afrikaans as skryftaal, sodat *De Express* maar by Hollands gebly het. In 1891 het Nico Hofmeyr redaksielid geword. Hy was skrywer van *Kijkjes in onze geschiedenis*, 'n leesboek vir die skool en gesin (waarvan tot in 1921 100 000 eksemplare verkoop is), en daarna verskeie ander boeke oor die Jameson-inval en die Tweede Vryheidsoorlog. Hy het die volkslied "Afrikaners landgenote" gedig.

Die redakteur van *Ons Land* in Kaapstad was F.S. (Frans) Malan. Hy was 24 jaar toe Onze Jan Hofmeyr hom in 1895 ná sy studie in Engeland gevra het om redakteur te word. Sy eerste groot toets as redakteur het binne twee maande gekom, met die Jameson-inval. Hy het Rhodes, een van die aanstigters van die inval, skerp aangeval.

Baie Afrikaners het Hollands gelees. Een van die gewildste skrywers was D'Arbez, skuilnaam van J.F. van Oordt, 'n seun van die reeds vermelde dr. J.W.G. van Oordt. J.F. se moeder Susanna was 'n dogter van 'n Suid-Afrikaanse Nederlandse opvoedkundige, dr. A.N.E. Changuion.

J.F. van Oordt is in Suid-Afrika gebore, maar was 'n groot deel van sy jong lewe in Nederland, en het daarna op verskeie plekke in Suid-Afrika verskillende soorte werk gedoen. Hy het die beginsels van die GRA goedgekeur, maar wou hom nooit daarby aansluit nie. Die tyd vir 'n Afrikaanse skryftaal was vir hom nog nie ryp nie. Hy het in 1878 begin skryf, maar "ik het altyd vasgehou aan die eenvoudige Hoog-Hollands en probeer om die taal so te gebruik dat die meeste van ons mense dit kan verstaan, en ik glo dat dit my geluk het." Daar is min mense wat sy boeke van die Zuid-Afrikaansche Historie-Bibliotheek nie kan verstaan nie, skryf hy in 1914 in 'n artikel. De Waal het hom soms aangeval "oor m'n terughou

van die grote saak”, maar hy wou eers die kat uit die boom kyk; dit het gelyk of die beweging “uitgegaan het van ’n klein klompie mense” (Nienaber 1936:19).

Die naam D'Arbez is die omgekeerde van zebra. Dit is 'n naam wat ene prof. Cosyn van Leiden aan hom gegee het. Hy is in 1896 aangestel as skrywer van die firma Jacques Dusseau & Co., later die Hollands-Afrikaanse Uitgewersmaatskappy. Die eerste serie van die Historie-Bibliotheek was dertien mooi gebonde boeke, wat teen 2s. 9d. stuk of £1 10s. per stel verkoop is. Die bekendste was *Mooi Annie* en *Dawid Malan*. Van eersgenoemde is 8 000 eksemplare van die Hollandse uitgawe (1896, 1914, 1916 en 1919) verkoop, en ná vertaling in 1926 deur P.C. Schoonees 24 000 in Afrikaans, terwyl van *Dawid Malan* 6 000 in Hollands verkoop is (in 1896, 1915 en 1917) en ná vertaling in 1927 deur Ester Kritzinger 13 000 in Afrikaans. Ander werke van hom in Hollands en Afrikaans het ná die Tweede Vryheidsoorlog verskyn. Omdat hy soveel in die swart mense belang gestel het, het die Kaapse regering hom in 1905 aangestel om teen 'n salaris van £250 per jaar navorsing te doen na die oorsprong van die “Bantoeras”. Dit het in vyf dik boekdele verskyn.

D'Arbez se romans met 'n nasionale strekking was baie lank die gewildste leesstof van jong Afrikaners. Byna 100 000 eksemplare van sy Hollandse boeke is in die 19de en 20ste eeu verkoop (Nienaber 1936:143). Sy grootste was *Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek* (1898), waarvoor hy Kruger self ondervra het. Daarvan is 7 000 eksemplare verkoop.

Sy Hollands was “skerp Afrikaans-getint” soos Schoonees (1925:27) dit stel. Afrikaans is vir die dialoog gebruik. “Sonder dat hy dit self bedoel of geweet het, het sy werk dus die oorgang van Hoog-Hollands na Afrikaans bevorder en vergemaklik.” Sy werk het verskyn in 'n tyd toe die Afrikaner-geskiedenis veral op skool stelselmatig verdraai is. Sy werk “was 'n reaksie op die anti-nasionale onderwyspolitiek van die oorwinnaar, wat ons almal wou angliseer”, bevind Schoonees. “Hy het gehelp om die nasionale selfrespek van die Afrikaner op te bou deur te wys op die roemryke daade van ons voorvaders” (Schoonees 1925:27).

'n Letterkundige, Elizabeth Conradie, meen (1949:200) dat die “Hoog-Hollandse Taalparty” in hom sy allergrootste steun gehad het. “As tolk van die verlede het hy 'n Hollands gebesig wat hom so ver as moontlik na die volkstaal gerig het en daardeur het hy sy mede-Afrikaners leer lees soos niemand voor hom nie en weinige na hom.”

4. Afrikaners met “Afrikaanse harte”

Hollands was dus in die 1990's 'n gewilde leestaal van Afrikaners, en in elk geval die taal waarin die saak van die Afrikaners gestel is, nie meer Afrikaans soos voor en tydens die Eerste Vryheidsoorlog nie. Afrikaans het in dié opsig sy funksie verloor vanweë die frontverandering van S.J. du Toit.

Terwyl hy nog in Pretoria was, het S.J. du Toit 'n gesprek met Rhodes gehad oor dié se planne om Rhodesië te koloniseer. Dit was 'n vriendelike en vertroulike gesprek met 'n gedemoraliseerde, eensame Du Toit, wat sonder geld of invloed was, en het vir hom baie beteken. Vanaf die tagtigerjare het hy stap vir stap al meer anti-Transvaals en pro-Brits geword. Op 28 Augustus 1894 skryf hy in die

Patriot dat as mens die toestand in Transvaal nagaan, "dan moet jy honderd maal liwer verkiis om onder di Engelse regering te lewe as onder so 'n Republiek".

Verskeie mense het beweer dat Rhodes Du Toit omgekoop het om hom te steun, maar daarvoor is daar geen bewyse nie. Die feit dat Du Toit so arm gebly het, weerlê die bewerings. Wel het Rhodes op 20 Februarie 1894 £339 7s. 2d. aan Du Toit geleen. Daarmee is hy in sekere sin onder 'n verpligting teenoor Rhodes geplaas.

Sy politieke verandering het gelei tot 'n skeuring onder die GRA-stigters. Omstreeks April 1891 het Du Toit en sy broer, D.F., Oom Lokomotief, kwaai-vriende geword, en van toe af was S.J. du Toit die enigste redakteur van die *Patriot*. C.P. Hoogenhout het Oom Lokomotief se kant gekies. "Afrikaans [is] in on-Afrikaanse hande," sê De Waal (1939:65) prontuit, maar bietjie onregverdig; Du Toit het nooit sy liefde vir Afrikaans afgesweer of sy Afrikanerskap verloën nie. Tog het sy houding negatiewe gevolge vir die taalbeweging gehad. Nog in 1950 het mense uit die Paarl onthou dat party GRA-mense Engelsgesind was in die oorlog; M.E.R. (1976:43) skryf op 31 Augustus 1950 aan haar dogter oor wat 'n Paarlse ingesetene haar vertel: "DF [Malherbe] se pa het in kakie geloop. Baie was Townguards." (DF se pa, P.J. Malherbe, was 'n GRA-stigterslid.)

Geleidelik is Du Toit van die Afrikanerbond vervreem, veral deur sy standpunte in *Het Dagblad*, wat waarskynlik deur Rhodes gefinansier is (Scholtz 1975:211). D'Assonville (1999:125) se sakte oordeel is dat hy 'n konsiliasiepolitiek tussen Afrikaners en Engelssprekendes probeer volg het, waarvoor die tyd nie ryp was nie. In werklikheid het hy opgetree as pleitbesorger van Rhodes en aanvaller van mense wat anti-Engels was (Scholtz 1975:211). *Het Dagblad* is opgevolg deur *De Kolonist* (drie maal per week), waarvoor Du Toit hoofartikels geskryf het.

De Waal het op 'n keer vir Hofmeyr gesê dat die Afrikanerbond miskien te min van Du Toit se bekwaamheid gebruik gemaak het. Hofmeyr se antwoord was dat Du Toit 'n gevaarlike man is om te gebruik – "soos 'n boer dit aan my uitgedruk het, Du Toit is soos 'n bok: alles waaraan hy kou, vrek." Maar De Waal gee toe dat dié vergelyking nie heeltemal steek gehou het nie (1939:66).

Dis begryplik dat daar 'n kloof tussen Du Toit en die Afrikanerbond sou kom. Op voorstel van dr. Josias Hoffman het die Bond op sy kongres in Maart 1897 besluit om *Het Dagblad* nie langer as Bondsorgaan te erken nie. In 1898 is Du Toit uitgewerk as lid van die Kommissie van Toezicht op Electies van die Afrikanerbond en het hy 'n nuwe party, die Koloniale Unie, gestig wat Engeland se oppergesag in Suid-Afrika erken, maar Engels en Hollands as amptelike tale voorgestaan het. By die stigting was net 13 mense.

Die *Patriot* het tot in Maart 1899 op sy titelblad vermeld dat hy die "erkende orgaan" van die Afrikanerbond is. Nadat die bond besluit het om Du Toit as lid en die *Patriot* as mondstuk te skrap, het die blad van 16 Maart 1899 af vermeld dat dit "Di miskende orgaan van di Afrikaner-Bond" is. Daaroor het J.H.H. de Waal 'n spotgedig vir *Ons Land* geskryf, "Di miskende dominee", met onder meer die reël: "Net waar 'k wend, word ek miskend." Verskeie korrespondente het hom daarna "die miskende dominee" genoem. Miskening, waarvoor Du Toit deels self verantwoordelik was, was inderdaad die tragiese lot van dié Afrikaner wat een van die skerpinnigste denkers oor taal was wat die land opgelewer het.

Tog het Afrikaans in die praktyk veel sterker gestaan as wat die gebrek aan erkenning, asook die politieke dissidentskap van Du Toit, 'n mens kan laat vermoed. Die latere taalstryder Gustav Preller, wat in die 1890's in die

departement mynweese was, sê wel dat die Transvalers op "ons landskantore Hollands geskryf en gepraat [het]; dit het nie oral ewe maklik of vlot toegegaan nie, maar ons was 'n lang end op pad daarheen."

Ongelukkig oor die latere koers van die taalbeweging beweer Preller in 1938 selfs dat Hollands in Transvaal nie net kerk-, skool- en amptelike landstaal was nie, maar dat Transvaalse Afrikaners "ook goed op pad was, in 1899, om dit te besig as omgangstaal". Volgens hom het menige jong Transvaler wat in Holland gestudeer het, met Hollands as huistaal teruggekeer. "Ons het daar niks verkeers in gesien nie; intendeel, dit was die bestemming wat ons bewustelik nagestreef het." In sommige staatskantore was dit gewoonte "om iemand wat enkel Engels praat eenvoudig nie te verstaan nie". Die gebruik van Hollands was nie die gevolg van enige dwang of ruggraatloosheid nie. "Dié seuns was almal bewuste, goeie Afrikaners, wat geen oomblik geaarsel het om, toe die oorlog uitbreek, met die geweer in die hand krag by te set aan hulle oortuiging" (Preller 1938/39:57–9).

Daar is egter geen getuienis vir die stelling dat baie van die Transvalers Hollands begin praat het nie. Preller was in 1914 trouens self van mening dat daar in Transvaal gunstige voorwaardes was om Hollands as spreektaal te aanvaar, maar "ons het 't nie kon regkry nie" (*De Volkstem*, 31 Julie 1914). G.R. von Wielligh, wat sedert 1884 as landmeter-generaal van Transvaal een van die bes georganiseerde departemente in die land opgebou het, bevestig (1922:15) dat daar nie altyd 'n "suiwer Hollands" in die Transvaalse staatskantore geskryf is nie.

Kennis van Hollands was noodsaaklik vir goeie loopbane, maar die taalbeleid is soepel toegepas. Transvaalse Afrikaners sonder perfekte skryfvaardigheid in Hollands kon toegang tot belangrike poste kry. Die faktor wat krag kon gee aan 'n moontlike Afrikaanse taalbeweging, het ontbreek. Dit is taaldiskriminasie wat mense sou verhinder het om gesogte loopbane te beklee. Die *landszonen*, Transvaalse burgers, het voorkeur gekry.

Wat verder 'n taalbeweging in Transvaal verhinder het, was dat daar min rede vir die Afrikaanse publiek was om in opstand te kom teen die taalbeleid. Die begrip *Hollands* in Transvaal en die Vrystaat het in die praktyk die geskrewe Hollands van Afrikaners en Hollanders, gesproke Hollands van Hollanders én gesproke Afrikaans ingesluit. Uit opmerkings in die Transvaalse Volksraaddebatte, asook uit die getuienis van Von Wielligh (1922:15) en M.E.R. (M.E. Rothmann) kom 'n mens agter dat Afrikaans in Transvaal in groot mate die "werklike medium van onderwys" was waar die onderwysers Afrikaners was (Rothmann 1972:102). De Waal (1939:32–3) se leerlinge het in 1892 op Utrecht gepresteer omdat hy Afrikaans gebruik het, maar die inspekteur, "n iesegrimmige Hollander", het hom oor die "ongrammatikale" taal – Afrikaans dus – gekritiseer (De Waal 1939:36).

Op die tweede Afrikaanse Taalkongres in 1897 het ds. Du Toit gesê: "Engels en Hollands is reeds as offisiële tale erken Holl. mar het di *naam* en Afrikaans di *daad*, want in di Volksrade en Parlemente word ni Hollands mar Afrikaans gepraat. Di skoolmeester gebruik oek Afrikaans" (Taalkongres 1897:7). Op die eerste taalkongres het Du Toit beweer dat "di taal wat van ons kansels gepreek word, dri kwart Afrikaans is."

Een Transvaalse Afrikaner wat Afrikaans as toekomstige kultuurtaal beskou het, is J.H. (Koos) de la Rey, die latere generaal. Hy het in 1898 in 'n onderwysdebat in die Volksraad teen Nicolaas Mansvelt gepraat. De la Rey het gesê dat pogings om Afrikaans teen te gaan, vergeefs sou wees. Afrikaans is ewe goed as Hollands

vir die beskaafde uitdrukking van gedagtes (*Notulen van den Eerste Volksraad der Z.A. Republiek*, 1898:575).

Die Afrikaanse beweging het in die republieke steun geniet. Die *Patriot* het dit gewild gemaak in die tyd ná die Britse anneksasie van 1877.

Wat 'n taalbeweging in Transvaal verder teëgehou het, was die stemming ná die Jameson-inval van 1895–96. Die agitatie vir meer Engels in die onderwys het afgeneem. Hollands is aangevoel as deel van 'n bedreigde volksbesit. C.R. de Wet, die latere generaal, het op 13 April 1897 in die Vrystaat gesê dat die verwaarlosing van 'n taal die onafhanklikheid van 'n nasie ondermyn (Malan 1982:264).

Twee taalkongresse van die GRA toon hoe lewenskragtig Afrikaans was, selfs in hierdie organisasie wat feitlik op sterwe na dood was. Die eerste is op 15 en 16 Januarie 1896 gehou. Die besluit om dit te hou, is geneem op die GRA se 20ste “jaarfees” op 14 Augustus 1895. Die datum 15 Januarie is gekies omdat dit die 20ste verjaardag van *Die Afrikaanse Patriot* was. S.J. du Toit was die groot krag agter dié taalkongres en dié van 1897.

'n Stuk of 130 mense het in 1896 die taalkongres in die stadhuis van die Paarl bygewoon. Daar sou meer gewees het, maar die Jameson-inval het die Transvalers en party Vrystaters verhinder om te kom. Die meeste afgevaardigdes was van die GRA se bakermat: die Paarl, Dal Josafat, Klein Drakenstein en Groot Drakenstein. Die grootste afvaardiging, 19 stuks, het uit Strydenburg gekom, waar Du Toit 'n groot aanhang gehad het. Daar was heelparty uit Griekwaland-Wes, en ook mense uit vier Vrystaatse distrikte, Kroonstad, Boshof, Harrismith en Vrede.

Twee professore van die Gereformeerde Kerk se teologiese skool op Burgersdorp was teenwoordig, naamlik J. Lion Cachet en S. Postma. Nog 'n professor was 'n gebore Nederlander, W.S. Logeman, sedert 1894 professor in moderne tale aan die South African College.

Logeman het steeds vooroordele teen Afrikaans probeer weerlê, en vir sy studente gesê dis 'n voorreg om in aanraking te kom met Afrikaans, “'n taal in wording”. Onder dié studente was M.E.R. “Ek onthou hoe hy daaroor uitgewei het; hoe hy belang gestel het in die uitdrukkings wat ons gebruik het – want ons het vrae en antwoorde, mondelings, in ons eie Afrikaans gedoen. Ek kan nou nog die geamuseerde glimlag sien op die gesig van die student langs my oor die ‘ou’ se uitvra, want dit het nie regtig by ons opgekom dat Afrikaans werklik 'n taal was nie” (Steyn 2004:43).

Op die taalkongres het Logeman gewaarsku teen 'n verskraling van die woordeskat en aanvul daarvan met onvertaalde Engels. Hy is vir die beginsel van “skryf soos jy praat”, maar mense behoort hul woordeskat uit te brei. Daarby het hy die gewoonte veroordeel om Hollands en Engels te meng. Die verslag lui: “Hy kon veul van sjokolade hou, en veul van ham, mar hy sou ni albei gelyk in syn mond steek nie.”

Op die 1896-kongres is besluit om 'n tydskrif, *Ons Klyntji*, uit te gee. Die naam is deur Postma aan die hand gedoen. Op 'n gesellige byeenkoms die aand van 16 Januarie het Lion Cachet 'n heildronk op die blad ingestel. “Di Kleintji wat vandag gebore is, is 'n Kleintji wat hy al lang verwag het (gelag); want hy het di noodsaaklikheid ingesiin dat ons Afrikaanse volk ook Afrikaanse leesstof moet hê.” Ander wat oor die nuweling gepraat het, was dr. Josias Hoffman van die

Paarl, Logeman, en ene dr. Viljoen. Hý het gesê dis maar treurig dat as die jong mense vry, hulle 'n vreemde taal gebruik. As *Ons Kleintji* voorspoedig wil wees, sal dit grootliks van die dames afhang.

Elke aand was daar ná die verrigtinge 'n geselligheid. Onder die musiekmakers was prof. Rocco de Villiers die vernaamste. Die eerste aand het mnr. Joh. Cilliers, seun van die bekende Voortrekker Sarel Cilliers, vertel van die Groot Trek en die Slag van Vegkop. Melt Brink het 'n lang gedig wat hy self geskryf het geresiteer. Sy teenwoordigheid is vermeldenswaardig, want hy was geen *Patriot*-man nie. Hy het Afrikaans as goed genoeg vir grappe beskou, maar nie vir die verheffing daarvan tot plaasvervanger vir Hollands nie (De Waal:1939:30). In die inleiding tot sy eerste bundel, *Grappige stories en ander versies*, skryf hy in 1883: "Ik heb mij, wat de taal betreft, zooveel mij zulks mogelijk was, aan de middenweg tussen goed Hollands en Patriots gehoude. De eerste omdat ik denk dat deze voor velen gemakkelijker zal lezen, en ten tweede omdat ik het Patriots te overdreven acht, wij spreken zo niet onder ons. Ik heb het Kaaps-Hollands zoals wij het gewoonlijk spreken gevolgd" (Kannemeyer 1978:71).

Die tweede aand was daar 'n lekker onthaal. "Di ruime saal was reg genoegelik, huiselik ingerig en o'eral rond staan tafels ryk belaaï met allerlei lekkernye en drankte. [...] Di drank werd verskaf deur Di Paarl Berg Wyn en Brandewyn Maatskappy, en dat di Maatskappy alle eer het sal onse onderveldse vrinde wel kan getuig."

Die eerste nommer van *Ons Klyntji* het in Maart 1896 verskyn. Daarin is verklaar: "Myn doel is: die lus en liifde fer ons moedertaal op te wek en an te kweek. Ek kan ni anders praat ni as ek geleer het, en dit is Afrikaans." Die blad het begin met 'n oplaag van 500, wat volgens ds. Du Toit op die kongres van 1897 tot omtrent 3 000 gestyg het.

Du Toit se vervolgreeks *Di koningin fan Skeba* was so gewild dat party lesers wou hê die tydskrif moes twee maal per maand verskyn. *Di Koningin fan Skeba* of *Salomo syn oue goudfelde in Sambesia* is in 1898 in boekvorm uitgegee en is talle kere herdruk. Dit is die eerste historiese roman in Afrikaans. Sy plasing van die Ou-Testamentiese Paradys in Midde-Afrika het 'n eeu later polities korrek geword. Die boek is in 1998 in faksimilee herdruk.

In dié tyd het *Ons Klyntji* die laaste twee van J. Lion Cachet se *Sewe duiwels*, G.R. von Wielligh se *Jakob Platji* en S.J. du Toit se *Magrita Prinsloo of Liifde getrou tot in di dood* geplaas. Hierdie drama uit die Voortrekkertyd is op 27 Januarie 1897 aan die begin van die tweede taalkongres in die Paarl opgevoer. Volgens sy seun J.D. du Toit was dit 'n heerlike aand. "Die stadsaal was propvol en g'n een het onbewoge vandaar gegaan nie" (Du Toit 1917:327).

Die kongresgangers het die verhouding tussen Afrikaans, Hollands en Engels indringend bespreek. Hul besluit getuig van 'n realistiese kyk op die taaltoestand, maar ook van hoop op welslae van die taalbeweging:

Angesiin Hollans di offisi'ele taal is fan die Frystaat en Transvaal en oek erken is as sodanig same met Engels in di Kaapkoloni, en oek nog geag word di Kerktaal te wees, so erken di Afrikaanse Taalkongres met waardering alle pogings wat aangewen word tot behoud en bruikbaarmaking fan di Hollanse taal in Suid-Afrika;

Angesiin Engels die offisi'ele taal is fan di Kaapkoloni en Natal, en 'n grote deel van ons landsbevolking, feral die handelsbevolking, di Engelse taal

gebruik, so erken di Kongres di wenselikhed dat di Engelse taal ook geleer worde waar di omstandighede dit toelaat;

Mar angesiën Afrikaans di moedertaal is fan di o'ergrote meerderheid fan ons bevolking, so blyf di Kongres by di beginsel neergeleg by di forige Kongres dat Afrikaans behoort erken en beoefen te worde as skryftaal, en selfs as offisiële taal, op staatkundige sowel as maatskappelijke gebied, insonderheid op di skole.

Minstens een taalkundige in Nederland het gemeen dat al die pogings om Nederlands in Suid-Afrika te bevorder, tot mislukking gedoem was. D.C. Hesseling, 'n gesaghebbende oor die diglossie-situasie in Griekeland, betoog in 1897 in *De Gids* dat Afrikaans ontwikkel het tot 'n selfstandige taal. Die Nederlandse spreek- en skryftaal het vir die Afrikaner 'n vreemde taal geword, wat hy wel gemakliker kan aanleer as 'n ander taal, "maar die nimmer voor hem de taal zal worden waarin hij zijn eigen zieleleven kan uitdrukken". Daar is wel Afrikaners wat wetenskaplike geskrifte in suiwer Nederlands opstel, en dis nie ondenkbaar nie dat die getal sterk sal toeneem wat in amptelike stukke, handelsbriewe en dergelike 'n suiwer Hollands sal leer gebruik – net soos Nederlanders in verskeie tale kan korrespondeer. Dit sal Afrikaners maklik val om die taal van die ou moederland te leer skryf.

Maar dit alles het niks met literatuur te make nie, sê Hesseling. Wat hy nie as moontlik beskou nie, en wat na sy mening nog nooit gebeur het of kan gebeur nie, is dat 'n skryftaal wat van buite aangevoer is en deur 'n kloof van twee eeue geskei is van die gesproke taal, ooit die voertuig kan word van 'n nasionale letterkunde, die enigste betroubare bolwerk teen die veldwinnende mag van Engels. Daar is na sy vaste oortuiging maar een middel om so 'n nasionale letterkunde moontlik te maak: die skryf van die volkstaal.

Hy het hom sterk uitgelaat oor die houding van die Nederlandse taalkundige Jan te Winkel, wat die "Patriottenpartij" gevra het om nie 'n taal in te voer wat in niks anders sy krag kon soek nie "dan in de gemakzucht der minst ontwikkelden onder de boeren". Wat Hesseling verontwaardig laat opmerk: "Hoe kan men zoo iets zeggen van de waarachtige taal van een volk!" (Hesseling 1897:157-8).

5. Gevolgtrekkings oor die 1890's

Uit die voorgaande oorsig van die taalgesindhede van die 1890's, aangevul met gegewens uit die dekade onmiddellik daarna, kan 'n mens 'n paar gevolgtrekkings maak wat met mekaar saamhang.

Ten eerste sou 'n mens kon aflei dat Afrikaners teen die einde van die 19de eeu hul identiteit eerder belewe het as gevorm deur die geskiedenis en hul vereenselwiging met die volk as deur Afrikaans. Hul gesindheid weerspieël in groot mate die mening van 'n tydgenootlike Franse taalkundige, Antoine Meillet, wat in 'n studie oor die volke en tale van Europa betoog het dat die bewustheid daarvan om tot 'n volk te behoort, nie afhanklik is van die een of ander stoflike steun en selfs nie van die taal nie. Om tot 'n volk te behoort, is 'n saak van "gevoel en wil" (1921:66).

Ten tweede: die vernaamste voertuig van Afrikaner-nasionalisme in die 1890's was Hollands. Hollandse koerante het vir Afrikaners en die Boererepublieke in die

bresse getree, en die belangrikste patriotiese leesstof, die romans van D'Arbez, was in Hollands.

Nogtans moet 'n mens ten derde aflei dat die sukses van die Afrikaanse beweging groter was as wat dit aan die einde van die 19de eeu moes gelyk het. Hoewel die meerderheid Afrikaners oënskynlik Hollands of Engels as hul kultuurtaal verkies het, blyk dit uit ego-dokumente uit die Tweede Vryheidsoorlog dat die *Patriot* sommige Afrikaners se skryfwyse moes beïnvloed het. Dis verstaanbaar, want volgens 'n oudredakteur, D.F. du Toit, het die *Patriot* "sij grootste ondersteuning gehad in die Vrijstaat en Transvaal en in ons Grensdistrikte [van die Kaapkolonie]" (*Die Brandwag*, 25 Oktober 1917). Die versameling (later bloemlesing uit) *Afrikaanse gedigte* was baie gewild en tot omstreeks 1895 is 8 750 eksemplare gedruk.

Party Boere met 'n geleerdheid het in hul briewe en dagboeke Engels gebruik, maar ander geletterde burgers, soos Jan F.E. Celliers en Gustav Preller, was in staat om hul dagboeke in suiwer Hollands te hou. Een van die beroemdste dagboeke, dié van Gideon Scheepers, was in Hollands. Preller sê dat Scheepers, "soos alle Afrikaners, trouens, geworstel [het] met die Nederlandse grammatika en geslagte", maar dat sy dagboek en briewe toon dat hy in "aanmerklike mate" daarin geslaag het om dit onder die knie te kry (1940:11).

Die meeste dagboeke en briewe was in 'n taal wat tussen suiwer Afrikaans en suiwer Hollands lê. Fransjohan Pretorius onderskei drie kategorieë. Die eerste was die groep wat Hollands geskryf het met doelbewuste invoegings van suiwer Afrikaans om die spreektaal aan te dui. 'n Tweede groep het onder invloed van die Paarlse taalbeweging probeer skryf soos hulle praat, weliswaar soms taamlik ongesofistikeerd. Die derde groep het Hollands probeer skryf, maar dit was vanweë hul ongeletterdheid "bloot 'n verhaspelde vorm van Hollands" (Pretorius 1991:135–6).

Ten vierde beklemtoon die 19de eeu watter groot invloed die onderwystaal gehad het op mense se latere keuse van 'n skryftaal. Die onderwystaal was die voor die hand liggende uitdrukkingsmiddel.

'n Vyfde gevolgtrekking is dat geleerde Afrikaners met 'n bietjie inspanning en selfdisipline van Engels na Afrikaans kon oorskakel. So het M.E.R. en haar suster Annie in 1900 Afrikaans as skryftaal aanvaar. Annie het 'n Duitser leer Afrikaans praat. Hy het dit met haar hulp neergeskryf. Toe sy 'n brief na haar ma in Swellendam wou deurskryf, kon die Duitser dit deur sy konsulaat regkry. Hy moes dit lees om seker te maak dat daar niks in was teen die militêre owerheid nie. Verwonderd vra hy: "Waarom skryf julle nie in julle eie taal nie?" "Nee," het die Rothmann-susters geantwoord, "dit is nie 'n skryftaal nie." Hulle het verduidelik dat hul moeder vir hulle in Hollands skryf, maar dat hulle self Engels beter ken. Die Duitser het verwonderd gebly. "En ons, raak getref, het mekaar dieselfde vraag gevra. En Afrikaanse briewe begin skryf.

"En later van tyd alles. Want toe het ons geweet Afrikaans is vir ons die taal van die hart" (Steyn 2004:65).

Hierdie anekdote toon aan dat daar vir dié aanleerproses nóg 'n aansporing was. Die Duitser was klaarblyklik verwonderd dat Afrikaners met so 'n sterk gevoel van Afrikanerskap nie hul taal wou skryf nie. Hy het hom op hulle nasionalisme beroep.

Daarmee kom 'n mens tot 'n sesde gevolgtrekking, en dit is dat 'n taalgeoriënteerde nasionalisme 'n lewensbelangrike rol kan speel in die ontwikkeling en behoud van 'n kultuurtaal. Die taalsituasie ná die Tweede Vryheidsoorlog bevestig dit. Afrikaanse politici, predikante, joernaliste en onderwysleiers het, soos Zietsman (1992:192) dit stel, die gedagte ingegrif dat dit die Afrikaner se nasionale, morele en selfs godsdienstige plig is om sy taal te bewaar. Taalgetrouheid het die primêre toets vir Afrikanerskap geword, en Afrikaners wat Engels as hul taal aanvaar het, is as volksverraaiers beskou en verag. Op talle herbegrafnisse van oorlogslagoffers en onthullings van oorlogsmonumente het die leiers dit beklemtoon dat die kampslagoffers en burgers ook ter wille van hul geliefde taal gesterf het. Hul getrouheid tot die dood roep Afrikaners op tot dieselfde trou teenoor taal en volk. Die taal en godsdiens was al wat hulle nog oor het, en dít mog hulle nooit prysgee nie. Taalorganisasies, kerke, politieke partye, onderwysers- en vroueverenigings het aan die taalstryd deelgeneem. (Dit was ook hierdie nasionalisme wat M.E.R. se verengelste suster Lettie Tomlinson ná die oorlog van huistaal laat verander het.)

Ten slotte: wanneer Afrikaners Engels as hul skryftaal gehad het, het die pad na Afrikaans soms deur Hollands gegaan. Dit word geïllustreer deur J.D. Kestell, wie se lewe en werk na die oorlog ook toon hoe die reaksie op die oorlog Afrikaner-nasionalisme versterk en die houding van Afrikaners teenoor Engels verander het.

Kestell is saam met generaals Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Louis Botha na Europa, waar die generaals geld vir die weduwees en wese help insamel het. Op die skeepsreis na Europa het De Wet sy herinneringe neergeskryf. Kestell moes die geradbraakte Hollands oorskryf in 'n suiwerder Nederlands. Oudregter Ewald Esselen (destyds krygsgevangene op parool) het hom aangeraai om dit in Afrikaans oor te sit, maar Kestell het gevoel sy Afrikaans is nog te onbeholpe (Van Schoor 1992:183). Ook sy eie herinneringe, *Met de Boerencommando's* (1902), was in Hollands.

Dit was vir Kestell, wat in die oorlog veldprediker was en sy seun aan die dood moes afstaan, moeilik om na sy ou gemeente in Harrismith terug te gaan. “Ek het op my knieë gebly en die Here gevra om my tog van Harrismith te verlos, want as ek iemand in die straat raakloop wat die wapen neergelê het, of na die vyand oorgeloop het, het ek nie geweet hoe om dit te hanteer nie” (Van Schoor 1992:144). Hy is na Ficksburg beroep en het by sy eerste ontmoeting met die kerkraad gevra om hom nooit in te lig oor die optrede en gesindheid van lidmate in die oorlog nie.

Kestell het hom ten volle met die Afrikaners se ideale vereenselwig en dit het sy pa se goedkeuring weggedra. Sy woorde was: “Your mother's people need you far more than my people. I fully believe that it is God's will that you must serve the Afrikaner with your whole body and soul” (Van Schoor 1992:177).

Ná die oorlog is sy tyd baie in beslag geneem deur kerklike werk, want hy het gou moderator geword van die sinode van die Vrystaatse NG Kerk. Sy eerste belangrike skryfwerk was as redakteur van *De Fakkel*, die Vrystaatse kerk se blad. Daarin betoog hy dat die kerk nie onverskillig oor die taal moet wees nie en spreek hy hom teen die gedagte uit dat Engels die taal van die toekoms is (Van Schoor 1992:180). Tydens die sinodesitting van 1909 begin hy 'n brief aan sy vrou Truida met die woorde: “How do you like an English letter for a change – an exception? I hardly know whether I can write easily in the language I used to express myself with so little difficulty in the days of long ago!” Maar dan vervolg hy: “Neen, ik zal maar in de taal schrijven die toch nu al meer schijnt te worden het eigenlijke voertuig van mijn gedachten” (Van Schoor 1992:179).

Kestell se sentiment het, soos dié van baie ander predikante, nog by Hollands gelê, en dit was ook die taal wat hy moes gebruik in die kerkblaaie waarvan hy die redakteur was, naamlik *De Fakkel* en later *De Kerkbode*.

Maar terselfdertyd het hy ook 'n yweraar vir Afrikaans geword. In 1909 het hy voor die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch by die jongmense gepleit om Afrikaans te gebruik. "Ek kan my nie die Afrikaanse volk, met al sy foute aan die een kant en sy voortreflikhede aan die ander kant, sonder sy taal indink nie. As jy die Afrikaner sy taal ook ontnem, sou hy ook verdwyn. Dit is vir my onbegryplik dat daar iemand kon wees wat met minagting van sy taal praat, want taal is onafskeidelik verbonde aan die aard en karakter van ons volk" (Van Schoor 1992:183).

"Met hierdie lesing," het hy later gesê, "het ek finaal my voet op die wal van Afrikaans gesit, en in dié proses was ek besig om die ander voet uit die sloot van Hollands te lig" (Van Schoor 1002:183).

Die hartstogtelikste taalstryder C.J. Langenhoven het egter nie via Hollands tot Afrikaans gekom nie. Hy was sterk gekant teen Hollands as kultuurtaal vir die Afrikaners. In 1910 het hy in 'n pamflet, *Padlangers en zonder doekjes*, die kern van sy betoog in hoofletters laat druk: "DIE GEVAAR IS DAT DEUR DIE HOOG HOLLANDSCH ONS AFRIKAANSCH ZAL TEN GRONDE GAAN MET HOLLANDSCH EN AL" (aangehaal deur Steyn 1989:220).

Tot daardie gevolgtrekking het ook 'n Afrikaner-student gekom terwyl hy in Londen gestudeer het. Dit was J.J. Smith, wat een van die eerste professore in Afrikaans en ook die eerste redakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* sou word. In 1907 skryf hy aan sy ma oor die "dubbeltaligheid" wat die oorsaak van die ellende aan die Kaap was. "Wij leren Afrikaans van onze moeders, spreken de taal altoos in huis, maar op school leren wij het moeilike Hoog Hollands dat voor 'n Afrikaner verder af staat dan 't Engels, met het gevolg dat het jongere geslacht liever Engels spreekt." En "onze lieve ouë mensen" wat nie Afrikaans op papier wil sien nie, skryf op 'n paar uitsonderinge na 'n "mengelmoes – een taal die noch Hoog Hollands noch Afrikaans is." Afrikaans is die enigste taal wat 'n kans het teen Engels (Kapp 2009:116).

Kapp sê in 'n persoonlike mededeling dat Smith se ouers in Vereenvoudigde Hollands aan hom geskryf het. Smith se kollega-taalstryder D.F. Malherbe het in dié tyd Afrikaans aan sy ouers geskryf, en hulle aan hom in Afrikaans of Vereenvoudigde Hollands. Sy suster Breggie se briewe aan hom was egter in Engels.

Langenhoven het in 1912 die redakteur geword van *Het Zuid-Westen*, een van die koerante op Oudtshoorn. "En van toe af het die land gedreun – want die nuut-herbore 'Zuid-Westen' was spoedig wyd en syd bekend as 'n blad met 'n lewende persoonlike siel daarin – van toe af het die land weergalm van Afrikaans-propagandakrete soos nooit tevore gehoor was nie," het Langenhoven later geskryf (1956:319). "Met die 'Zuid-Westen' had ek my wapen in die hande gekry, en my hart en siel was in die stryd" (1956:321).

Hy het aan die taalbeweging 'n nuwe wending gegee deur te sorg dat Afrikaans 'n onderwysmedium word. As lid van die Kaaplandse provinsiale raad het hy op 23 April 1914 voorgestel dat Afrikaans medium van onderwys moet wees in openbare skole waar Hollands die voertaal was kragtens die moedertaal-ordonnansie van 1912. Dit het onderwys deur middel van die moedertaal

verplichtend gemaak. Die raad het dit dieselfde dag goedgekeur. Die provinsiale rade van die Vrystaat en Transvaal het in Junie 1914 gevolg.

'n Belangrike argument in die debat oor die onderwys was die waarde wat Afrikaans as onderwystaal vir die selfrespek van die Afrikaners sou hê. Ook vir genl. Hertzog – onder wie se voorsitterskap in 1906 'n tak van die Afrikaanse Taalgenootskap in Bloemfontein gestig is – was die moedertaal die instrument om mense op te hef, want selfrespek en selfvertroue is vir opheffingswerk nodig (Kapp 2009b:4).

6. Slot: toe en tans

Verskeie taalpolitieke kwessies van die 1890's het aktueel gebly tot vandag. Giliomee (2009:715) verklaar dat sommige Afrikaners met 'n hoë onderwyspeil hulleself nie meer as Afrikaners beskou nie. 'n Mens kan geen presiese ekwivalent daarvan in die 1890's aanwys nie; selfs 'n politieke dissident soos S.J. du Toit het nooit sy Afrikanerskap prysgegee nie. Miskien kom iemand soos hoofregter lord John Henry de Villiers, wat duidelik anti-Afrikaans was, en van die ander “Anglo-Dutch” die naaste aan dié groep waarop Giliomee wys.

Maar toe, soos tans, het intellektuele en skrywers Afrikaner-identiteit probeer versterk met geskiedskrywing of anders 'n beroep op die geskiedenis. Die GRA het dit probeer doen met *Die geskiedenis van ons land in die taal van ons volk* (deur S.J. du Toit en ander), terwyl skrywers soos Kestell en D'Arbez gehoop het om hul tydgenote bewus te maak van hul Afrikanerskap met hul skryfwerk oor die opofferings en heldedade van die voorvaders. Giliomee (2009:715) spreek die hoop uit dat Afrikaners wat beswaard voel oor apartheid, die ander deel van hul identiteit sal herontdek wat gevorm is deur 'n stormagtige en ingewikkelde geskiedenis, die Afrikaanse taal en 'n harde maar mooi land. Die uitdaging vir sulke mense, skryf hy, is om hierdie geskiedenis toe te eien, die liefde vir hul taal te koester en die verantwoordelikheid te aanvaar om hul kultuurerfenis aan 'n volgende geslag oor te dra.

Taalliefde is egter in die 21ste eeu net so min vanselfsprekend as in die 19de eeu toe die Britse politieke en ekonomiese oormag ook op die taal en kultuur van die bevolking sy stempel afgedruk het. In die 19de eeu het die ideologie van vooruitgang Engelssprekendes in die Kaapkolonie bevoordeel in die wedywering om poste in die staatsdiens, die beroepe en die handel (Giliomee 2004:179). Engels was die dominante taal in die howe, die parlement en die skole. Dit was die taal van vooruitgang – dit het almal besef, ook die digter van “Fooruitgang”, wat begin met die bekende “Engels! Engels!, alles Engels!” (die samesteller van *Afrikaanse gedigte*, waarin die gedig opgeneem is, het nagelaat om die spelling van *vooruitgang* in die gedig te wysig):

“Dis *vooruitgang*!” roep di skreeuwers, “dis *beskawing* wat nou kom!”
Di wat dit ni wil gelowe, di is *ouderwets* en *dom*.

Die siening van Engels as die taal van vooruitgang speel vandag volgens Schlemmer (2010) 'n beduidende rol in taalverskuiwing, veral onder bruin Afrikaanssprekendes. Kennis van Afrikaans is nie meer so belangrik vir vooruitgang nie. Dit het 'n invloed op die houdings van wit, maar nog meer van bruin, Afrikaanssprekendes.

Bowendien kom 'n mens uit Giliomee se sobere verslag (2009:685–6) agter hoe Afrikaner-sakeleiers Afrikaanssprekendes ná 1994 in die steek gelaat het. In 2000 het oudpres. Thabo Mbeki 34 van hulle ontvang. Hul leier was prof. Willie Esterhuyse, wat proteste teen die afskaling van Afrikaans as openbare taal verwerp het as afgesaag en so flou soos bier wat heeldag in die son gestaan het. Hy het selfs gewaarsku teen ondermynende neigings by mense wat pleit vir minderheidsregte! Giliomee sê dit herinner 'n mens aan De Tocqueville se waarneming dat minderhede deel van die meerderheid kan word slegs as hulle belangrike dinge wat konflik tussen hulle en die meerderheid veroorsaak, prysgee.

Ná die ANC se oorwinning in die 2004-verkiesing het 112 Afrikaanssprekende sakelui, beroepsmense en akademici Mbeki gelukgewens. “You have made it possible for all South Africans, including us as Afrikaans speakers, to be at home in our country and welcome in Africa and the world.” Maar hul brief rep niks van die onsekere posisie van Afrikaans by skole en universiteite nie. Die afvaardiging het dit nie as sy taak gesien om die kommer en griewe van Afrikaners by die regering te opper nie, maar het aan die Afrikaanse gemeenskap vertel hoe vriendelik die regering hulle ontvang het.

Korporasies wat hul besigheid op Afrikaner-sentiment gebou het, het gerieflik hul wortels vergeet. Afrikaanse sakemense het soos hul Engelse eweknieë geraak: individualisties en materialisties; hulle het min omgee vir kulturele en gemeenskapskwessies. Hulle het niks gedoen om die ANC teen te gaan in sy verheerliking van Engels as die bindende element van 'n nasionale kultuur nie (Giliomee 2009:686).

Die onderwystaal was in die 1890's een van die grootste twispunte in die Suid-Afrikaanse politiek, sowel in die Kaapkolonie as in die republieke. Die onderrigmedium het dwarsdeur die 20ste eeu 'n kwessie gebly en veral ná 1994 weer van kritieke belang geword, onder meer omdat die oordrag van taal en kultuur na volgende generasies daardeur geraak word. In hierdie opsig gedra sommige 19de- en 21ste-eeuse Afrikaners hulle eenders.

Giliomee (2009:713) haal 'n ander historikus, R. Robinson, se uitspraak oor die “Cape Dutch” en die “Anglo-Dutch” aan as die “ideal prefabricated collaborators” van die Britse Ryk. Hy verwys ook na die mening van die digter en kritikus Gerrit Komrij dat die grootste gevaar vir Afrikaans die Afrikaanssprekendes self is. Teen die middel van 2009 was die grootste gevaar vir Afrikaans die dubbelmediumklasse wat aan universiteite soos Stellenbosch en Pretoria ingevoer is. In sulke klasse word Afrikaans baie maklik uitgeskakel; in die debat oor Stellenbosch word dikwels die uitdrukking “op die glybaan na Engels” gebruik.

In afdeling 1 is gewys op die strewe van kerkmanne en ander geleerdes om die onderwys in Transvaal meer Engels te maak vir die beswil van die jongmense. In die 19de-eeuse Vrystaat het ouers Engels as onderrigmedium verlang omdat dit die taal van die handel en sakelewe was (Scholtz 1974:98). Sommige het gesê: “Leer die kinders Engels, Hollands kom vanself.”

Hierdie houding word tans geëggo in die strewe van party Afrikaanse ouers om hul kinders na Engelse skole te stuur om hulle beter voor te berei op die toekoms. Afrikaanse leerlinge aan die Bloemfonteinse Engelse meisieskool Eunice het aan 'n Amerikaanse joernalis gesê 'n mens hoor meestal Afrikaans in die gange van die skool. Op 'n vraag aan die hoof, Paul Cassar, watter soort Afrikaanse ouer sy dogter na Eunice stuur, het hy aanmatigend geantwoord: “'n Denkende ouer”. Die meisies stem egter saam met hom. “My ouers het besluit ek kan enige plek in

die wêreld gaan as ek Engels kan praat,” sê een van die leerlinge (Fairbanks 2010:1).

Sulke leerlinge se onvermoë om hulle in Afrikaans uit te druk, is soms vergelykbaar met die onvermoë van 19de-eeuse Afrikaners met Engelse harte om Afrikaans te skryf. Die leerlinge van wie Fairbanks melding maak, was nie in staat om die akademiese kursus Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat te volg nie, en het maar liever Afrikaans vir niemoedertaalsprekers geneem. Hulle was sogenaamd “vervreemd” van die “hoër funksies van hul eie taal”. In reaksie daarop het Hennie van Collier (hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan dié universiteit) gesê die opskrif van Fairbanks se artikel, “So Engels soos ’n Afrikaner in die Vrystaat”, beskryf die laat 19de-eeuse situasie in Bloemfontein, waar die hoëlui eintlik Engelser wou wees as die Engelse self. Deesdae stuur die Afrikaanse Bloemfonteinse elite weer hul kinders na Engelse skole en rig pleidooie dat die voertaal van die Universiteit van die Vrystaat Engels moet word (Van Collier 2010:2).

Nie al die 19de-eeuse kwessies is relevant nie: Nederlands is geen faktor meer nie, en Afrikaans het in die oorlewingstryd ná die Tweede Vryheidsoorlog sonder twyfel deel geword van Afrikaner-identiteit. Afrikaner-nasionalisme het ná 1994 as politieke en kulturele beweging gekwyn, en die wenslikheid van ’n herlewing daarvan word bevraagteken, ook deur mense wat hulle vir die bevordering van Afrikaans beywer. So meen die redakteur van *Beeld* en invloedryke kommentator Tim du Plessis (2010): “Afrikaner-nasionalisme het vergaan. Sy hele bestaansrede het verval. Ja, daar is nog individuele Afrikaner-nasionaliste. Maar hulle is uit ’n geslag wat oud word en uitsterf. Vir seker is daar nog baie Afrikaners, oud en jonk. Maar hulle is nie nasionaliste in die geykte betekenis nie. Daar is ook ’n paar randfigure en -organisasies wat al langer as ’n dekade kliphard probeer om ’n nuwe Afrikaner-nasionalisme aan die gang te kry. Maar hulle kom nie veel verder as die buitewyke nie.”

Belangrik is die frase “nasionaliste in die geykte betekenis”. Nasionalisme is, soos ander bewegings, aanpasbaar by nuwe omstandighede. Die taaldiskriminasie van die politieke en ekonomiese maghebbers maak ’n Afrikaanse beweging wenslik – ’n verdedigende beweging soos dié aan die begin van die 20ste eeu wat Afrikaans teen verdringing deur Engels gered het.

Bibliografie

Ameshoff, H.A. 1893. *De locale wetten der Zuid-Afr. Republiek, 1888–1889*. Pretoria: Staatsdrukkerij van de Z.A. Republiek.

Conradie, Elizabeth. 1949. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika*, deel II (1875–1905). Kaapstad-Pretoria: HAUM.

D’Assonville, V.E. 1999. *SJ du Toit van die Patriot (1847–1911)*. Weltevredenpark: Marnix.

De Villiers, André (red). 1976. *English-speaking South Africa today*. Kaapstad: Oxford University Press.

De Villiers, Anna J.D. 1936. Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika. *Annale van die Universiteit van Stellenbosch* XIV, Reeks B(2):1-288.

- De Waal, J.H.H. 1939. *My herinnerings van ons taalstryd*. Versamelde Werke. Deel I. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Du Plessis, J.S. 1952. *President Kruger aan die woord*. Bloemfontein: Sacum.
- Du Plessis, Tim. 2010. Nog hande vir Afrikaans. *Volksblad*, 23 April, p. 8.
- Du Toit, S.J. 1909. *Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging*. Herdruk. Paarl: Paarl Drukkers Maatskappy, Beperk. (Oorspronklik in *Die Afrikaanse Patriot* in 1879.)
- Du Toit, J.D. 1917. *Ds. S.J. du Toit in weg en werk*. Paarl: Paarl Drukkers Maatschappij.
- Fairbanks, Eve. 2010. So Engels as 'n Afrikaner in die Vrystaat. *Rapport Weekliks*, 21 Februarie, p. 1.
- Giliomee, Hermann. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2009. *The Afrikaners*. Uitgebreide en bygewerkte uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- Hesseling, D.C. 1897. Het Hollandsch in Zuid-Afrika. *De Gids*, 61 (4:1):132-62.
- Hofmeyr, J.H. 1913. *Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.
- Huigen, Siegfried. 2006. Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde, 1652-1925. In Van Coller (red.) 2006.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. Pretoria: Academica.
- . 1995. *Langenhoven – 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kapp, Pieter. 2009a. *Draer van 'n droom*. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Kapp, P.H. 2009b. *Die Akademie en genl. Hertzog: Die toekoms in die spieël van hulle gedeelde waardes en ervaring*. Hertzoggedenklesing XXXVIII, 17 September. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Langenhoven, C.J. 1956. *U dienswillige dienaar. Versamelde werke XI*. 7de druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Malan, S.F. 1982. *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*. Durban en Pretoria: Butterworth.
- M.E.R. 1972. *My beskeie deel*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1976. *Familiegesprek. Briewe aan haar dogter*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meillet, Antoine. 1921. *De talen in het Nieuwe Europa*. Utrecht: A. Oosthoek.

- Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die suide*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1936. *D'Arbez as skrywer*. Pretoria/Kaapstad: De Bussy/ HAUM.
- Ploeger, J. 1952. Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1).
- Pont, J.W. 1935. *Het Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten*. Amsterdam: NZAV.
- Preller, Gustav S. 1938/39. Die oorrumpeling. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Jaarboek XIII*. Pretoria: Die Suid Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.
- . 1940. *Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland*. 2de uitgawe. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Pretorius, Fransjohan. 1991. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899–1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schlemmer, Lawrence. 2010. Afrikaanssprekendes: onlangse patrone en wendinge. Ongepubliseerde referaat, 16 Februarie.
- Scholtz, David Adelbert. 1975. *Ds. S.J. du Toit as kerkman en kultuurleier*. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Scholtz, G.D. 1970. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*. Deel II 1806–1854. Johannesburg: Perskor.
- . 1974. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*. Deel III 1854–1881. Johannesburg: Perskor.
- . 1977. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*. Deel IV 1881–1899. Johannesburg: Perskor.
- Scholtz, J. du P. 1965 *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. 2de druk. Kaapstad: Nasou.
- Schoonees, P.C. 1925. A'rbez: die skrywer van "Mooi Annie". *Die Huisgenoot*, 14 Augustus, pp. 27, 31.
- Steyn, J.C. 1989. Die taalstryd rondom Langenhoven, J.H. Malan en *Het Zuid-Westen* in 1910 en 1911. *S.A. Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, 3(3):217–25.
- . 2004. *Die honderd jaar van M.E.R.* Kaapstad: Tafelberg.
- Taalkongres. 1896. *Di eerste Afrikaanse Taalkongres, gehou an di Paarl, 15 en 16 Jannewari 1896*. Paarl: D.F. du Toit & Co.
- Taalkongres. 1897. *Verslag van Taalkongres en Samenkomst, gehouden aan de Paarl, op 27 tot 31 Januari, 1897*. Paarl: D.F. du Toit & Co.

Van Coller H.P. (red.). 2006. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: Van Schaik.

Van Coller, Hennie. 2010. Spaar selfs dié met slap hakskene en bruin neuse nog 'n Boereoorlog. *Rapport Weekliks*, 28 Februarie, p. 2.

Van den Heever, C.M. 1944. *Generaal J.B.M. Hertzog*. Johannesburg: A.B.-Boekhandel.

Van der Wal, Marijke (in samewerking met Cor de Bree). 1994. *Geschiedenis van het Nederlands*. 2de bygewerkte druk. Utrecht: Het Spectrum.

Van der Sijs, Nicoline. 2004. *Taal als mensenwerk. Het ontstaan van het ABN*. Den Haag: Sdu Uitgevers.

Van Oordt, J.F. 1898. *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*. Amsterdam en Kaapstad: Jacques Dusseau.

Van Schoor, M.C.E. 1992. *John Daniel Kestell 1854-1941*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

—. 2009. *Marthinus Theunis Steyn – regsman, staatsman en volksman*. Pretoria: Protea.

Von Wielligh, G.R. 1922. *Eerste skrywers*. Pretoria: Van Schaik.

Worrall, D. 1976. *English South Africa and the political system*. In De Villiers (red.) 1976.

Zietsman, P.H., 1982. *Die taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

—. 1992. *Die taal is gans die volk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Die uniekheid van die menslike denke

Danie Strauss

Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Besinning oor die menslike denke is ingebed in verskeie kontekste, aangesien daar verskillende soorte denke bestaan, waaronder nieteoretiese en teoretiese denke. Bykomend is denke verbonde aan waarneming, kennis, begripsvorming en taal, asook aan die grense van wat kenbaar is, en aan sekere denktadisië. Die verhouding tussen analise en humor word belig, asook skeeftrekkings wat voortvloei uit die oorbeklemtoning van bepaalde eienskappe van die werklikheid. Talle eensydighede in die wetenskap betref die rasionalisme en irrasionalisme (afhanklik van die relasie tussen wat universeel en individueel is), atomisme en holisme, realisme en nominalisme, logisme en historisme, en legalisme en moralisme, e.s.m. Denke kan nie losgemaak word van begrippe en argumente nie, van die aard van analitiese denke en van die onderskeiding tussen waarheid en geldigheid. Ewe min kan dit losgemaak word van die verskil tussen begripkennis en begripstransenderende (idee)kennis, of van die normatiewiteit van denke nie. Ewe min kan ontkom word aan die probleem van definisie en “primitiewe terme” (ondefinieerbare terme) en van die normatiewiteit van die denke – die status van die kriteria of logiese beginsels vir denke wat die kontrariteit tussen logiese en onlogiese denke moontlik maak. Dit verg ook ’n verantwoording van feitelike kritiek, immanente kritiek, transendentale kritiek en transendente kritiek. Spesiale aandag is gegee aan die verskil tussen ’n logiese eenheid en menigvuldigheid en ’n aritmetiese eenheid en menigvuldigheid. Dit hou verband met die relasie tussen ooreenkomste en verskille, analogiese denke en metaforiese denke, die inherente dubbelsinnigheid van taal-gebruik, die samehang van dit wat uniek is en die impasse van die idee dat die mens ’n wet vir sigself (outonoom) is. Die artikel word afgesluit met ’n paragraaf oor rede en geloof, die idee van die logiese en sosiale konstruksie van die wêreld en die vraag of diere in staat is tot logiese begripsvorming en logiese argumentering.

Abstract

The uniqueness of human thought

Reflecting on human thinking is embedded in various contexts, because there are different kinds of thinking, e.g. non-theoretical and theoretical thinking. Thinking is also related to perception, knowledge, concept formation and language and to the limits of what can be known, as well as to certain thought traditions. Attention is also given to ontic traits intertwined with human thinking (such as the relationship between analysis and humour) and with distortions caused by the over-emphasis of certain features of reality. Mention is made of the many ismic

orientations in philosophy and the various academic disciplines, such as rationalism and irrationalism (dependent on the relation between what is universal and individual), atomism and holism, realism and nominalism, logicism and historicism, legalism and moralism). Thinking cannot be divorced from concepts and arguments, the nature of analytical thinking, the distinction between truth and validity, the difference between conceptual knowledge and concept-transcending knowledge (the limits of knowledge), the problem of definition and "primitive" (indefinable) terms, the normativity of thinking (the status of the criteria or logical principles for thinking, making possible the contrary between logical and illogical thinking), and modes of critical interaction (factual criticism, immanent criticism, transcendental critique, etc.). Special attention is given to the difference between a logical unity and multiplicity and an arithmetical unity and multiplicity, to the relation between similarities and differences, analogical thinking and metaphorical thinking, the inherent ambiguity entailed in the use of language, the coherence of what is irreducible and the impasse of the idea that the human beings are a law unto themselves. The article concludes with a paragraph on reason and faith, the idea of the logical and social construction of reality, and the question whether or not animals are capable of logical conceptualisation and logical argumentation.

1. 'n Woord vooraf

Omdat die wiekslag van die besinning in hierdie artikel uitgebreid en skynbaar onsamehangend mag lyk, word hierdie oorsigtelike nabetragting as "’n Woord vooraf" geformuleer om die leser in staat te stel om perspektief op die deurweefde samehang, wat alle geledinge tot ’n integrale geheel saambind, te behou. Deur na die verskillende afdelings van die artikel te verwys sal hierdie samehang na vore gebring word.

Nadenke oor die uniekheid van die menslike denke steun op bepaalde agtergrondonderskeidings. Hierdie onderskeidings was deurslaggewend vir die keuse van die verskillende gesigspunte wat aan die orde gestel word. Die agtergrondonderskeiding wat eerste ons aandag verg, handel aan die een kant oor ons alledaagse besef van die verskille tussen konkrete dinge en gebeurtenisse en aan die ander kant die verskillende werklikheidsaspekte waarin hierdie entiteite en gebeurtenisse funksioneer. ’n Alledaagse gebruiksvoorwerp soos ’n stoel besit byvoorbeeld ’n funksie in al 15 werklikheidsaspekte wat voorlopig onderskei kan word – telkens verbandhoudend met ’n ander vakwetenskaplike gesigspunt. Dit het vier pote (getalsaspek: interesse van wiskundige getalleleer); dit is groot of klein (ruimte-aspek: wiskundige ruimteleer); dit is ’n rystoel al dan nie (bewegingsaspek: kinematika); dit is sterk of swak (fisies-chemiese aspek); dit is bruikbaar in die menslike lewe (weliswaar as biotiese voorwerp/objek omdat ’n stoel nie self lééf nie) (biotiese aspek: biologie); dit is gemaklik (sensitiewe/gevoelsaspek: sielkunde); dit is uitgedink (analitiese aspek: logika); dit is kultureel gevorm (historiese aspek: historiese wetenskap/geskiedeniswetenskap – die historikus sal byvoorbeeld geïnteresseerd wees in die historiese ontwikkeling van verskillende stoelstyle); dit besit ’n naam (’n verbale teken) (die teken-aspek: algemene semiotiek en linguistiek); dit word in die omgang en verkeer van mense gebruik (sosiale aspek: sosiologie); dit besit ’n prys (ekonomiese aspek: ekonomie); dit is mooi of lelik (estetiese aspek: estetika); dit behoort aan iemand wat ’n subjektiewe reg (genots- en beskikkingsbevoegdheid) daarop het (juridiese aspek: regs wetenskap); dit is ’n

geliefkoosde sitplek van iemand al dan nie (etiese/liefdesaspek: etiek); en dit is betroubaar (elkeen glo die stoel sal hom/haar dra as hy/sy daarop gaan sit) (geloofsaspek: teologie). Werklikheidsaspekte staan ook bekend as *bestaanswyses*, *funksies* en *modaliteite*.

Ons weet dat stoflike dinge, plante, diere en die mens van mekaar verskil – maar die vraag is: In watter opsigte? Tradisioneel, en selfs vandag nog, word die uniekheid van die mens in die aard van denke, rasionaliteit en begripsvorming gesoek. Beteken dit dat die menslike vermoë om te kan dink en begrippe te vorm nie ook by diere aangetref word nie (afdelings 4 en 15)? Hoewel menslike denke 'n konkrete aktiwiteit is wat in alle werklikheidsaspekte funksioneer, is die logies-analitiese gesigspunt van fundamentele belang (afdeling 3).

Die oorkoepelende agtergrondperspektief is egter in die idee van 'n *funksionele werklikheidsaspek* gegee. Elke aspek is uniek, gestempel deur 'n kernmoment wat ondefinieerbaar is (afdeling 8), hoewel terselfdertyd beklemtoon moet word dat die *sin* van elke aspek slegs tot openbaring kom in die samehang daarvan met alle ander werklikheidsaspekte (afdelings 5 en 6). Ondefinieerbaarheid belig die onvermydelikheid van primitiewe terme in die vakwetenskappe (afdeling 8). Ondefinieerbaarheid belig terselfdertyd die *grense* van die menslike denke – uiteindelik kan daar begryp word slegs deur gebruik te maak van terme wat nie in begrip gevat kan word nie – wat vanself heenvoer na 'n besinning oor die aard van begripskennis en begripstransenderende kennis (afdeling 10). Die verskil tussen 'n begrip en 'n idee kan ook vanuit 'n idee-historiese perspektief belig word – in samehang met die aard van universaliteit en dit wat individueel is (afdeling 9). Dit bied die agtergrond waarteen invloedryke oorskattings van die menslike denke belig kan word, met name in die gedagte dat die menslike denke outonoom of self-wet-stellend is (afdeling 12).

Bloot die feit dat diere nie *onlogies* kan dink nie, belig 'n verdere faset van die uniekheid van menslike denke – die gegewe dat dit genormeed is en sowel normgehoorsame as antinormatiewe denke moontlik maak, logies korrekte én onlogiese denke (afdelings 4 en 11).

Ten slotte word kortliks ook twee eksterne relasies aan die orde gestel, naamlik die verhouding tussen rede en geloof (afdeling 13) en die agtergrond van die opvatting rakende die logiese en sosiale konstruksie van die werklikheid (afdeling 14).

Samevattend: die uniek menslike denkfunksie is onherleibaar, ondefinieerbaar en genormeed, en hang onverbreeklik saam met alle ander funksies of werklikheidsaspekte.

Uit hoofde van hierdie funderende wysgerige perspektief nooi die besinning wat hier onder volg, alle filosowe en vakwetenskaplikes uit om die onderskeidings en insigte wat na vore gebring word, krities-solidêr te oorweeg.

2. Oriëntering

Die geskiedenis van die filosofie kan in 'n bepaalde sin beskryf word as 'n voortgaande proses van besinning oor die aard, moontlikhede en grense van die menslike denke. Uiteraard bestaan die denke van die mens nie in isolasie nie. Die wieslag van hierdie geskiedenis is egter verstommend indien daarna gekyk word

in terme van die verskeidenheid probleme en relasies wat rondom die aard van nadenke óór die denke na vore getree het.

Die aard van 'n besinning oor denke vereis dat minstens rekenskap gegee moet word van verbandhoudende terme – soos *rede*, *rasionaliteit*, *begrip*, *oordeel* en *waarheid*. Bykomend moet gedink word aan die aard van die volgende gegewens: nuwetenskaplike (sg. naïewe) denke, teoretiese denke, begripsdenke, begripkennis, begripstransenderende kennis, die impasse van die positivisme, wat kennis beperk tot sintuiglike waarneming en data (“sense data”), die rasionalisme, asook die beperkinge van logiese denke en die verskil tussen die geldigheid van 'n argument en die waarheid of valsheid van die premisse of konklusies daarvan. Op hierdie punt sal aandag gegee moet word aan die gronde wat die denke na buite die logika verwys. Dit sal ons besinning heenvoer na wat die *restriktiewe* en *ekspansiewe grense van rasionaliteit* genoem sou kon word. Rekenskap sal ook gegee moet word van die verskil tussen 'n logiese kontradiksie en 'n antinomie, van waarom begrippe blind vir die individuele is, en van wat die implikasies van 'n nieroeduksionistiese ontologie vir (vak)wetenskaplike denke is. Die grense van die menslike denke hou ook verband met dit wat ondefinieerbaar is en wat hoogstens intuïtief-insigtelik verstaan kan word (die probleem van “primitiewe terme”, ondefinieerbaarheid en evidensie).

Die net word nog breër gespan wanneer aan belangrike denktradisies aandag gegee sou word. Die vraag of slegs individue werklik bestaan en of daar bowendien ook universele eienskappe is waaraan individue deel het, staan sedert die Griekse wysbegeerte bekend as die stryd tussen die nominalisme en die realisme. Eersgenoemde aanvaar slegs individuele dinge buite die menslike gees, terwyl laasgenoemde verskillende soorte universaliteit erken.

Reeds in die Griekse wysbegeerte tref ons verteenwoordigers van die nominalisme aan – hoewel die latere Griekse denke, asook die Middeleeuse filosofie, grootliks realistiesgedink het. Sedert die Renaissance het die moderne nominalisme egter 'n nuwe kragmontering beleef en uiteindelik een van die mees invloedryke denkoriëntasies geword – vanaf Descartes tot by die postmodernisme (dit sal blyk dat die idee van die sosiale konstruksie van die werklikheid voortvloei uit die moderne nominalisme). In verband hiermee kan ook gedink word aan bepaalde intellektuele tydperke (eras), soos die Patristiek (die 4de eeu – gewoonlik in die fases voor, tydens en na Augustinus ingedeel), die Skolastiek (met die hoogbloei daarvan ten tyde van Thomas Aquinas in die 13de eeu), die Renaissance (die 14de eeu), die eeu van die Verligting (die 18de eeu), die Romantiek (oorgang van die 18de na die 19de eeu – Percy Bysshe Shelley en John Keats in Engeland, Johann Gottfried von Goethe en Friedrich Schiller in Duitsland en Willem Bilderdyk en Isaäc Da Costa in Nederland), die era waarin alles histories verklaar is (19de eeu – sedert Barthold Georg Niebuhr en Leopold von Ranke, asook Friedrich W.J. Schelling, Johann Gottlieb Fichte en Georg W.F. Hegel), en die wending na die taal (20ste eeu – hoofsaaklik ingelui deur Wilhelm Dilthey en die hermeneutiese tradisie – Martin Heidegger en Hans-Georg Gadamer).

Verstrengel in alles wat hier bo vermeld is, vind ons voorts ook nog klassieke probleme wat deurlopend in die praktyk van teoretiese denke 'n rol gespeel het. Hierdie probleme betref die vraag na die verhouding tussen die universele en die individuele, van eenheid en verskeidenheid, tussen dit wat konstant en dit wat veranderlik is, dit wat noodwendig en wat toevallig (kontingent) is, wat kenbaar en wat onkenbaar is, asook die onderskeiding tussen *wese* en *verskyning*. Soortgelyke oriëntasie-pare word in die volgende teoretiese posisies teruggevind: die rasionalisme versus die irrasionalisme (ons sal sien dat dit verband hou met

die onderskeiding van die universele en die individuele), die atomisme versus die holisme (individualisme teenoor universalisme – wat verband hou met die vraag na 'n grondnoemer met behulp waarvan die hele werklikheidsverskeidenheid denkend begryp kan word, hetsy in terme van diskreetheid of kontinuïteit), en die determinisme teenoor die indeterminisme (is alles volledig oorsaaklik vooraf bepaal of is dit nie moontlik om die toekoms volledig vanuit die hede vas te lê nie?).

Wie onder die indruk mag verkeer dat ons hiermee reeds aan die einde van die moontlikhede van die menslike denke gekom het, sal nog 'n bietjie geduld moet beoefen, want sowel in die geskiedenis van die filosofie as in die verskillende bestaande vakwetenskappe tref ons intellektuele oortuigings aan wat pretendeer om bykans alles met behulp van bepaalde (eensydige) perspektiewe in die greep van die denke te kry. Die verskeidenheid aspekte van die werklikheid – soos vlugtig hier bo gebruik om die veelkantigheid van 'n stoel te belig – bied 'n aanknopingspunt vir hierdie skeeftrekkings, wat dikwels op allerlei “alles is”-uitsprake uitloop. Hierdie “alles” kan relatief beperk wees (soos “alles is interpretasie”), of dit kan omvattend en universeel bedoel wees (soos die aanspraak dat “alles materie” is). Voorbeelde is onder meer die aritmetisme (die Pythagoreërs het reeds die oortuiging gehuldig dat alles in die kosmos “getal” is), die fisikalisme (alles is materie), die (neo)vitalisme (alles is lewe), die psigologisme (soos Goethe gesê het: “gevoel is alles”), die logisme (herlei die wiskunde tot die logika – Russell), die historisme (alles is geskiedenis), die postmodernisme (alles is interpretasie), die ekonomisme (materiële produksieverhoudinge is alles-bepalend – soos onder meer by Karl Marx, waar die histories-ekonomiese onderbou die ideologiese bobou van godsdiens, reg en moraal eensydig bepaal), die estetisme (byvoorbeeld die skoonheidsverafgoding van die tagtigers in die Nederlandse letterkunde – Willem Kloos en Jacques Perk), legalisme (in alles behep met strenge reëls of met die letter van die wet – “wettisme”), moralisme (in twee vorme: egoïsme of altruïsme – oorbeklemtoning van selfliefde of naasteliefde), en piëtisme (oorbeklemtoning van godsdienstige vroomheid).

Soos dit in Nederlands heet, moet ons tans opmerk: “En nog is dat het einde niet”! 'n Hoofstuk uit eie reg sou oor elk van die volgende vier probleemrelasies geskryf kon word: (i) die verhouding tussen denke en geloof (tradisioneel ook bekend as die verhouding tussen rede en geloof); (ii) die verhouding tussen mens en dier ten opsigte van die moontlikheid om te kan dink, begrippe en oordele te vorm en om te kan redeneer; (iii) die verhouding tussen waarneming en denke; en (iv) die verhouding tussen denke en taal (waaronder metaforiese denke).

Ten slotte moet opgemerk word dat deurlopend ook rekenskap gegee sal moet word van die genormeerdheid van die menslike denke en van die daaruit voortvloeiende realiteit van antinormatiewe denke – dit wil sê van die verskil tussen logiese korrekte en onlogiese denke. Die populêre oproep tot kritiese denke verswyg normaalweg die kriteria wat sodanige denke onderlê. In werklikheid behoort die motto eerder “kritiese solidariteit” te wees – of, soos N.P. Van Wyk Louw dit gestel het: “lojale verset”. Daar bestaan immers verskillende soorte kritiek in wetenskaplike denke – van feitelike kritiek, immanente kritiek en transendentale kritiek tot by transendente kritiek (vgl. Strauss 2008).

3. Analitiese denke

Ons begin deur na iets te verwys wat skynbaar nie sonder meer met die aard van analise verband hou nie, naamlik humor. Waarom vind 'n klein kindjie dit lagwekkend indien die name van 'n bekende oom en tante verwissel word – byvoorbeeld wanneer na “oom Marietjie” en “tannie Dirk” verwys word? Die kindjie merk terstond op dat die twee persone verwar word, dat hulle met ander woorde nie korrek geïdentifiseer en onderskei word nie. Daarmee belig (en beliggaam) die kindjie alreeds onmiskenbaar die analitiese vermoë van die mens, naamlik die vermoë om te identifiseer en te onderskei. Hierdie analitiese denkvermoë kan reeds op 'n relatief vroeë ouderdom na vore tree.


Dink byvoorbeeld aan 'n klein kindjie wat skaars kan praat en dan vir die eerste keer 'n duif sien en by navraag verneem dat dit 'n “duif” is. 'n Tydjie later sien dieselfde kindjie 'n mossie en sê dan pront: “Kyk Pappa, duif!” Wat het hier gebeur? Die kindjie het iets gesien wat soos 'n duif lyk, iets wat soortgelyk aan 'n duif is, en dit toe ook “duif” genoem. Dit geskied uiteraard op grond van die gemeenskaplike kenmerke wat die kindjie opgemerk het, met name 'n snaweltjie, pootjies, vlerke en vere. Terselfdertyd is afgesien van die (relatiewe) verskille in vorm, grootte en kleurskakeringe. Dit beteken dat die kindjie eintlik die begrip *voëltjie* gevorm het – en wel deur af te sien van die verskille en bloot te let op die ooreenkomste – maar nog nie oor 'n naam vir hierdie begrip beskik het nie. Gevolglik was die enigste “oplossing” om die reeds bekende naam, soos gegee in die woord *duif*, in te span as aanduiding van die begrip *voëltjie*. Let egter daarop dat hierdie voorbeeld daarop dui dat die logiese vernuf van die opgroeiende kind vinniger as sy/haar taalvernuf ontwikkel. Dit beteken dat logiese denke funderend vir taalgebruik is en nie omgekeerd nie.

Wat behels dit egter om “af te sien van” verskille en om dit wat gemeenskaplik is, uit te lig?

In ons konkrete alledaagse ervaring word die denke van die mens deurgaans gekonfronteer met uiteenlopende *tipes* dinge. Sodra dieselfde tipe dinge geëien word (geïdentifiseer word), is ons denke daartoe in staat om dit in gemeenskaplike kategorieë te plaas – indelinge soos voëltjies, katte, honde, perde, mense, bome, kerke, skole, en so meer. Hoe anders sal die mens hiërdie perd kan identifiseer as 'n perd (dit wil sê behorende tot die kategorie “perde”), of hiërdie motor kan eien as 'n “motor”? Of selfs perde en motors onderling onderskei? Sonder 'n algemene begrip van perde en motors sou dít onmoontlik wees. In dergelike algemene begrippe word afgesien van die besonderhede van bepaalde perde en motors en word slegs gelet op dit wat gemeenskaplik tussen hulle is. Deur enersyds af te sien van, en andersyds uit te lig, is ons eintlik met niks anders as identifisering en onderskeiding besig nie. Omdat abstrahering egter eintlik berus op kategorisering (uitlig uit, en afsien van) beteken dit dat *analise* en *abstrahering* in 'n bepaalde opsig sinoniem is (Figuur 1).

FIGUUR 1

Analise is sinoniem met Abstrahering



Die klein kindjie se bogemelde analitiese opmerkzaamheid, wat lei tot die vorming van die begrip *voëltjie*, dui daarop dat daardie kindjie reeds daartoe in staat is om wat gemeenskaplik en verskillend tussen konkrete dinge is, op te merk en (weliswaar gebrekkig) te verwoord. Die lagwekkendheid wat opgesluit lê in die verwysing na “oom Marietjie” en “tannie Dirk” belig bykomend dat foutiewe identifisering en onderskeiding inderdaad komies is. Uiteraard vind ook volwasse mense “foutiewe” identifisering en onderskeiding humoristies. Dink aan die man wat met ’n hoender onder die arm in die straat loop en dan deur ’n seun op die sypaadjie gevra word: “Waarheen gaan jy met daardie vark?”, waarop die man antwoord: “Dis nie ’n vark nie, dis ’n hoender”, en die seun dan antwoord: “Ja, ek weet, ek praat met die hoender.”

Aan die hand van hierdie voorbeelde is dit duidelik dat identifisering en onderskeiding deur die gelyktydige aanwesigheid van beide ooreenkomste en verskille moontlik gemaak word. Hoe kan byvoorbeeld tussen ’n lessenaar en ’n boek wat daarop lê, onderskei word? Die antwoord is: deur beide te *identifiseer*. Omgekeerd: veronderstel ons wil die boek identifiseer – dan doen ons dit deur die boek onder meer van die lessenaar te *onderskei*. Derhalwe impliseer onderskeiding identifisering en identifisering onderskeiding. Maar sonder gemeenskaplikhede (ooreenkomste) kan verskille nie vasgestel word nie – en omgekeerd.

Omdat analise normaalweg bloot verbind word aan die gedagte van *ontleed*, *uitmekaar haal*, *verdeel*, word dit gewoonlik teenoor *hereniging*, *bymekaar bring* en *sintese* gestel. Uit die voorgaande is dit nietemin duidelik dat analise nie slégs onderskeiding of slégs identifisering behels nie.

Indien analitiese denke identifisering en onderskeiding behels, is die volgende vraag watter rol begripsvorming in sodanige (identifiserende en onderskeidende) denke speel.

4. Begrip en denke – die kontrariteit tussen logies en onlogies

Prakties alle mense – beide in ons alledaagse lewe en in die verskeidenheid wetenskaplike dissiplines (die natuur- en geesteswetenskappe) – gebruik die woord *begrip* sonder meer. Maar net so gemaklik as wat hierdie term gebruik word, net so moeilik is dit om te verduidelik wat ’n begrip is. Het ons ’n begrip van ’n begrip?

Veronderstel ons benader hierdie vraag vanuit die hoek van 'n voorbeeld van 'n onlogiese begrip. Ernst Cassirer (1910:16) verwys byvoorbeeld na 'n "sirkelvormige vierkant" ("rundes Viereck"). Oorspronklik is hierdie voorbeeld deur Immanuel Kant gebruik – vergelyk sy werk uit die jaar 1783: *Prolegomena zu einer jeden künftigen Metaphysik die als Wissenschaft wird auftreten können* (Kant 1783:341; § 52b). Kant verwys na 'n "vierkantige sirkel". Suiwer logies gesien is hierdie "begrip" selfkontradiktories, want geen ruimtefiguur kan tegelyk en in dieselfde omstandighede sowel rond as vierkantig wees nie. Anders gestel: 'n ruimtefiguur kan nie twee teengestelde eienskappe besit nie – die bewering dat dit die geval is, is kontradiktories; dit beliggaam 'n onlogiese begrip.

Sonder die (implisiete) aanlegging van logiese beginsels of norme is dit nie moontlik om vas te stel dat hierdie begrip onlogies is nie. Die eerste logiese norm wat hier benut kan word, is die beginsel van identiteit: in wat analiseerbaar is, is A altyd A. Die tweede logiese norm is die beginsel van nonkontradiksie (soms kortweg aangedui as die beginsel van teëspraak): in wat analiseerbaar is, is A nooit nie-A nie. Slegs indien hierdie twee logiese beginsels toegepas word, is dit moontlik om daarop te wys dat die begrip *vierkantige sirkel* as onlogies uitgewys word. Begripsvorming kan derhalwe óf gehoorsaam óf ongehoorsaam aan logiese beginsels of norme wees.

5. Eenheid en menigvuldigheid

Indien die aard van analitiese denke op identifisering en onderskeiding berus, veronderstel dit 'n gegewe – méér-as-logiese – verskeidenheid in die werklikheid. Die term *verskeidenheid* reflekteer egter die sin van getalsveelheid – dit is slegs wanneer ons na gegewens verwys wat die grense van die getalsaspek van die werklikheid te bowe gaan dat ons verkieslik van "verskeidenheid" (in plaas van "veelheid") praat.

In 'n logiese sin verbind 'n begrip steeds 'n menigvuldigheid (veelheid) van onderskeie geïdentifiseerde kenmerke in die eenheid van 'n begrip. Dit is daarom begryplik dat die lang intellektuele erfenis van die Weste *denke* gelykstel met *vereniging* (*tot 'n eenheid bring*) – soos Natorp (1921:35) dit pertinent stel: "Denken aber heisst zur Einheit bringen" ("Om te dink beteken om tot 'n eenheid te bring"). In sy bekende omvangryke driedelige werk oor simboliese vorme vermeld Cassirer (1929) sowel eenheid as veelheid. "Die bepaling van 'n begrip as 'eenheid-in-die-veelheid'" behoort volgens hom gevolglik "tot die klassieke basiese en oorspronklike erfenis van die logika en die filosofie as sodanig".¹

Die kwalifikasie dat dit om *logiese* begripsvorming gaan,² konfronteer ons weliswaar met 'n nuwe probleem: as 'n begrip omskryf word as 'n logiese eenheid en menigvuldigheid, suggereer dit immers dat *eenheid en verskeidenheid* ook anders gestempel (gekwalfiseer) kan wees. Dink bloot aan 'n woord wat as betekenis-*eenheid* tegelyk 'n *veelheid* betekenisonderskeidings of betekenisnuanses besit.³

Die vraag is nou of die "oorspronklike" aard van eenheid en menigvuldigheid ("the one and the many") verskil van enigteen van die gekwalfiseerde kontekste wat so pas vermeld is. Die woord *oorspronklike* is tussen aanhalingstekens geplaas om die misverstand te vermy dat daar in 'n *historiese sin* oor hierdie vraag gedink word. Die vraag is nie *wanneer* iemand vir die *eerste keer* oor die samehang van eenheid en veelheid nagedink het nie, maar binne watter aspek

van die werklikheid – struktureel gesien – ons vir die eerste keer met eenheid en veelheid in aanraking kom. Dit kan beswaarlik betwis word dat die besef van een, nog een, en so meer tot ons besef van *getal* behoort (“aantalligheid”, soos Van Riessen 1958:82, 86 die gegewe kwantitatiewe werklikheid aandui voordat dit in getalsbegrippe gevat is).

Met betrekking tot die aard van logiese begrippe handel dit dus oor die vraag wat die ooreenkoms en verskil tussen ’n getalseenheid en getalsmenigvuldigheid en ’n logiese eenheid en logiese menigvuldigheid is. Die bogemelde voorbeeld van die mossie en die duif – waar die kindjie tot die (enkele) begrip *voëltjie* gekom het – bied terselfdertyd aan ons ’n geval van *logiese optelling* (verbinding). Wanneer twee, drie of meer voëltjies geïdentifiseer word as voëltjies, is die resultaat slegs die enkele begrip *voëltjie*. Kant het reeds in sy *Kritik der reinen Vernunft* ingesien dat ’n bloot logiese sintese (verbinding) nie geboorte kan skenk aan ’n *nuwe* getal nie (Kant 1787:15). Gottlob Frege redeneer dat wanneer met *maan* begin word, abstrahering ons nooit by die getal “1” sal kan uitbring nie. Al wat deur middel van abstrahering verkry word, is meer omvangryke algemene begrippe, soos “metgesel van die aarde”, “metgesel van ’n planeet”, “hemelliggaam sonder sy eie lig”, “hemelliggaam”, “liggaam”, “entiteit” – en nêrens in hierdie ry sal die getal “1” voorkom nie (Frege 1884:57; §44).⁴ Insgelyks sal die logiese optelling van “ene” en “twees” slegs kan uitloop op die eiening van dieselfde soort voorbeelde: wanneer een “een” en nog ’n “een” of een “twee” en nog ’n “twee” geïdentifiseer is, word slegs tot die abstrakte nosie van “een-heid” en “twee-heid” gekom – en nie tot “veelheid” nie. Samevattend formuleer Frege sy siening van logiese optelling soos volg: “Wanneer ons getal andersyds deur die verbinding van wat dieselfde is wil vorm, sal dit altyd in [wat] een [is] saamvloei sodat ons nooit weer tot ’n veelheid kan kom nie.”⁵

David Hilbert, die leidende wiskundige van die 20ste eeu, wat die laaste paar dekades van sy wiskundige loopbaan aan ’n studie van die grondslae van die wiskunde gewy het, wys pertinent op die verskil tussen en samehang van die logiese en aritmetiese sye van die werklikheid:

Slegs wanneer ons dit opmerkzaam beskou sal ons sien dat die voorstelling van die wette van die logika bepaalde aritmetiese grondbegrippe, byvoorbeeld die begrip versameling en gedeeltelik ook die begrip getal, in die besonder kardinale getal, tot aanwending bring. Ons beland so in ’n bose sirkel en om paradokse te vermy moet gevolglik tot die gelyktydige ontwikkeling van die logika en die aritmetika gekom word. (Aangehaal deur Bernays 1970:199 en vertaal deur DFMS; sien ook Quine 1970:88).

Cassirer besef ook dat logiese “identiteit” en “verskeidenheid” as oorspronklike “oer”-funksies medebepalend is vir die versamelingsbegrip – en gevolglik nie ten prooi mag val aan pogings om hulle tot mekaar te herlei nie.⁶

In werklikheid kan nie verstaan word waarom ’n mens nie eenvoudigweg logiese identiteit en verskeidenheid, wat as noodwendige momente in die versamelingsbegrip opgeneem is, as sodanige oorspronklike funksies moet laat geld nie en nie die numeriese eenheid en die numeriese onderskeidenheid van meet af in hierdie sfeer wil opneem nie. ’n Werklik bevredigende herleiding van die een uit die ander het ook nie die versamelingsteoretiese opvatting ten beurt geval nie, en die vermoede van ’n verborge kennisteoretiese sirkel sal altyd bly bestaan teenoor alle pogings wat in hierdie rigting gemaak word. (Cassirer 1957:73-4 – vertaling deur DFMS)

6. Ooreenkomste en verskille

Dit het reeds geblyk dat identifisering en onderskeiding slegs op die basis van ooreenkomste en verskille kan geskied.⁷ Hierdie besef onderlê ons insig in die aard van *analogieë*, want 'n analogie beliggaam 'n bepaalde gestalte van die relasie tussen ooreenkoms en verskil. Wanneer twee gegewens verskil in dié opsig waarin hulle ooreenstem, ontmoet ons 'n *analogie*. Dit kan betrekking hê op (i) aspekte van die werklikheid,⁸ (ii) konkrete entiteite,⁹ (iii) die relasie tussen 'n entiteit en 'n aspek,¹⁰ en (iv) die verhouding tussen 'n aspek en 'n entiteit.¹¹

Punt (i) belig die samehang tussen verskillende werklikheidsaspekte. Omdat ons hierdie aspekte aangedui het as bestaanswyses of modaliteite, kan ons die analogieë waarna punt (i) verwys ook aandui as *modale analogieë*. Dit beteken hier dat die sin van 'n getalseenheid en menigvuldigheid (analogies) teruggevind word in die aard van 'n logiese eenheid en menigvuldigheid. Anders gestel: in die logies-analitiese aspek is eenheid en menigvuldigheid 'n *modale analogie* van die getsaspek. Hierdie soort modale analogie kan nie vervang word nie – dit kan slegs uitgewissel word met sinonieme frases. Beskou byvoorbeeld die sin van ruimtelike *uitgebreidheid*. Gewoonlik word dit verbind aan die aard van *kontinuïteit*, terwyl laasgenoemde van oudsher af gesien is as “oneindig verdeelbaar”. Dit wil sê, die middelpunt van 'n reguit lyn verdeel dit in twee – en elke deel kan vervolgens opnuut in twee verdeel word – sonder einde, letterlik on-eindig. Let egter daarop dat elke verdelingspunt terselfdertyd 'n verbindingspunt is, wat beteken dat alle dele aan mekaar gekonnekteer is en derhalwe wederkerig saamhang. Indien die verdelingsperspektief omgekeer word, kan al hierdie dele saamgedink word in die eenheid van die oorspronklike geheel van die reguit lyn. Die lyn kan slegs as 'n *geheel* waardeur word as al die *dele* daarvan aanwesig is. Gevolglik kan die uitdrukking *kontinue uitgebreidheid* vervang word deur te praat van (*oneindige*) *verdeelbaarheid*, *gekonnekteerdheid* of *samehang*, of deur na die *geheel-dele-relasie* te verwys.¹²

In die geval van punte (ii), (iii) en (iv) ontmoet ons analogieë wat inderdaad (willekeurig) vervang kan word. Gevolglik is dit wenslik om tussen modale analogieë aan die een kant – dit is punt (i) – en dié onder (ii), (iii) en (iv) aan die ander kant te onderskei. Die implikasie is dus dat ons slegs dit wat in punt (i) figureer as *modale analogieë* aandui, terwyl dit waarna punte (ii), (iii) en (iv) verwys *metafore* kan noem. *Metafoor* is die talige duiding van laasgenoemde drie tipes analogieë. Terloops kan opgemerk word dat metaforiek (as taalverskynsel) die sin van die logiese aspek veronderstel, want indien die terme wat metafories in 'n linguale konteks ontgin word, suiwer logies verstaan sou word, sal ons denke konsekwent in kontradiksies vasloop. Wanneer generaal De la Rey byvoorbeeld metafories “die Leeu van Wes-Transvaal” genoem word, word bloot die eienskap *dapperheid* uitgelig – sonder dat die onlogiese bewering gemaak word dat 'n leeu 'n mens is. Uit hoofde van die onderliggende verskil tussen die eise van *logiese denke* (begripsvorming) en *talige denke* (metaforiek in hierdie geval) is dit gebruiklik om te onderskei tussen sogenaamde *letterlike*¹³ en *figuurlike* taalgebruik. Waarskynlik is dit veiliger om bloot te onderskei tussen 'n *logiese begripkonteks* en 'n *linguale betekeningkonteks*. Die misterie waarvan Max Black ten opsigte van 'n metaforiese stelling praat, ontstaan bloot wanneer die linguale sy van taalgebruik aan die streng eise van die logiese sy daarvan onderwerp word. Black (1979:21) skryf: “So perhaps the ‘mystery’ is simply that, taken as literal, a metaphorical statement appears to be perversely asserting something to be what it is plainly known not to be.”

In ons alledaagse en in ons wetenskaplike denke vind ons talle voorbeelde van soortgelyke analogiese verbindings tussen verskillende aspekte. Dink slegs aan

uitdrukkings soos *liefdeslewe* ('n biotiese analogie in die morele aspek), *ekonomiese vertroue* ('n geloofsanalogie in die ekonomiese aspek – vgl. die aard van *krediet* soos deur Jacques Derrida (1997:23) getipeer as ekonomiese vertroue), *juridiese kousaliteit* (juridiese oorsaaklikheid – 'n fisiese analogie in die regsaspek),¹⁴ en *sosiale afstand*.¹⁵

Hoewel alle wetenskaplike dissiplines dergelike analogiese koppel frases gebruik, verteenwoordig die erkenning en ontleding daarvan een van die verwaarloosde fasette van die Westerse wetenskaplike denktradisie.¹⁶

Die onderliggende probleem vir denke hieroor is gegee in die vraag na die verhouding tussen dit wat uniek is en die samehang wat tegelyk aanwesig is.

7. Menslike denke te midde van uniekheid en samehang

Die blote feit dat ons nog altyd van die verskeidenheid in die werklikheid praat, bevat 'n implisiete kritiek op elkeen van die monistiese ismes wat ons in die oriënterende opmerkings aan die begin vermeld het. Daar is spesifiek verwys na ismes wat gewissel het van die aritmetisisme tot by die piëtisme. Elkeen van hierdie ismes is daarop uit om die ganse werklikheid bloot vanuit die perspektief van een enkele aspek te probeer verklaar – wat dan vanself beteken, soos hier bo reeds vermeld, dat 'n poging aangewend sal word om alle werklikheidsaspekte tot die “bevoorregte” een te herlei.

In hierdie opsig bestaan daar egter minstens twee onoorkomelike probleme wat hierdie strewe in die weg staan. Enersyds word steeds vasgeloop teen die uniekheid van die verskillende werklikheidsaspekte wat juis op hul onherleibaarheid dui; en andersyds gee die daadwerklike herleidingspogings aanleiding tot onoplosbare teenstrydighede (antinomieë).

Bernays merk op dat die aard van rasionaliteit slegs in sig kom wanneer aandag aan die begripselement gegee word. Hy stel dat die “proper characteristic of rationality” te vind is “in the conceptual element” (Bernays 1974:601).

Wat is egter die aard van die “elemente” wat in 'n begrip opgeneem word? Ons het reeds daarop gewys dat begripsdenke altyd gemoeid is met wat identifiseerbaar en onderskeibaar is. Ons sou ook kon sê dat begripsvorming op logiese objektivering¹⁷ berus.

Veronderstel ons definieer 'n vierkant as “'n ruimte-figuur met vier sye wat ewe lank is en vier hoeke wat ewe groot is (regte hoeke is)”. Verskeie terme is in hierdie definisie gebruik. Die term *ruimte* sou ons kon omskryf deur te stel dat dit die aspek van kontinue uitgebreidheid is – en ons het hier bo reeds opgemerk dat kontinue uitgebreidheid nie vervang kan word nie, maar slegs “sinonimiseerbaar” is, dit wil sê dat dit eintlik ondefinieerbaar is. Die term *figuur* word nader gepresiseer met behulp van bykomende ruimte-terme, met name die term *sy* ('n reguit lyn) en die term *hoek* (snydende lyne), terwyl ons ten slotte ook nog 'n getalsterm aantref, met name die term *vier* (wat twee keer gebruik word). Is dit nou moontlik om bykomend die term *vier* of die term *lyn* nader te definieer sonder om in 'n eindelose regressie te verval? Nee, dit is nie – soos daadwerklik deur die moderne wiskunde erken word. Die unieke sin van beide getal en ruimte is ondefinieerbaar. Met betrekking tot getal merk Hermann Weyl daarom tereg op dat dit die wiskundige beginsel van *induksie* is wat die wiskunde daarvan vrywaar

om in een groot toutologie te verval.¹⁸ En met betrekking tot ruimte het David Hilbert sy *Grundlagen der Geometrie* gepubliseer waarin daar drie ongedefinieerde terme ingevoer word – met name *punt*, *lyn* en *lê op*.

8. Ondefinieerbaarheid en “primitiewe terme”

Die voorlopige voortgaande proses van definiëring vind derhalwe sy grens in terme wat ondefinieerbaar is. Gevolglik berus begripsvorming op terme wat in die laaste instansie nie self in begrip gevat kan word nie.

Hierdie toedrag van sake belig terselfdertyd die onselfgenoegsaamheid van die menslike denke. Die erkenning van ondefinieerbaarheid en die gepaardgaande primitiewe terme beliggaam die restriktiewe grens van rasonale denke.¹⁹ Die onmiddellike intuitiewe insig in die uniekheid van die kern-sin van die verskillende werklikheidsaspekte kan egter wel ideematig benader word; dit wil sê die kennis wat ons van die unieke en onherleibare sin van die verskillende werklikheidsaspekte besit, oorstyg die grense van egte begripsvorming en kan slegs in 'n idee benader word. Kennis mag derhalwe nie tot begripskennis herlei of beperk word nie – die tipiese tekortkoming van die rasionalisme – want daar bestaan ook kennis wat die grense van begripsvorming te bowe gaan – te wete begripstransenderende kennis of idee-kennis.

Die menslike denke is gebonde aan, en word onder meer gekondisioneer deur, die dimensie van konkrete dinge en gebeurtenisse (d.w.s. van natuurlike en sosiale entiteite) en die dimensie van modale aspekte. Eersgenoemde dui op die konkrete *wat* van die werklikheid en laasgenoemde op die *hoe*, die bestaanswyses of modi van die werklikheid. Die werklikheidsaspekte is egter nie bloot *bestaanswyses* van die werklikheid nie, want hulle dien ook as toegangspoorte tot ons verstaan van die werklikheid. In die wetenskap figureer hulle derhalwe bykomend ook as *verklaringswyses* (“modes of explanation”).

Die twee mees fundamentele aspekte van die werklikheid is byvoorbeeld prominent in die omvattende Afrikaanse aanduiding van die skepping in sy geheel. Almal ken die woord *heelal*. Dit sê eintlik: “die geheel van alles”. Die term *alles* is aan die sin van getal ontleen en die term *geheel* aan die sin van die ruimte.²⁰ Die getalsterm *al(les)* verwys nie bloot na gegewens wat binne die grense van die getalsaspek funksioneer nie (wat ons wetenskaplike denke in staat stel om getalsterme begripsmatig te gebruik), want dit verwys na die ganse skepping in al sy aspekte en entiteitstrukture. Gevolglik word *al*, die term, *ideematig* aangewend, dit wil sê op 'n begripstransenderende wyse. Indien daar nie bloot na die eenvormige beweging van 'n fisiese liggaam verwys word nie (die funksie daarvan binnedie kinematiese aspek), maar aandag geskenk word aan die duursame voortbestaan daarvan te midde van veranderinge wat mag intree, dit wil sê indien gelet word op die *identiteit* daarvan, word eweseer na méér as bloot die kinematiese funksie gekyk. Gevolglik gebruik die idee van die identiteit van 'n entiteit die kinematiese besef van eenvormige beweging op 'n ideematige wyse, dit wil sê op 'n begripstransenderende wyse.

In die geskiedenis van die filosofie was daar gereeld sprake van iets wat “onkenbaar” is. Ons vind dit byvoorbeeld in die negatiewe teologie van die vroeë Middeleeue, waar die siening gehuldig is dat ons nie kan sê wat God is nie, maar slegs wat God nié is nie. In aansluiting by die gedagtes van Plotinus (1978) het Dionysius Pseudo-Areopagita 'n belangrike bydrae tot die opbou van hierdie

negatiewe teologie gelewer. Later sou Kant ook verwys na iets onkenbaars, naamlik die “Ding-an-sich” (“ding-op-sigself”) – hy beskou die vryheid van die menslike siel as ’n “ding-op-sigself”.²¹ Die Griekse substansiebegrip, wat onderskei tussen wese en verskyning, vorm die agtergrond van hierdie erfenis.

9. Menslike denke tussen universaliteit en dit wat individueel is

Plato se ideëleer is ’n reaksie op die denke van Herakleitos wat geleer het dat alles verander (’n mens kan nie twee keer in dieselfde rivier stap nie) – wat impliseer dat daar niks is om aan vas te hou indien ’n mens tot kennis van enigiets wil kom nie. Gevolglik postuleer Plato bo-sinnelike, statiese wesensvorme wat die kenbaarheid van dinge in die sintuiglike wêreld van wording (*genese*) waarborg – vergelyk die uiteensetting van die verskillende vorme van kennis in sy *Politeia* (Boek VI:509 – sien Cornford, 1966:217 e.v.). Die bo-sinnelike “intelligibele” (intellektueel-toeganklike) wêreld omvat *noesis* (intelligensie – waar die wesensvorme geken word in hul afhanklikheid van die *Idee van die Goeie*) en *dianoia* (kennis – wiskundige denke wat nie so geken word nie), terwyl *pistis* (geloof) en *eikasia* (beeldvorming) onderskeidelik – in die wêreld van verskynsels – met sigbare (sinuiglik-waarneembare) dinge en beelde te make het.

Plato sien hierdie vorme as universeel, terwyl Aristoteles in sy *Categoriae*, daarenteen, met ’n primêre substansie (*proten ousian*) begin wat suiwer individueel is (Aristoteles 2001:7 e.v.; *Categoriae* 1 e.v.). Sy siening van teoretiese denke verbind sodanige denke egter aan universaliteit, met die gevolg dat hy – om teoretiese denke te red – ’n sekondêre substansie invoer wat inderdaad universeel is. Hierdie sekondêre substansie staan bekend as die *universele wesensvorme* van die dinge. Van dit wat individueel is, kan egter volgens Aristoteles geen kennis verkry word nie. Aristoteles het dus reeds ingesien dat ’n begrip altyd gerig is op universaliteit: *ὁ δὲ λόγος ἐστὶ τοῦ καθόλου* (*Metaph.* 1035 b 34–1036 a 1 in Aristoteles 2001:799-800).²²

10. Die grense van die denke: begripskennis en ideekennis

Enersyds besef hy hiermee dat begripskennis gebonde is aan universaliteit, maar andersyds begaan hy die fout om *kennis* met *begripskennis* te vereenselwig. Wanneer dit gedoen word, volg dit vanself dat die oortuiging gehuldig sal word dat dit wat individueel is, nie geken kan word nie. Word, daarenteen, tussen begripskennis en ideekennis onderskei, is dit vanselfsprekend dat alhoewel daar nie ’n *begrip* van die individuele gevorm kan word nie, dit tog moontlik is om *kennis* daarvan te verwerf.²³ Elkeen van ons *ken* immers onself in ons unieke individualiteit.

Sonder om dit uitvoerig te beredeneer moet volledigheidshalwe kortliks daarop gewys word dat die ontsluiting van die vooruitwysende (antisiperende) analogieë in modale aspekte ’n regulatiewe verdieping teweegbring wat ook slegs ideematig benader kan word. Ons volstaan met twee voorbeelde: (i) die verskil tussen getalsbegrip en getalsidee en (ii) die verskil tussen regsbegrip en regsiee.

(i) Die getalsbegrip omvat verskillende struktuurmomente binne die getalsaspek (insluitende die ondefinieerbare sin-kern van diskrete kwantiteit –

asook die orde van opeenvolging van die natuurlike getalle). Hierdie orde van suksessie onderlê ons mees basiese begrip van oneindigheid: een, nog een, en nog een, en so meer, sonder einde, letterlik on-eindig, of, soos dit verkieslik aandui kan word: die begrip van die *suksessief-oneindige*. Wanneer die aritmetiese orde van opeenvolging egter verdiep word deur die vooruitwysing van getal na ruimte, geskied dit onder leiding van die wiskundige insig in die aard van die ruimtelike orde van gelyktydigheid (*opeens*). Dan ontmoet ons die regulatiewe hipotese van die *opeens-oneindige*.²⁴ Die ontstaan van die moderne wiskunde word tereg verbind aan die effektiewe gebruik van die opeens-oneindige in die wiskundige versamelingsleer van Georg Cantor (hy het dit tussen 1874 en 1899 ontwikkel). Enige suksessief-oneindige (of: aftelbare) ry getalle (soos die natuurlike getalle of heelgetalle) kan, wanneer die getalsidee van die opeens-oneindige ingespan word, beskou word *asof* al die elemente daarvan *gelyktydig* as 'n *oneindige totaliteit* of 'n *oneindige geheel* gegee is (Strauss 2009:239–41).

(ii) Wanneer die sin van die regsaspek ontsluit word, ontmoet ons die verdiepende en verfynende beginsels van die juridiese moraal, wat gesamentlik as geregtigheidsbeginsels aangedui kan word (beginsels soos goeie trou, billikheid, skuld, e.s.m.). Waar die regsbegrip opgebou word deur te let op die *terugwysende* analogieë in die regsaspek, berus die regsidee (van geregtigheidsbeginsels) op die vooruitwysende analogieë binne die struktuur van die juridiese aspek – na die morele en geloofsaspekte wat ná die regsaspek in die orde van aspekte voorkom.

Ons het reeds opgemerk dat die rasionalisme begripskennis oorbeklemtoon ten koste van ideekennis en kan nou daaraan toevoeg dat die irrasionalisme die teenoorgestelde doen: dit oorbeklemtoon ideekennis ten koste van begripskennis. Die 18de eeu, die eeu van die Verligting, was byvoorbeeld globaal rasionalisties georiënteer. Hierdie rasionalisme het via die Romantiek tot die historisme aan die begin van die 19de eeu – wat irrasionalisties was – gelei.

'n Merkwaardige situasie het in die Duitse literatuur rondom die besinning oor die menslike samelewing insake die verhouding tussen mens en samelewing ontstaan. Die twee ismes wat ons vlugtig hier bo as atomisme en holisme aangedui het, word in die Duitse literatuur ook aangedui as individualistiese en universalistiese sienings van die samelewing. In hierdie konteks, waar die terme *individualisme* en *universalisme* gelykluidend met *atomisme* en *holisme* gebruik word, gaan dit oor die alternatief van diskreetheid ('n optelsom van onderskeie eenhede) en kontinuïteit (die geheel-dele-relasie) en nie oor die verhouding tussen wat universeel en individueel is nie.

Die oorgang van die 18de na die 19de eeu beliggaam dus 'n oorgang van die individualisme (atomisme) na die universalisme (holisme). Die Verligtingsdenke was rasionalisties en atomisties, die vroeg-Romantiek irrasionalisties en atomisties, maar om aan die anargistiese konsekwensies van 'n wet-lose individu te ontkom, is die binding deur die na-Kantiaanse vryheidsidealiste (Schelling, Fichte en Hegel) in een of ander hoogste geheel (soos die Duitse volk) gesoek – die eindpunt van 'n irrasionalistiese holisme.

Alle konkrete gebeurtenisse en entiteite besit sowel 'n individuele as 'n universele kant – normaalweg deur die lidwoorde *'n* en *die* aangedui: "hierdie mens" (individuele kant) is *'n mens* (universele kant). Wat aan alle mense gemeenskaplik is, is hierdie universele eienskap van mens-wees.

Die miskenning van hetsy die individuele of die universele kant van dinge, of die reduksionistiese strewe om een of ander werklikheidsaspek te verhef tot uitsluitlike teoretiese verklaringsbginself, resulteer telkens in egte antinomieë. Wanneer wetenskaplike denke doelbewus dergelike eensydighede probeer vermy, ontmoet ons die benadering van 'n nereduksionistiese ontologie. Die taakstelling om antinomieë te vermy kan gehoorsaam word of verontagsaam word. Dit besit derhalwe 'n normatiewe appèl – net soos in die geval van die bogemelde logiese beginsels (identiteit, teenspraak, e.s.m.). Die *erkenning* van beginsels of norme vir menslike *denke* moet egter nader verantwoord word.

11. Die status van (logiese) normatiewiteit

Van oudsher bestaan die opvatting in die filosofie dat die kondisies vir die bestaan van iets nie kan saamval met dit wat aan daardie kondisies beantwoord word nie. Die skoolvoorbeeld van wat bedoel word, is die aard van 'n spesifieke kleur, soos byvoorbeeld die kleur rooi. Die *kondisies* vir rooi-wees is nie sêlf rooi nie, net so min as wat die kondisies vir atoom-wees, mens-wees of staat-wees self onderskeidelik 'n atoom, 'n mens of 'n staat is. Ons kan die term *kondisies* ook met die term *wet* vervang.²⁵ Die wet vir enigiets verskil van die “iets” wat aan hierdie wet beantwoord (daaraan onderworpe is).

Aangesien natuurwette geen toerekenbare vryheid by dit wat daaraan onderworpe is veronderstel nie, moet ons tussen nienormerende (natuur)wette en normerende (kultuur)wette onderskei. Laasgenoemde word ook as kultuurnorme of -beginsels aangedui. Die kontrariteit logies–onlogies – waaraan ons reeds aandag gegee het – belig die normerende aard van logiese beginsels, want uit die voorbeelde wat ons gebruik het, blyk duidelik dat die menslike denke óf in ooreenstemming óf in stryd met logiese norme of beginsels kan funksioneer. In al die ander normatiewe aspekte van die werklikheid word soortgelyke kontrêre teenstellinge aangetref – as analogieë van die logiese beginsel van nonkontradiksie. Dink aan kontrêre teenstellinge soos revolusionêr en reaksionêr (histories), duidelik en onduidelik (linguaal), vriendelik en onbeskof (sosiaal), spaarsaam en vermorsend (ekonomies), mooi en lelik (esteties), regmatig en onregmatig (wederregtelik – juridies), moreel en immoreel (eties) en geloof en ongelooft.

Die belangrike gesigspunt is dat ons nie hoef saam te stem oor wat presies mooi, spaarsaam of hoflik is nie, of oor wat lelik, vermorsend of onbedagsaam is nie, want die blote bestaan van die gemelde teenstellinge bevestig dat dit altyd een of ander eis van “so behoort” veronderstel, dit wil sê een of ander norm of beginsel wat as maatstaf aangelê word.

Met hierdie insig is egter nog nie 'n antwoord gevind op die vraag na die *status* van beginsels of norme nie.

12. Is die denke van die mens outonoom?

Sedert die Renaissance is die moderne filosofie daartoe gebring om die menslike persoonlikheid as vry en outonoom te sien – veral in reaksie op die kerkdominante Middeleeue. Later sou Jean Jacques Rousseau (1975:247) dit treffend verwoord deur te stel dat vryheid gehoorsaamheid aan die wet is wat die

mens vir sigself stel. Kant stel dit ook baie duidelik: “Wat kan dan wel die vryheid van die wil anders wees as outonomie, dit is die eienskap van die wil om vir sigself ’n wet te wees.”²⁶

Die probleem is dan egter dat die mens tegelyk *wet* en *wetsonderdaan* is – die kondisie vir mens-wees én dit wat aan daardie kondisie beantwoord. Bykomend bestaan die probleem van intersubjektiviteit: Is ek bloot wetgewer vir my eie (individuele, persoonlike) denke, of ook vir die denke van ander mense? Of is hulle denke normerend vir my denke? Wat gebeur egter wanneer daar verskil word oor wat werklik normatief of waar is? Sal dit help om ons op die meerderheid te beroep? Klaarblyklik nie, want ’n beroep op die meerderheid ontbloom ’n eindelose regressie: Het die meerderheid besluit dat wat die meerderheid besluit, die waarheid is?²⁷ Het die meerderheid besluit dat die meerderheid besluit dat wat die meerderheid besluit, die waarheid is? Ensovoorts! In logika-handboeke word gevolglik tereg verwys na die valstrik van die “meerderheidsgeloof”. Howell en Kemp (2005:131 e.v.) vermeld as een van die “rhetorical ploys and fallacies” die “fallacy of majority belief”.

Die enigste manier om aan die greep van die subjektivisme te ontkom is om ontiese normatiewiteit te erken. Dit beteken dat alle tipies menslike doen en late onderlê word deur modale en tipiese²⁸ beginsels wat ons denke, kultuurvorming, taalgebruik, sosiale omgang en verkeer, ekonomiese praktyke, estetiese produkte, juridiese uitinge, liefdesbelewenisse en geloofsaktiwiteite onderlê en eers moontlik maak.²⁹

Uit hoofde van die werklike bestaan (ontiese gegewenheid) van modale en tipiese wette is dit ook begryplik waarom die aard daarvan slegs omskryf kan word indien van die toegangspoort van verskillende aspekte gebruik gemaak word. Die begrip *natuurwet* kan soos volg omskryf word:

As ’n unieke, universeel-geldige orde vir dit wat feitlik daarmee gekorreleer en daaraan onderworpe is, is ’n natuurwet konstant van krag (hetsy op ’n ongespesifiseerde of ’n gespesifiseerde wyse, onderskeidelik as modale of tipiese wette), binne die domein waarin dit wat daaraan onderworpe is, daardeur bepaal en begrens word.³⁰

’n Soortgelyke omskrywing tipeer die aard van ’n *beginsel*:

’n Beginsel is ’n universele, konstante vertrekpunt wat slegs van krag gemaak kan word deur ’n kompetente orgaan wat oor ’n vrye, toerekenbare wil beskik op grond waarvan die appél van hierdie vertrekpunt, in die lig van ’n verantwoorde interpretasie van toepaslike unieke omstandighede, op ’n norm-gehoorsame of antinormatiewe wyse nader vorm gegee word (gepositiver) word.³¹

13. Rede en geloof

In die Pouslike Ensikliek *Fides Et Ratio* behandel pous Johannes-Paulus II beide rede en geloof asof hulle onafhanklike entitêre werklikhede is. Volgens hom vrees geloof nie die rede nie: “Faith therefore has no fear of reason, but seeks it out and has trust in it” (John Paul 1998). Wat hier belangrik is, is om rekenskap te gee van die feit dat beide ’n *denkakt* en ’n *geloofsakt* in beginsel in alle aspekte van die werklikheid funksioneer. Dit impliseer dat geen geloofsakt losgemaak kan

word van die funksie daarvan in die logiese aspek nie, net so min as wat 'n analitiese denkkragtigheid losgemaak kan word van die funksie wat dit in die geloofsaspek besit.

Die sin van beide die geloofsaspek en die logiese aspek is onder meer afhanklik van die wederkerige samehang tussen beide. Een van die terugwysende (retrosiperende) momente binne die geloofsaspek kom na vore in die normatiewe eis dat korrekte geloofsonderskeiding en -identifisering behoort plaas te vind. Dit betref dus *geloofskennis*. Omgekeerd vind ons binne die verdiepte (ontslote) struktuur van die logiese aspek vooruitwysende (antisiperende) samehangsmomente in sinfigure soos *logiese sekerheid*,³² *logiese vertroue* en *epistemiese betroubaarheid*.

Die geloofsfunksie en die analitiese denkfunksie is derhalwe in 'n onverbreeklike intermodale samehang gevoeg en kan gevolglik nooit uiteengebreek en antities teenoor mekaar gestel word nie.

14. Die logiese en sosiale “konstruksie” van die werklikheid

In die vroeë Griekse denke is die term *nomos* (wet) in 'n breë kosmiese sin gebruik. Hesiodus aanvaar die idee van 'n wet soos gegee deur Zeus – en die mens se gerigtheid daarop beliggaam die kuns van die lewe (Hesiodus, *Erga* 276 e.v., aangehaal deur Plumpe 1974:494). Herakleitos ontwikkel die idee 'n goddelike wet (*θεῖος νόμος*) as 'n beginsel van die heelal, aangedui as die wêreld-*logos* (*λόγος*) (Diels en Kranz 1959-60: Heraclitus, B. *Fragm.* 30 e.v.). Cassirer (1911:375) vermeld 'n ander element in die antiek-Griekse siening van die *logos*. Hierdie *logos* konstitueer 'n beginsel van kosmiese ordening. Die sinsfilosofie, soos ontwikkel in die skool van Parmenides, het die grondslag gelê vir die realistiese metafisika van die Middeleeue – ook bekend as die “chain of being” met God aan die spits as die hoogste sin (*ipsum esse*).

Waar Plato op die *orde vir* skepsel-wees gestuit het, en dit verplaas het na 'n binnelike, transendente wêreld van ewige en onveranderlike statiese sinsvorme (*eidé*), het Aristoteles met sy gemelde sekondêre substansie (die universele wesensvorme inherent aan die dinge), op die ordelikheid (wetmatigheid) van die dinge gestuit. Saam met die vermeende universele begrippe in die menslike gees ontmoet ons hier die drievoudige bestaan van die sogenaamde *universalia* – voor die tyd in God se Gees, dan *in* die dinge, en laastens (agterna) in die menslike gees. 'n Nalewende gedagtelyn in die Gereformeerde teologie imiteer hierdie erfenis met die siening dat die wetenskap die taak besit om die “gedagtes” (ideë) wat God in die skepping gelê het, ná te dink!

Met oorgang van die Middeleeue na die vroeg-moderne tyd is hierdie realistiese metafisika deur die moderne nominalisme bevraagteken. Die nominalisme erken geen universaliteit buite die menslike gees nie. Daarmee word 'n streep getrek deur die universele orde vir skepsel (d.w.s. deur God se skeppingswet) en die universele ordelikheid van die skepsel (d.w.s. die universele wyse waarop skepsel tóón dat hulle aan God se wet onderworpe is). Al wat dan buite die menslike gees oorbly, is 'n chaotiese, struktuurlose menigvuldigheid gegewens – sonder enige ordebepaaldheid of ordelikheid. Die leemte wat sodoende gelaat word, was spoedig 'n uitnodiging om 'n plaasvervanger vir hierdie gebrek aan ordebepaaldheid te vind. Twee gedagte-eksperimente, onderskeidelik uit die

vroeg-moderne era en uit die eeu van die Verligting, moet in hierdie verband uitgelig word.

Thomas Hobbes (1651) het allereers in sy werk *De Corpore* 'n gedagte-eksperiment bedink waarin die ganse werklikheid teoreties tot 'n puinhoop afgebreek word alvorens dit dan opnuut rasioneel gerekonstrueer word ooreenkomstig die ontwerp van die menslike verstand – opgebou vanuit die eenvoudigste elemente daarvan met behulp van duidelik-gedefinieerde begrippe. In die besonder het Hobbes die begrip *bewegende liggaam* gebruik en nie bly vassteek by die *res extensa* van Descartes nie – klaarblyklik omdat hy reeds met die meganika van Galilei vertrouwd was. Hierdie gedagte-eksperiment bevat 'n duidelike sinspeling op die Bybelse skeppingsverhaal, waar die menslike denke die skeppingstaak van God oorneem. Hiermee is geboorte geskenk aan die nuwe moderne motief van *logiese skepping* (konstruering).

Galilei (1638) het bykomend die weg vir die krag van skeppende denke verder gebaan met 'n gedagte-eksperiment waarin 'n denkbeeldige bewegende liggaam eenvoudig die beweging daarvan tot in die oneindige sal kontinueer indien niks daarop inwerk nie (soos wrywing of 'n krag). In reaksie hierop het Kant gewonder hoe dit moontlik is dat die menslike denke, in die spontane subjektiwiteit daarvan, 'n gedagte-eksperiment kan formuleer, 'n natuurwet daaruit kan aflei (die traagheidswet of wet van inersie), en hierdie natuurwet dan kan toepas op die sintuiglik-waarneembare natuurverskynsels.³³ Kant het die ekstreme rasionalistiese konklusie hieruit getrek, want volgens hom beteken dit dat die wette vir die natuur by voorbaat (*a priori*) in die menslike verstand opgesluit lê. Dit verteenwoordig wat bekend is as die Kopernikaanse revolusie in die moderne kennisleer – waar die primaat of voorrang nie langer aan die “objek” nie, maar aan die denkende menslike subjek toegeskryf is. Kant (1787–B:161) sien in die verstandsbegrippe (kategorieë) die kondisies vir ervaring en derhalwe as *a priori* geldig vir alle ervaringsobjekte. Die menslike verstand word ten slotte deur Kant tot die apriories-formele wetgewer van die natuur verhef: “Die verstand skep sy wette (*a priori*) nie uit die natuur nie, maar skryf dit aan die natuur voor” (Kant 1783, II:320; § 36 – vertaling deur DFMS).

Die vermeende algemeen-geldigheid van die verstandswette is egter spoedig gerelativeer deur die opkoms van die historisme aan die einde van die 18de en begin 19de eeu. Omdat begripskennis op universele eienskappe staatmaak, het die historisme se klem op die uniekheid, eenmaligheid en onherhaalbaarheid van historiese gebeurtenisse spoedig die sekerhede van die rasionalisme bevraagteken. Nogtans kon dit geen oplossing bied vir die probleemverhouding tussen begripskennis en die eenmalige uniekheid van dit wat individueel is nie. Aangesien sowel sintuiglike ervaring as die duidendefunksie van taal klaarblyklik toegang tot die individuele verleen, sien ons teen die laat 19de en vroeë 20ste eeu die opkoms van die positivisme (met 'n besondere klem op “sense data”) en die hermeneutiek (Dilthey) wat tot die sogenaamde taalwending (“linguistic turn”) aan die begin van die vorige eeu gelei het. Hierdie wending na die taal was inderdaad daarop uit om nie langer in die impasse van die historisme te bly vassteek nie. Gadamer (1991:172) wys daarop dat Heidegger op soek was na 'n ruimte waar die hermeneutiek 'n nuwe universele kon word (“zum neuen Universale wird”). “Dieser Raum ist die Dimension der Sprache” (“Hierdie ruimte is die dimensie van die taal”).

Hoewel die neo-Kantiaanse Badense skool aanvanklik nog wou vashou aan die aard van ideële, botydlike, geldende waardes, sou die historisme hierdie sekerheid ook spoedig relativeer tot my en jou (persoonlik-gekoos) waardes. Die *denk*-konstruksie van die (natuur)werklikheid by Kant sou deur die toedoen van

die taalwending daartoe lei dat die “wêreld”, volgens Gadamer, herken moet word as ’n skepping van die taal (Van Niekerk 1993:39). Reeds Johann Gottfried Herder het die *mens* ’n skepping van die taal genoem: “Die mens is ’n vrydenkende, handelende wese, wie se vermoëns in progressie voortwerk, daarom is die mens ’n skepsel van die taal.”³⁴

Omdat ’n taal ooreenkomstig die aard daarvan aangewese is op intersubjektiewe kommunikasie, hoef dit ons nie te verbaas nie dat die idee van *konstruksie* ook op die menslike samelewing van toepassing gemaak sou word. Let bloot op die titels van die volgende twee werke: *The social construction of reality; A treatise in the sociology of knowledge* (Luckmann en Berger 1969); *Der sinnhafte Aufbau der sozialen Welt* (“The meaningful construction of the social world”, Schutz 1974).

In die lig van die omskrywing wat ons vroeër van ’n beginsel gegee het, het dit geblyk dat ’n beginsel ’n universele, konstante vertrekpunt is wat slegs deur die bemiddeling van die mens tot *gelding* gebring of *van krag* gemaak kan word. Ons het hierdie bemiddeling ook aangedui as die toepassing, nadere vormgewing of positivering van die onderliggende beginsel. Die moderne idee van konstruksie – wat by Hobbes se siening van *logiese konstruksie* begin het en via Kant se aporiese formele verstandswetgewer van die natuur en Herder se siening van die mens as ’n skepsel van die taal uiteindelik by die sosiale konstruksie van die werklikheid uitgekóm het – verselfstandig eintlik hierdie *positiveringsvryheid* van die mens.

15. Kan diere dink en begrippe vorm?

Die Duitse dierkundige Bernard Rensch, wat weliswaar glo dat diere *averbale* (nietalige) begrippe kan vorm, moet nogtans toegee dat slegs die mens begrippe besit vir oorsaaklike samehange – vergelyk uitdrukkings soos: “as gevolg van”, “omdat”, “ingeval”, en ander. Wat derhalwe afwesig is by die dier, is die logiese oordeelsvermoë van menslike denke (1973:118).

Die vermoë van mensape om sintuiglik waarneembare voorwerpe af te grens en selfs met mekaar te assosieer (in toetse is sjimpansees en gorillas selfs so ver gebring om te kom tot ’n herkombinasie van tekens wat aan hulle geleer is ter aanduiding van ooreenstemmende voorwerpe), lewer nog geen deurslaggewende bewys dat hierdie diere aktief in die logiese aspek van die skepping funksioneer nie (Leakey en Lewin 1978:202 e.v.). ’n Eenvoudige negatiewe toets is gegee in die vraag of diere die vermoë besit om tussen logiese en onlogiese begrippe te onderskei, soos die gemelde begrip van ’n vierkantige sirkel.³⁵

Gevolglik onderskei Frederik J.J. Buytendijk tussen die dier se konkreet-ervaringsmatige en sensomotoriese intelligensie enersyds en die mens se rasioneel-logiese en kategoriees-oordelende begrypende intelligensie andersyds (Buitendijk 1970:97). Met afwysing van Rensch, Köhler en Lorenz se oordragtelike spreekwyse beklemtoon Paul Overhage ook tereg dat dierlike vormwaarneming geensins egte begripsvorming tot gevolg het nie, omdat dit volledig afgesluit bly in die sintuiglik-aanskoulike sfeer (Overhage en Rahner 1965: 307).

Die instink-versekerde aard van die dier, soos Portmann (1990:79) dit tipeer, beteken dat instinktiewe dieregedrag nie op rasonale denke berus nie. Die

rooiborsvoëltjie, in Amerika bekend as die robin, val enige spesiegenoot aan wanneer dit sy domein betree. Indien die rooiborsvoëltjie egter sonder 'n rooi borsie die domein betree, word geen aanval geloods nie. Omgekeerd, indien 'n kunsmatige voëltjie met 'n rooi borsie in die domein geplaas word, sal dit aangeval word totdat die rooi borsie nie meer gesien kan word nie (Eibl-Eibesfeldt 2004:162–3). Hieruit blyk ondubbelsinnig dat die robin geensins die begrip *voëltjie* besit nie.

16. Slotopmerking

Hoewel nie al die probleemvrae wat aan die begin van ons uiteensetting aan die orde gestel is, ewe uitvoerig behandel is nie, behandel ons voorafgaande ontleding tog die belangrikste kontoere van die komplekse verweefdheid van die menslike denke. Die agterliggende samehang van die geheel is in afdeling 2 saamgevat in die vorm van 'n nabetragting as “'n Woord vooraf”.

Bibliografie

Aristoteles. 2001. *The basic works of Aristotle*. Onder redakteurskap van Richard McKeon met 'n inleiding deur C.D.C. Reeve. (Oorspronklik gepubliseer deur Random House in 1941). New York: The Modern Library.

Bernays, P. 1970. Hilberts Untersuchungen über die Grundlagen der Arithmetik. In Hilbert 1970.

—. 1974. Concerning rationality. In Schilpp 1974.

Black, M. 1979. More about metaphor. In Ortony 1979.

Bowell, T. en G. Kemp. 2005. *Critical thinking. A concise guide*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Buytendijk, F.J.J. 1970. *Mensch und Tier*. Hamburg: Rowohlt.

Cassirer, E. 1910 (1969). *Substanzbegriff und Funktionsbegriff*. Berlyn, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

—. 1911 (1973). *Das Erkenntnisproblem in der Philosophie und Wissenschaft der neueren Zeit*. Volume II. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

—. 1929. *Philosophie der symbolischen Formen*. Volume III. Berlyn: Bruno.

—. 1957. *Das Erkenntnisproblem in der Philosophie und Wissenschaft der neueren Zeit*. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.

Cornford, F.M. 1966. *The Republic of Plato*. Vertaal met inleiding en notas. Oxford: Clarendon Press.

Cullman, O. 1949. *Christ and time. The primitive Christian conception of time and history*. Philadelphia: The Westminster Press.

De Vleeschauwer, H.J. 1952. *Handleiding by die studie van die Logika en die Kennisleer*. Pretoria: Uitgewery J.J. Moerau & Kie.

Derrida, J. 1997. *Deconstruction in a nutshell. A conversation with Derrida*. Onder redakteurskap van en met kommentaar deur John D. Caputo (The Villanova Roundtable). New York: Fordham University Press.

Diels, H. en W. Kranz. 1959–60. *Die Fragmente der Vorsokratiker*. Volumes I–III. Berlyn: Weidmannsche Verlagsbuchhandlung.

Eibl-Eibesfeldt, I. 2004. *Grundriß der vergleichenden Verhaltensforschung, Ethologie*. Agtste hersiene uitgawe. Vierkirchen-Pasenach: Buch Vertrieb Blank GmbH.

Frege, G. 1884. (Onveranderde herdruk 1934). *Grundlagen der Arithmetik*. Breslau: Verlag M. & H. Marcus.

Gadamer, H.-G. 1991. Die Hermeneutik und der Diltheyschule. *Philosophische Rundschau* 38(3):161-77.

Galilei, G. 1973 (1638). *Unterredungen und mathematische Demonstration über zwei neue Wissenszweige, die Mechanik und die Fallgesetze betreffend*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Grünfeld, J. 1983. Euclidean Nostalgia. *International Logic Review*, 27 Junie, pp. 41–50.

Hart, H.L.A. en T. Honoré. 1985. *Causation in the Law*. Oxford: Clarendon Press. Derde uitgawe.

Hartmann, N. 1957. *Kleinere Schriften, II. Diesseits von Idealismus und Realismus*. Berlyn: De Gruyter.

Herder, J.G. 1978. *Johann Gottfried Herder, Abhandlung über den Ursprung der Sprache, Text, Materialien, Kommentar*. München: Carl Hanser Verlag.

Hilbert, D. 1922. *Grundlagen der Geometrie*. Leipzig: B.G. Teubner. Vyfde hersiene uitgawe.

—. 1970. *Gesammelte Abhandlungen*, Volume 3. Berlyn: Verlag Springer. Tweede uitgawe.

Hobbes, Th. 1962. *The English works of Thomas Hobbes of Malmesbury*. Saamgevoeg en geredigeer deur William Molesworth. Aalen: Scientia.

John Paul II. 1998. Encyclical Letter: *Fides Et Ratio*. To the Bishops of the Catholic Church on the relationship between Faith and Reason.
http://www.vatican.va/holy_father/john_paul_ii/encyclicals/documents/hf_jp-ii_enc_15101998_fides-et-ratio_en.html. (10 Januarie 2009 geraadpleeg.)

Kant, I. 1783 (1969). *Prolegomena einer jeden künftigen Metaphysik die als Wissenschaft wird auftreten können*. Hamburg: Felix Meiner.

- . 1785 (1968). *Grundlegung der Metaphysik der Sitten*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- . 1787 (1956). *Kritik der reinen Vernunft*. Hamburg: Felix Meiner. Tweede uitgawe (verwysings na 1787-B).
- Leakey, R.E. en R. Lewin. 1978. *People of the lake. Mankind and its beginnings*. Garden City, New York: Anchor Press/Doubleday.
- Luckmann, T. en P.L. Berger. 1969. *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge*. Londen: Allen Lane.
- Mill, J.S. 1886. *System of logic, ratiocinative and inductive*. Londen: Longmans.
- Mouton, J. 1993. *Studies in research methodology*. Pretoria: RGN.
- Natorp, P. 1921. *Die logische Grundlagen der exakten Wissenschaften*. Leipzig: B.G. Teubner. Eerste uitgawe 1910. 1969-herdruk van die 1921-uitgawe Wiesbaden: Sändig.
- Ortony, A. (red.). 1979. *Metaphor and thought*. New York: Cambridge University Press.
- Overhage, P. en K. Rahner. 1965. *Das Problem der Hominisation. Über den biologischen Ursprung des Menschen*. Basel: Herder. Derde hersiene uitgawe.
- Plato. 1973. *The collected dialogues of Plato, including the Letters*. Reds. E. Hamilton en C. Huntington. Princeton: University Press.
- Plotinus. 1978. *Enneads*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Plumpe, G. 1974. Die religiöse und theologische Bedeutung des Gesetzesbegriffs. In Ritter, Gründer en Gabriel (reds.) 1974.
- Portmann, A. 1990. *A zoologist looks at humankind*. New York: Columbia University Press. Vertaal deur Judith Schaefer.
- Prantl, C. 1851. Über die Entwicklung der Aristotelischen Logik aus der platonischen Philosophie. Aanbieding 5 April 1851. Beskikbaar gestel deur die *Wissenschaftliche Buchgesellschaft*, Darmstadt.
- . 1855. Geschichte der Logik im Abendlande. Volume I. Leipzig: S. Hirzel. Onveranderde herdruk in 1955 Graz. Akademische Druck- U. Verlagsanstalt).
- Quine, W.V.O. 1970. *Philosophy of Logic*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Rensch, B. 1973. *Gedächtnis, Begriffsbildung und Planhandlungen bei Tieren*. Hamburg: Parey.
- Ritter, J., K.Gründer en G. Gabriel (reds.). 1974. *Historisches Wörterbuch der Philosophie*. Volume III. Basel-Stuttgart: Schwabe & Co.
- Rousseau, J.J. 1975. *Du Contrat Social et Autres Oeuvres Politiques*. Parys: Editions Garnier Frères.

Schilpp, P.A. (red.). 1974. *The philosophy of Karl Popper*. The Library of Living Philosophers. Volume XIV, Boek I. La Salle, Illinois: Open Court.

Schopenhauer, A. 1974. *On the fourfold root of the principle of sufficient reason*. La Salle, Illinois: Open Court. (Oorspronklike titel: *Ueber die vierfache Wurzel des Satzes vom zureichenden Grunde*, 1813. Vertaal deur E.F.J. Payne.)

Schutz, H. 1974. *Der sinnhafte Aufbau der sozialen Welt*. Springer Verlag 1932, Frankfurt am Main: Suhrkamp.

Strauss, D.F.M. 2003. The Achilles' heel of positivism. *Koers*, 68(2&3):255–78.

—. 2008. Scholarly communication. *Communicatio*, 34(1):113–29.

—. 2009. Philosophy: Discipline of the disciplines. Grand Rapids: Paideia Press.

Traeger, L. 1904. *Der Kausalbegriff im Straf- und Zivilrecht*. Marburg: N.G. Elwert'sche Verlagsbuchhandlung.

Van Niekerk, A. 1993. *Rasionaliteit en relativisme. Op soek na 'n rasionaliteitsmodel vir die menswetenskappe*. In Mouton 1993.

Van Riessen, H. 1958. *Op wijsgerige wegen*. Kampen: Kok.

Weyl, H. 1966. Philosophie der Mathematik und Naturwissenschaft. Vienna: R. Oldenburg. 3de hersiene en uitgebreide uitgawe.

Eindnotas

¹ “Die Bestimmung, das der Begriff das ‘Eine im Vielen’ sein” behoort volgens hom gevolglik “zu dem klassischen Grund- und Urbestand der Logik und Philosophie überhaupt” (Cassirer 1929-III:339).

² *Begripseenheid en -veelheid*.

³ 'n Huwelik kan beskryf word as 'n “twee-eenheidsgemeenskap”; t.o.v. die staat as publieke regsverband is daar sprake van 'n regsorde (die eenheid in 'n veelheid regsnorme op die territorium van die staat); teoloë praat van die Drie-eenheid van God; en so meer.

⁴ Terloops wys ons daarop dat Frege nie oorweging geskenk het aan die onderskeidende kenmerk van wetenskaplike denke naas gemeenskaplike kenmerke soos sistematiek, verifikasie/valsifikasie, metode, 'n subjek-objek-relasie en entiteitsgerigte abstrahering (naamlik modale abstrahering) nie (vgl. Strauss 2009, hoofstukke 2 en 3).

⁵ “Wenn wir die Zahl andererseits durch Zusammenfassung von Gleichem bilden wollen, so fließt dies immerfort in eins zusammen, und wir kommen nie zu einer Mehrheit” (Frege 1844:50; §39).

⁶ Hy besef weliswaar nie dat dit in beide gevalle om eenheid en menigvuldigheid gaan nie – aritmetiese eenheid en menigvuldigheid en logiese eenheid en menigvuldigheid – hy verbind die logiese slegs aan *eenheid*.

⁷ Verskille veronderstel ooreenkomste en omgekeerd. Daarom is dit sinloos om te sê dat twee dinge absoluut verskil – hierdie uitspraak veronderstel immers beide as dinge, wat 'n steeds aanwesige *ooreenkoms* belig.

⁸ Dink aan die voorbeeld wat ons pas behandel het – logiese eenheid en menigvuldigheid en aritmetiese eenheid en menigvuldigheid.

⁹ Wanneer twee entiteite ooreenstem in die opsig waarin hulle verskil, byvoorbeeld in die verwysing na die elmboog van die vinger of die neus van die motor.

¹⁰ Die uitdrukking *die web van geloof* ontgin die ooreenkoms en verskil tussen 'n "web" ('n entiteit) en "geloof" ('n aspek).

¹¹ Vergelyk die uitdrukking: "die *sosiale gom* van die samelewing".

¹² Kernagtig saamgevat: Die kontinue uitgebreidheid van 'n reguit lyn dui op die afwesigheid van enige hiate of gapings, omdat alle dele daarvan gekonnekteer is – in die sin dat hulle saamhang – en as al die dele teenwoordig is, het ons die geheel daarvan.

¹³ Omdat die idee van letterlike taalgebruik ten onregte verbind is aan die idee van presiesheid, in die sin van ondubbelsinnigheid, loop dit gevaar om die gegewe dat alle menslike taalgebruik keuse veronderstel en interpretasie verg, te misken. Die skoolvoorbeeld van die meersinnigheid van 'n vermeende "letterlike" stelling is die volgende een: By 'n bespreking van letterlike en figuurlike taalgebruik is gevra na 'n voorbeeld van letterlike taalgebruik, waarop 'n deelnemer aan die gesprek die volgende sinnetjie geformuleer het: "The cat is on the mat." Daarop was die reaksie van 'n ander deelnemer kortweg: "It is quite clear to me what this means: 'The poor Hippie is once again in the office of the Boss!'"

¹⁴ Mill (1886:213, 217) verdedig 'n deterministiese seining van kousaliteit, bekend as die "conditio sine qua non"-teorie – dit gaan om fisiese oorsake met onvermydelike gevolge. Die regswetenskaplike teorieë wat op die basis van hierdie deterministiese kousaliteitsbegrip ontwikkel is, staan bekend as die *conditio sine qua non-teorie* van Maximilian von Buri en die *adekwate voorsakingsleer* van Johannes von Kries en Ludwig Traeger (sien Traeger 1904:17 en Hart en Honoré 1985:442 e.v., 465 e.v.).

¹⁵ Die ryk sakeman en sy chauffeur is ruimtelik gesproke naby mekaar (in dieselfde motor), maar sosiaal gesproke ver van mekaar verwyder (in terme van hul onderskeie *sosiale posisies* of *plekke*). In die ooreenkoms "plek" tóón die verskil sig: die ruimtelike posisies is naby mekaar; die sosiale posisies is ver verwyder.

¹⁶ In Strauss (2009) word belangrike gedeeltes van hoofstukke 5 en 6 (vgl. pp. 143–401) aan hierdie tekortkoming gewy.

¹⁷ In ons alledaagse lewe is ons vertrouwd met allerlei vorme van objektivering. Wanneer iets wat sintuiglik waarneembaar is, daadwerklik waargeneem word,

word die (latente) sensitief-psigiese *objeksfunksie* daarvan *ontsluit*, *patent gemaak*. Net so kan die ekonomiese objeksfunksie van 'n kosbare edelsteen ontsluit word wanneer dit *gekoop* of *verkoop* word, kan 'n plant in die teken-aspek geobjektiveer word deur dit van 'n *naam* te voorsien, ens.

¹⁸ Indien iets vir die getal *een* waar is en wanneer dit wat vir *n* waar is ook vir elke *n+1* waar is, dan is dit universeel waar (Weyl 1966:86).

¹⁹ Die gegewe van ondefinieerbaarheid laat derhalwe twee opsies: (i) formuleer 'n tautologie (soos “reg is reg” of “liefde is liefde”), of (ii) gebruik ander ondefinieerbare terme – in welke geval die oorspronklike sin van wat gedefinieer wil word, herlei word tot die sin van die terme waarmee gedefinieer word. Zeno se argument dat Achilles nie die skilpad kan inhaal en verbystee nie “definieer” beweging in statiese ruimte-terme – asof iets wat beweeg van moment tot moment 'n definitiewe plek in die ruimte besit – en elimineer daarmee beweging (deur dit tot statiese ruimte te herlei). In die B Fragment 3 van Zeno (in Diels en Kranz 1959–60) wat behoue gebly het, word begin deur beweging toe te gee en daarna blyk dit dan dat dit onmoontlik is: “Dit wat beweeg, beweeg sig nóg in die ruimte waarin dit is, nóg in die ruimte waarin dit nie is nie.” Die spreke van 'n vierkantige sirkel is bloot 'n kontradiksie – dit verwar twee ruimte-figure *binne* een aspek. Wanneer die bewegingsaspek egter tot die ruimte-aspek herlei word, ontmoet ons 'n botsing tussen wette van twee onherleibare aspekte, d.w.s. dan ontmoet ons 'n intermodale *antinomie*.

²⁰ Kant onderskei byvoorbeeld, binne sy kategorie van kwantiteit, drie terme: *eenheid*, *veelheid* en *alheid* (Kant 1787:106).

²¹ Die negatiewe teologie het konstant vasgeloop in 'n laaste res van positiewe aanduidings. Hierdie *impasse* sou te bowe gekom kon word indien van “begripsmatig onkenbaar” gepraat is – want dan word ten volle ruimte gelaat vir begripstransenderende kennis met behulp waarvan dit wat begripsmatig onkenbaar is, ideematisch benader kan word. Nicolai Hartmann (1957:311) het trouens verduidelik dat die “Grenzbegriff” (idee) van Kant ingevoer is as 'n denkvorm waarin ons dit wat onkenbaar is, kan *dink*: “Denn bei Kant ist es nicht so, dass etwa das Ding an sich bloss Idee wäre; umgekehrt, da wir das Ding an sich nicht erkennen [...], wohl aber denken können, so muss es eine Denkform, eine Art des Begriffs geben in der es – eben als unerkennbares – gedacht wird. Das ist die ‘Idee’.”

²² Vergelyk ook *Metaph.* 1036 a 8: *καθόλου λόγου*. 'n Omvattende uiteensetting van wat Aristoteles onder 'n begrip verstaan is beskikbaar in 'n klassieke werk van Prantl (1855:210–362). Hy bespreek die verskillende benaminge wat die aard van 'n begrip te beurt geval het, uitvoerig. Hy vertaal *ἄρος* met *begrip*, *λόγος* met *uitgedrukte begrip* en *ῥιτισμος* met *definisie* (Prantl 1855: 211, noot 359; vgl. p. 262, noot 535). Volgens Hartmann (1957:101) het Aristoteles nie 'n begrip van 'n begrip gehad nie.

²³ De Vleeschauwer (1952:213) stel kategorieë: “[Ke]nnis van die individuele is eenvoudig onmoontlik.” Hy vervolg deur op te merk dat die wysbegeerte uit die staanspoor daarvan oortuig was, soos saamgevat in die spreuk: *Omne individuum est ineffabile* (“Elke individu is onuitspreeklik”).

²⁴ Hoewel die teologiese tradisie God “oneindig” noem, sê die Bybel dit nie eksplisiet nie. Dit word afgelei uit die ewigheid en alomteenwoordigheid van God. Die siening van ewigheid is egter afhanklik van die oneindigheidsopvatting wat daaraan ten grondslag lê: indien die slegs suksessief-oneindige aanvaar word, is

ewigheid 'n *lang tydsduur*, en indien die opeens-oneindige benut word, is ewigheid tydloosheid (afgelei van die ruimtelike orde van gelyktydigheid – deur Plotinus (1978) in sy Enneade III/7 vereenselwig met die tydlose hede, soos dit trouens ook nog by Kierkegaard te vind is: *nunc aeternum*). Die ewigheidsopvatting is derhalwe afhanklik van die oneindigheidsopvatting. Vergelyk byvoorbeeld Oscar Cullman wat meen dat die Nuwe Testament kies vir die “endless succession of the ages” (1949:62; sien ook pp. 51 e.v. en die gedeelte pp. 61–4).

²⁵ Die deterministe meen alles wat gebeur, is oorsaaklik gedetermineer, terwyl die indeterministe oortuig is dat die fisiese kousaliteitsbegrip ontbeer kan word. Die volgende formulering akkommodeer beide sienings se positiewe elemente en wys tegelyk af wat in elk onhoudbaar is: “Niks gebeur sonder 'n oorsaak nie, maar wat die gevolg is, hoef nie vantevore vas te staan nie.” Die eerste gedeelte gee die determinisme gelyk en verwerp op daardie punt die indeterminisme, terwyl die tweede gedeelte die indeterminisme gelyk gee, maar die determinisme in daardie opsig afwys.

²⁶ “Was kann denn wohl die Freiheit des Willens sonst sein, als Autonomie, d.i. die Eigenschaft des Willens sich selbst ein Gesetz zu sein” (Kant 1785-BA:97–8).

²⁷ Let daarop dat die geldigheid van 'n argument onderskei moet word van die waarheid van die premisse of konklusie. Uit die proposisie dat alle pampoene swaar is en dat Jan swaar is volg dit nie logies dat Jan 'n pampoen is nie. 'n Mens kan wel tot 'n *onware* konklusie kom op basis van 'n *geldige* inferensie – altans indien een van die premisse vals is. As alle lewende wesens agt bene besit en die mens is 'n lewende wese, volg die *geldige* (maar *onware*) inferensie dat die mens agt bene het.

²⁸ Die verskillende funksionele sye (modale aspekte) van die werklikheid besit 'n ongespesifiseerde universaliteit. Hierdie modale universaliteit fundeer modale (funksie-) begrippe – wat in alle vakwetenskappe aangetref word. In die wiskunde is die getalsbegrip 'n modale funksiebegrip. In die fisika is die begrippe verandering, kousaliteit, massa, volume en snelheid almal modale funksiebegrippe. In die biologie tref ons funksiebegrippe aan soos groei, ryping, veroudering, aanpassing, differensiasie, integrasie, e.s.m. Die sosiologie gebruik funksiebegrippe soos sosiale stratifikasie, sosiale orde, sosiale konstansie en dinamiek, sosiale bewussyn, sosiale mag, kontrole en beheer. Die ongespesifiseerdheid van hierdie begrippe vloei voort uit die gegewe dat alle entiteite en prosesse in beginsel in alle werklikheidsaspekte funksioneer, wat beteken dat modale wette en modale beginsels op alle moontlike entiteite appelleer. Die *tipiese wet* vir konkrete entiteite is egter slegs van toepassing op 'n beperkte groep entiteite. Waar die eerste en tweede hoofwette van die termodinamika (energie-konstansie en nie-afnemende entropie) op alle moontlike entiteite wat in die fisiese aspek funksioneer, van toepassing is, is die wet vir die waterstofatoom of vir die staat as *tipe-wet* enersyds wel gespesifiseerd universeel – dit appelleer op alle waterstofatome en op alle state – maar tegelyk andersyds *tipies-beperk*: nie alle entiteite wat bestaan, is waterstofatome en state nie.

²⁹ In die verbygaan merk ons op dat die analogieë aan die normsy van die normatiewe aspekte telkens fundamentele modale beginsels verteenwoordig. Die logiese beginsels van identiteit en nonkontradiksie beliggaam die getalsanalogie aan die normsy van die logies-analitiese aspek (elke getal is identiek aan sigself en onderskeie van elke ander getal). Die logiese beginsel van toereikende grond (Leibniz; sien Schopenhauer 1974:156) reflekteer die analogie van fisiese kousaliteit aan die normsy van die logiese aspek, terwyl die beginsel van denk-

ekonomie (Mach) die vooruitwysende analogie na die ekonomiese aspek binne die logiese aspek beliggaam.

³⁰ Hierdie formulering benut terme uit die eerste vier aspekte, t.w. getal, ruimte, beweging en die fisiese aspek.

³¹ Ook hierdie formulering benut die toegangspoort wat verskillende aspekte bied. In die besonder kan ons hier wys op die getalsaspek ('n – één – vertrekpunt), ruimte-aspek (universeel, orals), kinematiese aspek (konstant), fisiese aspek (gelding, van krag maak), biotiese aspek (orgaan), sensitief-psigiese aspek (wil, begeerte, strewe), logies-analitiese aspek (gehoorsaam of ongehoorsaam), kultuur-historiese aspek (vormgewing, positivering), linguale aspek (interpretasie).

³² Grünfeld (1983:44) merk kategoriees op: “The ultimate test of whether a method is admissible in metamathematics can only be whether it is convincing, yet equally competent mathematicians find different logical justifications convincing.”

³³ Terloops wys ons daarop dat die positivisme se beperking van kennis tot “sense-data” nie kon rekenskap gee van die modale terme met behulp waarvan dit wat sintuiglik waargeneem is, *beskryf* moet word nie. Wanneer materie byvoorbeeld in getals-, ruimte-, kinematiese of fisiese terme beskryf word (soos inderdaad weerspieël deur die geskiedenis van die materie-begrip), moet die vraag gevra word of hierdie aspekte self sintuiglik waargeneem kan word. Indien wél, is die vervolgvrae: Wat is die *kleur* van die getalsaspek? Wat is die *massa* van die ruimte-aspek? Hoe *proe* die kinematiese aspek? Hoe *klink* die fisiese aspek? Die absurditeit van hierdie vrae belig tegelyk die Achilles-hiel van die positivisme (Strauss 2003).

³⁴ “Der Mensch ist ein freidenkendes, thätiges Wesen, dessen Kräfte in Progression fortwürgen; darum sei er ein Geschöpf der Sprache!” (Herder 1978:73).

³⁵ Daar is byvoorbeeld 'n halfjaar lank in Münster in Duitsland pogings aangewend om sjimpansees so ver te kry om 'n voorgetekende vierkant (of driehoek) te kopieer, maar sonder enige sukses. Hoe sal sjimpansees dan nog daartoe gebring kan word om die begrip *vierkantige sirkel* te vorm of om te beseef dat dit onlogies is?

'n Behoefte-analise as eerste fase in die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus vir Afrikaans-tweedetaalonderrig op universiteitsvlak

Elbie Adendorff
Departement Afrikaans en Nederlands,
Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die implementering van 'n meertalige taalbeleid in Suid-Afrika vereis die leer en onderrig van Afrikaans as 'n tweede of addisionele taal – meer spesifiek die onderrig van Afrikaans vir spesifieke doeleindes aan volwasse leerders. Laasgenoemde het nie veel aandag binne die Suid-Afrikaanse konteks ontvang nie, veral navorsing oor die leer en onderrig van Afrikaans vir spesifieke doeleindes binne universiteitskonteks. My navorsing oor Afrikaans as 'n tweede taal het as raamwerk taakgebaseerde taalleer en onderrig (Ellis 2003 en Nunan 2004). Die navorsing fokus op die uitdagings wat vir studente binne 'n multitalige universiteitskonteks voorlê en hoe taakgebaseerde onderrig in hierdie behoeftes en uitdagings kan voorsien. Volgens die Kognisiehipotese van Robinson (2001a, 2001b, 2003, 2005, 2007) is die beginpunt vir pedagogiese taakontwikkeling 'n behoefte-analise met teikentake as uitkomst. Vir die doel van hierdie artikel is 'n behoefte-analise onderneem deur middel van vraelyste en onderhoude met studente aan 'n universiteit. Die behoefte-analise toon dat studente wie se eerste taal nie Afrikaans is nie, die behoefte het om Afrikaans te verwerf ten einde suksesvol te kan kommunikeer met medestudente en dosente aan die universiteit.

Abstract

A needs analysis as the first phase in the design of a task-based syllabus for Afrikaans second-language teaching at a university

The implementation of a multilingual language policy in South Africa requires the teaching and learning of Afrikaans as a second or additional language and especially the teaching of Afrikaans for specific purposes to adult learners. The latter has not received much attention in the South African context, especially research on the learning and teaching of Afrikaans for specific purposes in a university context. My research on Afrikaans as a second language has as framework Task-Based Language Learning and Teaching (Ellis 2003 and Nunan 2004). The research focuses on the challenges that await students in a

multilingual university context and how task-based teaching fills these needs and challenges. The Cognition Hypothesis of Robinson (2001a, 2001b, 2003, 2005, 2007) posits a needs analysis, with target tasks as outcome, as a starting point for pedagogic task development. For the purpose of the article, a needs analysis was conducted through the use of a questionnaire and interviews with students at a university. This needs analysis shows that students whose first language is not Afrikaans have the need to acquire communicative skills in Afrikaans to communicate effectively with fellow students and lecturers at the university.

Inleiding

Kurrikulumontwerp vir tweedetaalonderrig¹ hou in dat onderwysers en sillabusontwerpers twee sentrale vrae behandel, naamlik: (i) *Wat behoort taalaanleerders te leer?* en (ii) *Hoe kan taalaanleerders gestimuleer word om kommunikasie-inhoude te leer wat hulle veronderstel is om te leer?* 'n Derde vraag wat net so belangrik is en dikwels geïgnoreer word, behalwe in die veld van taalonderrig vir spesifieke doeleindes,² is *hoekom* spesifieke kommunikasie-inhoude geleer moet word. In baie benaderings tot taalonderrig word hierdie vraag skaars gevra en die antwoorde daarop word dikwels vaag geformuleer as "om taalvaardig te word" of "om kennis van die teikentaal op te doen". Sentraal tot taalonderrig vir spesifieke doeleindes is die uitvoering van 'n behoefte-analise³ vir die ontwikkeling en ordening van take as die basis vir die bepaling van die soorte inhoude en soorte take wat relevant is vir die taalaanleerder se behoeftes en doelwitte.⁴

Die behoeftes van taalaanleerders word wel somtyds eksplisiet erken, tog ontbreek 'n analise of identifisering van *wat* verwerf moet word om doeltreffend in die teikentaal te kan kommunikeer. Chan (2001) beweer dat taalaanleerders die beste oor hulle behoeftes kan oordeel, aangesien hulle weet wat hulle met die teikentaal kan doen of nie kan doen nie. Taalaanleerders weet ook watter taalvaardighede die belangrikste vir hulle is om aan te leer. Daarom is dit nodig om behoefte-analitiese navorsing te onderneem om sodoende kursusse te ontwerp wat in die verskillende behoeftes van taalaanleerders voorsien. Weideman (2003:31) huldig die standpunt dat taalonderrig so na as moontlik aan werklike taalgebruik moet kom; asook aan die huidige en toekomstige behoeftes van die taalaanleerder.

'n Behoeftes-analitiese benadering het spesifieke uitkomstes – nie net vir die onderwyser en sillabus-ontwerpers nie, maar ook vir beleidmakers op verskillende vlakke. Indien die doelwit van amptelike taalkursusse beskryf word in terme van die spesifieke take⁵ wat nie-eerstetaalsprekers in spesifieke taalgebruikssituasies en domeine moet kan uitvoer, kan dit 'n positiewe impak op nasionale en provinsiale taalonderrigbeleide hê.

'n Behoeftes-analise is volgens Brown (2009:269) en Robinson (2009:302) die eerste stap in kurrikulumontwikkeling. Die prosedure by die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus behels 'n reeks stappe waarvan die eerste stap 'n analise van die taalaanleerders se behoeftes is deur die triangulasie van bronne (Long en Crookes, 1992, 1993). Volgens Long (2005:28) is triangulasie 'n proses waarbinne die navorser verskillende bronne, metodes, ondersoeke of teorieë en kombinasies daarvan met mekaar vergelyk. Die meervoudige gebruik van bronne en metodes is daarop gemik om die betroubaarheid en validiteit van bevindings

te verbeter (Gilbert 2005:182). Brown (2009:283) beweer dat triangulasie nie werklik 'n spesifieke prosedure is nie, maar eerder 'n navorsingstrategie wat al in etlike behoefte-analises toegepas is. Triangulasie van metodes, soos in hierdie navorsing gebruik, sluit die gebruik van verskillende data-insamelingsprosedures, soos joernale, nedeelnemende observasies, onderhoude, rolspel en simulaties, inhoudsanalises en genre-analises in (Long 2005:28).

Die gebruik van rolspel en simulaties, soos die dialoë as eksemplariese voorbeelde in hierdie artikel, is nie 'n ongewone gebruik in taakgebaseerde onderrig nie. Alhoewel die dialoë nie transkripsies van werklike dialoë is nie, kan die dialoë as semi-outentieke take beskou word, omdat dit tipiese gespreksinhoud en -taalstrukture tussen studente en tussen studente en dosente verteenwoordig. Volgens Long (2005:28) is die metodologie in 'n behoefte-analise nie afhanklik van wat in die werklike wêreld opgeneem is nie.⁶

Die oorhoofse ontwerpsekwens vir 'n taakgebaseerde sillabus is soos volg:

- 'n Uitgebreide behoefte-analise⁷ →
- 'n Diagnose van die taalaanleerders se behoeftes →
- Die identifisering van die teikentake⁸ sodat die taalaanleerders voorbereid kan wees om dit uit te voer, asook die hantering van werklikewêreld-taaleise
- Die klassifisering van die teikentake in taaksoorte →
- Die ontwikkeling of seleksie van pedagogiese take vir klaskamergebruik →
- Die ordening van pedagogiese take om sodoende 'n taakgebaseerde sillabus te vorm →
- Die implementering van die sillabus via gepaste pedagogiese prosedures →
- Die assessering deur die uitvoering van die take of deur taakgebaseerde kriterium-verwysende toetse.

Omdat só 'n ontwerpsekwens met die oog op 'n taakgebaseerde sillabus nog nie in Afrikaans op hoëronderwysvlak uitgevoer is nie, is besluit om onder meer 'n behoefte-analise as eerste stap vir die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus te onderneem. Die doel daarvan is dus eerstens om te bepaal wat die vreemdetaal- en tweedetaalstudente wat die taalverwerwingskursus volg, se behoeftes is, en tweedens om 'n taakgebaseerde sillabus daaruit te ontwerp. In hierdie kursus gaan dit om kampuskommunikasie en nie akademiese geletterdheid nie.

Om dus te verduidelik hoe te werk gegaan word om 'n behoefte-analise uit te voer met die oog op sillabusontwerp, bespreek ek vervolgens die oorwegings in die beplanning van 'n behoefte-analise.

Oorwegings in die beplanning van 'n behoefte-analise

Xiao (2006) tref 'n onderskeid tussen twee soorte behoeftes, naamlik teikenbehoeftes en leerbehoeftes. Teikenbehoeftes omvat drie aspekte. Eerstens is dit die noodsaaklikhede wat die taalaanleerder moet ken ten einde effektief in die teikensituasie te kan funksioneer; tweedens is dit die tekorte, met ander woorde die gapings, tussen die teiken en die bestaande vaardigheidsvlakke van die taalaanleerder; en laastens is dit die taalaanleerder se behoeftes. *Leerbehoeftes* is die oorkoepelende term vir al die faktore wat betrokke is by die leerproses, soos ingesteldheid, motivering, bewusmaking, persoonlikheid,

leerstyle en -strategieë, sosiale agtergrond en so meer. Ek fokus veral op die teikenbehoefte van die taalaanleerders.

Vir die artikel word onderskei tussen (i) die breë domeine waarbinne taalaanleerders moet kan funksioneer en (ii) taalaanleerders se behoeftes. Die *Common European framework for references of languages* (Council of Europe 2001) gee vier breë domeine waarbinne gefunksioneer moet word, naamlik die persoonlike, die openbare, die werks- en laastens die opvoedkundige domein. Volgens Van Avermaet en Gysen (2006:20) bepaal die subjektiewe behoeftes, soos geformuleer deur die taalaanleerders self, én die objektiewe behoeftes, soos bepaal deur ander mense as die leerder self, die taalbehoefte van die taalaanleerders. Sillabusse moet die objektiewe en die subjektiewe behoeftes van die taalaanleerders balanseer, binne die breë domeine waarbinne hulle moet funksioneer.

Naas onderhoude met taalaanleerders word vraelyste gebruik om bogenoemde behoeftes mee te bepaal. Onderhoude is een van die regstreekse maniere om te bepaal wat taalaanleerders met die taal wil doen. Ongestruktureerde of oop-einde-onderhoude is volgens Long (2005:34) tydrowend, maar dit laat diepte-analisering van die kernaspekte toe. Ná bogenoemde onderhoude, kan semigestruktureerde of gestruktureerde onderhoude gebruik word om meer presies te bepaal wat die behoeftes van taalaanleerders is. Hierna kan twee soorte vraelyste gebruik word, naamlik 'n oop-einde-vraelys waarin behoeftes vrylik gelys word, en tweedens geslote vrae, waar spesifieke taalgebruiksituasies geskets word. So kan verskillende behoefte-domeine geïdentifiseer word, soos byvoorbeeld akademiese taalvaardigheid, professionele taalvaardigheid, gemeenskapstaalvaardigheid, informele sosiale kontaktsituasies, formele sosiale kontaktsituasies, en so meer.

Hierdie behoefte-domeine kan verder verfyn word in tipiese taalgebruiksituasies⁹ deur met sleutelspelers en rolspelers binne elke domein te gesels. Long (2005:27) verwys na die rol van domeindeskundiges, saam met taalvaardigheidsdeskundiges, in behoefte-analisering. Hy voel dat domeindeskundiges en rolspelers by behoefte--analiseering betrek moet word en dat daar nie net op leerders, taalonderwysers en materiaalontwerpers gesteun moet word nie.

Volgens Duran en Ramaut (2006:49) is een van die uitkomstes van die behoefte-analises om lyste taalleerdoelwitte te formuleer. Hierdie lyste verskaf weer aan opvoeders 'n beskrywing van take wat die taalaanleerder aan die einde van die taalkursus moet kan uitvoer. Take¹⁰ kan dus in die taalgebruiksituasies gebruik word as beskrywingseenhede, aangesien daar gespesifiseer moet word wat die taalgebruiker met die taal moet doen ten einde in die domein te kan funksioneer.

Taalgebruiksituasies sluit gewoonlik meer as een taaltaak in. Van Avermaet en Gysen (2006:28) gee die volgende voorbeeld van 'n spesifieke taalgebruiksituasie in die informele/toerismedomein [my vertaling – EA]:

Taalgebruiksituasie	Taaltaak
Maak telefoniese hotelbespreking	• Begrip van en vraagstelling oor akkommodasie • Beantwoord van vraagstelling oor parkeerfasiliteite • Uitdruk van persoonlike versoeke en wense

	Begrip van eenvoudige instruksies oor betaling
Vraagstelling oor en begrip van roetebeskrywing	- Begrip van en vraagstelling oor reis na bestemming - Beantwoord van vraagstelling wat volg op roetebeskrywing - Begrip van eenvoudige instruksies van persoon wat roete beskryf

Om take as eenhede van beskrywing in 'n sillabus te gebruik, moet parameters gekies word wat die sillabusontwerper sal help om die teikentake akkuraat te beskryf. Van Avermaet en Gysen (2006:32) gee die volgende parameters:

- Vaardighede betrokke: Moet die taalleerder praat, luister, lees of skryf in die taalgebruikssituasie?
- Teksgenre: Watter tipe boodskap moet oorgedra en verstaan word?
- Vlak van inligtingsprosessering: Op watter vlak moet die linguistiese inligting kognitief geprosesseer word?
- Gespreksgenoot: Wie is die taalleerder se gespreksgenoot?
- Onderwerp: Wat is die onderwerp van die gesprek?
- Kontekstuele ondersteuning: In watter mate is die boodskap in 'n ondersteunende konteks ingebed?

Duran en Ramaut (2006:51) verskaf weer die volgende parameters om taakkompleksiteit te beskryf:

- Parameters wat te doen het met die *wêreld* wat in die taak verteenwoordig word.
- Parameters wat aansluit by die *prosesseringseise* wat benodig word om die taak uit te voer.
- Parameters wat te doen het met die kenmerke van die *linguistiese insette*.

Elkeen van die kategorieë word op 'n 3-punt-skaal gestel, van "eenvoudig" (1) na "kompleks" (3), waar die terme relatief gesien word, met "kompleks" as die uiteindelijke vaardigheidsvlak wat die gebruiker aan die einde van die kursus moet kan bereik. Dit kan skematies soos volg voorgestel word (Duran en Ramaut 2009:52) [my vertaling - EA]:

Parameters	Eenvoudig		Kompleks	
	→	→	→	→
(a) Wêreld				
1. Abstraksievlak (Konkrete of abstrakte benadering)	konkrete beskrywing (hier en nou)	ander (daar en dan)	abstrakte perspektief	

2. Graad van visuele ondersteuning (In watter mate word visuele ondersteuning verskaf? Hoe dra dit by tot taakuitvoering?)	baie	beperk	geen
3. Linguistiese konteks (In watter mate is tekstuele konteks beskikbaar? Hoe dra dit by tot taakuitvoering?)	lae inligtingsdigtheid	beperk	hoë inligtingsdigtheid
(b) Taak			
4. Vlak van prosessering (Wat behoort studente met die inligting te doen? Op watter vlak moet die inligting geprosesseer word?)	beskrywend	herstrukturerend	evaluerend
5. Modaliteit (Hoe behoort studente antwoorde te gee of uitkomst te produseer?)	nieverbaal (reseptief)	beperk verbaal (reproduksievlak)	verbaal (praat/skryf)
(c) Teks			
6. Woordeskat (Is die woordeskat frekwent of nie?)	algemeen	minder algemeen	selde
7. Sintaksis (Is sinne eenvoudig of nie?)	kort, eenvoudig	redelik lank	lank, kompleks
8.	eksplisiet,	deels eksplisiet	implisiet

Teksstruktuur (Is die teks duidelik, eksplisiet gestruktureer?)	duidelik		
9. Tekslengte (Is die teks lank of kort?)	Kort	redelik lank	lank

Die parameters word vervolgens gebruik om taaksoorte te formuleer. Take wat as soortgelyk/eenders gesien word, kan saamgegroeper word in taaksoorte. Om by hierdie taaksoorte uit te kom, word op die inligtingsprosesseringsvlakke gefokus. Hierdie parameter verwys na die kognitiewe vlak waarop die inligting in 'n teks geprosesseer moet word, met ander woorde die kognitiewe handeling wat die taalgebruiker moet uitvoer om die taal te kan gebruik. Van Avermaet en Gysen (2006:35) onderskei vier vlakke wat hiërargies gelys word op 'n kontinuum van toenemende kompleksiteit:

- Op reproduksievlak behoort die taalaanleerder slegs inligting te produseer sonder om dit vir begrip te prosesseer (bv. die hardop lees van tekste).
- Op beskrywende vlak behoort die taalaanleerder inligting te kan prosesseer in dieselfde struktuur as wat dit aangebied is (bv. om 'n vorm met persoonlike inligting in te vul).
- Op herstrukturingsvlak behoort die taalaanleerder die inligting te kan herrangskik en herstruktureer (bv. om vir 'n werksonderhoud te gaan).
- Op evaluerende vlak behoort die taalaanleerder oor die taal te kan reflekteer deur die betrokke inligting met inligting in ander tekste of bronne te vergelyk (bv. om inligting in twee artikels te vergelyk om 'n artikel te skryf).

Van Avermaet en Gysen (2006:37) formuleer die taaksoorte soos volg in volsinne [my vertaling - EA]:

Op 'n beskrywende vlak behoort die taalgebruiker:

1. die hoofgedagtes en idees oor die inligting in tekste soos berigte, dokumente, sportverslaggewing en tekste oor vermaak te verstaan.

Op 'n herstrukturingsvlak behoort die taalgebruiker:

2. relevante inligting en instruksies in tekste soos openbare kennisgewings, advertensies en reklamemateriaal te selekteer.

Op 'n evaluerende vlak behoort die taalgebruiker:

3. die inligting, argumente en gevolgtrekkings in verskillende tekste soos advertensies en reklamemateriaal te vergelyk.

Ten slotte kan die volgende omskrywing aan die hand van Van Avermaet en Gysen (2006:44) gegee word vir 'n behoefte-analitiese benadering vir die aanleer van 'n tweede taal binne 'n taakgebaseerde perspektief: Die taalbehoefte identifiseer die werklikewêreldtake wat die taalaanleerders in hulle tweede taal moet kan uitvoer en bepaal die spesifieke domeine en situasies van taalgebruik. Ten einde take uit die geselekteerde taalgebruiksituasie af te lei, word verskillende metodologieë en toetse gebruik, byvoorbeeld onderhoude, vraelyste,

insette van domeindeskundiges en ander rolspelers, asook taalplasings- en ander toetse. Hierdie teikentake word in taaktipes of subordinate kategorieë, soos byvoorbeeld "Die maak of kansellering van 'n bespreking" geklassifiseer. Die teikentake word daarna gebruik om die basiese eenhede vir taalhanteringseise of -doelwitte te beskryf, met ander woorde hulle word pedagogiese take wat aangepas word volgens die taalaanleerders se ouderdom en vaardigheidsvlakke, wat die grondslag vorm vir kurrikulumontwerp, taalonderrig en taal-assessering.

Om die teoretiese uiteensetting te verduidelik, gebruik ek die volgende voorbeeld van hoe ek te werk gegaan het om 'n behoefte-analise met die oog op 'n Afrikaanse taakgebaseerde kursus te bepaal.

Die volgende situasie geld: In Suid-Afrika studeer studente met 'n ander eerste taal as Afrikaans aan universiteite waar Afrikaans as kommunikasie- en onderrigtaal op kampus gebruik word.¹¹ Dit is dus wenslik dat die studente Afrikaanse taalvaardighede moet aanleer. Een rede daarvoor is dat die studente lesings bywoon waar Afrikaans as doseertaal gebruik word. 'n Ander rede is dat die tweedetaalsprekers met eerstetaalsprekers, hetsy medestudente of dosente, op kampus kommunikeer. Die tweedetaalsprekers het dus spesifieke taalbehoefte. Drie navorsingsvrae, aangepas uit Van Avermaet en Gysen (2006:23–4), kan vir dié scenario gestel word. In watter spesifieke situasies op kampus moet die tweedetaalsprekers Afrikaans kan gebruik? Hoe oorheersend is elk van bogenoemde situasies vir die bepaling van taalgebruiksituasies? Wat behoort die tweedetaalspreker met die taal te kan doen om genoegsaam in dié situasies te kan funksioneer?

Ontleding van 'n behoefte-analise vir 'n Afrikaanse taakgebaseerde sillabus vir kommunikasie op kampus

In hierdie navorsing word gefokus op die genre van Afrikaans binne 'n universiteitskonteks, met ander woorde kommunikasie op kampus. Die Taalbeleid vir Hoër Onderwys (RSA 2002), wat veeltaligheid en taaldiversiteit in tersiêre onderrig onderskryf en voorstaan, is in ooreenstemming met internasionale tendense in veral Europa oor die bevordering van veeltaligheid (Berthoud e.a. 2001). Die Taalbeleid vir Hoër Onderwys bevorder die gebruik van Afrikaans as 'n medium van akademiese onderrig en kommunikasie. Dit beklemtoon die siening dat toegang vir nie-Afrikaanssprekende sprekers by Afrikaanse instellings geakkommodeer moet word, met die vooruitsig dat hulle vaardighede verwerf in Afrikaans vir akademiese doelwitte.

My beginpunt vir die ontwerp van 'n taakgebaseerde kursus met die oog op kampuskommunikasie is 'n behoefte-analise deur middel van vraelyste en onderhoude met studente aan 'n universiteit.¹² Die vraelyste fokus op vyf hoofareas, naamlik die student se agtergrond, die student se rede(s) waarom hy/sy Afrikaans neem, die belangrikheid van spesifieke taalvaardighede in die persoonlike, akademiese en professionele domeine, 'n selfanalise van die student se taalvermoëns volgens die *Common European framework for references of languages* (Council of Europe 2001) se self-analitiese tabel, en laastens 'n aanduiding van hoeveel aandag spesifieke taalvaardighede in die klas moet geniet. Die vraelyste is opgevolg deur semigestruktureerde onderhoude met studente. Die studente skryf verder twee toetse, 'n lees- en 'n luistertoets, om hulle taalvaardigheidsvlak te bepaal. Die taalplasingstoetse van die universiteit is ook gebruik by die bepaling van die studente se taalvaardigheid.¹³ Met ander

woorde, Long (2005) se aanbeveling van triangulasie is gevolg. Die doel hiervan was onder meer om 'n meer volledige beeld van die studente se behoeftes te kry en om hulle te klassifiseer op Beginnervlak en Hoër Beginner-/Intermediêre vlak van Afrikaans; asook om te bepaal wat hul spesifieke behoeftes is vir die aanleer van Afrikaans met die oog daarop om dit in die huidige sillabus in te werk, met as uiteindelijke doelwit 'n taakgebaseerde sillabus.

'n Illustratiewe voorbeeld word verskaf: Student X is 'n nul-taal-spreker van Afrikaans wat in haar skoolloopbaan nie Afrikaans gevolg het nie. Sy kom van Zambië af en studeer BDrama. Sy kom dus by die universiteit aan met geen kennis van Afrikaans nie. Sy studeer aan 'n fakulteit waar meer as 50 persent van die studente Afrikaanssprekend is en waar die onderrig minstens 50 persent in Afrikaans sal wees. Sy skryf die universiteit se Afrikaanse taaltoegangstoets en verwerf 0 persent. Sy skryf 'n departementele lees- en luistertoets om haar taalvaardigheid te bepaal, waarvoor sy onderskeidelik 7 en 4 persent kry. Sy klassifiseer haar algemene Afrikaanse vaardighede as "non-existent". Sy kon haarself volgens die Europese Referensiekader nie klassifiseer as selfs op die vlak van A1, wat die laagste vlak is op die selfanalitiese tabel nie, omdat sy gevoel het sy is nog nie eens op daardie vlak nie. Sy neem Afrikaans omdat sy volgens die vraelys "want to be able to understand the language and may be able to converse in it". In 'n onderhoud sê sy dat sy Afrikaans neem "to speak it. I want to speak it and be able to reply in Afrikaans." Sy sê ook dat sy "vocabulary" wil leer sodat sy "can conduct conversations in Afrikaans". Sy sê verder: "I am trying to engage in social interactions using Afrikaans but the severe shortcomings in vocabulary are hindering real progress." Verder beklemtoon sy dat sy graag "want to understand the lectures". Al bogenoemde aanduidings plaas haar dus op Cummins se vlak van Basic Interpersonal Communication Skills (BICS) (basiese kommunikasievaardighede). Haar uiteindelijke doelwit is, volgens haar, om "academic Afrikaans" te kan verstaan, praat en skryf, dus Cummins se Cognitive Academic Language Proficiency CALP (akademiese taalvaardighede), maar vir die huidige wil sy net "understand lectures and social conversations". Deur middel van triangulasie klassifiseer ek haar in die eerste plek as 'n Beginnervlakstudent en in die tweede plek gebruik ek van haar antwoorde in die vraelys en onderhoude as inhoud vir die Afrikaanse Taalverwerwingskursus.

Die behoefte-analise toon dat studente wie se eerste taal nie Afrikaans is nie, soos student X hier bo as illustratiewe voorbeeld, 'n behoefte het aan die aanleer van kommunikasievaardighede in Afrikaans om sodoende aan 'n universiteit waar Afrikaans as kommunikasie- en onderrigtaal gebruik word, te kan studeer. Die kommunikatiewe behoefte-analise stem ooreen met een van die breë domeine wat deur die *Common European framework of reference for languages* (Council of Europe 2001) geïdentifiseer is, naamlik die opvoedkundige domein waarbinne die studente moet funksioneer. Twee verdere terreine van taalgebruik is vir die doel van sillabusontwerp deur opvolganalises geïdentifiseer, naamlik sosiaal en akademies. Studente wil eerstens vir sosiale doeleindes op kampus kommunikeer en tweedens transaksioneel oor generiese akademiese aspekte. Met ander woorde, generiese student-student-kommunikasie (generiese sosiaal interaktiewe taalgebruik) en generiese student-dosent-kommunikasie (generiese akademiese taalvaardighede) moet behandel word binne 'n Afrikaanse spesifieke-doeleindekursus.

Die doel van die kursus is nie die ontwerp van 'n sillabus vir die ontwikkeling van dissipline-spesifieke vaardighede nie. Die oogmerk van die kursus is om aan studente 'n basis te verskaf om hulle Afrikaans-vaardighede so te verbeter dat hulle sosiale en akademiese kommunikasie kan volg – soos wat die studente dit in die behoefte-analises verwoord. Die uiteindelijke doel is om die studente voor te

berei vir akademiese geletterdheid. Dit vorm die noodsaaklike grondslag vir die ontwikkeling van studente se reseptiewe vaardighede vir die dissipline-spesifieke taal in Afrikaans wat binne die lesinglokale van die spesifieke dissiplines gebruik word. Die kursus handel oor die Afrikaanse taalinhoude wat generies gebruik word vir interaksie in 'n akademiese konteks; asook wyer sosiaal interaktiewe taal, wat tipies is van kommunikasie oor kampusaktiwiteite. Dit gaan dus oor die generiese kampuskommunikasie en nie dissipline-spesifieke kommunikasie nie. Dit beteken studente moet byvoorbeeld akademies-georiënteerde en sosiaal-georiënteerde taalgebruiksituasies soos instruksies, groetvorme en algemene praktiese versoeke kan gebruik en verstaan, soos "U moet u opdrag môre inlewer" of "Goeie môre, Professor, kan ek u na klas spreek asseblief?" of "Die materiaal is op reserwe geplaas by die biblioteek" of "Verskoon my, ek soek na hierdie gebou. Kan jy vir my verduidelik hoe om daar uit te kom?". Baie van die taalvaardighede wat die studente binne die universiteitskonteks moet aanleer, sal ook prakties buite die universiteitskonteks gebruik kan word. Die kursus het ten doel om die studente aan beide primêre en sekondêre diskoerse (Cummins 2008) bloot te stel deur die aanleer van generiese sosiaal interaktiewe taal, maar ook sekondêr deur gespesialiseerde akademiese woordeskat en taalgebruiksituasies. Ek stem saam met Van Dyk en Weideman (2004) se kritiek op Cummins se onderskeid tussen BICS en CALPS. Hulle beweer dat basiese en spesifieke taalvaardighede geïntegreerd verwerf kan word. Ek beaam hulle stelling dat daar 'n oorvleueling tussen taalkennis en strategiese bekwaamheid is wat die verwerwing van basiese taal- en akademiese taalvaardighede vergemaklik. My eie navorsing toon verder dat studente akademiese taalvaardighede deur taalverwerwingstegnieke kan aanleer. Daar word met basiese kommunikasievaardighede begin en deur akademiese geletterdheidsaktiwiteite daarby in te sluit, kan vinniger oorgegaan word na akademiese taalvaardigheid. Dit wil tot dusver uit hierdie navorsing lyk of dit wel die geval is, maar longitudinale studie is natuurlik nodig om so 'n bevinding te bewys.¹⁴

Die behoefte-analise omvat verder die identifisering van sentrale gesprekstemas en -onderwerpe wat nievaktegnyiese-inhoude insluit en lei tot die konstruksie van dialoog-inhoude¹⁵ wat verteenwoordigend is van die omvang van outentieke¹⁶ kommunikasietemas en onderwerpe. Dit word ook ondersteun deur onder meer Weideman (2003:31) en Robinson (2009:295) wat beweer dat taalonderrig so na as moontlik aan werklike taalgebruik moet wees. Dit moet dus outentiek en aktueel wees en gerig op 'n uitkomst buite die klaskamer (Weideman 2003:31).

Nadat die breë omvang van generiese kommunikasie in die opvoedkundige domein van die universiteitskonteks geïdentifiseer is, is die teikentake van elke domein (die sosiaal interaktiewe en die akademiese belange) beskryf. Die teikentake verteenwoordig die werklikewêreld-take wat studente binne spesifieke situasies moet kan gebruik.

Deur twee van die kommunikasietake te neem, een uit elke domein, word die behoefte-analitiese benadering geïllustreer.

Sosiale domein: Student-student-kommunikasie

*Dialoog:*¹⁷

Pieter: As dramastudent en iemand wat van 'n baie klein plattelandse dorpie af kom, geniet ek Stellenbosch¹⁸ verskriklik. Hier is 'n lekker kreatiewe energie in die dorp. Al die teaters en kunsgalerye en die ander sosiale geleenthede wat die dorp bied.

Marius: Ja, dit is so. Ek bly al my hele lewe hier; so ek is seker maar half onbewus van wat die dorp alles bied. Na watter plekke gaan jy?

Pieter: Ek hou van Klein Libertas as daar 'n lekker vertoning is, want ek hou van die atmosfeer en die vriendelikheid van die bestuur.

Marius: Waar is Klein Libertas? Ek was nog nooit daar nie en ken dit glad nie.

Pieter: Dit is net agter die taxistaanplek, langs Bergzicht. Naby die Van der Stel-sportgrond.

Marius: O, oukei.

Pieter: Ek was al na die Dorpstraat-teater toe. Ook Hidden Cellar en Mystic Boer. En jy?

Marius: Ek hou van Cape to Cuba en Cubana, want hulle is modern en blink; en natuurlik Akker en Nu-Bar. Was jy al by Springbok?

Pieter: Ja, maar ek hou nie daarvan nie – daar is maar 'n paar ongure karakters wat daar rondhang. So, ek dink nie dit is 'n veilige plek nie – veral nie vir dames nie.

Marius: Dit is so. Ek het onlangs na Valiant Swart en Ollie Viljoen gaan kyk by Dorpstraat – dit was die eerste keer wat ek daar gekom het en het dit nogal geniet. Ek het natuurlik al baie na Valiant en sy *band* gaan kyk by Hidden Cellar en dit is baie anders as Dorpstraat. As mens wil kuier en nie omgee vir lawaai en rondstaan en 'n klomp jongmense rondom jou nie, dan is Hidden Cellar reg. As jy rustig na 'n *show* wil kyk en by tafeltjies sit, dan lyk dit vir my Dorpstraat is die plek. En hulle het die lekkerste warm sjokolade; met *marshmallows* in. O ja, as jy 'n lekker pizza wil eet, moet jy Col'Cacchio s'n gaan probeer.

Pieter: Ek sal; dit is ook nogal 'n lekker kuierplek vir die aande. En hulle is nie te duur nie. Ek hou ook natuurlik daarvan om deur die dag by Java te gaan koffie drink; en ook Julian's – dit is nader aan die Universiteit.

Marius: Julian's het lekker koffie. La Romantica en Jimmy the Fish het natuurlik nou lekker *specials*. Nog 'n lekker plek naby die Universiteit is La Crème in Andringastraat. Moenie vergeet van die plekkie daar in die Skuinshuis nie. Ek glo Jan Cats het lekker *specials* op 'n Dinsdagaand – die hamburgers is halfprys en mens kan een kry vir onder R30.

Pieter: As ek stilte soek, gaan ek natuurlik na die Botaniese Tuin toe – veral as die weer lekker is. Dit is so rustig en stil daar en die kos is nie te duur nie.

Marius: Ek het vergeet daarvan. Wat is jou gunstelingeteplek?

Pieter: Ek hou van Lafayette. Was jy al daar?

Marius: Nee. Maar ek sal dit beslis gaan probeer. Ek hou van Col'Cacchio. Ek sê jou wat: kom ons gaan Vrydagaand soontoe en dan gaan ons volgende Vrydagaand Lafayette toe. Wat dink jy?

Pieter: Klink na 'n goeie idee.

Marius: Goed, dan sien ek jou Vrydagaand by Col'Cacchio – so agtuur se kant.

Pieter: Sien jou dan.

Die kommunikasietaak toon dat die behoeftes van die studente is om op informele vlak te kan gesels oor hulle onmiddellike omgewing en die kuier- en eetplekke wat hulle besoek. Die kommunikatiewe doelwitte van die taak is: (1) om oor die sosiale aspekte van die studentelewe te praat; (2) om die voor- en nadele van kuierplekke te kan verduidelik; (3) om voorkeure te kan motiveer; en (4) om te luister na wat medestudente sê oor die sosiale aspekte van die studentelewe.

Uit die kommunikasietaak is die volgende taalgebruikssituasies en taaltake afgelei:

Taalgebruikssituasie	Taaltake
Maak bespreking by restaurant	• Begrip van vraagstelling oor restaurant of kuierplek • Vraagstelling oor restaurant of kuierplek • Begrip van instruksies oor parkeerfasiliteite • Gee instruksies oor parkeerfasiliteite • Begrip van tydsaanduiding • Vraagstelling oor tydsaanduiding
Vraagstelling oor en begrip van spyskaart	• Begrip van vraagstelling oor spyskaart • Vraagstelling oor spyskaart • Dra persoonlike voorkeure en wense oor
Vraagstelling oor en begrip van betaling	• Begryp instruksies oor betaling • Vraagstelling oor betaling • Maak stellings oor betaling
Vraagstelling oor en begrip van roetebeskrywing	• Begrip van vraagstelling oor roetebeskrywing na bestemming • Vraagstelling oor roetebeskrywing na bestemming • Begrip van antwoorde van persoon wat roetebeskrywing vra • Verstaan eenvoudige instruksies van 'n persoon wat 'n roete beskryf
Vergelyk eet-/kuierplekke	• Vraagstelling oor eet- of kuierplekke • Begrip van vraagstelling oor

	eet- of kuierplekke • Dra persoonlike voorkeure en wense oor • Begrip van antwoorde van vraagstelling oor eet- of kuierplekke • Motiveer keuse van gunstelingplek
Kommunikeer informeel	• Gepaste groet- en aanspreekvorme • Begrip van vraagstelling na welstand • Vraagstelling oor welstand • Beantwoord van vraagstelling oor welstand

Die parameters vir die analisering van taakkompleksiteit is met behulp van Van Avermaet en Gysen (2006:32) en Duran en Ramaut (2006:52) ondersoek. Die parameters vir hierdie spesifieke taakbeskrywing sluit die volgende aspekte in:

Vaardighede	Praat en luister
Teksgenre	Dialogoog
Inligtingsprosesseringsvlak	Herstruktureringvlak
Gespreksgenoot	Bekende gelyke
Onderwerp	Kuier- en eetplekke (persoonlike opinie)
Kontekstuele ondersteuning	Hier en nou
Linguistiese kenmerke	Algemene basiese woordeskat oor restaurante en eet-en/of kuierplekke; grammatiese strukture vir voorkeure en nie (negatief) soos "Ek verkies" of "Ek hou nie van"; redevoering oor keuse en instruksies; vraag-en-antwoord-sinne; grammatiese strukture oor tyds- en plekaanduidings.

(a) Wêreld	
1. Vlak van abstraksie	Hoofsaaklik hier en nou, alhoewel daar-en-dan-konstruksies voorkom
2. Graad van visuele ondersteuning	Geen visuele ondersteuning
3. Linguistiese konteks	Hoë digtheidsvlak van inligting; lae vlak van oorbodigheid
(b) Taak	

4. Prosesseringsvlak	Evaluerend
5. Modaliteit	Verbaal
(c) Teks	
6. Woordeskat	Algemene, basiese woordeskat oor restaurante en kuierplekke
7. Sintaksis	Lang, komplekse sinne
8. Teksstruktuur	Eksplisiet en duidelik gestruktureer
9. Tekslengte	Lank

Die onderskeie doelwitte vir die taak as taaksoorte is dan soos volg:

Die taalgebruiker kan op 'n beskrywende vlak

1. die hoofidees en idees rakende inligting in tekste oor vermaak- en ontspanningsplekke verstaan.

Die taalgebruiker kan op 'n herstruktureringsvlak

2. relevante inligting en instruksies oor restaurante en ontspanningsplekke in advertensies en reklamemateriaal selekteer.

Die taalgebruiker kan op 'n evalueringsvlak

3. inligting, argumente en gevolgtrekkings aangaande vermaak- en ontspanningsplekke in advertensies en reklamemateriaal vergelyk.

Opvoedkundige domein: Student-dosent-kommunikasie¹⁹

*Dialog:*²⁰

Student: Goeiemôre, Mevrou. Kan ek u gou spreek?

Dosent: Môre, Meneer. Natuurlik. Kom sit. Hoe gaan dit met u? En die studies?

Student: Nee, dit gaan goed dankie. Ek geniet my kursus, maar dit is moeilik.

Dosent: Waarmee kan ek help?

Student: Ek is gekies om Junie-maand Engeland toe te gaan om aan 'n uitvoering deel te neem.

Dosent: Geluk! Dit is wonderlik. Watse uitvoering?

Student: Die College of Music bied 'n klassieke konsertuitvoering aan en ek is gekies om daar te gaan klavier speel.

Dosent: Sjoe, dit is 'n wonderlike eer en groot prestasie.

Student: Maar dit is ongelukkig in die tyd wanneer ons die toets moet skryf. Ek weet nie wat om te doen nie en wil net weet wat die regte prosedure is om aansoek te doen om uitstel te vra.

Dosent: U moet 'n brief van die Musiekdepartement bring waarin die situasie verduidelik word. U vra dus toestemming om die uitsteltoets te skryf? Ek sal u versoek tydens ons personeelvergadering aan die orde stel.

Student: Dink u daar sal probleme wees?

Dosent: Nee, glad nie. Dit is maar administratiewe dinge wat gereël moet word. Die Departement behoort u situasie simpatiek te hanteer. Dit is mos darem 'n eer om die geleentheid te kry en ek dink nie die Departement sal in u pad staan nie.

Student: Wanneer is die uitsteltoets?

Dosent: In Julie iewers. Laat ek net seker maak. Ja, dit is 24 Julie.

Student: Dankie. So ek moet net 'n brief bring?

Dosent: Ja, bring dit voor Donderdag, want ons vergader dan, en dan kan ek dit sommer aan die kollegas voorlees. Ek sal u in die Vrydagklas inlig wat die besluit is, maar daar behoort nie probleme te wees nie.

Student: Baie dankie. Ek bring die brief so gou as moontlik. Skryf ons oor dieselfde werk?

Dosent: Oor presies dieselfde werk.

Student: Baie dankie en tot siens.

Dosent: Tot siens.

Die kommunikasietaak toon dat studente met dosente moet kan gaan praat oor aspekte soos toetsuitstel. Dit is verder 'n meer formele kommunikasiesituasie. Die kommunikatiewe doelwitte van die taak is: (1) om die dosent te spreek oor 'n moontlike probleemsituasie; (2) om te kan verduidelik wat die probleemsituasie is; en (3) om te kan luister en verstaan wat die dosent se instruksies of aanbevelings is.

Uit die kommunikasietaak is die onderstaande taalgebruiksituasies en taaltake afgelei:

Taalgebruiksituasie	Taaltake
Vra uitstel vir toets	• Verbaliseer die rede vir uitstel • Motiveer en kommunikeer oor rede vir uitstel • Vraagstelling oor uitstel van toets • Beantwoord van vraagstelling oor die rede vir uitstel • Begrip van eenvoudige instruksies oor wat om te doen
Aanspreek van dosente	• Gepaste groet- en aanspreekvorme • Gebruik van formele register
Praat met studente	• Gepaste groet- en aanspreekvorme

	• Gepaste register
Gee instruksies	• Verduidelik en gee instruksies oor wat om te doen • Begrip van instruksies

Die parameters vir hierdie spesifieke taak is op grond van Van Avermaet en Gysen (2006:32) en Duran en Ramaut (2006:52) ondersoek:

Vaardighede	Praat en luister
Teksgenre	Dialogoog
Inligtingsprosesseringsvlak	Herstrukturering
Gespreksgenoot	Bekende volwassene
Onderwerp	Die spreek van dosente om te vra vir uitstel van 'n toets
Kontekstuele ondersteuning	Oorwegend hier en nou
Linguistiese kenmerke	Vraag-en-antwoord-sinne; toekomstige-tyd-sinne; imperatiewe instruksies; algemene basiese woordeskat oor toetsuitstel

(a) Wêreld	
1. Vlak van abstraksie	Hoofsaaklik hier en nou, alhoewel daar-en-dan-konstruksies voorkom
2. Graad van visuele ondersteuning	Geen visuele ondersteuning
3. Linguistiese konteks	Hoë vlak van inligting; lae vlak van oorbodigheid
(b) Taak	
4. Prosesseringsvlak	Herstrukturering
5. Modaliteit	Verbaal
(c) Teks	
6. Woordeskat	Algemene, basiese woordeskat
7. Sintaksis	Eenvoudige, kort sinne
8. Teksstruktuur	Deels gestruktureer
9. Tekslengte	Kort

Die taaktipes vir die opvoedkundige taalvaardigheidsdomein is soos volg:

- Op 'n beskrywende vlak kan die taalgebruiker**
1. die hoofidees en idees rakende inligting oor akademiese aangeleenthede, soos toetsuitstel, in departementele inligtingstukke volg.
- Op 'n herstrukturingsvlak kan die taalgebruiker**
2. relevante inligting en instruksies oor akademiese aangeleenthede, soos toetsuitstel, selekteer om dit sodoende te herrangskik en te herstruktureer sodat daar kommunikasie kan plaasvind.

Uit hierdie behoefte-analises is die teikendomeine (sosiaal en akademies) en van die taalgebruiksituasies (bv. die maak van 'n bespreking by 'n restaurant of hoe om uitstel te vra vir 'n toets) vir die spesifieke-doeleinde-kursus afgelei. Die volgende stap ná die behoefte-analise is die ontwerp van take wat dan volgens Robinson se Kognisiehipotese in 'n taaksillabus georden sal word. Uit die dialoë kan onder meer die volgende pedagogiese take afgelei word, naamlik hoe om 'n roete op kampus of in die dorp te verduidelik of wat behels formele kommunikasie.

Robinson (2007:22), wat veral op kompleksiteitsnavorsing fokus vir die doel van taaksillabusontwerp, beklemtoon die belangrikheid van behoefte-analise as die beginpunt vir pedagogiese taakontwikkeling. Robinson (2001a, 2001b, 2003, 2005, 2007) beweer in sy Kognisiehipotese dat take georden moet word op grond van hulle kognitiewe kompleksiteit om tweedetaalverwerwing oor 'n langer tydperk te bevorder en te verbeter. My breë navorsing fokus dan juis daarop om die taaksillabus wat uit die behoefte-analise se resultate saamgestel is, volgens Robinson se model te orden op grond van die take se kognitiewe kompleksiteit.

Slot

Bogenoemde analyses van twee Afrikaanstweedetaaltake, gerig op die ontwikkeling van basiese sosiale en akademiese interaksie, demonstreer hoe behoefte-analise kan help met die ontwerp van sillabusse en kurrikulums vir Afrikaans as tweede taal binne die multitalige konteks van 'n universiteit. Hierdie tipe sillabus- en kursusontwerp-oorwegings kan bydra tot die fasilitering en optimalisering van tweedetaalontwikkeling in Afrikaans. Behoefte-analises het belangrike gevolge vir taakontwerp en vir die gradering en ordening van take. Pedagogiese taakontwerp het verder 'n noue verband met kompleksiteit, 'n kernaspek in Robinson (2001a, 2001b, 2003, 2005, 2007) se raamwerk vir sillabusontwerp.

Bibliografie

Betroud, Anne-Claude, Jyrki Kalliokoski, Wolfgang Mackiewicz, Claude Truchot en Piet van de Craen. 2001. *Multilingualism and new learning environments*. Berlyn: Freie Universität.

Brown, J.D. 2009. Foreign and second language needs analysis. In Long en Doughty 2009.

Chan, V. 2001. Determining students' language needs in a tertiary setting. *English Teaching Forum* 39(3):16–27.

Council of Europe. 2001. *Common European framework of reference for languages: Learning, teaching, assessment*. Cambridge: Cambridge University Press.

Crookes, G. en S.M. Gass (reds.). 1993. *Tasks in a pedagogical context*. Clevedon: Multilingual Matters.

Cummins, J. 2008. BICS and CALP: Empirical and theoretical status of the distinction. In Street en Hornberger 2008.

Deutch, Y. 2003. Needs analysis for academic legal English courses in Israel: A model of setting priorities. *Journal of English for Academic Purposes*, 2(2):125–46.

Duran, G. en G. Ramaut. 2006. Tasks for absolute beginners and beyond: Developing and sequencing tasks at basic proficiency levels. In Van den Branden 2006.

Ellis, R. 2003. *Task-based language learning and teaching*. Oxford: Oxford University Press.

Feak, C.B., S.M. Reinhart en T.N. Rohlck. 2009. *Academic interactions: Communicating on campus*. Michigan: The University of Michigan Press.

Gilabert, R. 2005. Evaluating the use of multiple sources and methods in needs analysis: A case study of journalists in the Autonomous Community of Catalonia (Spain). In Long (red.) 2005.

Lepetit, D. en W. Cichocki. 2002. Teaching languages to future health professionals: A needs assessment study. *The Modern Language Journal*, 86(iii):384–96.

Long, M.H. (red.). 2005. *Second language needs analysis*. Cambridge: Cambridge University Press.

Long, M.H. en G. Crookes. 1992. Three approaches to task-based syllabus design. *TESOL Quarterly*, 26(1):27–56.

—. 1993. Units of analysis in syllabus design: the case for task. In Crookes en Gass (reds.) 1993.

Long, M.H. en C.J. Doughty. 2009. *The handbook of language teaching*. Chichester: Wiley-Blackwell.

Mayo, G.M.P. (red.). 2007. *Investigating tasks in formal language learning*. Clevedon: Multilingual Matters.

Nunan, D. 2004. *Task-based language teaching*. Londen: Cambridge University Press.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). Departement van Onderwys. 2002. <http://www.polity.org.za/article/language-policy-for-higher-education-november-2002-2002-11-15> (15 Julie geraadpleeg).

Robinson, P. (red.). 2001. *Cognition and second language instruction*. Cambridge: Cambridge University Press.

Robinson, P. 2001a. Task complexity, cognitive resources, and syllabus design: A triadic framework for examining task influences on SLA. In Robinson (red.) 2001.

—. 2001b. Task complexity, task difficulty, and task production: Exploring interactions in a componential framework. *Applied Linguistics*, 22(1):27–57.

—. 2003. The cognition hypothesis, task design and adult task-based language learning. *Second Language Studies*, 21(2):45–107.

—. 2005. Cognitive complexity and task sequencing: Studies in a componential framework for second language task design. *International Review of Applied Linguistics in Language Teaching*, 43(1):1–32.

—. 2007. Criteria for classifying and sequencing pedagogic tasks. In Mayo (red.) 2007.

—. 2009. Syllabus design. In Long en Doughty 2009.

Samuda, V. en M. Bygate. 2008. *Tasks in second language learning*. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Street, B. en N.H. Hornberger (reds.). *Encyclopedia of language and education*. New York: Springer Science + Business Media LLC.

Van Avermaet, P. en S. Gysen. 2006. From needs to tasks. Language learning needs as task-based approach. In Van den Branden 2006.

Van den Branden, K. 2006. *Task-based language education: From theory to practice*. Cambridge: Cambridge University Press.

Van Dyk, T.J. en A.J. Weideman. 2004. Switching constructs: On the appropriate blueprint for academic literary assessment. *Journal for Language Teaching*, 38(1):1–13.

Weideman, A.J. 2003. Justifying course and task design in language teaching. *Acta Academica*, 35(3):26–48.

Xiao, L. 2006. What can we learn from a learning needs analysis of Chinese English majors in a university context? *Asian EFL Journal*, 8(4):74–99.

Eindnotas

¹ Met *tweede taal* word bedoel enige taal wat 'n persoon aanleer naas sy/haar eerste (moeder-) taal. Die aanvangsvlak kan oor 'n wye spektrum wissel, vanaf beginner tot gevorderd, waar hierdie onderskeiding wel van toepassing is.

² Met *taal vir spesifieke doeleindes* (language for specific or academic purposes) word volgens Samuda en Bygate (2008:53) bedoel "to provide language training for non-language specialists who need it for academic or professional purposes".

³ Brown (2009:269) definieer *behoefte-analise* as "the systematic collection and analysis of all information necessary for a defensible curriculum".

⁴ Inhoudsgebaseerde onderrig, wat 'n voorbeeld van 'n spesifieke-doeleindes-kursus is, organiseer die inhoud rondom werklikewêreld-temas of -onderwerpe, wat taalaanleerders buite die taalklaskamer moet kan gebruik en waarmee hulle gekonfronteer sal word. Veral volwassene basiese taalonderrig van immigrante- en vlugtelingprogramme, soos byvoorbeeld die Australian Adult Migrant Education Program (AMEP) en die programme van die Flanders Centre for Migration and Learning, gebruik dié benadering (Samuda en Bygate 2008:54).

⁵ Met *taak* word bedoel die kommunikasietake wat tweedetaalsprekers moet bemeester, soos wat as doelwit gestel word in kommunikatiewe taalonderrig.

⁶ Feak e.a. (2009:viii-xi) bespreek die probleme om met outentieke taalvoorbeelde te werk.

⁷ Sien Lepetit en Cichocki (2002) en Deutch (2003) as voorbeelde van hoe behoefte-analises bygedra het tot die taakontwerp van spesifieke kursusse.

⁸ 'n Onderskeid word getref tussen teiken- of kommunikasietake ("real world tasks") en onderrig- of pedagogiese take ("pedagogic tasks"). Teikentake is take wat in die werklike wêreld voorkom, byvoorbeeld die skryf van 'n brief of die doen van besprekings, terwyl onderrigtake take is wat gebruik word om kommunikasie in die klaskamer uit te lok, byvoorbeeld: "Dui die verskil aan ..."

⁹ Van Avermaet en Gysen (2006:25) omskryf taalgebruikssituasies as "situations that typically require the smooth and comfortable use of language for all parties involved".

¹⁰ Take is volgens Samuda en Bygate (2008:54) 'n invloedryke organisatoriese faktor in die ontwerp en verskaffing van inhoudsgebaseerde onderrig ("content-based instruction" of CBI). Die ontwerpers van inhoudsgebaseerde sillabusse gebruik behoefte-analises om te bepaal wat taalaanleerders se behoeftes in die werklike wêreld is.

¹¹ Ek onderneem met die oog op my breë navorsing nie 'n situasie-analise oor die onderrigtale aan Suid-Afrikaanse universiteite nie, aangesien ek nie fokus op byvoorbeeld taalbeplanning of taalbeleid nie.

¹² Vir die doel van die artikel het ek die behoefte-analise aan die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Ek gebruik navorsingsresultate van 2007 tot 2010.

¹³ Vir die doeleindes van my navorsing en die artikel fokus ek nie op korrelasies tussen die taalvaardigheidstoetse en die vraelyste en onderhoude se resultate nie.

¹⁴ In my taakkompleksiteitsanalise volgens Robinson se model (2001a, 2005, 2007) verwys ek na kwadrant 1, wat ooreenstem met Cummins se BICS, en kwadrant 4, wat ooreenstem met Cummins se CALP. Die doel van die taakgebaseerde sillabus is om take van kwadrant 1 tot kwadrant 4 te orden, met ander woorde om van BICS na CALP te beweeg.

¹⁵ Die dialooginhoud is telkens uit die oogpunt van die tweedetaalstudente beskryf.

¹⁶ Met *outentieke taal* word bedoel taal wat ooreenkom met 'n situasie in die werklike wêreld of taal wat aanleiding kan gee tot die interaksie wat in die werklike wêreld aangetref word (Ellis 2003:347, 351).

¹⁷ Jy en 'n medestudent gesels oor waarvan julle hou van die sosiale lewe van Stellenbosch, en oor die kuierplekke om na toe te gaan. Julle bespreek van die gewilde studenteplekke om te besoek en wat die voordele en nadele van die kuierplekke is. Julle gesels oor elkeen se voorkeure. Julle gesels oor watter dagkuierplekke en nagkuierplekke daar is. Julle noem telkens julle gunstelingplek en verduidelik waarom. Julle gesels ook oor lekker eetplekke en waar en wanneer 'n mens goedkoop kan gaan eet. Julle besluit om elkeen se gunstelingplek te besoek, en ook van die eetplekke.

¹⁸ Wat die verwysings na kuier- en eetplekke betref, word die inligting verstrek in ooreenstemming met die tekssituasie.

¹⁹ Ek het die dialoog geskryf na aanleiding van 'n werklike versoek van een van my studente.

²⁰ Jy kom spreek die dosent omdat jy nie die toets kan skryf nie, en voer as rede aan dat jy gekies is om Engeland toe te gaan om aan 'n musiekuitvoering deel te neem. Die dosent verduidelik aan jou dat jy 'n brief van die Musiekdepartement moet bring waarin die situasie uiteengesit word. Jy moet dit voor die Donderdag bring, aangesien die departementele vergadering dan plaasvind, en dan kan jou saak bespreek word. Jy vra wanneer die uitsteltoets is en waaroor die toets sal handel. Die dosent beantwoord jou vrae. Jy wil weet of die Departement jou situasie simpatiek sal hanteer en die dosent stel jou gerus.

Eros en lewe in die 21ste eeu

Bert Olivier

Departement Joernalistiek, Media en Filosofie,
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

Opsomming

Hierdie artikel is 'n poging om die onverbreeklike verband tussen Eros in die omvattende sin van (verskillende manifestasies van) liefde enersyds, en lewe, andersyds, te ondersoek. Daar word uitgegaan van Freud se opvatting van Eros as een van die fundamentele instinkte, wat teenoor Thanatos as doodsinstink staan. Daar word geargumenteer dat waar Freud Eros as “genitale liefde” tussen twee mense as primêr waardevol geag het, dit wat hy as “universele liefde” beskryf, vandag onmisbaar belangrik geword het om te verhoed dat die band tussen Eros en lewe deur bepaalde praktyke vernietig word. Daar word aan hierdie hoofsaaklik (ekologies-destruktiewe) ekonomiese praktyke aandag geskenk aan die hand van die werk van onder andere Freud, Kovel, Bakan, Diamond en Dufourmantelle, ten einde die Eros/lewe-skakel behoorlik in perspektief te plaas.

Abstract

Eros and life in the 21st century

This article is an attempt to examine the unbreakable bond between Eros in the encompassing sense of (different manifestations of) love on the one hand, and life on the other. The point of departure is Freud's conception of Eros as one of the fundamental instincts, which exists in a tensional relationship with Thanatos as death instinct. It is argued that while Freud regarded Eros in the guise of “genital love” between two individuals as being of primary value, that which he described as “universal love” has become indispensable, today, for preventing the destruction of the bond between Eros and life by specific practices. Attention is given to these mainly economic (ecologically destructive) practices through a reading of, among others, Freud, Kovel, Bakan, Diamond, en Dufourmantelle, to be able to put the Eros/life nexus in proper perspective.

*Our ancestors would [...] bring about the greatest mass extinction of large animals since the dinosaurs abruptly disappeared sixty-five million years ago. Through their ever burgeoning technological prowess, humans would plant crops, tend herds, invent writing, build the Parthenon, discover gunpowder, transform the ceiling in the Sistine Chapel, compose the Eroica Symphony, and eventually evolve into a biological force capable of influencing the very climate of the earth. Eve's descendants have steadily accumulated the power to destroy each other in an unholy Armageddon and, like sleepwalkers, are shuffling toward a planetary ecological disaster. How could a slight, five-foot-tall, two-legged animal create such sublimity and yet wreak so much havoc in so minuscule an interval of earth's history? (Leonard Shlain, *Sex, Time, and Power*, pp. 11–12)*

Inleiding

Sigmund Freud is daarvoor bekend dat hy 'n konflik tussen Eros (liefde, spesifiek erotiese liefde) en die belange van die samelewing gepostuleer het (vgl. bv. Freud 1961:55). Kort gestel kom dit daarop neer dat hy 'n spanning tussen die individu se libidinale of seksuele behoeftes en die oorlewingsvereistes van die samelewing (die beginsel van noodsaaklikheid) raaksien: vir die samelewing om voort te bestaan, moet die individu sy of haar “instinktiewe” seksuele behoeftes onderdruk en onderworpe maak aan allerlei sosiale norme en taboes ten einde die kultuur te laat floreer. Die keerkant van repressie (van instinktiewe drange) is beskawing. Nodeloos om uit te wys is die dilemma wat hieruit voortspruit, die feit dat individue ook, terselfdertyd, gehoor moet gee aan hul libidinale drange, anders sou die menslike ras, en dus die samelewing – afgesien van die neuroses en psigosos wat uit die onderdrukking daarvan mag voortspruit – gevaar loop om tot 'n einde te kom.

Wat ek hier wil ondersoek, is 'n vermoede wat gevoed word deur Freud in samehang met etlike ander outeurs – onder andere Kovel, Bakan, Diamond en Dufourmantelle – te lees, naamlik dat Eros nie alleen in 'n sekere sin bots met die samelewingsbelange waarna Freud verwys nie, maar dat die huidige era getuie is van 'n ander konflik wat moontlik die verskil tussen lewe en dood (of voortbestaan en uitwissing) kan bepaal. Hierdie konflik het steeds (soos by Freud) te make met die verhouding tussen Eros en samelewing, maar word vandag op die spits gedryf deur die konflik tussen sekere – hoofsaaklik ekonomiese – samelewingsbelange enersyds, en Eros in 'n meer omvattende sin as die spesifiek menslike, Freudiaanse sin waarin dit vroeër gebruik is, naamlik Eros vir sover dit onmisbaar is vir alle lewe, en nie alleen menslike lewe nie (waarvan Freud terdeë bewus was).

Freud oor Eros

Weliswaar het Freud reeds in die rigting gewys van Eros wat op “doelgeïnhibeerde” wyse nie meer 'n ander individu as primêre “liefdesvoorwerp” het nie, maar op 'n aansienlik uitgebreide wyse nie alleen alle mense nie, maar in die uiterste vorm daarvan alle bestaande dinge, as voorwerp van 'n “universele liefde” het. Hy noem die Heilige Franciskus van Assisi – bekend vir sy verwysing na “Broeder Son, Suster Maan” as uitdrukking van sy liefde vir die ganse “skepping” (in godsdienstige idioom) – as die persoon wat die liefde moontlik tot die “hoogste” vlak geneem het (1961:54). Freud (1961:55) spreek kritiek teen hierdie opvatting van die liefde uit, omdat dit na sy mening die besondere, unieke waarde van spesifieke geliefdes misken, en alle mense na sy mening bowendien nie ewe verdienstelik is as dit by liefde kom nie. Dit is duidelik dat die “outentieke” uitdrukking van Eros as liefde vir Freud (1961:55) in die sogenaamde “genitale liefde” tussen man en vrou aangetref word.

Bogenoemde kritiek (by Freud) is inderdaad geldig wat die unieke waarde van 'n geliefde persoon, of andersins die van mense oor die algemeen, betref, maar ek sou argumenteer dat daar onder die huidige ekologiese omstandighede, wat globaal algemeen as 'n krisis beskou word,¹ opnuut na Eros gekyk behoort te word vanuit die perspektief van die Heilige Franciskus van Assisi na wie Freud verwys. Eros as “universele liefde” is tans waarskynlik niks minder nie as 'n

voorwaarde vir die voortbestaan van alle lewe op aarde, en dus ook vir die vorme van Eros wat Freud so hoog aanslaan.

Maar voordat die skakel tussen Eros en die lewe self van nader beskou word, moet die begrip *Eros*,² soos deur Freud gebruik, eers in groter besonderhede onder die loep geneem word.

Freud (1961:61) blyk heeltemal in akkoord te wees met een van Plato se karakteriseringe van Eros waar hy (Freud) beweer dat dit tot die wese van Eros behoort om “een uit meer as een te maak” (my vertaling – BO). Hy gaan so ver as om na hierdie mite³ van Plato (1965:57-8) as verklaring vir die “oorsprong van seksualiteit” te verwys (aangesien die wetenskap volgens hom op daardie stadium nog geen verklaring hiervoor het nie). Uit sy uitbreiding hierop (Freud 1961:54-7) is dit duidelik dat hy hiermee nie alleen die liefde tussen twee mense bedoel nie – hoewel sodanige liefde primêr is – maar ook (soos vroeër opgemerk) die neiging in die samelewing om groter groepe in bande van “doel-geïnhibeerde” Eros saam te snoer (met ander woorde, van ’n vorm van liefde wat van die primêre genitaal-seksuele doel afwyk en in getransformeerde gewaad as toegeneentheid teenoor ander mense, of lewende wesens, bestaan). Trouens, by geleentheid (byvoorbeeld in *Beyond the pleasure principle*, 1920) beweer hy selfs dat “organiese substansies” as sodanig deur Eros in “steeds groter eenhede” saamgesnoer word (Freud 1968a:42-3).

Wat ’n mens egter nie kan ignoreer wanneer dit by die huidige tema van die verhouding tussen Eros en lewe kom nie, is Freud se verstommende insig in die aard van die primordiale spanning tussen die “lewe-instinkte” (Eros) en die “dood-instinkte” (Thanatos).⁴ Hierdie twee soorte instinkte (of drifte) stem volgens Freud (1968b:258-9) ooreen met die teenoorgestelde prosesse van konstruksie en disintegrasie, respektiewelik, in organismes. Waar die “lewe-instinkte” (die libidinale of seksuele drifte wat onder Eros val) daarop gerig is om lewende organismes in steeds meer omvattende, hoër ontwikkelde totaliteite te verenig, dien die uitwaarts-gerigte “dood-instinkte” van Thanatos die doel om lewende wesens uiteindelik na die dood – as finale vorm van terugkeer na ’n aanvanklike toestand van “rus” – te lei, en word hulle as destruktiewe en aggressiewe neigings gemanifesteer. Dit wil sê, die doodsdrijf, hoe kontra-intuïtief dit ook al mag voorkom, het nie slegs met die dood te doen nie, maar fundamenteel ook met die behoefte aan rus en stabiliteit, asook met aggressie.

In die verbygaan moet genoem word dat Freud ten opsigte van sy onderskeid tussen Eros en Thanatos minstens een voorganger het onder die antieke Grieke, naamlik Empedokles. Laasgenoemde beweer dat die twee fundamentele kosmiese kragte – wat volgens hom daarvoor verantwoordelik is dat die vier elemente (aarde, water, vuur en lug) in spesifieke proporsies met mekaar verbind – liefde (“philia”) en haat (“neikos”) is (Zeller 1955, hfst. 16). Sy beskrywing van die onderskeibare funksie van elk herinner sterk aan Freud (eintlik andersom, natuurlik): kosmiese liefde is daarvoor verantwoordelik dat elemente en groter eenhede op integrerende, konstruktiewe wyse bymekaarkom, terwyl haat aan alle gevalle van disintegrasie en versplintering ten grondslag lê. Uit die aard van die saak is die betekenis van hierdie twee spanningsgebonde begrippe (net soos van die begrippe *Eros* en *Thanatos*) by die Grieke radikaal verskillend van hul sin in Freud se psigoanalitiese denke, wat hul werking grootliks tot die vlak van die onbewuste beperk (al het dit weliswaar noemenswaardige uitwerking op die vlak van die bewussyn, asook van handeling). Enersyds word hulle in die voor-Sokratiese metafisiese kosmologie aangetref, en andersyds vorm hulle deel van die alledaagse spreektaal (kyk eindnota 2), sonder dat hulle, soos by Freud, sistematies in die opbou van ’n nuwe wetenskap (psigoanalise) benut word.

In Freudiaanse terme kan die lewe self dus beskryf word as uitdrukking van die interaksie of konflik tussen hierdie twee soorte van drif of instink. Freud beskou hulle as inherent konserwatief, vir sover albei daarop gerig is om 'n vroeëre toestand van sake te herstel of te herkonstitueer. Dit is interessant om op te let dat die lewe-instinkte hiervolgens blykbaar in 'n sekere sin aan die dood-instinkte ondergeskik is – vir sover die lewe op die hoër (d.w.s. latere) ontwikkeling van organismes gerig is, sou 'n mens immers nie daaraan dink as die *terugkeer* na 'n vroeëre toedrag van sake nie, terwyl dit maklik is om die dood-instinkte met sodanige terugkeer of herstel van 'n vroeëre toestand te vereenselwig.

Aan die hand van die primêre tema van hierdie artikel, naamlik Eros of, soos Freud (1968c: 91) opmerk, liefde in die omvattende sin van die woord, wil ek dus argumenteer dat dit veral die “doel-geïnhibeerde”⁵ vorm van Eros is wat vandag deurslaggewend mag wees vir die welsyn van alle lewende wesens op die planeet, en dat Thanatos, of die dood-instinkte, skynbaar vandag, om histories-bepaalde redes, op planetêre vlak die oorhand oor Eros begin kry. Anders gestel: waar die spanning tussen Eros en Thanatos as een van toenemende integrasie en saambinding enersyds en disintegrasie, regressie en soms gewelddadige afbreek andersyds bestaan, is daar toenemende getuigenis dat laasgenoemde huidiglik inkrementeel dominant skyn te wees. Hierdie proses kan ook aan die hand van die begrip *entropie* (Kovel 2007:99-100), oftewel die graad van wanorde (m.a.w. energie wat verlore gaan) in 'n sisteem – wat aan Thanatos verwant is – verstaan word.

Eros, kapitalisme, natuur en lewe

Die “histories-bepaalde redes” waarna hier bo verwys word, het te make met die ontwikkeling van tegnologie en menslike ekonomie wat, op die keper beskou, eintlik maar net 'n subsisteem van 'n meer omvattende planetêre (natuurlike) ekologiese sisteem uitmaak (en nie andersom, soos byvoorbeeld gereflekteer in maatskappye se jaarverslae nie). Bowendien is hierdie twee verskynsels intiem met mekaar vervleg, vir sover die ekonomie “groei” namate tegnologie ontwikkel. Desnieteenstaande is dit onteenseglik die geval dat genoemde subsisteem – menslike tegnologiese en ekonomiese geskiedenis – sedert die industriële revolusie van die 18de eeu toenemend 'n negatiewe uitwerking op die omvattende planetêre ekologie gehad het. Sodanige ongunstige uitwerking het veral sedert die 1970's meer en meer sigbaar geword in die ongebreidelde groei van neoliberale kapitalistiese ekonomieë (Kovel 2007:1-5). Geen wonder nie dat Shlain (2003:11-2), in die epigraaf aan die begin van hierdie artikel aangehaal, die opmerking maak dat die mensdom, as wesens wat selfs die aarde se klimaat kan beïnvloed, “soos slaapwandelaars in die rigting van 'n planetêre ekologiese ramp skuifel” (my vertaling – BO). Hierdie potensiele ramp is niks minder nie as die bedreiging van die voortbestaan van die eros/lewe-neksus op aarde.

Die literatuur oor die gronde, omvang en aard van hierdie bedreiging is teen hierdie tyd redelik omvangryk, met die gevolg dat 'n mens selektief te werk moet gaan by die benutting van bronne. Die werk van Kovel is in dié verband onmisbaar, asook dié van Diamond. Die relevansie van hul denke bestaan daarin dat hulle belangrike lig werp op die vraag na die verband tussen Eros as die verskillende manifestasies van liefde enersyds en die verskynsel van lewe andersyds. Ofskoon dit, soos Freud aandui (sien hier bo), die geval is dat die uitdrukking van Eros onskeibaar is van wat hy “genitale liefde” noem, kan 'n mens tog nie die verweefdheid van Eros, in 'n meer omvattende sin, en alle ander lewensvorme met mekaar (en met die anorganiese natuur) ignoreer nie – dit is

wat met *ekologie* as die omvattende en onderlinge verbintenis van ekosisteme bedoel word (Kovel 2007:98). Indien sodanige interafhanklikheid inderdaad in die praktyk misken sou word, sou die voorwaardes vir die voortgesette bestaan van menslike (sowel as andersoortige) individue, en dus ook die lewe as basis vir “genitale liefde” tussen mense, immers fundamenteel bedreig word.

Eerstens moet daar – in die lig van die prioriteit wat Freud aan “genitale liefde” toeken – aan die vraag na die verhouding tussen Eros en lewe aandag geskenk word. Dit is voor die hand liggend dat menslike lewe as sodanig nie sonder hierdie vorm van Eros (of ten minstens ’n plaasvervanger daarvoor) sou kon voortbestaan nie. En indien “genitale liefde” beskou word as ’n metafoor vir alles wat breedweg as seksuele (self-) reproduksie-aktiwiteit by alle lewende wesens voorkom, kan hierdie stelling veralgemeen word om te lui: Eros (as seksuele “liefde”) is ’n voorwaarde vir die voortbestaan van lewe, en omgekeerd.

Maar wat behels die verskynsel *lewe*? Die kompleksiteit en ontwykende aard van hierdie fenomeen blyk duidelik uit Kovel se evokatiewe beskrywing van die verhouding tussen lewe en die natuur (2007:97-8; vertaling - BO):

Die natuur as sodanig oorskry die verskynsels van lewe by verre; tog kan lewe met reg beskou word as tegelykertyd ’n besondere geval van die natuur, en, op ’n wyse wat ons maar net vaagweg kan vermoed, as ’n potensiaal van die natuur – iets wat die natuur onder spesifieke omstandighede genereer. Die lewe is ’n “eenheid”, in die sin dat die basiese molekulêre argitekture van mense, sequoias en skimmelvorme almal op ’n gemeenskaplike voorsaat/oervoorganger dui. Daarby is die lewe egter ook – vir die dowwe menslike bewussyn – haas onbegrypbaar veelvormig, in ’n oorfloed wat in die loop van 3,5 miljard jaar deur onophoudelike interaksies tussen lewende wesens, en met hul nielewende omgewing ontstaan het.

Kovel gaan verder deur daarop te wys dat lewende wesens nie geïsoleerd bestaan nie, maar kenmerkend as deel van ’n onderling-verbonde, geïntegreerde netwerk bestaan – ’n verskynsel wat as ’n omvattende ekosisteem (wat uit kleiner subekosisteme opgebou is) bekend staan. In die huidige konteks kan hierdie feit nie oorbeklemtoon word nie – geen lewende wese, of spesie, kan in isolasie bestaan nie, maar almal is vir hul voortbestaan interafhanklik, iets wat die karakter van ’n (Darwiniaanse) “worsteling”, maar ook van “sameswering” ter wille van oorlewing vertoon (Kovel 2007:98-105). Ongeag die mate waarin die individue van ’n bepaalde spesie dus suksesvol sou wees wat die “genitale liefde”, oftewel “seksuele seleksie” (Shlain 2003:xiv-xv), tussen hulle betref, bevestig hierdie insigte by Kovel die vroeëre stelling, dat ofskoon “genitale liefde” volgens Freud in ’n sekere sin prioriteit bo ander vorme van liefde geniet, ’n mens nie die onverbreeklike verband tussen alle lewende wesens, en dus die onmisbaarheid van ’n vorm van “universele liefde” vir alle lewende wesens, by die mens mag geringskat nie.⁶ Indien dit op die lange duur die geval sou wees, sou nie alleen ander lewensvorme nie, maar ook *Homo sapiens* en *Gyna sapiens* se voortbestaan in die gedrang kom, soos tans reeds die geval is.⁷

Kovel (2007:188) bevestig hierdie bewering waar hy “diep ekologie” (’n radikale vertakking van die ekologiese beweging, wat die volledig prioriteit aan natuur toeken, selfs ten koste van die mens) kritiseer vir die tendens om die mens as’t ware uit die natuur weg te dink. Volgens hom ignoreer diep ekologie hiermee die feit dat die mens ten diepste *deel* van die natuur is (al toon die geskiedenis van die wetenskap, tegnologie en veral die kapitalisme dat die mensdom sigself ook antagonisties teenoor die natuur kan stel, met rampspoedige gevolge).⁸ Daarmee

saam is dit blind daarvoor dat die mens se eiesoortige “natuur” daarin bestaan om kreatief aan die transformerende krag van die natuur uitdrukking te gee (waardeur dit, paradoksaal genoeg, die einste ding wat daarvolgens die hoogste waarde verteenwoordig, naamlik die natuur self, misken).

Wat staan “diep ekologie” dan te doen? Kovel antwoord as volg (2007:188-9; vertaling – BO):

Diep ekologie moet dus 'n interne stel verhoudings ontwikkel wat op 'n toereikende wyse aan die mens 'n rol *binne* die natuur toeken. Dit behels die inagneming van wat ons “medemenslikheid”/“medekreatuurlikheid” (“fellow feeling”) kan noem, die gevoel wat mense vir sowel mekaar as vir die res van die natuur het. 'n Sterk saak kan uitgemaak word dat 'n diep besorgdheid oor ander, wat onder andere in die verskynsels van geregtigheid, sorg (versorging), en, inderdaad, liefde, na vore kom, die reddende faktor van die mens se natuur is.

Waar Freud dus Eros as “universele liefde” – die “medemenslikheid” (of “medekreatuurlikheid” waarvan Kovel in bostaande aanhaling praat – aan die liefde tussen twee individue ondergeskik maak, beskou Kovel dit as juis daardie menslike eienskap wat die mensdom in beginsel rehabiliteer. Weliswaar is daar van 'n spanning by Freud (1961:54) sprake vir sover hy, ondanks sy kritiek teen die verskynsel van “universele liefde”, nietemin (soos vroeër opgemerk) na die Heilige Franciskus verwys as die persoon wat sodanige liefde waarskynlik tot die “hoogste vlak” geneem het – iets wat daarop dui dat Freud geensins onbewus was van die waarde van wat Kovel “medekreatuurlikheid” noem nie.

Daarby moet genoem word dat Kovel hom in sy kritiek op diep ekologie op sodanige “medekreatuurlikheid” as moontlike reddende menslike eienskap beroep. Hy doen dit in die aangesig van wat hy as 'n kritieke situasie beskou, naamlik die skokkende toestand van natuurlike (asook, gepaardgaande hiermee, sosiale) ekosisteme dwarsoor die wêreld. Hierdie betreuenswaardige toedrag van sake skryf hy grootliks, gerugsteun deur haas onbetwyfelbare getuienis, aan onbeteuelde kapitalistiese ekonomiese groeiprosesse toe (kyk veral Kovel 2007:1-50). Die vraag wat dus onwillekeurig by 'n mens ontstaan – ongeag die waarheid van sy bewering dat liefde 'n onteenseglike gegewe by menslike bestaan is – is of Kovel enige goeie rede het om te glo dat liefde in die vorm van besorgdheid oor (onder andere) die natuur, voldoende is om tot die transformasie van kapitalisme (die ekonomiese praktyk wat grootliks verantwoordelik is vir die huidige haglike toestand van die natuur) te lei.

Korporasies, “eksternalisering” en ekologiese vernietiging

'n Mens kan nie anders as om te wonder of daar enige geloofwaardige rede hiervoor is nie, veral omdat die menslike hoogskatting van ekonomiese welsyn onder kapitalisme skynbaar feitlik geen perke het nie. Trouens: nêrens word die bedreiging van die Eros/lewe-neksus met groter skokkende helderheid waargeneem nie – nie alleen in die werk van Kovel nie, maar eweneens in dié van onder andere Bakan (2004) en Diamond (2005).

Diamond se *Collapse* (2005) is 'n verreikende ondersoek na die redes waarom sekere samelewings en gemeenskappe (insluitend die Maja-beskawing, die Anasazi en Oostereiland) histories “gefaal” het, soms in so 'n mate dat niemand

oorleef het nie. Sy bevinding is dat dit telkens aan die ineenstorting van ekosisteme as gevolg van dwase menslike handelinge toegeskryf kon word. Hy fokus ook op die hedendaagse staat van Montana in die Verenigde State van Amerika (Diamond 2005:27-75) – wat hy as 'n mikrokosmos van die aarde in sy geheel beskou – met die oog daarop om die faktore wat tot Montana se ekologiese (en dus sosio-ekonomiese) ondergang mag lei, te kontrasteer met ander faktore, wat op hul beurt tot die staat se ekologiese herstel mag lei. In die huidige konteks is dit opmerkenswaardig dat die negatiewe aanduidings te make het met die impak van menslike ekonomiese aktiwiteite (byvoorbeeld onverantwoordelike mynbou) op verskeie aspekte van die natuurlike ekosisteme, waarsonder die sosio-ekonomiese integriteit van die staat nie gehandhaaf kan word nie (terwyl die positiewe aanduidings verband hou met sake soos die feit dat Montana een van die Amerikaanse state met die minste ekologiese skade is). Met ander woorde, soos waarneembaar in die werk van ander navorsers, blyk dit ook by Diamond dat menslike ekonomiese aktiwiteite die integriteit van die ekosisteme, waarsonder sosiale lewe (insluitend al die aktiwiteite rondom Eros) onmoontlik sou wees, ondermyn.

Dit is geensins verbasend nie, veral as in ag geneem word dat groot maatskappye so ver as moontlik daardie onkoste wat aan iemand anders – byvoorbeeld belastingbetalers – oorgelaat kan word, gerieflikheidshalwe ignoreer. In Montana het dit veral betrekking op die langtermyn-uitwerking van gronddegradering deur mynbou-gifstowwe op die omgewing – iets wat wesenlik vir altyd (Diamond 2006:36) sal voortgaan. Dit is tekenend van die ingeboude onverskilligheid van die kapitalistiese stelsel teenoor die vervlegtheid van Eros en die lewende natuur – mense, diere en plante – dat die volgende verduideliking verstrekkend word vir die verantwoordelikhedsontkenning deur die mynmaatskappye met betrekking tot die ontsettende skade wat hulle, ter wille van geldelike wins, die natuur berokken (aangehaal in Diamond 2005:37; vertaling – BO):

ASARCO [American Smelting and Refining Company, 'n reuse mynbou- en smelterij-maatskappy] kan skaars geblameer word [vir die feit dat dit nie 'n besondere toksiese myn wat dit besit, skoongemaak het nie]. Amerikaanse besighede bestaan om geld te maak vir hul eienaars; dit is die *modus operandi* van Amerikaanse kapitalisme. Een van die implikasies van die geldmaakbesigheid is dat geen onnodige besteding aangegaan mag word nie [...]. 'n Sodanige suinige filosofie is nie beperk tot die mynbou-industrie nie. Suksesvolle besighede onderskei tussen die onkoste wat nodig is om aan die gang te bly en dié wat meer nadenkend as “morele verantwoordelikhede” bestempel word.

Ten einde beter te verstaan waaroor dit hier gaan, moet 'n mens jou tot Bakan wend. Hy stel hom ten doel om die magtigste sosio-ekonomiese instelling van die huidige era, die korporasie, te karakteriseer. Hy begin sy boek met 'n ontstellende beskrywing (Bakan 2004:5; vertaling - BO):

Gedurende die afgelope 150 jaar het die korporasie van relatiewe onbekendheid uitgastyg om die wêreld se dominante ekonomiese instelling te word. Vandag regeer korporasies ons lewens. Hulle bepaal wat ons eet, waarna ons kyk, wat ons dra, waar ons werk, en wat ons doen. Ons is onontvlugbaar omring deur hul kultuur, ikonografie, en ideologie. En net soos die kerk en die monargie in ander tye, gee hulle voor dat hulle onfeilbaar en almagtig is, terwyl hulle hulself in imposante geboue en gesofistikeerde vertonings verheerlik. Korporasies dikteer toenemend die besluite van hul veronderstelde toesighouers in regerings, en beheer samelewingsfere wat vroeër stewig ingebed was in die openbare sfeer.

Korporasies is onafskeibaar verweef met die neoliberale (m.a.w. “vrye mark”-georiënteerde) kapitalistiese ekonomie, wat – soos ook Kovel (2007:39) oortuigend argumenteer – onwrikbaar met die wins- en groeimotief verbind is. Die impak van verontmenslikende korporatiewe aktiwiteite op die natuur, spesifiek dan wat Eros en lewe betref, blyk onmiskenbaar waar Bakan (2004:70-3) beskryf hoe sommige besigheidspersone van tyd tot tyd ’n soort openbaring of “epifanie” beleef wat hulle in staat stel om hul eie vroeëre besigheidspraktyke in ’n radikaal ander lig te beskou.

Een van hulle, Ray Anderson, die grondlegger van Interface, Inc., die wêreld se grootste kommersiële tapytvervaardiger, beskryf die korporasie as ’n tydgenootlike “instrument van vernietiging” (aangehaal in Bakan 2004:71; vertaling - BO), in die lig van ’n soort “beking” wat hy laat in sy loopbaan beleef het. Dit het hom die noodlottige gevolge van die onkritiese aanname dat die (dom) mensdom onbepaald kan voortgaan “om te neem en neem en neem en neem, vermors en vermors, en vermors en vermors, sonder gevolge, wat die biosfeer tot vernietiging dryf” (vertaling - BO), laat besef. Die oomblik waartydens sy opvatting omtrent die korporasie deurslaggewend verander het, was volgens Anderson die toenemend omgewingsbewuste somer van 1994, toe klante begin navraag doen het oor die aard en omvang van sy maatskappy se omgewingspraktyk, en hy besef het dat hy geen antwoord het nie. Sy gevolglike gedwonge leeswerk oor ekologie – ten einde ’n ekologiese “visie” vir sy maatskappy te kan formuleer – was wat tot sy paradigma-omskakeling gelei het.

Die besef dat korporatiewe besigheidspraktyke (soos “eksternalisering”, oftewel die gebruik om “eksterne” onkoste wat deur korporasies geskep word, so ver as moontlik aan ander samelewingsagentskappe oor te laat om te dra – waarna ook hier bo verwys is in verband met mynbou in Montana) onmoontlik is om op die lange duur vol te hou, het tot Anderson deurgedring onder die impak van die implikasies van die frase, “die dood van geboorte”, ’n grafiese beeld van die uitsterwing van spesies. Vandag verwerp hy die opvatting (wat hy self eens met ander in die korporatiewe sfeer gedeel het) “dat die natuur onbeperk is, die aarde ’n grenslose bron van grondstowwe, ’n eindelose stoorplek [is] waarheen ons ons gifstowwe en rommel kan stuur” (Bakan 2004:72; my vertaling – BO). Onder laasgenoemde sou mens byvoorbeeld die gifstowwe kon tel wat deur maatskappye in riviere vrygelaat word om daarvan ontslae te raak – sogenaamde “uitwendighede” (“externalities”). Volgens Anderson en ander voormalige korporatiewe leiers wat tot ander insigte gekom het, is die korporasie (Bakan 2004:72-3; vertaling - BO):

[...] doelbewus geprogrammeer, trouens wetlik gedwonge, om kostes te eksternaliseer sonder inagnome van die skade wat daardeur aan mense, gemeenskappe, en die natuurlike omgewing berokken mag word. Elke koste wat dit op iemand anders kan afskuif is ’n voordeel vir sigself, ’n direkte roete na wins [...]. ’n [D]uisend gevalle van korporatiewe duisternis, van Bhopal en die *Exxon Valdez* tot epidemiese vlakke van werkerbesering en dood, en kroniese vernietiging van die natuurlike omgewing, is die prys wat ons almal betaal vir die korporasie se twyfelagtige karakter.

Diepgewortelde motiewe by die mens

'n Mens mag tereg op refleksiewe wyse wonder watter soort wesens mense is, wat willens en wetens oogluikend iets so verskriklik soos “die dood van geboorte” toelaat. Is die fundamentele driftelike verbintenis tussen Eros en Thanatos (wat in hierdie uitdrukking grafies vergestalt word) sodanig dat dit 'n noodlottige proses van lewe-ondermyning op tou sit?

In die lig van die toenemend kritieke toestand van natuurlike ekosisteme moet 'n ander vraag dus gevra word: Is daar nie moontlik ander, meer diepgewortelde motiewe as die ekonomiese om materiële welsyn optimaal (asof in 'n vakuum) te ontwikkel wat in die weg hiervan staan nie?

Een sodanige dryfveer van menslike handeling is die verskynsel van wat Kristeva (1997:153-4; 230-32) die “veragtelike” (“abject”) noem – iets wat gedurende jou kinderdae as psigiese kategorie gevorm word, gepaardgaande met die noodwendige proses (“abjection”, “veragting”) van 'n kind se distansiering van sy of haar moeder se liggaam, wat toenemend met “veragting” bejeën word, ten einde sy of haar eie liggaam via die “spieëlfase” op narsistiese wyse toe te eien (kyk Olivier 2004 en 2007). Volgens Kristeva maak hierdie nuutverworwe psigiese kategorie die basis uit van alle soortgelyke “veragtings” (“abjections”) vir die res van 'n individu se lewe, byvoorbeeld van die wyse waarop sommige mense vir 'n krioelende nes miere, of vir 'n lyk, “gril”. Die “veragtelike” is dus nie dieselfde as dit wat “onderdruk” is en vanuit die onbewuste op simptomatiese wyse in individue se handeling (o.a. in verbale “versprekings”) verskyn nie. So gesien, kan 'n mens die negatiewe houding teenoor die natuur, wat op verskillende wyses na vore kom, geredelik as uitdrukking van die “veragtelike” begryp. Dit is onder andere in mense se vrees vir insekte, reptiele, en vir ongerepte wildernis (behalwe natuurlik in geromantiseerde gewaad, byvoorbeeld in rolprente soos *The blue lagoon*, of die soort prentjies van ongerepte woudtonele wat op verjaardagkaartjies aangetref word), asook in die heersende kapitalistiese ekonomie se geringskatting van (en onverskilligheid jeens) die natuur waarneembaar.

'n Ander plek waar die eienaardige antipatie teenoor die natuur tot uitdrukking kom – met belangrike konsekwensies vir die sentrale tema van hierdie artikel, naamlik die verhouding Eros-lewe – is in die kulturele praktyk wat as filosofie bekend staan; of, beter gestel: in die dubbele agterdog wat daar uit die staanspoor jeens filosofie en seks geheers het. Sokrates se teregstelling in antieke Athene was geen frats nie, en die blinde kol wat die filosofie deurgaans vir seks gehad het, ewe min. In haar boek *Blind date: Sex and philosophy* (2007), vestig Dufourmantelle die aandag op die eienaardige verskynsel van die sistematiese wyse waarop seks (onafskeidbaar deel van Eros) in die geskiedenis van die filosofie oor die hoof gesien is, oftewel misken is.¹⁰ Met ander woorde, Dufourmantelle se boek handel oor die filosofiese manifestasie van Thanatos as aggressie in die filosofiese antagonisme teenoor Eros, wat uiters ironies is indien 'n mens onthou dat sowel filosofie as seks enersyds menslik-noodsaaklike aktiwiteite en andersyds samelewingsdestabiliserende praktyke is.

Dufourmantelle beskou beide filosofie en seks as passies, oftewel uitdrukking van begeerte. Die etimologie van die woord *filosofie* (ironies, “liefde vir wysheid”) bevestig hierdie gemeenskaplike interesse wat dit met seks as begeerte vir die “ander as liggaam” deel – in die geval van filosofie is die “ander” juis dit wat per definisie nie deur die “minnaar” of filosoof besit word nie, naamlik kennis of wysheid. Daarby is dit treffend, volgens haar, dat sowel filosofie as seks sosiaal ondermynende (“socially subversive”) praktyke is. Vandaar die feitlik universele

wantroue, selfs haat, teenoor filosofie en seks – geeneen van hulle onderwerp sigself geredelik aan die “heersende” norme en konvensies van die samelewing nie. Die ironie is natuurlik dat die filosofie *self* tradisioneel blind was vir die implisiete bondgenootskap wat dit met seks deel.

Dufourmantelle gee haar lesers ’n onmiskenbare leidraad oor die gronde van hierdie antipatie jeens seks en filosofie waar sy sê (2007:11-2; vertaling - BO):

Seks en filosofie is die mensdom se twee groot passies; en miskien is hulle juis om hierdie rede geheim gehou, *sostenuto*, in aanklank met die mindere vorme van pyn, passie, en intimiteit. Ons vrees alles wat die erkenning van ons afhanklikheid bevestig, met ander woorde, ons is bang vir seks, liefde, en denke – wat waarskynlik op dieselfde ding neerkom. Ons sou daarvan hou om onself as vry te beskou, as meesters van onself, ten minste tot ’n sekere mate. Dog seks en filosofie is streng en noodlottige eksperimente in chemie [...] reeds vir ’n geruime tyd het seks sigself haat op die hals gehaal. Ons weet dit; ons sien daagliks die uitwerking van die verskynsel: verkragting en die liederlikheid van handel in liggame via steeds meer onbegrypbare netwerke is slegs onder die nuutste beliggamings hiervan. Seks deel hierdie geveg met filosofie, ’n voorwerp van haat by uitstek, waarvan die dood van Sokrates getuig. En ons moet nog die bedreiging wat hulle vir die menslike gemeenskap inhou, konseptualiseer, bedreiging wat seks en filosofie die voorwerpe maak van soveel reëls en taboes, soveel geweld. Haat van denke en haat van die begerende liggaam het vele lande, vele bannelinge en vele vertakkinge gemeen.

Net soos wat Nietzsche (1984a:252; Olivier 2007b:79) die menslike haat of ressentiment teen die onherroeplikheid van die tyd as die “gees van wraak” bestempel het – dit wil sê die tipies-menslike opstand, hoe futiel dit ook mag wees, teen die onmag om die finaliteit van die verganklikheid te oorkom – wys Dufourmantelle op die versteekte bron van menslike haat en vrees (die twee is nou verwant) vir seks en filosofie, wat albei passievolle manifestasies is van menslike eindigheid, relatiewe onmag (mag-loosheid) en voorlopigheid van wat tot stand gebring word in die aangesig van dit wat ons oorskry.

Daar mag wel met ’n mate van verwarring gevra word hoe dit die geval kan wees dat die filosofie uitdrukking kan wees van menslike eindigheid en onmag: is dit dan nie die *rasionele* dissipline par excellence, wat die krag of mag van die rede ten toon stel nie?

Enigeen wat meen dat filosofie die onaanvegbare bastion van die rede is, en dat die bestaansreg daarvan hierin geleë is, vergeet egter dat die primêre beweegrede van filosofering, soos Aristoteles tereg opgemerk het, in *verwondering* bestaan (Dufourmantelle 2007:1). En verwondering is geen manifestasie van mag nie, maar ’n nederige bevestiging dat die ander in die gewaad van (dinge in) die wêreld die mens transendeer, en dat dit ons taak is om daardie oorskryding, saam met die aard van dit wat ons te bowe gaan, asook onself, te begryp.¹¹ Daarvoor beskik ons weliswaar oor al die funksies van die rede, insluitend die logiese, die verstandelik-konstitutiewe, intuïtiewe en die verbeelding (Olivier 2002:15-21), maar geeneen hiervan is onfeilbaar nie. Soos die geskiedenis van die filosofie, asook van die wetenskap, demonstreer, is alle menslike kennis hersienbaar (Kuhn 1970).

Dufourmantelle bring ’n mens dus tot die skokkende besef dat hierdie dissipline – die filosofie – wat tegelyk die oudste van die dissiplines *en* die mees radikale

bevraagtekening van alle aspekte van die werklikheid is, nie alleen sigself stelselmatig onttrek het van refleksie oor Eros as seks (waarsonder die lewe self onmoontlik sou wees) nie, maar sodoende inderwaarheid oogluikend die tradisioneel vyandige sosiale houding teenoor seks (sowel as sigself) bevorder het. Dit kom daarop neer dat filosofie op hierdie wyse Eros steeds benadeel het, en al die ander Eros-ondermynende aktiwiteite wat hier bo bespreek is, in die besonder kapitalistiese bedrywighede wat natuurlike ekosisteme verwoes, stilswyend in die hand gewerk het – en dit in weerwil van die feit dat filosofie en seks eintlik bondgenote behoort te wees in die lig van die subversiewe rol wat albei in die samelewing speel (Dufourmantelle 2007:11-2). Daar is dus 'n diepgewortelde dubbelsinnigheid in die filosofie: enersyds is dit, as kritiese, onbevange denke, aan geen politieke of ekonomiese meester gehoorsaam nie, en haal dit sigself maklik die samelewing (politici en andere) se toorn op die hals, net soos wat seks maklik die samelewingsorde omver gooi (dink maar aan die narratiewe van Helena van Troje, Abelardus en Heloïse, Romeo en Juliet, en Thomas Hardy se Jude the Obscure as manifestasies hiervan, sommige fiktief of mities, ander histories). Andersyds verstar filosofie egter ewe maklik tot wat Schopenhauer minagtend “brooddenke” genoem het –pseudodenke wat die status quo dien. Die bejammerenswaardige feit van die saak is dat die filosofie in beide hierdie vorme histories antagonisties gestaan het teenoor seks, en dus teenoor die belange van Eros.

Die ekologiese krisis

Om terug te keer tot die hooftema van hierdie artikel: bostaande bevestig uit verskillende invalshoeke die argument dat ons in 'n tyd leef waar 'n mens nie meer as vanselfsprekend kan aanvaar dat Eros as “genitale liefde” (Freud) tussen menslike individue voldoende is om die voortbestaan van lewe op die aarde te waarborg nie. Dit is tans gebiedend noodsaaklik dat wat Freud beskou het as “universele liefde”, oftewel “liefde vir alle lewende wesens” – wat niks minder as 'n uitgebreide vorm van Eros is nie, vir sover dit die lewe self as fundamentele waarde bevestig – opnuut ontdek en tot globale aksiologiese herlewing gebring word. Indien dit nie gebeur nie, is dit glad nie onmoontlik nie dat die “dood van geboorte” (Bakan) uiteindelik die oorhand mag kry oor die reproduksie van bestaande plant- en dierespesies, insluitend die mens. En indien hierdie bewering verregaande of oordrewe mag voorkom, kan kennis geneem word van die volgende opmerking van Kovel met betrekking tot die ekologiese krisis (2007:23; vertaling - BO):

Gesien van die kant van die natuur, manifesteer die krisis sigself as die onvermoë om sigself te genees, of soos ons kan sê, om die ekosistemiese ineenstorting wat deur haar mensekind teweeggebring is, te buffer. In meer formele terme kan beweer word dat die huidige stadium van die geskiedenis *deur kragte gestruktureer word wat die buffer-kapasiteit van die natuur degradeer en uiteindelik oorskry wat menslike produksie betref, om sodoende 'n onvoorspelbare, dog wisselwerkende en uitbreidende reeks van ekosistemiese ineenstortings op tou te sit*. Die ekologiese krisis is wat met hierdie fase bedoel word.

Hierdie proses word op skokkende wyse grafies saamgevat in die frase wat Anderson (kyk hier bo; Bakan 2004:71-2) die medepligtigheid van sy korporasie aan natuurvernietiging laat insien het, naamlik “die dood van geboorte”, 'n uitdrukking wat Anderson in ekologiese literatuur aangetref het. Hierdie frase dui op die moontlikheid dat die prinsipiële gelykoorspronklikheid van lewe en dood

(sodra daar lewe is, is daar die onontwykbaarheid van dood), asook die handhawing van die spanning tussen hierdie verskynsels (so duidelik deur Freud ingesien) tans onder die valbyl verkeer. Maar dit verg geen genie om in te sien dat “geboorte” onmiddellik vir Eros by die saak betrek nie. Immers: of dit nou erotiese liefde tussen mense is, of die soort Eros wat noodsaaklik is vir die reproduksie van ander spesies, is dit vanselfsprekend dat dit ’n onmisbare voorwaarde vir “geboorte” is, met ander woorde vir die periodieke verskyning van nuwe individuele verteenwoordigers van ’n lewende spesie. So gesien, kom die ekologiese krisis dus op die stelselmatige vernietiging van die verbintenis tussen Eros en lewe neer, en laat dit ook nie die menslike samelewing onaangeraak nie (Kovel 2007:16; vertaling - BO):

Gesien van die ander kant, dié van die mensdom, sien ons dieselfde prosesse, soos deur die menslike, sosiale wêreld gerefrakteer. In die groot plan (of skema) van gebeure is mense onbenullig, en die natuur sal voortrol soos die “groot doodskleed van die see”, nadat ons soos die matrose van die *Pequod* [in *Moby Dick*] verdwyn het. Maar die menslike spesie het hierdie krisis deur die dwaasheid daarvan veroorsaak, en ons oorlewing is in die oplossing daarvan op die spel, saam met dié van ontelbare onskuldige wesens. Wat objektief is van die kant van die natuur, is in menslike terme verhaale wat saamgestel word terwyl ons lompweg op ons verhoog rondval.

Slot

Om mee af te sluit: dit is waarskynlik futiel om op filosofiese vlak hierdie toedrag van sake met enige hoop op verbetering van die situasie aan te spreek, aangesien Foucault (1972) gelyk het wanneer hy sê dat menslike leefwyses diskursief gestruktureer is en nie oornag sou verander in die lig van nuwe “inligting” of argumente oor bepaalde sake nie – ook nie van die huidige argument oor die verbintenis tussen Eros en lewe nie. Met ander woorde, hy bevestig die prioriteit van “diskoers” in die sin van “betekenis in die diens van mag” wat deur taal funksioneer. Anders gestel kan ’n mens sê dat diskoers taal is vir sover mag en betekenis daarin saamkom – in hierdie sin is geen taalgebruik, hetsy verbaal of skriftelik, onskuldig nie, en moet bestaande magsverhoudinge as funksie van diskoers verstaan word.

Indien ’n mens dus met Foucault (en ook Lacan – kyk Olivier 2009b) saamstem dat taal in die gewaad van diskoers onskeibaar vervleg is met lewenswyses, insluitend eties-relevante handeling, volg dit dat ’n mens vanuit hierdie hoek na die huidige konvensionele globale situasie met betrekking tot die ekologiese krisis kan kyk, wat ongetwyfeld op ’n diskursiewe ontkenning van die erns van die situasie neerkom (Lovelock 2010:46-7; kyk ook Olivier 2009c). In Foucaultiaanse terme gestel kom die konvensionele situasie daarop neer dat die dominante diskoerse van vandag (in terme van sowel taal as handeling) weinig ontvanklikheid openbaar vir wat in hierdie artikel geargumenteer word. Dit beteken egter dat dit des te meer noodsaaklik is om die publiek by soveel geleenthede as moontlik, en so kragtig as moontlik, aan hierdie soort diskoers – wat die verband tussen Eros, lewe en die huidige bevoorregte ekonomiese praktyk van neoliberale kapitalisme bevraagteken – bloot te stel. Daarsonder kan ’n nuwe diskursiewe praktyk nie in die lewe geroep word nie (kyk Olivier 2010).

'n Mens moet dus iéwers begin in jou poging om die bedreiging van die Eros/lewe-nexus diskursief onder soveel mense as moontlik se aandag te bring, en hiervoor is die internet as elektroniese openbare ruimte uiters geskik. Wat ek dus in hierdie artikel probeer doen, is om 'n bepaalde diskursiewe praktyk, wat reeds 'n beskeie reikwydte het, uit te brei in die hoop dat dit deur ander se toe-eiening verder sal groei. Geen middel wat moontlik daarmee mag meehelp, moet onaangeraak bly nie.

Bibliografie

Bakan, J. 2004. *The corporation – The pathological pursuit of profit and power*. Londen: Constable.

Coelho, P. (s.d.). The three forms of love: Eros, Philos, Agape.
<http://www.translatorscafe.com/cafe/MegaBBS/thread-view.asp?threadid=4330>. (7 Maart 2010 geraadpleeg)

Diamond, J. 2005. *Collapse – How societies choose to fail or succeed*. New York: Penguin Books.

Dufourmantelle, A. 2007. *Blind date: Sex and philosophy*. Chicago: University of Illinois Press. (Vert. C. Porter, 2007.)

Foucault, M. 1972. *The archaeology of knowledge and The discourse on language*. New York: Pantheon Books. (Vert. A.M. Sheridan Smith en R. Swyer, 1972/1971.)

—. 1961. *Civilization and its discontents*. New York: W.W. Norton. (Vert. J. Strachey, 1961.)

Freud, S. 1968. *The standard edition of the complete works of Sigmund Freud, Vol. XVIII*. Londen: The Hogarth Press. (Vert. J. Strachey, 1955.)

—. 1968a. Beyond the pleasure principle. In Freud 1968.

—. 1968b. The libido theory. In Freud 1968.

—. 1968c. Group psychology and the analysis of the ego. In Freud 1968.

Jacklin, H. en P. Vale (reds.). 2009. *Re-imagining the social in South Africa. Critique, theory, and post-apartheid society*. Durban: University of Kwazulu-Natal Press.

Kovel, J. 2007. *The enemy of nature: The end of capitalism or the end of the world?* New York: Zed Books.

Kristeva, J. 1997 (red. K. Oliver). *The portable Kristeva*. New York: Columbia University Press.

Kuhn, T.S. 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University of Chicago Press. (Tweede uitgawe.)

Lewis, C.S. 1960. *The four loves*. Londen: Harvest books.

Lovelock, J. 2010. *The vanishing face of Gaia – A final warning*. Londen: Penguin.

National Geographic. 2004. Global warning – Bulletins from a warmer world. 2004. *National Geographic*, September.

Nietzsche, F. 1984. *The portable Nietzsche*. New York: Penguin Books. (Vert. W. Kaufmann, 1954.)

—. 1984a. *Thus spoke Zarathustra*. In Nietzsche 1984.

Olivier, B. 2002. Reason and/or Imagination? Peter Weir's "Dead Poets Society". *Film and Philosophy*, 5/6:14–24.

—. 2004. Lacan's subject: The imaginary, language, the real and philosophy. *South African Journal of Philosophy*, 23(1):1–19.

—. 2005. Nature, capitalism, and the future of humankind. *South African Journal of Philosophy*, 24(2):121–35.

—. 2007a. Nature as "abject", critical psychology, and "revolt": The pertinence of Kristeva. *South African Journal of Psychology*, 37(3):443–69.

—. 2007b. Nietzsche, immortality, singularity and eternal recurrence. *South African Journal of Philosophy*, 26(1):70–84.

—. The humanities, technology, and universities. *Phronimon*, 9(1):5–21.

—. 2009a. The subversion of Plato's quasi-phenomenology and mytho-poetics in the *Symposium*. *Janus Head*, 11(1):59–76.

—. 2009b. Lacan en kapitalisme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(2):219–34.

—. 2009bc. The critical and emancipatory role of the humanities in the age of Empire. In Jacklin en Vale (reds.) 2009.

—. 2010. Foucault and individual autonomy. *South African Journal of Psychology*. (Aanvaar vir publikasie.)

Pirsig, R. 1992. *Lila. An inquiry into morals*. Londen: Corgi Books.

Plato. 1965. *The symposium*. Middlesex: Penguin Books. (Vert. W. Hamilton, 1965.)

Schopenhauer, A. 1969. *The world as will and representation*, Vol. I. New York: Dover Publications. (Vert. E.F.J. Payne, 1958.)

Shlain, L. 2003. *Sex, time and power. How women's sexuality shaped human evolution*. New York: Viking Penguin.

Zeller, E. 1955. *Outlines of the history of Greek philosophy*. New York: Meridian Books. (Vert. L. Palmer, 1931.)

Eindnotas

¹ Reeds in 2004 het 'n bekende tydskrif, *National Geographic*, op die voorblad van 'n uitgawe die inhoudsbeskrywing gebruik van: "Global Warning: Bulletins from a Warmer World". Die gebruik van die woord *warning* in plaas van *warming* is veelseggend. Die literatuur oor klimaatsverandering is teen hierdie tyd so uitgebreid dat 'n oorsig haas onmoontlik is. Daar sal in die loop van die argument na sodanige werke verwys word. Kyk ook Olivier (2005 en 2007a).

² Dit is redelik bekend onder akademici dat die woord *Eros* een van vier woorde vir *liefde* in antieke Grieks is, en dat dit, breed gesproke, na erotiese liefde tussen twee mense verwys. Die ander drie is *storge* ("gevoel", of "affection" in Engels), *philia* ("vriendskap", "broederlike liefde") en *agape* ("goddelike liefde", wat nie net liefde vir God of die gode beteken nie, maar ook liefde vir dit wat "goddelik" of "onsterflik" is in mense). Kyk in hierdie verband Lewis (1960) vir 'n uitgebreide interpretasie van hierdie vier begrippe. Kyk ook "The three forms of love: Eros, Philos, Agape", vir 'n treffende narratiewe interpretasie hiervan deur Coelho (s.d.) (<http://www.translatorscafe.com/cafe/MegaBBS/thread-view.asp?threadid=4330>)

³ Reeds in Plato se *Symposium* (1965) gee een van die karakters, Aristofanes, 'n mities-narratiewe verklaring van die oorsprong van Eros in die bekende verhaal van die tweekoppige, vierbenige en vier-arm-wesens wat, wanneer hulle op hubristiese wyse die goddelike bergvesting Olimpos probeer inneem, almal deur Zeus in twee geklied word sodat elke helfte soos hedendaagse mense lyk en sedertdien na hul "ander helfte" soek in 'n poging om weer één te word. Dit is opmerkenswaardig dat, soos uit die ander karakters (onder andere Sokrates) se bydraes tot die simposium blyk, ook Plato 'n breër, "spanningsvolle" opvatting van *Eros* gehad het as wat tans eng onder *erotiese liefde* verstaan word. Freud bespreek die relevansie van Plato se Eros-begrip in *Beyond the pleasure principle* (1968a:57–8), waar hy ook in 'n voetnoot daarop wys dat die vroegste weergawe hiervan in die oudste van die Oosterse Oepanisjads gevind word. Kyk ook Olivier (2009a) in verband met Plato se *Symposium*.

⁴ Al is dit weliswaar die geval dat hy wat hierdie insig betref voorafgegaan is deur wetenskaplikes soos Hering en denkers soos Schopenhauer, aan wie hy die nodige erkenning gee (Freud 1968a:49–50), is Freud se diepgaande ondersoek na die verhouding tussen die twee drifte of instinkte feitlik ongeëwenaar (kyk Freud 1968a:60–61, voetnoot 1, waar hy 'n bondige opsomming hiervan gee), en moet onder andere Lacan en Kristeva se verdere teoretisering hiervan teen die agtergrond van Freud gesien word.

⁵ Kyk Freud (1968b) vir 'n bondige uiteensetting van wat *doel-geïnhibeerde seksuele neigings* beteken, hoewel ek meen dat dit nie tot mense beperk behoort te word nie, maar uitgebrei behoort te word tot alle lewende wesens, en selfs die anorganiese natuur. Freud (1961:54) self gee iets soortgelyks te kenne waar hy van "universele liefde" praat.

⁶ Dit is immers die mens – hierdie oënskynlik onwaarskynlike kandidaat vir planetêre heerskappy (Shlain 2003:11–2) – *wat die enigste aardse wese is wat in staat is om die lot van die aarde deurslaggewend te beïnvloed*.

⁷ Kyk in hierdie verband nie alleen die werk van Kovel (2007) nie, maar ook Diamond (2005) en Olivier (2005 en 2007), waar die redes vir hierdie toedrag van sake meer breedvoerig bespreek word.

⁸ Kyk Olivier (2005, 2007a en 2008) vir 'n uitgebreide ondersoek van hierdie toedrag van sake.

⁹ Kyk in hierdie verband Olivier (2007a) vir 'n uitgebreide ondersoek na hierdie verkynsel, in verband met die hipotese dat die konstituering van die natuur (in terme van Kristeva se kategorie van “the abject”) as “veragtelik” aan die huidige ekologiese krisis ten grondslag lê.

¹⁰ Hierdie diepgewortelde tradisioneel-filosofiese blinde kol vir seks as uitdrukking van wat moontlik 'n wil-tot-lewe (Schopenhauer) genoem kan word, kan verstaan word in die lig van die spanning wat volgens Schopenhauer (1969:3, 99–100, 112) tussen die rede (wat die wêreld as “voorstelling” poneer) en die wil (as irrasionele grond van alle syndes) bestaan. Dit kom vir my voor asof dit nie toevallig is nie dat seks volgens Schopenhauer die kragtigste manifestasie van die blinde wêreldwil is – die rede is immers tradisioneel opgehemel as die bron van waarheid en werklikheid, in ontkenning van die prioriteit wat die wil in vergelyking daarmee geniet. Dit volg hieruit dat die filosofie, as beliggaming van die rede, seks noodwendig moet “ontken”, of dan ten minste moet ignoreer.

¹¹ Die konvensionele, geïnstitusionaliseerde beeld van filosofie gee maklik aanleiding tot die wanopvatting dat filosofie 'n bron van onfeilbare insig en rasonale sekuriteit is. Waar Pirsig in sy roman *Lila* (1992:376-7) 'n onderskeid tussen filosofie en “philosophology” tref, kom hierdie wanopvatting duidelik na vore. Volgens Pirsig is filosofie sinoniem met eie, onafhanklike (poging tot) kreatiewe denke (al is dit dan die eie poging om te her-dink wat vroeëre denkers reeds gedink of gekonseptualiseer het), wat fundamenteel van “filosofologie” verskil. Laasgenoemde bestaan volgens hom in die blote “onderrig” van filosofie aan studente, met die oog op die evaluering, in terme van “korrektheid”, van hul gememoriseerde reproduksie van die “inhoude” van handboeke. Nodeloos om te beklemtoon, is “filosofologie” soos hier beskryf inderdaad geensins filosofie of filosofering nie (al meen ek dat studente wel langs hierdie weg 'n belangstelling in filosofering kan ontwikkel). 'n Mens sou egter maklik die fout kon maak om die aandrag op “korrektheid” van reproduksie vir 'n soort bevestiging van filosofiese strengheid en rasionaliteit aan te sien, terwyl hierdie soort kwasididaktiese praktyk volgens Pirsig eintlik bloot 'n vorm van parasitisme is wat voorgee dat dit identies is met die “gasheer”-dissipline.

Selfkennis, verstandigheid en inkarnasie: 'n interpretasie van Martin Versfeld se *Oor gode en afgode*

Ernst Wolff
Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

In hierdie artikel word 'n interpretasie van Martin Versfeld se vroeë boek, *Oor gode en afgode* (1948), aangebied. Die doel van die artikel is om die belangrikste deurlopende argumente van die vyf afsonderlike opstelle van die boek te rekonstrueer en hulle onderlinge verband aan te toon. Die praktyk- en politiek-filosofiese goue draad word uitgelig en saam met die sentrale begrip van die “praktiese rede” (verstandigheid of *prudentia*) uiteengesit. Daar word aangetoon hoe die begrip van “inkarnasie” verstandigheid onderbou en hoe die hele kompleks deur die vorming van “selfkennis” bydra tot die oriëntasie van die mens in die wêreld. Hierdie oriëntasie staan vir die jong Versfeld in die spanning tussen die verval van die Westerse beskawing en die dringendheid om met 'n radikale etiek daarop te antwoord. Die inhoud van *Oor gode en afgode* word verder geïnterpreteer (1) deur dit binne die groter ontwikkeling van Versfeld se werk te plaas, (2) deur dit vanuit die (meestal) ongepubliseerde materiaal in die Versfeld-argief te belig, en (3) deur enkele aspekte van die bestaande interpretasie- en resepsiegeskiedenis te kommentaar. Ofskoon die hoofdoelstelling van die opstel die verheldering van die inhoud is, word daar afgesluit met 'n suggestie van die lyne waarlangs kritiese verderondervraging van die boek onderneem sou kon word.

Abstract

Self-knowledge, prudence and incarnation: an interpretation of Martin Versfeld's *Oor gode en afgode*

*In this article an interpretation of Martin Versfeld's early book, *Oor gode en afgode* (“On gods and idols”) (1948) is presented. The aim of the article is to reconstruct the most important constant arguments of the five separate essays of the book and to explain the relations between them. The golden thread of philosophy of practice and political philosophy is highlighted and exposed together with the central notion of the “practical reason” (prudence, or *prudentia*). It is explained how the notion of “incarnation” subtends prudence and how the entire complex through the formation of “self-knowledge” contributes to the orientation of a person in the world. For the young Versfeld this orientation stands in tension between the decay of Western civilisation and the urgency to respond to it with a radical ethic. The content of *Oor gode en afgode* is further interpreted (1) by situating it within the broader development of Versfeld's work,*

(2) by clarifying it with the (mostly) unpublished material from the Versfeld archive, and (3) by commenting on some aspects of the existing history of the interpretation and reception of the book. Although the main aim of the article is to clarify the content, in conclusion a number of lines for critical further questioning of the book are suggested.

1. Inleiding: selfkennis in 'n tyd van politieke raserny

Oor gode en afgode is 'n boek van dramatiese intensiteit. Die hele teks staan in die spanning tussen die verval van 'n sekere vorm van kulturele en politieke leefwyse en die noodsaak om 'n dringende besluit oor 'n nuwe lewensoriëntasie te neem:

Die dringendheid van ons tye en die alomvattendheid waarmee elkeen deur die gebeurtenisse van ons tyd aangetas word, dwing ons tot 'n persoonlike keuse. Watter is die waardevolste gedrag: om te vernietig of om vernietig te wees? Om jou buurman eers as 'n mens te beskou of as 'n vyand? Om jou verstand en menslikheid in die belang van oorwinning te onderdruk of nie? Jy kan die keuse nie vermy nie. (Versfeld 1948:99–100; soortgelyk 71, 103)

Die sprake van vernietiging, van bure en vyande, van menslikheid wat op die spel geplaas word, moet onmiddellik aangehoor word met die morbiede resonansie wat die politieke katastrofes van die twintigste eeu daaraan gee. As die outeur hierdie gebeure aanbied as 'n oproep tot intense herbesinning oor die lewe en tot 'n besliste keuse om 'n ander lewenskoers in te slaan, is dit omdat hy self reeds hierdie keuse gemaak het.

Dit is bekend dat Versfeld, wat in sy studentejare reeds sy simpatie vir die kerk verloor het, tydens sy doktorsale studies in Glasgow (tot 1934) en deur sy eerste jare as dosent in filosofie aan die Universiteit van Kaapstad (vanaf 1935) weer toenemend belang gevind het in die Christelike geloof. By die leser van *Oor gode en afgode* sal daar geen onduidelikheid gelaat word nie dat die geskikte keuse, onder die uitsonderlike historiese gebeure waardeur die mensdom van die twintigste eeu gestuur is, volgens Versfeld 'n keuse vir die Christelike geloof en spesifiek die Katolieke variasie daarvan is. Dit behoort egter vir die leser ewe duidelik te wees dat Versfeld se passievolle betoë van kultuur- en politieke kritiek niks met simplistiese sedelessies te make wil hê nie; hy knoop die stryd met sy tyd op 'n veel meer radikale vlak aan. In 'n brief aan ene ds. Conradie, tien jaar voor *Oor gode en afgode*, skryf Versfeld:

Dis skrikwekkend dat daar in die sinode veel gesels word oor gemengde baaiery, oor meisies wat rook, oor die deugde en ondeugde van die bioskoop, en ander min of meer onbelangrike sake; maar niks word gesê oor die fundamentele filosofiese begrippe wat veronderstel word deur die ontwikkeling van ons beskawing. Die ware gevare wat die Kerk bedreig word glad nie raak gesien nie. Daar is 'n pynlike armoede aan teologiese bekwaamheid.¹

Hierdie vurige verklaring help ons nie net om onmiddellik 'n paar van die “gewone verdagtes” vir die afgode uit die boek se titel te elimineer nie, maar gee ons 'n goeie aanduiding van wat die register is wat Versfeld in sy boek probeer vind. Die

hardnekkigste probleme moet op die mees fundamentele vlak aangespreek word – dit is die vlak wat in sy brief “die fundamentele filosofiese begrippe wat veronderstel word deur die ontwikkeling van ons beskawing” genoem word. Hierdie begripsgerigte – of filosofiese – aanpak is belangrik, omdat daar ’n misplaaste vertroue in ’n eng segment van rasionaliteit heers en ’n integrale deel van die krisis vorm. In ’n radio-voordrag van 18 Maart 1945 onder die titel “Oorlog teen bygeloof” verduidelik Versfeld:

Verblind deur die oortuiging dat ons “wetenskaplikgesind” is, is ons beskerm teen die agterdog dat daar miskien iets is wat tot in die grond toe verkeerd is met ons Westerse lewenswyse. Maar die euwels wat gelei het tot die twee wêreld-oorloë, en die gruweldade wat gedurende die oorloë gepleeg is, kan nie beskou word as die tydelike ongesteldheid van ’n gesonde liggaam nie. Wat egter, is die verbrand van hekse teenoor die verstikking van Jode deur gifgas, of die *auto-da-fé* teenoor die likwidasië van politieke teenstanders? Die Sokratiese beroep: ken julle self, word weer as geldig aanvaar, en ons stel onself die vraag of ons nie miskien meer onderhewig is aan wanbegrippe en bygelowe as ons vaders nie. Is hierdie tyd van ontwikkeling nie miskien ’n tyd van geestelike duisternis nie? En is die oorlog teen bygeloof nie ’n oorlog teen baie van ons mees geliefkoosde oortuigings nie!²

Sokrates se oproep: “Ken jouself!” is die dringende appèl wat Versfeld verneem vanuit die deurmekaar tye waarin hy skryf. En om jouself te ken, moet jy jou era ken; jy moet die oorgelewerde oortuigings wat jy mag huldig, ken; jy moet die denkmiddel waarmee jy die Sokratiese oproep tot verbeterde selfinsig wil opneem, ken; jy moet die rede vir jou persoonlike beslissings ken.

Maar wat het hierdie dringende oproep te make met “gode en afgode”?

2. “Gode” en “afgode”

Dit behoort die leser op te val dat ons in *Oor gode en afgode* te make het met ’n versameling van vyf opstelle wat oorspronklik nie deur ’n inleiding voorafgegaan is nie. Nêrens gee die outeur vir ons ’n duidelike idee van wat die deurlopende tema of doelstelling is nie; hy val eerder met die deur in die huis en begin werskaf. Al waarmee die leser na die vyf opstelle gestuur word, is die verwarrende titel.³ Ek noem dit verwarrend, omdat die meervoud *gode* gewoonlik as min of meer sinoniem met *afgode* gesien word. Wat sou ons van ’n boek verwag wat die titel dra: “Oor honde en brakke”? Wat beteken die *en* in *Oor gode en afgode*? Verder sal dit die leser opval dat die skrywer tot op die laaste uitstel om ’n idee te gee van wat hy onder *afgode* verstaan. En as dit so belangrik is om oor afgode te praat dat die titel twee maal na hulle moet verwys, dan moet dit as vreemd opval dat die eerste keer wat daar in die boek enigsins van ’n goddelikheid sprake is, dit verwys na ’n besliste hoofletter-God wat net in die enkelvoud kan bestaan (Versfeld 1948:3). (Voortaan word slegs die betrokke bladsynommer tussen hakies verskaf wanneer na hierdie bron verwys word.) Om dinge te vererger, veral vir diegene van ons tydgenote vir wie dit moeilik geword het om tot by hierdie een te tel, sal die outeur nog in die eerste hoofstuk herinner dat “[w]anneer jy die Drieëenheid begin te tel, sê Augustinus, neem jy afskeid van die waarheid [...]”. Dit is in ’n sekere sin nie bedoel om redelik te wees nie” (31). Dat dit tel of ’n redelike mens wel die groot drieletter-woord sal uiter,

daaroor sal ons later weer praat, maar ons kan nie sonder meer aanneem dat simpatie vir die jag op afgode gewen gaan word nie.

Dit blyk egter anders te wees met gode en afgode: nie net kan Versfeld hulle tél nie – 'n mens kry deur sy boek 'n hele lys van hulle – maar hulle is ook vir gewone rasonale ondersoek vatbaar. So belangrik is hierdie gode en afgode en die korrekte boekstaving van hulle wel en wee dat Versfeld in die titel sê dat dit oor hulle is wat sy boek gaan.

Maar waarom sou Versfeld dan sy boek *Oor gode en afgode* noem as daar iets heel anders op die spel is, naamlik die dringendheid van 'n keuse vir 'n geskikte lewenshouding? Miskien is dit omdat dit in die konfrontasie met die afgode is waar 'n mens die maklikste onder die indruk van die dringendheid van hierdie beslissing kom. Hierdie vermoede wen in geloofwaardigheid wanneer ons in gedagte hou dat Versfeld se afgode nie “gemengde baaier” of “meisies wat rook” of “die deugde en ondeugde van die bioskoop” of “ander min of meer onbelangrike sake” van 'n puriteins-verkrampde kultuurkonserwatisme is nie, maar die verheerliking van eie oorverfynde emosies in die politiek (54)⁴, sekere state (59) en die militêre nasiestaat in die besonder (162), sekere gemeenskapsbeskouings (78), wil en liefde vir dinge buite proporsie tot hulle verdienste (152 e.v.), en kapitalisme en geldversameling deur uitbuiting van ander mense (159). Dit behoort op te val dat al Versfeld se afgode óf politieke vergrype is, óf in diens staan van sosiale vergrype. Deur sy boek *Oor gode en afgode* te noem, gaan Versfeld akkoord met Van Ockham: “[A]lleen die eerste gebod [is] absoluut. Al die ander is geleentheidsreëls” (55). Alle ander etiese beginsels word verdwerg of gereduseer tot geleentheidsreëls deur die gebod: “Jy mag naas My geen van hierdie sosiopolitieke gode dien nie!”

3. “Afgode” en die kritiek op politieke vergrype

Hoewel Versfeld met inspirasie van Augustinus en Toynbee *gode en afgode*, saam met *heiligheid* en *sonde* as “fundamentele begrippe van die geskiedenis” (150)⁵ beskou, is dit duidelik dat hy in die gebruik daarvan spesifieke historiese verskynsels (eerder as vae, moraliserende spekulasie) in gedagte het. Met verwysing na die era in die wêreldgeskiedenis waartydens hierdie boek voorberei is (gedurende ongeveer die tien jaar voor 1948), verdof die aanvanklike indruk van *afgode* as 'n vaal, werklikheidsvreemde dweep-termpie en plaas dit ons te midde van die dramatiese gebeure op die internasionale en nasionale toneel wat 'n radikale besluit oor 'n mens se lewenshouding vereis.

Drie aspekte van hierdie histories-politieke konteks van “die huidige politieke raserny” (64) verdien om uitgelig te word, aangesien die skerpheid van Versfeld se kritiese insig hierin goed uitgewys kan word.

1. Die keerkant van Versfeld se uitgesproke pasifisme tydens die Tweede Wêreldoorlog is die tema *oorlog* wat regdeur *Oor gode en afgode* voorkom. Oor die omvattende en ingrypende aard van oorlog het hy geen illusies gehad nie:

Oorlog kan vandag op “suksesvolle” wyse gevoer word alleen deur 'n totalitaristiese geestestoestand aan te moedig. Die beteken die opheffing van demokratiese instellings, die sensuur van nuus, die opskorting van rasonale objektiwiteit, vrye bespreking en gewetensbesware, die konskripsie van lewens en eiendomme, die toename in geweld en bedrog;

kortom die bloeityd van juis daardie houdings wat die vernietigendste werk in 'n beskawing. Gevolglik is oorlog ter wille van die beskawing 'n weerspreking. Alle oorlog is onbeskawend. Dierlikheid kan net omvergegooi word deur te handel op 'n wyse wat in die rigting van 'n ander wêreld wys. (102)

Daarom is oorlog meer as die gewapende konflik *tussen* lande – die Wêreldoorlog was 'n oorlog *binne* verskillende lande tussen 'n klein, swak morele minderheid en die mag van state wat die gewete en die plek van God vervang het (100). Maar oorlog is eintlik net die ontploffing van kragte wat onder normale omstandighede in die moderne nasiestaat kook. Die direkte verhouding tussen die “nasionale, gesentraliseerde, alvermoënde staat” en “die atomiese, selfstandige, enkeling” het tot gevolg “'n tendens om die enkeling op te slurp in die liggaam van die staat, en die ontstaan van daardie snaakse moderne ongedierte, die ingekommandeerde geresjimenteerde massa-mens wat meedoen in die strydkreet van vryheid en self-uitdrukking.”⁶ Vandaar dus die dringendheid van die beslissing vir 'n lewenshouding wat hierdie voortsetting van oorlog met ander middele kan teenstaan met niegewelddadige middele.

2. Die noodsaak tot 'n dringende beslissing staan voorop in 'n ewe sentrale tema in *Oor gode en afgode*, naamlik Versfeld se besorgdheid oor *uitbuiting*. Sy uitgangspunt is dat uitbuiting die gevolg is daarvan dat die akkumulasie van rykdom die hoogste goed van 'n samelewing gemaak word (73) en dat hierdie politieke feit die omvang van 'n globale imperialisme aangeneem het (71). As die materiële die hoogste doel is, sê Versfeld in navolging van Plato, word alle ander dinge ondergeskik daaraan gestel. Dit beteken noodwendig dat die geestelike aan die materiële onderwerp word en dat mense deur mense uitgebuit word. Uitbuiting word in twee onderskeie vorme verbuig:

Eerstens word die arbeid van sommige deur andere uitgebuit. Hulle word soos werktuie behandel, en hulle geluk, gesondheid, familiebetrekkinge, ens. word òf oor die hoof gesien, òf met selfsugtige voorbedagtheid gebruik. In die tweede plaas word hulle verbruikersvermoë uitgebuit. Hulle word oorgehaal om dié goedere te gebruik wat die lonendste is om te produseer sonder om in ag te neem of dit wat hulle verbruik tot hulle voordeel strek of nie. Die gevolg is 'n algemene vermindering in die waarde van die menslike lewe, wat dan lei tot die onverskilligheid wat in die daaropvolgende oorloë tot uiting kom. (73–4)

So lei die imperialistiese verowering van die natuur ter wille van die kommersialisering daarvan geleidelik tot die “uitbuiting van die *menslike* natuur, tot sy selfvervreemding, sy denaturalisasie binne eie omgewing” (129; soortgelyk 88). Dit lei met ander woorde tot die imperiale verowering van die mens. Daarom kan 'n mens van Versfeld geen modernistiese ontwikkelingsoptimisme verwag nie.

3. Die uitbuiting en verowering van mense volg egter patrone waarvolgens sekere groepe grotendeels aan die ontvangkant is. Dit is hier waar ons vir Versfeld in 1948 oor *rassisme* hoor praat:

Die blanke het sy self-uitbuiting deur sy uitbuiting van ander rasse versnel. Deur sy vindingrykheid op die gebied van vervoermiddels en ontploffingstowwe, het hy in 'n posisie verkeer om die nie-blankes as middels vir sy eie doeleindes te gebruik. (129)

Hierdie toedrag van sake kan volgens Versfeld verklaar word deur die verenging van die mensbegrip en die fatale koppeling van 'n ras of nasie aan 'n noodlottige bestemming (94); die tydelik-kontingente word verhef tot die deurslaggewende. Maar in Suid-Afrika word rassisme op 'n onsamehangende manier beoefen, beweer Versfeld reeds in 1939 in sy brief aan die redakteur van *Die Burger*:

By die armoede aan oorspronklikheid wat ons dwing om die Duitse voorbeeld na te aap in die oplossing van rasseprobleme moet ons die blindheid voeg wat ons belet om met Duitse klaarheid te sien dat die onderdrukking van die kerk 'n logiese bybehore is.⁷

Met ander woorde, die doelgerigte instandhouding van 'n konsekwente rassistiese mensbegrip en rassistiese politiek moet noodwendig in die Christelike leer van die intrinsieke waarde van alle mense 'n afstootlike hindernis sien.

'n Dekade later, in die eerste jaar van die Nasionale Party se “Christelik-Nasionale” bewind, dring Versfeld aan op die noodwendige spanning, die “ingrypendste verskil”, tussen 'n nasionalistiese etiek en die Christelike etiek. Laasgenoemde word gestuur deur

'n geloof in 'n ware eenheid van die mensdom: die mensheid het 'n algemene oorsprong en 'n algemene doel in God en mag dus nie op 'n manier handel wat voorgee dat hulle nie almal na Sy beeld geskape is nie. Gevolglik is rassiediskriminasie, eensydige patriotisme, deelneming aan onregverdige oorlog, uitbuiting, ens. sonde. (97–8)⁸

Dit mag wees dat 'n leser van *Oor gode en afgode* nie veel erg vind aan die terme *afgode* en *sonde* nie. Wat egter moeilik bestrybaar is, is die aktualiteit – toe en nou – van dit wat Versfeld daarmee aan die orde bring. Dit spreek vanself dat iemand wat meen dat hierdie drie temas nie ons aandag verdien nie, nie *Oor gode en afgode* hoef te lees nie.

4. Dringendheid, tyd en inkarnasie

Wie egter geraak voel deur die dringendheid van hierdie vorme van geweld (en deur ander wat in *Oor gode en afgode* bespreek word), sal miskien weer deur Versfeld se hantering van *afgode* wil werk. Die rede hiervoor lê sowel in die tema van onregverdige onderwerping aan geweld (dit wil sê die drie voorbeelde van “afgode” waarna hier bo gekyk is) as in die ervaring van dringendheid. Om onder die indruk te kom van die dringendheid van kwelvrae is om onder die indruk te wees van die voortduur van 'n ongeregtigheid of van die desperate vaskleef aan die bestaan van iets waardevols wat bedreig word; dit is om bewus te wees van die verloop en vergaan van tyd; kortom, dit is om *tyd* ernstig op te neem. As dit toegegee kan word, en die histories-politiese gebruik van die term *afgode* onthou word, dan kan 'n mens maklik toegee: “Afgodediens is inderdaad 'n misbruik van die tyd, wanneer ons deur ‘tyd’ die opeenvolging van skepsels verstaan” (150). Positief gestel: “Die mens se plig in hierdie bestaan is nie om van die tyd te ontsnap nie, maar om 'n skerp gevoel van die dringendheid daarvan te bemeester – en niks daarvan te misbruik nie” (149).

Dit is egter onmoontlik om 'n dringendheid vir tyd as die opeenvolging van skepsels te kultiveer sonder om 'n positiewe houding teenoor die materiële wêreld in te neem (145). “Afgodediens” bestaan volgens Versfeld nie daarin om dinge en

mense lief te hê of na te jaag nie, maar daarin om dinge en mense lief te hê en na te jaag met 'n ywer wat buite verhouding is met die waarde daarvan (150). Deur jou liefde vir en nastrewing van dinge en met mense, in die regte of verkeerde verhouding, neem 'n mens karakter aan en speel jy jou lewensverhaal uit. Uiteindelik struktureer ons liefdes en die najaag daarvan al ons verhoudings tussen ons en dinge, tussen ons en ander mense en ons geïnstitusioneeliseerde bestaan binne samelewings (151).

Dit is die kwaliteit van verhoudings wat 'n mense met dinge, ander mense en instellings aanknoop wat die mens se welsyn bepaal, en Versfeld beaam dat “die hoofbelang, inderdaad die enigste belang, van die mens sy welsyn is” (150).

Ek vind hierdie verwysing na die belang van die mens se welsyn as van die allergrootste waarde vir die beoordeling van die res van Versfeld se aansprake oor hoe die mens moet lewe. Belangriker nog as die self-aangelegde verstaanbaarheid-kriterium vir die geslaagdheid van sy betoog, naamlik “om die inhoud van ons ondervinding verstaanbaarder te maak as wat die vertolking van enige ander standpunt sou kan doen, en om dan 'n wyer samehang en 'n dieper inhoud aan ons kennis te verleen” (144), is die kriterium van die welsyn van mense. Die eerste oogpunt van Versfeld, die rigtinggewer vir die oordeel of hy in sy eie doel geslaag het, is nie eerstens een van dogmatiese getrouheid nie (alhoewel dit duidelik vir hom belangrik is – kyk byvoorbeeld p. 69), maar menslike welsyn, dit wil sê die geslaagdheid waarmee daar oor die dringendheid van die mensdom en die mens se verhouding met dinge en ander mense deur die verloop van geskiedenis gepraat kan word. Ewe belangrik as die korrektheid van die aansprake wat hy oor en in die naam van die Christelike geloof maak, is dus die erkenning van die waarde van die mens, en dit is futiel om oor menslike welsyn te praat as dit nie gaan oor die welstand van die hele mens nie. Vandaar dus 'n besorgdheid oor die volledige mens en al die dimensies van mens-wees, van die geestelike tot die vleeslike lewe.

Die twee kriteria wat Versfeld vir die geslaagdheid van sy werk aanbied – een geestelik-teologies (verstaanbaarheidskriterium), die ander antropologies (welsynskriterium) – is eintlik vir hom so onlosmaaklik soos die geestelike en die stoflike aspekte van 'n mens, wat weer so onskeibaar is soos die geestelike en die stoflike aspekte van sakramente (148).⁹ Hierdie onskeibaarheid het dus 'n teologiese én 'n antropologiese strekking – in al twee gevalle kan dit benoem word as “inkarnasie” of “vleeswording”.

Inkarnasie is miskien vir Versfeld die mees omvattende toets vir die aanvaarbaarheid van denke. “In 'n wysgerige sin beteken die Vleeswording o.a. dat tyd reël is, dat liggame 'n middel is tot die menslike welsyn en dat ons tydelike gedrag van ewige betekenis is” (147). Dit wil sê, by gebrek aan respek vir inkarnasie: (a) word die realiteit van tyd gekompromitteer; en/of (b) word die lyflikheid van die mens en daarom ook menslike welsyn geminag; en (c) ontstaan daar 'n disjunksie tussen tydelike gedrag en die ewige betekenis daarvan.¹⁰

In hierdie bondige aanhaling het ons by 'n reeks van Versfeld se kern-temas – in *Oor gode en afgode* asook in al sy latere werk – uitgekom: (a) tyd en die vraag na deugsame optrede; (b) die inkarnasie van die mens as sleutel tot 'n nieroeduksionistiese antropologie; en (c) die noue skakel tussen die tydelike en die ewige. Hierdie drie temas is egter so nou met mekaar vervleg dat hulle eintlik net verskillende invalshoeke op dieselfde saak is. Hierdie saak word vleeswording, inkarnasie of eenheid genoem.

Ons staan nou eers by die saak van eenheid en verval (onderafdeling 5) stil voordat ons in onderafdeling 6 op die drie kern-temas fokus.

5. Eenheid en verval

Dit is miskien nie dadelik sigbaar dat die gemene deler in hierdie drie temas die kwessie van eenheid is nie. Die term *eenheid* belig die sinonieme *vleeswording* en *inkarnasie* deurdat dit die volle breedte van die begrip blootlê. As Versfeld meen dat “die eenheidsbegrip ’n middelpunt van die Christelike bewussyn” is (40), dan het hy daarmee nie net ’n spesifieke voorstelling van die Christelike bewussyn in die laat Middeleeue in gedagte nie (40), maar aanvaar hy die eenheidsbegrip as rigtinggewende maatstaf vir sy filosofiese denke in die algemeen. Die eenheid waaroor dit gaan, is ooreenstemmend die drie temas wat hier bo uitgewys is: antropologies (liggaam-siel, individu-mensdom); prakties (abstrakte rasionaliteit – praktiese redelikheid, persoonlike bestaan – institusionele bestaan); en metafisies (tydelik-ewig, sekulêr-geestelik) (kyk bv. p. 40). Daarbenewens is die antropologiese, die praktiese en die metafisiese aspekte van eenheid op mekaar betrek deur bande van wedersydse implikasie.

Die verval, verbrokkeling of verrotting wat die dramatiese agtergrond vorm van die dringende oproep tot ’n nuwe lewensoriëntasie in *Oor gode en afgode*, kan net met behulp van hierdie voorstelling van die Middeleeue verstaan word:

Die verval van die Middeleeue beteken juis die verval van die eenheidsbegrip en die aanvang van ’n veelsydige verbrokkelingsproses: die ontbinding van die Christendom in nasiestate; die onversoenbare botsing tussen die geestelike en die sekulêre ordes; die verbrokkeling binne die Kerk wat die Protestante tot stand gebring het; ’n anti-institusionele beweging in die godsdienst. (40)

Verder is dit ook sigbaar in die breuk tussen enkeling en gemeenskap en die idee van ’n oorspronklike stryd tussen individue (53 e.v.) en tussen state (87), die oplos van die menslike eenheid in ’n onversoende liggaam en siel, die verlies aan koördinasie tussen rede en emosie (41), die skeiding tussen feit en waarde (133 e.v.), die opbreek van die mens se ken-aktiwiteit in geskeide en onafhanklike wetenskappe (137), en dies meer. Om aan te voer hoe en waarom hierdie verbrokkeling gewelddadige gevolge moes hê, is een van die groot goue lyne in *Oor gode en afgode*. Hierop het ek reeds hier bo kommentaar gelewer. Afgesien van die historiese manifestasie van die katastrofes wat hierdie verbrokkeling tot gevolg het, kan die mislukking ook in sekere “verrottingsimptome” (39) gesien word – hiermee bedoel Versfeld die denkers van die na-Middeleeuse tydperk.

Geen korpus idees is so effektief om die diagnose van die moderne era te maak as dié van Descartes nie. Met ’n studie oor hierdie “vader van moderniteit” het Versfeld doktor in filosofie geword en ook sy eerste boek, *An essay on the metaphysics of Descartes* (1940), geskryf. Regdeur sy denke probeer Versfeld om te dink as Descartes se dokter – op die eerste bladsy van die latere boek, *Die neukery met die appelboom* (1985), kan ons nog lees: “Descartes se wêreld is ’n verbrokkeling van menigvuldige substansies. *Things fall apart*. Die Eenheid, nie net van die Kerk nie, het in stukke geval en ons sou met die stukkies ’n nuwe wêreld bou” (Versfeld [1985] 2009:19).¹¹ In ’n groot mate is dit met behulp van Descartes dat Versfeld toegang soek tot die filosofiese ontwikkeling van die moderne era. ’n Mens sien dit duidelik in *Oor gode en afgode* wanneer Versfeld in sy hoofstuk oor Rousseau moeite doen om op die eerste bladsy daarop aan te dring dat Rousseau se intellektuele genealogie na Descartes teruggelei kan word (39). Hobbes, Luther, Spinoza, Hume en Kant word op een of ander wyse met

hierdie kontaminasie in verband gebring.¹² Dit is geen geheim nie dat Versfeld hierin inspirasie gevind het by die Neo-Thomis Jacques Maritain: “Maritain too had found it necessary to reckon with Descartes in order to reckon with modern philosophy and I don’t expect I shall forget the force with which his *Three Reformers* burst upon me, nor the influence of his *Dream of Descartes*” (Versfeld 1991:20). Die drie hervormers oor wie Maritain dit gehad het, was juis Luther, Descartes en Rousseau.

Wanneer die leser deur die besonderhede van Versfeld se diagnose van die filosofiese “verrottingsimptome” en die ooreenstemmende kultureel-politieke katastrofes gelees het, sal dit verstaanbaar word waarom hy dit goed vind om ons op die laaste bladsy van sy boek as volg op te roep: “In hierdie ordelose wêreld, waarin dit duidelik geword het dat ons nasionale afgode voete van klei besit, word die herwaardering van ons verlede onvermydelik” (164). Die verlede wat in die eerste plek ons herwaardering verdien, is, volgens hom, die Middeleeue. Maar dit beteken nie ’n terugkeer na die Middeleeue nie – dit is nóg wenslik, nóg moontlik. Wat Versfeld bedoel – soos hy in die Voorwoord tot *Rondom die Middeleeue* (1962) meer eksplisiet sê – is dat die Middeleeue nie net ’n era in die geskiedenis is nie, maar ’n “geestesmoment”, en ’n belangrike deel van die tradisie waaruit ons leef, en daarom is kennis en ’n herwaardering daarvan “iets [...] wat vir ons self-kennis noodsaaklik is” (Versfeld 1962:ongenommer). By die suksesvolle uitwys van die katastrofes wat volg op die opbreek van die Middeleeuse eenheid, word ons dus weer eens gekonfronteer met die Sokratiese oproep: Ken jouself! Om jouself te ken, beteken in 1948 (en Versfeld sou dit vandag nog beaam) om nie net insig te verkry in moderne denke en sosiale ontwikkelings nie, maar om verder terug te gaan na die belangrike vormende rykdom van die Middeleeue en dit te herwaardeer en daaroor te besin. Dit is die sin daarvan dat Versfeld homself in 1960 tipeer as filosofies “post-modern” (Versfeld 1991:20).¹³ Post-modern is vir Versfeld ’n filosofie wat deur die moderne ontwikkeling van filosofie en die kulturele en politieke keersy daarvan ontnugter is en daarom deur heroerweging van die tradisie (in die Middeleeue, maar ook antikiteit, moderniteit en eietydse denke) probeer om tot beter selfkennis te kom. Wie twyfel aan die impak van die Middeleeuse nalatenskap hoef volgens Versfeld net te dink aan die

begrip van die algemeenheid van die menslike natuur, van die waarde van die individu, van die noodsaaklikheid van vryheid en van die reg tot ’n gewete [...]. Hulle teoretiese ontplooiing het in die Middeleeue plaasgevind, en alle vooruitstrewende politieke bewegings in die moderne tyd is op afleidings van hierdie idees gebaseer. (90)

En die kern van hierdie “teoretiese ontplooiing” is die begrip *eenheid*.

Kom ons kyk nou na drie aspekte van die begrip *eenheid* soos Versfeld insig daarin probeer wen deur Middeleeuse en ander middele.

6. Die eenheidsbegrip of ’n filosofie van inkarnasie

Dis een ding om te bevestig dat daar ’n ander vorm van rasionaliteit is as wat ons in die moderne leer ken het; dis iets heel anders om ons ten minste van die heroerwegenswaardigheid daarvan te oortuig. Hierdie is inderdaad ’n sentrale tema van al Versfeld se filosofie. As hy die eenheidsbegrip of vleeswording tot kernstuk van sy “post-moderne” denke wil herstel, dan moet hy die wysgerige sin

van vleeswording “o.a. dat tyd reël is, dat liggame ’n middel is tot die menslike welsyn en dat ons tydelike gedrag van ewige betekenis is” (147, soos hier bo aangehaal) van rasionele geloofwaardigheid voorsien. Dit lyk vir my of hierdie taak ooreenstem met die herstel van ’n waardering vir ’n eenheid van die rede, die eenheid van die mens, en die eenheid van die sekulêre en die geestelike.

6.1 Verstandigheid, *prudentia*, of die eenheid van die rede

Om tyd as reël te waardeer in denke, beteken vir Versfeld om “die plek en die waarde van die rede binne ons aktiwiteit as geheel” (2) te herstel. Hiersonder is die rede losgemaak van die kwessie van gedrag en van die mens se welsyn. In navolging van Aquinas probeer Versfeld in die eerste hoofstuk van *Oor gode en afgode* betoog vir wat hy as die “ware rasionalisme” beskou, dit wil sê vir ’n herstellende eenheid van die rede. Daar is ’n hele stel terme waarmee Versfeld probeer om ’n greep op hierdie eenheid te kry: *rasionalisme*, *rasioneel*, *irrasioneel*, *redelik*, *nie-redelik*, *onredelik*, *bowe-redelik*. Terwyl hierdie terme ongelukkig nie op ’n eenduidige manier gebruik word nie, is dit nogtans duidelik wat die intensie is: die eenheid van die rede behels die eenheid tussen twee redelijkheidstipes, naamlik dit wat rasoneel is en dit wat redelik is. Dit wat rasoneel is, verwys na aktiwiteite waarin die rede op ’n afstandelike, abstrakte, algemene, konseptuele of sistematiserende wyse gebruik word. Aktiwiteite wat redelik is, dra nie hierdie formele kenmerke van rasionaliteit nie, maar kan nogtans goedkeuring van die denke bekom deur ’n verstandige plek in die lewe in te neem: ons hoef eenvoudig te dink aan die lang reekse dinge wat ons elke dag doen en wat moeilik as onbillik beskou kan word, selfs al is hulle nie rasoneel nie; kunstige aktiwiteit is hiervan ’n insiggewende voorbeeld.

Ewe min as wat die kunstige redelikheid genoegsaam is om ’n mens deur die lewe te bring, is die abstrakte, sistematiserende rasionaliteit daarvoor voldoende. Om die waarheid te sê, albei is net redelik vir sover dit van ’n redelike plek in ons “aktiwiteit as geheel” voorsien word (20). Die vorm van rede wat aan elke aktiwiteit, of dit nou rasoneel in die eng sin is of nie, ’n regmatige plek gee, is die praktiese gebruik van die rede, verstandigheid of *prudentia* (21 e.v.). Die praktiese rede is dit wat benodig word om aan alle aktiwiteite en vorme van redelikheid hulle redelikheid vir my lewe te gee. Om ander mense te groet, om klere te stryk, om skuldig te voel oor oortredings, om vir diere om te gee, om deuntjies te loop en fluit, om ’n lewensprojek te bedink, is alles aktiwiteite wat intrinsiek nierasoneel is, maar tog redelik is en nie sonder meer irrasioneel is nie. Om wiskunde te doen, ’n rekenaarprogram te skryf, boek te hou van inkomstes en uitgawes, is alles intrinsiek rasonele aktiwiteite, maar as hulle nie deur die praktiese gebruik van die rede op ’n billike manier binne ’n lewe ingebed is nie, bly hulle ekstrasiek nieredelik en in hierdie sin irrasioneel (6).¹⁴ Aan elke aktiwiteit word ’n plek in die tydsverloop van ’n mens se lewe toegeken, en as dit die praktiese rede geluk om die lewe goed te orden, dan geniet die persoon wat verstandig optree, welsyn.

Op hierdie basiese onderskeid binne die rede volg ’n lang betoog, eerstens om aan te toon dat poëtiese aktiwiteit en kunstige aktiwiteit in die algemeen redelik is, al is dit nie rasoneel nie, en daarna om aan te toon dat geloof op ’n soortgelyke wyse redelik is, al is dit nie rasoneel in die eng sin nie. Ek sê dat Versfeld betoog vir die redelikheid van “geloof”, en dit is duidelik dat hy daarmee geloof in die oorgelewerde Christelike leer in gedagte het (kyk bv. vanaf 5, 22, 30 onderskeidelik). Dit is egter van geen skamele belang nie om daarop te let dat wanneer Versfeld aan geloof, en godsdiens oor die algemeen, dink as ’n soort kennis, en kennis hier verstaan word as ’n wedersydse besitname van kenner en dit wat geken word (30), dit vir alle “godsdienstige waarneming” geld (25 e.v.).

Só word daar van vroeg af in Versfeld se denke plek ingeruim vir besinning oor ander godsdienstige tradisies (kyk bv. vanaf 26 die bespreking uit die *Upanisade*) en daarmee saam vir sy liefde vir Oosterse wysheid. Verder moet dit ons ook opval dat die redelikheid van die geloof afhanklik gemaak word van verstandigheid¹⁵ waarmee die mens sy of haar eie welsyn kan najaag – ooreenkomstig die welsynskriterium vir die aanvaarbaarheid van filosofie wat Versfeld self aangelê het (150 en die bespreking hier bo). Daarom dat die metafisies-verwoorde aandrang van Versfeld op die eenheid van die rede, wat weer uitloop op die aandrang op die belang van die praktiese rede, nie verstaan word as 'n selfverdoeming tot onbuigsame rigiditeit nie. Dit is juis die praktiese rede waarmee die metafisies-georiënteerde mens op die veranderende en tydmatige eise van konkrete gebeure kan antwoord: verstandigheid of *prudentia* is, ooreenstemmend met die Aristoteliese leer van *phronesis*, “die vermoë om die toepaslikheid van 'n beginsel binne die onuitputlike verskeidenheid van die werklike in te sien en om dit dan toe te pas” (56).¹⁶

Die leser sal self die besonderhede van Versfeld se betoog vir die redelikheid van geloof en godsdienste lees en beoordeel. Dit is egter nodig om uit te wys dat Versfeld hiermee twee aspekte van die eenheid van die rede probeer herstel. Eerstens gaan dit oor die koördinasie van al die verskillende tipes redelikheid onderling en tussen redelikheid en die mens se lewe, sodat dit van enige aktiwiteit gesê kan word: “Mits dit deur die rede in die lewe ingelyf kan word, kan dit redelik genoem word, al is dit nie 'n kennis deur konsepte nie” (22). Sodoende word die realiteit van die tydlikheid van die rede ook ernstig opgeneem; die nadenke oor die rede is onafskeibaar van nadenke oor die praktyk. En dit is die oriëntasie van waaruit Versfeld te velde sal trek teen die skeiding tussen feit (d.w.s. 'n onbillike klem op die eng definisie van rasionaliteit) en waarde ('n losmaak van die oordeelsvermoë vanuit die sfeer van menslike redelikheid) (vgl. 133 e.v.).

Tweedens, wanneer jy nadink oor die praktyk, dink jy na oor tyd en oor die verloop van jou eie lewe en die verhouding tussen jou lewensverloop en dié van andere – jy dink met ander woorde noodwendig histories.¹⁷ Maar omdat elke voorstelling van die historiese verloop die sake wat daarin verhaal word, moet selekteer, is dit afhanklik van 'n groter perspektief van waaruit hierdie seleksie as verstandig getoon kan word (140). Vir Versfeld is hierdie perspektief metafisies; en dit is hierdie oorkoepelende metafisika wat nie net feit en waarde bymekaar hou nie, maar ook die verskillende vakwetenskappe van 'n onversoembare veelvoud red en so die rede van eensydigheid red (4, 92 e.v.). Sodoende is die mens se eindigheid nie 'n diskwalifikasie van die onderneming van metafisika nie, maar juis dit wat tot metafisiese nadenke roep. Daarom dat die vraag oor die aard van metafisiese denke Versfeld nog lank sou besig hou, want ten diepste is metafisika nie die besit van waarheid nie, maar die liefde daarvoor:

[Metaphysics] exists as a question about itself, and for this very reason it knows that it is not the answer to its own question. It seeks its own being *qua ens* and is well aware that its *adequatio* can never exhaust its own essence. It always points beyond itself to a wisdom which *is* its own being, and without this reference to a transcendence it would not be what it is. By keeping itself open, it keeps the special sciences open to their own progress. (Versfeld 1966a:17–8).

Dit is in wese wat Versfeld ook in *Oor gode en afgode* sê (4, 135, 137).

6.2 Liggaam en gees; oor die antropologiese eenheid

Uit hierdie gedagtes oor die eenheid van die rede en die sentrale rol van die praktiese rede moes dit al geblyk het dat die eenheid van die mens vir hom van groot belang is. Die kontoere wat Versfeld aan hierdie eenheid gee, kan eenvoudig in die boek nagelees word. Dit is miskien wel nuttig om uit te wys dat hier weer eens twee aspekte van die eenheid van die mens op die spel is.

Aan die een kant gaan dit oor die eenheid tussen die lyf en die gees. Omdat dit deur die lyf is dat die mens tydelik is en in die wêreld van dinge gevoeg is, is die lyf van die grootste belang vir etiek:

Die mens as sedelike wese is 'n beliggaamde wese, wat deur sy sintuiglikheid aanraking het met die wêreld van historiese en toevallige besonderhede en wat op hierdie wêreld inwerk by wyse van besondere wilsbesluite wat in besondere liggaamlike handeling tot uiting kom. (47)

'n Hipotetiese ontliggaamde mens sou nie verstandig kon optree nie en sou nie die dringendheid van die verloop van tyd kon besef nie.

Aan die ander kant is daar die eenheid van die mens as individu en die mens as mensdom (40 e.v., 139). 'n Mens is nie net in 'n liggaam geïnkarneer nie, maar ook in die mensdom. En dit is deel van die wese van Versfeld se politieke filosofie om klem te lê op die veelvoud van instellings en kollektiwiteite waaraan 'n mens deelneem, soos 'n liggaam wat uit verskillende organe opgebou is – eerder as die direkte koppeling tussen individue en die staat. Boonop, net soos die hoë aansien wat die liggaam in Versfeld se denke het, nie 'n antropologiese reduksie tot die liggaam behels nie, so reduceer hy nie die mens tot 'n burger van 'n staat nie – hy onderskryf Augustinus se instrumentele beskouing van die staat: die mens mag wel in 'n staat ingelyf wees, maar die staat moet dien om die individu te help om bo die werkings en waardes van die staat uit te styg (82).

6.3 Analogie of die eenheid van die sekulêre en die geestelike

Ons kom nou by die derde figuur van inkarnasie of van die eenheidsbegrip: die eenheid tussen die tydelike en die ewige, of soos Versfeld sê, die feit dat “tydelike gedrag van ewige betekenis is” (147). In die bespreking in onderafdeling 6.1 hier bo het dit geblyk dat die praktiese rede op 'n spontane wyse op geloof en op metafisika uitmond. Maar vir Versfeld behels dit, in navolging van Aquinas, nie die uitlewering van die lewe aan irrasionaliteit of obskureteit of nie. Dit is van sentrale belang vir al die werk van Versfeld om te sien waarom dit so is. Minstens drie redes kan hiervoor genoem word. Eerstens, omdat hy meen dat geloof, hoewel dit 'n gawe en 'n misterie is, ook 'n vorm van *kennis* is, en in besonder kennis van iets wat 'n ander “ontologiese status” as die mens het (30). Hiervoor moet sy betoë oor die aanneembaarheid van godsdienstige waarneming as regverdiging dien. Tweedens, omdat die praktiese rede dit vereis en goedkeur dat ons voortdurend 'n *menslike geloof* beoefen¹⁸ (32) en ons sosiale bestaan in 'n groot mate deur hierdie soort geloof moontlik gemaak word. Derdens, omdat Versfeld daarvan oortuig is dat dit wat geglo word, “in die natuur ingewortel is”; of anders gestel: “Die bonatuurlike lewe word deur die natuurlike lewe vir ons verstaanbaar en vatbaar gemaak” (32). Hierdie is niks anders nie as Versfeld se bondige formulering van die opvatting van *analogie*, wat hy as “die ruggraat van ons Middeleeuse kultuur” (35) bestempel, en wat hy bepleit as “die enigste beskerming teen die naturalisme” (34), dit wil sê teen die natuurwetenskaplike reduksie van die werklikheid.¹⁹

Ek wil graag fokus op hierdie laaste punt – Versfeld se toe-eiening van die begrip van analogie – omdat dit vir my een van die mees tiperende kenmerke van al sy werk is. Hoor hoe illustreer hy die beginsel in *Oor gode en afgode*: “Die menslike liefde is vol voorsmake van die liefde van God, en dié wat gewillig is om die natuur sonder vooroordeel aan te sien, sal hulle op die drumpel van die tempel bevind” (32). Deur daarop aanspraak te maak dat daar ’n analogie tussen ’n aardse en ’n geestelike saak bestaan, word dus gesê dat daar wel ’n eendersheid tussen hulle bestaan sonder dat die verskil tussen hulle opgehef word, met die gevolg dat die verskil dien om die ooreenkoms wedersyds te belig.²⁰

As ’n mens eers besef hoe belangrik hierdie denkfiguur vir Versfeld is, word die gebruik daarvan in ’n veelvoud van variasies opvallend. ’n Mens sou byvoorbeeld reeds voor *Oor gode en afgode* in Versfeld en De Klerk se *Die berge van die Boland* ’n opstel van eersgenoemde kon lees wat praat “Oor ’n paar groot klimme op Tafelberg” en jou misgis as jy dink dat die outeur bloot lirie is wanneer hy skryf: “[R]otsklim is veel meer as ’n vorm van liggaamlike oefening. Dis ’n geesteservaring.”²¹ Terwyl Versfeld in *Oor gode en afgode* nog die skeiding of spanning in die analogie verwoord – die aardse is “vol voorsmake” van die hemelse – trek hy hierdie verhouding later in sy werk saam, sodat die wonderbaarlike feitlik met die alledaagse geïdentifiseer word: “The secular is the miraculous,” sê Versfeld in *Food for thought* (Versfeld [1983] 1991:89).

Dit sou egter verkeerd wees om hierin die analogie mis te kyk en die uitdrukking vir ’n metafoor of ’n stelling van identiteit aan te sien. Daarom verwys ek hierna as ’n analogiese simbool of ’n analogiese vonk, met die hoop dat dit die idees van ’n verskil, ’n spanning, ’n verband en ’n skielike wedersydse opheldering sal oproep.²² Die gewone is die buitengewone (Versfeld 1985:1); “die paradys is daar waar jy tuis is, en die hemelpoort is jou eie hek” (Versfeld [1985] 2009:38). “If you want to convert an atheist, get him to clean the carrots well” en “The cook, even the domestic cook, is a priest or a priestess” (Versfeld [1983] 1991:20). “If your cooking is play and not work, it will smell of Paradise. The resurrection starts in the cooking pot, because man is what he eats and because what he is, his substantial existence, is in its uniqueness touched with eternity” (Versfeld [1983] 1991:93). “Om met God te kan gesels, is om met die wêreld te kan gesels” (Versfeld 1968:8). “As ons speel verenig ons onselwe met die skeppende verbeelding van God” (Versfeld 1968:97); jy is ’n priester wanneer jy die skaapboud braai en doen beter om te kniel wanneer jy die vuur aansteek (Versfeld 1982:109).

Dit is hierdie oorspronklik Katolieke denkwyse wat Versfeld se openheid tot die Oosterse godsdienste en wysheid vergemaklik het: “If you want to levitate, buy a step-ladder” (Versfeld 1985:67) som die les van ’n Indiese verhaal op en Versfeld doen dieselfde na aanleiding van ’n Zen-storie: “[Y]our spiritual life is your biography, your life-style. Spiritual life is being yourself. It is your ordinary life” (Versfeld 1990:10). Laasgenoemde skryf hy in sy kommentaar op die Christelike denker Augustinus:

If bread of the Eucharist is not the same bread as that with which he feeds his family it is of no use. [...] Your spiritual life is your ordinary life: washing dishes, cooking supper, going to a concert or a shop. You can't “find yourself” by walking out of all this. Prayer is cutting bread. (Versfeld 1990:9)

Hierdie is duidelik die kulminasie van ’n denkproses wat probeer om die ontbinde skeiding tussen lyf en siel, tussen waarde en feit, tussen teorie en praktyk, tussen rede en geloof, tussen mens en natuur, agter te laat. Dit maak so op

sterkte van die eenheidsbegrip of in navolging van die idee van inkarnasie waartoe die Christelike sakrament (90, 148) 'n sleutel is: "Dit is my liggaam."

Hoewel dit dus hier duidelik gaan oor 'n denkfiguur en nie 'n stylfiguur nie, kan ek my goed voorstel dat hierdie analogiese simbool of vonk 'n groot rol gespeel het in die waardering wat Versfeld onder letterkundiges geniet. Omdat dit 'n openheid vir die wonderbaarlike van die alledaagse toon en dus die oënskynlik banale vier en besing, gee dit aan Versfeld se teks 'n besondere poëtiese kwaliteit.

7. Ontvangs en vervolg

Maar in *Oor gode en afgode* is ons nog nie by die rustige speelsheid van die later tekste nie. In 1948 ontmoet die leser 'n skrywer wat gedryf word deur die passie vir 'n onlangs-genome lewenskeuse en wat dringend soek na alternatiewe vir 'n wêreld wat aan't verrot is. So vrymoedig as wat die denker mag wees wat deur sy ontdekking van 'n vreemde ou wysheid begeester word, staan hy in *Oor gode en afgode* aan die begin van 'n ontwikkelingspad waarin hy nie net soek na insig in sy temas nie, maar ook soek na die regte taal en register om daaroor te besin.

Dit is ook 'n denker wat nog sou moes besluit oor hoe om te reageer op sy leserspubliek en kritici, van wie sommige sy besorgdhede gedeel het, terwyl ander sou verkies het dat hy eerder vir ander kwessies of simpatieë as pleitbesorger moes optree, en nóg ander weer getref is deur die vreemdheid van sy werkswyse of taalgebruik.

In 'n radioresensie van 17 Maart 1949 prys Tjaart Büning die outeur van *Oor gode en afgode* vir sy "diepgaande werk" waarin hy 'n brug slaan tussen die Middeleeue en die twintigste eeu, tussen Aquinas of Anselmus en kontemporêre denkers, en sodoende "sommige van die kernprobleme van ons versteurder [*sic*] tyd" deurdink. Ten spyte daarvan dat Büning die laaste twee opstelle as minder oortuigend as die eerste drie beskou, karakteriseer hy *Oor gode en afgode* opsommend as volg:

[D]is 'n belangwekkende bundel opstelle wat tot ernstige besinning prikkel. Hoewel 'n mens soms gehinder word deur 'n neiging van die skrywer om effens prekerig en dweperig te word, kan jy in hoofsaak met hom saamstem indien jy sy uitgangspunt onderskryf. Waarskynlik omdat Versfeld se lektuur hoofsaaklik Engels is, klink sy Afrikaans, hoewel heeltemal bevredigend, nie altyd idiomaties korrek nie.²³

Drie dinge val hier op: die erns en belang van die denke van Versfeld word aangeprys, maar oor sowel sy (waarskynlik Middeleeus-Christelike filosofiese) uitgangspunt as sy taalgebruik is daar huiwering.

Alhoewel H.G. Stoker sy 1949-resensie²⁴ van *Oor gode en afgode* duidelik vanuit 'n Calvinistiese loopgraaf skryf, eggo dit Büning se meer onpartydige lesing:

Dr. Versfeld se vyftal skerpsinnig en geesdriftig geskrewe, populêr-wysgerige opstelle stel ons as Calviniste in ons land die vraag hoe ons teenoor Rome staan, te meer omdat hulle in Afrikaans geskryf is (al is dit 'n Afrikaans wat met gangbare en originele anglisismes deurspek is). Die ruitelike en moedige geloofstaal van hierdie denker teenoor die heidens verworde gees van ons tyd, verdien volle erkenning. Hy skaam hom nie vir

sy geloof nie en maak sy geloof vir sy wysgerige denke vrugbaar. Hier is 'n belydende Christen aan die woord. Sy denke staan nader aan ons denke as die van Kant, Rousseau, Nietzsche, Hegel of Whitehead. Die werk is vol gedagtes wat ons net so of in gewysigde formulering kan aanvaar. Maar die spesifiek Roomswysgerige beginsels waarvan hierdie werk uitgaan en wat aan hierdie werk sy eenheid gee, verwerp ons. Ek sien Versfeld as Christen en as 'n skerpsinnige wysgeer en wil graag hierdie boek by ons leser aanbeveel. Ek het die werk met genot gelees en daaruit ook geleer. Maar wie let op die geweldige toenemende invloed van die Rooms-Katolieke Kerk in ons land, sal weet dat hierdie werk met diskriminasie gelees moet word. Hierdie boek is 'n verryking van ons Afrikaans-wysgerige literatuur.

Stoker se dilemma is duidelik: hier is 'n ernstige, goed-ingeligte, openlik Christelike filosoof, iemand by wie 'n mens kan leer, maar wie se Roomsheid terselfdertyd kakofonies in die tradisionele Afrikaans-Calvinistiese oor klink. Dat Stoker hierin baie van sy tydgenote se reaksie op Versfeld se vroeë denke verwoord het, blyk uit vele van Versfeld se outobiografiese beskrywings.

Of Versfeld se 1948-Afrikaans werklik so 'n Engelse bo-toon het, kan ek nie meer oordeel nie. Met behulp van die argiefmateriaal kan daar egter interessante lig op die vraag gewerp word. Die getikte teks "A moral philosopher looks at his world"²⁵ stem gedeeltelik met hoofstuk 3 van *Oor gode en afgode* ooreen en is beslis ouer. Verder is daar 'n vroeë teks, "Morals and machines",²⁶ waarvan die eerste deel grotendeels met hoofstuk 4 van *Oor gode en afgode* ooreenstem. Ten slotte is daar ook 'n teks oor Rousseau²⁷ wat aanvanklik met die inhoud van hoofstuk 2 van *Oor gode en afgode* ooreenstem, maar dan daarvan afwyk deur 'n meer breedvoerige bespreking – vermoedelik is dit 'n lesing wat voor *Oor gode en afgode* geskryf is. Hieruit kan afgelei word dat waarskynlik meer as die helfte van die boek grotendeels vooraf in Engels geskryf en daarna in Afrikaans vertaal is. Dit blyk verder uit die argief dat Versfeld selde notas in Afrikaans geskryf het. Die grootste hoeveelheid van hierdie materiaal – bestaande uit notas of manuskripte vir sy lesings – is in Engels. Ons moet dus aanneem dat vir sover Versfeld skrywend gedink het, hy meesal in Engels gedink het – in elk geval ten minste sover dit die 1930's en 1940's betref. Maar dit blyk dat Versfeld dit ook nodig geag het om hom in die Voorwoord tot sy tweede Afrikaanse filosofie-boek as't ware teenoor die kritici van sy Afrikaans te regverdig:

Ons is [in die Afrikaanse filosofie – EW] geneig om ons op Duits en Hollands toe te vertrou, soms met noodlottige gevolge, en ons neig om vir Engelse gebruike sku te wees. Maar wetend of onwetend is ons sterk onder die Engelse invloed, ook van alle kante af. Om dit te ontken, en te wil maak asof dit nie bestaan nie, is om 'n innerlike stryd te veroorsaak en dan te onderdruk, soms met byna neurotiese gevolge. Dit sou ons g'n kwaad doen om Locke se styl in plaas van Hegel s'n na te doen nie, sodat die gemiddelde man se belang in die filosofie nie onder groot massas van groot woorde doodgesmoor word nie (Versfeld 1962:Voorwoord, ongenommer).

Maar die aanneemlikheid van filosofie het nie net met die styl daarvan te make nie. 'n Intense bemoeienis met die geskiedenis van filosofie is tiperend van Versfeld se lesings en gepubliseerde werk. Hierdeur het hy konkreet geantwoord op dit wat hy self as die onvermydelike herwaardering van die geskiedenis beskou het (164). *Oor gode en afgode* bied geen meesterplan waarvolgens hierdie verdieping in die filosofie-geskiedenis onderneem sou word nie, maar 'n hele aantal belangrike ondersoeklyne loop van hierdie boek af deur die res van

Versfeld se werk. In die eerste plek loop daar 'n lyn van *Oor gode en afgode* direk na *The perennial order* – hoofstuk 10 van laasgenoemde werk is 'n effens herskrewe, maar grotendeels bloot vertaalde weergawe van hoofstuk 5 van *Oor gode en afgode*, wat juis oor die geskiedsfilosofie gaan. Verder is *The perennial order* (maar ook feitlik al sy ander boeke) 'n duidelike poging om hom in die hertoe-eiening van die Middeleeuse denke te verdiep. *Rondom die Middeleeue* is Versfeld se mees omvattende bespreking van die Middeleeuse denke, maar ons moet nie vergeet nie dat hy reeds in 1958 'n goed-ontvangde kommentaar op Augustinus se denke – *A guide to the City of God* – laat publiseer het en dat sy nadenke oor die Middeleeuse filosofie nog duidelik neerslag gevind het in sy laaste volledige bundel, *St. Augustines's Confessions and City of God* (1990).

Ook die antieke filosofie, waarvan Sokrates, Plato en Aristoteles in *Oor gode en afgode* aan die orde kom, ontvang Versfeld se direkte aandag. Sy voorkeur vir Plato blyk egter uit die titels: *Plato. Die simposium of die drinkparty* (1970) en 'n *Handleiding tot die Republiek van Plato* (1974). Afgesien daarvan moet 'n mens ook talle opstelle van Versfeld in gedagte hou, waaronder sy intreedende by die Universiteit van Kaapstad wat in *Persons* (1971) onder die titel "The Socratic spirit" gepubliseer is. Reeds in *Oor gode en afgode* knoop Versfeld 'n gesprek aan met die Boeddhisme en die wysheid van die *Upanisade*; daar is vele opstelle in sy later bundels aan Oosterse denke gewy, en 'n ingeleide Afrikaanse weergawe van *Die lewensweg van Lao-Tse* (1988) spreek ook van sy bemoeienis met die Oosterse tradisies.

Van die feit dat Versfeld baie moeite gedoen het om 'n ordentlike greep op die voor-twintigste-eeuse moderne filosofie te kry, getuig sy lesings wat in die argiewe opgeneem is, asook sy deurlopende verwysing na hulle in sy boeke. Hy het dit egter nie nodig geag om aan enige betrokke figuur 'n monografie of kommentaar te wy nie, afgesien van *An essay on the metaphysics of Descartes* (1940) waarop *Oor gode en afgode* reeds in 'n hoë mate 'n antwoord wil wees. Waarskynlik is die digste besprekings van twintigste-eeuse filosofie deur Versfeld te vinde in *The mirror of philosophers* (1960).

In al hierdie denke via die herbesinning van die filosofie-geskiedenis bly die kwessie *dit waaroor* al hierdie denkers praat. Versfeld wil nie filosofie ken nie, hy wil antwoord op die oproep: ken jouself. Daarom dat hy die wêreld om hom ook wil ken. Die temas wat ek hier bo uit *Oor gode en afgode* uitgelig het, word in die later boeke opgeneem en telkens weer oordink. Die dringendheid van die na-oorlogse boek maak wel plek vir 'n rustige meditatiewe toon; die vrymoedigheid van die nuut-bekeerde maak plek vir 'n waarderende, poëtiese aandag aan die alledaagse en aardse; die aandrag op 'n Christelike wetenskap gaan oor in 'n vredige Sokratiese onkunde; die oproep tot 'n dapper beslissing vervaag en word vervang deur 'n gasvrye humor. En tog, wanneer ons die eerste bladsy van sy laaste boek oopmaak, weet ons dat ons nog met die outeur van *Oor gode en afgode* te make het – die tema van verval open 'n besinning oor die eietydse wêreld deur 'n toe-eiening van Augustinus:

The reason for this book is the relevance to us of Augustine's life, thought and political situation. His soul was dying, so is ours. His Rome was collapsing: so is ours. [...] We need some participation in a vision which could make sense of a perilous and breaking world. Perhaps our Rome is also crumbling, and through the cracks we may catch a ray from the *City of God*. (Versfeld 1990:7)

Hierop volg die temas wat so kenmerkend is van Versfeld se denke: tyd, inkarnasie, die alledaagse, God, die eenheid van die mens, redelikheid, die

futiliteit van eensydige kapitalisme, lewenskwaliteit, kos, politiek, die omgewing – by een na die ander word nadenkend stilgestaan soos met die krale van 'n gebedsnoer.

Maar temavastheid is nie noodwendig 'n rede tot aanbeveling van 'n filosoof se werk nie. Uiteindelik moet ons uitkom by wat vir Versfeld die grootste kwessie in *Oor gode en afgode*, die ontvangs daarvan en die verdere ontwikkeling van die temas daarvan is: Oortuig die argumente? Dit is nie die doel van die huidige artikel om hierdie vraag vir enigiemand te antwoord nie. Elke leser sal self bepaal watter ontvangs die boek verdien.

Hoe aanvaarbaar die knelpunte ook mag wees wat die skrywer ook na die tafel bring, sy hantering daarvan roep noodwendig 'n aantal vrae op. As dit heeltemal verstaanbaar is dat iemand gedurende die Tweede Wêreldoorlog getref word deur die ongesteldheid van die Westerse kultuur, wil dit sê dat dit die wese van moderniteit volkome ontmasker en dat die hele projek van moderniteit bankrot verklaar moet word? Terselfdertyd sou 'n mens moes vasstel of die onverbiddelike kultuurkritiek van die moderne wêreld nie die alibi kan voorsien vir 'n algemene konserwatiewe kultuurpolitiek nie.

Die oproep tot 'n beslissing wat op grond van die verrotting van die Westerse beskawing gemaak moet word en wat, volgens Versfeld se oortuiging, beteken dat ons (in 1948) soos die eerste Christene “in 'n tyd van morele radikalisme” leef (100), kan tot botsende praktiese interpretasies lei: aan die een kant voorsien hy die noodsaak van 'n katakombe-bestaan (103) van 'n moreel-godsdienstig-kreatiewe minderheid of elite of 'n Christen-proletariaat wat deur 'n sosiale marginalisering gekenmerk word (156, 160); aan die ander kant wys hy die idee van onttrekking uit die wêreld terug en dring aan op die deelname aan die politieke wêreld, onder andere deur instellings, ten einde dit te verbeter (149).

'n Hele aantal vrae oor die wyse waarop en ewewigtigheid waarmee Versfeld die geskiedenis van idees interpreteer, verdien om beantwoord te word. 'n Belangrike detail uit Augustinus en Rousseau elk sou as toets kon dien. Oor Augustinus hoor ons dat “'n positiewe betekenis van die begrip van die vleeswording hom oorweldig het” (146), en regdeur die werke van Versfeld kan 'n mens hierdie uitspraak op 'n verskeidenheid formulerings terugvind; maar sou dit nie in verband gebring moes word met die opmerkings waarvan die *Belydenisse* wemel wat toon watter wrewel Augustinus in sy eie liggaam gehad het nie? Die staat wat deur Rousseau se politieke idees begeester is, het wel die Terreur voortgebring, maar ook die Handves van Universele Regte, en sou 'n mens dit nie moes verwelkom as dit wat sedertdien in daardie staat vir die emansipasie van die vrou gedoen is, deur 'n sekere Middeleeus-geïnspireerde instelling van ons wêreld geëwenaar kon word nie?

Dat die mens deur die geskiedenis gekonstitueer is, is nie 'n idee wat te vreemd is aan moderne denke, ten minste sedert Hegel, nie. Dit is egter belangrik om na te dink oor die maniere waarop die geskiedenis – en hier in die besonder die geskiedenis van Middeleeuse denke – ons konstitueer. Wie, in die Suid-Afrika van 1948 en vandag, is deur die Middeleeuse denke gekonstitueer en hoe? Op watter maniere leef 'n groot aantal Suid-Afrikaanse burgers wat geen direkte kulturele erfgename van die Europese Middeleeue is nie, uit die Middeleeue? Of hoe en op grond waarvan sou die Middeleeue aan hulle voorgehou kon word as hulle verlede waaruit hulle sou kon leef? Die behoud of heraktualisering van die idee van die eenheid van die mensdom (soos dit in die Middeleeuse Europese Christendom bekend was) moet sekerlik rekening hou met die totale transformasie van die probleem se gegewens soos dit duidelik geword het uit die ontdekking van die

Nuwe Wêreld. Sou die kompleksiteit van die eenheid van 'n mensdom wat deur die veelheid van kulturele en godsdienstige tradisies gekenmerk word, nie ten minste sorgvuldig bespreek moes word nie? Indien nie om die geldigheid van die idee vas te stel nie, dan ten minste om oor die praktyk daarvan te besin?

So kom ons heel natuurlik by twee kriteria wat Versfeld self vir die geslaagdheid van sy werk aangelê het: die verstaanbaarheidskriterium en die welsynskriterium. 'n Mens sou moes uitmaak of, en indien wel, op watter wyse, enige Christelike geskiedenis of watter ander Christelike vakwetenskap ook al (in die terme waarin Versfeld dit definieer) al gepraktiseer is en in watter mate daar legitiem aanspraak gemaak sou kon word daarop dat dit ander pogings om die wêreld te verstaan, sou klop. Miskien belangriker, sou 'n mens jou in die evaluasie van *Oor gode en afgode* moes afvra watter bydrae die boek, of die implementering en uitlewing van die idees daarin, reeds tot die verbetering van mense se welsyn bygedra het of so 'n bydrae nog sou kon lewer, in dit wat billik as die boek se potensiele invloedseer gereken sou kon word.

Is die monsteragtige politieke katastrofes en onvoorstelbare skaal van menslike lyding gedurende die twintigste eeu net simptome van die sieklikheid van die Westerse beskawing (en seker hier en daar 'n ander beskawing)? Sou die wêreld daarvan genees kon word sodat die kontinuïteit tussen menslike optrede en Goddelike optrede weer ten minste analogies met mekaar in verband gebring kan word? Afgesien van die vraag van gelowige mense, ten minste sedert die Jode, van wie Versfeld weet om die historiese sin te prys, naamlik “Waar is God in lyding?”, sou 'n mens ook moes vra: As daar ooit iets soos 'n analogie tussen die aardse en die hemelse werklikheid sou bestaan het, het dit nie met die skaal-oorskrydende geweld van die afgelope honderd jaar tot 'n einde gekom nie? Of sou die praktiese rede nie dalk aan ons aanbeveel dat ons die metafisiese oortuiging van 'n analogie tussen die menslike en die Goddelike – miskien om Godsonthul – as onredelik moet verklaar en voortleef asof dit geen sin sou hê om aan die werklikheid van 'n God vas te hou nie?

As 'n mens dan wel binne die kader van die Christelike geloof wil dink, sou ons seker ook moes vra of, en indien wel, in watter mate, dit nog moontlik of realisties of redelik is om 'n interpretasie van die Christelike geloof te ontwikkel wat met die ontwikkeling van die histories-kritiese interpretasies van geloofsdokumente – Bybels en kerklik – hoegenaamd nie gesprekwaardig te ag nie. En as die metafisiese denkwysie oor die werklikheid verklaar word as die enigste wat werklik die sin van die menslike bestaan intelligent kan verwoord en die soeke na sin denkend kan begelei, moet dit nie van groot belang wees om vas te stel hoe die proliferasie van niemetafisiese sinsfilosofië in die twintigste eeu dit enigszins regkry om oor sin te dink nie, en moet die waarde van hierdie bevindings nie behoorlik bedink word nie? Hierdie vraag word nog meer akuut wanneer besin word oor die feit dat hierdie filosofieë op hul eie maniere tydlikheid en die lyf radikaal ernstig opneem.

'n Mens sou die lys van werklik belangrike vrae aan *Oor gode en afgode* nog baie langer kon maak. Van die feit dat hierdie soort vrae ons aandag verdien, getuig die vele plekke regdeur Versfeld se werk waarin hy self hierdie temas weer op ander wyses deurdink. Dit dui nie noodwendig op die mislukking van die boek nie, maar wel op die deurdenkenswaardigheid van die temas wat daarin aandag kry. Maar om te bepaal hoe goed *Oor gode en afgode* vaar om hierdie sake te deurvors, moet die boek eers behoorlik gelees word, en daartoe nooi ek u nou uit!

Bibliografie

Bowman, A.A. 1958. *The absurdity of Christianity and other essays*. New York: The Liberal Arts Press.

De Klerk, W.A. 1966. Marthinus Versfeld: die man en sy denke. *Tydskrif vir Letterkunde*, 4:62-72.

Rossouw, H. 1996. Die kuns van die lewe is om tuis te kom. Gedagtes oor die filosofie van Martin Versfeld. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(1):11-20.

Versfeld, M. 1940. *An essay on the metaphysics of Descartes*. Londen: Methuen and Co.

Versfeld, M. en W.A. de Klerk. [1947] 1965 (tweede uitgawe). *Die berge van die Boland*. Stellenbosch: Kosmo-Uitgewery.

—. 1948. *Oor gode en afgode*. Kaapstad: Nasionale Pers.

—. 1954. *The perennial order*. Dublin: Brown & Nolan.

—. 1958. *A guide to the City of God*. New York: Sheed & Ward.

—. 1960. *The mirror of philosophers*. Londen: Sheed & Ward.

—. 1962. *Rondom die Middeleeue*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Versfeld, M. en R. Meyer. 1966. *On metaphysics*. Pretoria: Unisa.

Versfeld, M. 1966a. Talking metaphysics. In Versfeld en Meyer 1966.

—. 1966b. *Wat is kontemporêr? Vier opstelle oor ons tyd*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

—. 1968. *Klip en klei*. Pretoria: Human & Rousseau.

—. 1970. *Plato. Die simposium of die drinkparty*. Kaapstad: Buren-Uitgewers.

—. 1971. *Persons*. Kaapstad: Buren.

—. 1974. *'n Handleiding tot die Republiek van Plato*. Kaapstad: Buren.

—. 1975. Toynbee het gesoek na die betekenis van die geskiedenis. *Die Burger*, 27 Oktober.

—. 1982. *Tyd en dae*. Kaapstad: Tafelberg.

—. [1983] 1991. *Food for thought. A philosopher's cookbook*, Kaapstad: Carrefour Press.

- . 1985. *Pots and poetry*. Kaapstad: Tafelberg.
- . [1985] 2009. *Die neukery met die appelboom en ander essays*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- . 1988. *Die lewensweg van Lao-Tse*. Kaapstad en Johannesburg: Perskor.
- . 1990. *St. Augustine's Confessions and City of God*. Kaapstad: Carrefour.
- . 1991. *Sum. Selected works / 'n Keur uit sy werke*. Kaapstad: The Carrefour Press.
- Wolff, Ernst. 1999. Sanctus Marthinus laudator philosophicus. *Fragmente*, 4:87-101.

Bedanking

Die outeur bedank Liesl du Preez, Andrew Nash, Willie van der Merwe, Ruth Versfeld en Francois Verster vir hulle advies.

Eindnotas

¹ Die brief is gedateer 30 Augustus 1938 (in die Versfeld-versameling in die argief van Universiteit van Kaapstad se biblioteek, waarna ek voortaan so verwys: UK-argief, lêer 102, aanhaling uit p. 11 van die brief). Ten tye van die skrywe van hierdie brief was Versfeld duidelik reeds ver van die NG Kerk waarin hy grootgeword het, maar het nog nie by die Katolieke Kerk aangesluit nie. Dit sou hy eers in 1943 doen.

² UK-argief, lêer 107, aanhaling, p. 3.

³ In die voorwoord tot 'n bundel wat die titel *A saraband of the sons of God* sou gedra het (saamgestel in omtrent 1971), maar nooit in dié formaat gepubliseer is nie, skryf Versfeld: "I have always regarded the title of books as crucial. I have friends who write books and then struggle to find a title, but with me things work the other way round. I become enamoured of a title, and have no rest until I have constructed the book that belongs. This implies that the title has the validity of an image, and this immediately brings me into trouble with my fellow philosophers because they do not see the relevance of imagination to intellect" (UK-argief, lêer 155). As hierdie opmerking twintig jaar vroeër op *Oor gode en afgode* geprojekteer mag word, kan dit 'n verklaring gee vir die obskure aard van die titel.

⁴ Dit kan nie ontken word nie dat Versfeld in *Oor gode en afgode* 'n heel negatiewe beeld van emosies skets; dit lyk egter of die punt daarvan polities van aard is. Ons vind 'n illustrasie van wat hy moontlik hiermee in gedagte gehad het in sy brief aan die redakteur van *Die Spantou* in Augustus 1940 waarin hy die Afrikaners se "selfaanbidding" uit "selfbejammering" as afgodsdienste veroordeel (Brief in UK-argief, lêer 19).

⁵ In sy ongetitelde outobiografiese teks sê Versfeld: “In die filosofie het ek ’n voorliefde vir Plato, Augustinus, en Thomas maar veral vir Augustinus. In ons geslag sit ons met die probleem van die tyd en die geskiedenis, en wat Augustinus aan my oorgedra het was die Christelike vertolking van die geskiedenis, en die rol van die Kerk in die ontplooiing van die tyd. Die oorlog het hierdie probleme baie verskerp” (“Waarom ek Katoliek geword het ...”, UK-argief, lêer 59, p. 8 – die presiese datum van hierdie teks is nie aan my bekend nie. Dele van die teks kan gelees word in De Klerk 1966. Aan Toynbee, wie se denke as neo-Augustiniaans beskryf word (Versfeld 1948:134), wy Versfeld ’n koerantartikel na aanleiding van die historikus se sterwe. Hier maak Versfeld die belangrike opmerking: “Soos ek baie jare gelede in my boekie Oor Gode en Afgode gesê het, moet Toynbee getel word onder diegene wat teen drie eeue van Cartesiaanse rasionalisme reageer” (“Toynbee het gesoek na die betekenis van die geskiedenis”, *Die Burger* 27 Oktober 1975, in UK-argief, lêer 195; hy verwys implisiet na Versfeld 1948:134).

⁶ Aanhalings uit pp. 1–3 van Versfeld se radio-voordrag “Die mens as sosiale wese” van 12 Maart 1944 (UK-argief, lêer 107).

⁷ *Die Burger*, 13 Januarie 1939 (aangehaal volgens die teks in UK-argief, lêer 102, p. 2). Hierdie aanspraak is nie sommer uit die lug gegryp nie. ’n Koerantberig uit die *Cape Times*, 11 Februarie 1935, waarvan die uitknipsel in die Versfeld-argief behou is (UK-argief, lêer 195, “Germany – new Holy Land. ‘ABC of the heathen’ published”), lewer berig oor die opkoms van ’n amptelike Germaniserende paganisme en die verdringing van die Christelike godsdiens in Duitsland.

⁸ In die brief aan ds. Conradie (1938) wat in die inleiding aangehaal is, stel Versfeld sy groot beswaar teen die NG Kerk: “Ek praat veral van die kerk se houding teenoor nie-blankes: die handhawing van die kleurslagboom, die herhaalde bewering dat sosiale kleurdiskriminasie op die wil van God berus” (p. 2). In Versfeld (1948:95) neem hy hierdie kwessie weer op deur hom eksplisiet teen hierdie houding te verset.

⁹ Ek roep die kwessie van sakramente reeds hier op, nie net omdat dit in die teks van *Oor gode en afgode* staan nie, maar omdat dit ’n duidelike spoor is van die deurslaggewende invloed wat Versfeld se doktorsale-studie-leier, Archibald Bowman, op hom gehad het. Ek kan die leser daaraan herinner dat Bowman, in die laaste jaar waarin hy Versfeld se studieleier was (1934), sy Vanuxem Lectures in Princeton gelewer het en direk daarna en tot met sy dood in 1935 besig was om dit in ’n boek te verwerk. Die lesings dra die titel *A sacramental Universe* en ’n fragment van die laaste lesing toon duidelik dat hy onder hierdie titel ook oor die tema van menslike en goddelike inkarnasie nagedink het. Vir diegene wat dit kan opspoor, is Charles Hendel se inleiding tot Bowman se *The absurdity of Christianity and other essays* (Bowman 1958) ’n goeie inleiding tot die lewe en werk van Bowman. Die laaste opstel in hierdie bundel is die fragment waarna ek pas verwys het.

¹⁰ Oorlog, uitbuiting en rassisme is gevolg van so ’n disjunksie. Maar dit is belangrik om daarop te let dat die disjunksie ’n wye verskynsel van die moderne Westerse kulturele ontwikkeling is. In ’n (na my wete) ongepubliseerde manuskrip “Rationalism and politics” (UK-argief, lêer 18; die teks is waarskynlik vroeg in die Tweede Wêreldoorlog geskryf) dui Versfeld op hierdie breër disjunksie tussen die rasonele en morele ontwikkeling van die Weste, met verwysing na die ontwikkeling van die vermoë om lugbomaanvalle uit te voer.

¹¹ Dit is nie verniet nie dat Versfeld vir sy outobiografiese opstel van 1960 die titel “Descartes and me” gekies het – sien Versfeld (1991:13–24).

¹² Heel interessant is egter dat van die meer as tien plekke waar Versfeld na Nietzsche verwys, dit selde is om Nietzsche met die verval-tendens te assosieer – meer dikwels sê Versfeld sy steun aan Nietzsche se kultuuranalise toe. Dit is ook insiggewend om daarop te let dat Versfeld bloot noem dat “In sy konstatering van die feite het Nietzsche gelyk gehad” (Versfeld 1948:133), maar ses jaar later in *The perennial order*, waar die teks waaruit hierdie aanhaling geneem is, vertaal is, sê Versfeld meer presies: “As a diagnostician Nietzsche is superb. But it has been left to others to endeavour to overcome, in a positive way, the evils which he has laid bare” (Versfeld 1954:144).

¹³ Hierdie filosofiese selftipering antwoord ook op sy kultuurkritiese mening in *The perennial order* dat “the ‘modern period’ is drawing to a close” (Versfeld 1954:205).

¹⁴ In sy oorsig van *Oor gode en afgode*, waarin net aan die eerste hoofstuk aandag gegee word, dring Hennie Rossouw tereg aan op die presiese statuut wat Versfeld hier aan die rede wil gee: “Versfeld se vroegste opvatting van die filosofie is dié van ’n poging om in die gees van die ‘ware redelikheid’ sowel die *sentrale funksie* as die *relatiewe plek* van die rede in die menslike bestaan te eerbiedig” (Rossouw 1996:13)

¹⁵ Let egter daarop dat die praktiese rede later weer afhanklik gemaak word van ’n metafisiese oorsig oor die werklikheid (wat ’n filosofiese verwoording van geloofsgoedere is – sien Versfeld 1948:37). Daar bestaan met ander woorde ’n intieme dialektiek tussen die praktiese rede en die kombinasie metafisika-geloof.

¹⁶ Deugdelikheid, as die intelligente houding wat ’n mens help om te besluit oor hoe om in konkrete gevalle aan ’n etiese leefwyse gestalte te gee, kom ook in *Oor gode en afgode* aan die orde (bv. Versfeld 1948:50). Die term *manlikheid* waartoe die leser meermale opgeroep word (Versfeld 1948:46, 81, 98), is weens die genderbepaaldheid daarvan beswaarlik nog aanvaarbaar. Die term moet egter waarskynlik met die klank van die etimologie van *virtuosity* (*vir*: Latyn vir *man*) aangehoor word en kan daarom goedsikks deur *deugdelikheid* vervang word.

¹⁷ Regdeur sy werk onderstreep Versfeld ’n wesenlik Joodse erfskat van die andersins Griekse denke van die Christendom, die Middeleeue en die Europese kultuur: die vermoë om histories te dink (vgl. Versfeld 1948:147 e.v.).

¹⁸ Die voorbeeld wat Versfeld hiervan gee, naamlik “Pasteur se oortuiging dat gisting deur ’n mikroskopiese organisme veroorsaak word, was by hom ’n eg redelike oortuiging; by my is dit ’n geloof” (Versfeld 1948:9), is van Bowman afkomstig.

¹⁹ “Die godsdienste van die Middeleeue is gekenmerk deur ’n erkenning van liggaamlike dinge, en ook van die sakramente waardeur die mens ingelyf word by die mistieke liggaam wat die draer is van sy historiese lot. Die nuwe fisiologie het, onder die Cartesiane altans, die liggaam van die gees en die geskiedenis geïsoleer as koherent-funksionerende materie, as ’n masjien, en hierdie masjien weer die model gemaak vir interpretasies van die liggaam” (Versfeld 1966b:20).

²⁰ Daar is ’n gedetailleerde bespreking van die Middeleeuse analogie-begrip in hoofstuk VI van *Rondom die Middeleeue* (Versfeld 1962).

²¹ Versfeld en De Klerk ([1947]1965:29).

²² Dit lyk in elk geval meer korrek om só oor hierdie denkfiguur van Versfeld te praat as om te beweer dat die skeiding transendent/immanent deur inkarnasie opgehef word – soos gedoen is in Wolff (1999:94).

²³ Radiopraatjie deur Tjaart Büning, vanaf Johannesburg uitgesaai op 17 Maart 1949 (UK-argief, lêer 205, aanhalings op p. 1 en 2 respektiewelik).

²⁴ Resensie in *Koers*, Februarie 1949, p. 4 (my bladsyverwysing hier is na die getikte teks van Stoker soos deur Nasionale Pers aan Versfeld gestuur – UK-argief, lêer 205).

²⁵ UK-argief, lêer 19. Die teks is waarskynlik in die vroeë 1940's geskryf.

²⁶ UK-argief, lêer 23. Die teks is waarskynlik op die laaste in 1949 geskryf en verwys na 'n weergawe van die teks wat twee jaar ouer sou wees. Dit is dus goed moontlik dat daar 'n Engelse weergawe van die teks voor *Oor gode en afgode* kon bestaan het.

²⁷ UK-argief, lêer 34. Hierdie Engelse teks oor Rousseau kan nie maklik gedateer word nie, maar die feit dat dit in sowel manuskrip- as getikte weergawe behou is, laat die moontlikheid oop dat dit die oorspronklike weergawe is, ooreenstemmend die algemene gebruik van Versfeld.

Adviesraad:

- Ruth Baitsewe, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
- Andries Bezuidenhout, Universiteit van die Witwatersrand – Suid-Afrika
- Gerrit Brand, Boekeredakteur by *Die Burger* – Suid-Afrika
- Naomi Bruwer, Inhoudsbestuurder by www.litnet.co.za – Suid-Afrika
- Joel Claassen, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
- Neil Cochrane, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
- Scarlett Cornelissen, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
- Darryl David, Universiteit van KwaZulu-Natal – Suid-Afrika
- Heilna du Plooy, Noordwes-Universiteit – Suid-Afrika
- Hans Ester, Radboud Universiteit Nijmegen – Nederland
- Eep Francken, Universiteit Leiden – Nederland
- Francis Galloway, Redakteur: *LitNet Akademies Geesteswetenskappe* – Suid-Afrika
- Ena Jansen, Vrije Universiteit van Amsterdam – Nederland
- Thys Human, Universiteit van Johannesburg – Suid-Afrika
- Jerzy Koch, Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań – Pole
- Catharina Loader, Universiteit van Wenen – Oostenryk
- Jean Meiring, Universiteit van Cambridge – Engeland
- Desmond Painter, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
- Vasti Roodt, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
- Alfred Schaffer, Uitgeverij De Bezige Bij – Nederland
- Christo van der Rheede, Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans – Suid-Afrika
- Etienne van Heerden, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
- Ian van Rooyen, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
- Helize van Vuuren, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit – Suid-Afrika
- Steward van Wyk, Universiteit van die Wes-Kaap – Suid-Afrika
- Rudi Venter, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
- Louise Viljoen, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
- Andries Visagie, UNISA – Suid-Afrika
- Hein Willemse, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika

LitNet Akademies – stylriglyne

Medewerkers word vriendelik versoek om asseblief die volgende voorskrifte stiptelik te volg by voorleggings aan *LitNet Akademies*, aangesien enige afwykings daarvan die hele proses vanaf keuring tot redigering en oplaai op die webtuiste aansienlik vertraag en bemoeilik. Indien daar wel om uitsonderlike redes van die riglyne afgewyk moet word, moet sulke redes asseblief skriftelik aan die redaksie verskaf word. Baie dankie.

TAALMEDIUM

Bydraes moet in Afrikaans wees, en vergesel van 'n Engelse *Abstract* en 'n Afrikaanse *Opsomming* van hoogstens 300 woorde elk.

VOORLEGGING

- Slegs elektroniese voorleggings (insluitend grafika of foto's) word aanvaar, maar nie in PDF-formaat nie.
- Artikels (of 'n wesenlike gedeelte daarvan) wat aan *LitNet Akademies* voorgelê word, mag nie elders óf onder oorweging óf reeds gepubliseer wees nie (dit sluit vertalings en plasing op LitNet se SeminaarKamer in).
- 'n Kort biografie en foto van die skrywer moet die voorlegging vergesel.
- Artikels moet behoorlik, en tot in die fynste besonderhede, taal- en tegnies versorg en volgens die stylriglyne geformateer wees.
- Digitale grafika en foto's moet asseblief ook afsonderlik van die artikel ingestuur word.
- Kopiereg van die artikels berus by die skrywers. Indien die artikel, of 'n verwerkte vorm daarvan, later gepubliseer word, sal 'n erkenning aan *LitNet Akademies* waardeur word.

LENGTE

Daar is geen lengtebeperking op artikels nie.

FORMATERING

- Stuur asseblief alle tekste in Verdana 10-punt.
- Gebruik enklaspasiëring, en laat ook net een spasie na die einde van 'n sin.
- Paragrafe moet in blokvorm wees (dit wil sê nie met die eerste reël ingekeep nie), met 'n oop reël tussen paragrafe.
- Die oplaaiproses word aansienlik vergemaklik as skrywers bogenoemde oop reëls tussen paragrafe skep eenvoudig deur "Enter" twee keer te druk, en *nie* deur vooraf die paragraafspasiëring via die "Format > Paragraph > Spacing"-bevele te stel nie – verseker dus asseblief dat "Spacing > Before" en "Spacing > After" albei op 0 gestel is voordat u begin.
- Grafika moet van onderskrifte voorsien word. Dit is die plig van die skrywer om kopieregklaring te kry indien nodig.

PLASING

- Hoogstens twee artikels per skrywer per kalenderjaar kwalifiseer vir die R8,000 navorsingsgeld wat deur *LitNet Akademies* betaal word.
- Die publikasiedatum van 'n artikel berus by die redaksie, maar ons poog om finale weergawes van gekeurde artikels so spoedig moontlik te plaas.

OPSKRIFTE

1. Hoofopskrifte

Kleinletters en vetdruk.

1.1 Subopskrifte

Kleinletters, kursief en vetdruk.

1.1.1 Sub-subopskrifte

Kleinletters, kursief, geen vetdruk nie.

Let wel

- Opskrifte mag genommer word, soos hier bo, maar dit is nie noodsaaklik nie.
- Daar is geen punte na opskrifte nie.
- Laat 'n eenreël-spasie tussen opskrif en teks.

AANHALINGS

- Gebruik dubbelaanhalingstekens, en enkelaanhalingstekens binne aanhalings.
- Aanhalings moet nie gekursiveer word nie.
- Aanhalings van vier reëls en langer mag "geblok" en ingekeep word, met 'n eenreël-spasie voor en na die aanhaling, en *sonder aanhalingstekens*.
- Sluit 'n ingekeepte aanhaling volledig met die nodige/betrokke leesteken af en verskaf dan die bronverwysing onmiddellik daarna tussen hakies, sonder 'n punt binne die hakies.

VERWYSINGS

Volg in die algemeen asseblief die Harvard-metode, en meer bepaald soos hier onder illustratief vir verskillende bronne uiteengesit. Let asseblief baie noukeurig op interpunksie.

1. Bibliografie

(LW: Nie "Bronne", "Verwysings", ens. nie)

- Waar daar 'n bron met meer as een skrywer in die bibliografie voorkom, kom net die eerste skrywer se voorletters ná sy/haar van; by die res van die skrywers kom die voorletters vóór die van.
- By die titels van bronne word 'n hoofletter slegs by die eerste woord gebruik, nie by alle hoofwoorde nie.
- Teleskopeer bladsynommers – byvoorbeeld: 198–9 in plaas van 198–199; 120–21 in plaas van 120–121.
- Laat 'n oop reël tussen inskrywings.

- In die geval van Engelse publikasies moet alle besonderhede wat in Afrikaans kán verskyn, wel in Afrikaans aangegee word, byvoorbeeld:

Kaapstad in plaas van Cape Town; Londen in plaas van London; en in plaas van and of &; (red.) in plaas van (ed.).

Name van uitgewerye word egter nie in Afrikaans vertaal nie.

1.1 Boeke

De Villiers, Emile. 2007. *Die bewesiekte*. Pretoria: Lapa-uitgewers.

Heyns, L.M. en H.J.C. Pieterse. 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. 2de uitgawe. Pretoria: Gnosis.

Pleij, H. 2000. *Het literaire leven in de middeleeuwen*. Leiden: Marthinus Nijhoff.
Rousseau, G.S. en Roy Porter. (reds.). 1980. *The ferment of knowledge: Studies in the historiography of eighteenth-century science*. Cambridge: Cambridge University Press.

Rousseau, G.S. en Roy Porter. (reds.). 1980. *The ferment of knowledge: Studies in the historiography of eighteenth-century science*. Cambridge: Cambridge University Press.

Let wel

Waar meer as een bron deur dieselfde outeur in die bibliografie verskyn, word by verdere verwysings 'n em-lyn (ALT+0151) in plaas van die outeur se van gebruik:

Krog, Antjie. 1995. *Relaas van 'n moord*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 1998. *Country of my skull*. Johannesburg: Random House.

—. 2000. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kaapstad: Kwela.

1.2 Hoofstukke in boeke

Soos in onderstaande stel voorbeelde geïllustreer, verskyn *slegs die naam van die outeur/redakteur van 'n boek, en die publikasiedatum, ná 'n hoofstuktitel*. Die volledige besonderhede van die boek verskyn as afsonderlike inskrywing in die bibliografie:

Clark, D. (red.). 1996. *The sociology of death: Theory, culture, practice*. Oxford: Blackwell Publishers.

Mellor, P. 1996. Death in high modernity: The contemporary presence and absence of death. In Clark (red.) 1996.

Roos, Henriette. 1990. *Lewe met woorde: Opstelle oor die prosa*. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, L.S. 1990. Enkele chronotopieë in *Mahala*. In Roos 1990.

1.3 Verhandelinge / proefskrifte

Oosthuizen, W.J. 1964. *Die wet van opvolging van begripsoorte in bywoordreekse in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

1.4 Vaktydskrifartikels / Tydskrifartikels / Koerantartikels

Spies, Lina. 2006. Die poësie van Elisabeth Eybers: 'n Digterskap van sewentig jaar. *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(2):57–78.

Smith, K. 2006. Unruly bodies: Death, discourse and the limits of representation. *Critical Quarterly*, 48(3):61–80.

Van Rooyen, Ina. 2009. Woordwerker 70. *De Kat*, September/Okttober, pp.29–31.
Bezuidenhout, Andries. 2009. Koos Kombuis kyk terug op rockrebellie. *Die Burger*, 9 November, p.9.

Bezuidenhout, Andries. 2009. Koos Kombuis kyk terug op rockrebellie. *Die Burger*, 9 November, p.9.

1.5 Internetbronne

Botes, Zani. 2005. Antjie Krog: Koeël en kalm. *LitNet*.
<http://www.oulitnet.co.za/heupvuur/antjie.asp> (25 Februarie 2008 geraadpleeg).

In die geval van 'n aanlyn-artikel waarby geen outeur of datum verskaf word nie:

Amersfoort legacy: Education, freedom and development. South African History Online. <http://www.sahistory.org.za/classroom/feature/hiseduc.htm> (10 November 2009 geraadpleeg).

Let wel

In die bibliografie word titels van artikels, hoofstukke, kortverhale en gedigte *nie* tussen aanhalingstekens geplaas nie.

1.6 Bronverwysings in die teks

- Na gelang van die konteks is variasies moontlik/nodig, maar die essensie bly: skrywer se van gevolg deur publikasiedatum, *sonder 'n komma* tussen die skrywer se van en die jaartal.
- Waar ook 'n bladsyverwysing voorkom, volg 'n dubbelpunt op die jaartal en dan die bladsynommer(s), *sonder 'n spasie*:

Smit (2007:45) skryf: "Met hierdie klemverskuiwing is die postmodernisme effektief geherdefinieer."

"... en met hierdie klemverskuiwing is die postmodernisme effektief geherdefinieer" (Smit 2007:45), sodat ons nie meer kan praat van ...

"... postmodernisme geherdefinieer" (Smit 2007:45).

ENKELE ANDER REDAKSIONELE PRAKTYKE EN VOORKEURE

1. Afkortings

- Al die erkende konvensies soos deur die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* voorgeskryf, moet in *LitNet Akademies*-artikels gevolg word. Die styl wat LitNet gewoonlik volg, naamlik om nie punte by afkortings te gebruik nie, geld dus *nie* in die geval van *LitNet Akademies* nie.

- Gebruik afkortings asseblief spaarsaam. *LitNet Akademies* verkies byvoorbeeld met betrekking tot bo m.b.t. Tussen hakies, en veral by korter frases, is afkortings wel in orde, byvoorbeeld: (vgl. bv. Hansen 2008); (pp.238 e.v.).

2. Sogenaamde selfnoemfunksie by woorde

Wanneer 'n woord of frase gebruik word om na homself te verwys, word dit kursief geskryf, byvoorbeeld in:

- Die woord *agaat* verkry in hierdie teks ...
- Sedert Kleinboer sy opwagting gemaak het, is *kontrei* vir baie lesers nie meer maar 'n sinoniem vir *geografiese gebied* nie ...

3. Betekenisaanduiding

Die betekenis van 'n woord of frase word tussen dubbelaanhalingstekens aangegee, byvoorbeeld in:

Donker beteken gewoonlik "afwesigheid van lig", maar in hierdie gedig ...

4. Aandagstreep teenoor koppelteken

Tussen datums word nie 'n koppelteken nie, maar 'n aandagstreep (en-lyn, ALT+0150) gebruik. Dus:

1967–69, nie 1967–69 nie.

5. Eindnotas teenoor voetnote

- Die internetformaat van *LitNet Akademies* vereis dat daar slegs van eindnotas gebruik gemaak kan word.
- 'n Eindnotasyfertjie volg onmiddellik op 'n leesteken, nie omgekeerd nie. Dus:

"... verantwoordelik,¹ maar aan die ander kant ..."

nie

"... verantwoordelik¹, maar aan die ander kant ..."